Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

JANUARIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# INHOUDSOPGAWE


DIE EERSTE Sê ------------------------------ 1

REDAKSIONEEL ------------------------------ 2

BIBLIKASIE - REDAKSIE ------------------- 2

SOSIALE KOMITEE --------------------------- 3

TERLOOPS ..... -------------------------------- 3

MAKRO-ONTSLUITING AAN DIE WOORD ------- 4

WAT IS SABINET? --------------------------- 5

BEKENDE BESOEKER UIT DIE BUITELAND ------ 5

LUISTER HIER! ------------------------------ 6

VERSKUIWINGS EN BEVORDERINGS ----------- 8

IN EN OM MERENSKY ------------------------ 9

EN SO VERTEL .... -------------------------- 9

DIE EERSTE BLOKKIESRAAISEL --------------- 10

'n HANDIGE SêDING ------------------------ 11

STATISTIEKHOUDING UIT DIE VERLEDE ------- 12

BIBFLITSE ------------------------------------ 13

GELUKWENSE -------------------------------- 20

TREFFERS ------------------------------------ 21

ONS STEL VOOR ----------------------------- 22

BEDANKINGS

AANSTELLINGS

KERSFEESFUNKSIE VAN DIE BODES


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE SÊ

### 1986 - BETER OF BITTER?

Dit was 'n inspirasie om na die vakansie soveel vriendelike, uitgeruste en positiewe kollegas in die oë te kyk. Die spontane reaksie by baie was: "Dit is lekker om terug te wees; 'n mens het eintlik verlang na die kollegas." Dit was heerlik om 1986 só te kon begin! Oral is tekens van vernuwing en dit maak 'n mens lus vir die uitdagings van die jaar.

Ek raai u dink by uself: Die prof is darem té positief. Vergeet hy dan van ons haglike finansiële omstandighede en vele ander bedreiginge? Nee, ek vergeet dit nie. Ek weet persoonlike finansies sal knyp en die inflasiekoers sal styg. Ek weet egter ook dat ons die geleentheid sal hê om finansieel beter te beplan en om ons sin vir waardes te verfyn. Te midde van werkloosheid sal u arbeid steeds 'n loon vir u kan verdien en wel onder besonder gunstige omstandighede. Wat die Biblioteekdiens betref is genoeg fondse beskikbaar gestel om ons bestaande dienste te kan handhaaf. Wat die Universiteit betref, is hy deur sy nuwe bestuurstruktuur in staat om die lastige 1986-probleme besonder effektief te hanteer. Met die toetrede van prof Smit as vise-rektor (Geesteswetenskappe) is die rektoraat voltallig en is ons gerus dat die bestuur van ons universiteit inderdaad in goeie hande is.

Die kern van my boodskap vir 1986 is dus: ons benader die uitdagings van 1986 nuut en vars en uit 'n posisie van krag. Die belangrikste is nie die probleme wat bestaan nie, maar hoe ek en u daarop reageer. Probleme en bekommernisse sal daar wees maar die vraag is hoe ons dit hanteer. Ons kan óf toelaat dat dit ons oorrompel óf ons kan dit benut as sporte op 'n leer wat verseker dat ons eventueel bo uitkom. Op die ou end is dit u en my lewensbenadering wat bepaal of 1986 ons beter of bitter mense sal maak. As 'n gebed soos die volgende in ons gemoed kan lewe, is 'n positiewe belewing van 1986 verseker:


Heer,
met u wordt het jaar
tot een stukje Genade,
Er liggen 365 dagen voor mij,
maar mijn Heer weet,
wat in die tijd met mij gebeurt.

Heer,
zoals U de haren op mijn hoofd
geteld hebt,
so hebt U ook mijn dagen geteld,
de minuten en de seconden.

Deze tijd is voor ons een test,
Heer,
stormen zullen razen,
wolken zullen laag over de aarde
trekken.
Donker zal het worden op aarde,
ook overdag.
Maar ik weet,
dat U achter de wolken bent
dat Uw wil,
deze wereld in stand houdt.

Heer,
I bid uw om gezondheid,
om een beetje meer geld,
om honger naar Uw woord,
Om Uw woord bid ik U.
Amen.

PROF E D GERRYTS




**EK KEN NOU DIE PATROON - HOOP DAAR'S GENOEG WOL**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## REDAKSIONEEL

In Sonde met die Bure (1921) skryf Langenhoven soos volg:

"Die toestand deur die hele wêreld is ernstig; ook by ons is hy ernstig, en hy word erger van dag tot dag, en ons kan hom nie ligsinnig opneem nie. Maar swaarmoedigheid is 'n slegte vriend in teëspoed. En ek kan nie aan 'n beter middel dink om tog nou en dan weer 'n bietjie opgeruimd te voel nie - en sonder hoofpyn die volgende oggend - as om die herinneringe van ons vergange dae van welvaart en voorspoed terug te roep."

'n Mens kan byna nie glo dat hierdie aanhaling vyf-en-sestig jaar gelede deur Langenhoven geskryf is nie. Sy oplossing vir swaarmoedigheid kan ons weliswaar nie direk van toepassing maak op Biblikasie nie: tog bly sy humoristiese siening van sy wêreld steeds vandag nog 'n bron van leesgenot.

Kant-en-klaar oplossings vir probleme is daar nie en dit is dan ook die pad wat Biblikasie gaan volg. Ons luister, volg raad, gee raad, gedy, en probeer die gawe behou om met humor na onsself te kyk.

Ons hoofdoelwit is om 'n blad daar te stel wat GELEES word. Hoe doen ons dit? Aan die eenkant gaan ons probeer om op hoogte te bly met besluite aangaande die Biblioteekdiens se funksie. Die artikels en berigte, Die eerste sê, Makro-ontsluiting aan die woord, Wat is SABINET? - gee ons inligting oor die meer professionele sy van ons werk. Om balans te gee, het ons aan die anderkant Bibflitse, waar ons in 'n lekker geselstrant meer van mekaar te wete kom.

Die rubriek, En so vertel........, gee aan enigeen die kans om te skrywe van sy persoonlike wedervaringe, 'n oorsese reis of soos Mara Grobbelaar in hierdie uitgawe ons vertel van haar terugreis uit die Kaap met 'n wavrag skatte. Jo Breed, Laura Pienaar en Joriet Coetzee se artikels is weer eens 'n bewys van interessanthede wat uit 'n vakversameling kan opduik. Sulke bydraes is altyd welkom. In die rubriek, "Luister Hier", wil ons graag hoor van besluite wat geneem word in die verskillende afdelings wat vir die res van die personeel van belang mag wees. Sensasionele onthullings en blink planne met studiehokkies is altyd welkom!

Bel ons gerus as daar iets gebeur of skryf self 'n berig. Biblikasie is vir mense, oor mense en deur mense.

NB: OP 1 MAART hou ons MAKIETIE - merk die dag en maak seker dat julle meedoen.

## BIBLIKASIE-REDAKSIE

REDAKTRISE: Elsabé vd Merwe (Vlak 6)

SUB-REDAKTRISES: Hannie Bezuidenhout (Vlak 2)
Magda Celliers (Vlak 2)

FOTOGRAAF : Mala Mouton (Vlak 5)

VERTEENWOORDIGERS:
MERENSKY BIBLIOTEEK:
Neels de Bruin (Kelder)
Hetta Malan (Tydskrifte)
Gideon Roets (Finansiële Administrasie)
Laura Pienaar (Skenkings)
Makkie Biggs (Voorontsluiting)
Alida Murray (Tiksters)
Magda Cilliers (Boekontvangste)
Hannie Bezuidenhout (Makro-ontsluiting)
Hannes de Kock (Toonbank)
Gerda Pretorius (IBL)
Hannetjie vd Westhuizen (GSV)
Estrellita Weyers (Vlak 4)
Jeanette Marais (Vlak 5)
Rita Badenhorst (Vlak 6)
Joriet Coetzee (Africana)

TAKBIBLIOTEKE: Magriet Lee (Medies)
Magriet Engelbrecht (Kalafong)
Martie vd Walt (Voorklinies)
Anne van Zijl (Landbou)
Anita Rossouw (Musiek)
Erica vd Westhuizen (Veeartsenykunde)

**IS JY LUS VIR 'N FEES?**
Sien p 3



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE SOSIALE KOMITEE

Die Sosiale Klub se komitee vir 1986 sien soos volg daaruit:

| | |
|---|---|
| VOORSITTER : | Bokkie Malan |
| SEKRETARESSE : | Miemie Vink |
| TESOURIER : | Julie Luüs |
| LIEF EN LEED : | Pepsi Nel |
| MELKREëLINGS : | Hulda Fritz<br>Katrien Blomme |
| AANSTELLINGS, BEDANKINGS EN VERJAARSDAE : | Marie de Wet<br>Andrea Bosman<br>Mala Mouton<br>Annemarie Pienaar<br>Joy Roos |

Die nuwe komitee is vinnig besig om op dreef te kom terwyl ons nog in die proses is om oor te neem van die komitee van 1985.

Op die eerste vergadering is onder andere die eerste funksie van die jaar bespreek en daar is weer besluit op 'n BRAAIVLEIS!

WAAR? Weer by die Uitspanterrein. Diegene wat by vorige braaifunksies was, sal onthou hoe rustig en pragtig dit daar is. Bring komberse, kussings en opvou-stoele saam en 'n warm trui of baadjie vir later die aand.

WANNEER? Saterdagaand 1 Maart.
Die Komitee het op 'n Saterdagaand besluit sodat personeellede wat op 'n Vrydagaand diens moet doen in die Biblioteek, nie uitgesluit sal word nie. Ons het ook gevoel dat 'n Saterdagaand 'n rustiger en meer ontspanne aand is vir uitgaan. Dit skakel ook die gejaag nā werk uit.

WIE? Een en almal in Merensky en takbiblioteke is welkom! Ons nooi almal vriendelik en hartlik uit om die aand saam te kom geniet.

Is jy getroud? Manlief of vroulief is baie welkom. Bring julle kinders ook saam; ons sal sorg dat hulle ook vermaak word.

Is jy 'n alleenloper? Bring 'n vriend of vriendin saam en kom deel in die pret.

Is jy 'n vegetariër? Kom gesels met ons en ons maak 'n plan sodat jy ook die aand saam met ons kan geniet.

Musiek gaan daar wees vir diegene wat litte wil losmaak. Kom geniet 'n heerlike lang aand saam. Daar is genoeg tyd om kopstukke te gesels en lekker lank en gesellig saam te kuier.

## TERLOOPS...


### MOENIE KORTPAD KIES NIE

Die personeel van die Hooftoonbank het weer eens versoek dat alle personeel liefs om die toonbank moet stap en nie deur die toonbankarea nie.

### NUWE REëLINGS RONDOM UITSTALFASILITEITE

Die uitstalkamer het verskuif na kamer 5-39 op die vyfde vlak. Die persoon in beheer is Erna Meyer met Mala Mouton wat haar bystaan. Die sleutel moet by hulle afgehaal word en alle materiaal wat verwyder word, moet asseblief aangeteken word.

********************



" SPARBY, YOU'RE SUPPOSED TO WORK 9 TO 5, NOT AT 9 AND AGAIN AT 5 "



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MAKRO-ONTSLUITING AAN DIE WOORD

Die jaar is nog splinternuut, maar daar is alreeds begin met nuwe idees vir 1986.

Die eerste groot idee wat aandag geniet, is die moontlikheid om saakhoofde op DOBIS/LIBIS in te voer. Mev Susan Marsh het verlede jaar navorsing gedoen oor rekenaarmatige onderwerpsontsluiting in 'n universiteitsbiblioteek en uit die navorsing wat gedoen is, blyk dit dat 'n gekontroleerde indekseertaal byvoorbeeld Library of Congress Subject Headings, ondersteun deur 'n vrye indekseertaal, die beste resultaat sal lewer. 'n Belangrike besluit wat op hierdie stadium deur Topbestuur geneem moet word, is of die onderwerpsontsluiting in Afrikaans of Engels sal geskied.

'n Aanvang is dus in die afdeling gemaak met die bestudering van Library of Congress Subject Headings: principles and applications deur Lois Mai Chan. Gereëlde vergaderings sal gehou word om probleme en onduidelikhede wat in bogenoemde werk voorkom, te bespreek, asook die gebruik en invoer van saakhoofde op DOBIS/LIBIS.


'n Tweede saak wat gedurende 1986 aandag sal geniet, is die moontlike herorganisasie van Makro-ontsluiting en Voorontsluiting. Daar word beoog dat Voorontsluiting mettertyd verantwoordelik sal word vir die totale katalogisering van boeke en alle take wat daarmee gepaard gaan. Makro-ontsluiting sal dus net toegespits wees op die toekenning van klassifikasienommers en saakhoofde. Gedurende 1986 sal 'n komitee saamgestel word om take te identifiseer, standaarde te bepaal en die omvang van so 'n oorskakeling te bepaal.

Aangesien ons in Makro-ontsluiting geen werklike agterstand het wat nuwe boeke betref nie (die "agterstand" einde Desember 1985 was onder 500), beoog ons ook om meer in die rigting van geskenke te kyk. Die meeste geskenke is beveilig, die Ontsluiters het hard gewerk aan geskenke in 1985 (met behulp van Voorontsluiting) en ons hoop om in die komende jaar die grootste gedeelte van geskenke op die oop rak, te kry.

Daar is ook op die oomblik geen agterstand wat oudiovisuele materiaal betref nie. Gedurende 1985 het ons begin om alle oudiovisuele materiaal op DOBIS/LIBIS in te voer. Daar was 'n aantal konsepvelle (dit is handgeskrewe kaartjies) wat agterweë gebly het as gevolg van 'n knelpunt in Makro-ontsluiting en by die Tiksters. Hierdie bibliografiese inligting sal so gou as moontlik deur mev Magda Coetzee op DOBIS/LIBIS ingevoer word. Op hierdie stadium sal geen retrospektiewe oorplasing van oudiovisuele materiaal plaasvind nie aangesien DOBIS/LIBIS 1.3 nie gekodeerde velde vir oudiovisuele materiaal kan akkomodeer nie, maar slegs bibliografiese velde. Daar word rekord gehou van alle oudiovisuele materiaal wat nou op DOBIS/LIBIS geplaas word om met die installering van 1.4 reggemaak te word en dan kan retrospektiewe oorplasing van oudiovisuele materiaal oorweeg word.

1986 gaan dus vir ons 'n besige jaar wees!

JULIE RECHAV




WIL JY ONTSPAN, RUSTIG

VERKEER EN LEKKER

GESELS? Sien p3



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WAT IS SABINET?

Die Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk (SABINET) bied 'n gemeenskaplike, gerekenariseerde bibliografiese databasisstelsel met landswye toegang.

Die SABINET-stelsel ondersteun 'n wye verskeidenheid van biblioteek- en inligtingsfunksies. Hierdie funksies sluit vinnige, doeltreffende en koste-effektiewe metodes in om naslaan, bibliografiese beheer en ontsluiting te rekenariseer.

SABINET wil die volgende bevorder:

- elke lid se eie dienslewering : en
- nasionale inligtingsvloei.

SABINET voorsien:

- 'n omvangryke bibliografiese databasis van masjienleesbare rekords wat bykans alle tipes inligtingsmateriaal verteen woordig.
- data oor die besit van inligtingsmateriaal.
- 'n soekfasiliteit wat toegang tot hierdie databasis moontlik maak deur 'n verskeidenheid van soekpunte en metodes.
- 'n wye verskeidenheid produkte en dienste gebaseer op hierdie databasis.
- toegang tot inligting in ander geselekteerde Suid-Afrikaanse databasisse.

Wie word deur SABINET ondersteun?

SABINET is gestig na 'n intensiewe ontleding van die behoeftes van plaaslike biblioteek- en inligtingsdienste tesame met 'n ondersoek na oorsese netwerke.

In 1983 het meer as 40 instansies hulle vir 'n tydperk van 10 jaar verbind om SABINET as 'n onafhanklike nutsmaatskappy sonder winsbejag te vestig. Die lede van SABINET sluit talryke akademiese, spesiale, openbare, provinsiale en staatsbiblioteke in.

Samewerking

SABINET is gebaseer op die beginsels van samewerking en rasionalisasie. Gestig vanuit die biblioteek- en inligtingsgemeenskap, funksioneer SABINET met eerstehandse ondervinding en kennis van die behoeftes en doelstellings van hierdie gemeenskap.

Die doel van SABINET is om nasionale inligtingshulpbronne aan soveel gebruikers moontlik beskikbaar te stel.

Bron: SABINET-brosjure

SABINET-databasisbeskikbaarheid

Vanaf 1 November 1985 is die SABINET-databasis beskikbaar op die volgende tye:

Maandae tot Vrydae: 08h00 - 18h00
Saterdae : 08h00 - 14h00

Die ondersteuning deur die kommunikasienetwerk is slegs op weeksdae tussen 07h00 en 16h00 beskikbaar. Geen netwerkondersteuning word na-ure of op Saterdae aan lede gegee nie.

MARIANNA NIEUWOUDT

# BEKENDE BESOEKER UIT DIE BUITELAND

Prof D M Kriel, voorheen hoof van die Departement Latyn aan UP, het onlangs 'n kort besoek by prof Gerryts afgelê. Prof Kriel beklee tans die pos van kultuurattaché in Rome en is op die oomblik met vakansie in Suid-Afrika.

Die rol wat die kultuurattaché kan speel in die verkryging van publikasies het tydens hierdie besoek ter sprake gekom. Senior pos- en regeringsamptenare in Italië het prof Kriel genader om inligting te bekom oor enige navorsing wat in ons land gedoen word in verband met videotekste. Aangesien videotekste deel vorm van die Biblioteekdiens se groot navorsingprojek, kon inligting in dié verband wedersyds uitgeruil word. Dit bevestig ook die feit dat navorsing wel deel is van kultuur.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## LUISTER HIER!

# DRAMATIESE ONTHULLINGS!

| SENSASIE! | Ek is deur my kollegas by die teetafel versêker dat NIEMAND my uitvoerige berig oor die tel van studiesitplekke in die Biblikasie van Januarie 1985 eers RAAKGESIEN het nie. Die personeel is steeds in die duister oor hoekom hulle op sekere dae met wekkertjies herinner moet word om deur die Biblioteek te loop en besette sitplekke te tel. Met hierdie opskrifte hoop ek en Frea om almal se aandag te trek en lig in die duisternis te bring! | SENSASIE! |
|---|---|---|

Daar bestaan klaarblyklik verwarring oor die statistiek van sitplekbenutting wat gereeld in die hoof- en takbiblioteke versamel word. Party kollegas is onder die indruk dat dié tellings met dr Trichardt se statistiese projek verband hou, terwyl andere meen dat dit 'n opdrag van die Topbestuur is. Vir diegene wat hoop dat dit 'n projek is wat binnekort ten einde gaan loop, het ons "slegte" nuus: die tel van besette sitplekke sal aanhou solank dit die Departement van Nasionale Opvoeding behaag - want sien, die opdrag kom van hulle af!

Sedert 1980 word allerhande statisitese inligting rakende die aantal boeke, tydskrifte en oudiovisuele materiaal wat die Biblioteekdiens aankoop en uitleen, asook die ruimte wat nodig is om materiaal, gebruikers en personeel te huisves, jaarliks aan die Departement van Nasionale Opvoeding verstrek. Die doel is om op grond hiervan en van al die statistiek wat die Administrasie van UP rakende studente, personeel, vaste bates en ruimtes verskaf, die Staat se subsidie aan die Universiteit bepaal. Die subsidie aan alle universiteite, technikons, onderwyskolleges en verpleegsterskolleges in Suid-Afrika word volgens dié gegewens bereken. Hulle is dus almal betrokke by die SANSO-inligtingstelsel. (Suid-Afrikaanse Na-Sekondêre Opvoeding).

Die tel van besette studiesitplekke hou verband met die ruimte waarop 'n biblioteek vir sy gebruikers aanspraak kan maak. Teoreties kom dit daarop neer dat hoe meer mense die biblioteek gebruik (soos blyk uit die aantal sitplekke wat hulle in die biblioteek beset), hoe meer ruimte kan vir studiedoeleindes aangevra word. Die statistiek van sitplekbesetting is dus een metode wat die Biblioteekdiens het om te monitor in watter mate daar voldoende studiegeriewe aan sy gebruikers voorsien word. Indien die aantal sitplekke te min blyk te wees, is dié statistiek die Biblioteekdiens se motivering aan die Staat vir 'n uitbreiding van ruimtes. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die sitplekbesetting akkuraat getel moet word!

Interesaantheidshalwe word die statistiek van sitplekbesetting in die Biblioteekdiens vir 1984 en 1985 vlugtig vergelyk. Die aantal besette studiesitplekke (dws die aantal gebruikers wat by studietafels of in studiehokkies gesit en werk het) in die hoof- en takbiblioteke het toegeneem vanaf gemiddeld 2798 besette sitplekke per dag in 1984 na 3531 besette sitplekke in 1985. Slegs in Merensky-biblioteek was die toename vanaf 2062 besette sitplekke per dag in 1984 na 2528 besette sitplekke in 1985, terwyl die takbiblioteke vir Veeartsenykunde, Voorklinies en Medies ook 'n aansienlike toename getoon het.

Spitsbesetting, dws die dag van die jaar met die hoogste besetting van studiesitplekke, het by Merensky-biblioteek toegeneem van 3360 besette sitplekke (op 15 Maart 1984) na 3921 besette sitplekke (op 29 April 1985). Dit blyk uit die statistiek dat ons besig is om al sterker 'n saak vir 'n groter biblioteek uit te maak.

Lekker tel in 1986 - onthou, dis vir 'n goeie saak!!

ESTRELLITA WEYERS

(Dit word maar moeilik as jy hier by die vierde of vyfde keer in die loop van 'n oggend verby die studente stap om hulle te tel. Hulle staar jou aan en wonder of jy niks anders het om te doen nie, of moontlik dink hulle dit is jou manier van kontrole om toe te sien dat hulle studeer. 'n Glimlag help darem, al is dit 'n effens verleë een. Dus glimlag en tel! - RED)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## UITLEEN VAN NASLAANWERKE EN TYDSKRIFTE

Die personeel op vlak vyf en ses het tot die volgende besluite gekom in verband met die uitleen van naslaanwerke en tydskrifte:

VLAK 5

- daar moet baie oordeelkundig opgetree word by die uitleen van naslaanwerke

- indien 'n naslaanwerk gereeld vir take, ensovoorts gebruik word of baie in aanvraag is, mag dit onder geen omstandighede uitgeleen word nie

- naslaanwerke mag verkieslik slegs oornag of oor 'n naweek (dus vanaf 12h30 op Saterdae) uitgeleen word indien toestemming wel gegee word

- dit is verkieslik dat vakbibliotekarisse en hulle medewerkers slegs vir hulle eie vakgebiede se naslaanwerke toestemming sal gee. Indien iemand na-ure 'n naslaanwerk wil leen, moet reëlings in die verband met die betrokke vakbibliotekaris self getref word, hetsy vooraf of die daaropvolgende werksdag.

VLAK 6

1. Omdat naslaanwerke wel deur middel van die rekenaar uitgeneem word, bestaan daar goeie kontrole oor die uitleenproses. Nogtans moet daar met omsigtigheid opgetree word en seker gemaak word of:

   - daar nie moontlik miskien meer as een kopie van die naslaanwerk beskikbaar is nie.

   - daar nie moontlik 'n addisionele kopie by die ooprak-voorraad is nie!

2. Daar moet vasgestel word of die naslaanwerke nie vir 'n spesifieke klastaak of -opdrag benodig word nie.

3 Sekere naslaanbronne word volgens 'n definitiewe reël uitgeleen, byvoorbeeld Dalro-tekste mag vir 'n periode van ongeveer een week aan studente en dosente van die Departement Drama uitgeleen word. Woordeboeke mag in die reël onder geen omstandighede uitgeleen word nie.

4. Indien die na-uurse personeellid of die persoon in beheer onseker is oor die uitleen van 'n naslaanwerk, moet die gebruiker gevra word om gedurende normale werksure met die betrokke vakbibliotekaris of medewerker reëlings te tref.

5. Tydskrifte mag onder geen omstandighede uitgegleen word nie. Indien die persoon dus toegee aan 'n gebruiker se pleidooi, neem daardie personeellid volle verantwoordelikheid vir die uitleen van die tydskrif. Die tydskrifuitleenkaartjie moet volledig voltooi word en duidelik deur die personeellid onderteken word. Hy is dan self verantwoordelik om te kontroleer dat die tydskrif terugbesorg word ongeag of dit binne sy betrokke vakgebied val of nie.

Die uitleen van naslaanwerke en tydskrifte bly steeds 'n probleem. Elke geval behoort volgens eie meriete beoordeel te word. Elkeen wat in die vakbibliotekarisstelsel werk, besef dat daar geen werklike vaste reëls neergelê kan word nie. Tog vra ons dat daar so streng as moontlik opgetree word sonder om die gebruiker van die biblioteek te vervreem of hom negatief te stem.



'This might be Interesting . . .'

### HET U GEWEET?

Daar is pragtige gesonde plante in die glashuis by Dept Plantkunde te koop teen R1,50 elk. U kan ook terselfdertyd die bonsai-uitstalling gaan besigtig.

Mej J S Myburgh by X2629 sal in Februarie vir ons 'n rooster stuur ivm die verkoping.

HOU DIE KENNISGEWINGBORD DOP!!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BLINK PLAN MET STUDIEHOKKIES

Dr Trichardt, Thea Heckroodt en Christine Gericke het ŉ blink plan bedink in verband met die toekenning van studiehokkies. Kortliks kom dit op die volgende neer:

1. Stel die presiese dae en tye vas wat die gebruiker die studiehokkie wil gebruik.

2. Stel dan ŉ tydrooster op waarop die name, en studiehokkienommers en ure voorkom, byvoorbeeld:

VIR ELKE DAG VAN DIE WEEK WORD 'N ROOSTER OPGESTEL

M A A N D A G

| NAAM | | Mnr X | Mnr P | Mnr R |
|---|---|---|---|---|
| STUDIE SEL | | 5-18 | 5-18 | 5-14 |
| URE | 8 - 9 | x | | |
| | 9 - 10 | | | |
| | 10 - 11 | | | |
| | 11 - 12 | | x | |
| | 12 - 1 | | | |
| | 1 - 2 | | | |
| | 2 - 3 | | | x |
| | 3 - 4 | | | |
| | Tot 10h00 | | | |

D I N S D A G

| NAAM | | Mnr X | Mnr S | Mnr R |
|---|---|---|---|---|
| STUDIE SEL | | 5-18 | 5-16 | 5-14 |
| URE | 8 - 9 | x | | |
| | 9 - 10 | | | |
| | 10 - 11 | | x | |
| | 11 - 12 | | | x |
| | 12 - 1 | | | |
| | 1 - 2 | | | |
| | 2 - 3 | | | |
| | 3 - 4 | | | |
| | Tot 10h00 | | | |

Die kruisies dui die tye aan waarop gebruiker die studiehokkie beset

3. Die vakbibliotekaris moet ŉ oog hou op die besettingstye - soos aangedui deur die gebruiker. Indien die gebruiker nie die studiehokkie beset op die tye wat hy bespreek het nie, kan hy ŉ waarskuwing kry. Indien hy steeds nie gehoor gee nie, kan sy naam summier geskrap word van die lys. Hy verbeur dus die geleentheid om van ŉ studiehokkie gebruik te maak.

4. Die jaar word in vier periodes van drie maande elk verdeel - na elke drie maande kan die gebruiker sy besettingstye verander indien hy dit verkies.

5. Elke studiehokkie se tydrooster word in die hokkie aangebring en ŉ tydrooster van al die hokkies saam word by die vakbibliotekaris in ŉ lêer gehou.

6. Gebruikers word aangeraai om nie persoonlike besittings in studiehokkies te laat nie, omdat die hokkies met ŉ groot aantal ander persone gedeel word.

CHRISTINE GERICKE

## VERSKUIWINGS EN BEVORDERINGS

Die volgende verskuiwings het intern plaasgevind:

Mev Pepsi Nel wat werksaam is by Toonbank, het haar halfdagpos verruil vir ŉ voldagpos.

Mev Elize Smit het ook van ŉ halfdagpos oorgegaan na ŉ voldagpos. Sy bly steeds by Boekontvangste.

Mev Marie Fourie het aangesluit by die Tiksters se geledere en beklee nou ŉ halfdagpos.

Mej Ina Boon het verskuif vanaf Toonbank na IBL.

Mev Irene Dejonge het vanaf Buitemuurs by ons aangesluit en is nou werksaam by Boekontvangste.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## IN EN OM MERENSKY...

### DAGBOEK

3 FEBRUARIE : Prof Gerryts lewer 'n referaat by 'n seminaar gereël deur die Nasionale Adviesraad vir Biblioteek- en Inligtingswese. Die onderwerp is: AKTUELE PROBLEME IN VOORRAADBOU: DIE PROBLEMATIEK SOOS ERVAAR DEUR DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEKE.

7 FEBRUARIE : UP-verjaarsdag. Tee in die Rautenbachsaal om 10h00.

14 FEBRUARIE : Wydingsdiens in die AULA om 11h00.

17 FEBRUARIE - 21 FEBRUARIE: Rektoraat en Seniorbestuur Konferensie. Prof Gerryts sal dit bywoon.

NB !! 1 MAART : Ons vleisbraaigeselligheid

### MUSIEK

| | |
|---|---|
| 11 FEBRUARIE | : ETENSUURKONSERTE BEGIN: TOEGANGSGELD 50c BY DIE DEURE<br><br>Spesiale gratis verwelkomingskonsert vir eerstejaarstudente 13h10 Ligte klassieke musiek sal uitgevoer word |
| 13 FEBRUARIE | : Etensuurkonsert 13h10 Anneke van Heerden (Pianiste) |
| 19 FEBRUARIE | : 19h30 Musaion<br>Werner Nel (Bariton)<br>Truida vd Walt (Klavier) |
| 20 FEBRUARIE | : Etensuurkonsert 13h10<br>Marietjie Stoop<br>(Luisterliedjies) |

Vir aandkonserte kan besprekings gedoen word by die Departement Musiek, Kamer 1-19, Dosentekantore I of by Computicket

NAVRAE: Telefoon: 420-2248/2290

### DRAMA

Ten eerste wil ons graag noem dat die Departement Drama vanjaar 21 jr oud is. Dit voorspel 'n jaar vol feesproduksies.

Hou dus hierdie rubriek dop vir die programme wat aangekondig sal word.

22 Februarie - 1 Maart :

20h00 Die Masker

Die Spookuis

Vertaling van Plautus
deur prof J Scholtemeijer


23 Februarie - 1 Maart :

20h00 Die Lier

Kinderspeletjies
Geskryf deur Marietjie Pretorius
(Die titel is misleidend -
dit is 'n stuk vir volwassenes)

Kinderteater in Maart is die alombekende en beminde "Liewe Heksie". Besprekings kan by Computicket gedoen word.

vermaak



## EN SO VERTEL ...

Ek is 'n oud-Kapenaar wat gedurig maar weer die langpad Kaap toe aandurf vir 'n vakansie. Hierdie afgelope Desember het ek opgemerk dat karavane beslis "uit" en sleepwaentjies beslis "in" die mode is. Elke tweede motor trek 'n sleepwaentjie.

Ons is egter nie in die mode nie, want ons ry met 'n ou stasiewa en dis waar al ons probleme ook begin het. Die probleme is vererger omdat ek iemand is wat vreeslik graag allerhande dinge versamel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

In Kaapstad laai ek alles op wat my ma wil afstaan: 'n ou "Willow-pattern" eetservies, nog 'n ou eetservies, bakke, blikke, koekies, konfyt. Die kartondose groei van drie tot vyf, tot sewe.

Op Swellendam kry ek vars gemaalde meel (by die watermeul van die Drostdy gemaal). Ek tel akkers op en droë hout en rivierklippe. "Is jy mal?" vra my man. "Weet jy wat weeg 'n spul klippe?" In Ashton gaan haal ek 'n outydse houtkarring wat die oudhede-handelaar vyf jaar lank vir my bêre. Op Yzerfontein laai ek nog klippe, dryfhout, blomme en skulpe in.

Toe ons uit Kaapstad wegtrek, het die kartondose tot twaalf vermeerder. Op Stilbaai gaan dit nie beter nie. Weer word daar skulpe, klippe en dryfhout bymekaar gemaak. Pa en dogter het nou aangesteek en laai 'n "surfboard", snorkels en duikbrille in.

Om die stasiewa te pak vir die terugrit na Pretoria neem ons amper 'n uur. Toe ons begin ry, weet ek dadelik dat ons ook 'n sleepwaentjie moes hê. Behalwe vir die feit dat ons, ons nie tussen al die dose en bagasie kan roer nie, hoor ons die vreeslikste lawaai (in 'n stasiewa is die bagasie mos by jou).

Die "surfboard" skree tjir-tjir-tjir. Iets anders maak gir-gir-gir en tussendeur hoor ons 'n tok-tok, tok-tok, tok-tok (dis die karring se handvatsel). Op Oudtshoorn vlieg my man uit die motor, maak die "surfboard" se tjir-tjir-tjir stil, maar toe ons wegtrek, hoor ons 'n gwar-gwar wat baie harder en erger as die tjir-tjir van die "surfboard" klink. Dié geluid verduur ons tot op Beaufort-Wes. Weer spring mv man uit die motor, probeer die lawaai stilmaak en gee dan maar die stryd gewonne. Ons tjir-tjir, tok-tok en gwar-gwar tot in Ventersdorp in Wes-Transvaal. Hier neem dit my desperate man amper twee uur om al die bagasie af te pak en alles weer te herorganiseer en te herlaai. Die Rottweiler en Doberman, wat Oupa die vakansie opgepas het, moet nou op die laaste skof terug Pretoria toe ook nog 'n plek in die oorvol stasiewa kry. Intussen neem ek my kans waar om nog gou 'n kassie tamaties en 'n kartondoos turksvye ook in te laai.


Toe ons uiteindelik in Pretoria aankom, sê my man baie beslis: "Ek gaan nêrens weer kuier sonder 'n sleepwaentjie nie, ek is moeg van sukkel."


Ek stem honderd persent saam, want in my geestesoog sien ek klaar weer hoeveel meer kan ek in dié sleepwaentjie laai!

MARA GROBBELAAR

## DIE EERSTE BLOKKIESRAAISEL?

Gedurende 1985 het Merensky-biblioteek die versameling van wyle prof A van Selms bekom. Soos bekend is, was prof Van Selms 'n semitikus van wêreldformaat. Die versameling bestaan uit 3500 items asook manuskripte en korrespondensie. Wanneer 'n mens die versameling as 'n geheel hanteer, besef jy met ontsag dat dit die resultaat is van die arbeid van 'n leeftyd. Uit die massa korrespondensie blyk dit dat hy kontak gehad het met kollegas en studente uit alle wêrelddele. Uitnodigings van verskeie koningshuise dui verder op die erkenning wat bestaan vir sy werk. Alhoewel die versameling nie vir leke maklik verteerbaar is nie, is daar tog items wat interessant is. 'n Voorbeeld is An ancient Egyptian crossword puzzle.





"Above the main text stands a horizontal line containing the dedication of the



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

monument. There we find the Egyptian term for "crossword", which Cière correctly translates "(écrit pouvant) être lu de deux facons", writing which is to be read in two ways."[1]

Hieruit blyk dit dat die Egiptenare van die 20ste dinastie van ongeveer 1290 vC, blokkiesraaisels op kliptafels uitgegraveer het wat in beginsel werk soos dié wat ons vandag nog het. Daar word gebruik gemaak van horisontale, sowel as vertikale woorde of begrippe.

1. ZANDEE, J
   An ancient Egyptian puzzle. Leiden, Ex oriente Lux, 1966:, p 6

LAURA PIENAAR

---

## 'N HANDIGE SêDING

Dit is haas onmoontlik om jou mond oop te maak sonder om ŉ spreekwoord te gebruik. Sommige spreekwoorde in Afrikaans is uit ons eie bodem gebore en andere het ons oorgeërf. Om ŉ taal se spreekwoorde te ken en te waardeer, moet jy ŉ spreker van die taal wees, anders gaan dit met jou soos met die Amerikaner wat na ŉ besoek aan Suid-Afrika gesê het dat hy nie weet waarom elke hond in Suid-Afrika se naam "Voertsek" is nie.

"Alles sal regkom" is ŉ doodgewone Afrikaanse sin. President Brand van die Republiek van die Oranje-Vrystaat het dit so dikwels gebruik dat dit ŉ stertjie bygekry het en nou sê ons: "Alles sal regkom sê Jan Brand." F W Reitz het ŉ rympie hieroor gemaak:-

"Alles sal regkom, sê Jan Brand
Alles sal regkom, sê Jan Brand
Die koffie is klaar
en die koekies is gaar
en alles sal regkom, sê Jan Brand"

Aan baie van ons spreekwoorde is ŉ storie gekoppel. As iemand by ons staan en neul oor iets wat hy wil hê, koop of ruil, en elke keer sy eise hoër stel, sê ons: "Probeer die ander oor", of "Probeer die halfkroon se oor." Die vaderskap van hierdie spreekwoord, word aan president Paul Kruger toegeskryf. ŉ Kleinkind het by die ou President ŉ halfkroon gevra. Oom Paul sê toe: "Oupa kan nie so goed met hierdie oor hoor nie." Die knapie is ook toe nie links nie en vra vyf sjielings. Oom Paul sê toe: "My seun probeer maar weer die halfkroon se oor."

Spreekwoorde wat al deel van Afrikaans geword het, is uit Nederlands oorgeneem. Soos: "blaffende honde byt nie"; "gedane sake het g'n keer" en "haas jou langsaam." "ŉ Riem onder die hart" het ons uit die Nederlandse seemanstaal oorgeneem, so ook "dit gaan voor die wind."

Nog ŉ spreekwoord waaraan ŉ staaltjie gekoppel is, is die waarskuwing wat aan ŉ grootprater gerig word. naamlik "Sak Sarel". Sarel het baie grootgepraat en pa wou hom dit afleer. Op ŉ goeie dag gaan stap Sarel en sy pa. Hy vertel dat hy hoër as die kerk kan spring. Sy pa sê toe: "Sarel vorentoe is ŉ brug, elke grootprater wat daaroor loop, breek sy been, nou moet jy oppas." ŉ Endjie verder begin Sarel weer; nou sê hy hy kan oor ŉ huis spring. Pa sê net: "Sak Sarel." Nog ŉ endjie verder sê Sarel hy kan maklik oor ŉ hoë doringdraadheining spring. Pa sê net: "Sak Sarel." Skielik is hulle by die brug en toe sê Sarel dat hy net twee voet hoog kan spring.

Ons ouer geslagte het baie nou saamgeleef met die Bybel. As gevolg daarvan het talle spreekwoorde uit die Bybel ons spreekwoordeskat binnegedring. Ons praat nog altyd van "pêrels vir die varke gooi", "ŉ steen des aanstoots", "ŉ barmhartige Samaritaan" en die "klein jakkalsies wat die wingerd verniel." Ons vermaan nog steeds oorhaastige mense met die woorde: "Stadig! Hef aan lê nog voor." Hierdie spreekwoord het ontstaan as gevolg van ŉ probleem wat ons voorouers gehad het met die sing van Gesang 2. Die gesang het ŉ vangplek in sy wysie gehad. Die eerste helfte word taamlik laag gesing, maar in die middel word dit baie hoog. By die sin: "Hef aan, hef aan roem sy gena" was die wysie baie hoog. As jy nie laag genoeg ingesit het nie, kom jy nie die hoë note by nie en daar kom hierdie spreekwoord vandaan.

ŉ Spreekwoord op rym verskaf groot vreugde. As die rymding ŉ groot waarheid bevat, of met ŉ sondaar spot, of sommer net vir die lekker ŉ sê sê, hoe vreugdevol lê dit dan nie op jou oor nie. Luister net:

Gekke en dwase
Skryf hul name
Op deure en glase

Finkel en koljander
die een is soos die ander



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

As die wyn is in die man
Is die wysheid in die kan

Die een se dood
is die ander se brood

Die spreekwoord bewaar die wysheid en ervaring van die ganse mensdom deur die eeue. Hoe treffend is hierdie stukkie Boerewysheid: "Die bui van ŉ kwaai huisvrou is nes onweer voor ontbyt, dis albei gou verby." Die volgende waarneming kom in vele tale voor: "As jy iets goed wil doen, doen dit self. Selfs ons nederige pap lewer ŉ les: "As dit pap reën, moet jy skep."

As jou buurman uithang met sy nuwe rykdom op so ŉ manier dat jy jou begeertes skaars in toom kan hou, dan sê jy: "Die derde geslag sal weer moue oprol." Dit klink na suur druiwe maar dit is waar.

ŉ Laaste storie wat aan ŉ spreekwoord gekoppel is: Vroeër dae is daar gepraat van iets wat "blink soos ŉ nuwe sikspens." Hoe ons dit nou in desimale munt sal uitdruk, is ŉ ope vraag, maar daar is ŉ heerlike storie daaraan verbonde. Die volksvertelling lui dat ŉ baie ryk en spoggerige vryersklong op ŉ Saterdagmiddag by sy uitverkore meisie aangekom het. Hy klop, sy maak oop en die storie verloop toe verder so: hy trek sy jas uit en hang dit aan die kapstok op terwyl hy sê: "Hang daar jou tien pond se jas." Die hoed word opgehang met dié woorde: Hang daar jou vyf pond se hoed." Vir sy wandelstok met die mooi silwer handvatsel sê hy: "Staan daar jou drie pond se kierie." Die nooi kon dit net nie meer uithou nie en sê toe aan die man: "Sit daar jou blink nuwe sikspens."

Met hierdie storie sluit ek af. Ek het net een versoek: luister na die oneindige skat van wysheid en skoonheid wat in ons spreekwoorde verskuil lê.

Groete
Jo Breed
KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

Met erkenning aan:

COETZEE, Abel. Ons sêgoed. Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal. Jrg. 39, Afl 3, September 1983.

## STATISTIEKHOUDING UIT DIE VERLEDE

Die mense wat met die Africana- en Tukkiana-versamelings werk, staan maar altyd met die een voet so half-en-half in die verlede. Dis ŉ groot voorreg, want dis op hiërdie manier dat ons dikwels besluit om ons seëninge te tel.

Die onderstaande artikel wat Olivia Webb in die VOCATOR van 1927 gevind het, gee baie interessante gegewens oor die biblioteek van 1927. Let gerus op die kommentaar by die 810-klasnommer.

IN THE T.U.C. LIBRARY

In the T.U.C. Library the Dewey Decimal System has been adopted. This system, which is claimed to be the most practical as well as the simplest, divides the "field of knowledge" into nine main classes which are numbered 100-900. Encyclopedias, periodicals, etc., so general in characacter as to belong to no one of these classes form a tenth class, 000. The Classes are as follows:

000 General Works.
100 Philosophy - 150 Psychology,
160 Logic
170 Ethics
200 Religion.
300 Social Sciences
310 Statistics
320 Politics
330 Economics
340 Law
370 Education
400 Philology.
500 Natural Sciences
510 Maths
520 Astronomy
530 Physics
540 Chemistry
550 Geology
570 Biology
580 Botany
590 Zoology
600 Useful Arts
630 Agriculture.
700 Fine Arts
710-760 Painting and Sculpture
780 Music
800 Literature
810 American Literature (Dewey the author of the system was an American who laboured under the quaint delusion that American Literature did exist.)
820 English Literature
830 German Literature
839 Nederlands



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

840 French
870 Latin
880 Greek
900 History
910 Geography
920 Biography
930 Ancient History
940-990 History subdivided according to countries. S.A. History being 968.

Statistiek

Dit wil voorkom asof statistiekhouding nie ŉ nuwe uitvindsel van die Merensky-biblioteek is nie, want in dieselfde artikel word die volgende statistieke aangehaal:

> "At the end of every year statistics are compiled of all the books that have been taken from the Library. From the 1927 report it appears that 7023 books were taken out between September 1926 - September 1927 which amounts to a daily average of 104. In 1923 this daily average was only 39. It also appears that more than 400 out of the 470 intramural students have made use of the library during the past year.
>
> There are now in the library 21,181 books and an immense amount of magazines and bulletins, the grand total being 47,295 library units."

Die totale aantal boeke wat in 1926/27 uitgereik is, is dus minder as die totaal van 7391 boeke en tydskrifte wat gedurende 1985 uit die Africana- en Tukkiana-versamelings uitgereik is.

Volgens Irene Venter was die totale aantal boeke wat in 1985 deur die Merensky-biblioteek uitgereik is 80285 en dit gee ŉ gemiddelde uitreiking van 268 boeke per dag.

ŉ Mens kan dus die gevolgtrekking maak dat die T.U.C.-biblioteek maar omtrent 68 dae per jaar tot die beskikking van die studente gestel is, maar dat dit gedurende daardie dae baie druk besoek is en dat die 400 studente wat die biblioteek gebruik het, baie aktiewe biblioteekgebruikers was.

********************

Ons wil graag aan al ons kollegas ŉ voorspoedige 1986 toewens met baie krag en genade vir al die statistiekhouding.

Joriet Coetzee
AFRICANA/TUKKIANA

## BIBFLITSE

### VOOR-ONTSLUITING

ŉ Mens kan nie glo dat 1985 alweer verby is nie. Dit was ŉ tyd waar daar druk gestudeer is deur sommige uit ons afdeling. Ons is bly om te kan sê dat die Novembereksamen baie voorspoedig afgeloop het, veral vir Makkie wat nou professionele status verkry het. Baie geluk Makkie, "doet zoo voort!" Hoop ons kan volgende jaar dieselfde sê van Joy en Martjie.

Na die lekker vakansie is daar ŉ bietjie meer kleur in ons afdeling as waaraan ons gewoond is danksy die baie son en buitelug wat almal kon geniet. Rita het in die Vrystaat gaan kuier, Marianna was ook hier en daar weg, Makkie was ŉ rukkie by haar ouers, Joy was Suidwes toe, Jeannie het die tuinroete gedoen en Martjie het die land deurkruis. Hoop julle is almal lekker uitgerus.

Met die vertrek van Rozaan Boer het daar ŉ vakature ontstaan wat deur Ina Engelbrecht gevul is. Sy het verlede jaar haar studies aan Tukkies voltooi. Baie welkom Ina! Ons hoop jy sal baie gelukkig wees. Volgende maand word nog ŉ vakature gevul waarna ons op volle sterkte en reg vir alle gebeurlikhede sal wees.

ŉ Baie mooi 1986 vir almal van julle.

MARTJIE PAUW

### KELDER

Teen ons verwagting in het die eerste dag in die Kelder met ŉ vinnige tempo begin. Veral die hereksamen-kandidate het ons van die begin af besig gehou.

Ek hou tans die fort hier aangesien Louis en Annatjie in Januarie met verlof is.

Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om almal wat hierdie jaar die toue styf gaan span, ŉ voorspoedige en "vrugbare" nuwe jaar toe te wens. (Vrugbaar = finansiële behoeftes).

NEELS EN LOUIS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VLAK 6

## DIE "SLINGER"-DIEET

DIE "SLINGER-DIEET"

Kan jy nou meer! 'n Bottel sjampanje (of wyn) per dag om mee maer te word. Ook maar goed die dieet word vir 'n naweek aanbeveel.

WEEKEND WINE DIET

A two-day diet prepared by Margaret Andrews. Possible weight loss: up to 6lb (2,7kg).

Each day

1 bottle of champagne or sparkling wine or dry white wine. As much mineral water as you like.

Breakfast

Juice of 1 fresh lime and 1 fresh orange with ice cubes.
1 black coffee
1 boiled egg with 1 crispbread and a little butter.

Lunch

2 Glasses of the champagne (or wine)
½ Chicken with watercress and lemon wedge

Dinner

Reserve 2 glasses of champagne (or wine) to have with the dinner, put remainder in a jug with soda, ice and lemon and drink before dinner.
A good portion of shellfish
2 tablespoons of spinach puree
1 black coffee

UIT: "Vogue Book of Diets and Exercise" deur Barbara Timms

UIT DIE HUISHOUDKUNDE-SPENS : ANNATJIE BOTES

## FLINKDINK

1. Is die Mediese Biblioteek in die aand oop?

2. Waar vind jy nuwe boeke met die volgende boeknommers?

   a) 001.6
   b) 658
   c) 780
   d) 794
   e) 910

3. Waar staan tydskrifte met die vakkode

   a) 015
   b) 941
   c) 968

4. Staan alle tydskrifte ouer as vyf jaar in die kelder?

5. Wat is Landbou-biblioteek se ure?

6. Waar staan die Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge?

7. Waar staan die Guiness Book of Records?

8. Wat is Biblikasie se sperdatum vir bydraes uit die afdelings?

MARGIE KOTZE

ANTWOORDE

1. Ja
2. a) Vlak 6
   b) Vlak 5
   c) Musiekbiblioteek
   d) Vlak 5
   e) Vlak 6
3. a) Kelder
   b) Vlak 6
   c) Africana
4. Nee
5. Maandae tot Vrydae: 07h45 - 17h30
6. Africana, IBL
7. Algemene Naslaan, Vlak 3
8. 15de van elke maand



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MEDIES

Die spreekwoord praat van ŉ nuwe jaar met nuwe kanse, maar hier by Medies voel alles amper nog soos oustryk. Van die laaste gebruiker wat ons 4nm daardie laaste Vrydag tot siens gesê het, tot die eerstes wat ons weer die eerste Maandag terug verwelkom het, voel dit asof mens nooit weg was nie. Een voordeel hiervan is dat ŉ mens nie eintlik kon vergeet hoe dinge gedoen word nie!

Die enigste groot verandering was Stella se leë plek by die toonbank wat met die ter perse gaan nog nie gevul is nie. Sy het darem een middag kom inloer en vertel dat sy weer by haar ou skool ŉ pos gekry het en nou die standerd 3, 4 en 5 klasse het om haar besig te hou.

Danie Veldsman het so ŉ paar ekstra dae by sy vakansie bygevoeg en is pas terug, sonbruin van Port Elizabeth af, en met ŉ verkoue van Aliwal-Noord af. Hy het een dag uit Port Elizabeth geskakel met goeie nuwejaarswense en so as ŉ nagedagte bygevoeg dat die weer wonderlik is en dat hy en sy familie oppad strand toe is ...

Sophia Möller het so tussendeur die drawwery aan die einde van '85 en die begin van '86 ook nog die groot uitdunningsprojek laat loop en dit met ŉ vasbyt wat enige weermagman se kop in skaamte sou laat sak het, deurgevoer. Die boeke is teen so ŉ konstante stroom Voorklinies toe, dat Martie later vir ons pilletjies wou stuur om in Sophia se tee te gooi sodat sy net ŉ slag buite aksie kan wees. Aan Sophia en Martie wat die groot spit afgebyt het, ŉ Groot Groot Dankie.

Die vinnige pas van die nuwe jaar het Maureen so onkant gevang dat sy reeds in die eerste week gereël het om die laaste week van Januarie verlof te neem. Om darem met die deur in die huis te val met die eerste groepe vir gebruikersopleiding en rekenaarsoektogte, maak dat ŉ mens dalk weer vakansie nodig het. Selfs Clarisse se voete begin weer jeuk, en sy is nie meer tevrede om net ŉ skulp teen haar oor te druk om die see te hoor nie.

Sannie Hattingh het haar Desember in die Kaap deurgebring en behalwe dat hy (die Kaap) in sy baba-stadium was - winderig en nat - is hy nog net so mooi soos altyd - aldus Sannie.

So tussen registrasievorms, navraagvorms, statistiekvorms en jaarverslagvorms uit, wens ons al ons kollegas net die mooiste vir 1986 toe.

MAGRIET LEE

## VLAK 5

Ons dertien op die vyfde vlak wil graag aan ŉ ieder en ŉ elk in die Merensky en die takbiblioteke ŉ vreugdevolle en ŉ voorspoedige nuwe lewensjaar toewens. Ons hoop dat arbeidsvreugde en lewensgenot deel sal wees van elke dag. Ons wil ook die wens uitspreek dat almal daagliks geesteskalmte en innerlike vrede sal ervaar en goeie gesondheid sal geniet.

Omar Khayyam het geskryf: "I have learnt nothing from life, except my own amazement at it." Mag 1986 vir ons ook dié jaar wees waarin elkeen elke nuwe dag met verwondering en vreugde sal binnegaan, omdat dit ŉ voorreg is om nog ŉ lewensdag tot jou beskikking te hê. Elke sonsopkoms bring opnuut geleenthede en bied nuwe uitdagings en moontlikhede.

1986 sal voorwaar ŉ vreugdejaar wees as ons elke dag met hernieude lewenslus, blymoedigheid en werkywer tegemoetgaan. Almal van ons sal dan in Desembermaand kan sê: "Vanjaar was ek werklik gelukkig gewees."

JEANETTE MARAIS

## TIKSTERS

Ons is baie dankbaar dat almal weer veilig terug is in die tuig na ŉ lang vakansie. Ons hoop almal het die vakansie baie geniet en dat almal se ideale en voornemens in diè jaar verwesenlik sal word. Aan almal wat verlede jaar eksamen geskryf het - baie geluk met die uitslae en sterkte vir diè jaar.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Joggie en Alida het hulle vakansie by die see glo baie geniet. Die wind het hulle net amper weggewaai. Vir ons wat hier gebly het tot die 20ste Desember, het Gertrud elke dag opgevrolik met 'n lekkertjie. Dankie Gertrud!

Aan Marie Fourie wat vanaf 6 Januarie in die oggende in ons afdeling werk, wil ons baie welkom sê. Marie, ons weet jy gaan baie lekker saam met ons werk.

Vir die personeel wat nie op Maretha se troue was nie - sy was 'n pragtige bruid; soos ons haar ken met valletjies, strikkies en kantjies. Sy het al van haar laat hoor uit Potchefstroom. Dit gaan baie goed. Sy stuur vir almal groete en sê sy mis julle baie.

Aan Bokkie, Miemie, Andrea, Mala, Pepsi, Katrien, Joy, Hulda, Marie en Julie Luüs wat saam met my op die Sosiale Komitee is - ek glo ons gaan baie lekker saamwerk. Aan Alida, ons afdeling se verteenwoordiger verlede jaar, baie dankie vir alles. Jy het jou goed van jou taak gekwyt.

Beste wense vir 1986!

ANNEMARIE PIENAAR

---

## OM TE LAG - OF NIE TE LAG NIE

Lag en die wêreld lag saam met jou -- huil, en jy huil alleen.

'n Lag kan enigiets van 'n bakvissie-giggel tot 'n minuut-lange roggellag wees, of 'n ek-is-bang-ek-kraak-grynslag, óf 'n uitbundige katlagter-histerie, óf soos 'n buurvrou eenkeer van my huishulp gesê het: sy lag nie, sy ontplof!

'n Lagbui kan spanning, angs, depressie en pyn verlig deur jou aandag van jou kwellinge af te lei. Dit kan ook die pyn van artiritis en ander kwale verdoof. Ook is dit 'n vetbestryder - dit verbrand glo 'n goeie klompie kilojoules. Na dese sal dit nie snaaks wees as Merensky veral op Woensdae baie vrolik gaan wees nie.

In die sestiende eeu het die Engelse opvoeder Richard Mulcaster 'n lagbui as die beste medisyne vir verkoue en melankolie aanbeveel, veral as die pasiënt onder die arms gekielie is. En in Amerika het 'n Indiaan-stam dokter-hansworse gehad wat toertjies uitgevoer het om die siekes gesond te maak.

Maar oppas vir daardie lagbui! Dit kan dalk jou lewe eis. Ook in die sestiende eeu het 'n godsdienstige sekte wat hulself nie bloedvergieting veroorloof het nie, gevangenes vasgebind sodat hul borskas nie kon uitsit nie. Sout is aan hul voete gesmeer, en deur bokke afgelek. Hulle is letterlik dood-gekielie - teregstelling deur 'n lagbui.

Kom ons maak 1986 'n laggende jaar!!

Vrolike groete
JOGGIE
(Bron: Huisgenoot 23 Januarie 1986.)

---

## GSV

Groete aan al ons kollegas - ons wens almal 'n voorspoedige en gelukkige nuwe jaar toe.

"SPOED" is die sleutelwoord by GSV op die oomblik. Ons doelwit vir die jaar is om die opset by GSV so te bemeester dat ons vinnig en flink kan wees. Ons is nou druk besig om 'n bietjie te herorganiseer.

Ek en Christo De Wet wat van Buitemuurs gekom het, sê baie dankie aan almal wat ons hier so tuis laat voel het, veral ons liewe Hannetjie. Ons sien uit daarna om hier saam te werk met ons twee nuwe personeellede wat in Februarie begin - mev Van der Merwe wat in die aande saam met Christo sal werk, en mev Christa Strydom wat in die oggende sal werk.

VORENTOE!!

RAY SMITHERS

---

## TYDSKRIFTE

Ons is weer almal veilig en gesond terug na die vakansie.

Ons mis egter 'n paar gesigte, naamlik dié van Matthew, René en Fanus. Ons voel regtig jammer dat hulle weg is, maar ons vertrou dat hulle gelukkig sal wees waar hulle nou werk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons het nog nie drie nuwe gesigte bygekry nie. Dit sal seker metttertyd wel gebeur.

Die vier studente is hard aan die werk aan die duplikate en ons is hulle baie dankbaar. In die poskamer "om die hoekie" lyk dit nou sommer baie netjies!

'n Paar dae lank was die poskamer natuurlik toe onder die opgehoopte pos, maar Erna Klopper het die reusetaak op haar geneem om die pos oop te maak en sy het sommer gou klaargespeel daarmee. Ons hoop om sommer binnekort die agterstand in te haal. Dit gaan nie heeltemal so vinnig nie, aangesien twee kardeksposte nog vakant is.

Verdere nuus is dat die tydskrifontsluiters baie besig is voor die terminale.

Alle voorspoed vir almal in 1986!

HETTA MALAN

## LANDBOU

Vader Kersfees is nou met verlof, 'n welverdiende een sou ek sê. Hoop hy rus goed uit vir sy 1986-sessie, want ons het 'n hele paar goedjies op ons verlangelysie. Intussen woeker ons maar met wat hy vir ons in 1985 gebring het.



Met Buitemuurs se inskakeling het ons 'n hele paar tafels en stoele ryker geword. Dit is ook net betyds, want daar was 'n geweldige toename in Landbou-studente verlede jaar. Ons sal hulle dus vanjaar hier op die Ooskampus hê en moet hulle op een of ander manier huisves. Ons het ook 'n nuwer ketel geërf, wat nie soos ons vorige een uit die vroeë dertiger jare dateer nie. (Hy kan selfs fluit!)

Die tuine buite ontwikkel goed. Die nuwe grasperke wat Desember aangeplant is, word al twee keer per week gesny (o, en is die geluid van die grassnyer twee-uur in die middag tog sussend!) Julle kan gerus oor 'n rukkie kom kyk hoe mooi dit hier gaan lyk. Dit is verbasend wat 'n bietjie hael en reën kan doen.

Met die uitdun/hersien van ons GSV-versameling kom ons op verrassende goed af. Maar wag maar, Magda Coetzee, daar wag net so 'n lekker verrassinkie vir vir jou - vir jou en jou DOBIS. Ons GSV-versameling word vir die eerste keer nou op DOBIS geplaas. Sterkte in elk geval, en baie dankie by voorbaat.

Met ons nuwe skoonmaak-hulp in die vorm van Freddy gaan ons nog groot hoogtes bereik - en sommer daar afstof ook. Ons vloere blink en ons mat lyk al selfs koningsblou.

## VEEARTSENYKUNDE

### TOT SIENS HEIN!

Na drie jaar se dienslewering aan die UP-gemeenskap by die Fotokopieerafdeling in die Merensky-biblioteek is Hein Enslin op sy versoek na die Veeartsenykundebiblioteek oorgeplaas. Nou, na 'n jaar hier, verlaat hy ons om sy eerste beroep te aanvaar - as NG-leraar van die Tswanagemeente op Daniëlskuil.

Aanvanklik het ek Hein nogal jammer gekry, want dis nie maklik om die studente wat oorwegend mans is, tevrede te stel as daar voor jou 'n mooi jong dametjie in die pos was nie! Maar namate hulle hom leer ken het, het hulle misnoeë oor 'n manspersoon in die biblioteek verdwyn. Vandag kan ek eerlik sê dat hy beslis gemis gaan word, veral onder die Israeli's wat so heerlik saam gesels het oor die lewe, taalprobleme en duik!

Ek self gaan jou baie mis, Hein - die lekker tee, die flinke fotostaatdiens, die statistieke wat klop, die godsdiensgeselsies, jou droë humorsin!

Namens almal op Onderstepoort wens ek jou baie mooi en vrugbare jare as predikant toe.
ERICA VAN DER WESTHUIZEN



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Van aftydvorms kan hulle ons niks meer leer nie. Ons het nou ons taak vergemaklik deur 'n Permanente Aftydlêer by die Toonbank in te stel. Ons gebruikers vra al in die oggende: "Is hy aan vandag?" Meeste kere is hy darem, gelukkig. Ons het begin om van ons gebruikers vertroud te maak met die soekfunksie. Party vind dit baie deftig, maar party staan net met eerbied en luister. Gelukkig is ons self deur altwee fases en weet ons dat hulle een of ander tyd wel sal bykom.

Ons is reg vir 1986
Ons is reg vir ons gebruikers
Ons is reg vir al die mooi dinge
wat ons vir 1986 beplan.

Vader Kersfees, jy beter lekker rus!

Groete
ANNE EN ANNELINE

Ina het ook die toonbank verlaat, maar is nog steeds met ons op die derde vlak. Sterkte Ina daar by IBL.

Net om te wys dat ons hier by die toonbank ook werk, die volgende statistiek:

In 1985 het die leensyfer met 21% gestyg terwyl die besoek (tellerlesing by hek) slegs met 13% gestyg het. Tog is daar baie leners wat nog nie hulle boeke betyds terugbesorg nie. Dit word getoon deur die 16% styging in aanmanings en meer nog deur die 52% styging in boetegeld ingevorder in 1985.

Ons wens almal 'n voorspoedige nuwe jaar toe!

HANNES DE KOCK

## TOONBANK EN INLIGTING

In Prediker 3:1 staan dat God 'n tyd vasstel vir alles wat op die aarde gebeur. So het God gewil dat dit weer 'n nuwe jaar is - 'n jaar wat vol gebeure hier by die toonbank gaan wees.

Skaars het die nuwe jaar begin en daar was reeds iets om oor te skryf. Die eerste paar dae van Januarie sal die toonbankpersoneel nie gou vergeet nie. Saam met al die ander toonbankwerk, is hulle toegegooi met ± 2600 aanmanings. Marie, Pepsi, Elma en die nuweling Elsa Roos (eintlik 'n ou bekende) het dapper deur die aanmanings geveg.

Soos alle vorige jare het ons weer veranderings aan die personeel gehad. Die twee voltydse personeellede is nou Pepsi en Elsa. Marie en Elma staan hulle in die oggende by. Die middae en aande sal Johan Avenant (van Buitemuurs) en nog twee ander die werk verrig.

Hierdie veranderings is genoodsaak deur twee verskuiwings en een bedanking. Soos u almal weet het Irene Venter na tien jaar besluit dat sy lank genoeg in die Merensky gewerk het. Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om haar hartlik te bedank vir al die jare se opoffering en werk wat sy hier by ons verrig het. Deur die jare het jy kennis opgebou en as jy eers weg is, sal ons besef hoeveel jy eintlik vir ons beteken het. Ons wil jou sterkte toewens met jou nuwe betrekking. Hannes neem die werk van Irene oor.

## TOONBANK - 6 JANUARIE 1986

Die honderd-en-eerste telefoniese hernuwing van die dag bring 'n lafenis oor die toonbankpersoneel - 'n Ma se benoude stem wat Boetie se boeke moet hernu:

"Ag Juffrou, hy sit in die Wes-Transvaal al vir drie maande."

"Foeitog, Mevrou - seker in die Weermag?"

"Nee, hy wag dat die mielies in die Wes-Transvaal moet wurms kry".

WAT NOU?

- As hy boer, moet ek saam huil
- As hy spuitstof verkoop, moet ek saam lag
- As hy die oes verseker het, is dit 'n ramp
- As hy sy studiegeld op 'n stroper verdien, is Merensky sy boeke kwyt.

"Mevrou wat gaan hy met die wurms doen?"

" Proewe vir sy MSc."
"O, ek hoop die wurms kom gou, en sê groete van die Merensky!"

ELSA ROOS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BOEKONTVANGSTE

Ons is bly om te kan sê dat ons alm uitsien na 'n baie voorspoedige en besige 1986!

Besig gaan ons beslis wees! Met die intrapslag het ons, ons vasgekyk in 'n berg boeke. Die rakke staan vol gepak en ons ontvang daagliks pakkies van veral ons buitelandse handelaars. Die grootste gedeelte van die bestellings wat verlede jaar geplaas is, kom nou eers in hul oorvloed hier aan. Ons het tot op hede plus minus 600 bande ontvang en daar is nog twee volle weke van dié maand oor!

Ons werkspan is gelukkig versterk deur twee nuwe dames. Die een is nie heeltemal so nuut nie. Mev Irene Dejonge wat voorheen by Buitemuurs werksaam was, het verlede jaar met die oortrek, tydelik by GSV uitgehelp. Sy het haar nou hier by ons aangesluit en sal in die vervolg die sake van díe Britse handelaar, John Smith hanteer. Ons geledere is verder aangevul deur mev Louise Mayer wat in die vervolg Diverse handelaars sal hanteer. Irene en Louise, dit is lekker om julle by ons te hê. Ons hoop julle werk lekker!

Ons het verder vir 1986 'n paar projekte en doelwitte geïdentifiseer. Ten eerste wil ons 'n kleurkaart-stelsel implimenteer, waar elke maand verteenwoordig sal word deur 'n kleur. Gekleurde kartonstroke sal in die boeke geplaas word sodra dit ontvang word. Hierdie strook bly dan in die boek totdat ontsluiting dit afgehandel het. Op hierdie wyse is dit vir ons moontlik om te monitor watter boeke in watter maand aangekom en afgehandel is, en tergelykertyd is dit vir ontsluiting 'n aanduiding van watter boeke by hulle agterstallig is. Die ideaal is dat ons geen nuwe pakkies sal oopmaak voordat alle boeke van daardie maand nie ontvang is nie. Alle probleme en korrespondensie rondom daardie maand se boeke moet ook eers afgehandel word.

Verder is dit ons doelwit om die oorskryf van die handleiding af te handel sowel as om 'n opleidingsprogram vir nuwe personeel op te stel. Die deurlopende evaluering van handelaars op grond van lewerings-tydperk, die bestelprys en die prys waarteen ons die bande ontvang, gaan voort in 1986. Die bepaling van standaarde deur middel van tydstudies gaan ook voort. So beoog ons om vir ons self 'n standaard te stel waarteen ons, ons prestasies kan meet.

Nou ja, met 'n baie bedrywige 1986 voor ons, wens ons almal 'n baie gelukkige en voorspoedige jaar toe. Geniet dit en maak die meeste daarvan!

MAGDA CELLIERS

---

## FINANSIëLE ADMINISTRASIE

Vanuit Finansiële Administrasie 'n vinnige groet en ons goeie wense aan almal vir die nuwe jaar. Dit was lekker om met almal saam te werk in die jaar wat verby is. Ons vertrou die nuwe jaar gaan ou bande van vriendskap en samewerking sterker maak.

Mnr Ferreira is baie besig met die be-groting vir 1986 en moet tussendeur talle navrae beantwoord. Ons wens hom sterkte toe met sy studies vir 1986 - veral na 'n suksesvolle 1985.

Frea is veilig terug na 'n wonderlike vakansie by die see en vir haar is dit nou net SANSO.

Gideon is volstoom besig om rond te hardloop en is altyd bereid om almal te help.

Ek self het ook 'n wonderlike vakansie by die see agter die rug.

DORIS BOTHA

---

## KLINIKALA

Hier by die Kalafong-hospitaal begin almal se dag dieselfde. Almal soek 'n boom - parkeerplek is maar beperk. Die hospitaal is besig met uitbreidings. Dis 'n lyks-huis, kraamafdeling, administrasie gebou en 'n verpleegsterskollege. Dis net sand, stene, klip, hyskrane en driejarige pasiëntjies waar jy kyk. 'n Mens voel sommer veilig wanneer jy die Klinikala-gebou betree. Ek wonder vir hoe lank nog?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ek pak tydskrifte weg en hoor 'Waar is die koerant?' Ek los alles en begin soek. Die koerant is veels te belangrik om weg te raak. Almal lees dit - die dokters stel in geen handboeke belang nie; o nee, alles wat hulle wil weet staan in BEELD. Nou net gou klaar maak met die tydskrifte.

Iemand vra: 'Weet jy miskien waar ek die tydskrif kan kry wat dr So-en-So gister gelees het. Ek soek dit asseblief vinnig.' Gelukkig onthou ek, want het ek nie so pas die sesde kopie van die betrokke artikel gemaak nie. Ek wonder nou net hoeveel weet nog van dié artikel. Die Prof is verbaas hoe ek weet wat hy soek: die artikel is klaar gemaak en in sy posbus.

Die Prof soek 'n nuwe boek. Mag ons al nuwe boeke bestel? Hoe lank voor ons dit gaan kry? Watter vrae sal nog gevra word?

Dr So-en-So soek na Naco, vol 9 no 2. Ek wonder wat dit is. Kan dit dalk The Orthopedic Clinics of North America wees? Ja, dit is, maar wanneer gaan ek tog eendag al hierdie nuwe afkortings leer ken.

Nou nog net dit:

> Dankie Merensky vir julle geduld en die mooi manier om te onthou van almal by die takbiblioteke.
>
> Dankie Medies - ek pla julle nog net Februarie en dan is julle verlos van my dom vrae tot November.

Voorspoed en groete vir 1986.
MAGRIET ENGELBRECHT

(Ons is baie bly om vanuit die Wilde Weste nuus te ontvang. Ek bedoel nou Wilde Weste in die sin van afgesonderdheid, ooptes en vlaktes. Sterkte met jou swangerskap en geniet jou tydjie by die huis. RED)

---

**NOODHULPKURSUSSE**

Sal almal wat belangstel om 'n Noodhulpkursus te volg, hetsy beginners- of gevorderde kursusse, asseblief mev E Langkilde (byblyn 2845) kontak. Kursusse word deur die SA Noodhulp Liga aangebied en sal in die namiddag wees.

# Gelukwense....



VERJAARSDAGLYS

FEBRUARIE

| | |
|---|---|
| 1 | Mev Joggie Brits (Tiksters) |
| 7 | Mej Magriet Lee (Medies) |
| 8 | Mej Susan Scholtz (Makro-ontsluiting) |
| 11 | Mej Nelene Ferreira (Tydskrifte) |
| 14 | Prof E Gerryts (Direkteur) |
| | Mej T Heckroodt (Vakbibliotekaris) |
| 18 | Mev Ray Smithers (GSV) |
| 19 | Mev Bella Odendaal (Vakbibliotekaris) |
| 20 | Mev Jeanie Wehner (Voorontsluiting) |
| 27 | Mnr J M van der Merwe (Toonbank) |
| 28 | Mej Gertrude Meyer (Makro-ontsluiting) |

Baie geluk aan Annemarie Nel (voorheen van die Musiekbiblioteek) met die geboorte van hul seuntjie. Ook aan Jakkie Beukes (voorheen by IBL werksaam) met hulle seuntjie.

Nog 'n verrassing is dat Corrie du Preez van Geskenke so stil-stil verloof geraak het op 14 Desember 1985 aan Ria du Toit. Baie geluk Corrie.

Aan die twee manne wat aan die einde van verlede jaar vanaf Buitemuurs by ons aangesluit het, sê ons ook baie geluk met hul huwelike. Christo de Wet (GSV) het op 7 Desember 1985 met Lucretia Kesselaar afgehaak en Johan Avenant (Toonbank) is op 4 Januarie 1986 met Harriet Theron getroud.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


Dit lyk asof die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde en Merensky-biblioteek hand aan hand loop, nie net wat navorsing betref nie, maar ook ten opsigte van toename in getalle. Op 22 Januarie het Susan Marsh tweelingseuns en prof Pieter van Brakel hulle 'n dogter ryker geword. Ons sê baie geluk aan albei gesinne.

Terug in Brussels het hy weer getrou met 'n Belgiese vrou, Marie-Luce. Hy bly vandag in Frankryk met sy vrou en 3 kinders op 'n ou landgoed, en skryf.

'n Moët vir die boekwurm.

LAPPIES

## TREFFERS



### TIME AND CHANGE - PETER TOWNSHEND

Hiërdie was die beste outobiografie wat ek nog gelees het. Peter Townsend sal onthou word as die man wat 'n verhouding met prinses Margaret gehad het en oor wie se koppe daar 'n sensasionele storm losgebars het.

Die boek is baie eerlik en sensitief geskryf. Interessant dat Townsend, toe hy in 1947 saam met die koninklike familie Suid-Afrika besoek het, so baie van die land gehou het dat hy hier wou kom woon. As dit nie vir sy vrou, Rosemary, van wie hy later geskei is, was nie, sou hy seker hier kom woon het.

Van Jan Smuts het hy 'n groot dunk gehad, en ook lank met hom gesels. "Talking to Smuts warmed my enthusiasm. He himself, he told me in his clipped accent, was inspired by South Africa: 'Its hills and mountains, rivers and far horizons make me think beyond the immediate cares of life to greater things. 'They give me a feeling of permanence .... torn between South Africa and England.'"

Die boek Time and change handel oor sy kinderjare. Sy tyd in die RAF as vegvlieënier, die tydperk in diens van die koningshuis, sy verhouding met prinses Margaret, die sensasie - uitgebuit deur die media - (hy haal selfs 'n artikel uit Die Burger aan), sy verblyf in Brussels as Lugattaché, wat eintlik 'n soort verbanning was. Moeg vir al die sensasie en 'n behoefte om te ontvlug, onderneem hy 'n wêreldreis: die Ooste, Australië, Kanada, die VSA, Suid-Amerika en Afrikareis hy met 'n Landrover deur. Tydens hierdie reis deur SA het hy met Gatsha Buthelezi gesels.

### WAAR EK GELUKKIG WAS - KAREL SCHOEMAN

Moet sê, ék was nie so gelukkig met Waar ek gelukkig was nie; 'n bietjie van 'n teleurstelling, veral nadat ek By Fakkellig gelees het. Schoeman is al met Orwell vergelyk, maar met dié boek het hy nie geslaag nie.

Die storie gaan oor 'n vrou wat haar kinderjare gaan soek in haar dorp van geboorte, Bloemfontein. Bloemfontein, en spesifiek die Vrystaat, is Schoeman se forté, alhoewel hy nou in die Kaap woon en by die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad werk. Aangesien daar nie veel oor die boek te sê is nie, gee ek kortliks biografiese inligting oor die skrywer. Koos Human van die uitgewery Human en Rousseau reken in 'n onderhoud met Etienne le Roux, gepubliseer in die Tydskrif vir Letterkunde, Schoeman as van wêreldgehalte. (Dit is seker bogenoemde boek uitgesluit.)

Dit is jammer dat Schoeman onlangs gesê het dat hy hom meer gaan toelê op geskiedskrywing as op romans. Sy mees resente boek 'n Ander Land is genomineer vir die CNA-prys en is baie goed deur kritici ontvang. Schoeman het feitlik al die groot literêre pryse in Suid-Afrika al ontvang; dit sluit die Hertzogprys in.

Ek het onlangs gesien dat By Fakkellig in Engels vertaal is. Geen wonder nie, want dít is wêreldgehalte. Oor die boek eers later.

LAPPIES

**HET JY DIE DATUM VAN ONS VLEISBRAAIGESELLIGHEID AANGETEKEN?**

Sien p 3



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONS STEL VOOR...

Op 1 Januarie 1986 het dr Henk de Bruin by ons geledere aangesluit. Hy is aangestel as Onder-direkteur en sal gemoeid wees met navorsing in samewerking met die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde.

Dr De Bruin is op Aus, 'n dorpie naby Luderitz in Suidwes, gebore. Oorspronklik het dr De Bruin 'n studierigting in die Regte gevolg, maar sy liefde vir skryf laat hom kennismaak met die joernalistieke wêreld. Gedurende die stigtingsjare van die Universiteit van Port Elizabeth was dr De Bruin werksaam by die SAUK se nuusdiens. Die nuwe Universiteit was deel van sy nuusdekkingsveld en in 1965 begin hy as Biblioteekassistent in dié Universiteit se biblioteek. Daarna word hy aangestel as Bibliotekaris by UNISA (1971) en sedertdien was hy agtereenvolgens Lektor, UNISA (1974), Navorsingsbeampte, Departement Biblioteekkunde, UP, en Adjunk-direkteur, Biblioteekdiens, UP (1975-80). Vanaf 1980 tot 1985 beklee dr De Bruin die pos Direkteur: Biblioteekdiens, Universiteit van die OVS.

Dr De Bruin het in 1983 gepromoveer. Sy onderwerp was: Ontwikkeling van 'n omvattende beplanningstelsel vir universiteitsbiblioteke. Hieruit kan sy belangstelling in die organisasie en ontwikkeling van die biblioteekwese afgelei word. Dit sluit die organisasie en ontwikkeling, nie alleen van die stelsel nie, maar van die mens en die organisasie self, in.

Sy liefde vir skryf en sy genoemde belangstelling kon hy kombineer en uitleef in sy betrokkenheid by die Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese. Hy was onder andere Redaksiesekretaris van die tydskrif SA Biblioteke 1969-72, en Notulesekretaris, Uitvoerende Komitee, SA Biblioteekvereniging, 1973-4. Vanaf 1974 tot 1977 en ook vanaf 1978 tot 1980 was hy Voorsitter van die Openbare Skakelkomitee van SAIBI. Terselfdertyd - 1978 tot 1980 - was hy Voorsitter van die Noord-Transvaalse Tak van SAIBI. In 1982 word hy lid van die Komitee vir Opleiding en Navorsing en ook lid van die OVS-Takbestuur van SAIBI. Hy het ook gedien in die Komitee vir 'n Gerekenariseerde Katologiserings-netwerk (1974-83) en die Advieskomitee insake die SABINET-inligtingsondersoek (1983-5). Sedert 1984 is hy lid van die Raad van SABINET asook lid van die Raad van SAIBI en in Oktober 1985 word hy verkies tot wetenskaplike redakteur van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde.

Dr De Bruin is getroud met Alice en het twee seuns Willem (9 jaar) en Hendrik (5 jaar). Sy belangstellings is amateurfotografie en fietsry.

Dr De Bruin, die personeel van die Biblioteekdiens van UP heet u baie welkom en wens u alle sterkte en sukses toe in u nuwe werkkring.

ELSABE VAN DER MERWE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## AANSTELLINGS



Ina Engelbrecht - Ongetroud
Afdeling: Voor-ontsluiting
Junior Bibliotekaris
Vorige werkgewer:
Student U P
Belangstellings: Lees, stap en kyk graag rugby



Elza Keyter - Getroud
Afdeling: Makro-ontsluiting
Junior Bibliotekaris
Vorige werkgewer:
Student U P
Belangstellings: Binnehuisversiering en lees



Louise Mayer - Getroud
Afdeling: Boekontvangste
Junior Bibliotekaris
Vorige werkgewer:
Onderwyseres by Glenville High, Rustenburg
Belangstellings: Sierskrif, lees en kook



Yzelle Nelson - Ongetroud
Afdeling: Makro-ontsluiting
Junior Bibliotekaris
Vorige werkgewer:
Student PU vir CHO
Belangstellings: Naaldwerk, musiek, kyk graag rugby



Johanna Perold - Getroud met 2 kinders, seun en dogter
Afdeling: Sekretaresse vir assistentdirekteure
Vorige werkgewer:
Dept Handel en Nywerheid Direktoraat Patente
Belangstellings: Tuinmaak en naaldwerk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## A A N S T E L L I N G S



Elsa Roos - Getroud
Afdeling: Toonbank
Biblioteekassistent
Vorige werkgewer:
Bestuur die Stasieboekwinkel saam met vriendin
Belangstellings: Internasionale Politiek en blommerangskikking




Celeste Blaauw - Getroud
Afdeling: I B L
Biblioteekassistent
Vorige werkgewer:
Student U P (BA,HOD)
Belangstellings: Naaldwerk en kosmaak

## B E D A N K I N G S



Mev Irene Venter (Toonbank)
Aanvaar 'n halfdagpos by INFOPLAN



Hein Enslin (Veeartsenykunde)
Aanvaar 'n beroep na Daniëlskuil





Mev René Winter (Tydskrifte)
Verhuis na Tzaneen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KERSFEESFUNKSIE VAN DIE BODES













Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

FEBRUARIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E


DIE EERSTE Sê ---------------------------------------- 1

REDAKSIONEEL ---------------------------------------- 2

BOTSING IN DIE BIBLIOTEEK - Deel 1 -------------------- 3

HOE GOED KEN JY DIE VAKVERSAMELING OP VLAK 6? ----- 4

WAT KOS 'N LIGAFDRUK? ------------------------------ 4

WAT IS SABINET? - Deel 2 ------------------------------ 5

TERLOOPS ... ---------------------------------------- 5

NA-UURSE DIENS: HOE RAAK DIT JOU? ----------------- 6

EN SO VERTEL ... ------------------------------------- 9

SAUNA IN DIE MERENSKY? ----------------------------- 11

MERENSKY HAAL DIE GUINESS BOOK OF RECORDS ------- 11

KOMENDE VAN 'N AANTAL "WARM" MERENSKY-MENSE --- 11

IN EN OM MERENSKY ... ------------------------------ 12

INTERNASIONALE SANG- EN KLAVIERKOMPETISIE 1986 --- 12

BACHKOOR VAN PRETORIA SE UITVOERING VAN DIE LUKAS-PASSIE ---------------------------------------- 13

VALENTYNSDAG ---------------------------------------- 14

HEKSEWAAN EN HEKSEVERVOLGING ------------------- 14

NEDERLANDS IS "ALIVE AND WELL ..." ------------------ 15

HALLEY SE KOMEET ----------------------------------- 15

GELUKWENSE ----------------------------------------- 16

BIBFLITSE -------------------------------------------- 16

TREFFERS -------------------------------------------- 23

SANIBONA! DUMELANG! ------------------------------- 24

MERENSKY-BIBLIOTEEK RAAK ONTSLAE VAN SY OORTOLLIGE TYDSKRIFTE ---------------------------------------- 25

AANSTELLINGS --------------------------------------- 26

BEDANKINGS ----------------------------------------- 27

IN MEMORIAM ---------------------------------------- 27


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE Sê

### NAVORSING EN ONTWIKKELING:

### ENKELE WAARNEMINGE

Dis vleiend maar ook riskant om binne ses weke na my diensaanvaarding, op versoek van die Redaktrise, iets op skrif te moet stel oor my "werk" in die Biblioteekdiens. Uiteraard kan dit nie die eerste en die laaste woord oor die saak wees nie, daarom volstaan ek graag met enkele tussentydse waarneminge oor navorsings- en ontwikkelingswerk binne die Biblioteekdiens en my moontlike rol daarby.

Navorsings- en ontwikkelingswerk binne die Biblioteekdiens het al 'n klein tradisie. In Augustus vanjaar sal die Afdeling wat hom primêr hiermee besig hou, reeds tien jaar oud wees. In hierdie tyd het wyduiteenlopende temas die aandag geniet en is 'n goeie werkverhouding tussen hierdie stafafdeling en die res van die Biblioteekdiens opgebou. Ek het die onderskeiding dat ek in die aanvangsjare daarby betrokke was en nou weer teruggekeer het daarheen. Na enkele weke se nuwe vertroudstelling met die huidige situasie, maak ek graag die volgende waarneminge:

Verskeie navorsings- en ontwikkelingsbehoeftes binne die Biblioteekdiens het skynbaar 'n deurlopende en permanente karakter. Voorbeelde hiervan is fisiese beplanning, mikro-ontsluiting en rekenarisering wat van die aanvangsjare tot vandag aandag in die Afdeling geniet. 'n Voorlopige aanvoeling is dat hierdie temas ook nog geruime tyd met ons sal wees en dus die funksionering en samestelling van die permanente personeel in die Afdeling sal beïnvloed.

- 'n Interessante en positiewe ontwikkeling wat sedertdien plaasgevind het, is dat toesighouding oor projekte wat deur permanente personeellede in die Afdeling behartig word, versprei is na ander persone as die direkte bestuur oor die Afdeling. Dit het onder andere die voordeel van beter benutting van kundighede buite die Afdeling en van nouer betrokkenheid van lynpersoneel by navorsings- en ontwikkelingswerk. Dit stel egter ook besondere eise aan die personeellede in die Afdeling asook aan die bestuur daarvan.

- Dit val verder op dat meerdere personeellede in lynfunksies binne die Biblioteekdiens, onder andere deur die gesamentlike projek met die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, betrokke geraak het by navorsings- en ontwikkelingswerk. Vanuit die hoek van navorsings- en ontwikkelingswerk gesien, is die desentralisering daarvan ook positief, hoewel dit natuurlik risiko's inhou in terme van die besondere las wat geplaas word op personeellede wat op hierdie wyse betrek word.

- Die behoefte aan langtermyn- strategiese beplanning vir navorsings- en ontwikkelingswerk val ook op. Die vraag wat beantwoord moet word, is op welke terreine navorsings- en ontwikkelingswerk 'n essensiële bydrae moet lewer tot effektiewe inligtingvoorsiening en -benutting, veral met betrekking tot navorsing en onderwys aan die Universiteit.

Die voorafgaande wil aandui dat daar besondere eise gestel word aan navorsings- en ontwikkelingsbestuur wat krities ingeskakel is by die huidige maar veral toekomstige behoeftes aan inligtingsbestuur aan die Universiteit en die bepaling van die rol van 'n biblioteek/inligtingsdiens daarbinne. Teen die voorafgaande agtergrond, is dit voorlopig met die Direkteur uitgeklaar dat ek my in hoofsaak sal besig hou met die volgende:

- Oorhoofse bestuur van navorsings- en ontwikkelingswerk ten behoewe van die Biblioteekdiens. Dit sluit in die nodige langtermynbeplanning, doeltreffende organisering, begroting en bevordering van navorsings- en ontwikkelingswerk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- Oorhoofse bestuur van die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling, insluitende beplanning, organisering, beheer en begroting met betrekking tot die werksaamhede van die Afdeling.

- Die onderneem van eie navorsing binne die totaalplan vir navorsings- en ontwikkelingswerk binne die Biblioteekdiens.

- Ondersteuning aan die Direkteur met betrekking tot sy bepaalde taak as bestuurder van wetenskaplike en tegniese inligting aan die Universiteit.

- Die bevordering van navorsing in die algemeen deur publikasie en konsultasie, onder andere deur die hantering van die redakteurskap van die SA Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde.

- Betrokkenheid by die Topbestuur van die Biblioteekdiens, veral in belang van navorsings- en ontwikkelingswerk en die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling.

Ek vertrou die voorafgaande gee 'n kykie in my "werk" of dit wat veronderstel is om my werk te wees. Tyd sal natuurlik - soos altyd - die laaste sê hê oor sake.

H. DE BRUIN

*document gives neither facts nor a useful explanation of whether implementation means actual accomplishment*




"I LIKE IT. I DON'T UNDERSTAND IT,

BUT I LIKE IT!"

## REDAKSIONEEL

Ons is deur ons eerste vuurdoop! Om Biblikasie saam te stel, is 'n hele proses. Ons hoop om in ons volgende uitgawe met foto's te illustreer wat agter die skerms gebeur. Ons wil baie dankie sê aan Ceu Agostinho, Erna Meyer en Hannetjie van der Westhuizen, 1985 se redaksie, vir hulle hulp en bystand. En dan sommer reg aan die begin van die jaar, ook aan die ander helpers agter die skerms. Dit is die tiksters, Joggie Brits, Annemarie Pienaar, Alida Murray en Marie Fourie. As 'n mens besef dat na die eerste tikproses, daar 'n tweede een volg waarin die tweede sarsie veranderinge aangebring word, kry 'n mens 'n idee van hoeveel tyd die tik van Biblikasie in beslag neem. Dan is daar ook Annetjie Myburgh, vir wie ons kort-kort lastig val vir voorrade en fotokopieëring, Alida von Backström, vir die tydige en ontydige gunsies, Marie de Wet wat, sonder om kwaad te word, ons help en raad gee as ons haar lessenaar en fotokopieermasjien oorneem. Ook aan Samuel Lehabe wat Biblikasie so tussen sy daaglikse take moet inpas en kopieer, sê ons dankie.

In die berig: Na-uurse diens: Hoe raak dit jou? plaas ons die soeklig op die besluit wat geneem is om bykomende personeel aan te stel om hierdie diens te verrig. Die plasing van so 'n berig is 'n sensitiewe saak. Ons het besluit dat Biblikasie wel vrae sal vra en kritiese bydraes sal plaas met die oog daarop om kommunikasie te verbeter, wedersydse vertroue te skep en die algemene gees en samewerking van die personeel te bevorder. Die onus rus op die persoon wat die bydrae maak om seker te maak dat sy kritiek 'n positiewe bydrae sal lewer in die uitbouing van bogenoemde oogmerke. Lojaliteit teenoor die Biblioteekdiens beteken nie die blindelingse aanvaarding van en konformering met besluite en doelwitte nie. So 'n houding verander die werknemers in blote robotte. Die redaksie behou egter die reg voor om bydraes terug te hou indien dit nie aan bogenoemde oogmerke beantwoord nie.

Dit was 'n plesier om hierdie maand se bedraes deur te lees. Dat daar soveel leesgenot te voorskyn kan kom uit ons midde, is verstommend, maar terselfdertyd wek dit 'n gevoel van pure trots!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ERRATA

1. Ons het in ons Januarie-uitgawe nagelaat om aan te toon dat die verteenwoordiger van die Kultuurhistoriese Instituut se biblioteek Jo Breed is. Ons vra om verskoning vir hierdie glips.

2. In dieselfde uitgawe is foutiewelik berig dat die verteenwoordiger van Vlak 1 Neels de Bruin is. Korreksie! Dit is Neels du Plessis.

3. Ons wil graag daarop wys dat Jeanette Marais (Vlak 5) in die plek van Magda Celliers op die redaksie aangestel is. Ons heet haar baie welkom. Aan Magda Celliers sê ons baie dankie vir die lekker saamwerk in Januarie.

## BOTSING IN DIE BIBLIOTEEK

## DEEL 1

Boeke en tydskrifte is van die meer algemene voorwerpe waarmee die bibliotekaris daagliks te doen kry. Dit is byna so populêr as die fotokopieermasjien. Hoewel die gesamentlike benutting van hierdie afsonderlike entiteite tans as onontbeerlik geag word vir die effektiewe beskikbaarstelling van inligting deur die akademiese biblioteek, verteenwoordig dit strydende belange. Daar is ʼn konfrontasie tussen outeur en gebruiker.

Die outeur van die boek of die tydskrifartikel (en ook ʼn skildery, plaatopname, film en rekenaarprogram, maar diesulkes is nie betrek in die onderhawige bespreking nie) het net soveel reg op beskerming teen ongemagtigde inbreuk op sy geestesskepping as wat die eienaar van ʼn fisiese voorwerp - daardie glinsterblink 323 geparkeer in P110 - het teen enige beskadiging of diefstal daarvan.

Daarenteen impliseer die opvoedkundige opset dat die navorser en die student blootgestel sal word aan die kennis en inligting wat deur menslike ervaring verwerf is. In die oorgrote meerderheid van gevalle is die verlangde gegewens beskikbaar in gepubliseerde vorm. Van die navorser en die student word verwag om voort te bou, maar dit kan slegs doeltreffend geskied as daar gebou word op en ook deur gebruikmaking van dit wat reeds bestaan. Op die minste het die navorser en die student ʼn morele aanspraak, u kan dit ʼn "reg" noem as u wil, om gebruik te mag maak van die resultaat van ander se arbeid.

Dit is dan juis voor die fotokopieermasjien waar die outeursreg en die gebruiker se behoefte na inligting die situasie vir ʼn botsing skep.

### WILLIAMS & WILKINS V UNITED STATES

Die feit dat gepubliseerde bronne sowel as kopieerapparatuur oral aangetref word, het dit tot gevolg dat die vraagstukke rondom outeursreg wêreldwyd aandag geniet. Daarom het dit nut om kennis te neem van die wyse waarop ander regstelsels hierdie aangeleentheid benader het, en om daaruit riglyne vir die regverdige oorweging van die verskillende belange te skep. Die mees ter sake aanknopingspunt is die hofsaak Willaims & Wilkins v United States, wat in 1973 beslis is. Die regsposisie van die biblioteek ten opsigte van die verskaffing van inligting uit outeursregwerke was in hierdie saak aan regterlike uitleg onderwerp.

### DIE VERENIGDE STATE

In artikel een van die outeursregwet wat van krag was toe die saak aanhangig gemaak is, word bepaal dat die outeursreghebbende die uitsluitlike reg het om die geskrif te druk, herdruk, verkoop of te kopieer. Laasgenoemde term is egter nie duidelik in daardie wet van 1909 omskryf nie, sodat hulp van buite die wet verkry moes word om ʼn basis vir goeie beslissings neer te lê. Die howe het die leerstuk van billike gebruik ontwikkel en in Willimas & Wilkins is gestel dat die volgende faktore in ag geneem moet word om vas te stel of die leerstuk toegepas kan word: die doel en aard van die gebruik, die aard van die outeursregwerk, die omvang van materiaal benut in verhouding met die geheel en die uitwerking wat die gebruik sal hê op die potensiële verkope van die oorspronklike werk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WILLIAMS & WILKINS

In die onderhawige saak beweer die uitgeversfirma Williams & Wilkins dat die National Library of Medicine (en die National Institutes of Health) inbreuk op die firma se outeursreg gemaak het, deurdat die biblioteek gedurende 1970 120 000 kopieë van tydskrifartikels gemaak en aan aanvraers beskikbaar gestel het. Hierdie beraamde getal van 1 200 000 bladsye geproduseer, dui eerder op ŉ eie herdruk-bedryf as wat dit te rym is met die beginsel van billike gebruik.

(Volgende maand word die verskillende hofsake, wat uit hierdie feitestel gevloei het, bespreek).

PIET DE KOCK

---

## HOE GOED KEN JY DIE VAKVERSAMELING OP VLAK 6 ?

Voortgesette opleiding in die Vakbibliotekarisstelsel behels die voortdurende uitbouing van jou kennis van die vakversamelings. Ervare persone wat reeds ŉ geruime tyd werksaam is by ŉ spesifieke vakversameling, erken dat jy nooit ophou om nuwe ontdekkings te maak binne jou versameling nie.

Op Vlak 6 is daar besluit om ons voortgesette opleiding soos volg aan te bied:

ŉ Informele werksessie van een uur - twee maal per maand. Die lot het op Vrydagoggende 8h00 -9h00 geval.

P R O G R A M

| | | |
|---|---|---|
| FEBRUARIE | 14 | MEV A BOTES<br>Chemical Abstracts |
| MAART | 7 | MEJ A BOSMAN<br>Tydskrifindekse - kuns, Argitektuur ens. |
| | 14 | MEV A VAN DER MERWE<br>Biological Abstracts, Geo Abstracts, Mathematical Reviews. |
| | 21 | MEV E VAN DER MERWE<br>Contemporary Authors ens. |
| APRIL | 18 | MNR P DE KOCK<br>Patente en SABS-spesifikasies |
| | 25 | MEV M KOTZE<br>Video |
| MEI | 16 | MEJ R BADENHORST<br>Naslaanwerke vir Afrikaanse Letterkunde en sake rondom klassifikasie van Engelse en Amerikaanse Letterkunde |

Ons probeer om telkens ŉ paar vrae vir opvolging in eie tyd te gee.

Personeellede uit ander afdelings is baie welkom om by ons aan te sluit.

MARGIE KOTZE

---

## WAT KOS 'N LIGAFDRUK ?

VERGADERING VAN SEKSIE INTERBIBLIOTEEKLENINGS 30 JANUARIE 1986

Die volgende besluite is geneem:

1. UP-gebruikers sal vanaf Februarie 1986 ses sent per beligting betaal vir fotostatiese afdrukke verkry op IBL. Dit is in ooreenstemming met die tariefverhoging van die Seksie Reprografiese Dienste.

2. Landbou- en Musiekbiblioteek kan via Merensky-biblioteek hul IBL-boeke per bodediens versend. Dit behoort ŉ groot besparing in arbeid en tyd vir hulle mee te bring.

3. Christie de Klerk word as onderhoof van die Seksie Interbiblioteeklenings aangewys. Sy tree op as hoof in die afwesigheid van die seksiehoof.

4. Musiekbiblioteek doen vanaf Februarie 1986 hul eie interbiblioteeklenings. Ons wens hulle geluk en sterkte toe!

DENISE WHEELER



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## WAT IS SABINET? - DEEL 2

In die lig van prioriteite vir ontwikkeling, word voorsien dat SABINET 'n steeds toenemend belangrike rol binne die Biblioteek- en Inligtingswese gaan speel.

Sommige van dié ontwikkelingsprioriteite vir die periode 1986-1987 sluit onder meer in:

- Die beskikbaarstelling van 'n elektroniese posdiens aan SABINET-gebruikers
- Die beskikbaarstelling van 'n aanskaffunksie
- 'n Fase-ontwikkeling van 'n bibliografiese sisteem wat volledig op SAMARC gebaseer is.

Tans bestaan die databasis reeds uit meer as driemiljoen rekords. Bibliografiese en gesagsrekords word verkry van:

- Library of Congress se MARC-bande (LC-MARC)
- British Library se MARC-bande (UK-MARC)
- Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (SANB)
- Gesamentlike katalogus vir Monografieë (GK)
- Tydskrifte in Suider-Afrikaanse Biblioteke (TISAB)
- Oorspronklike katalogisering van Washington Library Network en SABINET-lede.

SABINET word binne die Merensky-biblioteek vir verskillende funksies gebruik:

- Bibliografiese inligting word vir die plaas van bestellings van nuwe aanbevelings, asook vir die katalogisering en ontsluiting van nuwe publikasies, herwin.
- IBL stel deur middel van SABINET vas of 'n spesifieke publikasie in 'n biblioteek in Suid-Afrika se besit is.
- Vakbibliotekarisse gebruik SABINET vir die herwinning van inligting oor spesifieke onderwerpe, asook vir die saamstel van bibliografieë.

Na gelang SABINET ontwikkel en nuwe funksies beskikbaar gestel word, sal die gebruiks- en toepassingsmoontlikhede van die stelsel ook binne die Merensky-biblioteek uitbrei.

MARIANA NIEUWOUDT

## TERLOOPS...

### R190 000 - 'N GROOT BEDRAG ?

Die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde se navorsingsprojek waarmee hulle tans besig is, strek vanaf April 1984 tot April 1987 met 'n begroting van R190 000. Daar word navorsing gedoen oor agt verskillende temas. Ons sal die lesers mettertyd meer hiervan vertel. 'n Nuwe komitee, wat bekend sal staan as die Navorsingskakelkomitee (NSK), is gestig om met die beplanning van hierdie voorgesette navorsing behulpsaam te wees en die samewerking tussen die Biblioteekdiens en die Departement te koördineer.

### WAT IS DIE BELANGRIKSTE TAAK WAT JY VERRIG ?

Die finale uiteensetting van die totale personeelstruktuur van die Universiteit van Pretoria is besig om momentum te kry. Prof. Pottas wat met hierdie ondersoek gemoeid is, moet krities elke bestaande pos evalueer. In die toekoms sal daar ook met die personeel van die Biblioteekdiens onderhoude gevoer word en die vraag waarmee jy as personeellid gekonfronteer sal word, is ondermeer: Wat is die belangrikste ding wat in jou pos gebeur?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## LANGER BIBLIOTEEKURE

Die Studenteraad en Studentedekaan het prof. Gerryts genader met die versoek om die biblioteekure te verleng. Die finale implikasies in verband met hierdie besluit word nog ernstig oorweeg. Die uitgangspunt sal wees om addisionele aandpersoneel, en dan spesifiek mans, te werf om in hierdie behoefte te voorsien.

## VERSOEK VAN DIE REDAKSIE

Die redaksie wil graag vra dat alle bydraes na die spesifieke verteenwoordiger van die afdeling gestuur sal word wat dit dan op sy of haar beurt aan die onderskeie subredaktrises sal stuur.

## NA-UURSE DIENS : HOE RAAK DIT JOU ?

Teen hierdie tyd is ons almal bewus daarvan dat persone van buite aangestel is om die na-uurse dienslading te verlig. Maar hoe raak dit die personeel van Merensky-biblioteek?

Omdat daar so baie onduidelikheid oor hierdie saak bestaan, het Biblikasie besluit om ondersoek in te stel met die oog daarop of, sal ons sê, met die hoop daarop om die onsekerheid wat rondom hierdie besluit heers, te verminder. Onsekerheid by enige werknemer lei tot wrywing en spanning. Om hierdie probleem op te los, het ons op twee stappe besluit. Eerstens het ons 'n onderhoud met mej Pienaar (Assistent-direkteur) gevoer in verband met hierdie besluit; tweedens het ons 'n meningsopname gemaak om vas te stel hoe die personeellede voel oor hierdie besluit.

1. ONDERHOUD GEVOER MET MEJ. PIENAAR

VRAAG

Dit is aan die personeel bekend gemaak dat daar na-uurse personeel van buite aangestel gaan word om die na-uurse dienslading te verminder. Dit kom daarop neer dat die voltydse personeel se aantal kredieture tot hul beskikking sal verminder. Hoekom het Topbestuur op hierdie stap besluit?

ANTWOORD

Enige personeellid kan sy krediettyd afneem wanneer dit hom pas. Nou neem hulle dit nie rondom hul aanddiensbeurt nie, maar hou dit vir 'n latere geleentheid. Dit beteken jy het 'n moeë werker - 'n moeë mens is selde so produktief soos een wat 'n goeie nagrus gehad het. Daarby kla die mense dat hulle nie in die aande wil werk nie. In sekere afdelings soos Tydskrifte, Reprografiese Dienste, ensovoorts, beteken tyd wat afgeneem word dat daar 'n gaping in die kontinuïteit van die afdeling se werksaamheid ontstaan, met die gevolg dat die afdeling daaronder ly. Die gemiddelde tyd wat verloor word in 'n afdeling, is tot vyftig persent.

VRAAG

Die personeel, veral diegene wat direkte kontak met gebruikers het, is nie ten alle tye gedurende die dag beskikbaar nie, juis vanweë die feit dat hulle tyd tot hul krediet het wat hulle mag afneem. Speel dit 'n rol in u besluit?

ANTWOORD

Ja. Wat ook gebeur, is dat sekere persone baie krediettyd opbou omdat hulle te konsensieus is om tyd af te neem.

VRAAG

Maar aan die anderkant, sou u sê dat personeel te veel vryheid verkry in die opbou van krediettyd - wat daartoe lei dat hulle 'n te groot keuse het van wanneer hulle aan diens kom en wanneer hulle afgaan?

ANTWOORD

Ja.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VRAAG

Dink u die personeel het nie genoegsame verantwoordelikheid in die benutting van hul krediettyd nie?

ANTWOORD

Hulle het te veel verantwoordelikheid. Die vakbibliotekarisse wil nie afneem nie, want hulle is so daarop ingestel om hul gebruikers tevrede te stel dat hierdie besluit eerder 'n beskermingsmaatreël van die kant van Topbestuur is.

VRAAG

Wat is die behoefte van die Biblioteekdiens en dan ook dié van die gebruiker in verband met na-uurse dienslewering?

ANTWOORD

Ons wil graag hierdie jaar op twee vlakke na hierdie dienslewering kyk. Eerstens wil ons graag vasstel wat wanneer gedoen word by die dienspunte in die aande. Tot hoe laat word die dienspunt werklik gebruik? Tot hoe laat is daar nog navrae? Tot hoe laat word Africana gebruik? En so meer. Tweedens stel ons professionele personeel aan om hierdie na-uurse dienspunte te beman, veral aangesien buitemuurse studente nou bykom.

VRAAG

Dink u die behoefte van die personeel en dié van die Biblioteekdiens kan in hierdie opsig ooreenkom?

ANTWOORD

Ons voel sterk daaroor dat die personeel altyd krediettyd tot hul beskikking sal hê. Dit is makliker as mense tyd het om af te neem eerder as om tyd af te vra.

VRAAG

Wat van die buitemuurse studente wat in die aande van die Biblioteek gebruik sal maak? Sal dit nie 'n toename in navrae beteken nie?

ANTWOORD

Ja.

VRAAG

Wat van die goeie verhouding wat die vakbibliotekaris met die gebruiker wil opbou? Sal die buitemuurse student sy vakbibliotekaris leer ken?

ANTWOORD

Let wel - die persone wat aangestel word, is professioneel. Daar word drie persone aangestel waarvan een drie aande per week sal werk en die ander twee, twee aande per week. Dinsdagaande word uitgehou vir ons eie mense. 'n Pos word uit Boekontvangste afgestaan vir een jaar van proefneming en hierdie pos word verdeel tussen hierdie drie persone.

VRAAG

Wat gaan die gehalte van die diens wees? Word dit nie beïnvloed deur die feit dat die aandpersoneel, oor die algemeen, uit voeling sal wees met wat by sekere dienspunte gebeur gedurende die dag nie?

ANTWOORD

Ons aanvaar dat daar aanvanklik probleme sal wees, maar hoop om mettertyd die kontak tussen die vakbibliotekaris en die aanddienspersoneel deur middel van skakeling op te bou.

VRAAG

Die personeel wat bykomende kredieture moet kry as gevolg van studies, verminder die res van die personeel se krediettyd. Dit kan selfs gebeur dat daar meer as een persoon op 'n paneel is wat studeer of dat 'n persoon vir meer as een vak ingeskryf is - alles faktore wat bydrae dat die krediettyd vir die res van die paneel verminder. Dink u dit is 'n regverdige verdeling?

ANTWOORD

Persoonlik dink ek dat mense nog te veel tyd het. Ons het uitgewerk dat krediettyd per persoon 37 ure beloop oor 'n tydperk van drie maande. Dit wil sê - twaalf ure per maand - dit is nog steeds ses middae per maand - dit is baie. Wat betref mense wat verder wil studeer - enige aansoeke om klasbywoning wat betyds ingelewer word, sal deur die Na-uurse Komitee oorweeg word. Elke geval sal volgens meriete beoordeel word.

VRAAG

Dink u krediettyd vir personeel lei tot groter werksbevrediging?

ANTWOORD

Die feit dat mense tyd tot hul beskikking het om af te neem, het 'n positiewe uitwerking en ons wil ten minste een namiddag per maand tot hul beskikking stel. Vir 'n afdelingshoof om regverdig ja of nee te sê wanneer 'n persoon tyd wil afhê, is moeilik en veroorsaak spanning.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

2. MENINGSOPNAME

1. Daar is nie duidelik genoeg riglyne gegee nie. Die verskillende afdelings se reëlings stem nie ooreen nie. Toegewings word in sommige gevalle gemaak, met die gevolg dat die besluit nie konsekwent toegepas word nie.

2. Personeel is nie vooraf geraadpleeg in verband met veranderinge nie. Persoon het werk aanvaar op grond van die krediettyd wat afgeneem kan word. Meeste getroude dames het verpligtinge teenoor hul huis en kinders en neem op 'n verantwoordelike manier af.

3. Ek is tevrede om een beurt per maand te werk. Ek het nie soveel tyd nodig nie. My werksituasie eis dat ek hier moet wees. Ek wil wel 'n bietjie kredlettyd hê.

4. Om nie kredlettyd te hê nie, beteken jy moet gedurig afvra. Nou hoef ek nie redes te gee om gewig aan my versoek te verleen nie.

5. Ek is tevrede met die besluit. Ek het nie ekstra tyd gevra vir my studies nie. Ek kan my klastyd inpas in die kredlettyd wat ek kry.

6. Dit is nie net 'n kwessie van afneem nie - jy werk dit in - dus het ek geen skuldgevoel nie.

7. Ek is tevrede. Ek haat aanddiensbeurte. Buitendien kry ek nie tyd om bedags af te neem nie, anders moet ek die volgende dag twee maal so hard werk.

8. Die persone op die vakbibliotekarisstelsel moet by tye wegkom van die vloere omdat hulle die buffers is tussen die res van die personeel en die gebruiker. Hulle moet gedurig verskoning maak vir foute wat dwarsdeur die Biblioteek gemaak word en die omgekrapte gebruiker kalmeer.

9. Lang ure put 'n mens uit en produktiwiteit ly daaronder.

10. 'n Mens het die tyd nodig, maar die werklas is ligter as aanddiensbeurte gedeel word.

11. In sommige afdelings is dit moeilik om tyd af te neem. Die werk hoop net op.

12. Persone wat 'n halfdagpos beklee wil ook nou en dan 'n diensbeurt hê. Hulle benodig ook tyd vir noodgevalle. Kan hulle nie op 'n reserwe paneel kom nie? Indien iemand siek is, kan hulle instaan.

13. Aanddiensbeurte is nodig vir diegene wat nie altyd met die publiek werk nie. Praktiese ondervinding help om teorie en praktyk te versoen.

14. Waarom kan persone wat nie in die aande wil werk nie, nie van die panele afgeneem word nie?

15. As 'n mens veertien ure werk (wat baie doen), kan jy nie die volgende dag vriendelik en produktief wees nie. Die beeld van Merensky lei skade.

16. Sal die tydelike aanddienspersoneel in staat wees om onder druk navrae effektief te beantwoord? Sal hulle na-graadse studente wat gespesialiseerde inligting verlang kan help?

17. Indien navrae vanaf die aanddienspersoneel oorgedra word op die voltydse personeel plaas dit 'n ekstra las op die persoon. Sal sy dit binne haar gewone werkslading kan inpas?

18. Alle personeel moet oor dieselfde kam geskeer word. Almal moet gelyke diensbeurte hê: dit wil sê: dieselfde aantal kredieture per maand.

19. Die projek is aangepak sonder dat daar deeglik beplan is. In die toepassing daarvan het baie probleme te voorskyn gekom soos byvoorbeeld personeellede wat ekstra kredlettyd moet ontvang vir studies, bo en behalwe hulle gewone beurte, verminder die res van die personeel se kredlettyd.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

20. Ek is tevrede met die krediettyd wat ek kry.

21. Wat doen die nuwe aanddienspersoneel andersinds as hulle nie met navrae besig is nie?

TEN SLOTTE:

Dit blyk dat die oorskakeling nie sonder probleme sal wees nie. ŉ Mens moet onthou dat hierdie ŉ proefneming is wat geskaaf en aangepas moet word. Dit wil voorkom asof meeste personeellede ŉ vrees het dat hulle op die ou end geen krediettyd meer tot hulle beskikking sal hê nie, terwyl ŉ klein persentasie verkies om minder aanddiens te verrig en sommiges self glad nie. Ons hoop dat Topbestuur hierdie behoeftes van die personeel in gedagte sal hou. Minder krediettyd beteken beter beheer binne die werksituasie en hoër produktiwiteit, tog is ŉ tevrede en gelukkige werker, op die langer duur, enige werkgewer se beste bate.




**Multipeoplea Upsidownia, from a Nonsense botany, 1870**

## EN SO VERTEL ...

Afskeid is nooit aangenaam nie, en wanneer ŉ mens na ses jaar van jou werkplek en jou kollegas moet afskeid neem, ruk dit jou tot stilstand en dan loop jou gedagtes op ver paaie terug. So ver terug soos jou heel eerste kennismaking met Merensky ....

My toetrede tot Merensky se personeel het eintlik baie "toevallig" gebeur. Ek het vir ŉ paar dae hierheen gekom saam met iemand wat kom navorsing doen het en gedink dat dit miskien nie so ŉ slegte idee sou wees om so ŉ jaar of twee later vir ŉ pos te probeer aansoek doen nie. Ek het aan mnr Duminy se deur gaan klop om hom hierdie feite mee te deel. Hy sê toe vir my dat hy die volgende dag poste adverteer en vra of ek oor ŉ paar uur kan terugkom vir ŉ onderhoud!

Ek was skaars drie-en-twintig en met die voortvarendheid van die jeug het ek tydens die onderhoud aangekondig dat ek slegs in ŉ vakbibliotekarispos belang stel, en as ek enigiets anders moet doen, net nie vir langer as drie maande nie! Op prof Gerryts se vraag oor wat ek nou eintlik dink ŉ vakbibliotekaris se take behels, was ek lelik in die knyp, want komende van die Vrystaat, het ek nie die vaagste idee gehad wat van so ŉ persoon verwag word nie. Ek het nietemin vinnig met ŉ paar idees vorendag gekom! As ek nou terugdink, weet ek dat die lede van Topbestuur wat by my onderhoud betrokke was, beslis ŉ vonkel in die oë moes hê oor wat ek alles kwyt geraak het.

Toe mnr Duminy my ŉ week later skakel en vra om die volgende maand aan te meld, moes ek vinnig dink, want ek het nie ŉ siel in Pretoria geken nie. Ek het nietemin my goedjies gepak en die vreemde ingevaar. Ek het bus gery tussen my woonstel en die Universiteit omdat ek bang was ek verdwaal, en in die maande daarna het ek steeds alle dele van die stad vanaf die Universiteit benader!

As dit nie vir Piet, Annatjie, Peet van der Merwe en Amanda van der Hoven op die destydse derde vloer was nie, sou ek beslis gou die handdoek ingegooi het. Deur die jare het ek soveel goeie vriende



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

gemaak, saam met so baie mense hard gewerk en hard gespeel. Ja, eintlik is daar nogal baie werk in Merensky wat ook ŉ goeie skootjie speel insluit. Hier dink ek aan al die "spoeg en plak" en kekkel die twee jaar wat ek op die Biblikasie-redaksie was, eers as sub-redaktrise saam met Magriet en daarna as redaktrise saam met Sonja en Zani as steunpilare. Ek dink aan talle sosiale funksies wat gereël moes word, uitstallings wat gehou moes word, groot geleenthede waar hulp nodig was met die reëlings. Ek onthou die lief en leed rondom SAIBI-konferensies, bussies en slaapplek reël, en nog vele ander dinge.

Verleentheid was daar ook - soos die dag toe prof Gerryts die helfte van die derde vloer se mense in die poskamer rondom ŉ sak opsigklere aangetref het en hy opsluit wou hê dat ons moes aanpas, want hy het dan nou sŏ ŉ goeie oog vir ŉ mooi uitrusting ... Daar was ook die dag toe ek gedink het ek trek ŉ gruwelike gesig vir Alida Dippenaar op die trap. Rooi was my gesig toe ek slegs vir prof Boon in my gesigsveld vind!

Benoude oomblikke herinner ek my, soos die dag toe ek tienuur die oggend ontdek dat die groot pak duur Kuns- en Argitektuurboeke wat ek die vorige dag op sig gekry het en vanweë ŉ gebruiklike oorvol lessenaar op my asblik "gebêre" het, verdwyn het. Ek het nie gedink dat ek so vinnig deur ŉ klomp vuillissakke sou kon spartel nie, maar my boeke het ek teruggevind!

Dink ŉ mens terug aan die personeellede met wie jy saamgewerk het, moet jy ook die gebruikers onthou. Hulle wat jou jonk gehou het en jou jou humorsin laat behou het. Ek dink terug aan dosente teen wie almal jou gewaarsku het en met wie jy versigtig-versigtig kragte meet tot jy op ŉ dag besef: ons in nou vriende, nou kan ons saamwerk. Ek dink aan nagraadse studente wat met ŉ vaagweg geformuleerde tema om hulp aanklop en twee jaar later triomfantlik met die gebinde rooi of groen pragstuk aangestap kom! Ek onthou eienaardige, maar dierbare kunsstudente wat om my lessenaar lê en hulle take doen, finale jaar argitektuurstudente met rooi oë tydens hulle skripsie-tyd wat eintlik net ŉ vriendelike woordjie nodig het. Ek onthou eerstejaars met onsekere gesiggies wat grootword en later soos ou vriende voel. Ek onthou die warm gevoel teenoor ŉ onbekende tweedejaar wat sy dankbaarheid teenoor my "vir my onbekende diens aan hom gelewer", bewys het deur vir prof Gerryts ŉ brief te skryf om hom te vra om vir my goed te wees!

Studente en dosente het ook deur die jare op tasbare manier hulle dankbaarheid te kenne gegee met blomme, sjokolade, briefies en dies meer. Dit het mens altyd klein laat voel en laat wonder oor jou eie bekwaamheid, of dit nie maar eerder ŉ kwessie van ŉ geduldige oor of ŉ glimlaggie was wat mense die nodigste het nie .....

Ek het in Merensky aangekom toe rekenarisering en DOBIS nog iets was wat op die navorsers se tafels gespook het. Met groot verwagting is daar na DOBIS en al sy wondere uitgesien; ek het die ellende van die groot trek beleef om plek te maak vir die nuwe boeke en die gebruikers gewoond te maak aan ou boeke uit die ou katalogus op een rak, en dieselfde nuwe boeke uit ŉ nuwe katalogus op ŉ ander rak! In hierdie tyd het ons ook met DIALOG kennis gemaak, iets waarvoor ons aanvanklik so lugtig was en wat so ŉ groot vriend geword het.

Die afgelope twee jaar het die oriëntering en indiensopleiding van nuwe personeel my groot vreugde verskaf. Vanaf die eerste oggend wat die nuwe mense deftig geklee vir die eerste dag vir my sit en wag, tot die einde van die week is daardie groepie soos ŉ gesin wat stadig tuisraak in ŉ nuwe woonbuurt.

Daar is so baie herinneringe, daar is so baie lief en leed gedeel met die mense van UP: van eerstejaarstake tot lenteliefde, van Dialog-soektogte tot kombuis- en ooievaarstees, van deftige amptelike onthale tot personeelfunksies, die vloerspangees bou tydens ŉ middagete by ŉ restaurant, van professioneel getooi voor ŉ klas staan vir gebruikersoriëntering tot kaalvoet in ŉ ou broek boeke skuif.....

Dus, al is die feit dat ek nou Kaap toe gaan vir my ŉ droom wat waar geword het, gaan ek Merensky en sy mense en UP en sy studente en dosente mis en nie maklik vergeet nie. Aan almal wat oor jare gehelp bou het aan my geluk hier, sê ek baie dankie. Ek rig ŉ ope uitnodiging aan julle om vir my te kom kuier.

MATILDA PIETERSE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SAUNA IN DIE MERENSKY ?

My kennis oor die invloed van die werksomgewing op die produktiwiteit van die werkers, word deur Clarisse Venter van Medies goed op peil gehou met artikels wat sy by geleentheid vir my deurstuur. Op 18 Februarie - sekerlik die warmste en bedompigste dag tot dusver in Merensky - kom die volgende berig uit die Pretoria News van 13 Februarie 1986 by my aan:

> Are you suffering from the dreaded TBS?
>
> If you start the week feeling fine, but by Friday you're down in the dumps and can hardly seem to drag yourself out for lunch, the problem could be an extraordinary new illness called TBS (Tight Building Syndrome).
>
> Now all the rage in America the symptoms of TBS are reported as excessive fatigue, eyestrain, irritability, respiratory problems and headaches.
>
> Women workers are more vulnerable to TBS than men because they spend more time at their desks or in front of computer terminals. The latter emit static electricity and are usually not near windows that open.
>
> A study carried out in New York of 600 employees has shown that indoor air pollution is a major factor in depressing workers and keeping them off the job.
>
> The Americans have not thought of the obvious solution - a walk at lunch time.
>
> Does it sound just like the place you work? If you think you and your colleagues are suffering from TBS, why not tell your boss. But if you are the boss, the solution to all that irritability could be in your own hands. - London Express News Service.

ESTRELLITA WEYERS


## MERENSKY HAAL DIE GUINESS BOOK OF RECORDS

Die langste wat enige persoon nog in 'n sauna kon deurbring, is gemeet in die Merensky-biblioteek, UP, RSA. Die persoon wie se naam om mediese redes nie genoem mag word nie, het vanaf 7h30 tot 22h00 daar deurgebring op die agttiende dag van Februarie 1986.

## KOMENDE VAN 'N AANTAL "WARM" MERENSKY-MENSE ...

Kan daar nie asseblief daadwerklik probeer word om die Merensky-biblioteek se lugversorgingstelsel te verbeter nie? Veral op die vierde, vyfde en sesde vlakke is dit feitlik daagliks onuithoudbaar warm en bedompig.

Die omstandighede waaronder mens werk, speel 'n belangrike rol in die vorming van die werknemer se gesindheid en het 'n uiters belangrike invloed op die vlak van sy produktiwiteit. Wanneer 'n mens voortdurend warm en sweterig is, asook lomerig vanweë 'n gebrek aan vars lug, kan geen persoon effektief funksioneer en produktief wees nie.




"Very good, gentlemen. We have a consensus."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## IN EN OM MERENSKY....

DAGBOEK

28 FEBRUARIE

8h00 - 16h00
Kursus aangebied deur Fakulteit Opvoedkunde vir vakbibliotekarisse.
Onderwerp: Navorsingsmetodologie en die rol van die biblioteek by navorsing en nagraadse studie.

1 MAART

NB: VLEISBRAAIGESELLIGHEID van die Biblioteekdiens

4 MAART: UP PERSONEELVERENIGING
12h30 Van der Bijlsaal
Algemene Jaarvergadering

20 MAART: 13h10 Van der Bijlsaal
INLIGTINGSVERGADERING
Prof P Oosthuizen sal vrae rakende personeelsaangeleenthede uit die gehoor beantwoord.
Besprekingspunte gevra !

MUSIEK

5 MAART

19h30 Musaion
John Hinch (Fluit)
Jenny Hinch (Klavier)

6 MAART

13h10 Etensuurkonsert Musaion
Abri Jordaan en Yvon Syx
(Duokitaar)

13 MAART

13h10 Etensuurkonsert Musaion
Fearika en Laurinda
(Luisterliedjies)

19 MAART 19h30 Musaion
Suid-Afrikaanse wenners van die Internasionale Klavier- en Sangkompetisies, Pretoria 1986 (Sien Bokkie Malan se berig elders in hierdie uitgawe).

20 MAART Etensuurkonsert 13h10 Musaion
Olive Coetzee (Pianiste)


Gereelde gratis openbare voordragklasse deur musiekstudente begin op Vrydag 14 Februarie om 17h00. Hierdie konserte duur 60 minute.

21 MAART: 20h15
St Andrews Presbiteriaanse Kerk
(Schoemanstraat)
Lukas-passie (1728)

DRAMA

12 Maart - 25 Maart Liewe Heksie
(Kinderteater)
Bedags: Die Masker

12 Maart - 22 Maart Bedrieërs
The Private Ear
Atlantis! Atlantis!
20h00: Die Lier




## INTERNASIONALE SANG- EN KLAVIERKOMPETISIE 1986

Musiekliefhebbers in Suid-Afrika kon vanaf 3 tot 23 Januarie weer deel hê aan die tweede Internasionale Sangkompetisie en die derde Internasionale Klavierkompetisie. Dit is weer eens aangebied deur UNISA onder die bekwame leiding van prof Hennie Joubert.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die beoordelaars was almal bekende en befaamde kunstenaars uit verskeie wêrelddele en die honderd en tien deelnemers het van lande reg oor die wêreld gekom.

Die Sangkompetisie het bestaan uit drie rondtes. Van die vyftig deelnemers in die eerste rondte het sewentien deurgedring na die tweede rondte. Elke deelnemer moes arias sing uit operas en oratoriums, asook 'n lied in hulle eie moedertaal. Daar is toe ses finaliste gekies wat op 11 Januarie elkeen 'n program in die Staatsteater gelewer het.

Die algehele wenners was Jo Soo Kyong van Suid-Korea (Opera-afdeling) en ons eie bariton André Howard (Konsertafdeling). Elkeen het 'n prysgeld van R10 000 ontvang en 'n goue medalje.

In die Klavierkompetisie was daar sestig deelnemers. Daar was drie uitdunrondtes. Al die deelnemers aan die eerste rondte moes elkeen vier komposisies uit verskillende tydperke voordra. Uit hulle is sewe en twintig gekies vir die tweede rondte waarin elke deelnemer òf 'n Mozart- òf Haydn-sonate en een van die Chopin-ballades, Scherzos of ander groot werke moes speel. Die derde rondte met veertien deelnemers het bestaan uit 'n uitvoering van meer as 'n uur deur elke deelnemer. Die spel was uit die boonste rakke en van 'n baie hoë standaard.

Die hoogtepunt van die kompetisie was op Donderdag 23 Januarie met 'n middag- en aandsessie in die Staatsteater. Daar was letterlik nie plek vir 'n muis nie. Elke deelnemer het 'n volledige klavierkonsert saam met die TRUK-orkes gelewer. Die wenner was 'n Italianer, Orazio Maione. Die eerste prys was R25 000 en 'n goue medalje. Die prysuitdeling is waargeneem deur die Staatspresidentsvrou, mev Elize Botha.

Mnr Norman Nossel van Adcock-Ingram wat so mildelik bygedra het tot die prysgeld van beide kompetisies sê:

"Die Kompetisies is nou 'n belangrike musiekhoogtepunt. Dit bied die deelnemers die geleentheid om hier in Suid-Afrika mee te ding om uitstaande pryse. Die kompetisie skep 'n platform vir Suid-Afrikaanse deelnemers om met hulle gelykes van oorsee kennis te maak, terwyl die oorsese deelnemers die kans gegun word om ons pragtige land te sien. Op hierdie kritieke stadium in die geskiedenis van SA, beskou ons dit van die uiterste belang dat mense van verskillende agtergronde en belangstellings, vryelik en openhartig met mekaar kan kommunikeer. Daar is geen beter internasionale kommunikasiemiddel as musiek nie. Daar is 'n diep en waarneembare band tussen musici en in vele opsigte is dit juis hulle wat die voorbeeld kan stel vir ware betekenisvolle interpersoonlike skakeling en dialoog".

Almal wat hierdie kompetisies bygewoon het, stem saam dat dit 'n onvergeentlike musiekfees was. Aan al die jong kunstenaars wat deelgeneem het en aan almal soveel genot verskaf het, sê ons: BRAVO. Hierdie begenadigde mense het voorwaar 'n goddelike talent en benut die geleentheid om daarmee te woeker.

Ons is baie bevoorreg om deel te kon wees van so 'n groot en mooi musiekfees en sien uit na soortgelyke kompetisies in die toekoms.

BOKKIE MALAN

## BACHKOOR VAN PRETORIA SE UITVOERING VAN DIE LUKAS-PASSIE

George Philipp Telemann (1681-1767) was een van die suksesvolste en beroemdste komponiste van die agtiende eeu. Alhoewl hy ouer was as J S Bach, het hy weggebreek van die streng vorms van die Duitse barok en hom tot die 'galante styl' gewend, wat die weg gebaan het vir die klassieke periode.

Vir 46 jaar was Telemann die Johanneum Kantor en musiekdirekteur van die vyf grootste kerke in Hamburg en tydens hierdie periode het hy elke jaar 'n passie geskryf. Meer en meer word in sy passies die godsdienstige passie met elemente van die Passie-oratorium deurtrek en verdiep (d.w.s. die godsdienstige passie word deur beskouings en vergelykings verryk, wat tussen die dele van die Evangeliegeskiedenis ingevleg is). In die Lukas-passie van 1728 word die oratoriese tussenvoegings en die Evangeliegeskiedenis nog duidelik van mekaar geskei. Die vyf hoofafdelings van die Evangelie word vooraf gegaan deur vyf voorbereidings.

Die styl van die werk is eenvoudig en duidelik. Die turbakore getuig van




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

indrukwekkende deklamasie en treffende karakterisering. Die korale is ook eenvoudig en homofoon, omdat die gemeente hulle destyds saamgesing het.

Op 21 Maart is die opvoering by St Andrew Presbiteriaanse Kerk in Schoemanstraat.

Bron: Program van Bachkoor, Pretoria 1977

KARIN FORTSCH



## VALENTYNSDAG

Op 14 Februarie het ons nie alleen prof Gerryts en Thea se verjaarsdag gevier nie, maar ook Sint Valentynsdag.

Verskeie heiliges was Sint Valentyn genoem, maar daar was twee baie bekende martelaars wie se gedenkdag op 14 Feburarie gevier word. Hulle het gleef tydens die heerskappy van Claudius.

In Engeland en Skotland stuur verliefdes op hierdie dag blomme. In Suid-Afrika en ander dele van die wêreld stuur verliefdes sentimentele en grappige kaartjies. Die afsender moet egter anoniem bly!

Bron: The Oxford Illustrated Dictionary

HANNIE

## HEKSEWAAN EN HEKSEVERVOLGING

Een van die nuwe boeke wat ons onlangs hier by die Kultuurhistoriese Instituut ontvang het, lewer 'n indringende studie oor heksewaan en hekseverfolging.

Dit is:- Dresen-Coenders, Lène
Het verbond van heks en duivel; een waandenkbeeld aan het begin van de moderne tyd als symptoom van een veranderde situasie van de vrouw en als middel tot hervorming derzeden. Baarn, Amboboeken. 1983
KHI 272.8

Een van die interessantste hoofstukke handel oor al die argumente wat aangevoer is om te bewys dat vroue meer vatbaar is vir heksery as mans. Ek noem hier 'n paar van die argumente:

Die een groep "geleerdes" het beweer dat vroue meer liggelowig was as mans. Die duiwel sou dan hierdie eienskap uitgebuit het. Hulle het ook beweer dat vroue bedrieglik is. Vroue is ook, volgens hierdie groep, veel meer jaloers as mans. Vroue is meer geneig tot heksery vanweë hul buitengewone wraaksug en hartstogtelikheid.

Dominici, een van die bekende skrywers oor heksery, verwys na Jesebel, Potifar se vrou, Cleopatra en andere om die wraaksug van die vrou te beklemtoon. Dominici moes beslis nie van vroue gehou het nie, want hy beskryf die vrou soos volg: "Een monster met het schone aangezicht van een leeuw, maar het lijf van een stinkende geit en die staart van een giftige serpent. Die aanraking met haar is besmetelijk en de omgang met haar dodelijk."

Die skrywers van die boek "Valerius Rufinum" het beweer dat die wêreld van ontelbare gevare gespaar sou gewees het as daar nie vroue was nie. Hulle beweer die vrou is van nature bedrieglik en leuenagtig. Hulle dood die mans en beroof hulle van hul krag.

By die lees van hierdie boek van Lène Dresen-Coenders, besef 'n mens eers werklik wat die invloed van bygeloof en onkundigheid oor natuurlike verskynsels op die samelewing in die tydperk tussen 1400 - 1700 gehad het. Rampe soos pessiektes, droogtes, mislukking van oeste en soortgelyke verskynsels is alles aan heksery toegeskryf.

Na aanleiding van 'n deeglike ondersoek van die boek "Malleus Malificarum" kom Lène Dresen-Coenders tot die gevolgtrekking dat die verskynsel van hekseverfolging saamhang met belangrike verskuiwings in die maatskaplike situasie van die vrou. Die outeur beklemtoon die feit dat hekseverfolging op allerhande waanbeelde berus het. Ek beskou dit as 'n baie insiggewende boek.

Groete vanuit die Instituut.

JO BREED



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## NEDERLANDS IS "ALIVE AND WELL ..."

Die vierde Neerlandistiekkongres is van 29 tot 31 Januarie 1986 op die Tukkie-kampus aangebied deur die Departement Afrikaans. Woensdagaand is die verrigtinge geopen met 'n gesellige vingerete in Kya Rosa.

Donderdag en Vrydag was twee dae volgeprop met referate deur sprekers van dwarsoor die land: Port Elizabeth, die PUK in Potchefstroom, Pretoria - om maar net 'n paar te noem. Die verskeidenheid onderwerpe en die wyse waarop die sprekers dit aangebied het, het bevestig dat Nederlands as vak nog 'n plek het in Suid-Afrikaanse skole, kolleges en universiteite.

Wat vir my 'n besondere ervaring van die Kongres was - benewens die referate self - was om die mense wat baie keer maar net 'n naam op papier is, 'n skrywer van 'n artikel in 'n tydskrif, 'n outuer of redakteur van 'n boek, 'n resensent oor die radio, in lewende lywe te kon sien en hoor: om te weet hoe lyk die mens agter die pen, agter die stem!

So was daar - om maar één voorbeeld te noem - prof W F Jonckheere van die Universiteit van Natal wie se naam onwillekeurig gekoppel word aan die roman van Johannes van Melle, Bart Nel, op grond van sy bespreking daarvan in onder meer twee Blokboeke. Prof Jonckheere het in sy referaat die aandag gevestig op enkele van die mees resente hulpmiddels (gedrukte bronne en oudiovisuele middele) wat daarop ingestel is om studente wat met Nederlands in aanraking kom, te help, te stimuleer en te motiveer, omdat, volgens hom, die Nederlandse taal, letterkunde en kultuur al hoe meer vreemde kennisgebiede vir die gemiddelde Suid-Afrikaanse student word. Hy sê: "Waar skoliere 'n paar dekades gelede nog Vondel in die hoërskole gelees het, word die tekste teenswoordig miskien in 'n tweede of derde jaar van Afrikaanse en Nederlands-kursusse bestudeer. Die angelsaksiese invloed op Afrikaans en die Afrikaanse kultuur neem steeds toe ten koste van die Dietse tradisie."


Vrydag se referate is in parallelle sessies aangebied: Taalkunde en Letterkunde. Ek was jammer hieroor, want ek sou graag al die referate wou hoor, soos byvoorbeeld prof Louis Eksteen se voordrag oor Nederlandse reste in hedendaagse Afrikaans. Ek het egter op die letterkunde-gedeelte besluit waar onder andere dr F R Gilfillan van Stellenbosch en prof J van der Elst van die PU vir CHO opgetree het.

Daar word beplan om mettertyd al die referate wat gelewer is, uit te gee - beslis 'n publikasie om na uit te sien.

Die volgende kongres word in 1989 op uitnodiging van die Universiteit van Stellenbosch gehou - natuurlik in Stellenbosch!

RITA BADENHORST

## HALLEY SE KOMEET



BRON: Halley's Comet - R Quarmby

Die bygelowe rondom komete het vroeër baie paniek veroorsaak vanweë onkunde. So is geglo dat groot komete tekens van slegte tyding en groot veranderinge is, veral wat konings en heersers betref. Die publiek het mettertyd, soos hulle kennis vermeerder het, hul vrees vir die verskyning van komete verloor en selfs met 'n bietjie humor na hul eie vrese begin kyk, soos die prentjie bo-aan ons berig aantoon. Daar is selfs nog in 1910 geglo dat die aarde deur Halley se stertgedeelte sal beweeg en die suggestie deur die sterrekundiges dat die stert bestaan uit 'n giftige gas, het groot paniek en konsternasie veroorsaak. Die entrepeneurs het dadelik hul kans waargeneem en gasmaskers verkoop tesame met komeetpille.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die bekende sterrekundige, Sir Fred Hoyle, beweer dat hierdie bygelowe nie heeltemal ongegrond is nie. Die sterrekundige se geloof dat komete nuwe lewe oordra na die planeet aarde en gevolglik periodes van siektes kan meebring, kan nie meer netso geïgnoreer word nie, al is daar nog geen bewyse daarvoor nie. Ouvroustories bevat altyd 'n greintjie waarheid, al is dit wetenskaplik totaal ongegrond.

Die beste tye om Halley se komeet te besigtig (met die blote oog), is:

7 - 14 April: Vanaf sonsondergang tot sonsopkoms

Die tweede beste periode is:

9 - 22 Maart: Vanaf middernag tot een uur voor sonsopkoms

ELSABé VAN DER MERWE

# Gelukwense....



VERJAARSDAE

MAART

3 Elsa Roos (Toonbank)
4 Herman Smit (Bindery)
7 Pieter Ferreira (Finansiële Administrasie)
11 Elza Keyter (Makro-ontsluiting)
13 Daan Botes (Bindery)
20 Bettie Langkilde (Assistent-direkteur)
21 Zéta Roux (Tydskrifte)
23 Sannie Hattingh (Medies)
Bokkie Malan (Toonbank)
Monica Hammes (Tydskrifte)
Magriet Engelbrecht (Klinikala)
24 Marie Fourie (Tiksters)
26 Clarisse Venter (Medies)

Martjie Pauw (Voorontsluiting) het verloof geraak aan Barend du Plessis, 'n Pretorianer wat tans werksaam is in Sasolburg. Baie geluk Martjie.

Nelene Kotze (neé Ferreira) van Tydskrifte is op 8 Februarie met Koos Kotze getroud. Ons beste wense aan hulle.

Baie geluk aan Dalene Stephens (Africana) wat haar honneurs in Semitiese Tale met lof slaag en ook aan Andrea Bosman (Vlak 6) wat nou die graad BBibl (Hons) agter haar naam kan skryf.

Ons het verneem dat Erna Klopper in die hospitaal was gedurende Februarie. Ons wens haar alle beterskap toe.

## BIBFLITSE

### FINANSIëLE ADMINISTRASIE

VROUE WIL EERDER PRIVATE KANTORE HÊ

Interessante gegewens het aan die lig gekom in 'n meningspeiling verlede jaar deur Kelly Girl, 'n organisasie wat tydelike poste vir werknemers bekom.

Altesaam 69 persent van die ondervraagdes het gesê hulle werk liefs in 'n private kantoor terwyl 31 persent voorkeur aan die oop plan gegee het. Dit het geblyk dat 92 persent vroue 'n man as hoof verkies. Net 8 persent sal eerder onder 'n vrou wil werk. 'n Ander bevinding was dat net 36 persent vroue 'n werksuniform verkies.

Bron: Die Transvaler

PIETER FERREIRA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE TAAL WAT ONS PRAAT...

Hoe bedag is ons Afrikaanssprekendes altyd daarop om ons taal reg te gebruik? Besef ons altyd hoe belangrik dit is dat ons dit suiwer en idiomaties korrek moet gebruik - nie net ter wille van ons self nie, maar ook tot voordeel van dié met wie ons daagliks in aanraking kom.

Immigrante wil gewoonlik die amptelike tale aanleer en dit reg uitspreek en praat, want dan voel hulle dadelik meer tuis, en ons wil dit ook baie graag hê. Selfs besoekers uit die buiteland wil graag ʼn paar woorde aanleer en reg uitspreek. Hulle kan dit nie regkry as ons nie self goeie Afrikaans praat nie, want waar anders sal hulle dit hoor of aanleer.

Kinders is mos van nature na-apers, ook wat praat betref. Soos pa en ma praat, is dit reg en daarom praat kinders soos hulle ouers. Die ouers wil hê dat hulle kinders korrek praat; daarom korrigeer hulle dan verkeerde uitspraak, woordvolgorde en naamvalle byvoorbeeld "hy" na "hom" en andersom.

Ons sit ongelukkig met die probleem dat woorde nie altyd uitgespreek word soos dit geskryf word nie, byvoorbeeld perde word "pêre" en gaan word "gan", ensovoorts.

As gevolg van hierdie aspekte van ʼn taal kom daar verwarring voor by nie-Afrikaanssprekendes, veral as ons begin praat soos hulle. In besonder verwys ek hier na Swartes. Hulle hoor ons praat en daarvolgens praat hulle. In ʼn radioprogram met dieselfde titel as die opskrif van hierdie stuk, het die deelnemers die bogenoemde aspekte geopper. Een van hulle was ʼn Swartman wat baie goeie Afrikaans praat. Hy gee Afrikaans by ʼn Swart skool in die Vrystaat. Hy het verskeie redes gegee waarom die Swartmense die Afrikaanse taal so "vermoor". Die belangrikste rede is dat die blankes anders met hulle praat as wat hulle (die blankes) met mekaar praat. Daarom praat hulle ʼn "jy vat <u>hom</u> die graaf"-taal, en bly daarby, omdat hulle glo dat dit die regte manier is en dit pas in by hulle eie taal se sinskonstruksie.

As ons trots is op ons taal, laat ons ander help om dit reg te praat. So kan hulle ook trots wees daarop om hierdie mooi taal korrek te praat. As ons met hulle suiwer praat en byvoorbeeld "meneer" sê in plaas van "baas" of "mevrou" in plaas van "miesies" of "nonnie", kan dit bydra tot ʼn suiwerder gebruik van die taal deur alle Swartmense.

GIDEON ROETS

## 1986 SE TOONBANK-SPAN

By die Toonbank begin ons elke dag
Vol moed en lus en nuwe krag
Want almal is vrolik, gelukkig en
op hul pos
Gereed om gebruikers se
probleme op te los.

Bokkie is mos die slimme een
Sŷ los die probleme op sonder ʼn sweem
Elma staan ook altyd reg
Bewaar die mens wat kom sê
ʼn boek is weg!

Elsa Roos vat ʼn verlore boek se spoor
Soos ʼn wafferse bloedhond gaan sy hom nie
verloor
Nou die dag selfs met die Meester van die
Hof
ʼn Potjie geloop - foei! - hy was skoon
onder stof.

Marie Bredell is by almal bemind
Soek jy na inligting, sal sy
dit vir jou vind
Want sy en Elsa en Elma Kock
Maak ʼn span wat prof Gerryts se
hart warm sal laat klop!

Van 2-10 sal jy dames sien drentel
Al om die toonbank bly hulle wentel
Want ons drie manne daar is só galant
Hulle werk saam onder leiding van
Johan Avenant.

Johan Botha is die lang ligte man
Ek wonder watter aster sal hom nog vang
Willie Visser, dames, is oulik en ook
beskikbaar!!
Hulle drie is ʼn aanwins vir die Bib
sowaar!!

Hannes de Kock sit nou wel daar eenkant
Hy is mos ons UFO Kommandant
En loop iets dalkies by toonbank skeef
Kry Hannes die spulletjie grou weer op
dreef.

In die glaskas daar oorkant sit ons groot
Kokkedoor
Saam met mnr Otto, sê ons saam in ʼn koor:
"Wees vriendelik, behulpsaam, bereid om
verhoudings te bou
En Merensky se naam by toonbank hoog
te hou!!"

Ons hoop dat Topbestuur tevrede sal wees
Met ons dienste gelewer in ʼn vriendelike
gees
O ja ...
die ander lid van die toonbankspan ...
is ek,
die skrywer
hiervan

PEPSI NEL



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


## AFRICANA

Dalene Stephens se kollegas hier in Africana wil haar net hartlik gelukwens met haar prestasie om die honneursgraad in Semitiese tale met lof te behaal. Vir haar was 1985 'n jaar vol hoogtepunte, maar daar was ook swaarkry en teleurstellings sodat ons maar net vir haar kan hoed afhaal en sê: sterkte vir die pad vorentoe! Ons kan nou verstaan waarom sy dikwels van aspirant "skrifgeleerdes" besoek ontvang het!

JORIET COETZEE

## VOORKLINIES

'n Noodvergadering is hier belê deur al die klase. Die boekverskuiwing-projek is aangepak en voltooi deur baas Martie en dit het ons laat besluit om ons armspiere te oefen by die gym. Ons sal ook maar soos Patrick sê: "maar sy kan werk". Dankie Baas, vir 'n vol en gelukkige jaar saam met jou by Voorklinies.




## BOEKONTVANGSTE

Met Februariemaand ook byna iets van die verlede, lyk dit of ons baie mooi moet trap om by te hou met die tempo van 1986.

Almal het skouer aan die wiel gesit en ons het die rakke wat so vol nuwe boeke gestaan het, die een na die ander leeggemaak en ons statistiek toon dat ons vir Januarie een duisend drie honderd en een publikasies hanteer het. Na die groot stormloop van enkelbestellings wat afgehandel is, kon almal weer rustiger aandag gee aan die reeksbestellings wat ons ook gedurig met 'n kritiese oog moet dophou of bande gereeld aankom en in hoe 'n mate die handelaars terugvoering lewer op ons navrae.

Ons afdelingshoof mev Nel, is baie hard besig om Boekontvangste se handleiding in die geheel te hersien en sommige uit die afdeling kon haar van tyd tot tyd behulpsaam wees wanneer sy hulp nodig gehad het.

Louise Mayer en Irene Dejonge, ons twee nuwe "ou hande", het baie goed ingeval en lyk alreeds soos ou gevestigde ontvangsdames.

Hiermee dan 'n kort brokkie nuus met gebeure in die kortste maand van hierdie jaar.

Groete
HULDA FRITZ

## BOEKONTVANGSTE

Ons wil net ons "Valentine-ouma" (mev E Nel) baie gelukwens met die geboorte van haar derde kleindogter op Vrydag 14 Februarie. Ons hoop sy verskaf u net soveel vreugde en meer as die ander twee!

Hier is 'n paar woordverklarings uit "The Devil's Dictionary" - Ambrose Bierce

Economy: Purchasing the barrel of whiskey that you do not need, for the price of the cow you cannot afford.

Education: That which discloses to the wise and disguises from the foolish, their lock of understanding.

Overwork: A dangerous disorder affecting high public functionaries who want to go fishing.

Peace: In international affairs, a period of cheating between two periods of fighting.

MAGDA CELLIERS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MAKRO-ONTSLUITING

Tydens die oriëntering van die eerstejaar studente was daar 'n baie ambisieuse jong student in een van my groepe. Hy het die algemene oriëntering uiters vervelig gevind, maar het egter baie belang gestel in die interbiblioteekleenstelsel. Hy, as "eerstejaar", was oortuig dat die biblioteek nie al die inligting vir sy doktorale proefskrif sal kan verskaf nie. "Hier is te min boeke!" was sý mening.

My opmerking aan hom was: "U moet nou oplet sodat u kan leer om die biblioteek reg te gebruik. Dit sal handig te pas kom as u oor tien jaar met u proefskrif besig is."

Sy slotopmerking was: "Weet tãnnie wat hier aangaan?"

HANNIE BEZUIDENHOUT

## MIKRO-BROKKIES UIT MAKRO-ONTSLUITING

Met die begin van die nuwe jaar was ons bly om twee "splinternuwe" bibliotekaresses in ons midde te verwelkom, naamlik Elza Keyter en Yzelle Nelson. Albei is nog "gelaai" met kennis en wyshede van hul pas voltooide studiekursus. Ons wens hulle vrugbare en vreugdevolle jare toe in Merensky.

Volk en Vaderland se plig het ook in ons afdeling 'n "groet met 'n traan in die hart" gebring vir Elza Keyter en Estelle Els. Dit is nou twee jaar van vasbyt vir die weermagmanne!

Susan Scholtz het groot bewondering vir die poskantoor. 'n Koevert, ongeseël en met kontantgeld daarin, met slegs 'n potloodnota in 'n hoekie gemerk, het veilig by die Inkomstebelastingkantoor aangekom. Die koevert het per abuis in die posbus beland. Die Ontvanger het geneem wat hom toekom en die kleingeld sal gepos word.

Hannie Bezuidenhout en gade het die Ribbok-voetslaanpad aangedurf. So ligvoets oor die rotse soos die ribbokke, het dit nie altyd gegaan nie. Hannie se voet het gegly en sy het 'n rots of twee afgerol. Gelukkig kon sy sonder spalke en verbande terugkeer!

Voorontsluiting, Makro-ontsluiting en dalk nog 'n afdeling Mikro-ontsluiting? Die bal is aan die rol gesit met die toekomstige implementering van "Library of Congress Subject Headings".

Ons dobber soos die golwe van die see, maar Julie Rechav is beter af as ons - sy is tans by die see waar die golwe werklik dobber. Ons hoop sy geniet haar vakansie.

HANNIE BEZUIDENHOUT EN SJEUWKE AGEMA

## T Y D S K R I F T E

Wat kan ons nou al weer sê. Dit voel soos verlede week wat ons die Biblikasie moes vul en hier is dit al weer so.

Ons is nog steeds sonder 'n permanente baas by Tydskrifte, maar Monica staan ons goed by. Dit is voorwaar 'n onbenydenswaardige taak om twee mense se werk sinvol te moet verrig. Maar deur alles en selfs onder groot druk is sy nog altyd gereed met een of ander kwinkslag wat 'n mens heerlik kan laat lag soos byvoorbeeld: "Wat se rare tekens is daar nog wat 'n mens kan gebruik?" (dit is nou op die rekenaar). Dankie Monica vir die mens wat jy is.

Welkom en tot siens aan Christa Kruger wat vir 'n paar weke aan ons geleen is. Ons is jammer dat sy nie hier gaan bly nie, maar ons gun haar dit wat sy graag wil doen.

Katrien sit en naels kou oor haar studies en die taak wat moet in wees ens, terwyl Zéta, Julene en Rynette heel rustig voorkom wat hulle studies betref.

Nelene is verlede week getroud en sy kom eers 3 Maart terug. Lekker.

Elizabeth en Leza het hulle hande vol met ontsluiting en invoere wat baie probleme insluit.

En ons twee oumas - ek en Ina - probeer ook elke dag ons kant bring.

Die opgehoopte pos is nou onder beheer en feitlik op datum behalwe vir 'n bietjie korrespondensie en 'n klompie tydskrifte by dié kardeks wat sedert Desember vakant is (en op die oomblik deur Christa hanteer word).


Sterkte vir die nuwe maand.

HETTA MALAN



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MENS/DIER -VERHOUDING



ŉ Interessante verwikkeling op Onderstepoort is die nuwe belangstelling in MENSE. Prof J S J Odendaal is die eerste bekleër van die nuwe Epol-professoraat in Geselskapsdier-Soötegnologie en Voeding. As privaatpraktisyn in Bloemfontein het prof Odendaal reeds verskeie artikels geskryf en lesings gegee oor die MENS/DIER-verhouding. Hy behoort aan drie oorsese verenigings in daardie veld en was by verskeie nuwe projekte betrokke in verband met die toepassing van mens/dier-kontak in Suid-Afrika, onder andere by Witrand Sorg-en-Rehabilitasiesentrum, perdry-klasse vir gestremde kinders (Lettie Fouché- en Martie du Plessis-inrigtings in Bloemfontein) en die Batho-kliniek vir kroniese pasiënte. 'Network' se TV-span was verlede week hier by ons om ŉ onderhoud met prof Odendaal te voer. ŉ Groepie gestremde kinders, blindes en ou mense is ook afgeneem. Prof Odendaal was betrokke by die eerste ouetehuis in SA wat amptelik troeteldiere toelaat, Bayswater Village in Bloemfontein.

Hy wil graag ook ŉ studie doen oor geselskapsdiere vir langtermyngevangenes. By UOVS se Eenheid vir Professionele Opleiding en Dienslewering in die Gedragswetenskappe het prof Odendaal ŉ eie studie gedoen oor die redes waarom mense toeteldiere aanhou, en hy wil nou voortgaan daarmee. Hy hoop ook om later vanjaar ŉ wêreldkongres in Boston by te woon. Prof Odendaal is stigtingsvoorsitter van die Studiegroep van die Mens/dier-kontak in SA. Voorwaar ŉ interessante, entoesiastiese mens (en goeie biblioteekgebruiker!). En dan is daar die kersie op die koek - sy pragtige swart kat wat hy vir demonstrasiedoeleindes in sy klasse gebruik, is reeds net so tuis in die biblioteek!

ERICA VAN DER WESTHUIZEN
VEEARTSENYKUNDE

## V L A K 4

### INTERESSANTE INSIDENT BY 'N SEKRETARESSE

Vir die mense rondom jou lyk dit of dit altyd net klopdisselboom gaan by die sekretaresses. Ek wil graag die sluier lig oor die volgende insident:

Ek leen op ŉ keer (juis toe Alida von Backström baie druk besig was met tikwerk en transparante vir prof Gerryts se referaat) ŉ Dos-disket 2.10 van haar omdat ek ŉ sekere program wou laai op die mikrorekenaar. Dit is nou omdat my eie Dos-program die 2.00 weergawe is en die sekere woordverwerkerprogram het Dos 2.10 nodig. Ek probeer toe dié disket kopieer op ŉ ander disket en toe ek die Dos-program weer op die skerm wou kry, is daar net mooi niks op nie!

Gewoonlik is daar in so ŉ geval nie ŉ probleem nie, ŉ mens maak altyd wat ons sommer ŉ (backup) "rugsteun-kopié" noem. Wat egter hier gebeur het, is dat hierdie spesifieke Dos-disket ŉ meer gevorderde disket was as die gewone Dos-disket, omdat Alida gegewens bygevoeg het.

Wat doen ek nou? Toe ek taamlik benoud vir Alida sê dat dit lyk of ek haar disket skoon gemaak het, wou sy my eers nie glo nie, maar toe ek haar wys wat gebeur het, moés sy dit glo - alles was weg: net mooi niks op haar disket nie en net mooi niks om my disket nie!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Danksy haar druk program op daardie stadium kon Alida nie eers kwaad word nie, en tot vandag toe is sy nie eers verskriklik kwaad vir my nie. Wel, ek sou darem 'n ietwat ongelukkig gevoel het.

Wie het gesê daar kan nie probleme opduik in die daaglikse doen en late van sekretaresses nie?

Het u gewonder hoekom antwoord dr De Bruin sy eie telefoon? Dit is nou nie omdat die sekretaresses dit nie wil doen nie, maar daar was 'n probleem met die bestaande stelsel. Gelukkig word daar binnekort 'n nuwe stelsel geïnstalleer vir dr De Bruin, mnr Duminy en die sekretaresse. Hulle noem die stelsel 'n DPS 24. Dit is blykbaar 'n baie nuwer model as dié wat tans gebruik word. Julle kan gerus luister - daardie nuwe geluid in die biblioteek is die gelui van my nuwe telefoon!

MARIE DE WET

---

## VLAK 6

### DIE AVOKADO-DIEET

Avokadopere is veelsydig, het 'n hoë voedingswaarde en is 'n wonderlike gesondheids- en skoonheidshulpmiddel (aldus Marina Andrews in: Vogue Book of Diets - and Exercise). Dit bevat 2.1% proteïne, 2.5% plantolie, veertien vitamines en elf minerale, geen stysel, feitlik geen suiker en slegs 100 kalorieë per helfte.

Gee uself ook 'n skoonheidsbehandeling terwyl u gewig verloor:

> Nadat u die avokado geëet het, dop die binnekant van die vel uit na buite en masseer die gesig, nek, sowel as die agterkant van die hande en bene. Was af met warm water na vyftien minute. Die natuurlike olies van die vrug sal u vel sag en soepel maak.

ONTBYT

'n Halwe avokado met bietjie suurlemoen bo-oor.
Dun sny roosterbrood.
1 koppie kruie- of kruisementtee.

ELFUUR

Jogurtdrankie
Jogurt met 1 teelepel tamatiepureë, 1 teelepel Worcestersous, 4 - 5 ysblokkies en twee stukkies komkommer (vir garnering) gemeng.

MIDDAGETE

1 Hele avokado, in die helfte gesny, die pit verwyder en gevul met droë appelkose en neute, suurlemoen en blaarslaai.
1 koppie kruie- of kruisementtee.

DRIE-UUR

Jogurtdrankie
('n Klein hoeveelheid)

AANDETE

'n Halwe avokado, fyngemaak, bietjie suurlemoen en op roosterbrood bedien.
1 koppie kruie- of kruisementtee.

SLAPENSTYD

1 koppie warm water met 'n halwe teelepel heuning.

Volg dieet 4 dae lank. (Gewisverlies moontlik 3,2 kg)

UIT DIE HUISHOUDKUNDE-SPENS:
ANNATJIE BOTES

---

## KELDER

### BRANDSTOFEKONOMIE

Die Brandstofnavorsingsinstituut sal verstom staan om te weet dat 'n gewone standaard Ford Escort 1300 vir 'n tydperk van 15 jaar met slegs 55 liter brandstof oor die weg gekom het.

Oor 'n tydperk van 15 jaar lê die gemiddelde mens ongeveer 180 000 kilometer (bereken teen 12 000 km/jr) met sy motor af. Dit beteken dat hierdie unieke motortjie en sy eienaar met slegs 55 liter gewone hoë oktaan Suid-Afrikaans vervaardigde half-steenkool-brandstof, teen 'n gemiddelde snelheid van 80km/h, bykans



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

200 000 (tweehonderduisend) kilometer afgelê het. Dit bied die eienaar van hierdie wondermotor 'n ongelooflike brandstofekonomie van 3272,73 kilometer per liter brandstof. Voorwaar 'n wêreldrekord ...

En die huidige wêreldrekorhouer is ons eie Annatjie Myburgh van Vlak 1 (Kelder). Op Vrydag 31 Januarie 1986 het sy met 'n geheimsinnige trots ons meegedeel dat sy vir die eerste keer in 15 jaar haar motortjie se tenk gaan volmaak. Uit vrees dat sy dalk vergeet het waar haar motortjie se brandstofsluitkap is, het sy vir Neels saamgeneem om te help. (Neels is 'n minder trotse eienaar van 'n soortgelyke motor - maar teen slegs 10-12 liter/km) Ons het later verneem dat die geskiedkundige gebeurtenis met groot sukses verloop het. Om die geleentheid die moeite werd te maak, het Annatjie 'n volle tien rand se brandstof in haar rooi motortjie gegooi. Omdat tien rand se brandstof deesdae maar min is, reken Annatjie dat sy nie sal poog om haar vorige rekord te oortref nie. Sy was egter oortuig dat die tien rand se brandstof "genoeg vir eers sal wees". Nou ja, ons hoop sy sal lekker ry vir die volgende paar jaar ...

(Haar geheim vir sulke brandstofekonomie, sê Annatjie: Laat jou man die motor vol brandstof hou ...)

LOUIS BOTHA

## V O O R O N T S L U I T I N G

1986 gaan vir ons almal veranderings en nuwe uitdagings bring. Vir ons Voorontsluiters spesifiek lê daar 'n jaar voor vol aanpassings, nuwighede en verwagtinge! Ons heet Elrien van der Bank baie welkom en hoop sy werk lekker - sy is eintlik 'n ou bekende hier by ons. Martjie Pauw het sterre in haar hoë en 'n blink klippie aan haar vinger en Mariana begin kyk na wiegies en waentjies vir die nuwe aankomeling in September.

Ons afdeling het aan die einde van Januarie en in die eerste week van Februarie by die Voorkliniese Biblioteek die ou afgeskryfde boeke van Medies en Voorklinies wat verkoop gaan word, gaan oorpak en van Sanso-vorms voorsien. Dit was nou harde arbeid! Maar die feit dat ons by groot vensters kon uitkyk op 'n groen boomryke tuin het aansienlik gehelp vir die seer rugge en moeë arms.

JEANNIE WEHNER

## V L A K 5

## ONS NEEM AFSKEID VAN MATILDA

Die soort lewe waaraan ons gewoond geraak het, waarin vinniger ... meer ... beter ... die heersende gedagtes is, kan maklik maak dat mense hulle werklike waarde vir mekaar, miskyk. En eers wanneer weer 'n keer van iemand afskeid geneem moet word, weet jy skielik dat soveel tyd verbygegaan het sonder dat jy die sagter, vriendeliker kant van (saam-) werk ervaar het. En tog kan dit nie anders nie as dat mense - onbewus miskien - deel in die goeie en die mooi van ander. So weet ons onteenseglik dat ons almal verryk is deur ons saamwerk van vyf jaar en 'n paar maande met Matilda Pieterse.

Sy het as mej Du Toit in September 1979 vanaf KOVSIES by ons aangesluit en tot sy in Oktober 1982 na Windhoek verhuis het, was sy Vakbibliotekaris vir Kuns en Argitektuur en verwante vakke. Na haar terugkoms in Oktober 1983 was sy vir 'n tyd werksaam by die Inligtingsdienspunt en vir die laaste jaar of wat was sy Vakbibliotekaris vir Biblioteekkunde.

Gelyktydig daarmee was sy ook die koördineerder vir na-uurse diens en verantwoordelik vir alle indiensopleiding sowel as skakelwerk vir die Direkteur - 'n opgaaf wat spreek van bereidwilligheid en deursettingsvermoë.

En tog is dit veral die mooi kwaliteite van warm vriendelikheid, fyn oordeelkundigheid en opregte deernis wat die sterkste na vore kom as mens aan Matilda dink en, na my mening, dié deel van haar wat saamwerk ook sinvol gemaak het.

Waar sy op 1 Maart in die Parlementêre Inligtingsdiens in Kaapstad begin werk, vertrou ons dat dit met haar goed sal gaan en dat sy die nuwe uitdaging met goeie gevolge sal aanpak. 'n Mooi en betekenisvolle verblyf is ons wens vir Matilda en Johan in die goeie ou Kaap. Ons sal jou mis, Matilda.

THEA HECKROODT



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## T I K S T E R S

### TOT SIENS

Ek blaai die Biblikasie van verlede maand deur en lees die bydraes vir die soveelste keer. Ek kom weer op die beriggie af wat Annemarie geskryf het en ek kry trane in my oë, want opnuut besef ek dat ek moet afskeid neem van Merensky.

Hier het ek twee jaar gelede as ŉ groentjie aangekom en nou stap ek uit met ondervinding en vol moed vir die aanslae wat die lewe daar buite bied. Ek het hier vriende gemaak wat ek altyd sal onthou. Veral sal die Engeltjie-speletjie aan die einde van die jaar my altyd bybly. Dis met hartseer dat ek afskeid neem, maar met mooi herinneringe.

Baie dankie aan die A-Team: Joggie, Annemarie en Marie, ek het lekker gewerk en soms baie lekker gelag ook. Ek sal julle baie mis.

ALIDA MURRAY

## F L I N K D I N K

1) Wat is SABINET?

2) Waar staan Hansard?

3) Wat is Hansard?

4) Wat is die Malan-katalogus?

5) Is die R.P.-verslae én Witskrifte dieselfde publikasie?

6) Wat noem ons die indeks van verbode publikasies?

7) Wat is Biblikasie se sperdatum vir bydraes uit die afdelings?

ANTWOORD

1) Die Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk.

2) By Staatsleer op Vlak 5.

3) Debatte van die Volksraad.

4) Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge.


5) Nee, albei is Regeringspublikasies, maar dit is verskillende reekse.

6) "Jacobsen's index of objectionable literature."

7) Die 15de van elke maand.

HANNIE BEZUIDENHOUT

### TREFFERS



## B O E K E

### FAR FROM THE MADDING CROWD - THOMAS HARDY

ŉ Boek wat algemeen aanvaar word as ŉ 'classic', en daarmee stem ek saam. Hardy, ongetwyfeld een van die grootstes van sy tyd, het blykbaar gedig ook, maar dit het ek nog nie onder oë gehad nie.

Die boek speel in ŉ landelike omgewing af. Die tonele word baie stylvol beskryf. Die karakters is meestal plaaswerkers op ŉ Mrs Bathsheba Everdene se plaas. Een van haar werkers, Farmer Oak, wat deur ongunstige omstandighede 'uitgeboer' het, en nou vir iemand moét werk vir ŉ bestaan, is verlief op sy 'landlady'. Sy gee egter deurentyd voor dat sy te goed is vir hom.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daar is egter twee ander mans wat net so betower is deur Mrs Everdene se skoonheid en elegansie. Sy trou uiteindelik met die een, 'n ene Sargeant Troy, met psigopatiese neigings. Hy verlaat haar en laat op 'n skelm manier die vermoede dat hy dood is. Die ander vryer boer langs haar, 'n Mr Boldwood, en hy vra haar nou om te trou. Sargeant Troy verskyn skielik weer op die toneel om sy vrou weer te probeer uitbuit, maar die jaloerse Mr Boldwood skiet hom dood en beland in die tronk. Farmer Oak se gevoelens het deurentyd dieselfde vir haar gebly. Voorwaar, soos Hardy hom beskryf, 'n 'man for all seasons', is hy toe op die ou end die man wat die vrou van sy drome kry.

Alhoewel die boek handel oor eenvoudige mense in 'n eenvoudige omgewing, lees die boek nie so maklik nie. Hardy kan 'n eenvoudige situasie meesterlik beskryf. Beslis 'n boek vir 'all seasons'.

LAPPIES

---

## FIELA SE KIND - DALéNE MATTHEE

Om hierdie verhaal oor te vertel, sal 'n onreg wees teenoor die boek én die skryfster. Hierdie is 'n boek wat 'n mens self moet lees. Daléne Matthee weet hoe om die leser deurentyd te boei. Haar navorsing is deeglik gedoen, nie net oor die bos en die olifante (soos in Kringe ...) nie, maar ook oor die seevaart van vroeër en die see self. 'n Mens leef jou in in die karakters, omdat die skryfster jou lei tot in hulle diepste gewaarwordinge. Fiela is iemand wat lééf, en is nie net 'n karakter op papier nie. Die skryfster het merkwaardige insig in menslike emosies en verhoudinge.

Die grootste gedeelte van die verhaal speel in die Knysna-bos af; ander dele meer in die oopte, en die res by die see.

Fiela is 'n boek wat mens moeilik neersit en die skryfster het haar nou gevestig as een van ons groot skrywers. Kringe ... gaan blykbaar verfilm word en ek hoop net nie dat dit die boek 'n onreg sal aandoen nie, soos wel gebeur met sommige films. Hierdie boek is 'n definitiewe moet.

LAPPIES

---

## FILMS : WHITE NIGHTS

In "White Nights" vertolk Mikhail Baryshnikov die rol van Nikolai Rodchenko, 'n Russiese balletdanser, wat na die Weste oorgeloop het en vir hom 'n nuwe lewe en roemryke loopbaan opgebou het. Wanneer die vliegtuig waarin hy reis, weens enjinmoeilikheid verplig word om 'n noodlanding in Siberië te doen, word sy vryheid hom ontneem. Die KGB beskou hom as 'n misdadiger en probeer politieke gewin uit sy terugkeer haal. 'n Swart Amerikaanse klopdanser en sy Russiese vrou (Isabella Rossellini) moet aan hom huisvesting verskaf. Die Russe poog om Rodchenko te dwing om weer vir die Kerofteater in Leningrad te dans.

"White Nights" is 'n baie aangrypende film waarin die keuses waarvoor die dansers te staan kom, op 'n baie spannende wyse uitgebeeld word. Verskillende lewenswyses en gesigspunte word op treffende wyse teenoor mekaar gekontrasteer: die Ooste teenoor die Weste, kuns teenoor politiek, vryheid teenoor gebondenheid, swart teenoor wit. Oortuigende vertolkings word deur die hoofspelers gelewer, terwyl die asemrowende dansvermoë van Baryshnikov weer eens sy besonderse talent bevestig. Meesleurende musiek, dans en spel maak van "White Nights" 'n betowerende ervaring.

JEANETTE MARAIS

---

## S A N I B O N A ! D U M E L A N G !

Stephen Khoza (Spanleier)

Ek is seker almal wat werksaam is in die Biblioteekdiens ken vir Stephen. Nogtans wil ons julle graag meer van hom vertel.

Hy is in 1933 in Pietersburg gebore waar hy ook skoolgegaan het. As twintigjarige jongman verhuis hy na Pretoria en begin werk by ene mnr Karpes, in wie se diens hy tien jaar was. Daarna begin hy by die Merensky-biblioteek werk. In Pretoria leer ken hy sy vrou, Martha. Albei van hulle is Shangaans. Hulle eerste seun, Patrick, word in 1958 gebore en daarna volg Elizabeth en Gilty. Sy oudste seun is getroud en Stephen is die trotse oupa van drie kleinkinders. Hulle bly in Winterveld, aan die agterkant van Mabopane, en hy is druk besig om vir hom 'n eie huis te bou.

Ons wil aan hom baie dankie sê vir sy bereidwilligheid om altyd te help as ons 'n probleem het en ons wens hom sterkte toe met die bou van sy huis.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MERENSKY-BIBLIOTEEK RAAK ONTSLAE VAN SY OORTOLLIGE TYDSKRIFTE




Van links na regs: Hilda Finger, Rynette Nel, Schalk Malan, Jaco Kingma

Bogenoemde vier studente was gedurende die vakansiemaande, Desember en Januarie, werksaam by Tydskrifte. Hulle taak was om deur die duplikate van tydskrifte en geskenke te gaan en 'n oortollige publikasielys op te stel. Hierdie oortollige tydskrifte is verdeel en as geskenke aan ander universiteite gestuur. Ons het hulle afgeneem waar hulle letterlik op hulle afgehandelde taak sit, naamlik die verpakte tydskrifte, reg om gepos te word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# AANSTELLINGS




Christa Kruger - Getroud
5 kinders
Afdeling: Tydskrifte

Vorige werkgewer: Biblioteek-assistent by Ferdinand Postma-biblioteek PU vir CHO
Belangstellings: Haar gesin en tennis



Ria Strauss - Getroud
Afdeling: Reprografiese-dienste
Vorige werkgewer:
Predikantsvrou
Tydelike onderwyspos
Belangstellings: Hou daarvan om met jongmense te werk. Bybelkunde



Rynette Nel - Getroud
Afdeling: Tydskrifte
Vorige werkgewer: Student UP
Belangstellings: Fietsry en swem. Bantoetale. Hou daarvan om kaste reg te pak.

**Nog vier mense is hierdie maand aangestel naamlik: Anita Lochner, Willem Visser, Johan Botha en Schalk Malan. Ons plaas hulle fotos volgende maand.**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


## BEDANKINGS



Alida Murray (Tiksters) het 'n pos aanvaar by Buitelandse Sake as buitelandse assistent.



Matilda Pieterse (regs in die foto) verhuis na die Kaap. Sy sal voortaan werksaam wees by die Parlementsbiblioteek.



## IN MEMORIAM

Met leedwese het ons verneem dat mnr. Edgar Snel (Bindery) die nag van 22 Februarie 1986 oorlede is. Hy was met vakansie in Harare waar hy onder meer sy dogter se troue bygewoon het. Mnr. Snel was vanaf 1 Augustus 1981 werksaam by Merensky-biblioteek as assistent-binder.

Ons innige meegevoel aan sy vrou en kinders.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

## BIBLIKASIE

APRIL


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE Sê

Die personeel van die Merensky-biblioteek neem met genoeë kennis van die direkte kommunikasieproses vanaf die rektor aan die werknemers van die Universiteit, en wil graag die volgende aspekte van sy skrywe weereens beklemtoon.

Slegs wanneer daar op ŉ uitnemende wyse voldoen word aan die eise en verwagtings van die samelewing oor die algemeen en die behoeftes van die kliëntegemeenskap in die besonder, kan ŉ universiteit aanspraak maak op bestaansreg en hulpbrontoedeling. Uitnemende funksionering berus egter nie slegs op die gehalte van uitsette nie, maar ook op die doeltreffende aanwending en benutting van beskikbare mensekrag, fondse, fasiliteite, materiaal, apparatuur en tyd.

In hierdie strewe na uitnemendheid, moet die Universiteit van Pretoria onder andere ŉ ontleding maak van die geleenthede en uitdagings in sy taakomgewing, waaruit dan ŉ sinvolle missie en rigtinggewende doelstellings voortvloei as basis vir strategiese doelwitformulering. Dit impliseer dat elke individuele personeellid eiesoortige subdoelwitte moet formuleer wat sal lei tot verantwoordbare aksieplanne en hulpbronaanvraag. Die Universiteit sal ook in toenemende mate ingestel raak op die proses van evaluering, waarvolgens sy effektiwiteit en doeltreffendheid as organisasie bepaal sal kan word, sowel as die effektiwiteit en prestasie van individuele personeellede.




## DIE DOEL VAN KOMMUNIKASIE

Kommunikasie is die belangrike en nimmereindigende proses waardeur ons inligting uitstuur en ontvang. In die proses deel ons feite, gevoelens, idees en houdings met ŉ ander persoon of persone. Kommunikasie geskied nie slegs deur middel van die geskrewe of gesproke woord nie, maar sluit ook stemtoon, gebare, optrede en gedrag in. Kommunikasie impliseer ŉ tweerigtingvloei van informasie. Ongeag die doel van kommunikasie, is daar altyd drie elemente aanwesig: die sender, die boodskap en die ontvanger. Om te kommunikeer impliseer dat daar ŉ pad of kanaal is waarlangs die inligting moet beweeg.

Die vraag kan tereg gestel word: Hoekom ŉ artikel skryf oor kommunikasie? Ons kommunikeer tog elke dag met mekaar; dit is byna ŉ outomatiese proses. Dit is so, maar geslaagde kommunikasie, hetsy op formele of informele vlak, word al hoe belangriker. In hierdie artikel word daar gekonsentreer op kommunikasie in die organisasie, en dan spesifiek in die biblioteekdiens as organisasie waar effektiewe kommunikasie sinoniem geword het met goeie bestuur.

Omdat die hoofde van ons verskillende afdelings so ŉ belangrike rol speel in die kommunikasieproses, is daar met ŉ paar van hulle onderhoude gevoer, naamlik met mej Thea Heckroodt, mev Norrie Nel, mnr Piet de Kock en mnr Otto. In die verloop van hierdie artikel sal daar telkens na hulle menings verwys word.

Kommunikasie is die basis, die hartklop en hoeksteen van enige suksesvolle organisasie. Inligting moet uitgestuur word in verband met veranderinge in beleid, prosedures, reëls en regulasies. Daarvolgens bepaal die personeellid sy of haar optrede. In plaas daarvan dat inligting bekom word via hoorsê, of die "grapevine"-metode waartydens die inligting verdraai kan word, moet kommunikasie so eerlik, volledig en verstaanbaar as moontlik wees. Hoe eerliker en vollediger die inligting is, hoe groter sekerheid is daar by die personeellid oor sy of haar optrede.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dit is dan ook so dat goeie kommunikasie vanaf die kant van die bestuur kan lei tot verhoogde motivering en dus beter dienslewering deur die personeel. Die hedendaagse personeellid is ingestel op werksbevrediging, dus moet sy werk vir hom betekenisvol wees. Hy glo aan die uitoefening van persoonlike keuses. Dit alles het tot gevolg dat kommunikasie nie net in een rigting moet plaasvind nie. Kommunikasie in 'n organisasie beteken die vloei van inligting vanaf die topstruktuur na die werker, maar ook vanaf die werker na die topstruktuur.

Ook horisontale kommunikasie speel 'n belangrike rol, waarby spesifiek die kommunikasie tussen die verskillende afdelings binne die biblioteekdiens bedoel word. Dit is vanselfsprekend dat die totale funksionering van die Biblioteekdiens belemmer kon word, indien horisontale kommunikasie nie geslaagd plaasvind nie.

Kommunikasiekanale

Die vraag kan gevra word of die kommunikasie in die biblioteekdiens voldoende is? Mnr Otto konstateer dat daar 'n noue skakeling is tussen die verskillende afdelingshoofde en topbestuur, maar by enige organisasie bly effektiewe kommunikasie 'n probleem. Daaraan moet voortdurend aandag gegee word. Elke probleem verg ook 'n spesifieke manier van kommunikasie.

Dit is so dat daar binne 'n organisasie 'n geneigdheid bestaan om altyd dieselfde patroon van kommunikasie te volg. Effektiewe kommunikasie beteken dat daar keer op keer keuses gemaak moet word wat die mees effektiewe wyse van optrede sal wees vir elke besondere geval. Basies word daar in die Biblioteekdiens die volgende kanale gevolg:

1) afkondigings en gesprekvoering in die teekamer

2) omsendbriewe

3) direkte persoonlike kontak

4) samesprekings van afdelingshoofde met hulle afdelings

5) formele vergaderings

6) kleingroep-besprekings

7) Biblikasie.

Bogenoemde kanale kom neer op twee vorms van kommunikasie, naamlik die geskrewe of nie-verbale vorm sowel as gespreksvoering, of die verbale vorm. Beide het voordele, sowel as nadele, soos uit die volgende menings afgelei kan word:

Mej Heckroodt:

Ek verkies om inligting deur middel van 'n omsendbrief deur te stuur, eerder as in 'n vergadering of groepbespreking. Die nadeel van vergaderings is dat dit moeilik is om personeel bymekaar te kry vanweë die afneemtye. Die gevolg is dat vergaderings herhaal moet word. In die vakbibliotekarisstelsel kan die hele vlak se personeel nooit tergelykertyd vergader nie, aangesien daar altyd iemand moet wees om die gebruikers te help. Die gebruikers is ook geneig om die vergadering te onderbreek, indien dit op die vloer plaasvind. Mens is ook geneig om in 'n vergadering van die punt af te dwaal, en langer te praat as waarvoor jy beplan het. Met 'n omsendbrief kan jou inligting, veral bestuursinligting, georden word. Dit bereik meer mense gouer. Die inligting is swart op wit en daar kan altyd weer daarna terugverwys word.

Mev Nel:

Die personeel van die verskillende seksies vergader op 'n gereelde basis saam met my. Gedurende hierdie samesprekings word knelpunte uitgelig en probleme bespreek. Dit behels probleme wat die personeel self raak, asook sake in verband met inligting wat vanaf topbestuur afkomstig is. Ons beskou dit as 'n opleidings- en inligtingsvergadering. Indien dit wel ontaard, in die sin dat daar van die punt afgedwaal word, kan dit tog ook sinvol wees. As 'n personeellid iets nie ten volle verstaan nie, word dit bespreek en beskou as 'n uitdaging vir verdere opleiding.

Mnr De Kock:

Geslaagde kommunikasie impliseer dat die boodskap by die betrokke persoon moet uitkom. Ek verkies persoonlike kontak, dus gesprekke wat persoon-tot-persoon gevoer word. In hierdie situasie kan die eerste opborreling of oorreaksie opgevang word. Die personeellid kry ook geleentheid om sy saak te stel en sy mening te lug. So word terugvoer verkry, sowel as duidelikheid of die personeellid wel die inligting korrek verstaan. Opvolging met 'n omsendbrief is ook wenslik.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Mnr Otto:

Voordat 'n omsendbrief uitgestuur word, moet eers persoonlik gekommunikeer word om seker te maak dat die personeel begryp waaroor dit handel.

Dit is uit die voorafgaande menings duidelik dat verskillende kommunikasiekanale gebruik kan word. Binne 'n gesprek-situasie kan jy jou boodskap verpersoonlik, terwyl jy met 'n omsendbrief 'n groter aantal mense kan bereik.

Word ons nie oorlaai met kommunikasie nie?

In die volgende artikel word hierdie tersaaklike vraag bespreek.

ELSABé VAN DER MERWE

BRONNE


1. LYNCH, B P
   Supervisory Training in Libraries: Performance appraisal, communication, decisionmaking, and motivation. Journal of Library Administration vol 1(3) 1980, p 33 -

2. BROWNELL, J
   Increasing your credibility. Supervisory Management Dec 1982, p 31 -

3. D'APRIX, ROGER
   The oldest (and best) way to communicate with employees.
   Havard Business Review vol 60(5) 1982, p 30-

4. CARUTH, D et al
   How to communicate to be understood.
   Supervisory Management Febr 1982, p 30-

5. GIBSON, J W et al
   Self-disclosure: A Neglected Management Skill.
   IEEE Trans. on professional communication
   vol 28(3) 1985, p 41-

6. POWELL, J T
   Remarks.
   Personnel Journal July 1983, p 580-

7. FOLTZ, R G
   Learning to speak with one voice.
   Public Relations Journal July 1982, p 29-

8. PETERS, M L
   How important is interpersonal communication?
   Personnel Journal July 1983, p 554

9. HALATIN, T
   Upward communication.
   Supervisory Management. Oct 1982, p 7-


## IS DIT HOE ONS KOMMUNIKEER?

### COMMUNICATION CYCLE

TO : DIVISIONAL MANAGER
FROM: MANAGING DIRECTOR

"On Friday evening at approximately 5.00 p.m. Halley's Comet will be visible in this area, an event which occurs only once every 75 years. Please have the employees assemble in the area outside the building and I will explain this rare phenomenon to them. In case of rain we will not be able to see anything, so assemble the employees in the canteen and I will show them a film of it."

TO : ASSISTANT MANAGER
FROM: DIVISIONAL MANAGER

"By order of the Managing Director, on Friday at 5.00 p.m. Halley's Comet will appear above the area outside the building. If it rains please assemble the employees and proceed to the canteen where this rare phenomenon will take place, something which occurs only every 75 years."

TO : PROJECT MANAGER
FROM: ASSISTANT MANAGER

"By order of the Managing Director, at 5 p.m. on Friday the phenomenal Halley's Comet will appear in the canteen. In case of rain in the area outside the building, the Managing Director will give another order, something which occurs once every 75 years."

TO : TEAM LEADERS
FROM: PROJECT MANAGER

"On Friday at 5.00 p.m. the Managing Director will appear in the canteen with Halley's Comet, something which happens every 75 years if it rains. The Managing Director will order the Comet into the area outside the building."




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TO : TEAM MEMBERS
FROM: TEAM LEADER

"When it rains on Friday at 5.00 p.m. the phenomenal 75 years old Bill Haley accompanied by the Managing Director, will drive his Comet through the area outside the building to the canteen."

TAKEN FROM: S A Draughtsman/Tekenaar - July 1985




## REDAKSIONEEL

Vandeesmaand begin Biblikasie met 'n artikelreeks oor kommunikasie. Die nuwe en direkte kommunikasieproses vanaf die rektor aan alle personeellede van die Universiteit, bevestig die noodsaaklikheid van effektiewe kommunikasie op alle terreine.

Baie dankie vir al die interessante en verrykende bydraes wat ons ontvang. Dit maak van Biblikasie 'n plesierige potjiekospot vol liplekker leesstof!

Ons redaktrise, Elsabé van der Merwe het saam met Andrea Bosman weggebreek na die Karibiese Eilande, waar hulle op 'n jag gaan rondvaar en verskeie eilande gaan besoek. Groen van jaloesie, hoop ons dat hulle elke oomblik terdeë geniet.

Alles van die beste, tot volgende maand.

JEANETTE EN HANNIE

**"AS MY GEDAGTES MY BEDRUK, KAN NIKS MY SO BAIE HELP SOOS MY BOEKE NIE. HULLE IS DIE BESTE PROVIAND WAT EK NóG VIR HIERDIE MENSLIKE REIS GEVIND HET. EN EK IS WERKLIK JAMMER VIR DIE MENS VAN BEGRIP WAT DIE PLESIER EN DIE ONDERSKRAGING VAN BOEKE MOET ONTBEER".**

**MICHEL DE MONTAIGNE**

## DWAALBEGRIPPE IN DIE BIBLIOTEEK

Tydens 'n onlangse literatuursoektog het ek op 'n aantal dwaalbegrippe afgekom wat besonderlik tot my, en ek glo ook tot ander kollegas, spreek. Onder die opskrif Fallacies of librarianship (College and research libraries news, Januarie 1982 en voortgesit in April 1982) het 'n Britse bibliotekaris 'n lys gemaak van "erroneous but commonly-held beliefs maintained by some library professionals". Hierdie een het my dadelik opgeval:

* A love of books is a useful prerequisite for a librarian.

Ten spyte van my weinige ervaring van biblioteekgeboubeplanning kon ek reeds die valsheid van die volgende stelling waardeer:

* A library building that wins a prize for architecture is functional.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die stelling "Shelf browsing is unimportant for the serious scholar" verdien spesiale oorweging wanneer die gebruikspatroon van tydskrifte ontleed word met die oog op tydskrifsentralisasie.

Die volgende stellings mag die vakbibliotekarisse interesseer:

* Directional questions are not reference questions.

* The computer and data bases will solve all information problems.

* The computer and data bases can solve none of our information problems.

* Data base services will be abused by users if charges are not affixed.

Die wêreld van die interbiblioteeklenings het ook 'n aantal vergissings opgelewer:

* Interlibrary borrowing is expensive.

* Interlibrary borrowing is a cheap substitute for acquisition.

* Interlibrary borrowing is no substitute for acquisition.

* The distance between a lending and a borrowing library affects the speed of supply.

Laura Pienaar sal die "waarheid" van die volgende valsheid kan waardeer:

* Gift books are free.

En, les bes, het ons waarskynlik almal al die valsheid van die volgende stellings agtergekom:

* Users can find their own way around a library.

* A library that receives no complaints is a good library.

* Holdings are more important than services.

* All that is needed to improve a library service is more money and more staff.

ESTRELLITA WEYERS

## TERLOOPS...



Op 5 en 6 Mei vergader die Interuniversitêre Biblioteekkomitee by die Universiteit van die Witwatersrand. Prof Gerryts sal die leiding neem by die werkgroepvergadering.

Op 16 Mei vind 'n simposium in die Senaatsaal plaas oor navorsing en die toekoms, waarvan prof P Smit (Vise-rektor, Geesteswetenskappe) die voorsitter is. Prof Gerryts lewer 'n referaat oor die rol van die biblioteekdiens in die ondersteuning van navorsing.

Radio Tuks het met prof Gerryts samesprekings gehou oor die musiekuitsendings wat tussen 13h00 en 14h00 voor die Merensky uitgesaai word.

Biblikasie gaan in die komende maande sy lesers goed op hoogte hou van alle verwikkelinge met betrekking tot die benutting van Ou Merensky, sowel as die bouprojek wat daarmee saamhang.

## HET U GEWEET?

'n Glas warm suurlemoenwater met 'n kwart teelepel heuning verskaf energie, sowel as 'n goeie porsie vitamine C.

'n Glas verdunde wortelsap is 'n ryk bron van vitamine A, wat vir die vel en oë wondere verrig.

Natuurlike jogurt met brouersgis daarby is 'n baie goeie middel om die sisteem mee te reinig. Rou spinasie bevat baie ru vesel.

Wanneer jou parfuum gou verslaan of jou lipstiffie vinnig van kleur verander, of goue juwele swart verkleur op jou vel, sal dit jou baat om elke oggend 'n glas water te drink waarin een teelepel sitrussoda opgelos is.

ANNATJIE BOTES.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## WAT IS SABINET?

### DEEL 4

UKMARC-bande

1. Inhoud

Die UKMARC-bande bevat rekords van publikasies wat deur die British Library ooreenkomstig die Britse kopieregwet ontvang word en sluit ondermeer rekords van monografieë.

die eerste uitgawe van tydskrifte en daaropvolgende veranderinge van 'n tydskriftitel in.

Die volgende tipes bande kom nie op die UKMARC-bande voor nie:

(a) Sekere Britse Regeringspublikasies soos:

(i) Parlementêre dokumente

(ii) Nie-Parlementêre dokumente, dit is roetine administratiewe publikasies soos omsendbriewe, amendamente, regulasies, ensovoorts.

(b) Publikasies wat nie in Brittanje uitgegee is nie, behalwe regeringspublikasies van die Republiek van Ierland.

(c) Musiek

(d) Kaarte

(e) Tydskrifte (behalwe die eerste uitgawe van 'n nuwe tydskrif asook die eerste uitgawe van 'n tydskrif met 'n nuwe titel).

Die UKMARC-bande bevat ook AP-rekords vir publikasies wat nog gaan verskyn. Hierdie rekords word aan die hand van inligting wat vooraf deur die uitgewers verskaf word, en dus nie van die boeke self af nie, voorberei. AP-rekords word hersien wanneer titels gepubliseer en deur die British Library ontvang is. Onderskeid word tussen die rekords getref deur die annotasie "AP-rev." by te voeg.

2. Klassifikasie, formaat en inhoud

Vanaf Januarie 1981 is rekords volgens die 19de uitgawe van Dewey geklassifiseer. Rekords word bibliografies ontsluit volgens AACR2. Library of Congress onderwerpshoofde en klassifikasienommers word ook gebruik.

3. Frekwensie van verskyning

Die UKMARC-bande verskyn weekliks en ongeveer 47 000 rekords word jaarliks versprei.

4. Kopiereg op UKMAC-bande

Daar bestaan kopiereg op die bande. Gebruikers wat die bande ontvang teken 'n ooreenkoms waarin toestemming verleen word dat rekords alleen vir interne doeleindes hergebruik kan word, byvoorbeeld vir die vervaardiging van 'n katalogus van versamelings van eie biblioteke of vir die verspreiding daarvan aan lede van 'n netwerk. Die herverspreiding van rekords deur 'n derde party word verbied.

BRON: SABITECH no 22 (1986/02/07)

MARIANA NIEUWOUDT

## vermaak



MUSIEK

| | |
|---|---|
| 1 Mei 13h10 | Etensuurkonsert Musaion<br>José Montoya Spaanse Dansgroep |
| 14 Mei 19h30 | Musaion<br>Personeelkonsert, Departement Musiek |
| 15 Mei 13h10 | Etensuurkonsert Musaion<br>Universiteit van Pretoria Simfonieorkes |
| 22 Mei 13h10 | Etensuurkonsert Musaion<br>René Bezuidenhout (klavier)<br>Veronika van der Lancken (harp) |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Aande en etensuur
Die Lier

27 Mei, 29 Mei Eenbedrywe - Tsjechof
Carel Trichardt
Aande en etensuur
Die Lier

29 Mei
13h10 Etensuurkonsert Musaion
Christa Kuun (klavier)
Ronelle Bosman (fluit)
Ebbie Malan (klavier)

30 Mei
19h30 Musaion
Universiteit van Pretoria
simfonieorkes onder leiding van
Alan Solomon

DRAMA

1 Mei, 3 Mei Kort stukke - Johan Visser
Aande en etensuur
Die Lier

13 Mei, 15 Mei Liefdesmoleste -
Molière/Feydeau,
Abri le Roux

## EN SO VERTEL...

## NUUS UIT DIE KAAP

Dit is etenstyd en ek sit en skryf in die tuine op my geliefkoosde plekkie voor die Kunsmuseum. So het ek 'n dammetjie met wonderlike waterlelies en seemeeue voor my, en kyk ek uit op die berg. Dit is so 'n regte Kaapse dag met sagte sonskyn en baie wolke wat die kleure meer intens laat lyk. Hier was nou net 'n eekhorinkie wat ewe oulik, kom bedel het.

Ek dink ek ly nog 'n bietjie aan skok. Alles het net te vinnig gebeur. Toe ons na 'n hele dag se ryery in moordende hitte stilhou en uitkyk oor die pragtige Paarlvallei met sy groen wingerde en wit geboue, het ek al sekerder begin voel dat ek tóg in die Kaap wil wees. Met ons aankoms in Pinelands, het daar 'n koel suid-oostelike briesie opgesteek, die berg het vol skadu's gelê, en my moegheid was sommer beter. 'n Blitsbesoek aan Muizenbergstrand het ons die versekering gegee dat alles die moeite werd is!

Ter verwelkoming by die Parlementsbiblioteek het die Suidooster my Maandagoggend feitlik uit die stasie binne-in die Parlement gewaai. Die mense by die werk was almal baie gaaf, maar alles was baie deurmekaar. Van 'n oriënteringsprogram was daar geen sprake nie! Ek het reeds begin om my eie "kliënte" bymekaar te maak, en is amper net so besig soos in die Merensky. Ek werk van 8h45 tot 18h00, en verrig ook na-uurse diens. Ek werk elke tweede Saterdagoggend, en elke vierde Woensdagaand tot 22h30, met geen krediettyd of af-middae of fleksietyd nie. Ek moet sê, ek mis Merensky se na-uurse dienslewering hartstogtelik!

Dit is baie interessant om in die Parlementsbiblioteek te werk, in die gebou waar mens al die "grootkoppe" sien. Daar is ongelooflike sekuriteit. Dit is veral opwindend wanneer iets spesiaals gebeur soos die Staatspresident se onlangse toespraak oor Suidwes-Afrika, of die begrotingstoespraak. Dan wemel die plei van perskameras en mense. Almal hardloop rond en bespiegel oor wat gaan kom. Daar heers so 'n gelaaide atmosfeer. Ek het in beide gevalle gaan luister én kyk. Vir drie minute lank, lui klokke dwarsdeur die gebou. Dan moet almal die Raadsaal binnegaan, want wanneer die klokke ophou lui, sluit die deure en mag niemand meer binnegaan nie. Die prosessie volg dan, met die Speaker en die ampstaf vooraan.

Mens kry ook dikwels terugvoering deurmiddel van die media. Ek hoor dikwels soggens met die Parlementsverslag hoedat lede praat oor onderwerpe waaroor ek inligting aan hulle verskaf het, of lees in die koerante wat gebeur het. Sommiges kom vertel ook wat met hulle mosies gebeur het. Inligting moet meesal blitsig gevind word. Lede stuur soms bodes uit die sitting om gou-gou inligting te kom vra. Wat ons nie beskikbaar het nie, moet ons "uitbel". Dit is vir my baie bevredigend om die mense van die verskillende Kamers te leer ken. Ook die "groot name" in die Presidentsraad, is eintlik maar gewone gawe mense.

Vir my is dit nog 'n ongelooflike gedagte dat ek see toe kan gaan wanneer ek wil. Ek kan maar net nie gewoond raak aan die berg wat so kolossaal bo alles uittroon nie, met die hawe en see daaronder. Sondae gaan haal ons gereeld bietjie "brandstof" vir die week langs die see. So baie het al met my gebeur in die weke wat ek weg is uit Merensky. Van ons "rustige lewe" in die Kaap het tot nou toe, nog net mooi niks gekom nie!
Ek mis julle almal baie.

MATILDA PIETERSE


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BELOFTES...BELOFTES...BELOFTES

"Geen bolle of enige lente-goed hierdie jaar nie. En as daar gesaai word, alles gekonsentreer op een kol, asseblief. Dis droogte, ons moet water spaar, en buitendien kan ons nie so 'n groot tuin behartig nie". Dis ek aan die woord gedurende Februarie. Die res van die huishouding stem saam.

En ons beplan. 'n Droë tuin, met 'n klein beddinkie vir kleur. Ek neem boeke uit: "The small garden", "Gardening in small places", "Small gardens for city and country". Dit vorder. Die tuin krimp en ons vermy die kwekerye soos die pes. Ons steur ons nie eers aan die Guides se verkoping van "Bulbs for a spring carpet" nie.

Maar ek het nie rekening gehou met die pers nie. Die BEELD van 1 Maart blaker dit in groot letters uit: "Plant 'n belofte vir volgende lente" en vervolg verder "Die natuur het ons geleer dat wanneer ons 'n belofte plant dit werklik werk .... herfs (is) die tyd wanneer ons 'n belofte plant wat na die lang wintermaande vir ons plesier gaan verskaf. Dit is veral die geval met lente-blommende bolle soos affodille en tulpe". En iewers begin iets knak. Hierdie lente-bolle wat party net so hard en bruin soos klippies is en ander weer so morsdood en kleurloos soos uie lyk, het die eienaardigste uitwerking op 'n mens. Jy sien skielik 'n Keukenhoffie in die kleine en 'n Engelse affodille-veld, en jy vergeet totaal en al van jou droë Hoëveldtuin.

Toe kom Paasnaweek. Hierdie naweek is by ons nog altyd die Groot Tuinmaaknaweek. Dan word alles geplant wat geplant of herplant moet word, gesaai wat gesaai moet word, en aan die einde van die naweek sien jy net vars beddings oor die hele erf - sonder aansiens des arbeids lateraan.

Paasnaweek 1986 kom toe ook, en soos beplan is daar geen bolle, geen saad, geen plantjies voorhande nie. Hoe aaklig, aaklig leeg!! Gelukkig is Leeubrug oop! Beloftetjies te kus en te keur! Verwoed spit en plant ons, en siedaar - 'n Keukenhoffie in die kleine, 'n Engelse affodilleveld, en genoeg saad vir die hele Namakwaland oral oor die hele erf gesaai.

En my goeie voornemens dan?

'n Belofte is 'n belofte ..... ANNE VAN ZIJL

## 'N TELEURSTELLING

Wat het Halley se komeet vir ons as gesin gebring? Vir twee lede 'n bietjie plesier en vir die ander drie teleurstelling.

Met visioene van 'n groot helder bal met 'n lang blink stert, is die koms van die natuurverskynsel met asemophou en opgewondenheid afgewag.

Ons jongste twee knape het vroeg in Maart al hulle wekkers gestel en om drie voormiddag komeetkykers geword. Hulle kommentaar? Nie sleg nie, maar sy stert is maar kort.

Ek, wederhelf en ons oudste knaap besluit toe om te wag tot 11 April, want dan is 'ta' mos naaste aan die aarde en teen daardie tyd sal mens nie so vroeg hoef op te staan nie. Helaas, was ons maar nie so lui en gemaksugtig nie!

Teen einde Maart word ek omgepraat om my wel een oggend te lig, en is vooraf mooi wysgemaak dat dit die beste is om met oë styf toegeknyp na buite te beweeg en dan in 'n suidoostelike rigting te draai voor die oë oopgemaak word. En al weet mens ook presies waar al die meubels staan, is dit verstommend hoe hulle in die donker van posisie verander en voor mens inspring. Klink so 'n vasloop in 'n stoel of tafeltjie nie oorverdowend hard in die nagstilte nie? As gevolg van die kabaal is wederhelf ook gewek en sluit hom by ons aan.

En die beloning vir die moeite en swaarkry? 'n Maanlignag so helder dat dit Halley se komeet sou verbloem het, al was laasgenoemde ook 'n groot helder bal met 'n lang blink stert.

Toe 11 April wel aanbreek, was dit bewolk en het die komeet soos 'n dowwe wolkie vertoon wat skaars met die blote oog sigbaar was. Met behulp van 'n teleskoop of verkyker sou mens dit wel kon sien.

Kans op 'n weersiens is daar nie vir middeljariges nie - dus is dit neusie verby vir my en wederhelf; ons oudste knaap kan dit wel maak, indien hy 94 haal!

ELISABETH VILJOEN



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


## PRYSSTYGINGS! P R Y S S T Y G I N G S !

"Pappa, wie sê die pryse moet so opgaan?" Woorde uit die mond van ons vierjarige kleuter wat ons stomgeslaan het.

Dis nou 14 jaar later en nou vra ek ook "WIE sê die pryse moet opgaan? Ek weet daar is dinge soos inflasie en al daardie slim verskonings, maar niemand kom tot die punt nie. Die een gee die petrolprys die skuld, die ander die suikerprys, die boere die Minister van Landbou, die verbruikers die boere en so gaan ons aan.

Met al die gekibbel bly ons die mense wat aan die kortste end trek. Gaan kyk maar week vir week hoe pryse die hoogte inskiet. Hoe die bottel skottelgoedseep se prys sommer met 50c styg, die pak seeppoeier met 80c, daardie baie belangrike rolle papier in elke huis sommer so onder ons oë in prys verdubbel! Nou het ek al ook gewonder wat maak ander huisvrouens om te bespaar. Ons almal moet skottelgoed, klere en jouself was, daarop kan niemand bespaar nie. Die botter kan jy vervang met margarien al is dit nie so lekker nie, maar soos my man sê, as mens omtrent net brood eet, moet 'n mens darem 'n ou bottertjie by hê. Van die vleis wil ek nie eers praat nie, maar dit was opmerklik by die laaste braaivleis wat ons bygewoon het (dit was 'n bring en braai) daar niemand was wat 'n tjoppie of biefstuk of so-iets luuks gebraai het nie, dit was net sommer hoender en wors. So wys dit die inflasiegogga byt almal seer. Maar sê my net asseblief WIE sê die pryse moet opgaan???

JOGGIE




## BESEF ONS WAT IS DIE WAARDE VAN ONS OUERS?

As kind besef mens dikwels nie wat jou ouers werklik vir jou beteken nie. Jy dink meestal dat hulle maar net daar is.

Gedurende die afgelope Paasnaweek het ek opnuut besef hoe belangrik hulle vir my is. Na 'n rit van vier en 'n half uur, word jy met 'n stomende koppie koffie verwelkom as jy lyfseer en moeg die huis binnestap.

Die allerheerlikste feesmaal word aan jou voorgesit. Geen moeite is in die voorbereiding daarvan ontsien nie. Die ou koolstoof kreun eintlik onder die aanslag van al die potte.

Selfs die tas met klere word sorgvuldig deurgegaan om te sien of daar nie dalk iets verstel of reggemaak moet word nie. Wanneer die terugtog begin, is daar veel meer bagasie as waarmee jy gekom het. Beskuit, koek, vars plaasprodukte, eiers en vleis word aangedra, sowel as padkos en aandete.

Wanneer ek sien wat my ouers alles vir my doen, kan ek net die Here dank. Hulle is wonderlik, en is vir my van onskatbare waarde.

CORRIE DU PREEZ

## NUWE IBM'S TOG OP PAD

OU MODEL PERSOONLIKE REKENAARS KAN SPOTGOEDKOOP WORD

BOSTON - International Business Machines (IBM) sal vanjaar twee en dalk drie nuwe persoonlike rekenaars aankondig, word verwag. Sommige ontleders praat al van binne die volgende paar maande.

Die prys van die bestaande rekenaar, nou vyf jaar oud, sal drasties daal, word boonop verwag. Dit sal gedoen word om die mededinging teen te werk van goedkoop rekenaars wat versoenbaar is met die IBM, of, soos hulle genoem word, IBM-klone.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Ek dink daar is weinig twyfel dat die dae getel is van IBM se oorspronklike persoonlike rekenaar. Om van sy geweldige voorraad ontslae te raak, sal die prys aansienlik gesny moet word," sê mnr Gibbs Moody, ontleder van die mark vir mikrokompers by die groep Gartner.

Die prys van 'n basiese IBM-rekenaar kan voor einde vanjaar onder $1 000 daal, teenoor $3 500 net twee jaar gelede, voorspel die groep.

Teen $1 000 sal so 'n rekenaar beskou word as 'n kommoditeit, eerder as 'n duur sakewerktuig. Die vraag sal gevolglik skerp styg, sê mnr Moody.


"Om die prys af te bring tot onder $1 000 is gewoonlik 'n aansporing in die vraag in die elektronika. Ons het dit met video-opnemers gesien," sê hy. Die vraag na persoonlike rekenaars het aansienlik gedaal sedert die spits van die vroeë jare tagtig, toe die bestellings jaarliks verdubbel het.

Die vraag sal vanjaar traag wees, omdat almal wag op laer pryse én die nuwe IBM's. Mnr Rick Inatome, president van Inacomp Computer Centres Inc (Inac), 'n kettinggroep van handelaars, het pas 'n laer verdienste aangekondig. Die verkoopmomentum het in Januarie afgeneem omdat "die mededinging uit Asië en bespiegelinge in die media oor IBM se prysdaling en die posisie van sy produkte onsekerheid in die markplek geskep het. Dit het die afset gedemp".

Meer as 'n jaar is in die bedryf bespiegel dat IBM 'n nuwe geslag persoonlike rekenaars het wat wag om onthul te word.

Die gerugte het sŏ sterk geloop dat 'n senior man by IBM die buitengewone stap gedoen het om te ontken dat so 'n rekenaar aan die kom is. Die maatskappy het geen planne gehad om voor einde verlede jaar 'n nuwe rekenaar in die mark te bring nie, het hy gesê.

BRON: Finansies & Tegniek, 28 Maart 1986







"UNFORTUNATELY, WE HAD TO SELL THE BOOKS IN THE LIBRARY SO WE COULD AFFORD TO BUY A MICRO-COMPUTER."

## ENKELE OPMERKINGS OOR DIE STRUKTUUR EN ONTLEDING VAN ARGUMENTE

In kritiese beredenering word die rasioneel-radikale ondersoek gerig op die rasionele basis van standpunte, stellings en aannames waarop meningsgsverskille berus. Een manier waarop hierdie meningsverskille hanteer kan word, is om die argumente wat ter ondersteuning van die standpunte ens aangebied word, te ontleed, te herkonstrueer en te evalueer.

2.1 Ter agtergrond moet die volgende in gedagte gehou word betreffende rasionele argumentasie:

- Dit is 'n sosiaal-menslike aktiwiteit, gebonde aan die spel-reëls van die besondere tipe gesprekvoering.

- Dit is 'n verstandelike aktiwiteit wat op denke berus - vandaar die eis om redelikheid.

- Dit is 'n verbale aktiwiteit wat sonder taalgebruik ontmoontlik is. Alle probleme wat rondom taalgebruik voorkom, is derhalwe ook hier ter sprake.

  Dit het betrekking op aannames en menings en is slegs as argumentasie moontlik wanneer verskille voorkom.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- Die doel van argumentasie is om menings ens te versterk of te verswak deur dit aan te val of te verdedig. Hiermee tree die kritiese funksie na vore.

- Argumentasie is gerig op die verkryging van instemming op grond van redelike beoordeling.

- Argumentasie bestaan uit 'n konstellasie van uitsprake wat aan toetsing onderwerp word. 'n Argument word deur 'n spreker aangebied wat 'n mening teenoor die luisteraar probeer regverdig of verswak deur middel van 'n konstellasie van uitsprake.

2.2 'n Argument kan omskryf word as 'n stel van proposisies wat verdeel kan word in twee klasse te wete die premisses en die gevolgtrekking, waar die premisses in 'n bepaalde verhouding tot die gevolgtrekking staan. (Proposisies is waar of vals, maar argumente is geldig of ongeldig; 'n argument is wel saamgestel uit bewerings (proposisies), maar die argument as geheel en per se, is geen bewering nie). Eenvoudiger gestel, 'n argument word aangebied wanneer redes aangebied word om 'n bepaalde standpunt te steun. Alle argumente toon die "wat-waarom" patroon:

| REDES | | GEVOLGTREKKING |
|---|---|---|
| (Waarom) | Ondersteun | (Wat) |

2.3 Argumente moet onderskei word van blote bevestigings. 'n Bevestiging is 'n bewering wat as waar aangebied word en waarin daar geen redes ter ondersteuning van 'n standpunt aangebied word nie.

2.4 Alvorens argumente geëvalueer kan word, moet dit eers geïdentifiseer word. Argumente word geïdentifiseer aan hand van die bepaalde verwantskap wat tussen die verskillende bewerings gestel word.

(i) In argumente word dikwels van aanwysers gebruik gemaak. Hierdie aanwysers bevat woorde of frases waardeur die premisses en gevolgtrekking geïdentifiseer kan word. Algemene premisses aanwysers is bv omdat, en wel om die volgende redes, aangesien, ens. Gevolgtrekking aanwysers wat dikwels gebruik word, is bv Dus, Gevolglik, Daarom, Hieruit volg dat, ens.

(ii) Alle argumente bevat egter nie aanwysers nie. In sulke gevalle is dit nuttig om die "wat-waarom" patroon te ontleed.

2.5 Argumente kan enkelvoudig of saamgestel wees. Enkelvoudige argumente bevat een gevolgtrekking met meer as een premisse. Saamgestelde of komplekse argumente bevat normaalweg 'n hoofargument met verwante subargumente waarvan die gevolgtrekking van die subargumente as premisses in die verwante sub- of hoofargument gebruik kan word. Dit is belangrik om nie alleen die verband tussen die premisses en gevolgtrekking te bepaal nie, maar ook dié tussen die verskillende argumente.

2.6 'n Probleem wat in sommige argumente voorkom, is dié van die verswygde aanname. Dit kom voor wanneer sekere aannames as vanselfsprekend aanvaar is en dit as onnodig beskou is om enige redes daarvoor aan te bied. In die ontleding van die argument moet sulke verswygde aannames genoteer word veral as dit relevant is vir die geldigheid van die argument.

2.7 Alle bewerings wat in saamgestelde argumente voorkom, is nie noodwendig relevant vir die strukture van die argument nie. In die rekonstruksie van die argument, moet die premisses en gevolgtrekkings versigtig onderskei word van ander tipe bewerings ten opsigte van agtergrond inligting, herhaling van dieselfde redes en gevolgtrekkings in verskillende formulerings, emosionele taalgebruik, kwalifisering van stellings, ens.

2.8 Die evaluering van argumente vereis nie alleen 'n bedrewenheid in die rekonstruksie van argumente nie, maar 'n besondere bedrewenheid en insig in die opspoor en identifisering van foute wat in beredenering voorkom.

- Drogredes of skynargumente kom dikwels voor en beteken presies dit wat met die terme beskryf word. Oënskynlik lyk dit asof die premisses die gevolgtrekking ondersteun, terwyl dit in analise toon dat dit òf geen ondersteuning bied nie, of slegs gedeeltelike ondersteuning bied.

2.9 Vir die evaluering van argumente is dit ook nodig om te onderskei tussen deduktiewe en induktiewe argumente, aangesien die kriteria vir wyses waarop die premisses die gevolgtrekking ondersteun, verskil. (Let wel:


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die onderskeid tussen deduktiewe en induktiewe argumente is nie geleë in die beredenering van algemeen besonder of besonder algemeen nie, maar in die wyse waarop die premisses die gevolgtrekking ondersteun. Deduktiewe argumente is logies seker terwyl die premises in induktiewe argumente, slegs waarskynlike gronde vir die gevolgtrekking bied).

- ŉ Komplekse argument kan uit sowel deduktiewe as induktiewe argumente saamgestel wees, waarvan sowel die deduktiewes as induktiewes weer hoof- en subargumente kan vorm.

- Die geldigheid/ongeldigheid van deduktiewe argumente word getoets aan hand van die hef-en-stel tabelle of vervangingsreëls wat vereis dat die struktuur van die argument in die simboliese logika herskryf moet word.


- By induktiewe argumente word onderskei tussen die induktiewe basis of grond (premisse) en die induktiewe veralgemening (gevolgtrekking). Die verhouding tussen die premisses en die gevolgtrekking word beskryf in terme van die induktiewe krag of ondersteuning wat nie kwantifiseerbaar is nie maar omskryf word in grade van "swak", "redelik", "goed" ens. As gevolg van die mate van induktiewe ondersteuning bestaan daar geen meganiese of rigiede metode waarvolgens bepaal kan word presies in watter mate die induktiewe ondersteuning "swak" of "goed" is nie. Die kritiese evaluering van induktiewe argumente vereis ŉ versigtige, deurdagte, argument-tot-argument analise aan hand van bepaalde oorwegings waarvolgens die induktiewe ondersteuning versterk of verswak word.

DR T TRICHARDT

---

**"DIE IDEALE MENS DRA DIE TEENSLAE WAT DIE LEWE BRING MET WAARDIGHEID EN GRASIE EN PROBEER ALTYD DIE BESTE UIT SY OMSTANDIGHEDE HAAL".**

**ARISTOTELES**




MEI

2 Mev Elize Smit
(BOEKONTVANGSTE)

3 Mev Alida von Backstrom
(SEKRETARESSE)

Mnr Willem Visser
(TOONBANK)

5 Mej Rynette Nel
(TYDSKRIFTE)

6 Mnr Rolf Tönsing
(NAVORSING)

8 Mej Gerda Pretorius
(IBL)

9 Mej Sjeuwke Agema
(MAKRO-ONTSLUITING)

10 Mev Amelia Breytenbach
(MAKRO-ONTSLUITING)

11 Mnr W Duminy
(ADJUNK-DIREKTEUR)

14 Mnr Johan Botha
(TOONBANK)

15 Mev Ria Strauss
(GSV)

17 Mev Frea Lessing
(FINANSIëLE ADMINISTRASIE)

25 Mev Mara Grobbelaar
(IBL)

Mnr Christo de Wet
(GSV)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

26 Mnr Hannes de Kock
(TOONBANK)

27 Mev Minda Meyer
(BOEKONTVANGSTE)

28 Mev Hannie Pretorius
(TYDSKRIFTE)

29 Mej Magda Celliers
(BOEKONTVANGSTE)

## GELUKWENSE

Baie hartlik geluk aan Olivia Webb, Christa Strydom en Makkie Biggs en Ina Engelbrecht wat elk die graad B.Bibl. verwerf het.

Matthew Syphus, die vorige hoof van Tydskrifte-administrasie, het die graad B.Bibl. (Hons) met lof geslaag.

Die SAIBI-prys (Noord-Transvaal) vir die beste finale jaar B.Bibl-student is aan Johanna Wilmans van UP toegeken.

Baie geluk.

Hein en Kitty Enslin het vroeg op 16 April in Pretoria 'n dogter ryker geword. Die kleinding sal eersdaags saam met Pappa en Mamma na Daniëlskuil vertrek waar Hein verlede maand as predikant bevestig is.

Veels geluk !

Rynette Nel het op 29 Maart verloof geraak aan Hannes Steyn. Baie geluk, Rynette!

**"DIE TYD IS DIE ONVERKLAARBARE GRONDSTOF VAN ALLES. DAARMEE IS ALLES MOONTLIK; DAARSONDER, NIKS. ONS SAL NOOIT MÉÉR TYD Hê AS WAT ONS NOU HET NIE. ONS HET NOU, EN ONS HET NOG ALTYD GEHAD, AL DIE TYD WAT DAAR IS".**

**ARNOLD BENNETT**

## BIBFLITSE

## KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

"Môre tannie. Ek soek, ons soek ...." 'Tannie' is die amptelike naam wat hier by die Instituut aan my toegesê is. 'Ek soek'....." "Ons soek ....." is woorde wat male sonder tal gebruik word! Mens moet goed weet waarna hulle soek, anders kan die situasie taamlik verwarrend wees.

"Ek soek my familie", 'Ons soek ons stamvaders', 'Ek soek my voorgeslagte' kan die oningeligte dalk laat wonder of daar onder tafels en tussen rakke na famielielede wat wegkruipertjie speel, gesoek moet word! Tannie weet darem nou al dat hulle na geslagregisters en stambome kom soek.

Komiese situasies duik gereeld op. "Ek soek die boek oor die man met die kort hare" dui daarop dat "De Man die zijn haar kort liet knippen" gelees moet word. 'n Student wat sê: "Ek moet 'n boek lees oor 'n vrou wat van ver af kom" is op soek na "Eline Vere" deur Louis Couperus. As tannie gevra word of sy dalk 'n Joachim het wat oornag uitgeneem mag word, gee sy ewe gewillig "Joachim van Babilon". "Tannie, waar is die boeke oor die Nederlanders wat drooggemaak het?" dui nie daarop dat die flukse Nederlanders iets verkeerd gedoen het nie, maar verwys na die drooglegging en herwinning van grond in Nederland.

Vandat die finalejaar Beeldende Kunstestudente 'n ateljee op die grondvloer betrek het, het hulle ook gereelde gebruikers hier by my geword. Hulle soek voortdurend na "prentjies" om te sien hoe verskillende kunsstyle gebruik word. Soms vereis die situasie moederlike raad. 'n Desperate jongeman kom hier ingestorm: "Tannie, hoe kry ek hierdie groen verf uit my broek? My ma het gesê sy slaan my dood as ek weer met 'n verfbesmeerde broek by die huis kom!" Praktiese raad word gegee, en die volgende dag lê 'n roosknop op my tafel met die boodskap: "Dankie vir die raad, dit het gehelp. Van die groenbroek ou".

Ek het lief geword vir die studente, en aanvaar my amptelike Instituutnaam met liefde. Dit is seker maar die grys hare wat respek afdwing.

JO BREED



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TIKSTERS

Met die bestelling van die geel band vir die rugbeskrywings het daar oudergewoonte weer fout gekom, ten spyte dat ons hierdie keer vooraf beplan, uitgewerk en beslis betyds bestel het. Iets soos 'n teleks wat toevallig arriveer as die persoon vir twee weke met verlof is (lyk my in Engeland ken hulle nie so iets soos aflos nie), sowel as ander klippers in die skoen het veroorsaak dat ons omtrent twee maande nie kon rugbeskrywings doen nie, ook nie daardie ± 20 000 rooi-wit rugbeskrywings wat nog oorgedoen moet word nie! Na 'n desperate poging om die saak telefonies te red, maak mev Langkilde vuur onder die klomp, en siedaar, ons kry 'n genadige 2 rolletjies met 'n belofte van die res wat spoedig sal kom. Nou kan die vakbibliotekarisse en veral Martie by VKL weer glimlag, die boeke arriveer binnekort.

'n Groot welkom aan Christa Kruger wat haar na drie weke se aflos by mnr Duminy by ons geledere skaar. Sy is sommer in die diep kant ingegooi met spoedboeke, rugbeskrywings en daardie heerlike ou verskonings "jammer ek het skoon vergeet", of "hierdie moet nou tussen daardie inkom", of "skrap sommer gou daardie stuk". Dít terwyl sy nog nie die woordverwerker ken nie en nog met die eletriese tikmasjien moet klaarkom. Ons voorsien egter dat sy binnekort vertroud gaan wees met alles en ook ons dierbare woordverwerker. Ons is verheug dat die viermanskap nou weer voltallig is.

Met Alida, Maretha en Esmé gaan dit baie goed. Hulle skakel nog gereeld. Maretha sê Rian swot hard en sy moet net koffie aandra, maar dít is blykbaar vir haar 'n groot vreugde. Esmé is baie gelukkig by die Reserwebank se rekenaars. Alida los glo baie af, maar blykbaar is dit deel van haar opleiding. Sy sien baie daarna uit om met die offisiële opleiding te begin met die oog op die oorsese plasing. Sy sê almal het omtrent hulle eie woordverwerkers en PC's. Die Staatsdiens het gevorder sedert ek laas daar was!

Groete vanuit die Tikseksie
JOGGIE

**HOEKOM KOM DIE GEWELDIGE PROBLEME VAN DIE LEWE NIE WANNEER 'N MENS NET SEWENTIEN JAAR OUD IS EN ALLES WEET NIE?**




## VLAK 5

Hier by ons is daar weinig tyd vir rustig sit en skryf aan 'n berig vir Biblikasie. Die studente met hulle oneindig baie vrae vertrap ons letterlik.

Mens moet maar terugdink aan jou eie studentedae, toe jy ook, sonder klasnommers, boeke in die hande wou kry. Ek het eenmaal gewaag om vir my suster, wat op die sesde vlak gewerk het, te vra waar 'n spesifieke boek is. Natuurlik het ek geen klasnommer byderhand gehad nie. Ek is gou die leviete voorgelees, en vertel dat sy nie 'n katalogus in haar kop rondra nie!

Ek het selfs eenmaal vir Alida Dippenaar na 'n verlore tydskrif laat soek, hopende dat sy dit iewers sal kan opspoor. Ek bedoel, die tydskrif kan mos nie net weg wees nie! Helaas, tydskrifte verdwyn dikwels heeltemal. Ek onthou dat Thea, met die beantwoording van 'n frustrerende vraag van my, die geduld en vriendelikheid self was.

As studente het ons altyd die universiteitspersoneel daarvan beskuldig dat hulle nie begrip het vir studente nie, en dat hulle vergeet het wat dit is om student te wees. Het ons dalk .... óf veg ons maar vir oorlewing?

BELLA ODENDAAL



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MAKRO-ONTSLUITING

Elke nuwe maand bring nuwe dinge. Vir Yselle Nelson en Elza Keyter was Aprilmaand 'n hoogtepunt, want na jare se harde arbeid het hulle hulle grade ontvang. Yzelle het by Pukke haar B.Bibl verwerf, en Elza het haar HOD by Tukkies ontvang. Baie geluk julle twee!

Iemand wat kennis verlang oor vinnige verhuising kan Magda raadpleeg vir eerstehandse inligting. Magda, ons hoop vir die paar weke wat julle inwoners van Meyerspark is, julle baie gelukkig gaan wees. Met die vooruitsig van 'n splinternuwe permanente verblyfplek hoop ons dat die eersdaagse trekkery met 'n ligter hart sal geskied.

In Aprilmaand het Makro-ontsluiting vir twee dae 'n gas van Mafikeng gehad. Elmarie Linsky, 'n B.Bibl-student aan Unisa, doen haar indiensopleiding hier by ons aan Merensky. Ons hoop die kennis wat sy hier sal opdoen sal vir haar baie waardevol wees vir haar studies vorentoe.

April het ook 'n verandering gebring betreffende die aanddiens. Seksie Makro-ontsluiting, wat die grootste aantal persone op die Regspaneel uitgemaak het, se aandbeurte is nou heelwat verminder.

Die navorsingsprojek oor onderwerpsontsluiting is nog in volle swang. Heelwat aspekte wat betref toekenning van saakhoofde en ekserpskrywing op 'n gekoppelde stelsel word in diepte ondersoek. Verslag oor die vordering van die navorsing word op 'n verslagsvergadering op 21 April 1986 voorgelê.

AMELIA BREYTENBACH
GERTRUD MEYER

## VOORONTSLUITING

Nuwe fondse is vir die volgende termyn (April tot einde Junie) toegeken en nou kan daar voortgegaan word met die plasing van bestellings.

Hierdie maand moet ons afskeid neem van Jeannie wat 'n pos by die RGN aanvaar het. Jeannie, ons hoop dat die nuwe werk vir jou 'n groot uitdaging sal inhou en dat jy gelukkig gaan wees. Ons sal jou baie mis.

Nog nuus uit die seksie is dat Makkie, Ina en Christa in April graad gekry het. Veels geluk met jul groot prestasies.

JOY ROOS

## VEEARTSENYKUNDE

INTERESSANTE SKENKING AAN VEEARTSENYKUNDE

Die TV-program, "Monday Magazine" het onlangs 'n reeks oor die Suid-Afrikaanse veearts vertoon. Die vervaardigers, K4 TV NEWS het nou die 3 video-bande aan ons Biblioteek geskenk. Hulle handel oor veeartse wat spesialiseer in sekere soorte diere, nl. perde, dieretuin-diere en dolfyne. Op 'n warm dag in die Biblioteek was dit 'n wonderlike ondervinding om na die dolfyne te kyk wat grasieus in hul koel groen-blou wêreld rondsweef. Die veearts wat voor hulle glasvertoonvenster by die Durban Akwarium tydens die opname gesit het, kon nie slaag om die kalklig van hulle weg te steel nie.

Voornemende veeartse, asook veeartsstudente en leke sal beslis die videos geniet.

## SANIBONA! DUMELANG!

JANUARY MOKGONOANE is in 1952 in Hammanskraal gebore. Hy is 'n lid van die Ndebelestam. January is getroud met Lea en hulle het een dogter Triena wat in 1976 gebore is. January het voorheen gewerk in Hatfield en Villieria as tuinier en huishulp. In 1974 sluit hy by die Merenskypersoneel aan. January is lid van die Zionistekerk. Op grond van sy deelname aan hierdie geloof, rook of drink hy nie, en eet hy ook nie varkvleis nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## HUMORISTIESE BROKKIES VANUIT DIE DEPARTEMENT VOLKSWELSYN

THE WELFARE OF THE PEOPLE

Excerpts from actual letters received by the Department of Public Welfare in Phoenix from wives, mothers, fathers, etc., regarding welfare and allotments:

1. Please send me my elopment as I have a four months old baby and he is my only support and I need all I can get everyday to buy food and keep him close.

2. Both sides of my parents is poor and I can't expect nothing from them as my mother has been in bed for a year with the same doctor and won't change.

3. Please send my wife's form to fill out.

4. I have already wrote to the President and I don't hear from you. I will write to Uncle Sam and tell him about you both.

5. Please send me a letter and tell me if my husband made application for a wife and baby.

6. I can't get my pay. I got sex children. Can you tel me why this is?

7. Sir, I am forwarding my marriage certificate and my children, one is a mistake as you can see.

8. Please find out for certain if my husband is dead, as the man I am living with won't eat or do anything until he knows for sure.

9. I am annoyed to find out that you branded my children illiterate. Oh! the shame of it! - it is a dirty trick as I married their father a week before they were born.

10. I am writing to tell you that my baby was born two years ago and he is two years old. When do I get relief?

11. In answer to your letter, I gave birth to a boy weighing ten pounds. I hope this is satisfactory.

12. I have no children as my husband was a truck driver and worked day and night when he wasn't sleeping.

13. You have changed my little boy to a little girl. Does that make any difference?

14. In accordance with your instructions, I have given birth to twins in the enclosed envelope.


15. Unless I get my husband's money soon, I will be forced to lead an immortal life.

16. I am glad to say my husband, who was reported missing, is now dead.

17. I want my money quickly as I can get it. I've been in bed with my doctor for two weeks and he doesn't seem to be doing me any good. If things don't improve, I will send for another doctor.

Bron: SPARKE, W AND MCKOWEN, C
Montage: Investigations in language.
MacMillan Co., London.

## TREFFERS BOEKE



### H O U - D E N - B E K

**André P Brink**

André Brink bewys weer eens homself as storieverteller par excellence. As bewys hiervan is al die vertalings van sy boeke, literêre pryse, en sover my kennis strek, is hy al genomineer vir die Nobelprys vir Letterkunde.

Hou-Den-Bek ('n plaas se naam) speel af in die slawetydperk (vroeë 19e eeu) in die Kaapprovinsie. Brink gebruik 'n besondere styl in dié boek. Elke karakter kry op 'n roterende basis - na gelang van belangrikheid en relevansie - 'n kans om sy sê te sê.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die hooftema draai om 'n opstand onder die slawe teen hulle 'base', onder die aansporing van ene Galant, wat aangevuur is deur onderdrukking, miskenning en eksploitasie. In dié proses word van die blankes vermoor.

Brink maak baie van die Hottentot-mitologie gebruik om die slawe se denke en optrede beter te verstaan. Soms kan die ongeletterde slawe té filosofies wees (almal potensiële Goethe's en Heideggers), wat na my beskeie mening onrealisties is.

Dit is 'n boek wat beslis gelees kan word. Brink wys waarom hy die mees gelese skrywer in Suid-Afrika is (RGN ondersoek). Die boek is nie vrygestel van die tipiese Brink-tradisie van seks en geweld nie. Brink as polities-betrokke skrywer wil 'n vergelyk trek tussen hede en verlede, naamlik die smeulende swart haat teen die wit heersers, en net 'n klein vonkie wat nodig is om dit te laat ontplof. Op dié noot sal ek sluit met 'n

LA PEACE

## ONTHAAL MET POTJIEKOS

**Matie Brink**

Daar is seker nie 'n plek in ons land waar mense nie die plesier van potjiekos ken nie. Potjiekos is nie sommer enige kos, op die kole gaargemaak en in 'n swart ysterpot nie!

Matie sê dat 'n onthaal, of dit nou eenvoudig of deftig is, altyd gesellig kan wees wanneer jy potjiekos aanbied. Sy gee spyskaarte en idees vir die viering van 'n groot verskeidenheid geleenthede. Die titels van die resepte spreek boekdele: "Kekkel en kraai-onthaal", "Bosveld-brekfis", "Suidwes-brekfis", "Vis-mahala".

Die resepte is almal bedoel vir groot onthale van 10 tot 50 mense en die hoeveelhede is daarvolgens aangedui. Die illustrasies deur Fred Mouton is baie humoristies.

Potjiekos is veelsydig én heerlik, en in Onthaal met potjiekos is daar vir elke gier 'n potjie! Hier is 'n resep vir rand-rekkers.



Inflasiepot

Praat van 'n sous rek! Met 'n skaapribbetjie en sô 'n lang sous, kan 'n mens selfs inflasie klop en 'n hele klompie gaste gelukkig hou. Hierdie resepte bring genade vir die donker tye waarin ons deesdae leef.

| 10 gaste | 50 gaste |
|---|---|
| 1 kg | 5 kg skaaprib |
| 3 kg | 15 kg skaapvleis in blokkies gesny |
| 1 kg | 4 kg lasagne-noedels |
| 10 | 50 aartappels, in blokkies gesny |
| 10 | 50 wortels, in blokkies gesny |
| 5 | 25 uie, in skywe gesny |
| 1 kg | 20 tamaties, in blokkies gesny |
| 3 skudde | 15 skudde Bisto |
| 2 | 10 knoffelhuisies, gestamp |
| 3 skudde | 15 skudde peperkorrels, gekneus |
| 3 handevol | 1 kg cheddarkaas |

sout na smaak

Braai die vleis mooi bruin in 'n pot. Wanneer die vleis begin sous trek, word die lasagne-noedels daarop gepak en dan die groente in dié volgorde: aartappels, wortels, en uie. Laat prut sowat een uur lank, of tot die aartappels sag is. Voeg dan die geurmiddels by, roer deur en rasper die kaas bo-oor. Laat prut vir nog 10 minute om die geurmiddels goed te laat deurtrek.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Maak intussen 'n lekker stywe pap en sny die tamaties in skywe. Gooi die pap uit op 'n skoon tafelblad en druk plat in 'n ronde of vierkantige vorm. Skep die pot se inhoud oor die pap en rangskik die tamatieskywe netjies bo-op. Elke gas kry nou 'n stoel en 'n lepel en bedien homself.

HANNIE BEZUIDENHOUT

## FILMS: SWEET DREAMS

In "Sweet Dreams" word die lewe van die country-and-western-sangeres Patsy Cline uitgebeeld. Ons deel in haar begeertes en drome, haar behoefte om gelukkig én suksesvol te wees. Patsy offer baie op om as kunstenaar sukses te behaal. Sy probeer terselfdertyd hard om haar huwelik met die onbestendige Charlie Dick te laat slaag.

Ons leer beide ken as gewone mense van vlees en bloed, elk met eie ideale, frustrasies en vrese. Jessica Lange is Patsy Cline, 'n warm, emosionele en moedige vrou. Ed Harris is Charlie Dick, geneig tot drankmisbruik en gewelddadigheid. Albei lewer intense, lewendige en baie knap vertolkings.

JEANETTE MARAIS

## FILMS: OUT OF AFRICA


Hoofspelers: Meryl Streep, Robert Redford
Regisseur: Sydney Pollack

Wenner van sewe Oscar-toekennings, insluitende beste film en beste regisseur.

Oor die film "Out of Africa" is die volgende reeds gesê: "Brilliant, provocative and magnificent"; "Unforgettable and superb"; "Magnificent and breathtaking"; "An absolute knockout"; "A sumptuous film"; "A splendid film"; "An engrossing and beautiful film"; "A film to see again and again".

Al wat nog hierby gevoeg kan word, is: gaan kyk daarna. Dit is 'n baie besonderse en betekenisvolle belewenis.

JEANETTE MARAIS




**Learning Can Be Fun**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

MERENSKY-BIBLIOTEEK

SOSIALE KLUB

OPSOMMING VAN ONTVANGSTE EN UITBETALINGS GEDURENDE 1985

| | 1985 | 1984 |
|---|---|---|
| <u>ONTVANGSTES</u> | | |
| Ledegeld | R 7 910,10 | R 5 670,40 |
| Rente verdien op geld in lopende bankrek | 15,85 | |
| | R 7 925,95 | R 5 670,40 |
| <u>UITBETALINGS</u> | | |
| Melk | 1 061,80 | 816,70 |
| Koek | 2 479,81 | 1 731,70 |
| Kruideniersware | 1 424,14 | 1 110,46 |
| Geskenke by diensverlating | 311,00 | 283,00 |
| Breekware, Tafeldoeke, Teepotte, ens | 54,14 | 296,43 |
| Ruikers en potplante | 249,61 | 292,90 |
| Trougeskenke | 88,00 | 56,00 |
| Bydraes tot gesellighede | 909,67 | 878,94 |
| Skryfbehoeftes | 3,25 | - |
| Bankkoste | 72,30 | 98,66 |
| Ledegeld terugbetaal | 9,00 | 54,00 |
| | R 6 662,72 | R 5 618,79 |


<u>Kontant op 31 Desember 1985</u>

1. In Lopende tjekrekening by Volkskas: R 587,21
2. In Spaarrekening by Saambou-Nasionale Bouvereniging: R 1 085,70



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# AANSTELLINGS



Thys van der Berg - Ongetroud
Afdeling: Reprografiese dienste
Vorige ondervinding: Personeel-klerk, Dept Mannekrag, student U P
Belangstellings: Sport, bou graag modelle



Theresa Taylor - Getroud
Afdeling: Klinikala
Vorige ondervinding: Onderwyseres Student U P
Belangstellings: Lees, borduurwerk sport



Ina Roos - Getroud
3 kinders
Afdeling: Tydskrifte (Oggend)
Vorige ondervinding: Merensky-Biblioteek, Huisvrou
Belangstellings: Muurbal en Naaldwerk




Hannie Pretorius - Getroud
1 seun
Afdeling: Tydskrifte
Vorige ondervinding: Verpleging, Huisvrou
Belangstellings: Lees, brei en hekel


# BEDANKINGS



Mev Jeannie Wehner het 'n betrekking by die RGN aanvaar



Mnr Christo de Wet het as gevolg van 'n oorvol studieprogram bedank



Mnr Johan Avenant het bedank vanweë



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SOSIALE KOMITEE



Voor: Miemie Vink (Sekretaresse), Bokkie Malan (Voorsitster), Pepsi Nel (Lid vir Lief en Leed)
Agter: Annemarie Pienaar, Hulda Fritz (Verantwoordelik vir melk) Andrea Bosman (Verantwoordelik vir Takbiblioteke) Mala Mouton, Joy Roos (Nuwe Personeel), Katrien Blomme (Verantwoordelik vir melk)
Afwesig: Marie de Wet (Verjaarsdae), Julie Luüs (Tesourier)

## BIBLIKASIE-REDAKSIE



Hannie Bezuidenhout (Sub-redaktrise), Elsabé van der Merwe (Redaktrise) Jeanette Marais (Sub-redaktrise)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

AD DESTINATUM PERSEQUOR

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

MEI

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# INHOUDSOPGAWE


DIE EERSTE Sê: GROTER NAVORSINGSPROJEK – VORDERING ......... 1

REDAKSIONEEL ............ 1

STRES IN DIE BIBLIOTEEKWESE ............ 2

I B L: INTERNASIONALE INTERLENINGS ............ 2

WAT IS SABINET? DEEL 5 ............ 3

GEREKENARISEERDE VERBALE ONDERWERPSONTSLUITING VAN DIE VERSAMELING VAN MONOGRAFIEë IN 'N UNIVERSITEITS-BIBLIOTEEK ............ 4

TERLOOPS ..... ............ 6

KOMMUNIKASIE: WORD ONS NIE OORLAAI MET INLIGTING NIE? ..... 7

KRITIESE BEREDENERING EN ARGUMENTASIE : DEEL 3 : SLOT .... 10

IN EN OM MERENSKY ............ 11

MIMI COERTSE – BEURS FINALISTEKONSERT ............ 11

PROF HENNIE JOUBERT – 'N HULDEBLYK ............ 12

KERRIEKOS IS KONINGSKOS ............ 13

"DIE LANG PAD HUIS TOE" ............ 14

EK EN MY WERK: SELFVERKENNING ............ 14

GELUKWENSE ............ 16

BIBFLITSE ............ 16

TREFFERS: BOEKE EN FILMS ............ 22

SANIBONA! DUMELANG! ............ 24

AANSTELLINGS

BEDANKINGS

OOM RASSIE TREE AF

MEMORIAM


—oooOooo—

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE Sê

### GROTER NAVORSINGSPROJEK - VORDERING

Die afgelope maand of wat is heelwat tyd bestee om die vordering met die groter navorsingsprojek oor die universiteitsbiblioteek as inligtingsdiens na te gaan en verdere beplanning en organisering te onderneem. Hierdie navorsingsprojek word gesamentlik deur die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde onderneem met finansiële ondersteuning van die RGN en die Universiteit van Pretoria. Die Projek staan onder die gesamentlike leiding van proff Gerryts en Boon en doen verslag aan 'n Projekkomitee onder die voorsitterskap van die Dekaan vir Lettere en Wysbegeerte, prof W C van Wyk.

Die Projek het reeds twee-derdes van sy beplande duur van drie jaar voltooi en is nou in die kritiese finale jaar. Met verskeie van die agt subprojekte is goeie vordering gemaak en geen probleme word voorsien om dit betyds, voor April 1987 af te handel nie. Knelpunte wat ondervind word, hou verband met eerstens, probleme wat navorsers ondervind om benewens die aandag wat die voltydse dagtaak moet geniet, genoeg tyd vir navorsing te vind. Tweedens, vind personeel wat ondersoeke as deel van hulle praktykbeoefening loods, dit soms moeilik om die benaderingswyses wat hulle volg, te versoen met die eise van wetenskaplikheid wat aan die Projek gestel word. Daar bestaan gevolglik ook kommer oor die tydige afhandeling van sommige subprojekte, veral indien daar nie in die tweede semester studieverlof aan 'n aantal navorsers toegestaan sou kon word nie.

In hulle verslag aan die Projekkomitee se vergadering van 26 Mei, meld die projekleiers egter ook die positiewe gesindheid waarmee alle betrokkenes die navorsing benader. Daar word ook gestel dat die Projek bydra om 'n klimaat te skep wat navorsing, opleiding en dienslewering bevorder en dat die vrugte hiervan nog lank gepluk sal word. Daar word ook genoem dat 'n simposium oor die resultate van die Projek vir vroeg in 1987 oorweeg word.

Intussen het verskeie lede van die personeel van die Biblioteekdiens ook 'n navorsingsimposium vir fakulteite in die geesteswetenskappe op 16 Mei bygewoon. Dit is gereël op inisiatief van die Vise-rektor, prof P Smit. Uit die bydraes tydens die simposium het die goeie geleenthede wat bestaan vir navorsing en die noodsaaklikheid dat die Universiteit hierdie geleenthede benut, weer duidelik geblyk. Die ervaring wat die Biblioteekdiens nou opdoen met die huidige groter navorsingsprojek, stel ons in 'n besondere posisie om vir toekomstige navorsingswerk te beplan en te organiseer.

H DE BRUIN

## REDAKSIONEEL

Na 'n baie lekker vakansie sukkel ek om weer in die snelle pas van die Biblioteekdiens te kom. So 'n totale afskakeling van jou normale omstandighede kan 'n goeie en slegte ding wees; goed terwyl jy weg is, maar moeilik as jy terugkom. Baie dankie aan Jeanette en Hannie wat waargeneem het terwyl ek weg was.

Volgende maand hoop ons om 'n feesuitgawe uit te bring. Biblikasie is tien jaar oud! Ons gaan 'n bietjie delf in die verlede en ou fotos en berigte plaas.

Baie dankie vir hierdie maand se bydraes. Soos gewoonlik het Biblikasie iets vir 'n iedere en 'n elk. Lekker lees!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


## STRES IN DIE BIBLIOTEEK

Versigtig vir stres? Gaan werk in 'n biblioteek. Dié gevolgtrekking kan gemaak word uit 'n streskaart wat Britse navorsers vir verskillende beroepe opgestel het. Die stres in elke beroep is volgens 'n skaal van 10 beoordeel, met mynwerkers (8,3) heel bo-aan die lys en bibliotekarisse (2) heel onder.

Net ná mynwerkers kom die polisie (7,7), en dan joernaliste, wat dieselfde stres-telling (7,5) het as konstruksiewerkers, vlieëniers en tronk-beamptes. (Sekere joernaliste het dit natuurlik lankal vermoed). Dis interessant dat baie van die beter betaalde beroepe heelwat laer op die lys geplaas word. Om 'n politikus (7) of 'n dokter (6,8) te wees is blykbaar nog taamlik stresvol, maar 'n diplomaat (4,8), veearts (4,5), ingenieur (4,3) of argitek (4) kan werklik nie oor te veel stres kla nie.

Bankiers, ondanks al daardie geld waarvoor hulle verantwoordelik is, is selfs laer op die lys met 'n telling van slegs 3,7. En om 'n ruimtevaarder te wees is glad nie so senutergend soos jy nog altyd gedink het nie - 'n telling van slegs 3,4 maak dit 'n rustiger beroep as dié van 'n predikant (3,5) en amper so rustig soos om in 'n museum te werk (2,8)!

BRON: Sarie Marais, 26 Maart 1986




## I B L : INTERNASIONALE INTERLENINGS

IBL het per omsendbrief 85/6 die volgende inligting in verband met Internasionale Interlenings vanaf die Staatsbiblioteek ontvang:

Met die huidige posisie van die Rand teenoor buitelandse geldeenhede, het internasionale lenings oor die afgelope maande baie duurder geword, veral ten opsigte van Amerika waar daar geen eenvormige tariefstruktuur onder biblioteke vir interlenings bestaan nie. So het 'n Amerikaanse biblioteek ons byvoorbeeld onlangs in kennis gestel dat hul minimum tarief nou $20,00 per aanvraag is. Internasionale aanvrae behoort dus met groot omsigtigheid en diskresie benader te word.

Graag wil ons net weer eens die aandag op die volgende vestig:

1. 'n Aanvraag moet vergesel word van 'n fotokopie van die oorspronklike verwysingsbron, sowel as van die titelblad van die publikasie waaruit die verwysing afkomstig is, in duplikaat. Verwysings op rekenaar-drukstukke afkomstig uit databasisse soos Humins, Medlars ensovoorts is aanvaarbaar.

2. Wanneer 'n fotokopie van die verwysingsbron verskaf word, moet die verwysing nie uitgeknip word nie. Die volledige bladsy moet voorsien word en die spesifieke verwysing gemerk word.

3. Indien 'n fotokopie nie verskaf kan word nie, moet die publikasie in 'n erkende bibliografie geverifieer word en die titel en betrokke bladsy van die bibliografie op die aanvraagvorm aangedui word. Met "erkende bibliografie" word bedoel standaardwerke soos gelys op bladsy 13-19 van die IBL-handleiding. Let asseblief daarop dat 'n tydskrif of ekserpjoernaal nie as 'n standaard bibliografie beskou kan word nie en nie as verwysingsbron aangehaal kan word nie. Fotokopieë hiervan is wel aanvaarbaar (vergelyk paragraaf 1).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

4. Veral by die aanvra van tydskrifartikels word 'n fotokopie met besonderhede van die artikel verkies bo die verifiëring van die tydskriftitel. Die rede hiervoor is dat die tydskriftitel wel korrek mag wees, maar die gegewens ten opsigte van die betrokke artikel nie, en dit sal slegs met behulp van 'n fotokopie van die verwysingsbron uitgeken kan word.

5. Indien 'n biblioteek nie 'n fotokopie van die verwysingsbron kan aanheg nie, en ook nie die aangevraagde item in 'n standaard bibliografie kan verifieer nie, moet 'n verifiëringsfooi van R2,00 die aanvraag vergesel. Die verifiëringsfooi moet asseblief met behulp van nasionale IBL-koepons betaal word. Die aanvraende biblioteek kan om tegniese redes nie op die maandelikse staat met die verifiëringsfooi gedebiteer word nie. Onvolledige aanvrae waarby geen verifiëringsfooi ingesluit is nie, sal teruggestuur word.


6. Biblioteke moet asseblief aandui indien die item reeds sonder sukses van Suider-Afrikaanse biblioteke of die British Library Lending Division (BLLD) aangevra is.

7. Handgeskrewe aanvrae is nie aanvaarbaar nie.

8. Dui asseblief 'n bo-perk aan indien u bereid is om nie meer as 'n bepaalde bedrag, byvoorbeeld R100,00 vir die aanvraag te betaal nie. Die nuwe internasionale IBL-vorm maak wel voorsiening vir die aanduiding van 'n bo-perk. Min biblioteke maak egter op dié stadium van die nuwe vorms gebruik. Indien u nog die ou vorms gebruik, kan u 'n nota daarby aanheg indien u 'n bo-perk wil stel. Indien u nie 'n bo-perk wil stel nie, aanvaar ons dat u bereid is om die koste verbonde aan die aanvraag te betaal, wat die koste ook al mag wees.

Betaling van internasionale aanvrae

Ons wil net daarop wys dat sommige oorsese instansies by wie die Staatsbiblioteek depositorekeninge het, ons maandeliks of selfs kwartaalliks faktureer, dit wil sê nie vir elke transaksie apart nie. Dit is dus nie in alle gevalle vir ons moontlik om vir u 'n item te faktureer in dieselfde maand waarin dit ontvang is nie. Ons verkies om die item onmiddellik na ontvangs aan u te stuur, in plaas van om dit terug te hou totdat die faktuur ontvang is. Die belangrikste oorweging vir ons is om die materiaal so spoedig moontlik by die gebruiker te kry. Ons vertrou dat u begrip vir hierdie situasie sal hê.




## WAT IS SABINET? DEEL 5

Die volgende statistiek toon die groei van die databasis gedurende Maart 1986 aan:

| | Nuwe rekords bygevoeg | Totale aantal rekords |
|---|---|---|
| Bibliografiese rekords | 46 294 | 3 237 451 |
| Gesagsrekords | 48 610 | 3 723 892 |
| Rekords vir besitsmeldings | 12 289 | 1 473 220 |
| LC rekords | 15 789 | |
| UKMARC rekords | 24 842 | |
| SABINET rekords | 6 293 | |

Die SABINET-databasis beskikbaarheid aan lede gedurende Maart was 99,28%.

BRON: SABINET-Nuus no. 14



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# GEREKENARISEERDE VERBALE ONDERWERPSONTSLUITING VAN DIE VERSAMELING VAN MONOGRAFIEë IN 'N UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

## 1. Inleiding

Een van die subprojekte van die navorsingsprojek oor die Universiteit as inligtingsdiens wat gesamentlik deur die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde geloods word, handel oor gerekenariseerde verbale onderwerpsontsluiting.

Die doel van die projek is om ʼn geskikte stelsel vir die gerekenariseerde verbale onderwerpsontsluiting van monografieë in ʼn universiteitsbiblioteek te identifiseer en te evalueer.

Die rede waarom die projek aangepak is, is vir alle personeel wat inligting aan die gebruiker moet verskaf voor die hand liggend. As die UP Biblioteekdiens as voorbeeld geneem word, is ons maar te bewus van ons onvermoë om detail inligting wat in monografieë verskuil lê aan die gebruiker beskikbaar te stel.

## 2. Wat is reeds gedoen

- Tot aan die einde van 1985 het mev Susan Marsh aan die hand van reeds gepubliseerde navorsingsresultate aandag gegee aan die identifisering van die gebruikersgroepe wat van ʼn universiteitsbiblioteek gebruik maak, asook hulle inligtingsbehoeftes en kommunikasiegedrag. Vir doeleindes van die studie is die gebruikers gegroepeer in voorgraadse studente, dosente in die onderrigsituasie, die navorser (natuurwetenskaplikes, geesteswetenskaplikes en toegepaste wetenskaplikes). By laasgenoemde kategorieë is die nagraadse student en die dosent as navorser ingesluit.

Om uiteindelik tot die formulering van riglyne vir verbale onderwerpsontsluiting te kom, is ook gekyk na die begrip onderwerpsontsluiting en wat dit behels. So is aandag gegee aan ontsluiting op mikro- en makrografiese vlak, verbale en notasionele ontsluiting, pre- versus postkoördinering en natuurlike versus gekontroleerde taalindeksering.

Ander aspekte soos gebruikersvriendelikheid, koste en taal het ook aandag gekry.

Die samevoeging van die gebruikers se inligtingsbehoeftes en die onderwerpsontsluitingsbeginsels wat in ʼn stelsel behoort te figureer, het mev Marsh instaat gestel om riglyne vir die "ideale" onderwerpsontsluitingstelsel te formuleer, naamlik:

Die onderwerpsontsluitingstelsel behoort:

- in die lig van die feit dat gebruikers van die universiteitsbiblioteek se behoeftes ten opsigte van die hoeveelheid inligting verlang, wissel van ʼn gedeelte in ʼn boek tot alles oor ʼn onderwerp, sy herwinningsvermoë, sover as moontlik hierby aan te pas, sodat gebruikers in reaksie op hul soekresultate hul soektogte kan aanpas;
- meer onderwerpsoekpunte te skep;
- algemene (oorkoepelende) sowel as spesifieke onderwerpsterme in te sluit;
- van ʼn verbale natuurlike indekseertaal gebruik te maak waar terme of frases uit die dokument self gebruik word, en post-gekoördineer kan word;
- ook van ʼn verbale, pre-gekoördineerde gekontroleerde indekseertaal met ʼn goeie verwysingstruktuur gebruik te maak wat onder dele van die saakhoof toeganklik is en post-gekoördineer kan word;
- gebruikers in staat te stel om soektogte af te baken met behulp van faktore soos taal, datum van publikasie ens en Boolese soektogte te doen;
- snuffellees moontlik te maak;
- gebruikersvriendelik te wees wat fisiese sowel as intellektuele interaksie betref;



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- ŉ lae koste ten opsigte van die skep en instandhouding daarvan te handhaaf.

Twee onderwerpsontsluitingsmetodes wat in kombinasie al die beginsels bevat, is geïdentifiseer:

° Library of Congress Subject Headings (LCSH) is met die PREserved Context Index System (PRECIS) metode vergelyk en LCSH is op grond van die volgende redes as gekontroleerde indekseertaal gekies:

°° Die toepassing van PRECIS vereis hoër intellektuele inset as LCSH wat indekseringskoste laat styg.

°° LCSH is op SABINET beskikbaar.

°° SABINET het LCSH as standaard vir die netwerk gestel.

°° LCSH dek die totale spektrum van vakke wat in ŉ universiteitsbiblioteek se versameling teenwoordig kan wees.

° As vrye taalindekseringsmoontlikhede is die Subject Access Project (SAP) wat by die Syracuse Universiteit as deel van ŉ navorsingsprojek ontwikkel is, die projek by die universiteitsbiblioteek te Lund, Swede wat op die SAP gebaseer is, en ŉ projek by die Iowa State University Library wat weer op ŉ versameling naslaanwerke gebaseer is, oorweeg.

°° Die Syracuse metode is as moontlikheid geïdentifiseer omdat die metode ŉ lae vlak arbeidspersentasie en intellektuele inset vereis en daar word van terme en frases soos dit in die inhoudsopgawe en/of indeks van ŉ werk self voorkom, gebruik gemaak.

3. Wat moet nog gedoen word:

Die skep van ŉ eksperimentele databasis op DOBIS/LIBIS en die evaluering van die twee metodes moet gedurende 1986 afgehandel word.

Die vertrek van mev Marsh het ons ŉ gevoelige slag toegedien en die hulp van die Makro-ontsluiters moes ingeroep word om met die navorsing te help sodat die RGN-verslag betyds voltooi kan word.

Vier miniprojekte is geïdentifiseer en vier groepe ontsluiters onder leiding van mej S Agema, mev M Vink, mev H Bezuidenhout, mej E Els is onderskeidelik met die volgende projekte besig:

- die funksionering van die DOBIS/LIBIS ekserpmodule;
- die taalaspek in die bedryf van die twee metodes naamlik keuse van taal waarin LCSH bedryf moet word en die implikasies en probleme vir die skep en bedryf van ŉ natuurlike taalekserpdatabasis uit ŉ versameling van monografieë in ŉ verskeidenheid van tale;
- die hantering van LCSH binne ŉ intydse gerekenariseerde stelsel soos DOBIS/LIBIS;
- die toepassingsmoontlikhede van die SAP natuurlike taalindekseringsmetode binne DOBIS/LIBIS.

Nadat die ondersoeke voltooi is, sal daar oorgegaan word na die skep van ŉ eksperimentele databasis en die evaluering van die stelsels waarvoor mev E Langkilde die verantwoordelikheid aanvaar.

Op hierdie stadium is daar reeds enkele knelpunte uitgewys naamlik:

- die DOBIS/LIBIS ekserpmodule het leemtes vir die suksesvolle bedryf van die SAP-metode;
- relatief min inligting is oor die SAP-metode en die bedryf daarvan in die literatuur beskikbaar;
- die LCMARC-formaat weergawe van DOBIS/LIBIS het beperkinge vir die bedryf van LCSH.

Slot

Die navorsers is vol vertroue dat die projek suksesvol afgehandel sal word en dat die knelpunte met vindingryke oplossings en aanpassings oorbrug sal kan word.

Mev E Langkilde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**TERLOOPS....**



## NAVORSING IN DIE TOEKOMS

Onder leiding van die Vise-rektor: Akademies (Geesteswetenskappe), prof P Smit en die Buro vir Akademiese Steundienste is daar op die 14 Mei 'n simposium gehou om navorsing te bevorder. Elke departement van Lettere en Wysbegeerte het twee navorsers/dosente afgevaardig om hierdie simposium by te woon. Prof Gerryts het 'n lesing gegee oor die onderwerp: Inligtingsontsluiting vir navorsing.

## VERGADERING VAN DIE KOMITEE VAN UNIVERSITEITSHOOFDE

Die Komitee van Universiteitshoofde het op 5 en 6 Mei vergader. Gedurende hierdie tyd is prof Gerryts deur die Komitee aangewys as die Voorsitter van die Werkgroep van die Inter-universitêre Biblioteekkomitee. Na aanleiding van die belangrikste besluit wat op hierdie vergadering geneem is, naamlik die probleme rondom die gesamentlike voorraadbou tussen die Universiteitsbiblioteke, asook die Komitee van Universiteitshoofde se plan van aksie in verband met rasionalisasie, is prof Gerryts aangewys om hierdie navorsing te doen. Dit moet binne die volgende twaalf maande afgehandel word.

## HOE MEER DAE, HOE MEER WERK

| | Aantal boeke uitgeleen | Aantal besoekers |
|---|---|---|
| 9 Mei 1986 | 358 | 578 |
| 10 Mei 1986 | 198 | 256 |
| Totaal | 556 | 834 |
| 17 Mei 1985 | 144 | 465 |
| 18 Mei 1985 | 113 | 180 |
| Totaal | 257 | 645 |

## BIBLIOTEEKURE

Ons verskaf hierdie inligting net om ons geheue te verfris en vir diegene wat nog nie bewus is van die veranderde tye nie.

| | | |
|---|---|---|
| Merensky-biblioteek | Daagliks | 07h30-23h00 |
| | Saterdae | 08h00-12h30 |
| Mediese Biblioteek | Daagliks | 07h30-22h00 |
| | Saterdae | 08h00-12h30 |
| Musiekbiblioteek | Daagliks | 07h30-17h00 |
| | Dinsdae | 07h30-20h00 |
| | Saterdae | 08h00-12h30 |
| Voorkliniese Biblioteek | Daagliks | 07h30-16h30 |
| | Saterdae | gesluit |
| Landboubiblioteek | Daagliks | 07h45-16h30 |
| | Donderdae | 07h45-21h00 |
| | Saterdae | 09h00-12h00 |
| Veeartsenykunde-biblioteek | Maandae | 07h30-17h00 |
| | Dinsdae | 07h30-20h00 |
| | Woensdae | 07h30-17h00 |
| | Donderdae | 07h30-20h00 |
| | Vrydae | 07h30-17h00 |
| | Saterdae | 08h00-12h00 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VERSOEK VAN SOSIALE KOMITEE

Ons wil 'n beroep op u doen om alle blompotte wat in u huis rondstaan (of in die motorhuis) aan ons te skenk.

Ons weet daar is talle sulke blompotte wat in elke huis ophoop en uiteindelik in die asblik beland!

Bring dit asseblief net so - ons sal dit self skoonmaak.

Byvoorbaat baie dankie vir u samewerking.

BOKKIE MALAN

## SOSIALE KLUB

Wysiging van reëls van die Klub

Na die onlangse stembriewe wat aan alle lede uitgestuur is ten opsigte van veranderinge aan die bydraes wat aan persone uit die geskenkfonds betaal sal word, is die uitslag soos volg:

Stemme vir die voorgestelde veranderings: 87. Stemme teen die voorgestelde veranderings: 23.

Enige wysiging van die reëls van die Klub is onderhewig aan die goedkeuring van die meerderheid van die personeellede.

Die nuwe bedrae wat in die toekoms sal geld is as volg:

| Dienstydperk | Bedrag |
|---|---|
| 6-11 mnde | R 8,00 |
| 1 jr - 1 jr 11 mnde | R 12,00 |
| 2 jr - 3 jr 11 mnde | R 20,00 |
| 4 jr - 5 jr 11 mnde | R 35,00 |
| 6 jr - 9 jr 11 mnde | R 65,00 |
| *10 jr - 15 jr<br>plus vrywillige bydrae deur Biblioteekpersoneel | R130,00 |
| *15 jr en meer<br>plus vrywillige bydrae | R250,00 |
| *Aftrede<br>plus verpligte bydrae van R3,00 per persoon | R300,00 |

*Behalwe bogenoemde 3 gevalle, mag daar geen lyste sirkuleer nie.

Baie dankie vir u samewerking.

Bokkie Malan

## VERLORE MIKROFICHE

Kan die persoon wat die nommer 1 mikrofiche van 1983 geneem het dit terugbesorg asseblief.

## KOMMUNIKASIE : WORD ONS NIE OORLAAI MET INLIGTING NIE?

In die vorige uitgawe van Biblikasie het sekere Afdelingshoofde in die Biblioteekdiens verskillende menings gehad oor die mees effektiewe metode van kommunikasie. Enige kommunikasiekanaal, hetsy groepbesprekings op 'n weeklikse basis binne 'n afdeling of persoon tot persoon kontak of die uitstuur van omsendbriewe, kan gebruik word.

Dit is egter ook so dat, al sou mens aanvaar dat doeltreffende kommunikasiekanale bestaan, daar nogtans inligting is wat nie deur die personeel ontvang en opgeneem word nie. Die rede daarvoor kan wees dat te veel boodskappe ontvang word sodat dit moeilik word om alle inkomende inligting doeltreffend te verwerk. Nie slegs word personeel gekonfronteer met telefoonoproepe, gesprekke met kollegas



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

en navrae van gebruikers nie, maar ook met nie-verbale boodskappe soos omsendbriewe, boeke, tydskrifte, agtergrondgeluide, liggaamsgebare en -houdings en so meer. Dit kan dus gebeur dat te veel inligting ontvang en verwerk moet word.

In antwoord op die vraag of ons nie oorlaai word met te veel vorms van kommunikasie nie, het mev Nel aangevoer dat dit afhang van hoe gekommunikeer word. Kommunikasie is volgens haar organisasie. Dit beteken die organisasie van jou inkomende inligting. Daarvoor gebruik sy 'n lêer waarin alle inligting en vrae neergeskryf word wat, indien nie dadelik nie, met verloop van tyd opgevolg word.

Mnr Otto sluit hierby aan as hy beweer dat jy in jou normale dagtaak, tyd moet inruim om byvoorbeeld omsendbriewe te lees. Kennis moet geneem word van die inhoud van die omsendbrief en watter implikasies hierdie inligting vir jou werksituasie het.

Mej Heckroodt erken dat die inligtingsimpak op die personeel ontsettend groot is en daarom moet belangrike bestuursinligting op 'n manier georden word. Sy verkies nog steeds dat dit per omsendbrief sal geskied. Personeel moet dissipline aan die dag lê en 'n eie stelsel en metode uitwerk om inligting wat per omsendbrief ontvang word, te selekteer en uit te haal wat vir hom of haar belangrik mag wees. Dit sal verkieslik wees as personeel in die vakbibliotekarisstelsel 'n studiehokkie het waar hulle losgemaak kan word van gebruikersnavrae om sodoende tyd te hê om belangrike inligting deur te gaan en in te neem.

Mnr De Kock ondervind soortgelyke probleme in die vakbibliotekarisstelsel. Hy beweer dat inligtingsdiens moeilik is omdat gebruikers eerste aandag moet kry. Hy vind dat persone in die stelsel oor die algemeen oorlaai is met addisionele take wat nie primêr is of, in sommige gevalle, geensins iets met die inligtingsdiens te doen het nie. Hierdie take en gevolglike kommunikasie om dit af te handel, maak 'n konstante inbreuk op die inligtingspersoneel se hooftaak. Die gevolg is dat so 'n personeellid maklik oorlaai word met kommunikasie vanuit verskillende rigtings en die belading veroorsaak baie gereeld dat daar 'n totale breuk in kommunikasie plaasvind waardeur belangrike inligting verlore gaan.

Ontvang ons te veel inligting? Luister ons genoegsaam? Wat is belangrike inligting en wat nie? Die vermoë om jou kommunikasielading effektief te hanteer, is 'n individuele saak. Dit blyk egter uit die menings dat dit belangrik is om jou dagtaak so te organiseer sodat jy die nodige tyd sal hê om alle inkomende inligting te oorweeg. In die vakbibliotekarisstelsel bly dit egter 'n moeilike taak vanweë die feit dat personeel te alle tye beskikbaar moet wees vir gebruikers. Ons bly mense en dus beperk in die hoeveelheid kommunikasie wat ons kan hanteer. Die mens ontwikkel sy eie meganismes om inligting te ignoreer as die belading te veel word. Dus - te veel inligting kan beteken: ons luister nie meer nie.

<u>Kommunikasie tussen die verskillende afdelings in die Biblioteekdiens</u>

Die Biblioteekdiens se werksaamhede is uitgebreid. Behalwe die takbiblioteke is daar binne die Merensky-biblioteek nog die verskillende afdelings wat elk 'n eie klein kosmos vorm. Weet elke personeellid wat in die takbiblioteke aangaan of van veranderings binne die verskillende afdelings? Met hierdie vraag is die Afdelingshoofde gekonfronteer. Die antwoorde was soos volg:

<u>Mev Nel</u>: Op die oomblik word twee metodes van kommunikasie tussen die afdelings gebruik, naamlik die omsendbrief en die telefoon - in 'n mindere mate persoonlike kontak. Op hierdie horisontale vlak van kommunikasie sou ons graag meer met mense op 'n vaste basis wou gesels. Hoe kan ons bymekaar kom? Dit is moeilik, want dit is tydrowend. Die behoefte is egter daar.

<u>Mnr De Kock</u>: Ek kry die gevoel van nee, want etlike kere verneem ek op 'n later stadium dat 'n ander afdeling 'n besluit geneem het wat die vakbibliotekarisstelsel direk raak, maar waarvan ek nie kennis ontvang het nie. Om dit te verbeter, beteken nie dat een of ander vorm van kommunikasie wat nuttig blyk, soos byvoorbeeld algemene afkondigings in sekere situasies, altyd geldend moet wees nie. So gou as dit duidelik word dat daar 'n breuk is, moet die kommunikeerder 'n ander nuttiger wyse aanwend om te sorg dat die boodskap wel ontvang word.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Mnr Otto: Dit bly in enige organisasie 'n probleem. Indien daar veranderinge plaasvind in enige afdeling, behoort IBL daarvan kennis te neem en vice versa. Om egter ingelig te wees, moet jy opgelei wees. As personeel nie behoorlik opgelei is nie, besef hulle nie dat sekere inligting uit hulle afdeling van belang mag wees vir ander afdelings nie. Die gevolg is dat inligting nie deurgestuur word nie. Hierdie aspek moet gedurig ingeskerp word.

Dit blyk dus dat die kommunikasie tussen die verskillende afdelings kan verbeter. 'n Eenvoudige oplossing is daar nie. Vergaderings is tydrowend en dit lyk ook asof die verskillende afdelings en takbiblioteke veranderings en besluite nie belangrik genoeg beskou om oor te dra na die res van die Biblioteekdiens nie.

Twee aspekte is belangrik: die personeel se vermoë om inligting te erken as hulle dit sien en ook hulle gewilligheid om dit oor te dra. Daarvoor moet personeel ingelig wees. Hulle moet bewus wees van ander afdelings se behoeftes en werkwyses. 'n Negatiewe ingesteldheid en belangeloosheid van die kant van die personeel bring 'n onwilligheid mee om te kommunikeer. 'n Goed ingeligte en gemotiveerde personeellid is meer betrokke by sy organisasie en daarop ingestel om die algehele vloei van kommunikasie te verbeter.




<u>Kommunikasie tussen die Topbestuur en die personeel; tussen die afdelingshoofde en die personeel</u>

Goeie bestuur en effektiewe kommunikasie gaan hand aan hand. Eerlike en openlike kommunikasie vanaf die bestuur na die personeel kan 'n groter gevoel van betrokkenheid bewerkstellig wat weer daartoe aanleiding gee dat die personeel se houding ten opsigte van hul werk verbeter.

Kommunikasie kan egter nie slegs geskied vanaf die bestuur na die personeel nie, maar moet ook andersom kan vloei. Suksesvolle bestuurders besef dat hul belangrikste bron van inligting afkomstig is vanaf die personeel. 'n Gewilligheid vanaf die kant van die personeel om te kommunikeer, kan lei tot die opwaartse vloei van belangrike inligting. Hierdie gewilligheid word bepaal deur die verhouding wat bestaan tussen die bestuur en personeel. As dit 'n verhouding is wat gekenmerk word deur wedersydse belange, respek en geloofwaardigheid, sal dit kommunikasie aanmoedig. Hier kan 'n mens as voorbeeld neem die deelnemende besluitneming wat in die Japanese organisasie goeie resultate opgelewer het.

Op die vraag of personeel deelname moet hê aan besluitneming, veral besluite wat hulle direk raak, is die afdelingshoofde met wie onderhoude gevoer is, dit eens dat dit 'n positiewe bydrae kan wees. Mnr De Kock glo dat dit tot voordeel van enige organisasie is, want die term "deelnemend" beteken dat kommunikasie nie net 'n eenrigtingverkeer is nie, maar dat die kommunikeerder ontvanklik moet wees vir terugvoering sodat in die kommunikasieproses, die kommunikeerder by tye ook 'n luisteraar sal wees.

Mev Nel het bevestig dat in haar afdelings se personeelsamesprekings wat op 'n gereelde basis plaasvind, die personeel volle vryheid het om enige besware, probleme en voorstelle te noem. Hierdie inligting word deurgevoer na die Topbestuur en sy self sorg dat daar terugvoering is.

Ten slotte: Kommunikasie is 'n tweerigting-vloei van inligting vanaf die bestuur na die personeel en andersom. Om kommunikasie te verbeter, is dit nodig dat daar vrae gevra sal word, dat daar geluister sal word na wat gesê word en dat daar opgetree word nadat inligting ontvang is. Dit impliseer dat die personeel sal vra wat die doelwitte is van die bestuur, dat die bestuur sal vra wat die behoefte is van die personeel, dat daar geluister word na wat gesê word en dat daar daadwerklik opgetree word sodat terugvoering verseker is. Enige kommunikasie wat nie opgevolg word deur definitiewe besluite en optrede nie, kan die vloei benadeel. Dit tas die vertrouensverhouding tussen die bestuur en personeel aan. In hierdie opsig kan veral van die kant van die personeel 'n gevoel van antagonisme en ongeloofwaardigheid ten opsigte van bestuursbesluitneming ontstaan.

Kommunikasie is gebaseer op opregtheid en eerlikheid. Dit geld nie net persoonlike verhoudings nie, maar is in 'n organisasie net so belangrik. Dit verg moed en insig. Moed om verby die formele in die organisasie te beweeg en insig om familiariteit uitgesluit te hou. Kommunikasie is 'n proses wat nooit afgehandel is nie, en in enige organisasie moet en bly dit 'n voortdurende uitdaging.

Elsabé van der Merwe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## WHAT IS A POMMIE?

Four different races make up the British people.

The Scots who keep the Sabbath and everything else they lay their hands on. The Welsh who pray on their knees and their neighbours. The Irish who don't know what the devil they want but are willing to die for it. And the English who consider themselves a race of self-made men, thereby relieving the Almighty of a dreadful responsibility.

BRON: ARTES NATALES, MAART 1986

W W DUMINY

## KRITIESE BEREDENERING EN ARGUMENTASIE: DEEL 3: S L O T

### Argumente in ŉ teks versus argumente in ŉ gesprek- of spreeksituasie

Dit is egter veel makliker om argumente in geskrewe vorm te hanteer. Argument identifikasie en ontleding in ŉ gesprek- of spreeksituasie vereis naas ŉ goeie geheue, ook die vermoë om die struktuur van die argument soos dit in die gesprek ontwikkel, te konstrueer. Die geringste mate waarin ŉ leidraad die aandag ontsnap, beïnvloed sowel die herkonstruering as evaluering van die argument.

Soos reeds aan die begin aangedui, het elke tipe gesprek- of spreeksituasie sy eie unieke spel-reëls: wat geld vir besprekings, geld nie vir debatte nie; wat vir debatte geld, geld nie vir diskussies nie, ensovoorts. Naas die spel-reëls is daar ook sprake van die onus van bewysvoering, die seleksie en konstatering van "feite", voorwaardes vir ŉ geldige diskussie, presisering en problematisering van bewerings, die formele reëls van die formele dialektiek, ensovoorts.

### Samevatting

Bogenoemde kan as illustrasie dien vir die aanname dat kritiese beredenering ŉ bepaalde ingesteldheid en ŉ bepaalde bedrewenheid vereis. Socrates som die kritiese ingesteldheid netjies op as hy vra:

"Then shall we examine this again ... to see if it is correct, or shall we let it go and accept our own statement, and those of others, agreeing that it is so, if anyone merely says that it is? Or ought we to inquire into the correctness of the statement?"

(Plato: Euthyphron)

Die gebruik en toepassing van kritiese beredenering is egter nie sonder probleme nie, soos die lewe van Socrates dit immers bewys. Kritiese beredenering word baie selde in gespreksituasies en in die sosiale bestel verwelkom en aanvaar. Mense voel bedreig en onveilig wanneer hulle aannames aan ŉ rasioneel-radikale ondersoek onderwerp word en derhalwe tree verset teen kritiek in.

Kritiese beredenering is nie alleen riskant nie, dit stel ook besondere uitdagings aan die beoefenaar daarvan, byvoorbeeld

* Om vir jouself te dink. As jy nie bereid is om vir jouself te dink nie, sal ander namens jou dink - tot <u>húlle</u> voordeel.

* Die bewuswording van die opdrag tot kritiek wat op elke redelike mens rus. Kritiek is slegs moontlik binne die konteks van die menslike vryheid (verantwoordelikheid), norme en waardes. Deur kritiek alleen, word hierdie drie grondwaardes van menswees eintlik geaktiveer. Kritiek en kritiese beredenering is van die basiese waardes wat vereis word vir ŉ eg-menslike bestaan.

**Dr T Trichardt**

Dit is moeilik om lank te bly glo dat enigiets werklik die moeite werd is tensy ŉ ander mens se oë soms saam met ons s'n vonkel, en ŉ woord af en toe gesê word om aan te dui dat iets wat vir ons oneindig kosbaar is vir iemand anders net so kosbaar is.

GEORGE ELIOT



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## IN EN OM MERENSKY

### KURSUSSE WAT AANGEBIED WORD

Centre for Scientific and Technical Information of the CSIR will be presenting the following training courses:

| Course No | Title | Date held |
|---|---|---|
| C2.1 | Computers and the library | 13-15 May |
| C2.2 | Computers and the library | 1-3 Oct |
| C6.2 | Setting up a small library | 28-29 May |
| C6.3 | Setting up a small library | 18-20 Aug |
| C9.1 | Towards an electronic library | 22 April |
| C9.2 | Towards an electronic library | 12 August |


Contact: Mrs P J Castle
Telephone (012)86-9211 x 2050

Die Universiteit van Pretoria bied die volgende kursusse aan:

| Kursus No | Titel | Datum |
|---|---|---|
| Module 1 | Mikro-ontsluiting met die mikrorekenaar | 4-5 Jun |
| Module 2 | Intydse inligtingherwinning uit elektroniese databasisse | 5-6 Jun |
| Module 3 | Ontsluiting met AACR 2 | 5-6 Jun |

Kontakpersoon: Prof P A van Brakel
Telefoon (012)420-2293

## vermaak



### DRAMA

5 Junie - 14 Junie

Daar leef mense daar - Athol Fugard
Die Masker

### MUSIEK

4 Junie

Mimi Coertse-Beurs Finalistekonsert
Musaion 19h30
(Sien berig elders)

### MIMI COERTSE-BEURS FINALISTEKONSERT

Die Departement Musiek, Universiteit van Pretoria maak hiermee bekend dat die volgende kandidate gekeur is om as finaliste vir die Mimi Coertse-Beurs 1986 mee te ding:

1 Michelle Breedt (liriese mezzosopraan) van Kaapstad: leerling van Nellie du Toit.

2 Dana de Waal (tenoor) van Johannesburg: leerling van Sarie Lamprecht.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

3 Sabina Mossolow (mezzosopraan) van Stellenbosch: leerling van Nellie du Toit.

4 Sandra Nel (mezzosopraan) van Pretoria: leerling van Emma Renzi.

Die standaard van die aansoeke was vanjaar van 'n besondere hoë gehalte. Verskeie hoogs talentvolle kandidate het kassetopnames met 'n program bestaande uit een oratoriumaria, twee opera-arias, twee kunsliedere (byvoorbeeld Duits, Frans, Italiaans of Engels) en een Afrikaanse kunslied ingestuur. Hierdie opnames is tydens 'n voorlopige beoordeling deur die Beoordelaarskomitee beluister waarna bogenoemde finaliste aangewys is.

Die Beoordelaarskomitee bestaan uit die volgende bekende Suid-Afrikaanse musici:

1 Mnr Chris Swanepoel (Adjunk Direkteur-Generaal, R TV I en Opvoedkundige programme, SAUK) en voorsitter van die komitee.

2 Mej Mimi Coertse (Skenker van die beurs).

3 Prof Chris Lamprecht (Hoof: Departement Musiek, Universiteit van Pretoria).

Die beurswenner sal na afloop van die konsert op 4 Junie in die Musaion deur mej Coertse aangekondig word. Persone wat die konsert wil bywoon, kan navrae rig aan die Departement Musiek, UP by telefoon 420-2248/2290.

---

## PROF HENNIE JOUBERT - 'N HULDEBLYK

Dit was met skok en hartseer dat ons in die musiekwêreld verneem het van die tragiese ongeluk waarin prof Hennie Joubert op 16 April oorlede is.

As direkteur van musiekeksamens van Unisa was hy oor die hele land bekend. Hy het 'n groot bydrae tot die huidige stelsel van musiekeksamens gelewer en hy was die dryfkrag agter die Internasionale Klavier- en Sangkompetisies.

Prof Joubert was ook 'n uitstekende pianis en het veral as begeleier groot bekendheid verwerf. Hy het Mimi Coertse gereeld begelei, asook wêreldberoemde sangers soos Nicolai Gedda, Hermann Prey en Maria Chiara. Hy was ook redakteur van die tydskrif Musicus.

Hy was 'n veelsydige en toegewyde musikus wat as klaviersolis, orrelis (die afgelope twintig jaar van die NG Kerk, Suid-Oos Pretoria) en begeleier en die voorste ry van ons uitvoerende kunstenaars gestaan het.

Dis veral as oud-student wat ek kan getuig van die groot invloed wat hy as leermeester op sy studente gehad het. Net die beste was goed genoeg en daar het 'n groot inspirasie van hom uitgegaan om die beste uit elkeen te haal.

Met sy dood het Suid-Afrika 'n sleutelfiguur in sy musieklewe verloor - iemand wat baie moeilik vervang sal kan word.

Dis voorwaar 'n treurige dag vir musiek in ons land.

Ons bring hulde aan die nagedagtenis van 'n toegewyde mens en musikus. Ons sal hom mis.

BOKKIE MALAN





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KERRIEKOS IS KONINGSKOS

"ŉ Tiekie se rooi maak mooi en ŉ lepeltjie kerrie maak lekker."

Die dae toe ons ŉ pakkie klaargemaakte kerriepoeier gekoop het om die lekker te maak, is jare reeds verby. Ek en my man (en hy ken van kerriekos), het die heerlikheid van die Kaapse speseryewinkels ontdek. Die is ŉ ontdekkingsreis op sigself wat jou terugvoer na die Holland-Oos-Indiese Kompanjie toe die belangrikheid van die speseryroete na die Ooste feitlik ŉ keelafsny-saak was en ŉ seereis van maande nodig was om die gesogte speserye na Europa te bring.

Deesdae is dit nie eens ŉ uur te perd na ons spesery-handelaar nie, maar dit bly ŉ ervaring van kleur en geur, van wik en weeg, van huis toe gaan om met durf en daad die kombuis te omskep in ŉ Oosterse eetplek wat jy wie-weet-waar kan ruik.

Die een snipper uie, die ander kap knoffel. Die Parade is naby genoeg om te gaan kyk of hulle dalk vars dhania het. Niks kom by die geurigheid van daardie groen koljanderlof gestrooi oor ŉ viskerrie nie.

En dan die opwinding van flesse oopmaak, elkeen die houer van ŉ besonderse smaak wat saamgevoeg kan word vir ŉ koningsdis.

"Wil jy groen kardamon hê of van die bruines? En wat van hierdie ster anys?"

Dan kou jy sommer een van die sade en jou hele mond smaak na die lang, swart stroke lekkergoed wat ons as kinders 'drop' genoem het.

Dis nie sommer ŉ japtrap se kosmaak nie. Manne het hulle lewens in gevaar gestel om hierdie speserye na die Kaap te bring en al is dit by die 300 jaar later beteken dit nie mens moet jou gawes sommer ligweg aanvaar nie. ŉ Kerriemaaltyd is ŉ ernstige saak.

Rys, vanselfsprekend. Maar asseblief, tog nie die half klaargekookte pakkies rys nie. Nee, ons het reeds met ons speseryehandelaar die saak uitgepraat. Hy's ŉ voorstander van basmathi-rys, met die lang, dun korrels. Nie so skoon soos die nare pakkiesrys nie, dit gee ek toe, maar wie's nou bang om ŉ koppie rys of twee te was? En weer te was.

Want hierdie rys kook (twee-en-ŉ-skootjie koppies water op een koppie rys - laat hom stoom in die toe pot) so lig en los en korrelrig met ŉ eie smaak soos geen ander rys nie. As jy nou die dag baldadig is, kan jy hom geel kleur met borrie of saffraan, hom verder geur met amandels, effens bruin gebraai of hom gebruik in ŉ hoender-briyani. Dis ŉ veelsydige rys, die basmathi.

ŉ Afkoelmiddel kan dalk nodig wees, daarom maak ek dungesnyde komkommer in jogurt, ŉ klein bakkie tamatie gesny saam met uie. Maar ons hou ons nie veel op met dinge soos lemmetjie-atjar of een of ander vrou se tuisgemaakte blatjang nie. Hierdie kerrie het nie opsmuk nodig nie, hy staan op eie pote.

Wat wel nodig is, is die skeppie dhal op die kant van die bord, die saggekookte lensies, fyngemaak en gegeur met uie, varsgemaalde swart peper en ŉ bietjie suurlemoensap. En wie sal die pappadums vergeet, daardie blaardun sirkels wat mens woerts-warts gaarmaak in warm olie sodat hulle bros knars en breek onder die tande.

Kerrie op die tafel. Eet met ŉ lepel, moenie haas nie, mondjievol op ŉ slag om elke geur na te speur, die geheel te geniet.

En dink met liefde en dankbaarheid aan die seevaarders van ouds.

BRON: LEONORE DE VILLIERS
Vlieënde Springbok

Tydskrifte

---

This is the sort of English up with which I will not put.

WINSTON CHURCHILL (1874 - 1965)
Marginal note on document



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## "DIE LANG PAD HUIS TOE"

As 'n mens na tien jaar in die Transvaal vakansie gaan hou in Kaapstad, voel dit vir 'n "bloed-Kapenaar" of hy weer die lang pad huis toe aanpak. Toe ek dit so 'n jaar of wat gelede gedoen het, het ek 'n paar uur bene gerek in die dorpie in die hart van die dorre Karoo - 'n dorpie waar jy 'n perdekar nog gereeld die hoofstraat sien aframmel, waar almal mekaar ken en wil ken, waar die mense nog naby aan die barre aarde van karoobossies en ghannabos leef en waar die voortbestaan van mens en dier afhanklik is van "windpomp-sjampanje", soos my pa altyd verwys het na die koue, bitter lafenis diep uit die aarde. Dié dorpie op die lang pad huis toe se naam is Beaufort-Wes. Vanaf Richmond het ek al begin wonder waar Beaufort-Wes sy naam gekry het.

Die eertydse Engelse goewerneur aan die Kaap, Lord Charles Somerset (1814-1826), die tweede seun van die Hertog van Beaufort en die broer van die Markies van Worcester, het gepoog om die kaart van die Kaapkolonie te laat pryk met die titels en name van sy eie familie.

Op 27 November 1818 het Lord Charles Somerset die distrik Beaufort geproklameer. Aan die here Fischer en Stockenström, die landdroste van Tulbagh en Graaff-Reinet onderskeidelik, is die uitsoek van 'n geskikte plaas vir die aanlê van 'n dorp as hoofsetel van die nuwe distrik opgedra. Die plaas, Hooivlakte, aan die voet van die Nuweveldberge, die eiendom van kommandant Abraham de Klerk, is gekies. Dié plaas is van De Klerk gekoop vir die som van 13 333 riksdaalders (R2 000), waarop die dorp dan aangelê is.

Ter ere van sy ou adellike familie in Engeland, het die goewerneur die nuwe distrik en dorp Beaufort genoem. Later is die dorp Beaufort-Wes genoem om dit van Port Beaufort en Fort Beaufort, wat eweneens na die bogenoemde familie van Somerset vernoem is, te onderskei. John Baird was die eerste landdros van Beaufort-Wes en ds John Taylor het die eerste gemeente daar gestig.

Word 'n mens weer wakker uit hierdie voëlvlug deur die verlede, besef mens dis nog amper 350 km "huis toe". Tog besef mens dat die Beaufort-Westers, miskien vanweë die geskiedenis van hul adellike dorpsnaam, steeds "adellik" is, omdat hulle mense vir ander mense is, mense wat deel in die adel van menswees tussen karoobossies en windpompe. Die adel van menswees het ons al lankal verruil vir toringblokke, stadsgeraas, beton op beton en die neongod wat wink.

Christo de Wet

BRON: Nienaber, P J
Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek, Deel I. Kaapstad: Tafelberguitgewers, 1971

---

## EK EN MY WERK : SELFVERKENNING

Die eerste vereiste om meer beheer oor mens se loopbaan te verkry is om jouself te vergewis van wat jou behoeftes, verwagtinge, begeertes en vermoëns is. Hierdie aspekte is dikwels meer ontwykend en vaag as wat mens sal dink en sommige mense mag selfs professionele hulp nodig hê om dit te kan bepaal. Dit is egter absoluut krities om jouself te begryp ten einde realistiese besluite te kan neem wat tot selfvervulling sal lei. Sonder voldoende selfkennis mik mens dalk te hoog, te laag, of in die verkeerde rigting.

Die volgende oefening mag dalk help:

Stap 1:

Skryf 10 antwoorde neer op die vraag "Wie is ek?".

Stap 2:

Maak 'n lys van al jou sterk punte en swak punte.

Stap 3:

Beskryf die tipe omstandighede wat jy besonder geniet asook dié wat jy besonder onaangenaam vind.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Stap 4:

Skryf die volgende lewenswaardes op kaartjies neer en rangskik in prioriteitsvolgorde:

- Vriendskap - om te werk met mense van wie ek hou en wat van my hou.
- Geografiese ligging - om te kan bly in 'n omgewing wat ek verkies.
- Plesier - om my werk te geniet.
- Lojaliteit - om wedersydse lojaliteit in my werksomgewing te ondervind.
- Familie - om tyd met my familie te spandeer.
- Leierskap - om 'n invloedryke leier te word en betekenisvolle besluite te neem.
- Prestasie - om belangrike dinge te onderneem/bereik.
- Rykdom - om baie geld te verdien.
- Deskundigheid - om 'n bekende en gerespekteerde outoriteit op 'n bepaalde gebied te word.
- Diens - om tot die bevrediging van andere by te dra en hulp te verleen.
- Prestige - om as suksesvol gesien te word en erkenning en status te geniet.
- Sekuriteit - om 'n versekerde en standvastige posisie te beklee.
- Mag - om gesag te hê en beheer uit te oefen oor andere en middele.
- Outonomie - om my eie optrede, tydskedule en prioriteite te bepaal.
- Potensiaalbenutting - om my werk as 'n uitdaging te ervaar wat my vermoëns tot die uiterste beproef.

Stap 5:

Gaan agterna weer deur bogenoemde lys. Vra jouself af of jy dit rangskik het soos dit werklik vir jou saak maak en of jy nie moontlik besig is om andere in ag te neem nie. ("Wat sal dié of daardie een van my dink"). Voel vry om dit te verander. Niemand kyk mos nie!

Stap 6:

Neem die vrymoedigheid en vra terugvoer oor jouself van jou meer intieme vriende. Vra hulle om jou te beskryf in terme van wie jy is, sterk- en swak punte, behoeftes en waardes. Verskil hierdie sieninge baie van jou eie? Hoekom? Sien jy jouself realisties of onderskat jy jouself dalk?

Stap 7:

Projekteer jouself 5 tot 10 jaar in die toekoms. Maak asof jy 'n joernalis van 'n plaaslike tydskriffie is en skryf 'n artikel oor ...... (jou naam). Beskryf wat se pos jy beklee, wat jou areas van prestasie is, hoe mense jou ken. Skryf dit só dat dit vir jou aangenaam sou wees om die artikel te lees.

Na hierdie sewe stappe behoort jy in 'n beter posisie te wees om realistiese loopbaandoelwitte vir jouself te formuleer.

Bron: Alongside/Langs jou
Noodlyn Mei, 1986

Hannie Bezuidenhout


---






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## GELUKWENSE




JUNIE

1 Celeste Blaauw (IBL)
6 Olivia Webb (Africana)
13 Rita Badenhorst (Vlak 6)
16 Julie Rechav (Ontsluiting)
25 Corrie du Preez (Bindery)
27 Anita Lochner (Medies)

Baie geluk aan Danie Veldsman (Medies) en sy vrou met die geboorte van hul dogtertjie. Ook aan Magriet Engelbrecht (Klinikala) en haar man met hulle seuntjie.

---

---

Ons innige meegevoel aan twee van ons personeellede wat in April naasbestaandes moes afstaan. Dit is Pepsi Nel wie se broer op 16 April oorlede is en Denise Wheeler wat haar vader op 27 April verloor het.

---

## BIBFLITSE

### 'N AFTREEHUISIE BY DIE SEE IN PRETORIA

Ons familie het besluit om van ons groot ou huis in Brooklyn ontslae te raak. Ná veel gesoek en frustrasie van almal in die huis, besluit ons om tog, terwille van twee honde en kinders wat nog kom en gaan, 'n kleiner huis te koop - nou in Menlopark, heel naby die Johannesburg/Pietersburg-snelweg. Die huisie het ons so baie laat dink aan die vakansiehuis by Ballitoville wat ons gereeld huur. Wat was my verbasing groot toe Pieter die eerste oggend aan my sê: "hoor die see". Dit was natuurlik die snelweg met Paasnaweek; die motors het verby geruis ... maar dit het ons net so 'n wonderlike rustige gevoel gegee van die see.

Dit is nou vir my heerlik om weer van voor af te begin tuinmaak. Ek kan almal net verseker dat 'n verandering op alle stadiums van die lewe heerlik, interessant en 'n ware uitdaging is.

Doris Botha

ALGEMENE ADMINISTRASIE

---

### MUSIKALE HUMOR!

### SCHUBERT EN DIE O&M-KUNDIGE

Kaartjies is aan 'n voorsitter van 'n maatskappy gegee om 'n uitvoering van Schubert se Onvoltooide Simfonie by te woon. Hy kon nie gaan nie en gee toe die kaartjies vir die maatskappy se werkstudieraadgewer. Die volgende oggend vra die voorsitter hom of hy die uitvoering geniet het en, in pleks van 'n paar aanneemlike waarnemings, handig hy 'n memorandum aan die voorsitter. Die memorandum lees:

a) Vir aansienlike periodes het die hobo-spelers niks gehad om te doen nie. Die stuk behoort korter gemaak te word en hulle werk eweredig oor die hele orkestrasie versprei te word om die onaktiewe spitse uit te skakel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

b) Al twaalf viole het dieselfde note gespeel. Dit blyk onnodige duplisering te wees en die personeel van die seksie behoort drasties verminder te word. Indien 'n groot volume klank werklik nodig is, dan kan dit deur middel van 'n PIONEER-versterker verkry word.

c) Baie moeite word gedoen om halwe sestiende note te speel. Dit blyk om 'n oormaat verfyndheid te wees en dit word aanbeveel dat alle note tot die naaste sestiende noot afgerond behoort te word. Indien dit moontlik is, dan kan leerlinge en lae-graad operateurs gebruik word.

d) Daar is geen nut daarin om met blaashorings die gedeeltes te laat herhaal wat reeds deur die strykinstrumente afgehandel is nie. Indien al die soort oorbodige gedeeltes uitgeskakel word, dan kan die konsert van twee ure tot twintig minute verkort word.

SLOTSOM

Indien Schubert aandag aan dié aangeleenthede geskenk het, dan kon hy waarskynlik tog in staat gewees het om sy simfonie te voltooi.

GROETE UIT DIE MUSIEKBIBLIOTEEK

---

VEEARTSENYKUNDE

Hartlik welkom aan mev Lily Hornsveld wat in die voltydse assistentpos hier by ons aangestel is. Haar man is dosent by die Departement Anatomie, en met dié kennis en die drie jare ondervinding wat sy by Buitepasiënte, Veeartsenykunde opgedoen het, is sy beslis 'n aanwins. Haar betrokkenheid by die studente is ook 'n bate, aangesien haar man koshuisvader van Onderstepoort is. Die aanhoudende telefoonoproepe by Buitepasiënte, en die voortdurende gejaag het Lily laat besluit om te verander na 'n "rustige en akademiese" milieu.

Hier is die telefoon nou wel stiller, maar die vrae en onderbrekings! "Die fotokopieermasjien wil nie werk nie". "Die videomasjien het geen klank nie". "Ek soek kleingeld". "Is dit die vorm wat ek moet voltooi?" "Tot hoe laat is die biblioteek oop?" "Waar is die boek wat ek bespreek het?" "En die artikel wat ek gister aangevra het?" Een van die dae verlang sy terug na die rustigheid van Buitepasiënte!

Die tydelike halfdagpos hier word nou behou om in die behoeftes van die langer biblioteekure te voorsien. Ons gaan nou twee aande per week tot 20h00 oop wees, asook Saterdae van 8h00 tot 12h30. Mev Lourina de Beer bly aan in die pos. Sy het 'n groot taak aangepak, naamlik om die jare-oue leemtes in ons tydskrifversameling aan te vul en vir inbinding te stuur, sodat ons met die minimum los nommers na die nuwe gebou kan trek. Die bouery vorder fluks. Ons sal maar stil bly oor die kere wat kabels per ongeluk raakgekap word, met die daaropvolgende telefoondiensonderbreking!

Erica van der Westhuizen

---

VOORONTSLUITING

Gedurende die afgelope langnaweek is daar ver gery en tuis gebly om te kuier. Sondag het sommige die kans gehad om moeder te verras met koffie en ontbyt in die bed en ander was so gelukkig om self verras te word, maar oral is heerlik gekuier ên lekker geëet. Dalk tê lekker, is nâ die naweek besef.

Soos altyd, kom alle aangename dinge egter tot 'n einde en almal is weer terug om hulle brood te verdien. Die kort week voor die langnaweek het veroorsaak dat daar die volgende week harder gewerk moes word om alles afgehandel te kry. Dus, met fondse wat nou vinnig uitgeput raak, is dit "Voorwaarts mars, die bestellings wag!!"

INA ENGELBRECHT


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VLAK 6

ŉ Groot gemis ...

Hier op Vlak 6 is daar ŉ groot gemis na onse, kleine Annatjie. Dit is moeilik om te glo sy kom nie weer terug nie - net so nou en dan om hallo te sê. Ai, om Annatjie te vergeet is heeltemal onmoontlik! Neem byvoorbeeld ŉ Maandag-oggend. Ons het skaars almal ons lippies opgesit of een van Annatjie se bekende gebruikers arriveer. Jy hoor hom sommer al daar van die hysbak af aankom ... en hy's moeilik! Maar moenie glo dit is al vir die dag nie, want nie veel later nie, is daar weer hierdie baie belangrike huishoudkundeboek wat op soek is. Dit is dan wanneer Annatjie die telefoon bydam en sy begin bel. Dit is hiernatoe en daarnatoe en sy staan nie ŉ oomblik stil nie. Ons almal staan net verslae en toekyk.

Dit is die gebruiklike begin van ŉ regte 'blou' Maandag; die onweerswolke pak saam, mââr net so skielik breek daar weer ŉ vlaag van heerlike, helder sonlig deur. Ja, natuurlik het ons almal die naweek na die wedstryd gekyk tussen die WP en NTV en ... 'hulle is darem die beste nê?!' Nou het Annatjie vrede gemaak met al wat probleem is. Sy droom oor ŉ vakansie in die Kaap, oor ŉ lekker glas yskoue wyn, maar helaas sy kom nie verder nie, want daar is weer vir haar telefoon. Weer dieselfde gebruiker! Hierdie keer met ŉ nuwe, unieke probleem.

Annatjie, net soos ons altyd aan jou sal dink, hoop ons dat jy altyd weer sal kom kuier.

DIANA MINNAAR


Iemand wat nog nie op die sesde vlak gewerk het nie, sal nie besef watter ernstige belansversteuring plaasvind nie. Elke persoon op die sesde vlak het tot die einde van Maart met sy persoonlikheid meegehelp om ŉ effektiewe en aangename werksmasjien hier op die sesde vlak te vorm. Hermien met haar flinke werkwyse wat min haar sal kan nadoen, het die assistentverpligtinge vir twee dienspunte hanteer asof dit "poeding" was en sodoende meer as haar gewig getrek op die vloer. Daarby kon jy haar maar enige tyd raadpleeg oor sosiale aangeleenthede, klere, kleure, binneversiering en vele aspekte rakende ŉ huishouding - sy sou altyd na ŉ rukkie se dink met ŉ uitstekende voorstel vorendag kom. Gelukkig kon Merensky tydens die 1 jaar en 8 maande maksimaal voordeel put uit hierdie hoedanighede in Hermien se termyn as voorsitster van die Sosiale Klub. Hermien, jy was ŉ klein pilaar (letterlik) wat groot steun verleen het.

Nou ja, vir ŉ vloer met soveel opwinding en onstuimighede, was ŉ rustige en kalme Margie ŉ onmisbare noodsaaklikheid. Hoeveel kere wou ons almal nie op hol raak oor ŉ saak nie; dan het Margie ongestoord dinge in die regte perspektief gestel om gemoedere te laat bedaar. ŉ Mens hoef ook maar net een uur lank die vraag "Ek soek na mevrou Kotze" se frekwensie te bepaal om te besef dat die Ingenieurswese gebruikers minder opgewonde is oor die twee komende Kotzetjies as die res van ons. Dit is met redelike benoudheid dat ons hulle sal probeer tevrede stel vanaf die 1ste Junie. Margie, ons gaan jou baie mis, en ons glo jy is met al hierdie kalmte geseën omdat dit een van die dae sal moet kompenseer vir die ekstra paar hande wat jy nie gekry het nie.

AMANDA VAN DER MERWE

TOT SIENS .......... TOT SIENS

Normaalweg praat ŉ mens van ŉ uurglas wat leegloop en dan dink jy aan sand wat deur ŉ klein opening vloei. Op sesde vlak gebeur dit in ŉ veel ernstiger graad omdat dit nie sand is wat uitloop nie, maar mense. Ons oorblywendes is nog besig om die aanpassing van Annatjie se weggaan te maak en nou moet ons alweer dubbeld afskeid neem - eers van Hermien en daarna van Margie.





"I CAN'T GET YOU OUT OF MY MEMORY BANK"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BLOKKIESRAAISEL




**Margie Kotze**

**OPLOSSING VAN BLOKKIESRAAISEL OP BLADSY 20**

# 'N BROKKIE WYSHEID

Tien gebooie vir ouers

1. U moet u kind liefhê met u hele hart, met u hele siel, met al u kragte, maar tog met groot wysheid.
2. U moet aan u kind dink nie as iets wat aan u behoort nie, maar as 'n eie persoon in eie reg.
3. U moet sy respek en liefde nie beskou as iets wat u eis nie, maar as iets wat die moeite werd is om te verkry of te besit.
4. Elke keer as u ongeduldig is met u kind se onvolwassenheid en onbeholpenheid dink aan u eie kinderdae van avontuur en foute wat u deel was as kind.
5. Onthou dat dit u kind se voorreg is om 'n held van u te maak en laat u voorbeeld opreg wees.
6. Onthou ook dat u voorbeeld meer werd is as foutvind en preek.
7. Wees 'n wegwyser op die lewenspad eerder as 'n rat waarin die wiel nie kan draai nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


8. Leer u kind selfstandigheid om op sy eie voete te staan en sy eie stryd te stry.
9. Help u kind om skoonheid te waardeer, om behulpsaamheid te beoefen, die waarheid lief te hê en om in vrede en vriendskap te lewe.

10. Maak u huis en haard 'n plek van vreugde vir u self, u kinders, u vriende en u kinders se vriende.


BRON: Paul M Pitman

JOGGIE

## UITSTALLING OOR HALLEY SE KOMEET




## OPLOSSING VAN BLOKKIESRAAISEL






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



## GEGROET, MERENSKY!

Ek wou eers 'n tranerige afskeidsboodskap skryf, maar het summier daarteen besluit, want my 2 jaar en 5 maande by Merensky was alles behalwe tranerig. Aan die begin het dit maar so voel-voel gegaan, maar die dag toe ek inkom, die mense groet en 'n glimlag of twee terug kry, toe weet ek my kop is deur! Ek was gelukkig hier, het baie vriende gemaak, en het die werk baie geniet.

Menige reaksie was - hoekom dan weggaan? Die groot rede hiervoor is daardie blondekop, blou-oog, laatlamdogter van ons wat nou eers in St 1 is. Ek aanvaar 'n halfdagpos (vakansies ingesluit met betaling!) by die Laerskool Pretoria-Oos, wat my dan in staat stel om meer aandag aan haar te gee. Eintlik wou ek nou net so rustig soos Alida, babakousies brei vir 'n kleinkind of twee, maar nou is ek weer terug by Liewe Heksie, poppeteater, netbal, moderne dans, wisseltande ens.

Graag wil ek 'n baie GROOT dankie rig aan almal in Merensky wat dit vir my heerlik gemaak het hier. Ek weet ek gaan julle almal baie mis.

Ek wil dankie sê vir my "span" wat my in alle opsigte so lojaal bygestaan het, daarsonder sou my taak onmoontlik gewees het. Dankie Annemarie, Marie en Christa, vir julle vriendskap en wonderlike samewerking.

Aan my bure by Finansiële Administrasie, Pieter, Gideon, Doris en Frea, en Laura by Seksie Skenkings, baie dankie ook vir julle vriendelikheid. Dis goed om as vriende afskeid te neem ten spyte daarvan dat ons mekaar se drumpels deurgetrap het.

Ek is dank verskuldig aan mev Langkilde wat vir my so baie beteken het. Haar positiewe leiding, geduld en bystand het ek baie waardeer. Hier het ek ondervinding opgedoen wat vir my in die toekoms net tot voordeel kan wees. Baie, baie dankie.

Laaste, maar nie die minste nie, dankie aan Stephen, Samuel en Johannes vir puik samewerking.


Dan het ek ook gehoor dat die Sosiale Klub meer geld gaan uitbetaal aan persone wat aftree en bedank. Ek wonder net of dit genoeg sal wees ....
vir 'n WOORDVERWERKER??

JOGGIE

## EK HET 'N BOOM GEPLANT VIR BOOMPLANTDAG ... EN TOE GAAN HY DOOD!

Baie van ons het al seker hierdie onaangename en ondankbare ondervinding met 'n boom gehad.

Inteendeel, jy het waarskynlik die gat 'n meter diep gemaak - tot in die harde grond. Daarna alles opgevul met kompos en baie water daarby. Waar's die fout? Kyk na die tekening, dan verduidelik ek:






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1) Jy het die gat tot in die harde grond gemaak waaruit die water nie kon dreineer nie.

2) Daardie lekker baie water wat jy gebruik het, het tussen die kompos en jou kosbare boom se wortels bly lê - 'n mooi skottel!

3) Foeitog - jy het jou boompie versuip, want sien, sy wortels moet asemhaal soos in die geval van sy blare.

OPLOSSING:

1) 'n Groot witstinkhout kan groei in 30 cm grond, mits dit goed dreineer.


2) As jy weer 'n gat maak en wonder oor die dreinering, maak hom vol water en laat dit staan. As die gat die volgende dag leeg is, is dit goed. As die water nog daar staan het jy 'n goue geleentheid om weer 'n boom te versuip!

Geniet dit!

ELSA ROOS

---

## TREFFERS




## B O E K E: OUT OF AFRICA

Karen Blixen (Isak Dinesen)

"I had a farm in Africa, at the foot of the Ngong hills ... The geographical position and the height of the land combined to create a landscape that had not its like in all the world. There was no fat on it and no luxuriance anywhere; it was Africa distilled up through six thousand feet, like the strong and refined essence of a continent ... The views were immensely wide. Everything you saw made for greatness and freedom, and unequalled nobility".

Uit elke bladsy wat Karen Blixen oor Afrika geskryf het, spreek die intense liefde wat sy vir hierdie kontinent gekoester het, duidelik. Op meesleurende wyse bespreek sy al die aspekte wat haar lewe in Kenia vol en ryk gemaak het: haar plaas en haar werkers, haar vreugdes en voorspoed, haar probleme, teleurstellings en verdriet.

Sy het baie na aan die swart volkere om haar geleef en gee hulle gewoontes en lewensopvattinge interessant en noukeurig weer. By haar swart plaaswerkers het sy baie geleer, en op haar beurt weer baie aan hulle geleer. Sy het intens met die land saamgeleef, geswoeg en gesweet om haar projekte te laat slaag en baie opgeoffer om haar drome te bewaarheid. Deur hierdie louteringsproses het sy gesuiwerd gekom; 'n sterk, dinamiese en bewonderenswaardige vrou.

Die titel wat sy aan haar boek gegee het, is tweeledig van aard. Sy kry haar onderwerp en haar inspirasie vanuit Afrika. Dit is simbolies omdat sy fisies buite Afrika was toe sy geskryf het, apart en eenkant in Europa. Nadat sy in 1931 Kenia verlaat het, het sy nooit weer na Afrika teruggekeer nie. Juis haar intense verlange na alles wat sy moes agterlaat, het haar in staat gestel om met soveel kalmte, insig en skerpsinnigheid oor haar geliefde Afrika te skryf.

Isak Dinesen was die skuilnaam van Karen Blixen wat in 1885 in Denemarke gebore is. In 1914 is sy met Baron Bror Blixen-Finecke getroud. Hulle is saam na Kenia om daar 'n koffieplantasie te behartig. In 1921 is hulle geskei, en sy het voortgegaan om die boerdery te behartig. In 1931 was sy verplig om na Denemarke terug te keer weens die ineenstorting van die koffiebedryf.

Vanaf 1905 het sy sporadies in Deense tydskrifte gepubliseer. Sy het veral bekendheid verwerf met haar boek Out of Africa wat in 1937 gepubliseer is. Dit is 'n outobiografiese weergawe van die tydperk wat sy in Kenia deurgebring het. In 1960 is Shadows on the Grass, wat ook Kenia as onderwerp het, gepubliseer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Barones Blixen het sifilis by haar man, Bror opgedoen en nooit volkome daarvan herstel nie. Sy is in 1962 in Rungsted, haar geboortedorp, oorlede.

In die boek Out of Africa val die klem op Kenia en die lewenswyse van sy inwoners. In die rolprentweergawe van die boek, wat dieselfde titel dra, vind ons egter 'n skerp teenstelling. Die film is 'n romantiese liefdesverhaal, waarin die verhouding tussen Karen Blixen en haar vriend en minnaar, Denys Finch-Hatton, die kalklig steel. Uitstekende fotografie en puik vertolkings deur die hoofkarakters maak van die film 'n treffer, wat op hoogs aanskoulike wyse 'n nostalgiese blik op 'n verbygegane era werp.

Alhoewel Denys Finch-Hatton in die boek 'n sekondêre plek inneem, het hy tog 'n baie belangrike rol in Karen Blixen se lewe gespeel. Uit haar persoonlike korrespondensie blyk haar liefde vir hom: "I am for all time and eternity bound to Denys, to love the ground he walks upon, to be happy beyond words when he is here and to suffer worse than death many times when he leaves."

Saam met hom het haar gevoelens oor haar lewe en oor Afrika uitgekristalliseer, ryp geword en tot volle wasdom gekom. "To Denys Finch-Hatton I owe what was, I think, the greatest most transporting pleasure of my life on the farm: I flew with him over Africa ... Every time I have gone up in an aeroplane and, looking down, have realised I was free of the ground, I have had the consciousness of a great new discovery. "I see", I have thought "this was the idea. And now I understand everything"."

Jeanette Marais

## B O E K E: DIE NEDERLANDSE GEÏLLUSTREERDE BOEK IN DIE SEWENTIENDE EEU

Daar is al dikwels beweer dat in Nederland meer boeke uitgegee is in die sewentiende eeu as in al die ander Europese lande tesame. Hierdie stelling word deur John Landwehr in sy boek: De Nederlander uit en thuis; spiegel van het dagelijkse leven uit bijzondere zeventiende-eeuwse boeken, bespreek.

Landwehr bepaal hom slegs tot die bespreking van die geïllustreerde boek, en nogtans is die lys van publikasies indrukwekkend. Onder die opskrif: "De Nederlander in het buiteland" is daar boeke oor Nederlanders in Batavia, Brazilië, Indië, Jerusalem en Suid-Afrika. Daar is baie reisbeskrywings onder die opskrif "Reisen". 'n Besondere reisbeskrywing is: Beschrijvinghe van de Voyagie om de geheelen Werelt; ghedaen door Olivier van Noort van Utrecht, en is in 1646 uitgegee.

Die volgende feite is 'n klinkklare bewys van die groot verskeidenheid boeke wat in die sewentiende eeu in Nederland gepubliseer is. Die eerste handboeke oor die tegniek van die skilderkuns is in 1643 gepubliseer, asook die eerste boeke oor die tegniese aspekte van skeepsbou (1697), brandbestryding (1690 en 1693), vryetydsbesteding, sport en spel sowel as selfstudie kry aandag. In die mediese sektor verskyn die eerste geneeskundige jaarboek en die eerste boekie oor bejaarde sorg. Jacob Cats en Roemer Visscher se gedigte word onderskeidelik in 1618 en 1614 gepubliseer. Iets oor "Spoken" (1610), weervoorspellings in die almanak (1687), en 'n boek oor hoe om soutwater vars te maak (1619) is ook gepubliseer.

Boeiende boeke van boeiende mense oor die mees uiteenlopende onderwerpe is in die goue eeu gepubliseer. Die boek van John Landwehr is werklik die moeite werd om deur te blaai.

Jo Breed

## F I L M S: KISS OF THE SPIDERWOMAN

Vir sy dramatiese vertolking van die homoseksuele Molina in "Kiss of the Spiderwoman", 'n Brasiliaanse film, het William Hurt die gesogte Oscar van die Amerikaanse Akademie as die beste akteur ontvang.

Molina (William Hurt) is saam met 'n politieke gevangene in 'n Suid-Amerikaanse tronk opgesluit. Daar word emosionele druk op hom gepiaas om vir die owerheid inligting oor die gevangene se rewolusionêre bedrywighede te bekom. Raul Julia vertolk die rol van die veglustige opstandeling Valentin, bereid om vir sy oortuigings te sterf en vyandiggesind teenoor sy verwyfde selmaat.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Om aan sy geestelike wanhoop en die realiteite waarin hy vasgevang is, te ontkom, verplaas Molina homself na 'n fantasiewêreld. In sy verbeelding skep hy 'n aksiebelaaide rolprent, waarin 'n sensuele en aanloklike vrou die hoofrol vertolk. Die dae in die somber sel verwyl Molina deur die gebeure in sy film uit te beeld en aan sy selmaat oor te vertel.

Die verhouding tussen die twee gevangenes is aanvanklik gespanne en ongemaklik, maar groei geleidelik tot wedersydse aanvaarding, respek en liefde. 'n Wye spektrum van menslike emosies en gewaarwordinge word gedek. William Hurt beeld die sensitiewe, komplekse en vertwyfelde homoseksueel aangrypend en oortuigend uit, en verdien sy Oscar duisendvoudig.

Om na hierdie rolprent te kyk, is nie 'n ontspannende of aangename ervaring nie. Diegene op soek na ligte vermaak, behoort dit beslis te vermy.

JEANETTE MARAIS


## UITSTALLING OOR BUITELUGSPORT




## SANIBONA! DUMELANG!

### Jacob Mahlangu

Jacob Mahlangu is werksaam op Vlak 5. Hy is gebore in Witlaagte (KwaNebele), net buite Pretoria. As jongman aanvaar hy werk by Kaptein Papenfus in Pretoria-Noord. Daarna werk hy by verskillende persone en instansies onder andere by prof Bonsma, by Rissik Teekamer en vir vyf jaar by Pretoria Boys High School. Hy begin by Buitemuurs in die Biblioteek werk en na elf jaar verhuis hy saam met die res van die personeel na Merensky-biblioteek.



Jacob is 'n afstammeling van die Kaptein van Witlaagte. Dit is sy pa se broer. Hy is getroud met Nancy wat ook van Kwa-Ndebele afkoms is. Hy het sy huis self gebou en dit vorm deel van hulle familiekompleks op Witlaagte.

As hy weer oor kon kies, sou hy graag voertuigbestuurder wou wees, maar hy aanvaar sy werk soos dit is. Sy filosofie is dat jy jou werk aanvaar en dit doen die beste wat jy dit kan doen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# AANSTEḶLINGS




**Rina de Vos**
Ongetroud
Aangestel by:**Vakbibliotekaris (Ingenieurswese) Vlak 6**
Vorige ondervinding: **Werksaam by WNNR/Bibliotekaris by skool**
Belangstellings: **Stap en reis**



**Lilly Hornsveld**
Getroud, een dogtertjie, een hond, een kat
Aangestel by:**Veeartsenykunde Biblioteek**
Vorige ondervinding: **Onderwyseres/ Buitepasiënte, Onderstepoort**
Belangstellings: **Netbalafrigting/Buitelewe**




**Lourina de Beer**
Getroud, een seuntjie /2 katte
een dogtertjie/2 honde
Aangestel by: **Veeartsenykunde Biblioteek**
Vorige ondervinding: **Inligtingsbeampte by Padnavorsing, WNNR**
Belangstellings: **Musiek en naaldwerk**



**Johan Avenant**
Was voorheen werksaam by Toonbank
**Verskuif na Landboubiblioteek**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## OOM RASSIE TREE AF



Dit was my voorreg om sedert Maart 1966 saam met Paul Erasmus (Oom Rassie) te kon werk.

Voordat hy aangestel is, was daar baie drama, vrae en kwellings vanaf die Personeelafdeling. Die rede hiervoor was dat Oom Rassie doof is. By die Personeelafdeling was daar kommer dat hy deur of in die bewegende masjiene beseer kon word. Na ons hulle gerusgestel het, is Oom Rassie aangestel.


Vir ons was dit aanvanklik 'n geweldige aanpassing, en ons moes maar dikwels pen en papier nader trek om gedagtes uit te ruil of opdragte verstaanbaar te maak. Met handgebare en praat het ons dikwels uitgevind dat ons gesprekke op heeltemal verskillende golflengtes ingestel was.

Oom Rassie was geweldig pligsgetrou, nooit laat nie, en as dit sou gebeur dat hy 'n bietjie laat was, het hy altyd kom vra of hy asseblief maar sy werk kan hervat. Dit het by geleentheid gebeur dat mens Oom Rassie vroegoggend by die Oos Kerk aantref. Dan was hy reeds by die werk maar omdat hy getwyfel het of sy horlosie reg was, het hy soontoe gestap om sy horlosie met die Kerk s'n te vergelyk.

En nou gaan Oom Rassie uitspan - 'n bietjie voordat hy die 60 kerf bereik. Sy gesondheid was nie meer van die beste nie, en ons vertrou dat hy by die huis 'n rustiger en welverdiende rus sal geniet.

**Willie Porter**

## MEMORIAM




Dit is met skok en leedwese dat die personeel verneem het van die afsterwe van **Nicolene van Loggerenberg.** Nicolene (25 jr) was vanaf 1 Mei 1986 werksaam by Merensky-biblioteek in 'n na-uurse pos by Toonbank. Sy was 'n student aan UP wat die graadkursus BSc. gevolg het. Ons diepste meegevoel aan haar ouers en familie.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




**Anette Prinsloo**
Getroud, 1 seun en 2 dogters
Aangestel by: **Geskenke**
Vorige ondervinding: **Werksaam by Bronkhorstspruit Munisipale Biblioteek**
Belangstellings: **Aerobiese oefeninge/Lees/Hekel**



**Silvia de Beer**
Getroud, 4 seuns
Aangestel by: **Landboubiblioteek 9vm-2nm**
Vorige ondervinding: **Huisvrou/Onderwyseres**
Belangstellings: **Haar kinders/Tennis/Lees/Leer graag nuwe dinge**



**Dirk (Stach) Faveere**
Ongetroud
Aangestel by: **GSV 4nm-9nm**
Vorige ondervinding: **Student UP (Ingenieurswese)**
Belangstellings: **Sy meisie en rekenaars**



**Jannie Schuler**
Ongetroud
Aangestel by: **Regte 5nm-11nm**
Vorige ondervinding: **Student UP (Teologie)**
Belangstellings: **Meisies, sport en motors**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# BEDANKINGS





**Margie Kotzé** verwag 'n **tweeling!**

**Joggie Britz** aanvaar 'n betrekking by **Laerskool Pretoria-Oos**







**Willem Visser** gaan **Weermag** toe

**Hermien Bornman** verhuis na **Phalaborwa**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# INHOUDSOPGAWE

DIE EERSTE SÊ - NA TIEN JAAR ...................... 1

BIBLIKASIE-GETUIENIS ............................... 2

REDAKSIONEEL ....................................... 2

GREPE UIT "DIE EERSTE SÊ" ........................... 4

DIE GROOT SPRONG - VAN KATALOGUS TOT REKENAAR .... 7

HUMORISTIESE BROKKIES UIT DIE VERLEDE .............. 11

UIT DIE PEN VAN PIET, MIEMIE EN MAGRIET ............. 15

OM DIE WÊRELD ... IN TIEN JAAR ...................... 20

NUUS UIT DIE AFDELINGS - DIE GOEIE OUE TYD? ....... 27

EIND GOED ... ALLES GOED! ........................... 39

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ONS HARTLIKE DANK AAN DIE BORGE WAT DIT MOONTLIK GEMAAK HET DAT ONS FEESUITGAWE MET 'N BESONDERE BUITEBLAD KAN SPOG

NG KERKBOEKHANDEL TRANSVAAL

VAN SCHAIK SE BOEKHANDEL (EDMS) BPK

AFRICANA BOEKVERSAMELAARS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# DIE EERSTE SÊ - NA TIEN JAAR

In ons Universiteit se gesaghebbende geskiedskrif Ad Destinatum word die behoefte aan kommunikasie deur middel van 'n huishoudelike blad uitgewys as "so oud soos die studentegemeenskap self". En met verloop van tyd en toenemende aktiwiteite op ons kampusse het die behoefte gewis nie tot 'n enkele publikasie beperk gebly nie. Trouens, eers met die totstandkoming van 'n Tukkiana-versameling sou die groot aantal tydskrifte wat met verloop van jare die lig gesien, en dikwels spoedig weer verdwyn het, ons aandag begin geniet. Want vanaf aanvanklik 'n enkele studenteblad, het die titels sodanig gegroei dat haas elke faset van ons velerlei aktiwiteite tans langs dié weg bedien word.

Só was dit dan ook wat die Biblioteekdiens betref: naamlik 'n behoefte dermate, dat reeds tien jaar gelede 'n 'eie' blad gestig is. En 'n pasliker naam as Biblikasie was kwalik denkbaar!

Vir enige leser buite die Biblioteekdiens is dit gou duidelik wat met Biblikasie beoog word. Op Engels word gepraat van 'n House Journal, wat vertaal word as 'n 'firmatydskrif'. Want deur middel van die blad praat mense wat tot dieselfde gemeenskap behoort, met mekaar. Ons leer van mekaar se belangstellings, sienings en kwellings; selfs frustrasies. Daarom is dit belangrik dat die owerhede tyd inruim vir die lees van hierdie tipe publikasie: dat kennis geneem word van dít wat in ons mense se gemoedere omgaan.

Maar nou is dit ook so dat mense hul persoonlikheid kan openbaar deur hul geskrifte. Ons kan kennis neem van skrywersvernuf, asook van baie ander onbekende talente in ons midde. Na die lees van iemand se bydrae het ek dikwels die begeerte om met daardie persoon kennis te maak - soos u kollega wat op kostelike wyse vertel het van hulle reis met 'n tot oorlopens toe gelaaide motor, vanaf 'n seevakansie tot by hul huis in Pretoria!

Baie jare reeds lees ek Biblikasie. Belangriker egter, en ek wil hê u moet dit weet: ek geniet dit. Vergun my dus 'n woord van hartlike felisitasie by die bereiking van 'n mylpaal: nie net aan die redaksie nie, maar ook aan elke lid van die Biblioteekdiens se uitgebreide personeelkorps onder die besielende leiding van professor Gerryts. Ek wens graag vir u almal groot voorspoed toe!

Prof D M Joubert
REKTOR

25 Junie 1986



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE-GETUIENIS

Kort nadat ek die leisels van UP se Biblioteekdiens moes oorneem, is Biblikasie gebore. Die gebeure staan my nog helder voor die gees en ek onthou goed hoe die kompetisie om 'n geskikte naam te vind, verloop het. Baie nuwe dinge moes destyds in 'n kort tydjie gebeur. Dat ons vir die personeel 'n mondstuk moes voorsien, was vir my vanselfsprekend. Die wisselende sukses van dergelike pogings deur ander biblioteke het egter van my senior kollegas minder entoesiasties gestem, maar ek was oortuig dat die wyse waarop ons personeel dit sou aanpak, sukses by voorbaat sou verseker. Dit was inderdaad so en ek salueer graag almal wat daartoe bygedra het.

Die "eerste sê" deur ons Rektor getuig van sy intense belangstelling in en meelewing met ons Biblioteekdiens. Ons waardeer dit opreg. Trouens, dit inspireer ons om UP se Biblioteekdiens onder die vaandel van onoortreflike dienslewering steeds tot groot hoogtes te voer.

Biblikasie was oor tien jaar 'n goeie getuie van ons Biblioteekdiens se wel en wee. Uit sy getuienis spreek veral twee sake my aan: Eerstens, lê die essensie van ons diens oor tien jaar nie in sy lengte nie, maar in sy skoonheid, sy vitaliteit ... sy kollektiewe innerlike daadkrag wat momentum aan voortgesette ontwikkeling en vernuwing verleen het. Tweedens, getuig Biblikasie van wat u en ek beleef, gevoel en gedink het. Hoe meer ons ook in die jare wat kom saam mag beleef, bedink en beplan, hoe voller en ryker sal ons lewe. Daarin sal ek u na die beste van my vermoë lei. Dit sal 'n voortdurende verkenning van die pad vorentoe en doelgerigte koersbepaling vra. My strewe is om die ruimte te vind en te skep wat nodig is om u besondere talente en gawes ten volle te laat gedy.

In dit alles sal die Lamp vir ons voet en die Lig op ons pad die onoortreflike handleiding bly. Mag Biblikasie vir baie jare 'n geloofwaardige getuie daarvan wees!

PROF E D GERRYTS
DIREKTEUR

# REDAKSIONEEL

Biblikasie is tien jaar oud! Dadelik moet ek byvoeg dat dit tien jaar van harde werk is wat agter die rug lê. Diegene wat betrokke was by die saamstel van Biblikasie oor die jare heen kan getuig dat dit 'n ekstra werkslading is wat jy bykry by jou normale dagtaak. Dit gaan gepaard met frustrasies en woelinge, die aanleer van geduld en die kweek van 'n fyn aanvoeling in die hantering van jou medemens.

Is of was dit alles die moeite werd? Hierdie vraag kan ek beantwoord aan die hand van die deurlees van die afgelope tien jaar se uitgawes waaruit hierdie feesuitgawe saamgestel is. Ja, dit is die moeite werd. Ek het die eerste keer 'n totaalbeeld gekry van die afgelope tien jaar se geskiedenis van die Biblioteekdiens. Hierdie beeld het by my 'n gevoel van groter begrip laat ontstaan waaruit 'n groter betrokkenheid vloei. Vanaf die pyniging van katalogusvoete, dwarsdeur die vrese vir rekenarisering tot by die besef dat jou werk ligter word met Dobis/Libis, volg jy die pad. Prof Gerryts se bydrae, "Vervloek of verklik", is 'n verdere bewys van die oue en die nuwe en hoe ons werksomstandighede die afgelope tien jaar deur middel van moderne tegnieke verbeter het.

Die welbelesenheid en -bereisdheid van ons mense word vir ons vertel in die opskrif "Om die wêreld in tien jaar". Dit is dan ook nie vreemd dat daar sulke pragtige vertellings soos "Die muise in Merensky" uit ons personeel se penne vloei nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Afdelingsnuus vanuit die verlede laat 'n mens egter besef dat sekere probleme en frustrasies bly voortbestaan, ander verdwyn en ander weer word omskep tot humoristiese staaltjies. By die lees van hierdie staaltjies het ek begrip gekry vir die gevoel van onmag en radeloosheid wat die personeellid op daardie moment moes ervaar het, maar juis die raaksien van die komiese in die situasie verander hierdie gevoel na aanvaarding: sommige gebruikers bly maar deur die jare dieselfde - studente bly maar studente.

Dit is so dat die hoeveelheid werk wat nodig is vir die samestelling van Biblikasie soms oorbodig lyk. Die waarde daarvan kan ons miskien nie onmiddellik insien nie, maar die terugblaai in die verlede het my laat besef dat ons Biblikasie moet gebruik as 'n geleentheid wat ons gegun word om met mekaar te kommunikeer en ons sê te sê.

• • •

Die 1986-redaksie sê dankie aan al ons voorgangers vanaf 1976:

1976-1977

Mej I M Pellissier - Redaktrise
Mev M L Kuhles - Subredaktrise
Mnr W P van der Merwe - Subredakteur

1978

Mej Jeanette du Preez - Redaktrise
Mev M L Kuhles - Subredaktrise
Mev B von Ehrenberg - Subredaktrise

1979

Mev Heleen Fourie - Redaktrise
Mev M L Kuhles - Subredaktrise
Mev J Maree - Subredaktrise
Mej M Mörsner - Subredaktrise

1980

Mej Magriet Lee - Redaktrise
Mej M du Toit - Subredaktrise
Mej M Nortjé - Subredaktrise
Mej H Struwig - Subredaktrise

1981

Mev Matilda Pieterse - Redaktrise
Mev Zani Swart - Subredaktrise
Mev Sonja Potgieter - Subredaktrise

1982

Mej Anne van Zijl - Redaktrise
Mev Rika van der Walt - Subredaktrise
Mev Amelia Breytenbach - Subredaktrise

1983

Mev Joriet Coetzee - Redaktrise
Mev Susan Marsh - Subredaktrise
Mev Gudrun Jordaan - Subredaktrise
Mev Marie Abrie - Subredaktrise


1984

Mej Clarisse Venter - Redaktrise
Mej Joy Roos - Subredaktrise
Mev Amanda van der Merwe - Subredaktrise

1985

Mej Céu Agostinho - Redaktrise
Mev Erna Meyer - Subredaktrise
Mev Hannetjie van der Westhuizen - Subredaktrise

**1986**





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# GREPE UIT

# «DIE EERSTE SÊ»

## ONS STREWE....

Die geboorte van Biblikasie is 'n heuglike gebeurtenis. Sy verskyning is nog 'n treetjie nader aan ons doelstelling om 'n Biblioteekdiens daar te stel wat in gees en gesindheid kerngesond is. Kommunikasie is vandag 'n modewoord, maar ons moet erken dat gebrek aan goeie onderlinge kommunikasie by geleentheid kan lei tot misverstande wat onherstelbare skade op persoonlike en wyer vlak tot gevolg kan hê. Ek is oortuig dat Biblikasie 'n uiters waardevolle bydrae kan lewer om ons van so iets te vrywaar.

Dit is tog belangrik dat ons deel in mekaar se suksesse en uitdagings in die werksituasie. Ons doel en strewe is immers dieselfde en die bydrae wat elkeen tot verwesenliking daarvan lewer, behoort by 'n ander die nodige waardering te geniet.

Ons doel en strewe binne die konteks van UP se Biblioteekdiens het weliswaar verskillende fasette en ek sal van tyd tot tyd die soeklig op sommige daarvan laat val. Die belangrikste is waarskynlik dat ek en u UP se Biblioteekdiens moet laat funksioneer as die hart, die akademiese kragopwekker, van hierdie universiteit. Dit is so dat die moderne universiteit se akademiese en navorsingsprestasies deur vele geoordeel word aan die hand van die gehalte van die biblioteekdiens wat dit ondersteun. Dit kan ons net meer vasbeslote maak om die universiteit sy volle dividend te gee op die geweldige belegging wat hy jaar na jaar in sy Biblioteekdiens maak.

Prof E D Gerryts
Junie 1976

---

## VERVLOEK OF VERKLIK

Die bibliotekaris se ondervinding van persone wat willens en wetens koelbloedig vernietig wat die bibliotekaris ten behoewe van die mens en sy gemeenskap versamel en opbou, strek oor baie jare - selfs eeue. So het daar byvoorbeeld uit die tyd van Assurbanipal se beroemde biblioteek te Ninevé in Antieke Assirië 'n inskripsie behoue gebly wat lui dat enigeen wat 'n kleitablet uit die biblioteek verwyder, homself die toorn en wraak van die gode op die hals sal haal. Die vroeë Christene was besonder gesteld op die behoud en welsyn van die boek. Tyrannius wat Origen se De Principiis vertaal het, het byvoorbeeld enigeen wat met die teks sou peuter, verdoem tot "die plek van geween en gekners van tande en onuitbluslike vuur." In die Middeleeue is boeke met kettings aan tafels gekoppel en 'n voorbeeld het behoue gebly waar die skrywer van 'n boek enigeen wat by geleentheid die boek sou steel, veroordeel tot voortdurende voltering "in die duiwelse geselskap van Annas, Kajafas, Pilatus en Judas."

Die tradisie om dreigemente teen diefstal by wyse van 'n inskripsie op boeke aan te bring, het lank voortgeduur en 'n Engelse boek van 1540 dra byvoorbeeld die volgende kostelike inskripsie:

> "My Master's name above you see,
> Take heede and therefore you steale
> not mee;
> For if you doe, without delay
> Your necke for me shal pay.
> Looke doune below and you shal see
> The picture of the gallowstree;
> Take heede therefore of thys in time,
> Lest on this tree you highly clime."

(Met erkenning aan prof Lawrence Thompson, Professor in Klassieke aan die Universiteit van Kentucky)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die aanwending van die godsdiens-geïnspireerde vloek en dreigement (boekvloek) as 'n beveiligingsmaatreël in die vroeë geskiedenis van die boek en biblioteekwese is 'n interessante brokkie geskiedenis. As gevolg van die Hervorming en die Franse Rewolusie het die destydse Kerk se greep op die boek- en biblioteekwese egter grootliks verval en het die boekvloek sy effek as beveiligingsmaatreël verloor.

Vandag is ons genoodsaak om allerlei moderne tegnieke ter plaasvervanging van die boekvloek aan te wend. In Merensky se geval het die "vloek" plek gemaak vir "verklik" - altans so hoop en vertrou ons; want tensy ons hierdie verklikkingsmeganisme sinvol en oordeelkundig aanwend, sal ons ons veel wrewel op die hals haal.

Ons is intens dankbaar jeens die universiteitsowerheid dat ons by gebrek aan 'n ander plaasvervanger vir die boekvloek in staat gestel is om die verklikkerstelsel as beveiligingsmaatreël te installeer. U en ek, en dan veral die personeel in ons leenafdeling, moet egter gereed wees om benewens allerlei tegniese probleme en u eie aanpassingsprobleme ook die probleme wat dit vir die gebruiker sal meebring, die hoof te bied.

Of die stelsel nou tereg of verkeerdelik die skuldige of onskuldige "verklik"; in albei gevalle sal dit hoë eise aan u optrede teenoor daardie persoon stel. Die sukses wat u daarin behaal, sal bepaal of ons verklikkerstelsel 'n waardige plaasvervanger vir die "vervloekingstelsel" van vroeër sal wees.

In werklikheid is dit alles onder andere 'n toets vir ons aanpasbaarheid en sal ons moet bewys dat ons bereid en in staat is om die eise van ons tyd die hoof te bied met die nuwe middels tot ons beskikking.

• • •

Dit moet vir u en my dus ook gaan om die gebruiker as mens. Ten spyte van ons affiniteit en verantwoordelikheid jeens die "boek" gaan dit per slot van sake om die boek <u>vir</u> die mens. As u dít aanvaar, moet ek u onmiddellik vra: Hoe vergelyk u mensekennis met u boekekennis? Moet u in elke persoon wat die biblioteek binnestap 'n bedreiging vir die kosbare biblioteekmateriaal sien, of sien u in die gebruiker die geleentheid om die biblioteekrykdom vir iemand van waarde te laat wees?

Prof E D Gerryts
Okt 1976

---

## TYDSBESTUUR

Op 21 April het prof C D Pottas van die Departement Bestuurswese die vakbibliotekarisse oor tydbestuur toegespreek. Dit het ons almal se gedagtes goed aan die gang gesit oor die wyses waarop ons ons tyd bestee.

Het u al aan die kompleksiteit van die begrip "tyd" gedink - "time flies, time flows, time beats, time crawls, time passes and time stands still." Tyd is relatief, onsigbaar maar wel meetbaar, dit kan nie vasgevang word nie maar is wel beheerbaar, dit staan nie stil nie, dit kan verbygaan of opraak en is waardevol.

Dink u dat studente meer tyd as die vakbibliotekarisse of ander biblioteekpersoneel het? Nee, hulle het nie, want elkeen van ons kry elke dag 24 uur tyd - elkeen eweveel ure - maar die aanwending of beheer van ons tyd is die deurslaggewende faktor.

Hoe beheer mens jou tyd? Deur eerstens jou prioriteite te bepaal en die belangrikste sake eerste te doen. Daarbenewens moet mens toelaat dat jou ondergeskiktes voldoende opleiding ontvang ten einde hulle instaat te stel om sommige beslissings self te neem en sekere take self te doen.

Enkele wenke wat prof Pottas gegee het, was die volgende:-

- konsentreer op jou doelwitte, eerder as op die aktiwiteite;
- hou rekord van die wyses waarop jy jou tyd bestee;
- ontleed die wyses waarop jy jou tyd bestee;
- elimineer ten minste een tydverspiller per week;
- beplan jou dag;
- stel 'n doenlys op van spesifieke take wat op spesifieke dae afgehandel moet wees;
- bepaal jou prioriteite;
- bring ten minste die eerste uur van jou dag produktief deur;
- stel 'n tydsbeperking op sekere take;
- doen 'n taak die eerste maal korrek;
- skakel herhalende krisisse uit;



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- maak klaar waarmee jy begin het;
- van uitstel kom afstel;
- gee jou eie tyd aan belangrike sake en delegeer waar moontlik;
- ruim vir jouself tyd in om konstruktief te dink of te werk.

Hiermee tesame kan die 4 groot tydverspillers geïdentifiseer word -

- persone wat sommer net inval met minder belangrike onderbrekings;
- vergaderings;
- die telefoon;
- die verkryging van inligting.

Metodes om bogenoemde tydsverspillers in positiewe geleenthede te omskep, bestaan en kan so beheer word dat dit die minimum inbreuk op jou tyd maak.

Maar miskien is dit belangrik om te onthou dat die oomblik waarmee ons nou besig is die belangrikste is. Dis Goethe wat gesê het: "Nothing is worth more than this day" - ŉ feit wat ook die bekende Sanskrit aanhaling beklemtoon:

"Look to the day,
For yesterday is but a dream,
And tomorrow is only a vision.
But today, well lived,
makes every yesterday
a dream of happiness
And every tomorrow a vision of hope.
Look well, therefore to the day."

MEJ A PIENAAR
Mei 1983

• • •

## DIE NUWE EN DIE OUE

Tydens die opleiding van die professionele bibliotekaris word Historiese Biblioteek- en Inligtingkunde as deel van die kursus aangebied. In die kursus word die student bewus gemaak van die historiese ontwikkeling van die vak wat hom ook ver terug met die ontwikkeling van papier en boek en die boekdrukkuns en die waardevolle ou boeke laat kennismaak.

Met die ontwikkeling van die tegnologie en die moontlikhede wat dit vir die inligting-verskaffing in die biblioteek bied, het daar ŉ klemverskuiwing plaasgevind - weg van die boek nader aan die rekenaar en sy byprodukte soos tydskrifte op band, ensiklopedieë gestoor in ŉ databasis, kortom inligting onder ons vingerpunte op die toetsbord van die rekenaareindpunt. Dit is ook goed en reg dat hierdie hulpmiddele gebruik word om die uitdaging van ons tyd naamlik die regte inligting, op die regte oomblik binne die kortste periode, die hoof te kan bied.

Dit is egter jammer dat ons in die proses iets van ons vroeëre aanvoeling vir en kennis van die boek en veral van die waardevolle ou bronne verloor het. Miskien moet ons net ŉ rukkie stilstaan en kyk na enkele eienskappe wat ŉ boek waardevol en besonders kan maak:

- inhoud - dit kan unieke, (resente of historiese) inligting bevat

- datum van uitgawe - dit kan ŉ eerste uitgawe wees, dit kan voor 1900 of selfs vroeër gepubliseer wees of dit kan meer onlangs die lig gesien het maar ŉ genommerde eksemplaar van ŉ beperkte oplaag wees

- voorkoms - is dit op handgeskepte papier gedruk of in varkleer gebind of ŉ praguitgawe in leer gebind en met goud versier of is dit deur die outeur geteken

- illustrasies - dit kan unieke illustrasies oor ŉ tema deur ŉ beroemde kunstenaar bevat

Iets van hierdie glorie is in die afkortings in die lys van staanplekkodes wat ons gereeld gebruik, verskuil, soos hierdie enkele voorbeelde self vertel

> ZP is die boekery van wyle prof J du Plessis van Stellenbosch en is in 1938 vir £3 000 aangekoop - wat o.a. heelwat Africana materiaal bevat het.
>
> ZBUR is die boekery van wyle pres F Burgers wat die biblioteek ook in 1938 ontvang het.
>
> JUR is die boekery van wyle dr Aart Juriaanse, ŉ mediese dokter van Ermelo wat waardevolle materiaal o.a. oor die letterkunde en ou reisverhale bevat.
>
> ZBR is ŉ versameling boeke wat deur die jare opgebou is wat almal voor 1880 gepubliseer is.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VI is 'n kode wat nie meer op die lys verskyn nie want die waardevolle boeke van wyle Hoofregter J de Villiers wat ook in 1938 vir bruikleen aan die biblioteek gegee is, is onlangs in die voorraad opgeneem en staan by Regsgeleerdheid.

: is waar dat hierdie tipe materiaal nie er so dikwels aangekoop word en dus nie :er so goed aan ons personeel bekend is ie. Dit kom tog soms voor en veral .ussen die geskenke wat ontvang word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die C T Maberly-skenking wat in die loop van die jaar in die voorraad opgeneem is.

Juis omdat ons die skatte van gister nie so goed ken nie, moet ons versigtig wees met die materiaal wat ons hanteer - by ontvangs van bestelde boeke of geskenke, die inbinding regdeur tot by die uitleen en selfs met rakkontrole moet ons op die uitkyk wees vir die waardevolle materiaal. Net soos ons bewus moet wees wat die nuwe vir ons kan vermag moet ons ook dit wat die oue kan bied nie miskyk nie.

Mev B Langkilde
Aug 1985



Die Ontsluiters na ure se sweet by die insortering van kaartjies in die katalogus.

# DIE GROOT SPRONG - VAN KATALOGUS TOT REKENAAR

Hier is raad vir ... KATALOGUSVOETE

Daar is niks wat die voete na 'n dag van baie staan en stap so springlewendig maak soos 'n handvol sout in 'n kommetjie lou water nie. Hou die voete 10 minute in die soutbad. Spoel dan af met yskoue water.

Februarie 1978

Volgens mnr Willie Porter is die kataloguskabinet geleidelik besig om te sak. Genoemde kabinet gaan sit nou op sy knieë vanweë vragte kaartjies op moeilik beweegbare spiese. Vandaar die enkele laaitjies wat ső vassit dat mens vastrap, agteroorhang en trek vir die oopmaakslag en weer jou hele gewig daarteen gooi vir die toemaakslag. Die biblioteekowerhede kan daaraan dink om die bywoon van fiksheidsklasse verpligtend te maak vir die personeel van die Ontsluitingsafdeling en wat van 'n klousule in ons diensvoorwaardes, anders sal ons nőőit die pyp rook nie.

Op insorteerdae lyk dit soos 'n bynes rondom die kataloguskabinette en maak ons die personeel en biblioteekgebruikers op die grondvloer seker wanhopig as ons die kabinet so toestaan. Blykbaar skep dit die indruk van 'n hele omwenteling, sodat 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Op grond van die Biblioteekdiens se plaaslike evaluering van die DOBIS-stelsel is die universiteit genooi om 'n referaat op 'n internasionale seminaar oor biblioteekrekenarisering te La Hulpe, België te lewer. Die referaat soos deur mnr De Bruin gelewer, is goed ontvang en waardevolle kontak is gemaak met verteenwoordigers van verskeie oorsese instansies wat ook op die terrein van biblioteekrekenarisering bedrywig is.

Opleiding in die gebruik van die DOBIS-stelsel het reeds al begin en binnekort sal begin kan word om data deur middel van rekenaarterminale in die biblioteek vas te lê. 'n Finale toetsinstallasie van die DOBIS-stelsel se ontsluitingsmodule word tans gedoen en ná afloop daarvan sal besluite oor die moontlike volle implementering daarvan geneem word.

Mei 1979

---

## ONTSLUITING

Die Ontsluitingsafdeling kan nog nie spog met verjaarsdae soos UP self (50 jaar) of Biblikasie (4 jaar) nie, aangesien ons DOBIS-babatjie nog maar net één maand oud is; wat ons gemoedere betref, voel ons egter almal so oud soos Metusalem, en nogal met die wysheid van Salomo daarby! Ja-nee, hier waar ons nou die DOBIS-ontsluitingstelsel bedryf en die groot erns van die saak duidelik geword het, moet daar nou sô sekuur en akkuraat gewerk word dat dit nogal 'n tol van brein en liggaam eis.

Junie 1980

---

## REKENARISERING NA TWEE MAANDE

Deur net te kyk na watter sleuraktiwi
met behulp van DOBIS uitgeskakel word
ons die DOBIS-sukses reeds sonder
moeite bepaal.

So sal daar nooit weer in die Sel
Makro-ontsluiting binne die bestek
drie maande ongeveer 4500 konsepkaarte
hand geskryf word, dieselfde aan
geproeflees word en 15 650 kaartjies
die alfabetiese katalogus geliasseer w
nie. Die Seksie Tik en Kaartdupliser
slaak ook 'n sug van verligting, want no
weer sal die verantwoordelikheid vir
gereedmaak en uitstuur van 30 000 kata
guskaarte vir al die katalogi binne
Biblioteekdiens op hul skouers rus n
Al het die rekenarisering van die best
funksie nog nie aandag gekry nie, word
werk van Seksie Boekbestellings ook re
vergemaklik. 'n Onvolledige titel is
riskante soekpunt by kontrole van n
bestellings maar met behulp van
persentasie van die titel binne DOBIS w
dit 'n veilige soekpunt, wat die bestell
van materiaal wat reeds in die voorra
is, sal teëwerk. Aan die vakbibliot
karisstelsel en dus ook aan die gebruik
word nou 'n beter diens gelewer want d
inligting vir materiaal wat ontsluit i
is onmiddellik na ontsluiting op d
terminaal beskikbaar, waar daar voorheen
vertraging van ongeveer twee weke w
voordat die kaartjies in die katalog
verskyn het. Takbiblioteke het tot dusv
nie terminale nie en moet dus op d
fichekatalogus, wat periodiek op dat
gebring sal word, steun, maar met d
voordeel dat dit nou 'n katalogus is
nie net dié vir die spesifieke ta
biblioteek nie. Die fichekatalogus is o
op verskillende punte in die bibliote
beskikbaar en alle katalogussoektogte ho
nie op die grondvloer te geskied ni
Teoreties kan daar dus 'n fichekatalogus
verskillende punte op die kampus beskik
baar gestel word, wat met die ou kaart
katalogus van ongeveer 1,3 miljoen kaart
'n onbegonne taak sou wees. DOBIS het du
reeds binne die afgelope twee mande aa
die verwagting wat daar gekoester i
voldoen. Die ontsluiters en die top
bestuur se hoop is nie beskaam nie.

Mag die entoesiasme wat tydens die DOBIS
demonstrasie op 4 Julie geheers het nooi
kwyn nie sodat die standaard vir di
ontsluitingsapparaat wat ons as mikpun
gestel het nooit sak nie.

Dankie aan almal wat meegehelp het om va
die projek 'n sukses te maak. Sleurwerk i
dood - lank lewe DOBIS.

MEV E LANGKILDE
Julie 1980



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TARGET 50,000

Is jou oë seer? Is jou neus rooi van nies? Het jy 'n tikstersnek? Maak jou hande al outomaties 'n boek by die datumblaadjie oop sodra jy hom optel? (Selfs al is dit nie 'n biblioteekboek nie?) Is jou hande al permanent vuil? Kan jy al toe-oë//a/l/l insleutel? Hoor jy in jou gedagtes die lugpen-toet selfs as jy in die aand jou kop op die kussing neerlê? Kry jy nagmerries?

Dan's jy sekerlik deel van die drama (!?) rondom die ou-voorraad projek wat tans die biblioteek op horings het. Want ons DOBIS/LIBIS toe mos! Die aanloop kom van ver - 24 maande ver. Die proses het begin met die opleiding/inskrywing/inburgering van mnr Otto en Sanet Geyer onder die wakende oog van IBM en Rolf Tönsing.

Daarna begin die opleiding van die Toonbankpersoneel in Oktober 1981 en almal kyk met medelye en simpatie na hierdie arme personeel wat die duistere geheime van die duistere uitleenstelsel moet begryp en toepas. Maar helaas, die res van ons word nie gespaar nie. Die aandpersoneel word opgelei met 'n paar individuele sittings en 'n hele paar lesings per persoon, en selfs ook 'n besoek aan die Rekenaarsentrum. Hierdie opleiding het verloop met fronse van mnr Otto, sugte van Sanet en die kenmerkende laggie van Rolf.

Die helfte was ons egter nie vertel nie want die ou voorraad kom vervolgens aan die beurt. 'n Doelwit word gestel van 50,000 boeke se kort inligting insleutel voor 21 Januarie 1983 vir uitleendoeleindes; man en muis word betrek. Almal word touwys gemaak, in spanne ingedeel en val weg.

Sonder frustrasies was dit definitief nie. Soos wanneer die lenersnommer 'invalid' is en die insleutelaar dit eers agterkom wanneer al die nommers van die boeke reeds ingelees is. Dan moet daar maar weer van voor begin word.

Die ligpen het ook geblyk nie foutloos te wees nie. Menigmaal was die nommer op die skerm nie eers na aan verwant aan die boek se nommer nie.

Met die dat DOBIS/LIBIS ons in Engels aanspreek, kon gemengde taal natuurlik nie uitbly nie. 'Invalid number', 'Logon error', 'Have the following information ready', 'Enter', 'Borrower', 'Document Status', 'Charge-out' en 'Check-in' is deel van die woordeskat hier in die Bib.

Volgens Sanet vorder die insleuteling besonder fluks in teenstelling met die algemene gevoel wat in die Biblioteek heers. Van die mikpunt van 50 000 boeke wat gestel is, is reeds ± 10,000 ingesleutel.

FREDDIE SCHOEMAN EN ANNA VAN ZIJL
November 1982

# HUMORISTIESE

# BROKKIES UIT

# DIE VERLEDE

JORIS EN DIE TESOURUS

Eendag was Joris op pad na Potchefstroom. Deur die wuiwende mielielande het hy gery op sy troue skimmel, Katalogus, uitgevat in sy kollasie, met sy skerp signatuur aan sy sy. Hy het regtig baie oulik gelyk.

Na 'n rukkie kom Joris by 'n digte woud. Daar gewaar hy 'n kennisgewing langs die pad: "Beware of the Thesaurus" staan daarop geskryf. Joris se Engels was nie so goed nie, dus het hy geen ag hierop geslaan nie en rustig voort gery. Dit was donker in die woud. Weerskante van die pad het hoë dichotomieë en isolate gestaan, berank met indelingsgrondslae en fases. Onder die bome was daar 'n digte boskasie van kategorieë en geen vlinder of voëltjie was daar te sien nie.

Eensklaps hoor Joris 'n vreeslike gedreun en gebrul. Hy hoor takke kraak. Die grond tril onder Katalogus se hoewe. Hoog bokant die lawaai styg daar uit die angskrete van 'n dame in nood.

"Genugtig, Katalogus", sê Joris, "ek hoor die angskrete van 'n dame in nood!" En sonder om verder woorde te verspil, sit hy en Katalogus af in die rigting van die lawaai. Hulle kom nader. Die lawaai word al luider. Joris spoor sy troue skimmel aan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Subklasse slaan hom in die gesig soos hy verbysnel deur die kreupelwoud, en kruisverwysings krap hom, maar hy beur met alle krag vorentoe deur die digte literatuur.

Eensklaps is hulle daar.

Voor hulle staan 'n kollossale tesourus, seker maklik ses meter lank van sy neusgate tot die puntjie van sy stert. Sy huid is bedek met irrelevante deskriptore en rolindikatore. Soos hy woedend brul, blaas hy digte wolke kwasi-sinonieme by sy neusgate uit. Driftig swaai hy sy stert heen en weer en skeur hy met sy kloue kluite en graspolle uit die grond. Agter die tesourus, van kop tot tone aan 'n boom vasgebind met skakelverwysings, is die dame wie se angskrete Joris vaneffe gehoor het. Ten spyte van die wolke kwasi-sinonieme wat die tesourus uitblaas en die graspolle en kluite wat hy opskop, kan Joris sien dat sy beeldskoon is.

"Help my tog", smeek die beeldskone jong dame, "hierdie wrede tesourus het my gevange geneem en hy wil my verslind!" "Toemaar", sê Joris paraat, "ek sal jou ontsluit."

Die tesourus tril van woede. Hy blaas hom op. Sy rolindikatore skud. Die grond sidder onder hom.

Katalogus runnik. Joris gryp sy signatuur en met één kragtige hou sny hy die tesourus se hoofwoord af. Die tesourus steier en stort ineen. 'n Laaste stuiptrekking en alles is verby. Stadig sak die stof. Teder ontsluit Joris die beeldskone dame. Hy loop om en om die boom met die skakelverwysings tot sy heeltemal los is.
"My naam is Joris".
"My inskrywing is onder VAN RENSBURG, Maria Magdalene Janse 1956 -. Jy kan my maar Daleen noem" sê sy impulsief.

Daleen, so verneem Joris, het op Potch bibkunde geswot en sy was juis op pad na Pretoria om in 'n biblioteek te gaan werk, toe die tesourus haar gevang het. Nou kan sy haar reis voortsit en haar professie gaan beoefen.

Maar Joris besluit anders.

Daleen het sy bruid geword, en mettertyd het hulle 'n hele aantal newe-inskrywings ryker geword. Af en toe het Katalogus hulle baie versigtig op sy rug gedra.

P J Lor
Jul/Aug 1976

---

"Merenskybiblioteek, goeienaand"

"Mag ek asseblief met dominee Merensky praat?"

"... Meneer, dit is die Merensky-BIBLIOTEEK hierdie. In watter hoedanigheid is die persoon met wie u wil praat?"

"Ek het aansoek gedoen vir werk ...."

"O! Dit is meneer Duminy met wie u wil praat ....!"

Nov 1976

---

## GESPREK IN DIE KELDER

"Juffrou (!) ek soek 'n proefskrif oor die aard van die ouderling se opsig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die invloed daarvan op lidmate in Pretoria."

"Weet u wie die skrywer is?"
"Ja, dis Johannes Jacobus van Biljon".
"Nou goed, kom ons kyk dit op in ons katalogus."

Die B-laaitjie word oopgetrek en die kaartjies deurgekyk, toe kom dit oor dié juffrou se skouer met 'n ligte keelskoonmaak:

"Dis van Biljon".
"Ja, maar ons ignoreer die van."

'n Diepe frons: "O, begin julle dan sommer by die voornaam?"

Junie 1976

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## WONDERWERKE

Die Voorgraadse Studieversameling se toonbank is 'n plek van wonders en tekens. Die gebruikers maak die tekens en die personeel sê dit is 'n wonder as hulle dit verstaan. So gereeld soos klokslag speel die volgende toneeltjie hom af:

Gebruiker: "Ek soek 'n boek maar ek glo nie julle kan my help nie."
V.G.: "Laat ons probeer."
Gebruiker: "Ek dink hy is swart en met dik strepe ... en as ek dit nie mis het nie staan hy dááár op die tweede rak."
V.G.: Wend 'n dapper poging aan om te soek en sê: "Ag, Juffrou wil u nie asseblief vir ons die klasnommer in die katalogus soek nie?"
Gebruiker: "Wat! Ek wil nog vyf boeke hê en jy wil hê ek moet almal se nommers soek!"

Junie 1976

---

## SUKSESRESEP

Hoe om 'n suksesvolle en geliefde afdelingshoof te wees:

Moenie omgee as u werknemer laat kom vir werk nie, verwelkom haar met 'n warme glimlag. Dit is goed vir personeelbetrekkinge.

'n Koppie stomende koffie op 'n koue oggend sal die herinnering aan 'n verebed dalk verdryf.

Moenie dadelik werk uitdeel nie gee haar kans om stadig bewus van haar omgewing te word.

Indien u werknemer so effentjies siekerig voel, stuur haar summier huis toe om haar enige moontlike lyding te spaar. Hospitaalgevalle kan u reputasie skaad.

'n Goue reël: Moet nooit verneem na gister se werk nie. Gedane sake het geen keer nie.

Junie 1976

---

## KATA(LOGUS)STROFES

Nog so 'n paar staaltjies wat ons so tussen die arbeid deur by katalogusadvies "ervaar" het.

S: Ek soek interessante inligting oor perde.
K: Wel, hier's 'n nommer by Dierkunde en een by Opvoedkunde - gaan soek maar so 'n bietjie daar rond.
S: Ek het goed by Dierkunde gekry, maar hierdie Opvoedkundenommer is die perd wat in gimnastiek gebruik word.
K: O, gorrelpyp - nou sien ek dit ook: perdry is eers op die volgende bladsy van die klassifikasietabelle!

S: Is julle die langnaweek oop?
K: Nee, ongelukkig nie.
S: Ag nee, ek bly dan spesiaal hier om te swot!

▪▪

Opgemerk gedurende katalogusadvies op 'n stil Vrydagmiddag:

'n Klein seuntjie kom by die draaihekkie in, gaan kleedkamer toe, en wil weer by die draaihekkie uitgaan. Hy sien toe blykbaar die "geen uitgang" teken, en beweeg toe na die regte hek, maar sien toe dat dié ook "toe" is - verdwyn toe buite die gesigsveld na die agterste hysbak op die grondvloer. Hy gaan na 'n ruk weer na die draaihekkie en die toonbankpersoneel wys hom daarop dat hy nie daar kan uitgaan nie. Hy beweeg weer buite die gesigsveld. 'n Bekommerde katalogusadviseur gaan soek hom - en kry 'n hoogs benoude seuntjie by die leeskamer.

▪▪

K: Wil jy uitgaan?
S: (Naby trane) Ja, asseblief tog, tannie!
K: Sien jy daardie hek? Jy moet daar uitgaan.
S: Maar hy's dan toe, tannie (snik).
K: Nee jong, jy stoot hom net oop - kom, gee jou hand, dan wys ek jou.
S: Ag, dankie toggie - ek dog ek kom nooit weer uit dié groot plek nie!

S: Is julle Saterdae ook oop tot 10nm?
K: Nee, beslis nie!
S: Nou maar hoekom nie ... ek het spesiaal my afspraak die naweek gekanselleer sodat ek my taak Saterdagaand kan klaarmaak!

Julie 1978



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## INTERBIBLIOTEEKLENINGS

Dit is tjoepstil. Daar is nie 'n geluid by Inter nie. Net so af en toe kom daar 'n teleks boodskap in.

Mej Randi Pretorius worstel met 'n telefoonoproep. Mev Denise Wheeler draf die statistiek gou kaf en mev Mariette Pelser is besig om boeke aan die ander biblioteke "pos-klaar" te kry. Die res van die personeel is af.

So af en toe gaan die glasdeure oop en kom daar 'n verdwaalde student in. Soos reeds gesê dit is tjoepstil en doodrustig hier by Inter op die Vrydagmiddag.

Weer gaan die deur oop soos die vorige kere. Niemand steur hulle daaraan nie tot ....
"Here's your fish that I promised"
Al drie kyk op en sien mnr Panagis met sulke gevoude handjies - heel eerbiedig. Ewe eerbiedig steek hy sy hande in ons veelbesproke visbak .... stilte .... PADDA!!! .... GROOT VET DIK BRUIN BRUL-PADDA .... Chaos.

Ewe verleë verlaat mnr Panagis die versteurde Inter - 'n skreeuende Inter.

Mnr Peet van der Merwe vermoed brand en skakel met 'n groot spoed van derde vloer af om te hoor of hy kan help - helaas.

Maar nou sit Inter met 'n padda wat die toonbank vol water spat en Amigo (dis nou die vis) wat verwoed koes vir die wrede en sluwe kake van die padda .... en nou?? Ewe braaf gryp Randi 'n CNA sakkie ....

"Ek gaan hom uithaal!"

Hierdie dapperheid hou net tot sy twee tree nader gestap het dan ...
"Oeei!! Ek gril my dood." Sy stap twee tree terug en probeer weer, maar ai die grillerigheid van so 'n storie.

Met baie moed roep Mariette 'n student nader en met 'n verdwaasde glimlag vang hy die padda en sit hom in die CNA sakkie.

Maar nou sit ons met die sakkie - ai tog.

Weer moet 'n student ons te hulp snel, hy neem toe die sakkie met die padda en gaan laat hom toe vry. Dit gaan toe vir 'n rukkie goed tot ...

"Where's my most sexiest frog?"
"We killed her."
"How?"
"We killed the frog with our shoe heels."

Maar die werklike slot kon mnr Panagis nog nooit uit ons kry nie.

Sulke stukkies opwinding maak die lewe by Inter regtig die moeite werd.

April 1980

---

## MUURBESEMS ...

Dis met die beste bedoelings (en baie vrees en bewing) dat 'n mens uit die dieptes van die Kelder waar alles reeds oud(?) en vertroud is jou na die hoogtes van die Derde verdieping begewe.

En dan kom die spyt - soos gewoonlik helaas te laat - en ek kan my hare uit my kop trek omdat ek tog só dikwels gesê het: "Vra maar net by die toonbank by die betrokke vakgebied", of veel erger: "Meneer, vra net op die derde verdieping by die Ingenieurswesetoonbank."

Gelukkig, net toe ek dink alles is verlore so tussen die navrae oor sulke dingetjies soos skarniere binne in tweepuntmuurproppe, verbandspanning en autofrettage in kanonlope en ... - kom mnr Piet de Kock met die antwoord op al hierdie navrae.

Die metode is kort - dit moet net blitsvinnig toegepas word en bestaan uit die volgende stappe:

1. Gebruiker kom te voorskyn met 'n bitter moeilike navraag (soekwoord bestaan uit meer as een lettergreep en is "Ingils").

2. Antwoord kom koel en kalmpies met die volgende woorde:
"Meneer, ek kan nie nou onmiddellik iets daaroor in die hande kry nie, maar ek gaan vind gou uit."

3. Verdwyn vinnig met behulp van hyser na veiliger vlak.

4. Wag so 'n rukkie totdat jy dink die gebruiker het maar moed opgegee en geloop.

5. Keer terug na die dienspunt toe en wees gereed vir verdere navrae.

Die metode is baie suksesvol, daar kan baie meer navrae afgehandel word as met enige ander metode.

Irene du Preez
Maart 1981



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# UIT DIE PEN VAN PIET, MIEMIE EN MAGRIET

## 'N SPOOKSTORIE VIR TEETYD

Soos gewoonlik neig die gesprek om ons teetafel na motors. Die voordele en die nadele van verskillende modelle sowel as van nuut teenoor tweedehands word ontrafel en vir toekomstige verwysing in die agterkop gehou. Maar omdat die meeste van ons om ons tafel daarvan hou om self na die karre om te sien, is 'n tweedehandse voertuig 'n goeie oorweging, kan selfs 'n winskopie wees. So lei een woord na 'n ander en Krisjan begin optel hoeveel karre hy in die laaste tien jaar besit het.

Oom Billy sit sy teekoppie neer en sê: "Tja, dit laat 'n mens nogal dink. Die ouens wat vóór jou die kar gehad het, waar is hulle nou en wat doen hulle nou?"

"Party van hulle", meen oom Danie, "is al seker dood. Dan moet jy versigtig ry, netnou kom spook hulle by jou..."

Oom Aminadab, van die Reprografiese seksie, neem sy pyp rustig uit sy mond en sê: "Dit laat my dink aan die tyd toe ek nog op die busse was..."

Genoeglik sit ons terug in ons stoele. Teetyd is al amper om, maar watwou, ons tafel staan hier om die draai en as oom Aminadab met een of ander herinnering vorendag wil kom, dan gaan ons nie kapsie maak nie.

"Ek het 'n agt-en-veertig Chef gehad", gaan hy voort, "en om by die busloodse te kom, het ek altyd in Boomstraat afgery.

"Op 'n keer toe ek weer daar verbykom, toe roep daardie mevrou Bester my. Jy weet," en oom Aminadab wend hom na oom Billy, "sy het daar op die hoek van Paul Kruger en Boomstraat gewoon."

elke keer. Hy's so 'n kortetjie en hy is al goed bles..."

"Van toe af ry jy seker 'n ander pad huis toe..." grinnik oom Danie. Maar oom Aminadab laat hom nie van stryk bring nie. "Mevrou Bester sê die ou man het lankgelede in my huis gewoon en daar is iets wat hom nog al die tyd pla..."

"Hy wag seker nog vir die laaste paaiement," meen Krisjan.

"Nee, dis nie dit nie," sê die oom en hy trek-trek so aan die pyp, maar dié het intussen doodgegaan. "Nee, sy sê die ou man het 'n trommeltjie geld daar in die jaart begrawe en nou kan die ou man nie tot rus kom voor dit uitgehaal is nie..."

Die twee ooms is al ou ingesetenes van Pretoria en hulle skakel maklik oor na die dae toe dit nog eintlik 'n dorp was en meeste mense van mekaar geweet het.

"Ja, natuurlik," antwoord oom Billy en daar is so 'n vonkel in sy oë dat 'n mens sommer wens Leon Schuster het al in daardie dae met sy Vrypostige Mikrofoon opnames gemaak want dit lyk of sy 'n karakter kon gewees het. "Sy was mos daardie vrou wat gereeld met die geeste gepraat het."

"Ja," sê oom Aminadab en hy trek aan sy pyp. "Dit is ook waarvoor sy my geroep het. Sy sê dat daar elke dag 'n ou man saam met my ry en as ek by haar huis verbykom, dan klim die ou af en hy bly by haar tot ek vanaand weer huistoe gaan, dan klim hy weer in die kar by my..."

"Maar oom weet niks van hom nie," waag Krisjan.

"Nee," sê oom Aminadab, "ek weet niks van hom nie. Ek ry alleen werk toe en ek ry alleen huis toe. Maar sy sê sy sien hom



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die ligsinnige gees om die tafel koel merkbaar af. Spoke is een ding, maar geld! In ons geestesoog sien ons reeds pik en graaf, hoor hoe die grond uitgeskep word en dan die klank van metaal teen metaal. Tja, mense verskil nie soveel van mekaar nie, nie soveel dat jy dit sal agterkom nie...

"Nou moet jy weet," gaan oom Aminadab voort en hy sit sy pyp op die teetafel neer, "daardie mevrou Bester was nog nooit by my huis nie, maar sy beskryf vir my alles net soos dit daar lyk en sy moes dit by die ou man gehoor het. Jy weet, Billy, die buitekamer wat ek aan die garage gebou het, reg aan die begin net toe ek die huis gekoop het, nou ja, sy sê die geld is daar begrawe, daar onder waar nou die vloer van die buitekamer is. Net so aan die kant van die garage in lyn met die agterdeur, as jy uitkom. Na agtertoe, daar waar daardie ou moerbeiboom gestaan het totdat die weerlig hom geslaan het..."

"Magtie oom," val ek hom in die rede, want ek kan die spanning nie meer uitstaan nie, "en het oom toe die geld gaan uitgrou?"

"Wat?" vra oom Aminadab gesteurd. Hy steek weer sy pyp aan, "moet ek nou 'n vloer gaan staan en opkap net vir 'n spookstorie...?"

Vir die eerste keer merk ek sy aansteker. Dit is van 'n baie eksklusiewe Franse fabrikaat, gemaak van platina met die oom se voorletters daarop uitgewerk in 18 karaat goud. 'n Mens kan spookstories en spoke maklik afmaak, veral as jy nie die een was wat die spook ontmoet het nie, maar al glo jy nie in spoke nie, dan is daar darem nog altyd die moontlikheid dat 'n mens, terwyl hy nog gelewe het, iets kon begrawe het. En dan weer, daardie aansteker in die oom se hand, dit was geen gesigsbedrog nie, dit was werklik...

Ek laat dit maar vir u om te besluit, maar my eie gevoel is, dit was 'n tamaai trommeltjie...

Piet de Kock
Sept 1981

## TOE MERENSKY NOG JONK WAS ...

Toe ek so 'n klompie jare gelede vir die eerste keer in die Merensky-Biblioteek kom werk het, het die biblioteek net kort tevore in die "nuwe" gebou ingetrek. Voor daardie tyd was die biblioteek gehuisves in die gebou, wat eintlik nog steeds fisies deel van die biblioteek is, wat vandag deur die Departement Beeldende Kunste gebruik word. Die "nuwe" gebou was heelwat ruimer en het ook 'n ligter atmosfeer gehad as die monumentagtige ouer gebou. Die ingang, met trappies na benede, was reg oorkant die "badkamers," toe kantore van dosente en vandag huisves dit onder andere die Kultuurburo van die Universiteit.

Die diensure was van 8h00-21h30 en ons het, as ons nie na-ure gewerk het nie, om 16h30 opgehou met werk. Die meeste van ons het nie eie vervoer gehad nie en het met die bus huis toe gery. As ons saans laat gewerk het, het ons vinnig vanaf die biblioteek na die bushalte gestap want dit was nie oral verlig nie. Ons het ook diensbeurte by die Buitemuurse Biblioteek gehad en ons moes dan saans vanaf die stad per bus huiswaarts keer. Die personeel was heelwat kleiner as wat ons vandag is, en saam met die persone by Buitemuurs en Medies het ons in die omgewing van 50 getel. Uit die aard van die saak was die afdelings ook kleiner met een persoon by IBL, drie by die Toonbank, drie by Tydskrifte, en ongeveer agt tot tien in die Katalogiseerafdeling of te wel die Ontsluitingsafdeling soos ons dit vandag ken, en drie klassifiseerders. Die afdelings Finansiële Administrasie, Beplanning, en Reprografiese Dienste het ons toe glad nie gehad nie, asook geen Vakbibliotekarisstelsel nie.

Sommige van ons het ook gestudeer en meestal was dit vir die graad of hoër en laer diplomas in Biblioteekkunde. 'n Paar van ons het onder andere onderrig ontvang in die fynere kunsies en tegnieke van klassifikasie en katalogisering van ene heer E D Gerryts; prof P C Coetzee en mnr Dries de Kock, tans van die Universiteit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

van Wes-Kaapland, het ook vir ons klas gegee.

Die jongklomp was 'n gesellige groep en dit was tradisie om aan die einde van elke maand tydens etenstyd by die Hatfieldgallerye by die Hollandse restaurant 'uitsmyters' of krokette te gaan eet. Die uitsmyters was gebakte eiers en spek op roosterbrood en die Krokette was heerlik. Jooltyd het ons gedurende etenstyd plein toe gery om pap en wors te geniet. En in die somerhitte het ons somtyds by Hillcrest gaan swem en heerlik verfris na etenstyd weer teruggekeer om voort te gaan met ons taak. Etenstyd was toe darem luur 15min lank.

Heelwat romanses het in die Merensky hul ontstaan gehad waarvan 'n aantal in huwelike uitgeloop het. Ons dink maar aan Max Spruyt en Louise Kruger; Jan Strydom en Ina van der Walt; Chris Vink en Miemie Gerber; Piet de Kock en Kiewiet Streicher.

Ongelukkig weet ek nie waar almal saam met wie ons destyds gewerk het, hulle tans bevind nie, maar van 'n hele paar kan wel verslag gedoen word. Eerstens kan diegene genoem word wie nog steeds, of weer, in Merensky werksaam is, naamlik Ria Viviers, Anne van Zijl, Minda Meyer, Piet de Kock, Bettie Langkilde (Coertze), Miemie Vink (Gerber) en by die binders Willie Porter en Dawie Hughes. Kollegas werksaam vir ander biblioteke/beroepe of op ander plekke sluit in: Albert de Villiers, Hoof by Tak Biblioteekdienste, Departement van Nasionale Opvoeding; Chris Vink, Universiteitsbibliotekaris by Medunsa; At Pienaar, Hoofbibliotekaris by SABS; Rudi Fenske by die Biblioteek UNISA; Ina Redelinghuys (Grobler) hou skool in Port Elizabeth; Ina Brand (van Wyk) is huisvrou.

MIEMIE VINK
Mei 1983

---





DIE MERENSKY - MUISE

Eendag was daar 'n regte familie stadsmuise. Hulle het onder die Wesfassade van Kerkplein in Pretoria gewoon. Hulle was gelukkig daar, want alhoewel Ousus Marinda gereeld geneul het dat hulle na die Oostelike voorstede moes trek, het Pa maar gemaak asof hy nie hoor nie. Die huis was gerieflik - en buitendien het hy 'n renons in trekkery ... totdat hy een aand bleek om die snorbaarde met 'n stuk van die middagkoerant by die huis ingestrompel het ...

Hy het skoon vergeet om vir Ma koffie te vra, net die koerant vir haar gehou sodat sy kon lees: WESFASSADE BESLIS GESLOOP - GEEN VERDERE ONDERHANDELINGE - ADMINISTRATEUR.

"Ons sal moet trek, vrou: mens kan nie wag totdat jy finaal kennis kry, en dan eers begin blyplek soek nie." "Joegaai! Pa, kan ons nou na die oostelike voorstede trek - Waterkloof toe, of ...", kom dit van Marinda waar sy sukkel om met haar gesig vol seëls Pa te probeer oorreed. "Genugtig kind, wat vang jy aan!" "Dis 'n gesigmasker Pa, almal by die werk sê dis goed vir jou gesig". "Bid jou aan, sê Ma, "ek moes vanmiddag help om haar hare met skuifspelde in te draai."

"Ons moet trek vrou, die plek raak al hoe boser". "Pa moet net sorg dat daar genoeg kos is" mompel Ouboet Andries waar hy al knagende aan 'n telegramvorm die sitkamer inkom. "Ek's nou al moeg vir telegramvorms en telefoongidse. Selfs bonusobligasies is nie meer lekker nie ...". "Waar's die vierling - kyk dat hulle huiswerk gedoen kom," boender Ma haar immer-honger seun uit die geselskap. Vanaand moet daar belangrike sake bespreek word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

So begin Pa die volgende oggend om die Plein stap - op soek na ŉ bus na die Oostelike voorstede, maar die verste wat hy kon kom, is tot by die Reserwebank, waar hy toe maar die Sunnysidebus haal, en die verste wat die bus hom neem, is die Universiteit van Pretoria.

ŉ Aand later stap hy weer sy huis binne. "Julle moet pak mense, môre-aand wil ek trek". "Hoekom in die ááńd?" wil Ma weet. "As één muis soveel katastrofes in ŉ bus veroorsaak as wat ek veroorsaak het ... reken ŉ vrou sit mos mooi haar mandjie met kaasbroodjies langs my neer, en toe ek net wil proe, sien sy my ... ons trek in die aand, en gee my nou net ŉ kans, dan vertel ek alles. Toe ek die oggend hier weg is, het ek met die Sunnysidebus gery tot waar die laaste mense afgeklim het, en toe maar ook afgeklim en aangedrentel. Daar was groot geboue - amper soos hier, meestal net nuwes. Ek stap toe maar so aan - en raai wie loop ek raak - my kleinneef Adriaan. Hy het glo ŉ klompie grassade kom haal vir sy familie. Sy eerste tweeling se hare begin uitkom en sy vrou sê grassaad is gesond, of so iets.

Ek moes toe opsluit eers gaan kennis maak met sy familie. Adriaan het pas sy kursus in Argitektuur voltooi. Hy moes glo vyf volumes van ŉ tydskrif "Progressive Architecture" opvreet, en nog ŉ skripsie ook, om sy graad te kry. Die skripsie se tema was "Die beveiliging van universiteitsbiblioteke teen natuurrampe, plae en studente". Ek't nog altyd geweet hy is die slimkop van die familie. Sy vrou is net so slim, het glo ŉ Honneursgraad in Sielkunde, maar sy is vreeslik neus in die lug.

Toe ek hom vertel van ons woningnood, het hy my dadelik gaan wys waar hy bly, en gesê dat ons ook daarheen moet trek - daar's ruimte vir nog muise vir ŉ honderd jaar. In daardie Merensky-biblioteek-huis van Adriaan is daar plek vir baie geslagte muise. Adriaan sê die plek het net een nadeel - hy lek partykeer, maar die mense het sulke oulike blou kassies gemaak, seker om boeke in te sit, maar Adriaan sê hulle maak uitstekende bote. Hy het my sommer gewys waar ek ŉ klomp kan kry. O ja, die plek bly in elk geval so laat oop dat ons in vrede in die aand kan intrek.

En so gebeur dit toe een Woensdagaand dat Pa, Ma, Oupa, Ouma, Andries en Marinda, die jong vierling Pietertjie, Petrussie, Mietjie en Sussietjie en hul tant Johanna, ŉ weduwee wat haar man verloor het nadat hy onder ŉ possak beland het, sak en pak na die Merensky verhuis. Neef Adriaan se vrou het melk en koek oorgestuur - glo uit die groot kombuis gekry. Die nuwe intrekkers het aan die westekant van die gebou ingetrek - tot Ousus se frustrasie - "al wéér aan die wêstekant!" Ma het egter voet by stuk gehou - "familie bly nie op mekaar se drumpels nie". Gou het die verkenningstogte gevolg, en met so baie knaaggoed én nesmaakgoed om hulle, het veral Pa klaar besluit dat hy eendag hier gaan aftree - met trek was hy klaar.

"Ma, ma, kom help, Petrussie het maagpyn!" roep Mietjie een aand - haar twee kraalogies sommer so blink van skrik. "Wat het julle aangevang, waaraan het julle weer geknaag?" "Ma, hy't byna ŉ hele woordeboek opgeeët - een van daardie met die kolle op wat op die derde verdieping staan; en weet Ma wat nog - Pietertjie en sy maats het een van die derde verdieping se atlasse gaan haal. Hy sê hy wil dit vir oom Piet Muis gee dat hy saans die weervoorspelling nog beter op die TV kan lees as hy saam met oom Haas Das is." "Mietjie, gaan haal gou kookwater in die kombuis, maar oppas vir brand - daardie taai salf wat Pa laas in die Bindery gekry het vir brand is byna klaar. Net kookwater help vir so ŉ maag!"

"Ma, ek pas sowaar nie weer Adriaan en Belinda se kinders op nie", mor Andries een aand. "Dis die stoutste twee muise wat ek in my lewe gesien het. Ek dink dis hoekom hulle Pa en Ma so baie uitgaan. Weet Ma wat het sy laas vir my gelos om te eet - ŉ pak kataloguskaarte! Jig - dis erger as telegramvorms! Daai swart ink daarop smaak soos Rocquefortkaas! Honneurs in Sielkunde - sy gaan ŉ Honneurs in Kriminologie nodig hê om daai twee te verstaan. Weet Ma wat moes sy doen vir haar graad? Sy moes ŉ volume van "Psychological Abstracts" opvreet ... of verwerk, soos sy ewe neus in die lug beduie. Sy sê sy moes ook "etlike Sielkundeboeke" wat in die pakkamer op die tweede verdieping staan ... verwerk, en nou pas sy die teorieë op haar kinders toe!"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Moet net nie dink ék gaan dit doen nie", kom Marinda tussenby. "Buitendien, ek's nou besig met 'n tikkursus op daardie nuwe tikmasjiene wat hulle op Laergrond geïnstalleer het. Weet Ma, mens gebruik nie papier nie, die lettertjies kom so groen op die skerm voor jou. Ek kan net nie verstaan dat daardie twee mans en klomp vrouens in die oggend so kla dat die masjiene nie wil werk nie. Hulle werk dan so goed as ek in die aand daarop oefen".

So gebeur dit dan dat Tant Johanna die twee booswiggies een aand gaan oppas toe die Instituut vir Muis-Argitekte hulle jaarlikse funksie het - die eerste keer dat sy in haar slim kleinneef se huis kom. Sy kon haar oë nie glo nie, sowat van weelde het sy nog nooit gesien nie. Die struktuur het hy gebou van sulke swart boekbuiteblaaie, met sulke goue lettertjies op. "Colliers Encyclopedia", lees sy - "sowaar dertien van hierdie boeke - wonder wat hy met die blaaie aangevang het?" "Haai, my kind, is dit waarop jou kinders moet slaap?" sê tant Johanna aan Belinda toe sy die bestelkaartbedjies sien. "Dis dan so hard vir hulle ou ruggies. G'n wonder mens moet so spook om hulle daarin te kry nie!"

"Petrussie, wat het julle nóú weer aangevang", raas Ma ontsteld toe haar telg een middag sonder twee van sy snorbaarde en 'n bytplek aan sy stert by die huis aankom. "Dis daai rotte op die eerste vloer, Ma. Hulle sê ons is sommer kommen muise oor ons in die kelder bly, en hulle op die eerste vloer. Die een sê sy Ouboet swot lô, en buitendien kan hulle dit bekostig om hofverslae vir beddegoed te gebruik, terwyl ons moet slaap tussen vorms om fotostate goedkoper te maak! En toe ... toe wiks ek hom!"

"... en toe wiks hy terug," sug Ma terwyl sy die goudbladverband om sy stert draai ...

"Dit lyk my Oupa is darem gelukkig hier", sê Mietjie vir Sussietjie terwyl hulle ma help huis skoonmaak. Hy bring sy dae in Africana deur. Hy sê in al die boeke wat hy al daar gelees het, kon hy nog nie vasstel wanneer katte in Suid-Afrika aangekom het nie. Wonder hoekom wil Ma nie hê ons moet saam met Oupa gaan nie, sy't iets gepraat van vreeslike boeke agter slot en grendel, en toe sy my sien sê sy net "kleine muisies grote ore", en boender my kombuis toe.

"Ou Man, het jy gesien wat het ou Wilhelmus en sy vrou Willemina als hier weg?" "Ja, jong, ek het gedink die ou met sy doktorsgraad in Opvoedkunde, en sy ou vrou wat glo 'n spraakkliniek vir muise wil begin, sal op die tweede verdieping gaan oes, maar waarvoor hy al drie eksemplare van die naslaanboek "Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe" moes saamvat, sal net hy weet." "Ja, en sy vrou weet te vertel dat die "Journal of Fluency Disorders" net die inligting bevat wat sy nodig het om muisies te leer om nie tussen hulle voortande deur te fluit nie - en toe vat sy sommer almal saam. As dit só aangaan, sal ons nog hierdie winter koud en honger slaap, dan weet ek nie eers van die kinders se geleerdheid nie!"

"Toemaar vrou, volgens 'n verslag in verlede maand se Biblikasie gaan hierdie gebou te klein wees teen die tyd dat ons agter-agterkleinkinders begin kinders grootmaak. Hier wag nog baie werk vir ons as ons moet help dat die gebou nie te klein word nie - ek het nog altyd geweet die mense kan nie juis sonder ons klaarkom nie. Terloops, ek sien ons ou blyplek gaan nie meer gesloop word nie, - wil jy terug trek?"

"Ag nee wat, ou man," sê Ma, en leun genoeglik terug teen Pa se skouer. "Dit klink tog soveel beter om te sê jy is aan die Universiteit verbonde, as aan die Poskantoor."

MAGRIET LEE
Mei 1980






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# OM DIE WÊRELD...

# IN TIEN JAAR

## 'N STOWWERIGE REIS

Noem die naam Kalahari Gemsbok Park en ek dink dadelik aan STOF, STOF, STOF, nogmaals STOF, lang afstande en grondpaaie. Tog was ons vakansie daar 'n belewenis en beslis die moeite werd. Die omgewing is baie interessant en die mense baie vriendelik en gasvry.

Die Park grens aan SWA en Botswana en beslaan ongeveer 970 000 ha. Dit is oorspronklik opgemeet vir Blanke- en later vir Kleurlingbewoning, maar die skemas was onsuksesvol en in 1931 is die grond geproklameer en het die Kalahari Gemsbok Nasionale Park tot stand gekom.

Daar is huisvesting in drie kampe beskikbaar. Wanneer 'n mens die "goed toegeruste" winkels betree, besef jy egter hoe afgeleë die Park is. Slegs die allernodigste is beskikbaar en brood en groente is glad nie te verkry nie. (Gelukkig was daar meel en het ons later maar vetkoek geëet in plaas van brood).

Die natuur daar is 'n belewenis. Die sandduine, dikwels heeltemal rooi, die breë duinestrate en droë rivierlope plaas 'n mens in 'n heeltemal vreemde opgewing. In die droë rivierlope groei daar pragtige kameeldoringbome en oral in die bome is groot versamelneste van voëls te sien. In die park is daar leeus, jagluiperds, jakkalse, gevlekte bruinhiënas (baie groter as dié wat in die Kruger Wildtuin aangetref word) elande, blouwildebeeste, rooihartbeeste, gemsbokke, springbokke (in baie groot troppe), steenbokkies en duikertjies. Daar is ook meer as 170 verskillende voëlspesies.

Ons was gelukkig om 'n paar baie interessante dinge te sien; onder andere leeus wat paar, 'n leeumannetjie wat sy gebied afbaken, 'n jagluiperd in die hardloop om 'n bok te vang en 'n trop van ongeveer 200 springbokke, die rammetjies al springende en pronkende voor die ooitjies. Vanaf die Kalahari Gemsbok Park is ons na die Augrabieswaterval Park, 'n afstand van ongeveer 330 km grondpad. Halfpad tussen niks en nêrens het ons petrol gesoek en by 'n Kalahari-plaas geholpe geraak. Die petrolpomp was nog van die ou soort wat met die hand op en af gepomp word. Die boere het ons vir koffie en vars beskuit genooi en ons het so lekker gesels dat ons langer as 'n uur gekuier het! Met ons vertrek het ons dogtertjie 'n sak lekkers uit die plaaswinkel gekry en ons 'n sakkkie springbokbiltong.

My man se woorde: "Ek is twintig jaar ouer van al die stof en ontberings, die motor beslis ook 20 jaar ouer, maar dit was alles beslis die moeite werd", is 'n opsomming van 'n heerlike vakansie.

Mara Grobbelaar
Sept 1984



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VIVE LA PARIS!

Wat my reis ekstra besonders gemaak het, was natuurlik die weersien van my dogter wat sedert Januarie reeds in Parys woon. Om op Orly te land met die klank van 'n vreemde taal oor die luidsprekers en dan, nadat jy deur die drukgang van paspoort kontroles beweeg het, jou kind, wat skielik groot en baie Frans lyk te sien, het die trane vinnig laat vloei. Ek staan verwonderd en luister hoe sy sonder moeite in Frans verduidelik wat sy wil hê en met so 'n ervare gids aan my sy, is ons gou-gou in die middestad en na my eerste rit in die metro, is ons tuis by ons blyplek; 'n studio in die Rue du Pont Aux Choux waar ons vir die volgende drie weke bly. 'n Studio wat twee Franse katte insluit met name, Mitseye en Lili en aan wie ek baie geheg raak gedurende my verblyf.

Die eerste oggend word ek wakker met die reuk van vars gebakte brood en kry ek warm croissants wat vroegoggend by die Boulangerie op die hoek gekoop word, vir ontbyt. Gou moet ek agterkom die Franse se tafelmaniere is anders as ons s'n. Om jou bord met 'n stuk brood skoon te vee, is heeltemal toelaatbaar.

Smiddae na vier-uur begin die strate lewendig word. Ons gaan koop vir ons, soos die Franse vrou, vars groente, vrugte, brood, kaas en wyn. Daar's nie so 'n ding soos een-maal-per-week supermarkverkope nie, jy koop elke dag kos sodat jy weet dat jy die varsste en beste kry. Teen agt-uur in die aand neem ons die metro na die Tuilleries. Dis nog helder lig want die son gaan eers 9.45 nm onder. Ons stap in die Champs Elysées af na die Arc de Triomphe en wat 'n belewenis! Dit lyk my al wat 'n Parysenaar is, is op straat. Die straatkafees is vol en jy beweeg moeilik tussen almal op die sypaadjie deur. En oral kry jy die straatkunstenaars wat my fassineer, want wat klink nou mooier om sommer daar op straat na fluit en viool te luister of as jy afstap na die metro, die weerklank van 'n treurige saksofoon te hoor.

Ons studio se sleutel raak weg, 'n ontdekking wat ons teen elfuur in die aand maak. Ons gaan terug studio toe om te kyk of ons nie iewers kan inklim nie, maar dis pure verniet. Ons slaap die nag by vriende en die volgende dag is dit ons en die Sapeurs Pompiers wat ontmoet om ons uit die verknorsing te help. Dis nou Parys se brandweer. Ons staan in die straat en wag vir hulle. Met hulle aankoms is daar dadelik 'n samedromming van mense en almal verkyk hulle hoe daar met 'n leer opgeklim word na ons studio se vensters. Ek staan daar letterlik met my tong afgekap en probeer nie hardop uitbars in 'n giggelende lagbui nie (van histerie), terwyl my dogter al haar sjarme gebruik om te verduidelik. Kort daarna is die polisie ook daar, net om seker te maak dat ons die ware inwoners van die plek is. Maar, soos alle Franse mans, is ook hierdie paar 'n fees vir die oog en baie galant en vriendelik.

Daar is nog veel om te sê van hierdie stad soos om by 'n Franse vrou tee te drink bo-op die dak van haar woonstel in haar Japannese daktuin en oor die dakke van Parys te tuur met die Sacre Coeur en Tour d' Eiffel as bakens. En dan te gesels oor die Suid-Afrikaanse en Franse vrou en te besef dat vrouens van oor die wêreld dieselfde is met dieselfde probleme, vrese en blydskappe. Of om op 'n Sondagmiddag in 'n tou te staan in afwagting om vir jouself van die beroemde Paryse Bertillion roomys te koop en dan skielik oorkant die straat 'n gedenkplaat te sien wat buite die gebou aangebring is om jou te herinner dat op daardie spesifieke dag gedurende die oorlog al honderd-en-veertien inwoners waaronder nege-en-dertig kinders was, weggevoer is na uitwissingskampe in Duitsland en nooit weer van gehoor is nie.

Dit is Parys! 'n Stad vol geskiedenis. 'n Geskiedenis wat loop vanaf die liberalisme van die Franse Rewolusie, oorloë en lyding, tot die Moderne Franse Juffrou met haar swart nou romp en kouse. Maar bowenal is dit ook die stad van die liefde want om jou maat 'n soen te gee terwyl jy in die metro ry, is heeltemal aanvaarbaar. Elkeen doen sy eie ding en in Parys het jy die vryheid om te wees wat jy is of wat jy wil wees.

Elsabé van der Merwe
Sept 1984



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE SWERWER

"Wie sou die ware swerwer wees
Die een wat reis, die een wat lees" -
vra die sanger, en ek wil saggies byvoeg -
die een wat reis of lees of luister?

Waar begin alles? By kleintydverhale van Koning Arthur en sy ridders wat jou laat glo dat alle konings en kastele in Engeland is, of by 'n Ierse grootoupa wat byna twee eeue gelede 'n eenrigting ry spore op die Kaapse strand agter gelaat het, en die onrustige saadjie van geslag tot geslag saam met die hardkoppigheid oorgedra het, dat iemand weer eendag op daardie spore terug sal loop en gaan kyk na die groen aarde wat hy vir die barre Bosveld verruil het?

Die dag wat ek regtig my tas pak en die gladde vlugkaartjies tussen my vingers voel, lê nog baie jare se spaar ver, maar tot dan kan ek lees oor stywelip Engelse, spaarsamige Skotte, strydlustige Iere en singende Walliesers. Ek kan na hulle musiek luister, en ek kan droom oor daardie eendag ....

Vandag wil ek op al my leespaadjies loop. Ek gaan saam met Audrey Blignaut 'n digbundel in O'Connelllstraat in Dublin koop. Ek gaan vir Oliver Twist in Rochester se strate soek. Miskien is hy by Charles Dickens, en kan ek sommer vir Dickens dankie sê vir baie jare se vreugde, en hom sommer geluk wens met sy verjaarsdag. Dis immers 'n voorreg om saam met hom te verjaar. Ek wil gaan kyk wat alles te koop is in Long Melford se antiekwinkels, en hoekom dit nou juis vir Karel Schoeman die mooiste dorpie op die Engelse platteland is. Die bewoners op die plase in die Yorkshire Dales ken ek almal, want James Herriot het my keer op keer op sy veeartstogte saam geneem.

Ek hoor die kore in die Rhondavallei waar ryk mansstemme die uitvoerproduk moes word na baie steenkoolmyne gesluit is. Die Walliesers sing in kore, in groepe en in 'n massa op Cardiff Arms Park. As ek wat met moeite 'n toets op Loftus Versfeld kon deursit, skielik deel word van 'n rugbymal skare wat meeding om 'n kaartjie net om te hoor hoe klink rugby op Cardiff Arms Park, het daar iets gebeur.

Ek word deel van die skare wat "Hen utad fy Nhadau" en "Hymns en Arias" sing - en wonder hoeveel geesdriftiges die wedstryd op die kroegtelevisie dophou. Na die wedstryd dwaal ek in die oorvol strate rond en kry regtig die verwaarloosde kerkie wat ek so goed deur my Max Boyceplaat leer ken het.

O ja, ek wil nog gaan kyk hoe ver is Neath en Bridgend in die suide van Wallis van mekaar. Dalk so ver soos Johannesburg van Pretoria? Ek weet darem dat daar minstens veertien pubs tussen die twee is, waar die dorstige kele van 'n bus rugby-ondersteuners op pad na Skotland klam gehou kan word.

Die Eisteddford in Llangollen is 'n mengelmoes van kleur en klank. Ek staan oopmond en luister hoe 'n mannekoor uit Treorchy "Ar hyd y nôs" en "Cwm Rhonda" sing. 'n Ril van lekkerkry draf teen my ruggraat af. Beleef ek dit regtig?

Die lug waai koud teen my gesig op die nogboot tussen Holleyhead en Dun Laoghaire op pad na Ierland. Die koue buite en die sang binne jaag- of lok- my na waar Iere met harde hande jare se armoede tussen die biere deur wegsing. Die swaarkry vervaag in die gemeensaamheid van geslagte-oue liedjies wat vertel van blou-oog Ierse nooiens wat êrens wag ...

Die plekname op die kaart klink so mooi dat 'n mens dit oor en oor op jou tong rondrol. Carlingford waar die ewige matroos nooit kan bly as die see kom roep nie, Carmarthen met sy mark - is daar regtig eikebome wat 'n mens moet groet om die dorp te beskerm - Merthyr Tydfil, Aberdeen en Arrochar. Dit sing net soveel soos Loeriesfontein en Wuppertal, Thabazimbi en Umzimkulu in my eie land.

Skotland word 'n ervaring om lank te onthou. As die woord Droogte uit jou kinderjare byna net so 'n groot skrikwoord as 'n vloekwoord was, word hierdie land van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

die Loch en die Glen 'n blou geborduurde lap wat nog so om die rant dieselfde kleur fraaiings ook het. By Loch Ness staar ek skreefoog oor die meer en hoop soos die duisende ander voor my dat die Monster nog al die eeue net gewag het vir die dag wat ek kom kuier om haarself aan die wêreld bekend te stel. By Loch Lomond kom speel 'n eensame Skot een aand sy doedelsak op 'n heuweltjie nie ver van die kasteel waar ek die nag oorbly nie. "I'll take the high road ..." en 'n onkeerbare verlange na alles en nog wat sak oor my toe. Het dit al by die huis gereën en blom die jakarandas al?

'n Besoek aan Llandudno saam met 'n toergroep verskaf my heerlike alleenpret, want dit is mos die kusdorp wat in die brosjures as die wonderwêreld van vakansiehou voorgegee word. Op 'n plaat in my platerak word daar heerlik gek geskeer met die dorpie se seemeeureputasie, en ek loer so 'n slag skuins na bo of alles darem nog veilig is.

Ek moet nog gaan kyk waar Fingal se grot is, en speel hulle nog Händel se watermusiek op die Teems? Hoekom praat die ou steenkoolmyners in die Rhonda van die kleur van hulle gesigte as Rhonda Grey in hierdie land van groen valleie? Is die meule in Belfast waarvan die Fureys sing die een waar James Galway se ma gewerk het om die pot aan die kook te hou, en staan hy ooit nog in die stad waar kinders met grootmense deel geword het van 'n masjiengeweerwêreld?

Is die wêreld van Beatrix Potter vandag nog vasgevang rondom haar huisie, en waar in London is daardie winkel wat uit vier verdiepings kinderboeke bestaan?

Ek koop 'n Outspanlemoen en loop eet-eet tussen Covent Garden se winkels deur. Wat het ek in hierdie land met sy grys dae en groen landskappe kom soek? Miskien die wêreld tussen stakings, straatgeweld en toeristeposkaarte. Moontlik die lewe in die kastele van ryk Engelse Lords met hardebolkeile en lang sambrele wat vandag deur belasting opgeëet word, of die opmekaar Ierse huisies in die stede waar die een huis vir die volgende 'n kruk moet wees. Soek ek die mens tussen die Harrods-bomplanter en Holland Park blomplanter? Die lemoenskil se olie laat my hande soos die Laeveld ruik.

"Sal die passasiers op Vlug SA 220 na Londen..."

"Wie sou jy die swerwer noem
die een met tas en reisbiljet
of elkeen wat nog drome het?
of wie?"

Die bandspeler klik. Ek bêre die kassette, boeke, atlas en my drome - vir later, lank na speel-speel dalk eendag regtig geword het.

Magriet Lee
Okt 1984

• • •

AMERIKA TOE...

'n Lang reis laat 'n mens baie wonder oor reis: wat besiel jou om jou swaarverdiende geld teen so 'n ongehoorde tempo te gaan uitgee terwyl daar tuis soveel gate is wat eintlik daarmee toegestop behoort te word? Dit om vreemde plekke te sien, om te sien hoe ander mense leef en om dinge te doen wat jy tuis nooit kan of durf doen nie, sê ons altyd.

VREEMDE PLEKKE

Die VSA is oorweldigend! Niks wat jy in die mooiste fotoboeke gesien het, kan jou voorberei op die grootheid, die grootsheid en verskeidenheid van die land nie. Dinge is daar inderdaad groter, hoër, dieper, verder, warmer, helderder ens as elders in die wêreld. En daar is so 'n oorvloed van alles: magtige riviere, derduisende glashelder mere met baie visse daarin, berge so mooi soos in Switserland en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

eindelose woude wat sommer net daar lê vir die mooi.

Van helderder gepraat: een van die interessante natuurwonders is die kratermuur in Oregon. Duisende jare gelede was dit ŉ aktiewe vulkaan, Berg Mazama, wat so geweldig uitgebars het dat daar volgens beraming 13 kubieke myl van sy spits weggeskiet het. Mettertyd het die krater met reën en sneeu gevul en vandag is dit ŉ meer met ŉ deursnit van 6 myl, 1932 voet diep. Die water is glashelder en inderdaad blouselblou (vir die van u wat nog weet van blousel!) Om die rand van die krater loop ŉ pad. Somertyd is die wêreld oortrek met kleurvolle blommetjies langs stroompies gesmelte sneeu. Wintertyd word daar aan die hange van die berg geski en op die meer geskaats. Ons het in die krater afgestap en ŉ bootrit onderneem wat vir my kinders besonder lekker was aangesien dit die dag was waarop die skole hier geopen het.

ANDER MENSE

Suid-Afrika, synde een van die vryemark-kolonies is natuurlik so baie soos die VSA dat dit aanvanklik teleurstellend is. ŉ Mens mis die onderskeid wat Europa so lekker maak. Dis eers by nadere kennismaking dat dinge jou begin opval. Tot jou droefheid besef jy dan ook dat die mees beskaafde aspekte van die Amerikaanse leefwyse blykbaar nie na ons deursypel nie maar dat ons al wat banaliteit is resloos oorneem.

Amerikaners is oor die algemeen informeel, oop, vriendelik en hoflik. Hulle lewensfilosofie is definitief gebaseer op die vryheid van elke mens en hulle leef dit uit: daarom sal hulle ons beslis nooit verstaan nie. Die meeste mense in dienposisies beïndruk jou met hulle effektiwiteit en lewendige hulpvaardigheid.

In elk geval is hulle taamlik anders as wat ŉ mens uit die flieks kan aflei: hulle kom beslis nie gejaagd voor nie. Hulle wag gedwee in rye en veral by padwerke. Hulle is in elk geval konsidererende bestuurders en tesame met die lae spoedgrens (80 k.p.h) en die goedkoop petrol maak dit van rondry ŉ vreugde. As hulle materialisties is - (moet seker wees) - stal hulle dit nie so uit soos ons met statussimbole nie. Hulle skram nie weg vir enige soort werk nie en is onverbloemd en benydenswaardig patrioties.

Oral, ook by privaat woonhuise hang die "stars and stripes" en byeenkomste eindig maklik met solidariteitsgebare soos handeklap op maat van musiek, ballonne of duiwe wat losgelaat word. Dit hang natuurlik saam met die sekuriteit wat ŉ ryk, feitlik onaantasbare land bied en die grootmoedigheid wat aan wêreldmag so ŉ menslike aanskyn gee.

DINGE OM TE DOEN

Ons is buitelugtipes en die vakansiedeel van ons reis het oorwegend bestaan uit uitkamp, staptogte, klimmerasies, kanovaarte en hengel. Daar is natuurlik onbeperkte moontlikhede vir al hierdie aktiwiteite en baie mense bring die somer so deur. Kampeerterreine het min geriewe en ons het uiters bedrewe geraak met tentopslaan, matrasse opblaas (jig!), kook oor oop vure en was in plastieksakke.

Een van die prettige ervarings van ons vakansie was ŉ vlotvaart op die Slangrivier in Idaho, wat een van die sosiale uitstappies tydens ŉ kongres was. Hoewel dit nie een van daardie woeste, helm-op-die-kop, witwater vaarte was nie, moes ŉ mens nogtans klou vir al wat jy werd is en kon jy kliphard gil deur die stroomversnellings as die vlot so goed as in ŉ gat duik en ŉ reuse brander bo-oor jou slaan.

Om op te maak vir die rustige dele het watergevegte tussen die verskillende vlotte uitgebreek. Op ons vlot het een eerbiedwaardige kongresganger die roeier oorgehaal om ŉ ander vlot te bekruip sodat ons hulle skepemmers kon steel. In die proses het hy en my man, Pieter, en die hoofaanstigter van die ander vlot, ŉ Fransman met ŉ David Nivengesig oorboord geval en was dit ŉ gedoente om hulle kort voor ŉ stroomversnelling weer in te help.
Middagete het ons geëet op ŉ sonnige sandbank. Daar was ŉ oordadige verskeidenheid broodjies, koue vleis, garnerings, slaaie, vrugte en kiste vol yskoue bier en koeldrank (ooreet en gepaardgaande vetsug is baie algemeen). Die sonlê was egter kortstondig want net na ete het die uitgelatenheid weer begin met bekruipers wat niksvermoedende mense aan hande en voete in die water gooi.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

.... EN TERUG

Was dit die moeite en die R!?*** werd vra jy dalk? Ja, ons het baie pret gehad en ons het baie geleer. Ek weet ook nou baie van vliegtuie en ruimtereise - danksy my oudste kind, en ek het op 'n rollercoaster gery - danksy my jongste kind! Vir die eerste keer dink ek dat ek iets verstaan van wêreldpolitiek. Die reis het ons ook kans gegee om die ongelooflike haat teen Suid-Afrika van naderby te sien en uiteindelik te ervaar dat dit jou nie bang maak nie, net baie patrioties en dikwels baie woedend. Dit het ons kans gegee om baie openlik met ons kinders oor politiek en menseverhoudinge te praat en ons eie standpunte hieroor te heroorweeg.

Ek sal weer gaan as ek die kans kan kry, maar dan om 'n tyd lank daar te bly, verkieslik in Vermont. Ek dink nie ek sou vir altyd daar wil bly nie - die lewe daar het 'n oppervlakkige kwaliteit waarop 'n mens nie maklik jou vinger kan lê nie en ek is beslis 'n Afrikaner.

Monica Hammes
Nov/Des 1985

---

## GRIEKSE VERLANGE

Dis warm in die Bank. Die tou is laaannnk gedurende die etensuur, kleingeld word getel, rolle note gekontroleer, tjeks gebalanseer .......

".......sag dreun die boot se masjiene. Teen die hange van die heuwels groei die vaalgroen olyfbome en word die landskap eers saggeel en dan skerpgoud in die strale van die dalende son. Van die dek van die groot boot swiep spierwit gepleisterde huisies verby, die meulens, die kerkies met hul kruise op vreemde pionne waarmee die lig en die wolke speel. Dit was Mykonos, bekoorlikste van die eilande, die skilder se paradys.

Windverweerde spierwit leeuwyfies sit in 'n ry, gekap uit Naxosmarmer - dis Delos, geboorte-eiland van Appolo. Die blougroen glashelder water soos net die Mediterreënse see kan lyk, spoel verby, .... Santorini, Poros, Hydra .... dis die eilande van die dromer, die Cyclades van Griekeland.

Dan anker die boot vas en die reisiger betree die Griekse vasteland. Hoog troon die Akropolis gehul in die mistiek van die ou gode en in die Plaka waar die wasgoed in die warm luggie wapper, wemel die mensdom. Die silwerarmbande, die tipiese Griekse "worry-beads", die blousteen of "evil-eye", dis die geur van Turkse koffie, steurgarnale en vars brood, en dis die klanke van die betowerende bouzouki ............"

Dis my beurt in die tou by die aanvallige teller. Ek kyk na die balans in my spaarboekie en sê vir myself "droom maar net oor jou Griekse eilande, want die waarheid maak seer". Ja, my reise leef nou maar net in my gedagtes want die $ is Baas en ons geld is Klaas! En die bonus, die liewe ou bonus! Nou sing ek maar "Wish me luck as I wave you goodbye."

Maar daar is ander maniere: die skat van reisjoernale wat ek nou verslind om my jeukende voete te stil. Saam met Abraham de Vries in sy "Afspraak met Eergister" was dit 'n heerlike reis deur Korinthe, Athene, Delphi, die talryke eilande. Graag wil ek hierdie kostelike uittreksel oor die wynstok (wat vir my as Kapenaar tog so na aan die hart lê) met die lesers deel:

> "Op die eiland Naxos word vertel dat St Dionisius eenmaal op reis skielik 'n plantjie, wat hy nog nooit tevore gesien het nie, gepluk en dit toe in die been van 'n voël geplant het omdat hy dit graag onbeskadig wou huis toe bring. Maar later ontdek hy dat dié plantjie so goed groei dat hy dit moes oorplant in 'n leeu se been. Nog was dit nie uitgegroei nie en moes hy dit weer oorplant, hierdie keer in 'n donkie se been.
>
> Op Naxos aangekom, plant hy dit in die grond en dit was die eerste wynstok. Die mense van die eiland het van die vruggies geëet en later geleer om wyn te maak. As jy vandag van Naxos se wyn drink gebeur die volgende: eers sing jy soos 'n voël, later word jy so sterk soos 'n leeu, en as jy aanhou drink, raak jy so dom soos 'n donkie, en koppig daarby".

Annatjie Botes
Maart 1985



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

FOTO-ALBUM VAN 'N VAKANSIE (gesensorde weergawe*)

Die herinneringe aan my afgelope vakansie in Spanje en Griekeland is besig om sõ vinnig te vervaag dat ek alreeds net met ŉ kaleidoskoop van prentjies, soos foto's in ŉ album, bly sit. So onthou ek die vrolike sang van ŉ groep Tunas terwyl ons garnale met uie- en groenpeperringe in olyfolie eet en bier drink. Die Tunas is, terloops, nie ŉ groep singende visse nie, maar studente wat ŉ Middeleeuse tradisie voortsit, naamlik om op die ou pleine en soms in restaurante in Madrid te sing en so geld te verdien om hul studies te finansier.

Die Spanjaarde is bekend vir hul trotse geaardheid en veral die mans kom afsydig, met streng gelaat, en trouens, ietwat onvriendelik, voor. Nogtans het ek twee prentjies van ŉ Spanjaard met ŉ breë glimlag: dié van die maître d'hôtel in ŉ Toledo-restaurant toe my vriendin ŉ mooi man vir nagereg bestel het, en ŉ verkeers-konstabel vir wie sy op haar beste Spaans die rigting na die sekskerk in plaas van die Joodse Kerk gevra het (die woord vir seks en Joods in Spaans klink dieselfde met net ŉ verskil in aksent).

Van Rhodos het ek ŉ mooi prentjie: drie silwersmede wat agter in hul juweliers-winkel rustig sit en werk totdat ŉ klein seuntjie met ŉ vrolike "kalimera"-inhardloop. Al drie staak met breë glimlagte hul werk om eers na sy welstand te verneem. Ek is bly ek het vir my ŉ stukkie van hul handewerk en sodoende ŉ gedagtenis aan hul arbeidsaamheid en vriendelikheid gekoop. Terloops, ŉ winkeleienaar in Athene wat tans president van die Griekse Kuns en Vakmanskapver-eniging is, het kopskuddend die verdwyning van vakmanskap betreur as gevolg van die verskynsel dat mense nie meer vyftig jaar lank wil leer om iets sõ goed te doen dat dit ŉ kunswerk word nie. Onder die vaandel van vooruitgang word goedere vinnig en in groot hoeveelhede vervaardig en langdurige opleiding en geduldige beoefening van ŉ vak verdwyn omdat die masjien dan alles soveel goedkoper en "beter" doen.

Die warm son op die Acropolis en die skugtere sonstrale deur die sipresse in die tuin by die Alhambra (paleis van die Sultans tydens die Moorse bewind oor Spanje) is helder prentjies in my geheue. Ek beny Washington Irving die voorreg om in die romantiese Alhambra te kon bly terwyl hy sy beroemde verhale geskryf het. ŉ Onvergeetlike gesig is die rooi papa-wers, oral en tydloos: in rotse en ruïnes by Korinthe waar Paulus gewandel het, langs die grafte by Mycenae wat uit 3500 VC dateer, en onder die olyfbome van Spanje met die musiek van Manuel de Falla in ons ore terwyl ons in die toerbus ry.

Selfs grafte maak deel van my herinnerings uit: dié van Christoforus Columbus wat na al sy reise in die Katedraal van Sevilla tot rus gekom het, en dié van genl Franco in die sobere Katedraal in die Valle de los Caidos (Vallei van die Gesneuweldes) waar soveel van die gesneuweldes in die Spaanse Burgeroorlog (1936-1939) begrawe lê. Hierdie besoek het my laat terugdink aan ŉ vorige geleentheid in 1975, enkele maande na genl Franco se dood, toe ek ook by sy graf was en dié ou man daar gekry het wat bid terwyl die trane oor sy wange afrol.

ŉ Herinnering op meer aardse vlak is aan ons seer voete ná ure se ronddwaal in die Prado, terwyl ons ons verwonder aan die afgryslikhede en smart in Goya se weergawe van die Napoleontiese inval in Spanje, en die onverstaanbaarheid van Bosch se skilderye.

ŉ Aandenking wat ek graag sou wou terug-bring, is ons toergids in Spanje - Cesare, met sy groot, treurige, donker oë en fynbesnede gesig. Ek wens ek kon hom in ŉ Lladro-beeldjie omskep en op my klavier sit.

Ten slotte: ek het middeljarig geword voordat ek nóú eers in Spanje ontdek het hoe om my naam korrek uit te spreek!

Estrellita Weyers
Junie 1985

*Vir die ongesensorde weergawe, kontak Estrellita op haar togte deur Merensky.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# NUUS UIT DIE AFDELINGS -

# DIE GOEIE OUE TYD...?

## REPROGRAFIE

Die afdeling reprografie is sinoniem met die woord student. Andersins sou al die masjiene altyd gewerk het. Stel jouself voor ŉ dag in die kelder sonder studente - die eensaamheid. Vanaf die bende-sindroomtipe waar elk sy posisie luidkeels probeer bevestig tot die alleenloper wat aggresief weier om te glo hy gaan tien sent betaal sonder ŉ lenerskaart, bly hulle studente. Soms kan mens glo almal studeer regte só vlot kan hulle redeneer oor lenerskaarte.

Baie mense glo warm lug styg op. (Copernicus se wet). Daal dus af in die dik dofheid van die kelder en ŉ mens is bereid om enige weerkenner as ŉ leek uit te kryt. Snaaks hoe die masjiene georganiseerd gelyk kan breek wanneer nog ŉ horde jou toesak. Dit is seker die geval van ek is nie alleen nie. Dit is dan dat die nare suspisie dat een miskien saggies in sy baadjie oor jou penarie lag, pos vat. As mens weer na ŉ mooier kant kyk; daar is min mense wat daagliks met die reuk van geld aan sy hande kan huiswaarts keer. Met ŉ stewige neonlig "tan" groet ons uit die kelder.

ŉ Reprografis
Junie 1980

---

## MUSIEK

Dikwels hoor of gebruik ons die woorde "Hulle sê...?" of "Ek hoor..." Soms ontstaan daar dan probleme as ons luister na wat "mense" sê. Soos wanneer die "ouens" sê daar is ŉ diskoteek by die Musaion met duisende plate waarna enige ou kan luister. Dit is alles waar - maar as die "ouens" bedoel die diskoteek is die versameling plate wat in die Musiekbiblioteek gehuisves word (en 99% uit klassieke musiek bestaan). en die luisteraar verstaan dit as dit wat vandag ŉ diskoteek genoem word, is dit werklik ŉ probleem. Die gevolg is ŉ student wat ontnugter by die deur uitvlug nadat hy vir die Beatles en Culture Club gesoek het - en net vir Beethoven en Couperin kon kry. Die kern van die probleem is dat die woord "diskoteek" so deel is van die musiekstudente se woordeskat soos "swot" en "massa". Dit word jaar na jaar oorgedra van dosent na student, van senior na eerstejaar en die slagoffers voel mislei.

So tussen al die verduidelikings oor biblioteke en diskoteke gaan dit goed hier. Anita het oorsee gaan toer, en my vir ŉ hele maand alleen gelos. Baie dankie vir die mense wat etenstye hier aflos - dit maak ŉ lang dag sommer korter.

Musikale groete

Annemarie Nel
Aug 1984

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## GSV

Daar het winde van veranderinge gewaai oor die Voorgraadse studieversameling. Ongelukkig het dit nie so voor die wind gegaan om alles te verander nie. Daar is weggedoen met die ordening van boeke op die rakke volgens klassifikasienommer. Die hele versameling boeke is ingedeel volgens vakke en verder alfabeties volgens outeur binne elke vakgebied. Dit bring mee dat die gebruikers nie meer die katalogus hoef te raadpleeg om 'n klassifikasienommer te kry nie. Dit sal hopelik baie frustrasie uitskakel aan beide die personeel en student se kant. Ons hoop ook om daardeur 'n beter en flinker diens te lewer.

Jan 1977

## ONTSLUITING

Die lewe begin nou 'n patroon aanneem ten spyte van veranderinge en vernuwinge. DOBIS en AACR II is so te sê bemeester en omvorm tot deel van die daaglikse lewe. Die algemene gevoel is dat dit 'n baie bevredigende presiesheid teweeggebring het in die ontsluitingsaktiwiteit: daar word nou nie meer geraai en bespiegel nie, maar wel met helderheid en doelmatigheid, asook algehele konsekwentheid, gewerk. Die kroon sal gespan word sodra Dewey 19 ook in werking tree by ons, en die klasnommer-probleem verslaan kan word. Net die gedagte aan daardie hemelse indeks laat mens histeries word van blydskap. Al wat dan oorbly is die onderwerpsontsluitingprosedure, waaroor finaliteit nog nie verkry is nie, en die DOBIS-implementering van die SANSO-statistiekaangeleentheid. Aan die wat nog daaraan skaaf, meet en pas, sê ons Dankie vir dit wat gedoen is, en voorspoed tot by die einde: Ons sien uit na die resultate.

Jean Maree
April 1980

## KALAFONG

Klinikala Biblioteek is geleë te Pretoria-Wes by die Kalafong-hospitaal. Die Klinikala Biblioteek is 'n tak van die Mediese Biblioteek. Dit is 'n baie klein bibliotekie. Ons het ongeveer 800 boeke wat dien as 'n gereserveerde versameling en ongeveer 120 verskillende mediese tydskrifte. Ons lesers bestaan hoofsaaklik uit dosente, kliniese assistente, mediese beamptes, huisdokters en mediese studente. Die biblioteek word intensief gebruik deur hulle en lewer 'n waardevolle diens. "The Heart" en "Principles of Medicine" dien vir sommige professore as heerlike skuilplek op 'n gerieflike gemakstoel. Die boeke is volgens departemente onder outeurs gerangskik, gevolglik weet almal waar hulle boeke is.

Die werksomstandighede is uiters aangenaam en ek hou kontak deur middel van briefwisseling en die telefoon met my medebiblioteke.

MAGRIET ENGELBRECHT
Februarie, 1985

## MAKRO-ONTSLUITING

Die maand Februarie is ingelui met 'n splinternuwe afdeling. Dit was 'n "genesskrop" van 'n ander kant af, want die een wil oos kyk en die ander wes terwyl sommiges onder ons pertinent aangedring het op 'n "muur" waarteen prentjies gehang kan word! Al hierdie geskuiwery was nodig om 'n gaatjie te maak vir 'n geskenkafdeling. Walms stof het rondgedwarrel terwyl die rakke gereorganiseer is, maar helaas lyk dit of almal nou gelukkig en tevrede hulle werk kan hervat. Aan die twee nuwe intrekkers, Erna en Corrie, baie welkom en voorspoed met die groot taak wat op julle wag.

'n Ware Februarie-geskenk was ons nuwe terminaaltafels. Hierdie tafels bied meer ruimte en het 'n handige, verskuifbare sy-werksoppervlakte. Dit is 'n groot verbetering en ons glo dat hierdie uitgawe beter werkverrigting tot gevolg sal hê.

Feb 1985



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VOORKLINIES

Die verskillende takbiblioteke staan almal in die teken van uitbreiding en veranderings. Ook by die Vóórkliniese Biblioteek het die gebrek aan ruimte uitbreiding genoodsaak. Bykomende ruimte gaan verkry word deur die kelderverdieping, wat tans die studente se ontspanningsaal is, met die biblioteek te verbind deur middel van 'n trap wat aan die buitekant aangebou gaan word.

Vir die personeel en studente van hierdie biblioteek het daar 'n salige stilte aangebreek. Die kopieermasjiene, wat letterlike en figuurlike "kopsere" veroorsaak het, is reeds uit die voorportaal van die BMW-gebou uitgeskuif. Dié stilte sal seker wreed versteur word as daar eersdaags met die uitbreidingswerk begin word!

Julie 1976

• • •

## ONDERSTEPOORT

Sedert verlede jaar toe daar goedkeuring verleen is vir die opknapping en verfraaiing van die biblioteek te Onderstepoort, is daar met groot verwagting daarna uitgesien. Ons is bly die dag het aangebreek dat die planne wat ons so sorgvuldig bestudeer het, uiteindelik in 'n werklikheid omskep word.

Die biblioteek moes op kort kennisgewing ontruim word, maar danksy die hulp van mnre Lor, De Kock en Porter het alles gou en vlot verloop.

Die bouery is reeds in volle swang en ons hoop dat, binnekort, ons "stal" met tapyte en gordyne bekleed, die aansig van 'n moderne goed-toegeruste biblioteek sal hê.

Julie 1976

---

## BEGIN VAN TUKKIANA

Daar bestaan reeds lankal 'n behoefte aan die Universiteit vir 'n sentrale bewaarplek waar dokumente en ander geskrifte van studente-verenigings en ander liggame aan die Universiteit vir die nageslag bewaar kan word. Sodanige stukke is vir toekomstige geskiedskrywing oor die Universiteit van die allergrootste belang.

As gevolg van die afwesigheid van so 'n sentrale bewaarplek en ook die gebrek aan kontinuïteit weens die feit dat besture van die Verenigings uit studente bestaan wat, uit die aard van die saak, net vir 'n beperkte tyd aan die Universiteit verbonde is, is daar nie altyd rekord gehou van waar die stukke hulle bevind nie en het sommige stukke dan ook deur die jare verlore geraak.

Baie van die instansies het ook gereeld publikasies die lig laat sien, maar om een of ander rede nagelaat om eksemplare daarvan aan die Universiteitsbiblioteek vir bewaring te oorhandig, met die gevolg dat die Biblioteekdiens dikwels in die verleentheid geplaas word deurdat persone van buite navraag doen oor 'n bepaalde publikasie waarvan daar geen rekord is nie.

Na sorgvuldige oorweging het die Biblioteekdiens onderneem om 'n "Tukkie-argief" op te bou, waar onder andere notules en ander dokumente van studente-verenigings asook publikasies van alle instansies verbonde aan die Universiteit, versamel, georden en vir navorsingsdoeleindes bewaar sal word.

'n Bibliotekaresse, mej E Klopper, is reeds deur die Biblioteekdiens afgesonder om hiermee 'n aanvang te maak. Dit sal haar taak wees om die stukke op te spoor en vir die argief te bekom en te orden.

April 1978

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## AFRICANA

Wat deur my gedagtes gaan as ek oor die afgelope tyd in Africana terugdink? 'n Knewel om te verwerk maar onwillekeurig dwaal mens se gedagtes terug na die soet en die suur, die hoogte en laagtepunte en as ek dan soos 'n rekenaar die warboel rondskommel en iewers vandaan 'n gevolgtrekking kan maak en die antwoord uitspoeg, weet ek dit sal lui, "Dit was 'n fees"

Alhoewel al baie uitgedun, is hier nog heelwat personeel vir wie die donker dae in Africana nog helder voor die gees staan, en dan, aan al die nuwelinge, bedoel ons donker! Dit was in die dae van die ou Merenskybiblioteek tydens die bouery van die nuwe biblioteek, toe menige personeellid saans na die spierverslappers en hoofpynpille hulle toevlug geneem het om die gevolge, die stof, ongerief, oorverdowende lawaai en diefstal bietjie op sy te skuif.

Dit was reënseisoen en as gevolg van die feit dat die dak nog nie dig was nie, was dit omtrent 'n geskarrel om 'n emmer betyds onder elke lek te kry. Die personeel is egter in ag geneem, en om die vooruitsig van paddapote en snorkels uit te skakel, is al die rakke toe met enorme swart plastiek seile wat op party plekke tot op die grond gehang het, bedek. Dit was versmorend warm, maar in daardie tyd het ons die voorraad leer ken, want om met behulp van 'n flits jou weg te vind sonder 'n maermerrie-besering (die seile was ook nie heeltemal dig nie en emmers het die wêreld vol gestaan) en die verlangde boek op die rak te vind, het nogal iets geverg.

Die gebruikers het tou gestaan voor die toonbank en veral een insident toe die dag se spanning verbreek is en al die grommende studente voor die toonbank lagbuie probeer onderdruk het, sal ek nie lig vergeet nie. Dit was 'n besondere besige en snikhete dag, net voor die aanvang van die eindeksamen toe dr Wichmann van Sielkunde op 'n drafstappie die lokaal binnegekom en hom teen 'n skare van gebruikers vasgeloop het. Die oomblik toe hy lewe agter die seile gewaar en hy dit van pure ongeduld seker nie meer kon hou nie het hy hand in die lug, amper soos die Swart Mag-teken, uitgeroep "Juffrou, gee asseblief vir my 'n "torch!". Daar was 'n voorstel om vir ons "mynhelms" aan te skaf met 'n lig bo die voorkop om die ewige frustrasie van boeke-met-'n-flits-wegpak uit te skakel, maar daarvan het nie veel gekom nie.

Nog voor die instelling van die Voorgraadse afdeling soos ons dit nou ken, was die boeke, destyds genoem toonbankboeke, in Africana gehuisves. Soortgelyke prosedures is gevolg en boeke kon ook vanaf 'n halfuur voor sluitingstyd uitgeleen word, tot die volgende oggend. Studies het my verplig om Dinsdag en Donderdagaande tot 8.00nm te werk en op 'n koue wintersaand bevind ek my toe te midde van die malle geskarrel na Volkekundeboeke daar die take die volgende dag ingehandig moes word. Uiteindelik breek huistoegaan-tyd aan en so met die afgaan van die trappe warrel 'n meneer verby, billik ontstoke dat hy byna toegang geweier is. Terug na die boeke en nêrens, nêrens is sy bespreekte boek te vinde nie. Die klokkie het deurdringend aan die lui gegaan en Jaap was al reg om oor die dromme op die grondverdieping te klouter om die ligte af te skakel, en steeds duur die soektog voort. Uiteindelik, gevonden! Na 'n pynlike operasie om in drukskrif die besonderhede op die kaartjie aan te bring word dit selfvoldaan aan my oorhandig. Hoogs tevrede met homself.

"Adres en telefoonnommer asseblief meneer?" Doodse stilte. Skok en verbasing staan duidelik oor sy hele gesig geskryf. "Maar juffrou, ... ek sleep vas!"

INA VAN DER MERWE (Augustus 1976)

---

## DIE SOSIALE KLUB

Die pragtige "nuwe" teekamer van die Merensky-biblioteek het sy voorkoms te danke aan die laat nagtelike ywer van die Sosiale Klub. Seer voete, min geld, dae van soek en nog baie soortgelyke probleme wou kort-kort die poging tot verfraaiing van die teekamer kortwiek.

Uiteindelik is geskikte materiaal teen 'n redelike prys gevind. Die dames het self die maak van die gordyne en tafeldoekies onderneem. Vrolike blompotjies met bypassende asbakkies dra verder by om 'n vrolike atmosfeer te skep.

Warm aandetes het 'n werklikheid geword toe 'n oond sy verskyning in die kombuis gemaak het. Dit was sommer op 'n Vrydag "koekdag" toe die oond op 'n feestelike wyse met warm vleisrolletjies ingewy is.

Julie 1976

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## UIT DIE MIDDESTAD

Dit gebeur soms dat die oomblik wanneer jy begin afsluit om huis toe te gaan, daar nog iemand is wat gou-gou iets wil fotostateer of uitneem. Gewoonlik was daar dan ook niemand die vorige uur of twee nie. Veral op 'n Saterdagmiddag.

So het dit met my gebeur dat 'n gebruiker my so 'n Saterdagmiddag dan ook vra hoe laat ons Sondagoggende weer begin!

Hulpvaardigheid is die wagwoord. Ons moet help. Dadelik het ek begin dink. Ons leef mos in die tyd van die rekenaar. En as ons nie eens meer maan toe wil gaan nie omdat dit nie meer 'n uitdaging is nie, moet daar 'n manier wees om hierdie studente te help.

Ek het toe só gedink. Ons ontwerp 'n rekenaar wat die volgende moet kan doen: Hy moet alle boeke wat die biblioteek het, in onderwerpe geklassifiseer hê. Daarbenewens moet hierdie boeke in rang van belangrikheid georden word. Dit sal die saak vir die student soveel makliker maak. Verder moet hierdie boeke ook nie boeke in die ware sin van die woord wees nie: Veel eerder moet dit opsommings daarvan wees waarin die hoofmomente saamgevat word. Hierdie gegewens moet in die brein van die rekenaar gestoor word sodat dit by die druk van 'n knoppie dadelik leesbaar word op 'n skerm soortgelyk aan dié van 'n televisiestel. Die student kan dan vanuit sy eie huis met die biblioteek (met behulp van sy huishoudelike rekenaar) in verbinding tree. Hy druk dan die kodes van die betrokke onderwerp en siedaar!, al die inligting verskyn op sy skerm by die huis. Natuurlik is hierdie stelsels nie gebonde aan biblioteekure nie, wat dit vir studente moontlik maak om selfs Saterdagaande of Sondagmiddae hulle referate te doen.

En moenie vergeet nie: Alle take en referate wat al oor hierdie betrokke onderwerp ingehandig is, moet asseblief ook op hierdie manier beskikbaar gestel word!

Hierdie stelsel sal sy nadele ook hê. Dink maar net aan die klasgelde wat heelmoontlik weer sal verdubbel. Aan die ander kant sal hierdie "studente" dit ook nie agterkom nie, want die bedrae wat huidig aan fotostate spandeer word as gevolg van swak klasbywoning, beloop alreeds 'n aardige bedraggie.

Mens wonder of so 'n stelsel werklik, die studente tevrede sal stel. Dalk verwag hulle van mens op die ou end om 'n paar take oor 'n bepaalde onderwerp gereed te hou by die toonbank sodat hulle net hulle registrasienommers bo-aan en handtekenings onderaan kan plaas vir goedkeuring.

(Mei 1978)

• • •

## MEDIES

## KOM KUIER 'N DAG BY MEDIES

Om 'n dag se belewenis by die Mediese Biblioteek op papier neer te skryf, kan half moeilik wees, want elke dag het sy eendersheid - en sy andersheid.

Ons paadjie werk toe is anders as 'n gewone pad werk toe. Waar die Merensky-mense 'n stryd tussen busse, fietse, studente en skoliere beleef, is ons laaste tweehonderd meter werk toe - dit is nou vandat jy by die hospitaal se hek ingedraai het, een waarin jy óf die linnewa, óf die lykswa kan raakloop, en waar jy enige iets van bandiete tot 'n handvol rolstoelers op die reeds hobbelrige paadjie kan raakry as jy nog nie mooi wakker is nie. Gelukkig kom die helikopter nie padlangs nie, want anders moes ons dalk ook nog die paadjie met hom ook deel.

'n Dag se werksaamhede begin met die vorige dag se boeke wat weggepak moet word, en as Langenhoven sê dat 'n mens swaarkry met lekkerkry moet klaarkry, kan ons seker sê dat hier wegpak met regpak en regmaak geskied, want hier doen ons van die bodes tot die binders se werk, vir die minder ernstige bindkwessies, natuurlik.

'n Mens leer ook gou dat 'n dokter maar ook soms 'n klok hoor lui, en nie weet waar die bel hang nie - oftewel hy weet van die siekte, maar nie altyd hoe spel mens dit nie. Al het jy gevra "hoe spel mens dit?", weet jy later om alle moontlikhede rondom daardie spelling te ontgin, en dan is jy nog op die ou end oortuig dat die dokter sommer 'n kwaal na homself vernoem het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Soms is mens nogal verbaas oor die ooreenkomste wat literatuursoektogte hier met Dr Quincy van TV-faam se avonture openbaar, maar in die meeste gevalle was ons ŉ week of wat vóór Dr Quincy al aan't soek oor ŉ sekere kwaal of ŉ middel. Dit voel ten minste goed as jy weet waarvan die TV-dokter praat, of as hy ŉ slag die gebruiker voorgespring het, wat betref die soek van sekere inligting.

Ons het natuurlik ook ons eie orkes hier - iets waaraan TV se Tikkel-Tokkel ŉ hele program kan wy. Behalwe vir die drie telefone wat twee verskillende geluide maak, die plaaslyn tussen ons en Voorklinies, die telex en die verklikkerstelsel, is daar nog die verskeidenheid roeptoestelle of bleepers van die dokters, wat vir jou as personeellid beteken dat daar nou baie blitsig na ŉ telefoon gesoek gaan word. ŉ Simfonie? Aikôna - eerder ŉ kakofonie!

As die dag verby is, waarin jy niks kon doen wat jy eintlik beplan het nie, en die minute verander het in soektogte na inligting oor bedsere, Werdnig-Hofmann-sindroom, of verlore tydskrifte, en jy voetseer by die agterdeur uitstruikel, weet jy dat jy vandag, uit dit wat jy gesien en beleef het tog minstens eenmaal saggies dankie gesê het dat ek nog kan werk - en dat ek van so baie dinge so min weet.

Magriet Lee
Junie 1983

• • •

## 'N WEEK BY TIK- EN KAARTPRODUKSIE

Die Seksie Tik- en Kaartproduksie is die laaste skakel in ŉ langsame proses. Die Seksie neem die werk op van nadat die boeke ontsluit is. Vanuit die Seksie beland die kataloguskaarte in die katalogus.

Die Seksie tik die kataloguskaarte vanaf geskrewe velle soos deur die ontsluiters uiteengesit is. ŉ Groep van agt velle word op een gesamentlike bladsy getik.

Alvorens die bladsy gedupliseer word, gaan dit eers terug na die ontsluiters vir kontrole. Die Tiksters sorg dan dat sodra die bladsye weer terug ontvang word, alle foute netjies reggemaak word. Daar word dan weer eens gekontroleer om te verseker dat foute nie deurglip nie. Alle potloodmerke wat veranderings aandui word nou skoon gevee.

Die bladsye word nou gedupliseer op karton. Dupliseerwerk word aan die begin van die week gedoen. Die dupliseerwerk word gedoen op ŉ Xerox 1000 wat spesiaal verander is om aan te pas by die soort dupliseerwerk.

Daarna vertrek die bladsye na mnr Porter in die Bindery sodat dit gesny kan word in enkele kataloguskaarte en sorg hy dat daar gate in die kaarte geboor word vir die spiese in die katalogus.

Teen Dinsdag of Woensdag in die week ontvang die Seksie die kaarte terug met ŉ albekende roep van mnr Porter: "Kos is op die tâäfel!" Hierna val al sewe die tiksters weg om elk sy deel aan verwysings te tik. Dit vereis akkuraatheid met die eerste probeerslag want anders gaan die kataloguskaarte slordig vertoon in die katalogus.

Elke tikster moet, sodra sy die verwysings aan elke pakkie kaarte voltooi het, uitpak in ŉ kassie met verskillende vakkies vir takbiblioteke en ander biblioteke. Terselfdertyd hou sy haar oë oop vir ŉ fout wat sy dalk kon gemaak het. Hierna word twee of vier dames gevra om almal se kassie weer eens te kontroleer en uit te pak in meester-kassies. Nog is dit nie die einde van die kaarte nie. Sodra kontrole afgehandel is en uitgevangde foute herstel is, span die Tiksters nou saam vir voorsortering van die kaarte. Voorsortering is uiters belangrik. Daarsonder sal daar chaos by die katalogus heers. Die kaarte word in alfabetiese en sistematiese volgorde gerangskik, om sortering in die katalogus te vergemaklik.

Maandae-oggende vroeg-vroeg word die kaarte verdeel vir insortering in die katalogus. ŉ Tikster sorteer haar kaarte in; gaan dan na haar eie blok waarvoor sy alleen aanspreeklik is en kontroleer die kaarte soos deur iemand anders ingesorteer. Hierna word die kaarte dan in die katalogus laat sak.

Die hele proses met die kaarte verloop gewoonlik vlot, tog is daar so af en toe ŉ probleem wat onverwags kop uitsteek. So



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

kan die Xerox vir twee weke buite werking staan, of foute op kataloguskaarte eers na duplisering agtergekom word. Nog nooit was 'n probleem egter te groot om oorbrug te word nie.

Die algemene versorging van die kaarte is dus primêr die funksie van die Seksie. Dit is egter nie waar die pligte ophou nie.

Daar word dadelik gedink aan werk verbonde aan SAIBI. Saam met mej Coertze vervul die Seksie 'n belangrike rol in die hantering van kennisgewings aan SAIBI-lede.

Ook is die Seksie verantwoordelik vir die tikwerk van die vakbibliotekarisse. Mnr Peet van der Merwe is een van die Seksie se gereelde besoekers want waar sal hy nou nog iemand vind wat sy skrif kan lees!

Verder hanteer die Seksie ook 'n hoeveelheid spoedboeke daagliks wat opgeskryf, rugbeskryf en dadelik afgelewer word.

Soms gaan dit dol in die Seksie Tik- en Kaartproduksie, ander dae egter minder dol maar nooit verloop die dag sonder voorval nie. Tussen al haar addisionele take deur moet mev A von Backström die wiele van die Seksie aan die rol hou. Samewerking tussen lede van die Seksie is egter 'n belangrike faktor in die vlot verloop van sake.

ESTHER MüLLER
Februarie 1980

---

## AANVAL OP IBL

Sedert Novembermaand is Inter se linies drasties verswak. Dit was die seisoen van eksamens, vakansies en bedankings: toestande gunstig vir die vyand! Spanning laai op langs die grense. IBL word gebombardeer met aanvraagvorms. Versterkings word vanuit die Laergrondvlak ingeroep. Met groot durf en moed takel mev Tertia Kilian die uitdaging en die senuspanning word effens verlig. Die bondgenootskap word aan die einde van Desember weens eksterne faktore verbreek. Tertia moes haar onttrek uit die stryd. IBL gryp nou na strooihalmpies. Met groot blydskap word mev Antoinette van Rensburg in die geledere verwelkom. Die vreugde was egter van korte duur. Slegs vier dae was hierdie stryder aan ons sy toe sy wreed opgeruk word na 'n hoër vlak.

Nou verg dit fyn beplanning: hoe om die beste wyse van die bestaande vrouekrag gebruik te maak. Elkeen kry 'n taak om te verrig. Hierdie taak moet elke dag uitgevoer word, al is die opoffering hoe groot! Die dames is bedrywig soos miere voor die groot reën. Merensky-biblioteek word gepatroleer, dag en nag is hulle te bespied op die verskillende verdiepings. Elke vakgebied word leer ken en van alle kante bespied. Simpatieke ondersteuning word verkry van die derde verdieping - blykbaar was die 4 dae genoeg om 'n blywende indruk op Antoinette te maak! Die stryd word feller, die atmosfeer drukkend en benoud, dit voel asof chaos enige oomblik gaan losbars.

Skielik is daar nuwe hoop: Ansie! Nou wend ons 'n laaste desperate poging aan. Woensdag is D-dag. Na Woensdag sal IBL óf die oorwinningslied sing óf verpletter wees. IBL se vyf huurlinge gryp die oormag van 500 aan. Voete hardloop, hande soek, masjiene raas. Hoera, die stryd is gewen! Nou moet net die moeë liggame herstel en ons dank aan ons bondgenote uitgespreek word. Ons hoop dat die uitgaande pos van die volgende dag net soveel as die blomme van 19 Januarie gehelp het om 'n goeie beeld van die Merensky-biblioteek na buite te verseker.

..... maar die aanvrae snel aan, die spanning laai op en ons bondgenoot Ansie word onttrek want dit is die seisoen van siektes .....

'n Noodkreet klink deur die lug .... is dit die doodskoot?

Jan 1977

---

## BEPLANNINGS- EN ONTWIKKELINGSDIENSTE ONS VERJAAR!

Op 1 September 1978 was die Afdeling Beplannings- en Ontwikkelingsdienste drie jaar oud. Mnr Rolf Tönsing het 'n pragtige verjaarsdagkoek opgetower en die personeel en enkele oud-personeellede van die Afdeling het die geleentheid feestelik gevier.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die Afdeling het op 1 September 1975 tot stand gekom met die aanstelling van mnr H de Bruin as Adjunk-Direkteur belas met die beplanning en ontwikkeling van die Biblioteekdiens. Op sy geboortedag was die Afdeling egter onbeman omdat die eerste en enigste personeellid as takskakelbeampte van die SABV Amerikaanse besoekers onder die USSALEP-skema na die Wes-Rand moes vergesel.

Beplanning was aanvanklik sinoniem met opruiming want die Afdeling is belas met die groot taak om die departementele boekerye, wat in totaal sowat 30 000 band omvat het, in die Merensky-biblioteek te sentraliseer. Dit was ŉ reuse taak wat met veel stryd en fisiese inspanning gepaard gegaan het.

Die beplanning van die Biblioteekdiens se fisiese akkommodasie is ŉ aspek waaraan die Afdeling voortdurend moet aandag skenk, en dit nie sonder hoofbrekens nie.

Met die vernuwing van die Veeartsenykunde-takbiblioteek te Onderstepoort het ons ons misreken met die grootte van die ingang agter die toonbank. By die MacFadyen-biblioteek moes die fotokopieermasjien bo-oor ŉ trapreling getel word om in sy posisie geplaas te word, terwyl by BMW die deur van die fotokopieerlokaal nie ŉ fotokopieermasjien kon "akkommodeer" nie. Maar, nou ja, so leer ŉ mens!

Ten einde sy opdragte uit te voer moet die Afdeling dikwels gebruik maak van opnames van allerlei aard, byvoorbeeld oor die inligtingsbehoeftes van en literatuurvoorsiening aan institute, die inligtingsbehoeftes van teologiese studente, die behoefte aan eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste, ensovoorts. Opnames wat aan die Afdeling se personeel goeie oefening verskaf het was die van sitplekbesetting en -benutting. Die Merensky-biblioteek is etlike kere per dag van hoek tot kant deurkruis en wat die studente betref is ons waarskynlik gemerkte mense - "een van dié wat vraelyste uitdeel".

Ander sake waaraan die Afdeling aandag gegee het of gee is die verklikkerstelsel, statistiekhouding in die Biblioteekdiens, die lêerstelsel, rakbesetting, inligtingsdienste en langtermyn strategiese beplanning.

Die Afdeling is min of meer uniek in die Suid-Afrikaanse biblioteekgeskiedenis in die sin dat daar tans geen ander Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek is wat oor ŉ soortgelyke diens beskik nie. (UNISA se Biblioteekdiens het wel ŉ eenmansafdeling vir navorsing en ontwikkeling). Ons is hopelik nie voorbarig nie as ons beweer dat die Afdeling se werksaamhede gedurende die afgelope drie jaar veel bygedra het tot die sinvolle beplanning en ontwikkeling van die UP-Biblioteekdiens.

September 1978

---

## BOEKBESTELLINGS

Soos die woord hierbo aandui is dit ook waarmee ons hier in die bestelafdeling te doen het, en wil ek byna sê sommer by die massas mee te doen kry. Die jaar spoed vinnig voort maar ons hieronder op laer grond hou darem nog by te midde van al die besitkontrole, rondstaan by ons "geliefde katalogus", rondblaai in al die bibliografieë en praat nie van die nakom van ons DOBIS-beurte en dan is daar nog DOBIS-toetse wat ons moet slaag, alles so tussen-deur. Vergeet ook nie die opsigboeke wat instroom by die dosyne nie.

So ŉ rukkie terug het daar ook weer eens ŉ algehele verskuiwing in die Bestelafdeling plaasgevind, waarna almal saamgestem het dat dit steeds ŉ verbetering was en ons hele afdeling sommer spanne beter daar uitsien. Vir iemand soos mev Rautenbach sal dit seker ŉ groot verrassing wees om uit te vind wanneer sy terugkom dat sy nou ŉ nuwe hoekie gekry het. Ons beny haar daar waar sy rondloop en ook selfs rondry al is dit op ou Langore se rug op al die sonnige Griekse eilande en hoop en vertrou dat sy heerlik verkwik en veilig sal arriveer in Suid-Afrika.

Vir almal wat "swot" in ons afdeling ŉ baie spesiale woordjie van sterkte met die dubbele deel wat julle moet dra. Ons hou almal duime vas vir al die take, toetse asook die eksamens om die draai. Baie sterkte ook aan mev Nel wat weer eersdaags in haar folterkamertjie baie ure sal moet deurbring met die opstel van die handleiding vir die rekenarisering wat soos ŉ groot monster op bestelafdeling afstorm. Wees verseker ons ander sal die fort hou!!!

HULDA FRITZ
Mei 1981

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 'N DAG IN DIE LEWE VAN 'N VAKBIBLIOTEKARIS

Indien jy nie geseën is met ŉ jong nuuskierige entomoloog-in-wording vir ŉ seun nie én indien hy nie ŉ molkriek in ŉ potplant in die huis se grond ŉ tuiste laat vind het nie én indien die molkriek nie met sy deurdringende en oorverdowende gekriek wat die hedendaagse kriektelefone na ŉ fluistering laat klink, begin wanneer jy in die bed klim nie én indien jy dadelik besluit om hom met ŉ lepel uit sy vesting te grawe en nie eers 2 uur in die oggend op dié plan besluit nie nadat alle pogings soos ŉ gekap aan die pot - waardeur die pot ŉ kraak opgedoen het - en ŉ oormaat van water - met die gevolge wat daarmee gepaardgaan - hopeloos geblyk het, het jy ŉ goeie kans om uitgerus en vol lewenslus vir alles wat voorlê die oggend die biblioteek binne te stap.

As jy gelukkig is, sal die student wat so te sê verwag jy moet sy studie (waarvoor jý al die bronne opgesoek het, "want (hy) weet (jy) het hom al probeer touwysmaak, maar (hy) is mos maar dom en begryp nie hoe (ons) ingewikkelde stelsel in mekaar steek nie") vir hom skryf, tik en bind jou nie by die deur inwag nie. Hy sal jou kans gee - o, hy is baie geduldig - om jou baadjie uit te trek, jou agter jou lessenaar tuis te maak, daardie verslag wat verlede week al op die baas se lessenaar moes wees, uit te haal - o, hy is só geduldig - hy sal jou toelaat om jou weer in die gees van die verslag in te werk, hy sal jou daaroor laat dink, hy sal jou jou pen laat oopskroef en begin skryf - hy is o, só geduldig -, maar hy sal jou nie toelaat om daardie sin te voltooi nie voor hy ewe skielik voor jou verskyn, kug en sê: "Verskoon my asseblief ...?"

As die geluk aan jou kant is, het hy uitstel vir sy werkstuk gekry en is jy dalk vir ŉ week gespaar.

En as jy so uitgespaar is, sal jy, as die telefoon jou nie onderbreek nie, - dis dikwels een of ander dame wat wil hê jy moet haar blokkiesraaisel vir haar voltooi - tussen die voltooi en kontroleer van vorms, die hou van statistiek, die nagaan van duplikaatlyste, die aandag aan skenkings en brosjures, die reël van uitstallings, die gesoek na vermiste boeke, die geskryf van stukke vir Biblikasie en vergaderings deur, jou verslag voltooi.

En as jy báie, báie gelukkig is, sal jy nog kans kry om of aan ŉ bibliografie vir ŉ navorser te werk, of om boeke of tydskrifte te bestel, of om ŉ afspraak met een van jou departemente te maak, of om aandag te skenk aan die reservering van studiemateriaal, of aán die rakspasie wat dreigend krimp.

As jy aan meer as een van die sake op een dag aandag kon skenk, sal jy genoeg rede hê om wanneer jy hier uitstap te kan sê: "Dit was ŉ goeie dag."

PEET VAN DER MERWE
Januarie 1980

## ... EN 'N ASSISTENT

Van een ding kan ŉ vakbibliotekarisassistent deeglik getuig - jou werksdag is alles behalwe vervelig. Vanaf die oomblik dat jy soggens agter jou lessenaar gaan sit (soms is dit jou nie eens beskore nie) kan enige iets gebeur.

Jy besluit om daardie hoop tydskrifinhoudsopgawes maar vroeg te gaan fotostateer, deels om werksoppervlak vir die dag skoon te skoffel, deels omdat jy dan nog min kompetisie by die fotostaatmasjiene sal hê.

Jy is nog besig om die laaste trappie te probeer raaktrap met die stapel fotostate wat so raak-raak aan jou neus, dan sien jy reeds die gebruiker, wat om die minste te sê hulpeloos lyk, ronddraai in die omgewing van jou tafel. Hy lyk aansienlik verlig as jy met ŉ glimlag jou dienste aanbied, maar dan word die alomgevreesde woorde gespreek: "Ek het die korrekte klasnommer en volgens toonbank is die boek nie uitgeneem nie, maar op die rak kry ek hom ook nie." Dadelik flits die moontlikhede deur jou gedagte - die pakkamer, voorgraads, studieselle, ingebruik of selfs vermis? Die voorgraadse lys lewer niks op nie, dan maar die pakkamer. Jy begin by die boonste rak (logies?!) - en op die heel onderste een - siedaar, die verlore boek! So ŉ fonds máák beslis ŉ mens se dag.

Na tee stap jy na jou tydskrifrakke om iets te gaan haal en snak na jou asem. Dit lyk of ŉ orkaan die tydskrifte getref het - die studente se taak moet seker vandag of môre ingehandig word. Nou ja, om orde te skep word later tweede natuur.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die gebruiker wat na middagete op jou afpyl, lyk doelgerig en gedetermineerd. Asof dit die heel natuurlikste ding in die wêreld is, vra hy dat jy moet vasstel waar Suid-Afrika se huiskatte hulle oorsprong gehad het. Optimisties redeneer jy dat aangesien navrae oor narkolepsie en oliepypleidingsnetwerke al in die verlede hier bevredigend beantwoord is, huiskatte beslis nie probleme behoort op te lewer nie.

Die telefoon lui en ŉ onsekere stem vra om met meneer Poggenpoel te praat. Hy is van gemiddelde lengte met bruin oë en hare en sit waarskynlik op die tweede vloer. Dit is dringend. Benoud kyk jy rond en besluit om op die ry af te vra. Soos jy aankom skud die koppe in stille ontkenning en moedeloos en uitasem keer jy terug met jou teleurstellende boodskap.

Na ete wag daardie voorgraadse lys op die lessenaar. Sowat veertig boeke moet in die katalogus gekontroleer word. Teen teetyd het die geykte volgorde van die alfabet vir jou reeds aansienlik vervaag weens druk gebruik, maar ŉ voltooide taak het tog sy eie beloning.

Wanneer ŉ gebruiker die middag sy bibliografie waaraan jy en jou vakbibliotekaris so intensief gewerk het, kan afhaal en hy sê dat omtrent alles daarin vir hom van nut sal wees, voel ŉ mens darem trots en nuttig.

Vir elkeen van die teleurstellings en frustrasies wat die dag oplewer, is daar ook ŉ glimlag, ŉ grappie en sukses. Dit alles bring mee dat die taak van die vakbibliotekarisassistent seker een van die interessantste in die biblioteek is.

Zani Swart en Hannelie Swanepoel
Januarie 1980

---

INLIGTING EN KATALOGUSADVIES

AFDELING INLIGTING EN KATASTROFES

Met die koms van die studente gedurende Februarie het die dienspunt by Inligting en katalogusadvies weer lewe gekry en gedurende die jaar was daar verskeie "hoogtepunte".

Eerstens het alle eerstejaars gesoek na die "fotokopieë, die photostats", ligafdrukke, lugafdrukke en bloudrukke". Die katalogus het spoedig verander na "die dinges, die laaitjies, daai kas daar anderkant". Die Repertorium vir tydskrifartikels verander na die "Lekborium". Na Meimaand was daar ŉ lewendige belangstelling in die mikrofiche en terminaal (slegs vanaf die kant van die mansstudente). Verskeie bespiegelings word gehoor: "wat sou dit nou wees?, die ding is "ingeplug" by die "computer", dis ŉ rekenaar." Ook het bogenoemde apparate tot groot verontwaardiging gelei: "mev, nou het die studente eers baie werk, ons moet nou alles in die katalogus opsoek en op dié ding ook". Mevrou was ook stom van verbasing oor die volgende uitlating van iemand doenig by die mikrofiche. "Hoekom, hoekom is die boeke nou volgens die skrywer en die titel gerangskik, ek het nog altyd al my boeke gekry deur volgens die registernommer te soek."

Daar was ook navrae soos: "op watter vloer is die beddens wat spesiaal vir studente beskikbaar gestel is?" September het nog ŉ verrassing opgelewer. ŉ Boek is deur ŉ student gesoek. Die naam van die 2 skrywers was Englewood Cliffs en Prentice-Hall. Na ŉ verduideliking en hulp by die katalogus kom dieselfde student na ŉ rukkie terug: "ek het sommer self onder die naam en die 3de skrywer ook gekyk, maar ek kry die boek nie." Die naam van die 3de skrywer: mede-out! Na die episode voel ek dat ek ook die bed "spesiaal vir studente" moet gaan soek. By dié dienspunt moet ŉ mens voorbereid wees op enigiets. Versoeke en gesprekke wissel van die een uiterste na die ander. Terwyl ek ŉ nagraadse student help, hoor ek die volgende woorde "h'mm jy ruik lekker, jy ruik nes my meisie." (gebruik ons dalk dieselfde parfuum?) ŉ Paar dae later die volgende woorde uit die mond van ŉ (eerstejaar) student "aangesien jy niks doen nie, wys my waar word die atlasse gebêre." Nou ja, wie het gepraat van "never a dull moment".

Mara Grobbelaar
Nov/Des 1980

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## LEENDIENSTE

## TOONBANKLEWE DEUR 1980

Weer eens die ongeloof op elke gesig wanneer daar teruggedink word aan die (amper) afgelope jaar. Nog 'n jaar verby! Onwillekeurig dink 'n mens terug aan al die dingetjies wat hierdie jaar volgemaak het.

In die vroeë 1980 was daar natuurlik die honderde nuwe gesiggies wat die lang vakansiestilte kom verbreek het. Nuuskierige eerstejaarsoë wat ons versigtig beloer. Half pessimisties loer ons dan maar terug en wonder stilletjies hoeveel van hulle die oorsaak van frustrerend/-vrugtelose aanmanings gaan wees. Sê liewer, ons staan vriendelik dog skerp-versigtig teenoor hulle, met ander woorde ons ontwikkel 'n spesiale toonbanksintuig.

Intussen was daar heelwat klein dingetjies wat toonbanklewe opgehelder het: dankbare oë wanneer jy 'n verlore sleutel oorhandig, 'n nuutgevonde vermiste boek, 'n onskuldige verklikkersondebok en vele meer. Namate die verskillende geure, kleure en smake hier verby beweeg, ontlok later slegs 'n verstommende Bo Derek-kapsel of blikkerige, raserige klokke om die nek of 'n onpaar skoene reaksie onder die toonbankgeledere.

Toonbanklewe brei 'n mens se mensekennis geweldig uit. Jy leer naderhand dat 'n rekening vir (verlore?) boeke blitsvinnig reaksie by 'n arm student ontlok (so ook 'n onverwagse, formele oproep aan ma en/of sondebok). Die verskillende maniere waarop hierdie boeke by ons terugland, is natuurlik legio!

Navrae wissel van uiters intelligent tot verrassend snaaks na algemeen vervelig. Hoekom is die biblioteek gesluit op Sondae? Gewoonlik, so gemiddeld tien telefoonnavrae elke Saterdag om te hoor hoe laat ons sluit. Dan is daar darem weer 'n oplewing in hierdie saaiheid. Twee pare tienjarige ogies loer oor die toonbank: "Tannie! Tannie, kan tannie vir ons sê waar die boeke oor uile is?" Heelwat later vind jy uit dat hierdie belangrike inligting benodig word vir 'n geheime bendeboek.

Toonbanklewe beteken ook nie net die uitreiking en terugontvang van boeke nie. Marie Schoeman se blitsige optrede die dag toe 'n jong dame bleek naderstaan en dreig om flou te word. Ek meen, wie sou nou so vindingryk kon wees om vinnig te gaan raad vra by die kampusdokter en net so vinnig terug te keer met 'n rolstoel en Merensky-baadjie bollend agterna. Die gesigsuitdrukkings van die starende studente....

Nou, in die doodsnikke van die jaar, betree ons so half en half 'n nuwe era. Ons eie rekenaarstelsel, naamlik die DOBIS/LIBIS alias Marie-Mnr-Otto-kombinasie, is stadig maar seker in wording.

Nov/Des 1980.

•••

## EENS OP 'N DAG HET TYDSKRIFTE GESKUIF ....

Dit was 'n gewone dag - so in die middel van die week. Die tydskrifte is weggeneem, die pos het aangekom en is al oopgemaak - alle tekens dat hierdie dag soos enige ander sal verloop. Totdat ons besef het dat Anne darem lank na die planne van die afdeling staar .... arms swaai, vinger beduie soos 'n Cecil John Rhodes van ouds - net, sy het nie na die resiesbaan gewys nie, maar al in die rondte van die een kardeks na die ander.

Een wat haar nuuskierigheid nie meer kan bedwing nie, vra uiteindelik: "Anne, wat gaan ons doen? Gaan ons trek?" "Ja, my poppie, ons gaan trek." "Wanneer gaan die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

groot dag aanbreek, Anne?" "Sommer nou, my poppie."

Wel, dit was 'n gewerskaf, skaars het die een tafel geskuif, of die planne is geraadpleeg om vas te stel wat met die volgende gaan gebeur. Rakke is verskuif, gebinde bande is afgepak, tydskrifte verduister, elkeen het dit geniet tot op 'n punt, sommige selfs meer as ander, maar daar kom altyd 'n tyd met so 'n geskuiwery dat elkeen besef dat hy nou net een groot begeerte het - hy wens al sy goed is op hulle plek - dat die getrekkery nou al op 'n end is, en dat hy soos 'n normale mens van die een kant na die ander kan beweeg - sonder om onderdeur tafels te wil kruip, bo oor te seil of deur Bestelafdeling te sluip net om by ons eie telefoon uit te kom.

Maar kom maak maar so 'n ou draaitjie in ons afdeling - as jy daar kan uitkom - en kyk of dit nie 'n groot verbetering is nie. Ons kan gewis sê: Eens op 'n dag het tydskrifte geskuif - so 'n stil, rustige dag.

Rentia Pretorius
Sept 1980

---


TYDSKRIFADMINISTRASIE

HERORGANISASIE VAN DIE KELDER

Die kelder word met groot bedrywigheid herorganiseer.

Dieselfde indeling as wat by die onderskeie vakversamelings gebruik word, sal ook in die kelder toegepas word, nl sistematies volgens vakkodenommer, en dan daarbinne alfabeties volgens titel.

Feb 1979






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# EIND GOED... ALLES GOED!

Dit is haas onmoontlik om jou mond oop te maak sonder om 'n spreekwoord te gebruik. Sommige spreekwoorde in Afrikaans is uit ons eie bodem gebore en andere het ons oorgeërf. Om 'n taal se spreekwoorde te ken en te waardeer, moet jy 'n spreker van die taal wees, anders gaan dit met jou soos met die Amerikaner wat na 'n besoek aan Suid-Afrika gesê het dat hy nie weet waarom elke hond in Suid-Afrika se naam "Voertsek" is nie.

"Alles sal regkom" is 'n doodgewone Afrikaanse sin. President Brand van die Republiek van die Oranje-Vrystaat het dit so dikwels gebruik dat dit 'n stertjie bygekry het en nou sê ons: "Alles sal regkom sê Jan Brand." F W Reitz het 'n rympie hieroor gemaak:-

"Alles sal regkom, sê Jan Brand
Alles sal regkom, sê Jan Brand
Die koffie is klaar
en die koekies is gaar
en alles sal regkom, sê Jan Brand"

Aan baie van ons spreekwoorde is 'n storie gekoppel. As iemand by ons staan en neul oor iets wat hy wil hê, koop of ruil, en elke keer sy eise hoër stel, sê ons: "Probeer die ander oor", of "Probeer die halfkroon se oor." Die vaderskap van hierdie spreekwoord, word aan president Paul Kruger toegeskryf. 'n Kleinkind het by die ou President 'n halfkroon gevra. Oom Paul sê toe: "Oupa kan nie so goed met hierdie oor hoor nie." Die knapie is ook toe nie links nie en vra vyf sjielings. Oom Paul sê toe: "My seun probeer maar weer die halfkroon se oor."

Spreekwoorde wat al deel van Afrikaans geword het, is uit Nederlands oorgeneem. Soos: "blaffende honde byt nie"; "gedane sake het g'n keer" en "haas jou langsaam." "'n Riem onder die hart" het ons uit die Nederlandse seemanstaal oorgeneem, so ook "dit gaan voor die wind."

Nog 'n spreekwoord waaraan 'n staaltjie gekoppel is, is die waarskuwing wat aan 'n grootprater gerig word. naamlik "Sak Sarel". Sarel het baie grootgepraat en pa wou hom dit afleer. Op 'n goeie dag gaan stap Sarel en sy pa. Hy vertel dat hy hoër as die kerk kan spring. Sy pa sê toe: "Sarel vorentoe is 'n brug, elke grootprater wat daaroor loop, breek sy been, nou moet jy oppas." 'n Endjie verder begin Sarel weer; nou sê hy hy kan oor 'n huis spring. Pa sê net: "Sak Sarel." Nog 'n endjie verder sê Sarel hy kan maklik oor 'n hoë doringdraadheining spring. Pa sê net: "Sak Sarel." Skielik is hulle by die brug en toe sê Sarel dat hy net twee voet hoog kan spring.

Ons ouer geslagte het baie nou saamgeleef met die Bybel. As gevolg daarvan het talle spreekwoorde uit die Bybel ons spreekwoordeskat binnegedring. Ons praat nog altyd van "pêrels vir die varke gooi", "'n steen des aanstoots", "'n barmhartige Samaritaan" en die "klein jakkalsies wat die wingerd verniel." Ons vermaan nog steeds oorhaastige mense met die woorde: "Stadig! Hef aan lê nog voor." Hierdie spreekwoord het ontstaan as gevolg van 'n probleem wat ons voorouers gehad het met die sing van Gesang 2. Die gesang het 'n vangplek in sy wysie gehad. Die eerste helfte word taamlik laag gesing, maar in die middel word dit baie hoog. By die sin: "Hef aan, hef aan roem sy gena" was die wysie baie hoog. As jy nie laag genoeg ingesit het nie, kom jy nie die hoë note by nie en daar kom hierdie spreekwoord vandaan.

'n Spreekwoord op rym verskaf groot vreugde. As die rymding 'n groot waarheid bevat, of met 'n sondaar spot, of sommer net vir die lekker 'n sê sê, hoe vreugdevol lê dit dan nie op jou oor nie. Luister net:

Gekke en dwase
Skryf hul name
Op deure en glase

Finkel en koljander
die een is soos die ander



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

As die wyn is in die man
Is die wysheid in die kan

Die een se dood
is die ander se brood

Die spreekwoord bewaar die wysheid en ervaring van die ganse mensdom deur die eeue. Hoe treffend is hierdie stukkie Boerewysheid: "Die bui van 'n kwaai huisvrou is nes onweer voor ontbyt, dis albei gou verby." Die volgende waarneming kom in vele tale voor: "As jy iets goed wil doen, doen dit self. Selfs ons nederige pap lewer 'n les: "As dit pap reën, moet jy skep."

As jou buurman uithang met sy nuwe rykdom op so 'n manier dat jy jou begeertes skaars in toom kan hou, dan sê jy: "Die derde geslag sal weer moue oprol." Dit klink na suur druiwe maar dit is waar.

'n Laaste storie wat aan 'n spreekwoord gekoppel is: Vroeër dae is daar gepraat van iets wat "blink soos 'n nuwe sikspens." Hoe ons dit nou in desimale munt sal uitdruk, is 'n ope vraag, maar daar is 'n heerlike storie daaraan verbonde. Die volksvertelling lui dat 'n baie ryk en spoggerige vryersklong op 'n Saterdagmiddag by sy uitverkore meisie aangekom het. Hy klop, sy maak oop en die storie verloop toe verder so: hy trek sy jas uit en hang dit aan die kapstok op terwyl hy sê: "Hang daar jou tien pond se jas." Die hoed word opgehang met dié woorde: Hang daar jou vyf pond se hoed." Vir sy wandelstok met die mooi silwer handvatsel sê hy: "Staan daar jou drie pond se kierie." Die nooi kon dit net nie meer uithou nie en sê toe aan die man: "Sit daar jou blink nuwe sikspens."

Met hierdie storie sluit ek af. Ek het net een versoek: luister na die oneindige skat van wysheid en skoonheid wat in ons spreekwoorde verskuil lê.

Groete
Jo Breed
KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

<u>Met erkenning aan:</u>

COETZEE, Abel. Ons sêgoed. <u>Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal. Jrg. 39, Afl 3, September 1983.</u>

# *FLUIT, FLUIT,*

# *ONS STORIE*

# *IS UIT!*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



INGEBRUIKNEMING VAN VEEARTSENYKUNDE-BIBLIOTEEK (1981)

VAN LINKS NA REGS: Prof CFB Hofmeyr mev Erica van der Westhuizen, prof DM Joubert, prof ED Gerryts

BEPLANNING VERJAAR ! (1978)



AGTER: Mevv M Lang, J van Wyk, mnr R Tönsing, mev I Koekemoer, mej M Nortjé

VOOR: Mev J Cilliers, mnr H de Bruin (nou dr. H de Bruin), mev L Erasmus



DIE ALOMBEKENDE EN GELIEFDE HAAN ONDER DIE HENNE !

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VAN KAARTKATALOGUS (1957) ...





NA REKENARISERING (SABINET 1983)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# MEER AS EEN EN TWINTIG JAAR DIENS !



AGTER: Mnre WSH Porter, DJ Hughes, T du Toit
VOOR : Mej SS Möller, mej AM van Zijl, mev MSJ Viviers



EENVORMIGE KLEREDRAG !

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

**Biblioteekdiens**

# BIBLIKASIE

JULIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## INHOUDSOPGAWE


DIE EERSTE Sê ........................................ 1

REDAKSIONEEL ........................................ 3

BIBLIKASIE ........................................ 4

OORTREE U DALK DIE OUTEURSREGWET ? ....... 4

WAT IS SABINET ? ........................................ 5

PROBLEME RONDOM STUDIEHOKKIES ............. 6

DRIE HOERAS AAN ALLE SEKRETARESSES ! ..... 6

IN EN OM MERENSKY ........................................ 7

JACOB HENDRIK PIERNEEF ........................... 7

VERJAARSDAE ........................................ 8

OP REIS MET ANTON PIECK ........................... 9

EN SO VERTEL ... ........................................ 10

BIBFLITSE ........................................ 11

TWEE RESEPTE VIR DAARDIE KOUE AANDE ... 12

TREFFERS ........................................ 13


oooOooo

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# DIE EERSTE Sê

## DIE ONTSTAAN VAN 'N BEROEPSVERENIGING : S A I B I

1928 EN 1978 - BEGINPUNT EN KEERPUNT?

Vyftig jaar gelede, op 15 tot 17 November 1928, is die eerste Suid-Afrikaanse Biblioteekkonferensie te Bloemfontein gehou. Hierdie konferensie was vir die ontwikkeling van die biblioteekberoep in Suid-Afrika van besondere belang en dit is gepas dat die SABV-konferensie, wat vanjaar van 11 tot 15 September in Johannesburg gehou word, hierdie merkwaardige gebeurtenis in herinnering roep.

As ons let op die posisie van die bibliotekaris teen 1928, is inderdaad groot vordering gemaak. Trouens, van 'n georganiseerde biblioteekberoep was daar destyds geen sprake nie. Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het twee jaar later eers tot stand gekom en dit is aan 'n besondere sameloop van omstandighede te danke dat 'n eerste biblioteekkonferensie inderdaad gehou kon word.

In 1880 het een van Amerika se rykste nywerheidsmagnate begin om in Amerika en elders enorme bedrae te bestee ter bevordering van kulturele en maatskaplike sake. Verskeie stigtings en fondse is met die oog daarop in die lewe geroep en die grootste daarvan was die Carnegie Corporation of New York wat in 1911 tot stand gebring is. Volgens die stigtingsakte moet 'n deel van die Korporasie se jaarlikse inkomste van ongeveer R6 miljoen bestee word aan projekte in die Britse Gemenebes wat destyds ook die Unie van Suid-Afrika ingesluit het.

In 1927 het die President en Sekretaris van die Korporasie 'n verkenningsreis onderneem. Wat die Unie van Suid-Afrika betref, het hulle tot die slotsom gekom dat veral twee sake ernstige aandag verdien, naamlik eerstens, die toenemende verarming van 'n buitengewone hoë persentasie van die blanke bevolking en tweedens, die uiters treurige posisie van die land se biblioteke. Wat laasgenoemde betref, het die Carnegie-korporasie besluit om biblioteektoestande in Suid-Afrika deur twee bibliotekarisse; 'n Amerikaner (mnr H J Ferguson, Staatsbibliotekaris van California) en 'n Skot (mnr S A Pitt, Hoof van die Openbare Biblioteek van Glasgow) te laat ondersoek. Na 'n besoek van ongeveer 3 maande aan ons land is die twee here se reis afgesluit met die geskiedkundige eerste biblioteekkonferensie in November 1928.

In die lig van die beskrywingspunte insake professionalisering en opleiding wat voor die komende konferensie sal dien, is die bevindinge van die here Ferguson en Pitt insiggewend. Hulle was onder andere uiters verbaas en ongelukkig oor die besondere gesagsposisie van biblioteekkomitees by feitlik alle Suid-Afrikaanse biblioteke. Wat openbare biblioteke betref, het dit saamgehang met die feit dat hierdie biblioteke in daardie stadium deur ledegelde gefinansier is en dat die biblioteek dus inderdaad as die eiendom van die groep lede beskou is. Die bestuur wat uit lede gekies is, was verantwoordelik vir alle aspekte van die biblioteek se administrasie. Dikwels is daar dan klerklike hulp met die heel ontoepaslike titel van "bibliotekaris" aangestel. Die koppeling van hierdie benaming aan iemand sonder enige beroepskwalifikasies en met 'n uiters gebrekkige skoolagtergrond het die erkenning van die professionele bibliotekaris as 'n beroepsmens in die jare wat sou volg, aansienlik gestrem.

Volgens Pitt het die bibliotekaris van die Universiteit van Kaapstad selfs oor die seleksie en aanskaf van boeke geen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

seggenskap gehad nie. Lede van biblioteekkomitees het as leke gemeen dat hulle alles van biblioteke af weet en het geen rede gesien waarom enige leek nie die werk van 'n bibliotekaris kon doen nie. Al wat van die "bibliotekaris" verwag is, is om die opdragte van die komitee getrou uit te voer. Pitt en Ferguson meld albei dat hulle tydens onderhoude oor biblioteeksake weinig met die bibliotekarisse self te doen gekry het. Trouens, volgens Ferguson was die bibliotekaris se enigste funksie dikwels slegs om tee en verversings te bedien!

Onder bogenoemde omstandighede kon daar van 'n vereniging vir bibliotekarisse nie sprake wees nie. Trouens, op die eerste biblioteekkonferensie van 15, 16 en 17 November 1928 was slegs tien van die agt-en-sewentig biblioteekverteenwoordigers bibliotekarisse! Dit was duidelik dat die situasie slegs sou verbeter indien voorsiening vir die opleiding van bibliotekarisse gemaak kon word. Ongelukkig is Ferguson se aanbeveling dat 'n groot biblioteek of universiteit in hierdie verband die voortou moes neem nie deur die Konferensie aanvaar nie. Daar is besluit op die Britse stelsel van 'n leerlingskap aangevul deur eksamens behartig deur 'n eventuele Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.

Vir meer as drie dekades het die SABV 'n belangrike rol in die opleiding van bibliotekarisse gespeel. In 1962 het die Vereniging sy opleiding ten volle aan die Universiteit van Suid-Afrika oorgedra en sedertdien word die opleiding van bibliotekarisse uitsluitlik deur universiteite behartig.

Prof E D Gerryts
Julie 1978

* * * * * * * * *

Dit is onder andere aan SABV te danke dat die stadium bereik is dat op die komende konferensie besluit moet word oor die skepping van een professionele organisasie om die belange van die biblioteek- en inligtingsberoep in Suid-Afrika te behartig.

Tot dusver kon enige persoon wat enigsins in die biblioteekberoep geïnteresseerd is (om watter rede ookal) as lid van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging op 'n konferensie (as die hoogste beleidmakende liggaam) op gelyke vlak met die gekwalifiseerde bibliotekaris sy stem uitbring oor sake wat vir die bibliotekaris en sy beroep van kardinale belang is. Met die beoogde professionele organisasie word gepoog om te verseker dat die professionele bibliotekaris voortaan self oor sy eie beroepsaangeleenthede sal besluit. Met die oog daarop sal slegs persone wat aan die vereistes vir professionele lidmaatskap voldoen, by die voorgestelde professionele organisasie kan aansluit. Daardeur word dit vir die professionele bibliotekarisse van die verskillende bevolkingsgroepe moontlik gemaak om by dieselfde professionele liggaam aan te sluit en om gesamentlik in belang van die biblioteekberoep in Suid-Afrika op te tree.

Die totstandbrenging van genoemde professionele organisasie mag egter nie meebring dat die groot aantal nie-professionele bibliotekarisse en ander biblioteekpersoneellede haweloos gelaat word nie. Daar is telkens met groot waardering gewag gemaak van die uiters belangrike rol wat genoemde persone in ons biblioteekwese speel. Dit is dus essensieel dat daar ook in verenigingsverband na hulle behoeftes omgesien word. In die lig daarvan word 'n verskeidenheid van geaffilieerde verenigings en ander liggame (byvoorbeeld op grond van geografiese en etniese oorwegings asook spesialiserings- en belangstellingsrigtings) in die vooruitsig gestel.

Die finale kriterium vir ons professionaliteit lê egter nie in pragtige skemas op papier of 'n indrukwekkende beroepsvereniging nie. Die status van ons beroep sal in die eerste en laaste plek steeds bepaal word deur die bibliotekaris se vermoë om die diens te lewer wat hy aan sy gemeenskap verskuldig is. U en ek sal die behoeftes van die Tukkiegemeenskap dus altyd voorop moet stel en deur ons volle diensbaarheid die status vind wat net deur toewyding, ywer en selfrespek bereik kan word. Ons vertrou dat hierdie grondliggende gedagte ook by die komende konferensie en beraadslaginge oor professionalisering nie oor die hoof gesien sal word nie.

Prof E D Gerryts
Aug 1978

* * * * * * * *



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## EINDE VAN 'N ERA EN BEGIN VAN 'N NUWE

Personeellede wat belang het by die saak, het teen hierdie tyd seker reeds uit verskeie oorde kennis geneem daarvan dat die professionele vereniging vir bibliotekarisse en inligtingwerkers in Suid-Afrika op 1 Januarie 1980 'n nuwe bedeling binnegaan. Vanaf daardie datum sal die nuwe grondwet wat op 'n onlangse buitengewone konferensie hier in Pretoria aanvaar is, van krag word. Van die opvallendste veranderinge is dat die naam van die vereniging verander word vanaf S A Biblioteekvereniging (SABV) na S A Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI) (Engels: S A Institute for Librarianship and Information Science (SAILIS)). Veel belangriker as die naam is die hersiene interne struktuur en veral lidmaatskapkategorieë wat ook in werking tree. Teenoor die nuwe bedeling wat betree word, kan ook aangeteken word dat die SABV op 5 Julie 1980 sy vyftigjarige bestaan sou herdenk. Hierdie historiese geleentheid sal dan ook op 'n feestelike wyse gedurende die week van 22 tot 26 September 1980 tydens 'n konferensie in Kaapstad gevier word. Daar kan dus met reg beweer word dat 1980 die afsluiting van 'n era in die bestaan van die beroepsvereniging in Suid-Afrika verteenwoordig, maar ook die aanvang van 'n nuwe.

By 'n geleentheid soos hierdie is dit paslik dat hulde gebring word aan voorgangers en huidige kollegas wat die beroepsliggaam oor die vyftig jaar van sy bestaan gedien en gedra het. Dit was geen maklike taak nie en die SABV het dan ook sy stormagtige tye en laagtepunte beleef. Die eerste halfeeu word egter op 'n hoogtepunt afgesluit deurdat 'n nuwe bedeling waarvoor lank gewerk is, nou 'n werklikheid word.

Die oorgang van 'n ou na 'n nuwe bedeling bied ook 'n geleentheid tot selfondersoek by die geledere van die beroep. Die nuwe Instituut sal net só sterk, só aktief en só 'n betekenisvolle bydrae tot die bevordering van ons beroep maak as wat ons dit toelaat. Ampsdraers en uitvoerende organe van die Instituut word verkies om sy belange oorkoepelend te dra, maar sonder die ondersteuning van die individuele lid kan hierdie persone en organe nie veel vermag nie. Ons kan met reg veel van die Instituut verwag maar dan moet ons individueel en gesamentlik bereid wees om ook te gee. Die minste van ons bydrae behoort te wees om onsself op die hoogte te stel van die werksaamhede van die Instituut en toe te sien dat ons individuele belange gedek en bevorder word. Dit is ons reg maar ook ons verantwoordelikheid.

H de Bruin
Nov/Des 1979

* * * * * * * *

Op die onlangse algemene jaarvergadering van die Noord-Transvaalse tak van SAIBI is bekend gemaak dat:

a. Mej C S de Vos verkies is tot die bestuur van die Noord-Transvaalse tak van SAIBI, en wel vir die portefeulje van Skakelbeampte.

b. Prof E D Gerryts en mnr W W Duminy is verkies op die Administratiewe Raad van SAIBI.

c. Ander UP-bekendes wat verkies is, is prof P A van Brakel as lid van die Takbestuur van die Noord-Transvaalse tak en prof J A Boon ook as lid van die Administratiewe Raad.

d. Dr H de Bruin is in sy hoedanigheid as redakteur van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde ampshalwe lid van die Administratiewe Raad.

UP en die Biblioteekdiens is dus goed verteenwoordig.

## REDAKSIONEEL

Dit was heerlik om Biblikasie se tienjarige bestaan te vier. Meeste van die vorige redaktrises kon saam met ons kuier en dit was baie lekker om hulle hier te hê. Ons foto-uitstalling het baie kommentaar uitgelok en moontlik moet ons daaraan dink om elke jaar iets soortgelyk te reël. Baie dankie aan Céu Agostinho, Erna Meyer en Andrea Bosman wat die uitstalling gereël het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die Redaksie wil ook aan Bokkie Malan baie dankie sê vir die maak van al die skouerruikers en die pragtige blomme in die teekamer. Sy en haar span is regte staatmakers en ons sê baie dankie vir die lekker eetgoed. Aan Nerene Grobler wat ons uitnodigingskaartjies geskryf het, dankie. Sy is net nog 'n bewys van al die talent wat in die Biblioteekdiens verskuil is.

Biblikasie se formaat is aan die dun kant hierdie maand, maar almal wat help met die samestelling daarvan het 'n blaaskans nodig na die lywige uitgawe van Junie. Ons plaas 'n bietjie geskiedkundige agtergrond van SAIBI en hoop om dit op te volg met verdere nuus na die konferensie later vanjaar. Die afdelingsnuus is ook skraal hierdie maand, maar vanaf volgende maand gaan ons weer staat maak op almal om bydraes te lewer. Dit bly altyd lekker om van almal in die Afdelings te hoor.

---

## BIBLIKASIE

'n Verjaardag is altyd 'n fees, veral as dit die verjaardag van so 'n vrolike jong dame (?) soos Biblikasie is. Baie hartlik dankie aan die Redaksielede en die lede van die Sosiale Komitee wat die tiende verjaardag van Biblikasie so 'n groot geleentheid gemaak het. Dit was puik!

Al die voorregte wat ons hier in die Merensky-biblioteek geniet, het sommer weer deur my gedagtes geflits. 'n Paar van hulle is:

1. Gratis parkering
2. Mooi omgewing. Vergelyk dit maar met Kerkstraat-Wes
3. Aangename werksomstandighede (al kla ons soms oor die lugreëling)
4. Vriendelike (wel, meestal) gebruikers
5. Uitstekende verlofvoordele
6. BIBLIKASIE

Ek het op 'n "later" leeftyd tot die biblioteekberoep toegetree en ná ses jaar by die Merensky-biblioteek waardeer en geniet ek nog steeds die bogenoemde voordele. Biblikasie het my baie gou tot die besef gebring dat ek hier nie net 'n onbenullige skroefie in 'n onbekende masjien is nie, maar in hierdie organisasie wéét ons van mekaar en stel ons in mekaar belang.

Baie sterkte en voorspoed vir die pad vorentoe aan Biblikasie en sy samestellers!

Joriet Coetzee



"Although humans make sounds with their mouths and occasionally look at each other, there is no solid evidence that they actually communicate among themselves."

## OORTREE U DALK DIE OUTEURSREGWET?

Die Biblioteekdiens bring graag die volgende ter sake aspekte van die Wet op Outeursreg, Wet no 98 van 1978, onder die aandag. Hier word die aandag in die besonder bepaal by dit wat toelaatbaar en ontoelaatbaar is, wanneer gekopieer word uit werke wat die beskerming van die Wet geniet.

Outeursreg in 'n letterkundige, artistieke of musiekwerk gun aan die reghebbende die alleenreg om, onder meer, die werk op enige wyse te reproduseer of ook om 'n ander te magtig om die werk te mag kopieer. Die reghebbende is die outeur en ook die uitgewer. Hierdie reg is van toepassing op enige werk wat in 'n stoflike vorm vervat is en geld vir die lewensduur van die outeur en 50 jaar vanaf die einde van die jaar waarin die outeur gesterf het. Die uitgewer het 'n reg ten opsigte van die gepubliseerde uitgawe en die duur daarvan is 50 jaar vanaf die einde van die jaar dat die werk vir die eerste maal gepubliseer was.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dit is egter nie skending van outeursreg indien so 'n werk uitsluitlik gebruik word (en dit sluit dan fotokopiëring in) vir navorsing, private studie of resensie nie solank dit nie die kopiëring van die geheel of van 'n wesenlike gedeelte van die werk behels nie. Met "wesenlike deel" word nie slegs die kwantitatiewe aspek bedoel nie, die kwalitatiewe word ook in ag geneem. Dus sou 'n hoofstuk, wat 'n beperkte deel van die hele boek beslaan, maar wat die kern daarvan saamvat, wel as 'n "wesenlike deel" geag word. Daar word op gewys dat "private studie" 'n vergunning aan 'n individu is en sluit dus nie die onderlinge voorsiening van die kopie aan medestudente in nie.

Voorts is dit ook nie veroorloof dat 'n persoon, by afsonderlike geleenthede, gedeeltes van dieselfde werk kopieer om sodoende 'n kopie van die geheel of 'n wesenlike gedeelte daarvan te bekom nie. Op dieselfde basis mag 'n groep persone, in samewerking, ook nie verskillende gedeeltes van dieselfde werk kopieer om op so 'n wyse die oogmerk van die Wet te omseil nie. Sou dit duidelik blyk dat daar so 'n geval voor hande is, of selfs net 'n redelike vermoede, is die instansie, waar die kopiëring gedoen word, geregtig om dit te belet.

'n Persoon is nie geregtig om meer as een bydrae tot 'n versamelwerk, byvoorbeeld 'n digbundel of konferensie-verslag, of uit 'n tydskrifaflewering te kopieer of op interlening deur die biblioteek te verkry nie.

Vir onderrigsdoeleindes kan 'n dosent kopieë maak of laat maak van nie meer nie as drie bydraes tot 'n versamelwerk of tydskrifvolume vir al die studente in 'n besondere klas vir 'n spesifieke kwartaal.

Ons wil u daarop wys dat die Biblioteekdiens geen verantwoordelikheid aanvaar vir individue wat fotokopieë maak uit biblioteekmateriaal wat buite-om die Wet val nie. Die verantwoordelikheid kom die persoon toe wat die kopie verlang.

P de Kock

---

## WAT IS SABINET?

UKMARC IN 1985

In 1985 is 'n uitgebreide "cataloguing-in-publication" program deur die British Library Bibliographic Services Division geïmplementeer. As gevolg van die program is 17,735 van die 57,780 rekords wat in 1985 vrygestel is, CIP rekords. In vergelyking met die statistiek van 1984 toon dit 'n verhoging van sowat 25%.

Die Bibliographic Services Division is van mening dat die CIP rekords wat beskikbaar is voor die publikasiedatum 'n waardevolle hulpmiddel is vir boekkeuring, katalogisering en naslaandienste.

Die verhoogde produksie by die Bibliographic Services Division het meegebring dat daar nou 'n agterstand ontstaan het van materiaal wat nog geprosesseer moet word. Die British Library ontvang ooreenkomstig die kopieregwet duisende titels. Daar is tans 24,000 titels wat op prosessering wag. Hoewel die Bibliographic Services Division produktiwiteit in 1986 wil verbeter en 'n verdere verfyning van hul prosesseringsaksie beplan word, is hulle nie optimisties dat die agterstand ingehaal sal kan word nie.

Databasis statistieke

Die groei van die databasis gedurende Mei word deur die volgende statistieke aangetoon:

| | Totale aantal rekords |
|---|---|
| Bibliografiese rekords | 3 312 823 |
| Gesagsrekords | 3 815 232 |
| Rekords vir besitsmelding | 1 521 462 |

| | Totale aantal rekords bygevoeg |
|---|---|
| LC rekords | 20 942 |
| UKMARC rekords | 4 449 |
| SABINET rekords | 3 848 |

Bron: SABINET-NUUS Mei 1986

Joy Roos



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## PROBLEME RONDOM STUDIEHOKKIES

Die ingenieurstudiehokkies word jaarliks toegeken aan die beste applikante. Elke studiehokkie het 'n eie sleutel, waarvoor die persoon waaraan die studiehokkie toegeken is, 'n R10-deposito betaal. As daar meer as een persoon is wat 'n studiehokkie gebruik, maak hul gebruik van die loper. Deur die toekenning van studiehokkies verwag die tydelike eienaar dus dat geen ander studente ook van die studiehokkies gebruik maak nie.

Ander studente (waaraan nie studiehokkies toegeken is nie) het egter lankal vasgestel dat die sentrale loper by die hooftoonbank toegang tot enige studiehokkie beteken. Die gevolg is ontstoke studente wat ongelukkig voel oor die vrye toegang tot hul boeke, aantekeninge en skryfmateriaal. Om die probleem op te los, blyk daar net een oplossing te wees: groter beheer oor die loper. Enige persoon sal in die vervolg homself moet identifiseer, byvoorbeeld "Piet Verdriet, hokkie no 606", voordat die sleutel aan hom gegee word. Die sleutel word tans in een van die boonste laaie gebêre. Die studente sal kennisgewings betreffende die nuwe reëling kry.

Ek hoop dat alle probleme en drama rondom die studiehokkies, u ook oortuig om ten gunste van die totale oopstelling van die studiehokkies vir 1987 te stem. Plaas asseblief 'n lys van elke vakgebied se studiehokkies met gebruikers voor in die inligtingslêer.

Diana Minnaar

VLAK 6



"There was a time I thought humans were as smart as we are."

## DRIE HOERAS AAN ALLE SEKRETARESSES!

Aan al die ongewaardeerde sekretaresses van ons land, die volgende versugting:

- Help my asseblief om 'n geheue soos 'n olifant te hê.
- Help my of vier telefone gelyktydig te beantwoord en 'n brief te tik wat "vanmiddag nog gepos moet word", al weet ek dit sal eers môre geteken word.
- Laat my asseblief nie my humeur verloor wanneer ek ure lank na 'n brief gesoek het en dit dan later op my baas se lessenaar vind nie.
- Gee aan my, wat net skoolopleiding het, die kennis van 'n professor.
- Laat my te alle tye weet, sonder dat dit ooit vir my gesê word, waar my baas hom bevind, wat hy doen en wanneer hy terug sal wees.
- Laat my tog nie kwaad word wanneer ek tot sondebok gemaak word as hy 'n fout begaan het nie.
- En gee my tog die insig om geen korrespondensie op sy bevel te vernietig nie, want ek behoort te weet: binne drie dae gaan die baas dit benodig.

Bron: Huisgenoot, 29 Mei 1986

Johanna Perold

DANKIE MERENSKY!

'n Baie spesiale dankie aan Topbestuur en al my kollegas, vir die spontane bydrae op my kollektelys ten bate van Nuwe Hoop Skool vir Serebraalgestremdes.

My dogter, Nolene, is 'n skolier by Nuwe Hoop en dit was 'n baie trotse Ma wat haar lys by die Skool gaan inhandig het! Merensky het R265.00 bygedra en tot dusver het ons ± R30 000 ingesamel op ons kollektelyste.

Op Saterdag 7 Junie het ons Kermis gehou, en met dié geleentheid het ons ± R44 000 ingesamel. Ons het tot dusver R90 000 ingesamel.


Namens Nuwe Hoop - BAIE DANKIE!

Dina Terblanche
BOEKONTVANGSTE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# vermaak



## IN EN OM MERENSKY ......

KUNS

19-29 Aug - Kunsuitstalling van Pierneef se skilderye in die Intersaal, Ou Letteregebou. (Sien berig onderaan)

MUSIEK

| | |
|---|---|
| 31 Julie | Etensuurkonsert 13h10 (Gratis)<br>Pretoriase Universiteitskoor |
| 7 Aug | Etensuurkonsert 13h10 (Gratis)<br>Wessel van Wyk (klavier) |
| 13 Aug | Aandkonsert 19h30<br>Eddie Davey (Orrel) |
| 14 Aug | Etensuurkonsert 13h10 (Gratis)<br>FAK-Musiekbeurswenners vir 1986 |
| 21 Aug | Etensuurkonsert 13h10 (Gratis)<br>Janita Claassen (ligte liedjies) |
| 27 Aug | Aandkonsert 19h30<br>Kamermusiekkonsert deur studente van die Dept Musiek |
| 28 Aug | Etensuurkonsert 13h10 (Gratis)<br>Pieter Jacobs (klavier)<br>Suzanne Swanepoel (viool) |

Vir verdere inligting skakel: 420-2248

## JACOB HENDRIK PIERNEEF

Vanjaar val die soeklig op J H Pierneef, een van Suid-Afrika se uitmuntende kunstenaars, wat 'n honderd jaar gelede gebore is. 'n Tentoonstelling van werke deur Pierneef uit die Universiteit van Pretoria se kunsversameling sal vanaf 19 tot 29 Augustus in die Intersaal van die Ou Letteregebou by die Universiteit van Pretoria plaasvind. Die tentoonstelling sal bestaan uit onder meer olieverfskilderye, linosneë, sketse in houtskool asook 'n reeks van tekeninge in potlood en pastelkryt uit 1912/1913 wat die Uniegebou in aanbou toon.

Jacob Hendrik Pierneef is in De Waalstraat naby die Pretoriase dieretuin gebore. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was die Pierneef-gesin genoodsaak om hulle vir 'n paar jaar in Holland te vestig. Die jong Henk het die Rotterdamse Akademie bygewoon waar Anton van Wouw en Frans Oerder ook studeer het voor hulle na Suid-Afrika gekom het. Pierneef het tekenkuns begin studeer en ten spyte van sy vroom Dopper-vader se afkeuring van kunsmuseums waar jong Pierneef aan naakfigure blootgestel kon word, het hy besluit om kunstenaar te word.

Nadat hy in 1923 voltyds begin skilder het, het Pierneef gereis na Suidwes-Afrika en toe na Europa waar hy veral aangetrek was deur die skilderye van die Franse en Hollandse Impressioniste. In dié tyd het hy ook kennis gemaak met Willem Konijnenburg, 'n teoretikus, wat sy skilderstyl vir 'n ruk beïnvloed het.

Oom Henk, soos hy bekend was, soos die ware Afrikaner wat hy was, het gehou van die buitelewe, veral braaivleis en was bedrewe met die aanpak van 'n vuur. Hy het 'n wye kennis van die Suid-Afrikaanse fauna en flora besit en het baie oë vir die veld oopgemaak. Hy het nie van Natal gehou nie - dit was te groen vir hom. Hy het die Transvaalse Laeveld en die Karoo verkies maar die Bosveldtema was waarskynlik sy grootste liefde.

Pierneef se meesterlike tekenkuns is te sien in byvoorbeeld die ekonomiese tekeninge van die Uniegebou in aanbou en wat op die tentoonstelling te sien sal wees.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Hy was 'n grafiese kunstenaar wat meer in lyn as in kleur belanggestel het, maar wat tog van kleur gebruik gemaak het om atmosfeer te skep. Hy het die formele struktuur van 'n landskap uitgebeeld met gesuggereerde kleure. Komposisie het bygedra tot die monumentaliteit van sy werk en is versterk deur sy geometries lineêre en soms sterk dekoratiewe benadering. Dit het niks te make met kubisme soos sommige Pierneef se styl noem nie.


Pierneef het daarna gestreef om die gees van die Suid-Afrikaanse landskap, veral die Transvaal, te verstaan en uit te beeld. Sy tonele het vir baie die enigste vertolking van die landskap geword. Hy het die Suid-Afrikaanse toneel met soveel treffende eenvoud geskilder dat sekere tipes bome Pierneef-bome genoem word. Sy dood in Oktober 1957 was die einde van 'n unieke talent in die Suid-Afrikaanse skilderkuns.

D OFFRINGA



MATLALA, PIETERSBURG

Ons innige meegevoel aan Hannie Bezuidenhout wie se broer oorlede is op 22 Junie 1986.




VERJAARSDAE

JULIE

2 Julie - Mev Wilna Marais (Musiek)
3 Julie - Mnr Julie Luus (Bindery)
12 Julie - Mev Annette Prinsloo (Geskenke)
13 Julie - Mev Hannetjie v d Westhuizen (GSV)
14 Julie - Mnr Gideon Roets (Fin Admin)
18 Julie - Mev Mariana Nieuwoudt (Makro-Ontsluiting)
19 Julie - Mej Ina Boon (IBL)
22 Julie - Mev Marie Bredell (Toonbank)
24 Julie - Mnr Danie Veldsman (Medies)
30 Julie - Mev Gerda Beukes (Navorsing en Beplanning)

AUGUSTUS

2 Aug - Mej Andrea Bosman (Vlak 6)
Mev Ina Roos (Tydskrifte)
6 Aug - Mej Elna Stapelberg (Vlak 6)
11 Aug - Mev Leza Putter (Tydskrifte)
Mev Christa Kruger (Tiksters)
13 Aug - Dr Tamal Trichardt (5de Vlak)
16 Aug - Mev Karin Fortsch (Makro-Ontsluiting)
Mev Hannie Bezuidenhout (Makro-Ontsluiting)
18 Aug - Mej Estrellita Weyers (Navorsing en Beplanning)
19 Aug - Mnr Thys v d Berg (Reprografiese Dienste)
26 Aug - Mej Rita Potgieter (Voorklinies)
28 Aug - Mev Riekie Lotz (IBL)
29 Aug - Mev Pepsi Nel (Toonbank)
31 Aug - Mev Annatjie Greyling ( Makro-Ontsluiting)

**GELUKWENSE**

Baie geluk aan Margie en Johan Kotzé met hul tweeling dogtertjies.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## OP REIS MET ANTON PIECK

Anton Pieck is vir meer as 'n halwe eeu een van Nederland se mees geliefde kunstenaars. Anton Pieck is veral bekend daarvoor dat hy deur sy tekeninge dit wat verdwyn het, uitbeeld. Sy tekeninge is ook baie humoristies en 'n mens kan werklik sê elke prentjie vertel 'n storie. Hier is 'n paar afdrukke van sy werk sodat julle self kan sien hoe realisties hy die mens en sy omgewing afbeeld. Sy eie onderskrifte spreek ook boekdele.


Jo Breed
Kultuurhistoriese Instituut





Hield man het stuur goed vast dan ging het veel sneller dan de trekschuit




Velen zagen in de stoommonsters een gevaar. Vandaar dat de tram in de stad werd voorafgegaan door een man met een rode vlag




In de nieuwerwetste automobiel reed men als een vorst



Elegante heer op een fiets



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

EN SO VERTEL ....

## 'N ROOI GEVAARTE ....

Ons sou gaan blomme kyk het in Namakwaland. So ŉ wegloopweek, net my man en ek ... maar dinge verloop anders as wat ons beplan het: ons moet skielik Kaap toe vir familiesake. Ook nie so ŉ slegte idee nie, want Kapenaars van geboorte, bly elke kans af see toe, ŉ lekkerte wat selfs na sewentien jaar se lewe in die geldmaakmetropolis nog nie verdwyn het nie. Net daar besluit ons, ons ry met my man se rooi motorfiets.

Oor die ysterperd van hom kan ek boekdele skryf. Hierdie perd word net uitgehaal vir spesiale geleenthede - beslis nie vir elke dag se alledaagse gebruik nie. Dan word hy gewas met spesiale sjampoes - nie sommer seep nie - dit maak strepe. Alles word sorgvuldig nagegaan, die petrol, die olie, die bande. As hy dan gestewel en gespoor opklim, die knoppie druk en die perde en die masjien maak so ŉ sagte bromgeluid, verskyn daar so ŉ glimlaggie op my wederhelf se gesig wat getuig van ŉ andersoortige saligheid wat ek as vrou nie ken nie. Maar ek dink dit moet soortgelyk wees wanneer ŉ vrou ŉ egte pels om haar hang en die sagtheid daarvan teen haar wang voel en daar so ŉ gevoel van vroulikheid in haar opstoot wat haar net soos Cleopatra laat voel en laat dink: Antonius, alias Sol Kerzner, alias Richard Gere - jy kan maar kom.

Dit is darem nie die eerste keer wat ek saam motorfiets ry nie, maar die Kaap is ver en die tyd min. Ondervinding het ons geleer, al is dit hoe warm, trek jy jou dik aan. Terwyl ek wag dat my man die fiets omdraai in ons inrypad, voel ek hoe die sweet op my uitslaan binne die langbroek, frokkie, hemp, windskermbaadjie, leerhandskoene, stewels en valhalm. Bo-oor dit dra ons Kasimeer-pakke; dit is nou sulke opgestopte oortrekpakke wat ŉ mens dieselfde lompe bewegings laat uitvoer as die destydse Kasimeer op die televisie-kinderprogram.

Dit is ŉ warm, droë lente oggend; droog, want die lentereëns het nog nie geval nie en al plek waar dit reën is in die Kaap en die Weskus. Dit is eers anderkant Johannesburg wat ek my sit kry en begin ontspan. Mettertyd kry my gedagtes koers, want so alleen agterop ŉ motorfiets met geen kinders of man wat jy hoor nie en niks wat jou hande kan besig hou nie, bly daar net een ding oor: jy dink. Maar behalwe dit, is daar die droë hoëveldse gras langs die pad wat skielik vir jou mooier lyk as die ander kere wat jy met die motor daar verbyjaag. Miskien word alles vir jou intenser omdat jy op ŉ motorfiets die reuk van die veld as toegif kry. En jy dink dat dit tog mooi is, hierdie droë wêreld, plek-plek met rooi omgeploegde grond, wagtend op die saad wat daarin geplant moet word. Of dalk is dit die bewuswording van my land se ruimte wat my skielik met ŉ uitgelatenheid vul sodat ek hardop en uitbundig agter my glasskerm uitbars van die lag - ongesiens ... ongehoord ... vry.

Dit is eenuur en ons begin warm kry. Die beentjies in my stuitjie kan ek een vir een voel en die sittery word ongemaklik. My man draai van die grootpad af en ons ry ŉ klein dorpie binne. Die hitte is ondraaglik. Al staan jy in die koelste plek van die motorhawe word jy toegevou in die hitte wat opslaan uit die aarde en van alle kante uit die lug op jou toesak. Ons trek ons Kasimeer-pakke uit, ons stewels en ons valhelms en met ons koeldranke in ons hande gaan sit ons op die stoepmuurtjie. Die dorp is doodstil. Alle respektabele mense met verstand is binne hulle huise met luike toegetrek, besig om ŉ middagslapie te neem. Dit is net my man en ek en ŉ paar Kleurling petroljoggies en hul maats wat so onder die skuiling van die motorhawe se dak sit. Al geselsend sit en beskou hulle my man se motorfiets. "Maar hoe ry jy nou die ding?" "So met jou lyf," en hy staan op en swaai sy lyf so bakarm in die rondte. "Hoe wiet jy?" "Man, jy ry hom net soos jy ŉ baaisiekel ry. Netso." Daar is ŉ rukkie stilte terwyl gekyk word met ŉ lus om te wil ry, maar ook ŉ bangheid vir hierdie rooi ysterperd. "Hoe ver sal ŉ man nou kan ry met die fiets?" "Seker tot in Johannesburg." "Nee, watwou, baie verder."
Vol afwagting volg hulle elke beweging as ons weer aantrek en opklim. Met iets van ŉ verlange kyk hulle ons agterna as ons in die grootpad inswaai en my man die perde in die kragtige masjien kans gee om hul loop te neem.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ja, hoe ver kan 'n mens ry met die fiets? Dalk tot bo-oor die maan? Is dit 'n universele verlange, hierdie hunkering om weg te kom vanuit jou klein wêreld-kring, bestaande uit jou huis, jou werk, jou winkels? Maak hierdie verlange ons nie almal eenders nie? 'n Rooi motorfiets in die middel van die Karoo op 'n snikhete dag, met twee mense daarop, onherkenbaar in hul ruimteklere, op pad waarheen? 'n Ontvlugtingsreis uit die werklikheid?

Maar die werklikheid begin swaar druk. Ek voel dit in die onderste deel van my rug, in my stuitjie en al maak ek beurte om eers op die een helfte van my sitvlak te sit en dan op die ander helfte, word my geesdrif vir hierdie reis al hoe minder. As ons op Richmond stilhou by die motel en ek myself uiteindelik kan uitstrek in 'n warm bad, verlang ek skielik huistoe - na al my kinders en verantwoordelikhede.

Die volgende môre is ons vroeg op pad en met die lug koel en die pad wat oop voor ons lê, pak ons die reis met mening aan. Effens vooroor gebuig lê ek styf teen my man se rug soos 'n wafferse renjaer. Hoe minder weerstand, hoe meer spoed.

Maar ons word gedwing om stadiger te ry: die suidelike deel van die Karoo is in volle blom! Ons stop kort-kort. So ken ons nie hierdie stuk aarde nie. Plate pers, geel en wit vul ons met verwondering. Die wêreld is meteens goed en mooi. Ons ry op my man se ysterperd. Ek ruik die heerlikheid van die veld en ek sien die mooiheid daarvan, terwyl die koel wind by my ore verby suis en dit voel asof ek vlieg. En skielik is ek bly vir hierdie rooi gevaarte van my man, net hy en ek alleen, weg van ons stadslewe op pad ... Kaap toe.

Elsabé van der Merwe

---

BIBFLITSE

VOORONTSLUITING

Ons groet vanuit Seksie Voorontsluiting waar dit nog altyd klopdisselboom gaan.

Vakansietyd het aangebreek, die Biblioteek het stil geword en die mense kan gaan rus. Die Voorontsluiters ook: Joy se eksamen het voorspoedig afgeloop, Rita dink vir twee weke glad nie aan ons nie en Christa is ook vir twee weke weg - sy het darem belowe om aan ons te dink. Ina gaan in Augustus 'n bietjie huistoe en Makkie het ook 'n ruskansie gekry.

Ons geledere is nou weer voltallig nadat Lourett Oosthuizen by ons begin werk het, en ons wil vir haar 'n groot "welkom" sê. Sy het haarself al klaar bewys en soos sy in die rakkontrole ingespring het .... ek voorspel nog groot dinge vir die Seksie!

Versterkings was ook net betyds, want ons moet nou vir 'n paar maande sonder ons staatmaker klaarkom! Ons sien egter saam met Mariana uit na die kleinding se koms.

Ná die halfjaarlikse mylpale van vakansie en rakkontrole lê hef-aan nou weer voor - en wat 'n poging gaan dit nie wees nie! Daar word beplan dat die katalogiseringsaksie na Voorontsluiting sal oorkom sodra Makro-ontsluiting met onderwerpsontsluiting begin. In die volgende semester gaan ons en Makro-ontsluiting soos één saamwerk en gaan ons intensiewe opleiding in AACR2 en die katalogiseringsprosedures kry. Omdat ons ook nog die prosessering van bestellings sal doen, verwag ons om redelik besig te wees - maar met só 'n span sien ek kans vir alles.

Moet dus nie bekommerd wees as julle ons nie meer so baie sien nie. Ons sal laat weet hoe dit gaan.

Sterkte aan almal vir dié semester. Tot later dan, mooi loop!

Elrien van der Bank

---



*"And now a special award to Estelle Frobisher, who singlehandedly unjammed the copier eight times this week."*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VOORKLINIES


NOTHING BUT THE TOOTH

Talkative factory workers develop carious teeth more readily than do silent ones, according to the British Dental Association. -News Item

Although the evidence is various,
They say that talkers' teeth are carious
More than the teeth of workers who
Just concentrate on what they do.

Could this be caused by more exposure
Of teeth to air? There's no disclosure
As yet, in what we've read, of whether
It's this, or banging more together.

Whatever are the latest guesses
Concerning this, by D.D.S.s,
It's clearly one more reason man
Should keep his mouth shut all he can.



THE DRUGGIST

The druggist is the doctor's friend,
He serves him with devotion.
For him his shelves and counters bend
With every pill and potion.

The druggist works with all his might,
He gets down early, Monday.
He toils away till late at night;
His store is open Sunday.

The druggist's quite a pleasant man,
His jokes are sometimes ribald.
And best, he reads (no other can)
The words the doctor scribbled.

Annette Booysen

Bron: Armour, R: "The Medical Muse, or what to do until the patient comes." 1963 New York, McGraw Hill.

## TOONBANK

I am among all men, most Richly Blessed.

I asked God for strength, that I might achieve
I was made weak, so that I might learn humbly to obey.
I asked for health, that I might do greater things
I was given infirmity that I might do better things
I asked for riches that I might be happy
I was given poverty that I might be wise.
I asked for power that I might have the praise of men
I was given weakness that I might feel the need of God.
I asked for all things that I might enjoy life
I was given life that I may enjoy all things
I got nothing that I asked for but everything I had hoped for.
Almost despite myself, my unspoken prayers were answered
I am, among all men, most richly blessed.

Hierdie gedig kom uit die pen van 'n soldaat wat albei sy bene en sy regterarm in die Koreaanse oorlog verloor het.

Bokkie Malan

## TWEE RESEPTE VIR DAARDIE KOUE AANDE

YOGURTBROOD

2 Koppies volgraanmeel
2 Koppies gebeukte koring ("crushed wheat")
500 ml yogurt
1 eetlepel heuning
1 teelepel sout
1 teelepel koeksoda
Sonneblompitte om bo-op te strooi

Metode

Meng al die bestanddele behalwe die yogurt. Vou yogurt laastens in die mengsel.
Bak 1 uur lank teen 180°C

Hannie Bezuidenhout



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


SOP (WAT BEDIEN WAS BY MARGIE SE OOIEVAARSTEE)

1 pakkie Hoenderroomsop
Water
Melk
1 Blikkie gerookte oesters
175 ml room
Gekapte pietersielie

Maak sop aan soos aangedui op die pakkie maar gebruik vir die helfte van die vloeistof water en vir die ander helfte melk. Laat 5 min. kook. Gooi oesters (wat gesny is) by, asook die olie in die blikkie. Laat weer 5 min. kook. Voeg room by (moenie weer kook nie). Strooi pietersielie oor en bedien.

Elsabé van der Merwe

## TREFFERS



## BOEKE

### LORD OF THE FLIES - WILLIAM GOLDING

William Golding het seker geen bekendstelling nodig nie. Hy was die wenner van die Nobelprys vir Letterkunde in 1983.

Dié storie gaan om ŉ groep jong seuns ( ± 13 jaar en jonger) wat na ŉ vliegtuigongeluk in die see, op ŉ eiland beland. Daar ontstaan baie gou die behoefte om ŉ leier en een word gekies. Die groep skeur egter later in twee. Dit blyk dat die een groep 'savages' word (regresseer na die primitiewe, en leef suiwer op instink). Die ander groep probeer meer rasioneel wees. Die 'savages' jag wilde varke om aan die lewe te bly, en die ander leef eerder van vrugte.

Hulle het ook ŉ obsessie met vuur. Iets wat uit die oertyd saam met die mens kom, en mens herinner aan die film "Quest for Fire".

Ralph, die oorspronklike leier, en die leier van die 'goeie' groep is later die enigste een oor van die aanvanklike 'goeies'.

Golding slaag daarin om te wys hoe feilbaar die mens is, en hoe primitief hy kan word buite die sanksies van die groter samelewing. Tog bly die basiese drang na ŉ sosiale struktuur en die behoefte om daarin opgeneem en aanvaar te word. Dit is die eeue oue stryd tussen goed en kwaad. Ralph was die enigste wat by die goeie probeer bly het, totdat redding gekom het.

Die boek is in bedrieglike eenvoudige taal geskryf, maar daar is baie agter die storie wat ŉ mens maklik kan miskyk.

Ek beveel hierdie boek beslis aan.

Lappies

## FILMS

### VIOLETS ARE BLUE

Hoofspelers: Kevin Kline, Sissy Spacek

Kevin Kline het bekendheid verwerf met sy vertolking van die ongebalanseerde Nathan Landau in die film "Sophie's Choice", waarin Meryl Streep die hoofrol vertolk het. Kline se talent is deur sy hoofrol in die aangrypende film "The Big Chill" bevestig.

In "Violets are blue" vertolk Kevin Kline die rol van Henry Squires, redakteur van die dorpskoerant. Sissy Spacek is Gussie Sawyer, ŉ wêreldbekende fotograaf en joernalis, wat na ŉ afwesigheid van vyftien jaar, na haar tuisdorp terugkeer vir ŉ welverdiende vakansie. Wanneer sy en Henry mekaar weer raakloop, besef hulle dat hulle jeugliefde nie verroes het nie. Hulle het mekaar steeds lief.

Hulle verhouding is egter baie meer gekompliseerd aangesien andere deur hulle optrede geraak en seergemaak word. Henry is getroud, en het ŉ dertienjarige seun. Beide Henry en Sissy word gedwing om ingrypende keuses te maak. Veral Henry moet besluit of ŉ tweede kans om geluk aangegryp mag word ten koste van andere se geluk.

ŉ Genotvolle film, wat stof tot nadenke bied.

Jeanette Marais

**OPSOEK NA FOTO'S MET VOETE !**

**Die redaksie soek na die fotos van die Biblioteekdiens se braaivleisgeselligheid gedurende Maart 1986. Kan dit asseblief aan ons terugbesorg word.**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# A A N S T E L L I N G S



**ANSIE WATKINS**
Getroud - 2 dogtertjies
**Aangestel by:** Vakbibliotekarisstelsel - Vlak 6
**Vorige ondervinding:** Bibliotekaris by Dept Nasionale Opvoeding, daarna by Lyttleton Ingenieurswerke
**Belangstellings:** Haar kinders, naaldwerk en lees




**NERENE GROBLER**

Getroud
**Aangestel by:** Vakbibliotekarisstelsel - Vlak 6
**Vorige ondervinding:** Administratiewe Beampte by Dept Mannekrag, Student UP
**Belangstellings:** Kalligrafie en naaldwerk



**ELNA STAPELBERG**


Ongetroud
**Aangestel by:** Vakbibliotekarisstelsel - Vlak 6
**Vorige ondervinding:** Streeksbibliotekaris by Provinsiale Biblioteekdiens OVS, Bibliotekaris by Atoomenergiekorporasie
**Belangstelling:** Stap, muurbal en naaldwerk



**LOURETT OOSTHUIZEN**

Getroud met een seuntjie
**Aangestel by:** Voor-ontsluiting (oggendpos)
**Vorige ondervinding:** Vakbibliotekaris by UNISA, Onderwyseres by Hoër Tegnies Tuine
**Belangstellings:** Alle sport veral atletiek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



**HENK SCHOOMBIE**

Ongetroud —
**Aangestel by:** Toonbank 3nm - 11nm
**Vorige ondervinding:** Student UPE (BA LLB), Redakteur van UPEN (UPE Studentekoerant), Kredietbestuurder by Meubelmaatskappy
**Belangstellings:** Skaak, muurbal en tafeltennis

## B E D A N K I N G S




**Mev Marie Fourie** het besluit om weer voltyds **huisvrou** te wees.



**Mev Amanda van der Merwe** aanvaar die pos van **huismoeder** by **Madelief**




**Mev T Taylor** bedank by **Klinikala**.



**Mnr Hannes de Kock** gaan voltyds studeer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Die **Rektor, prof D M Joubert (middel)** afgeneem tydens sy besoek aan **Merensky-biblioteek**. **Links** van hom is **prof E D Gerryts** en **regs** in die foto, **mnr W W Duminy**. Die Rektor het die personeel van die Biblioteekdiens toegespreek oor die veiligheidssituasie op die kampus.



**Oom Rassie** ontvang sy horlosie van **Mnr Willie Porter** by sy aftrede.

OP HETERDAAD BETRAP !

SIEN VOLGENDE UITGAWE VAN BIBLIKASIE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



**VORIGE REDAKTRISES BYEEN**

**Voor van links na regs:** Clarisse Venter, Helene Fourie, Céu Agostinho, prof E D Gerryts.
**Agter:** Jeanette Marais, Elsabé van der Merwe, Jeanette Bornman (neé Du Preez), Magriet Lee, Joriet Coetzee, Anne van Zij



**Jeanette Marais** oorhandig die eerste uitgawe aan **prof Gerryts**

******************************



**Julie Rechav** ontvang 'n geskenk van **prof Gerryts** tydens haar afskeidstee. Sy vertrek saam met haar man na die Buiteland waar hy verder sal studeer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BIBLIKASIE HOU FEES - JUNIE 1986



... DRUK BESIG OM <u>BIBLIKASIE</u> SE FEESUITGAWE TE LEES





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

AUGUSTUS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## INHOUDSOPGAWE


DIE EERSTE Sê .................................................... 1

REDAKSIONEEL .................................................... 3

DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR BIBLIOTEEK-
EN INLIGTINGKUNDE .................................................... 3

TISAB - RETCON PROJEK .................................................... 4

TERLOOPS ... .................................................... 5

FEMINISME - 'N INLEIDING .................................................... 6

DIE VROU IN DIE BEROEPSWêRELD .................................................... 8

'N NUWE ERA VAN VROUWEES .................................................... 10

ONS GESELS MET ... .................................................... 11

HOEKIE VIR EENSAMES .................................................... 12

SKRYF VIR MY 'N BRIEFIE .................................................... 13

IN EN OM MERENSKY .................................................... 14

PRETORIUM TRUST BEURSWENNERS .................................................... 15

TREFFERS : FILMS .................................................... 16

KOOK IS 'N METODE ... .................................................... 16

KODERING VAN DAGBOEKSTATE : TWEE BESKOUINGS 17

BIBFLITSE .................................................... 18

FIKSHEID .................................................... 20

AANSTELLINGS

BEDANKINGS


oooo0oooo

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE Sê

### VAN VERBOUINGS, VERBREKINGS EN HERUITLEGTE

In die Tukkie-werf van Junie 1976 word vermeld dat die biblioteek van UP (destyds TUK) in Kya Rosa te Skinnerstraat 270 sy begin gehad het, in 1909 na die Staatsgimnasium in Proesstraat saam met die Transvaalse Universiteitskollege verhuis het (die hele biblioteek was daar in een kamer gehuisves), en in 1911 by die Ou Letteregebou (toe darem seker die "nuwe" Letteregebou) op die kampus ingetrek het. Die biblioteek was in die groot saal op die eerste verdieping van die suidelike vleuel (waar die Kultuurhistoriese Instituut tans is) ingerig, met voorsiening onder andere vir 50 studiesitplekke. In 1924 is 'n vertrek tot die biblioteek toegevoeg, maar ruimtetekort was steeds 'n probleem en in 1933 is by die Raad aanbeveel dat 'n afsonderlike doeltreffende biblioteekgebou noodsaaklik geword het.

Reeds op 25 November 1920 het die Universiteitsraad besluit dat gekollekteer moet word vir "a Voortrekker Monument consisting of a Hall and a Library", om teen 1938 ter ere van die Voortrekkers hier te staan. Hiervan het egter niks gekom nie en positiewe vordering is eers teen 1937 gemaak. Met die finansiële hulp van dr Hans Merensky, die bekende geoloog, is Ou Merensky (toe "nuwe" Merensky) gebou. Genl J C Smuts het op 11 Oktober 1937 die hoeksteen van die biblioteek gelê en adv H A Fagan het op 15 April 1939 die formele opening waargeneem. Mnr Gerhard Moerdyk was die argitek en die gebou is teen 'n koste van R76 000 opgerig.

'n Dekade later was ruimte weer 'n probleem, maar eers in Maart 1955 is besluit om uit te brei en aan te bou. In 1956 is daarmee begin, en op 15 Julie 1957 word die gebou deur dr S M Naudé amptelik geopen. Na die aanbouing het die biblioteek voorsiening gemaak vir 550 studiesitplekke (teenoor die 120 in Ou Merensky) en 'n magasynruimte vir 425 000 boekbande (teenoor 220 000 boekbande in Ou Merensky). Reeds vier jaar ná die ingebruikneming van die eerste aanbouing het die Biblioteekkomitee die aandag van die Raad daarop gevestig dat betyds met die beplanning van 'n verdere uitbreiding begin moes word, aangesien daar nog net bergruimte vir ongeveer 5 jaar beskikbaar was. Op 12 Augustus 1969 is die firma Louw, Marais, Marquart & Kuhn aangestel om 'n nuwe gebou te ontwerp en op 17 November 1971 is met die bouwerk begin. Die "nuwe" Merensky-biblioteek (of tweede uitbreiding) is op 26 Maart 1976 amptelik deur die destydse Rektor, prof E M Hamman, in gebruik geneem.

Ons staan alweer in die tyd van ruimte-uitbreidings, en vergelykings tussen die huidige situasie en die geskiedenis lewer 'n aantal interessante ooreenkomste op. Kya Rosa is in 1985 'n plekkie op die kampus gegee en Ou Merensky sal in 1986 weer by Merensky-biblioteek aansluit. Mnre Louw en Kuhn, argitekte van Merensky-biblioteek, is nou met die aaneenskakeling van die twee geboue gemoeid. Ruimtetekorte is 'n refrein wat deur die jare maar telkens opgeklink het, en wie sing die deuntjie tans met meer oorgawe as juis ons huidige geslag Merensky-bibliotekarisse!

Wat in die voorafgaande relaas opgeval het, is die tydsverloop tussen die behoeftestelling aan meer ruimte en die ingebruikneming van die toegevoegde ruimte. 'n Groot rede vir die lang tydsverlope lê



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

waarskynlik in fondse: ons eie uitbreidingsprojek is 'n paar jaar vertraag weens die swak ekonomiese klimaat en 'n gebrek aan fondse. Dit is darem verbysterend om daaraan te dink dat die oorspronklike Merensky-biblioteek (of soos ons sê Ou Merensky) R76 000 gekos het - destyds waarskynlik 'n astronomiese som geld - maar in 1986 was dít die kosteraming slegs vir die verskuiwing van die hoofingang van Merensky-biblioteek! Maar ek loop my storie vooruit.

Die personeel weet teen dié tyd seker almal dat IETS gaan gebeur, maar die groot vraag is WAT. Die ruimte-uitbreidingsprojek val uiteen in twee fasette: die herbenutting van Ou Merensky, en die heruitleg van Vlakke twee en drie in Merensky-biblioteek.

Die uitgangspunt met die herbeplanningsprojek was om afsonderlike fasiliteite te skep vir voorgraadse en nagraadse studente. Die motivering hiervoor was dat die gebruikspatrone van die twee groepe biblioteekgebruikers aansienlik verskil: die nagraadse studente verlang stilte en 'n rustige atmosfeer by hul studieversamelings vir die lees- en naslaanwerk wat hulle hier doen. Die gebruikspatroon van die voorgraadse studente daarenteen vertoon 'n studie-, maar ook 'n sosiale karakter (en laasgenoemde kan ietwat raserig wees). Voorgraadse studente gebruik die biblioteekmateriaal voorskriftelik, dit wil sê hulle gebruik gereserveerde studiemateriaal in opdrag van die dosente, en dit lei weer tot die ywerige gebruik van die fotokopiëringsgeriewe. Vanweë 'n druk klasbywoningsprogram, verlang hulle lang biblioteekure waartydens hulle kan kom sit en studeer.

As gevolg van die verskille, het dit nodig geword om 'n voorgraadse en 'n nagraadse biblioteek te onderskei. Ou Merensky is gesien as die voorgraadse biblioteek, terwyl die nagraadse studente hul vakversamelings op die hoër vlakke van Merensky-biblioteek en in die omgewing van die vakbibliotekarisse kan benut. Die verdere gedagte was dat daar 'n gemeenskaplike toetredingsarea sou wees waaruit die student sy pad na Ou of Nuwe Merensky sou kon kies.

Die realiteite het egter ietwat aan hierdie droom verander. In die eerste plek is só 'n groot tekort aan studiesitplekke ondervind (bereken op die 1985-VE-studentetal sou daar 1960 sitplekke in Merensky-biblioteek moes wees om maar vir 15% van die VE-studente sitplek te verskaf, maar ons het tans slegs 1008 studiesitplekke in die gebou), dat besluit is om die grond- en 'n deel van die boonste vlak van Ou Meresnky optimaal hiervoor te laat inrig. Dan bly daar egter nie ruimte vir die huisvesting van GSV en fotokopiëringsgeriewe op die grondvlak van Ou Merensky oor nie. Gevolglik moet hierdie aktiwiteite op die grondvlak van Nuwe Merensky, so ná as moontlik aan Ou Merensky, gehuisves word, met soveel studiesitplekke as moontlik.

Die vraag het ontstaan of die hoofingang tot Merensky-biblioteek nie verskuif moet word om 'n meer sentrale gemeenskaplike ingang tot die voorgraadse en nagraadse biblioteke te vorm nie. Die argitek het alternatiewe uitlegte van die grondvlak gemaak en dit het geblyk dat die basiese koste verbonde aan die verskuiwing van die hoofingang R76 000 sal bedra, waarby heelwat ander kostes nog gevoeg moet word. Gedagtig aan die feit dat die verskuifde ingang met 'n latere aanbouing dalk nie meer ideaal mag blyk te wees nie, is met die oog op die lang termyn besluit om nie die bestaande ingang te verskuif nie.

Ou Merensky se kelder gaan vir die berging van mingebruikte materiaal op kompaktusrakke ingerig word, en ter wille van optimale ruimtebenutting sal 'n tussenvloer in die kelder gegooi word, wat ook vir kompaktusberging gebruik sal word. Die droom van menige student gaan ook bewaarheid word met die oopstelling van Ou Merensky se grondvlak en 'n deel van die boonste vlak as 'n oornagstudieruimte. Ou en Nuwe Merensky sal verbind word deur die ruimte wat tans deur die Jurriaanse Versameling beset word, en ter wille van sekuriteit sal 'n verklikkerstelsel hier geïnstalleer word.

Tans word druk aandag geskenk aan die heruitleg van Vlakke 2 en 3 in Merensky-biblioteek. Die benadering is om nuut te probeer dink oor "ou" instellings - om die geleentheid te benut om uit die bestaande patroon te breek en fisiese fasiliteite daar te stel wat die boodskap van die inligtingsera met sy tegnologiese hulpmiddels sal uitdra in 'n gebruikersvriendelike biblioteek.

Sodra groter finaliteit oor die heruitleg van Vlakke 2 en 3 bereik is, sal die personeel hieroor ingelig word.

ESTRELLITA WEYERS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## REDAKSIONEEL

Augustusmaand! Die laaste hupstootjie, dan is ons oor die bult en loop die jaar ten einde. Groot dinge lê egter voor die deur. Estrellita Weyers se artikel, verbouings, verbrekings en heruitlegte, bring die besef dat daar dinge besig is om te gebeur waarvoor ons ons sal moet reghou. Die frustrasies wat sommige van die personeel ervaar het met die hou van dagboekstatistiek en die verwerking van hierdie gegewens, het Bella Odendaal as kunstenaar, vir ons in haar tekenprente pragtig vasgevang. Lees jy dan Anne van Zijl se vertellinge daaroor, dan praat sy sekerlik namens almal wat deur hierdie proses moes gaan.

Vir diegene wat nog nie herstel het van hierdie swaarkry tye nie, kan gerus lees van swaarkry op 'n ander manier, naamlik Hannie Bezuidenhout se artikel oor fiksheid. As dit nie help om die gevoel van frustrasie te verlig nie, kan Jo Breedt se storie, Hoekie vir eensames, dalk die oplossing wees.

Ons leef in moeilike tye en die druk wat op jou as werknemer geplaas word, word steeds groter. Jeanette Marais se artikel, Die vrou in die beroepswêreld, bring 'n mens egter tot die besef dat jou werk/-beroep, ten spyte van al die druk, tog bydra om sin in jou bestaan te gee. Vir die vrou beteken dit in baie gevalle egter dat sy dubbele of selfs meer rolle moet vertolk - 'n uiters moeilike taak. Haar belangrikheid in die samelewing en dan veral ook in die arbeidsmark kan nie ontken word nie. Dit is dan ook regverdig dat sy sal aanspraak maak op sekere regte, soos fleksietyd, belastingverligting, gelyke geleenthede, en so meer.

Prof Gerryts vertrek op 29 Augustus op 'n oorsese besoek. Ons wens hom alle voorspoed toe.

Dankie vir julle bydraes en lekker lees.

## DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGKUNDE

### Die doelstelling van SAIBI

Die doel van SAIBI, soos aangeteken in die Grondwet, is soos volg:

"Die Instituut beoog die ontwikkeling van die biblioteek- en inligtingwese ten einde te verseker dat biblioteek- en inligtingdienste van 'n hoë standaard gelewer word".

### Bestuur en samestelling

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingkunde is 'n demokratiese liggaam. Elke twee jaar kies die lede van die verskillende takke hulle eie verteenwoordigers op die Raad, wat die bestuursliggaam van die Instituut is.

### Die Raad bestaan uit

1. Die president, onderpresident, oudpresident en die eresekretaris;
2. verteenwoordigers van takke;
3. 'n verteenwoordiger van die Staat;
4. die redakteur van die professionele tydskrif van die Instituut;
5. voorsitters van vaste komitees, afdelings en geaffilieerde verenigings;
6. professionele lede wat deur die Raad gekoöpteer word om belange te verteenwoordig wat nie reeds in die Raad verteenwoordig is nie.

### Enkele bevoegdhede en handelinge van die Raad

Die Raad is die hoogste uitvoerende gesag van die Instituut en verteenwoordig die Instituut in alle gevalle waar na buite opgetree word.

Die Raad is belas met die bevordering van die Instituut se belange.

Die Raad is bevoeg om vaste en ander komitees aan te stel en te ontbind en bepaal hulle samestelling, magte en pligte.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Die Konferensie

Die Raad moet jaarliks minstens een konferensie reël. Dit is belangrik dat ons almal weet dat hierdie konferensie, behoudens die bepalings van die Grondwet van die Instituut, die wetgewende gesag van die Instituut is. Die konferensie kan deur alle lede van die Instituut bygewoon word en takke kan beskrywingspunte aan die konferensie voorlê. Die konferensie word op 'n roterende basis by die verskillende takke aangebied.

## Verkiesing van die Raad

Daar is tans agt takke in die Instituut, verdeel op 'n geografiese basis. Elke tak word op die Raad verteenwoordig deur sy voorsitter plus een verteenwoordiger vir elke vyftig professionele lede (of gedeelte daarvan).

Enige professionele lid van die Instituut mag as onderpresident of as eresekretaris verkies word, met die voorbehoud dat die ondervoorsitter nie by twee agtereenvolgende verkiesings uit lede van dieselfde tak verkies word nie. Die onderpresident word na twee jaar die president, terwyl die president dan as oud-president dien.

Vir die volgende twee jaar (beginnende September 1986) is prof Anna Louw, Unisa, die President van SAIBI.

Noord-Transvaal is SAIBI se grootste tak (692 lede, meer as een-vyfde van die totale ledetal van 2519). Ons verteenwoordigers op die Raad vir die komende twee jaar is:

Prof J Bekker - UNISA
Prof J A Boon - UP
Mnr W W Duminy - UP
Dr B Fouche - Direktoraat: Ontwikkelingshulp
Prof E D Gerryts - UP
Mej B Hansen - Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens
Vr B Hinwood - St John Vianney Seminary
Dr H S le Roux - Yskor
Prof P J Lor - UNISA
Prof J Willemse - UNISA


Mej N M Lodder, as ons voorsitter, dien outomaties op die Raad.

Dr Henk de Bruin, redakteur van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde dien ook op die Raad.

Die Raad kies 'n uitvoerende komitee wat die daaglikse sake van die Instituut behartig.

Die administratiewe werk word deur 'n sekretariaat gedoen. Daar is besluit om 'n permanente sekretariaat vir SAIBI aan te stel en in die volgende SAIBI-nuusbrief behoort ons te verneem wie hierdie persone is.

Rina de Vos



"You mene I've bin spending this whol term with a defektiv reeding machin?"

## TISAB-RETCON PROJEK

Die TISAB-RETCON projek behels die invoer van TISAB-rekords (huidiglik op mikrofiche) op die SABINET-databasis.

Elisabeth Viljoen, Nelene Kotzé, Magda Coetzee (van Makro-ontsluiting) en Leza Putter was op 11 en 12 Julie vir 'n tweedag kursus by SABINET om opleiding te ontvang vir deelname aan die TISAB-RETCON projek. Ook teenwoordig was vyf persone van die biblioteke van die Universiteit van die Witwatersrand en UNISA. Die toetsfase van die projek is vir 'n periode van twee maande geloods en het op 14 Julie begin.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TISAB beoog dat die drie instansies, UP, UNISA en Wits 4200 tydskriftitels in hierdie twee-maande tydperk sal oorplaas, met ander woorde, 35 titels per instansie per dag.

Naas die interessante ondervinding en opleiding, ondervind ons wel probleme met die projek.

- Geweldige inbreuk word gemaak op die tyd wat aan eie werk bestee behoort te word soos aan die daaglikse ontsluiting van nuwe tydskriftitels, titelveranderings wat in hul glorie aangekondig word, oorplasings, om nie eers te praat van geskenke nie. Huidiglik word die helfte van 'n werksdag van elke persoon aan die TISAB-RETCON projek bestee.

- Die moeilikheidsgraad van nuwe interim rekords wat ingevoer word, verskil drasties van mekaar, wat die invoer van 35 rekords per dag sterk beïnvloed.

- 'n Ander tydrowende aspek is dié van oordeel vel en besluitneming in verband met rekords reeds op die databasis. Hierdie inskrywings op SABINET, ingevoer deur ander instansies soos WLN, LC en BNB stem nie honderd persent ooreen met die inskrywing op TISAB nie. Twyfel bestaan dan of 'n nuwe interim rekord geskep moet word, en of ons die bestaande rekord moet aanvaar.

- Die verskil tussen invoere op DOBIS en die invoere op SABINET is geweldig en verg aanpassing en tyd aangesien nie een van ons regtig goeie "LC-MARC-stelsel" kennis besit nie.

Tot dusver het ons 585 rekords in vyf weke afgehandel. TISAB beoog, indien fondse beskikbaar is, om die TISAB-rekords wat uit 80 000 titels bestaan, op SABINET te plaas teen die einde van die jaar. Teen dié huidige slakkepas en met onvoldoende personeel lyk dit tans na 'n taak van onmoontlikheid.

LEZA PUTTER
Tydskrifadministrasie

---

TERLOOPS...



## BUITELANDSE BESOEK

Prof E D Gerryts vertrek 29 Augustus op 'n buitelandse besoek. Hy sal onder andere die Internasionale Vergadering van die Dobis/Libis Gebruikersgroep in Bregenz (Oostenryk) bywoon waar hy verslag sal doen oor die werksaamhede van die Dobis/-Libis Suid-Afrikaanse Gebruikersgroep. Hy sal ook 'n referaat lewer met die interessante titel: "The key to successful Dobis/Libis installation: How to manage the Three Horse Team - Library, Computer Centre and Vendor". Hy skop sy besoek af in Brittanje waar hy verskillende biblioteke sal besoek en gesprekke sal voer oor die nuutste inligtingtegnologie. Hy keer terug op Sondag 14 September.

---

Ons het 'n voëltjie hoor fluit dat prof Gerryts se ouers, mnr en mev E J Gerryts van Humansdorp verhuis. Mnr en mev Gerryts is ywerige lesers van <u>Biblikasie</u>. Ons vertrou dat die verhuising glad sal verloop en dat u baie gelukkige jare saam in u nuwe woonplek sal deurbring.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BESOEKE AAN DIE BIBLIOTEEK

Uit die jaarverslag van die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria (1985) kom die interessante inligting na vore:

BESOEKE AAN DIE BIBLIOTEEKDIENS

| Biblioteek | 1984 | 1985 |
|---|---|---|
| Landbou | 44 134 | 93 360 |
| MacFadyen | 43 310 | 51 470 |
| Medies | 75 322 | 83 666 |
| Merensky | 580 467 | 654 525 |
| Veeartsenykunde | 49 657 | 49 372 |
| Voorklinies | 80 806 | 92 233 |
| TOTAAL | 873 696 | 1 024 626 |

Kommentaar

Daar is 'n volgehoue toename in die benutting van die biblioteekdiens. Die toenemende druk op die infrastruktuur en personeel het geëskaleer tot 'n punt waar strategieë en aksieprogramme geloods sal moet word om die naderende krisis die hoof te bied. Dit is onrusbarend dat al meer gebruikers met al minder boeke bedien moet word.

## VERSOEK VAN SEKSIE SKENKINGS

Op Dinsdag 29 Julie of Woensdag 30 Julie het iemand 'n kartondoos met 53 boeke in Seksie Skenkings "afgelewer". Op die kartondoos is "dr De Lange!!!" in rooi geskryf. Daar is nie so 'n persoon op die UP personeellys nie en die skenker kan dus nie bedank word nie. As enige personeellid dalk kan help met meer inligting sal ons dit waardeer. U kan ons by Skenkings kontak.

L Pienaar

## FEMINISME - 'N INLEIDING

Feminisme is die leer en strewe na maatskaplike, sowel as ekonomiese gelykte regte van die vrou. (Terblanche en Odendaal, Afrikaanse Woordeboek).

Wanneer die doelstellings en strewe van hierdie vrouebeweging van nader bekyk word, blyk dit dat die bevryding van die vrou en haar vryheid om keuses te maak, eerste prioriteit geniet.

Slegs die noem van die woord 'feminis' is dikwels genoeg om 'n opmerking soos "mannehater" te ontlok. Feministe is egter nie in 'n stryd gewikkel met mans nie, maar wel met 'n sisteem wat vroue in 'n ondergeskikte posisie plaas op grond van biologiese eienskappe. Mans hoef nie deur feministe bedreig te voel nie. Feminisme het as doelwit die verkryging van die basiese regte en vryheid van die helfte van die mensdom.

Vroue wil gelyke regte hê, hetsy in die vorm van gelyke salaris vir gelyke werk, opleiding, diensvoorwaardes, statusverhoging of enige ander vorm van beloning. Die feministiese beweging het die vrou se verwagtinge op alle terreine van haar lewe uitgebrei. Hulle is steeds meer en meer bereid om te werk vir dit wat hulle wil bereik, beide in hulle beroepe eń in persoonlike verhoudings. Spesifiek in beroepsverwagtinge is die vrou steeds minder bereid om ongelyke en onbevredigende situasies te aanvaar. Geslag word ook steeds in die keuse van 'n beroep minder belangrik.

Die wetlike regte, strewe en verwagtinge van vroue geniet steeds meer aandag. 'n Vrou het voorheen twee keuses gehad: aanvaarding van die feit dat sy 'n vrou is, en daarom in 'n mindere mate 'n presterende individu, of dat sy 'n presterende individu is, en daarom in 'n mindere mate vrou. Hedendaags kan sy haar in albei rolle uitleef: as vrou en moeder, én as suksesvolle beroepsvrou. Sy kan intellektuele vervulling binne haar beroep vind, en emo-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

sionele vervulling binne haar huwelik en rol as moeder.

Feminisme het die volle sirkelgang voltooi. In die beginjare van die beweging (die sestiger-, en sewentigerjare) was daar druk op die vrou uitgeoefen om 'n beroep te hê, ten koste van huisvrou en moeder wees. 'n Beroep was as allernoodsaaklik gesien. Om huisvrou of moeder te wees, het geen gewig gedra nie. Hedendaags erken feminisme die waarde en die belangrikheid van tuisteskepping en moederskap.

Die belangrikheid van keusevryheid geniet voorrang. Dit gaan hier om die vryheid van die vrou om as individu, na gelang van haar belangstellings, aanleg, opleiding en unieke omstandighede, haar keuses te maak. Die vrou besluit self óf sy huisvrou wil wees; óf sy beroepsvrou wil wees, en óf sy beide wil wees.

Dit is natuurlik 'n aanvaarde feit dat meeste vrouens beide rolle vervul, naamlik die van huisvrou en beroepsvrou. Die beroepsvrou sien steeds na haar huishouding om, en dra daar die meeste van die verantwoordelikhede en verpligtinge. Wanneer vroue die beroepswêreld betree terwyl hulle steeds dieselfde hoeveelheid huishoudelike verpligtinge het, is die resultaat beslis nie bevryding nie, maar oorlading en uitputting. Drastiese veranderinge in die tradisionele siening van man-vrou-gedragspatrone en 'n meer gelyke verdeling van huishoudelike verantwoordelikhede en take is uiters noodsaaklik.

Die ideaal is steeds dat mense vry moet wees om hulle volle potensiaal te bereik, ongeag sosio-ekonomiese status of geslag. Die vrou is steeds besig om te groei in verskillende nuwe rigtings. Daar is stygende waardering vir die vrou se werk buite sowel as binne die huis. Die vrou het 'n waardebepaling van haarself en haar bekwaamhede gemaak, en besef dat sy oor die potensiaal beskik om te presteer en uit te styg. Op watter gebied sy wel sukses sal bereik, is 'n keuse wat sy self maak.

Sy is vry om haar merk te maak as huisvrou; as moeder; as beroepsvrou, óf as al drie gekombineer. Die belangrikste bly egter steeds die feit dat wat sy ook al doen, haar eie keuse was. Vir haar suksesse en mislukkings, vir haar hele lewe, is sy alleen verantwoordelik. Dít is die positiewe gevolg van die vrouebeweging: keusevryheid vir elke vrou.

Bronnelys


"On liberating people"
Pretoria News, Wednesday, July 2, 1986

LAMB, R W
"Feminism revised"
Fair Lady, October 20, 1982

ROSS-THOMPSON, M J
"Feminism"
Fair Lady, March 19, 1986

TAYLOR, V and RICHARDSON, L
"Feminist Frontiers Rethinking Sex, Gender and Society. Reading, Massachusetts: Addison-Wesley.
1983

JEANETTE MARAIS




"En sonder enige vrees vir teëspraak, kan ek hier bevestig dat ons een van die mins-diskriminerende maatskappye in die land is".



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE VROU IN DIE BEROEPSWêRELD

Sigmund Freud het gesê: "No other technique for the conduct of life attaches the individual so firmly to reality as laying emphasis on work, for his/her work at least gives him/her a secure place in portion of reality in the human community".

Tydens 'n onlangse marknavorsingstudie oor die Blanke vroue-verbruikersmark, is die volgende insiggewende bevindings gemaak:

- Sedert 1960 het die aantal vroue in die arbeidsmark met 'n merkwaardige 113% gestyg.

- Daarteenoor het die aantal mans in die arbeidsmark sedert 1960 met slegs 49% toegeneem.

- Statistieke toon dat drie uit elke tien persone in die arbeidsmark vandag vroue is.

Die nuwe demografiese indeling van hedendaagse vrouetipes is as volg:


Die loopbaangerigte vrou, wat haar keusevryheid uitoefen. Sy glo sy is vry om 'n beroep te kies en 'n loopbaan te volg, aldan nie.

Die "net-'n-werk"-vrou, wat hoofsaaklik om finansiële redes werk. Sy is nie loopbaangerig nie, en beplan nie om aan te hou werk nie. Sy werk dus buitenshuis omdat sy moet, en nie omdat sy dit so verkies nie.

Die "beplan-om-te-werk"-vrou, wat nie op die oomblik buitenshuis werk nie, maar beplan om dit wel in die toekoms te doen. 63% van hierdie vroue het kinders onder die ouderdom van vyf jaar.

Die "tuisbly"-vrou wat konformeer aan die tradisionele huisvrou-beeld, wat al haar tyd en energie aan haar gesin huis en huishouding wy.

**STEREOTIPIESE HUISVROU: 'N KRIMPENDE MARK**
**Blanke vroue in die arbeidsmark**




Uit bostaande voorstelling blyk die volgende:

- Slegs 23% van Suid-Afrikaanse vroue sien hulself in die rol van die tradisionele huisvrou, moeder en eggenoot.

- Onder die 51% vroue wat nie buitenshuis werk nie, beplan 11% om wel later te werk. 23% hiervan is tradisionele huisvrouens en moeders. Die oorblywende 17% is óf studente wat dus besig is om op 'n loopbaan voor te berei, óf afgetredenes.

- Onder die 49% wat reeds in die arbeidsmark bedrywig is, beskou 18% hulle werk as 'n beroep. Hulle is dus totaal loopbaangerig.

'n Besonder interessante feit wat gedurende hierdie marknavorsingprojek van mev Barbara Ross, direkteur van 'n vooraanstaande Suid-Afrikaanse advertensiemaatskappy, aan die lig gekom het, is die volgende:

- Meer Afrikaanssprekende as Engelssprekende werkende vroue beskou hul werk as 'n loopbaan. Steeds meer vroue word huidiglik in die arbeidsmag opgeneem en raak permanent in die beroepswêreld betrokke. Uit hierdie gegewens blyk dit dus dat vroue vandag in 'n toenemende mate al meer beroepsgeoriënteerd raak.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dit is interessant om te kyk na die verskillende loopbaanoriëntasies van vroue. Daar is diegene wat werk beskou as ŉ bron van persoonlike verwesenliking. Hulle beskou die ontwikkeling van ŉ loopbaan as van kardinale belang. ŉ Tweede groep word meer gemotiveer deur ekstrinsieke faktore, soos die behoefte aan sosiale kontak en stimulering. ŉ Laaste groep verkies om nie buitenshuis te werk nie, en vind meer bevrediging in hulle rol as huisvrou en gemeenskapsvrou.

Die belangrikste aspekte van werk kan as volg opgesom word:

- die geleentheid word aan die werker gegee om iets te bereik wat die moeite werd is.
- die geleentheid word gebied om iets te doen wat die werker goed laat voel oor hom- of haarself.
- die geleentheid word gebied om nuwe idees, metodes en werkswyses aan te leer.
- die geleentheid word gebied om eie talente, eienskappe en vermoëns te ontwikkel.
- die hoeveelheid vryheid wat die werker toegelaat word, bied geleentheid om inisiatief te gebruik, onafhanklik te werk te gaan en kreatief te wees.

Werk is ŉ essensiële en komplekse menslike funksie, en is vir elke individu lewensbelangrik. Werk word somtyds die fondament genoem wat die volwasse lewe in stand hou (Rogers, 1979, p 269). Mense het die behoefte om besig te bly. Werk bied nie slegs aan die vrou ŉ gevoel van nuttigheid en belangrikheid, sowel as selfrespek nie, maar verleen ook aan haar emosionele en finansiële onafhanklikheid. Sy beleef gevoelens van sukses en doelwitbereiking, ontwikkel ŉ sterker gevoel van ŉ eie identiteit, én ondervind selfvervulling en selfrealisering.

Vir die vrou kan daar geen vryheid wees sonder ekonomiese onafhanklikheid en ekonomiese sekuriteit nie. Die menslike ras verkeer tans in ŉ situasie waar groot besluite oor die tegnologie geneem moet word. ŉ Balans tussen die bevolking, tegnologie en navorsing kan alleen bereik word deur die vrou se belangrikheid as werker en individu in ag te neem.

Die vrou se aandeel in werk het in die verlede bygedra tot die huidige lewenstandaard. Die vrou se aandeel in die tegnologie is vandag nét so nodig, en dalk nog méér nodig, as wat dit tevore was, en is bowenal net so belangrik soos die man se aandeel in die daarstelling van harmonie en balans in die wêreld. Sonder gelyke deelname van man en vrou is ekwilibrium of ewewig onmoontlik (Lewenhak, 1980, p 277).

Gelyke deelname impliseer onder meer volkome ekonomiese gelykheid in die arbeidsektor, gelyke status en gelyke geleenthede. Gelyke salaris vir dieselfde kwalifikasies, opleiding en ervaring is ŉ vereiste vir gelyke deelname. Navorsing gedoen deur Bose (1983, p 317) toon dat tradisionele vrouewerk ŉ laer status geniet as die mansgedomineerde beroepe. Daar is ook gevind dat mans en vroue in dieselfde beroep ook nie dieselfde status geniet nie. In stereotipe beroepe is gevind dat daar teen die vrou gediskrimineer word. Die vrou word minder betaal as wat die beroep werklik werd is. Dit is ŉ totaal ongewenste en onbevredigende situasie.

Dit is uiters belangrik dat alle diskriminasie wat teen die vrou gevind word op alle vlakke van opleiding, werkgewing, status en vergoeding uit die weg geruim moet word. Sosiale verandering moet intree. Buigsaamheid en aanpasbaarheid is die eerste stap in die rigting van selfaktualisering en outonome funksionering. As gevolg van die ontstaan van nuwe waardes het ŉ nuwe lewenstyl ontstaan, waarin die individu eie verantwoordelikheid neem vir eie optrede, besluite, sukses en mislukking. Hierdie nuwe lewenstyl is vloeiend en dinamies, en verskaf moontlikhede eerder as wat dit rigiede vereistes daarstel. (Hall en Hall, 1979, p 16)

In hierdie lewenstyl speel die individu se eie houdings en voorkeure ŉ belangrike rol in die bepaling van beroepskeuses. Sowel die man as die vrou se behoefte aan ŉ goedgebalanseerde lewe word erken waarin beroep en huis, professionele verpligtinge sowel as familie-aktiwiteite ŉ ewe belangrike rol speel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dit is 'n realiteit dat die vrou se rol besig is om dramaties te verander. Die vrou het 'n individu geword met 'n reg tot beslissing oor haar eie lewe, met 'n reg tot die maak van eie keuses en die neem van eie besluite. Die vrou is tans 'n permanente deel van die beroepswêreld. In die toekoms sal die vrou se aandeel in die beroepswêreld steeds groter word, en haar rol en bydrae steeds omvangryker en belangriker.

Bronnelys


BOSE, C E and ROSSI, P H
1983
American Sociological Review
Volume 48. June, p 316-330


HALL, F S and HALL, D T
1979
The Two-Career Couple
London: Addison-Wesley

LEWENHAK, S
1980
Women and Work
Great Britian: William Collins Sons.

ROGERS, D
1979
The Adult to Aging: an Introduction to Aging
New Jersey: Prentice-Hall

Unisa-bulletin 1985
Volume 10, nommer 9. November, p 11


JEANETTE MARAIS



"Ek het pas aan haar gesê dat, aangesien sy die werk van vyf mans doen, ons haar salaris dienooreenkomstig gaan verhoog".

## 'N NUWE ERA VAN VROUWEES

Inderdaad het die vrou die afgelope tyd 'n merkbare verandering ondergaan. Die 'nuwe' vrou is meer selfversekerd, meer beroepsgerig, meer ingestel op sukses, meer bewus van haar eie vermoëns.


Wat my interesseer omtrent die 'nuwe vrou', gaan nie soseer omtrent die nuwe rol van die vrou nie, maar wel hoe die man reageer ten opsigte van die 'nuwe vrou' waaraan hy nie kan of wil gewoond raak nie. Die volgende algemene uitspraak is iets wat ek nogal heel dikwels aanhoor: "as sy met 'n man wil kompeteer, moet sy bereid wees om soos 'n man behandel te word." Die hele gedagte stuit my teen die bors. Persoonlik dink ek dit is waar die grootste probleem lê.

Bedoel die vrou werklik dat sy net soos die man wil wees? Dalk bedoel sy eintlik dat sy nou ook wil aanspraak maak op die ontwikkeling van haar eie vermoëns, die geleentheid wil hê om met haar eie talente te woeker en, indien suksesvol, sélf in staat te wees om die beroepsleer te klim.

Die 'nuwe' vrou wil nie soseer die man se eie, eksklusiewe plek van hom wegneem of met hom daarvoor kompeteer nie. Hierdie 'nuwe' vrou respekteer nog steeds die man, maar wil bowenal haarself wees en die meeste daarvan maak!

DIANA MINNAAR

VLAK 6



Oppas! Die onderdruktes kan die onderdrukkers word!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONS GESELS MET ...

### ANNIE PIENAAR

Annie Pienaar se verbondenheid aan die Universiteit van Pretoria en sy omgewing strek terug oor 'n kaleidoskoop van jare wat tot dusver afgespeel het binne 'n radius van vyf kilometer van die Universiteit. Sy is in Pretoria gebore, het skoolgegaan by Laerskool Pretoria-Oos en Afrikaans Hoër Meisies. Na matriek gaan werk sy voltyds by die Weerburo waar sy die verwerking van stralingsdata doen. Hierdie voltydse werk was aanvaar met die bedoeling dat sy na-uurs sal studeer vir onderwyseres.

Sy voltooi haar BA met hoofvakke Afrikaans en Staatsleer, asook die Hoër Onderwysdiploma, maar met die beleid wat die TOD destyds en tot nou toe gevoer het aangaande die toekenning van poste, is daar slegs op kleiner dorpe poste beskikbaar. Sy besluit om aansoek te doen vir 'n pos by die Merensky-biblioteek met die oog daarop om verder in Biblioteekkunde te studeer. Hierdie ommeswaai na die beroep waarin sy haarself die afgelope 21 jaar bewys het, kan teruggevoer word na haar laerskooldae as biblioteekprefek. Sy het menige middae in die skoolbiblioteek gewerk waar sy boeke weggepak het en kaartjies uitgeskryf het.

Sy skryf in vir HDB en doen in haar eerste jaar Biblioteekkunde I en II, in haar tweede jaar, Biblioteekkunde III en Frans I. Die vak Frans het haar benoude oomblikke laat beleef omdat dit 'n vereiste was dat sy diê kursus moet slaag indien sy haar HDB-kwalifikasie wil verwerf. In daardie dae was Duits of Latyn op matriekvlak en nog een vreemde taal op voorgraadse vlak, behalwe Engels en Afrikaans, 'n vereiste vir HDB.

Met haar HDB voltooi, begin sy in die Bestelafdeling werk en was daarna in alle afdelings van Merensky werksaam, behalwe Tydskrifte. Intussen byt die gogga om weer verder te studeer en sy skryf by UNISA in vir BA met Engels en Kommunikasiekunde. Haar voorliefde vir Engelse letterkunde spruit uit haar ma se liefde vir Shakespeare - 'n skrywer met wie se werk sy so goed vertroud was dat sy passasies uit sy werk kon voordra.

Met haar aanstelling as vakbibliotekaris vir Staatsleer, skryf sy vir die kursus BA (Hons) in Staatsleer in en voltooi daarna haar MA. Behalwe haar betrokkenheid as vakbibliotekaris met hierdie vak, het die feit dat sy in 'n huis grootgeword het waar politiek 'n lewendige besprekingspunt was, en met 'n dosent soos prof Nieuwoudt wat haar as student baie geinspireer het, kon dit nie anders dat sy 'n groot belangstelling vir hierdie vak ontwikkel het nie.

Maar die gevoel van rustigheid en tevredenheid wat sy in haar pos as vakbibliotekaris vir Staatsleer ondervind het, word onderbreek. In 1978 word sy as hoof van die Mediese Biblioteek aangestel. Gedurende die vier jaar by die Mediese biblioteek doen sy haar Honneurs in Biblioteekkunde.

In 1982 keer sy terug na Merensky as assistent-direkteur. Tans is sy besig met haar MA in Biblioteekkunde met as onderwerp: Inligtingmakelary.

Op die vraag of sy nie 'n ander beroepskeuse sou gemaak het as sy weer kon kies nie, het sy geantwoord: "Ek is nie spyt oor die rigting waarin ek beweeg het nie, maar as ek vandag oor kon begin en gesien in die lig van vandag se toestande, sou ek waarskynlik in 'n dierkunde-plantkunde-rigting, soos wildbewaring, beweeg het."

Dit sluit aan by haar belangstellings: stap, boomkyker en voëlkyker. Sy is ook lief vir tuinmaak, alhoewel sy al daarby berus het dat haar tuin nooit so goed soos Anne van Zijl s'n sal lyk nie. Binnehuis hou sy daarvan om kalligrafie en kunsnaaldwerk te doen.

Annie Pienaar is 'n sprekende voorbeeld van 'n vrou wat in haar beroep ver gevorder het sonder om ooit te vergeet van die persoon agter die mens.

Ek glo nie ek is verkeerd as ek namens die hele Biblioteekdiens, veral die mense wat al 'n lang pad saam met haar loop en die persone in die vakbibliotekarisstelsel wat onder haar ressorteer, vir haar dankie sê vir haar geduld en bereidwilligheid om altyd na ons te luister, vir haar ondersteuning en begrip, en les bes vir haar droë sin vir humor wat altyd uit die bloute kom en jou laat uitbars van die lag.

Dankie.

ELSABE VAN DER MERWE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## HOEKIE VIR EENSAMES

Kollegas, as julle onder die indruk verkeer dat hoekies vir eensames 'n moderne verskynsel is, slaan julle die bal vér mis.

Op 19 Julie 1695 plaas 'n Engelse blad die volgende advertensie, vryelik vertaal: "Heer, 30 jaar, in besit van 'n aansienlike fortuin, wil 'n huwelik sluit met 'n jong dame wat oor 'n bruidskat van minstens £3000 moet beskik."

Hierdie eerste huweliksadvertensie in die wêreld was deur menige leseres en leser as 'n eienaardige grap beskou. Spoedig het dit egter rugbaar geword dat die adverteerder wel 'n jong dame gevind het wat aan al sy vereistes beantwoord het.

Die resultaat van hierdie advertensie was dat koerante in Engeland en Europa reekse sulke advertensies ontvang het. Die eerste vrou wat dit gewaag het om in 1727 in 'n Manchester koerant so 'n advertensie te plaas, het egter die wind van voor gekry. Die mense het hierdie advertensie so belaglik en eienaardig gevind dat hulle die betrokke dame vinnig in 'n tehuis vir geestelik gesteurdes opgesluit het. Na vier weke kon die geneeshere geen ernstige afwykings by haar bespeur nie en sy is weer vrygelaat. Geen halwe eeu later nie was die vraag en aanbod op die huweliksmark so groot dat in Frankryk 'n nuusblad opgerig is wat uitsluitlik uit sodanige advertensies bestaan het. Mans wat te kieskeurig was of wat liewer aspirant-kandidate van aangesig tot aangesig wou beskou, kon na die eiland Wight gaan. Op hierdie eiland was dit aan die einde van die agtiende eeu die gewoonte om vrouens op huweliksmarkte aan te bied. Uit 'n berig in "The Times" van daardie tyd is gemeld dat daar ernstige prysstygings op hierdie gebied was. In plaas van 'n halwe ghienie moes daar drie en 'n halwe ghienie vir 'n vrou betaal word. Die korrespondent van die koerant het gesê dat die voortdurende toenemende waarde van die vrouegeslag gesien moet word in die lig van 'n opkomende beskawing.

Euripides het in sy tyd (408 vChr) dit so gestel: "Die beste van alle rykdomme is om 'n goeie vrou te vind." Salomo het dit so gestel: Spreuke 31:10: "wie sal 'n deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale".

Met hierdie wyse woorde van wyse manne groet ek vanuit die Instituut.

Jo Breed

Met erkenning: W van Stuijvenberg : 5000 Jaar daaglijks leven; Barok en Rococo.

## VANDAG

Ek het vinnig nader gestaan
om te luister na die helder klank
van die voëltjies digby my venster
se soet en deurdringende lied,
maar die sang is verdring
deur die oorverdowende gebrul
van vliegtuigmotore bo-oor my dak.

Die beeld van die drie duifies
wat haastig oor die teerpad skarrel
om te ontkom aan die motorwiele
wat rakelings by hulle verbyflits,
het voortdurend voor my oë verskyn,
en die vaalheid van die naderende winter
het venynig om my toegevou.

JEANETTE MARAIS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SKRYF VIR MY 'N BRIEFIE!

Enige mens wat in die Biblioteekdiens werk en kla dat hy te min pos kry, moet sowaar sy kop laat lees. Die briewe, lêers en pakkies wat daagliks ons paaie kruis, laat mens ietwat afgehaal voel as jy smiddae jou posbus tuis oopsluit, en die totale inhoud daarvan is vensterkoeverte en rommelpos.

Die massa pos wat 'n mens daagliks hanteer, maak jou ook kieskeurig oor watter eerste aan die beurt kom. Eers vinnig die stapeltjie deurkyk of daar nie dalk 'n SOMS-tjek, of 'n salarisstrokie is nie, al is die bedrag daarop die afgelope ses maande dieselfde.

Tweedens kom dit wat spesifiek aan jou gerig is, en regtig jou aandag nodig het aan die beurt, en derdens eers die algemene pos. O ja, eintlik moet ek sê al die onnodiges word eintlik heel eerste eers in die rooi lêer gebêre.

Lekker pos? Daarvan is daar vele. Soos Veeartsenykunde se prentjies wat hulle pos vergesel, en dan so nou en dan so 'n terloopse nota tussenin wat sê: "Ons hou van julle dokters!"

Swaarkry met lekkerkry klaarkry? Dis nou Martie van der Walt se briewe. Sy beduie so lekker en skryf sulke lekker briewe dat die helfte van die turksvy se dorings uit is voordat die brief klaar gelees is, of dit nou 'n gespook oor 'n skoon biblioteek of 'n gesweet in 'n benoude biblioteek is. En ons het lankal geleer wie Cherry Blossom, Apple Pie, die Filistyn of die hoof-slawedrywer is.

Slegte pos? Die wat so saam met die beeste huis toe kom. Hulle het geen pa of ma nie, en duik gewoonlik op as jy jou rug net 'n oomblik draai. Niemand weet waar kom dit vandaan nie, niemand weet waar moet dit heen nie en jy's te bang om dit summier weg te gooi.

Geldmorspos? Dis wanneer vier afsonderlike briewe oor dieselfde onderwerp aan vier vakbibliotekarisse in een en dieselfde biblioteek in vier splinternuwe, amptelike universiteitskoeverte kom. 'n Nota, 'n tyd gelede in Biblikasie, dat ou koeverte op 'n sentrale punt in Merensky gelaat moet word, omdat die takbiblioteke dit nodig het, het my half skuins laat opkyk. Ek sou dink álmal het dit nodig. As ons by die koeverte begin, kan vele rande gespaar word vir ander broodnodige sake.

Ek het netnou verwys na die pos wat gewoonlik heel laaste aandag kry. Dis gewoonlik interdepartementele briewe waarop daar net staan Van: Tydskrifte; Aan: Medies, met een of ander navraag daarin. 'n Briefie van Julene aan Magriet word met veel meer respek en aandag behandel. Onthou die plek waarheen jy 'n navraag rig, het genoeg ander geïdentifiseerde sake om hom mee besig te hou dat sulke vae sake baie maklik sneuwel in jou daaglikse doen en late.

So 'n paar voorstelle wat korrespondensie en kommunikasie sal vergemaklik:

Wat van 'n lêer in elke afdeling - selfs twee waar dit nodig is, waarin al die mense in die Biblioteekdiens se hooftake opgeneem word? Tydskrifte het 'n uitstekende begin gemaak met hulle omsendbrief oor wie vir watter kardeks verantwoordelik is, en so bestaan daar lyste vir die vakbibliotekarisstelsel en ontsluiting ook, maar met die daaglikse stroom papier raak hierdie lyste maklik begrawe en vergete. Met so 'n lys by elke telefoon kan mens mos dadelik kyk watter gedeelte van Ingenieurswese hanteer Piet, en watter Rina, hoe het Anne en Anneline hulle werk verdeel, wie hanteer die toonbankstatistiek by Medies, die geldsake by Voorklinies en interbiblioteeklenings by Veeartsenykunde. Wat is Beplanning se nuwe naam, en Topbestuur se range nou? So 'n losbladlêer waarin die bladsye waarvan die inligting verander, gereeld vervang kan word, kan korrespondensie en verhoudinge net verbeter.

Skryf jou naam op korrespondensie en rig dit aan die regte persoon (kyk gou in die lêer!). 'n Nota van Algemene Administrasie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

aan Takbiblioteek Medies sê niks, maar as Jan de Bruin vir Hannie van der Merwe iets vra, gaan die brief nie swerf nie. Die stapels pos van seksie- en afdelingshoofde sal aansienlik verminder en inligting sal vinniger kom waar dit benodig word.

Daar is seker nog veel meer voorstelle om kommunikasie beter en goedkoper te maak. Vul gerus aan en ek voorspel 'n vinnige en vriendelike Biblioteekdiens kort voor lank!

MAGRIET LEE



O, terloops ... het julle my omsendbrief oor omsendbriewe gekry?

**IN EN OM MERENSKY**

Dagboek

15 - 19 September

SAIBI-Konferensie 1986
Protea Gardens Hotel, Berea, Johannesburg

24 Oktober

08h00
Senior seminaar: Die inligtingsbehoeftes van landbouvoorligters: Mev J Bornman
Lokaal: 4-3 Opvoedkunde-Regsgeleerdheid-gebou. Aangebied deur Departement Biblioteek- en Inligtingkunde

Kuns

9 - 19 September

Kunsuitstalling: Elly Holm
Intersaal, Ou Letteregebou

Musiek

3 September

19h30
Pretorium Trust Beurswenners:
Openbare konsert (sien berig onderaan)

4 September

13h10
Universiteit van Pretoria Simfonieorkes onder leiding van Alan Solomon.

11 September

13h10
Anneli van Rooyen
(Luisterliedjies)

17 en 19 September

19h30
Universiteit van Pretoria Simfonieorkes onder leiding van Alan Solomon

25 September

13h10
Derek Ochse (viool)
Erika Bothma (klavier)

2 Oktober

13h10
Willemien Kurpershoek (franse horing)
Spencer Pitfield (klarinet)
Michael Snyman (viool)

vermaak





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## PRETORIUM TRUST BEURSWENNERS

Op Woensdag, 3 September 1986 om 19h30 vind ŉ Openbare Konsert deur die Pretorium Trust Beurswenners in die Musaion, Universiteit van Pretoria plaas. Hierdie konsert word aangebied deur die Departement Musiek, Universiteit van Pretoria.


Reeds sedert die instelling van ŉ Departement Musiek aan die Universiteit van Pretoria in 1961 het die Direksie van PRETORIUM TRUST besluit om by te dra tot die opleiding van jong musici. Oor die afgelope 26 jaar is daar 171 beurse toegeken en 6 eretoekennings gemaak. Daar word jaarliks sewe beurse aan belowende musiekstudente van die Universiteit toegeken.

Die Pretorium Trust Beurswenners vir 1986 is:

Deon Agenbach
(Orrel) B Mus III (uitvoerende kuns)
Olive D'Vida Coetzee
(Klavier) B Mus IV (uitvoerende kuns)
Willemien Kurpershoek
(Klavier) B Mus III (uitvoerende kuns)
Jeanne-Louise Malan
(Altviool) B Mus IV (uitvoerende kuns)
Gisela Oellermann
(Klavier) B Mus IV (uitvoerende kuns)
Spencer Pitfield
(Klarinet) B Mus I
Suzanne Swanepoel
(Viool) B Mus I

Die volgende werke sal onder andere tydens die konsert van ongeveer 60 minute uitgevoer word:

Sonate in E-mol, Hob XVI: 52 (klavier) (Haydn), Romanze in G (viool) (Beethoven), Prelude, op 32 nr 10 in b (klavier) (Ragmaninow)
Sonate in E-mol, op 120 nr 2 (klarinet) (Brahms), Etude, op 25 nr 7 in c-kruis (klavier) (Chopin), Sonate "Le Tombeau" (altviool) (Jean-Marie Leclair) en Simfonie nr 5 in f (orrel) (Charles-Marie Widor).




VERJAARSDAE

SEPTEMBER

3 - Mnr Dirk Bezuidenhout (Regte)
7 - Mev Annatjie Myburgh (Algemene Administrasie)
9 - Mej Diana Minnaar (Vlak 6)
15 - Mnr Dawie Hughes (Bindery)
18 - Mej Katrien Blomme (Tydskrifte)
19 - Mej Sophia Möller (Medies)
20 - Mev Anita Rossouw (Musiek)
Mnr Willie Porter (Bindery)
23 - Mev Annemarie Pienaar (Tiksters)
Mnr Neels du Plessis (Algemene Admin)
25 - Mev Denise Wheeler (IBL)
27 - Mev Erika van der Westhuizen (Veeartsenykunde)
Mev Ria Viviers (Regte)
Mnr Dirk Faveere (GSV)
28 - Mev Laura Pienaar (Voor-ontsluiting)
30 - Dr Henk de Bruin (Onder-direkteur)

Baie geluk aan Rynette Nel wat op 27 Julie getroud is met Hannes Steyn. Ons wens hulle voorspoed en geluk toe.


Ons wil aan Rentia Pretorius sterkte en beterskap toewens, sowel as ŉ spoedige herstel na haar operasie en gepaardgaande hospitaalverblyf.

Ons innige simpatie aan Erika van der Westhuizen wat haar vader in Julie verloor het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TREFFERS




FILMS

## GANDHI

Internasionale Filmfees Transvalia (8-30 Augustus)

In hierdie boeiende film, wat 180 minute duur, speel die lewensverhaal van Mahatma Gandhi voor ons oë af. Hy het van 'n vasberade jong prokureur gegroei tot 'n wêreldwye simbool van pasifisme en lydelike verset of'Satyagraha'. Veral sy lewe en lotgevalle in Suid-Afrika word uiters treffend weergegee.

Die uitstekende hoofrolvertolking van Ben Kingsley het aan hom die Oscar vir beste akteur besorg. Die prent is met sewe verdere Oscars bekroon, onder andere vir die beste rolprent van 1982. "Gandhi" is beslis die moeite werd, ēn is bowenal 'n prent wat elke Suid-Afrikaner behoort te sien.

JEANETTE MARAIS

## JOSHUA THEN AND NOW

James Woods lewer as Joshua Shapiro, 'n suksesvolle Joodse skrywer, 'n onverbeterlike vertoning. Hy slaag daarin om terselfdertyd skreeusnaaks en doodernstig te wees. Hy is bejammerenswaardig en dwing tog respek af. As kind moes hy opgewasse wees teen 'n pa wat 'n bendelid, rower en tronkvoël is, en 'n ma wat as ontkleedanseres haar brood wil verdien.

Joshua vra egter nie om verskoning vir sy agtergrond, opvoeding of geloof nie. Hy kyk die wêreld vierkantig in die oë en sê alles en almal wat in sy pad kom staan, die stryd aan. "Joshua Then and Now" slaag daarin om komedie en erns; humor en patos tot 'n hoogs aanskoulike en hegte eenheid te verbind, en is 'n besonderse en genotvolle film.

JEANETTE MARAIS

## KOOK IS 'N METODE...

Thea laat weet toe een oggend in April: "Môre is die laaste Dagboek-statistiek". Is dit moontlik? O, salige gedagte! Nou sal ek ekstra aandag aan die heel laaste ou vormpie gee en sommer mooi skryf ook vir 'n slag.

Maar as Thea al ooit in haar lewe gejok het, was dit dié dag. Sy het nie geweet wat haar buurvrou besig was om uit te dink nie (met Dr Trichardt weet mens in elk geval nooit nie).

Kodering. Nekslag. Dit laat die ôû dagboekstatistiek soos 'n piekniek lyk. En dit het die snaaksste uitwerking op mense. Die vakbibliotekarisse en assistente loop met die vreeslikste gepynigde uitdrukkings rond, of sit in 'n stil hoekie met 'n afsydige spreek-my-nou-net-aan-houding. En kyk hulle nog vir jou, sien jy net nulle - nulle en neges. Almal is besig met Graad I Rekenkunde, met ander woorde verwerkings tot somtotaal 9. En dr Trichardt is bo-aan die gewildheidsleer!

Met so 'n vorm het mens natuurlik jou "sports" ook (veral 3-uur in die oggend). Waar op aarde druk ek "vroeë oggend koffie" in dat dit nie te sleg lyk nie, en "vertel van gisteraand se fliek?" Is dit "nie-amptelike aktiwiteite?" Nee, man, "nie-amptelike aktiwiteite" is net vir tyd afneem, en ... jy weet mos wat nog. O, aarde, hier's 'n uur weg. Nou wat sou ek in hom gedoen het? Wat van "opruim" vir 'n slag (ek doen dit tog in elk geval tweederdes van die dag). En iewers in jou sê 'n stemmetjie: "Kook is 'n metode van iets gaarmaak met ..." Aag, snert. Kook, bak of braai, vergeet die metode solank die spul net gaar kom. Maar ons is mos al oulik, ons gebruik 'n drukkoker. Kyk, onder druk word die onmoontlike moontlik in 'n bitter kort tyd. Negentig vorms in 'n dag en 'n nag! Wil gedoen wees, hoor.

Waar plaas ek "Groet?" A! ... nou weet ek: "Werksgesprek".

Tot volgende keer
ANNE VAN ZIJL



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Statistiek 1211 00000 (5)

Nie ampt. 132 00000 (5)

Soek Boek. 010561 000 (3)
Tydstr. 010562 000 (3)

WEG!

Werkgesprek: Ass 13021 0000 (4)
Kolleg. 130220000 (4)

Telefoon Ampt 130510000 (4)
Roep. 130530000 (4)

Gesels 130 3 (5)


SDI Tydskrifte: 0602 (5)

Tee 13211 (4)
Ete 13212 (4)

Admin 12 (7) 9 (5)

Afpos. 12012 (4)
Posm. 1201 (5)
Korresp. 12011 (4)

Dialog Soektog 010511 (3)
12120000 (5)






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BIBFLITSE

### VOORONTSLUITING

Ons is aan die begin van groot woelinge in ons seksie ...

Drie van ons personeellede ontvang reeds opleiding in katalogisering. Ons seksie is aan die begin van die oorskakelingsfase waar ons tesame met die prosessering van bestellings ook die katalogisering van nuwe boeke gaan behartig.

Elke voorontsluiter het dus ŉ makro-ontsluiter wat ons in die fynere kunsies van katalogisering oplei. Ons hoop om hierdie taak in Januarie 1987 finaal oor te neem. Ons werksdag is so ingedeel dat ons van halfagt tot teetyd katalogisering doen, na teetyd tot etenstyd bestellings, terwyl die middae vir enige van die twee take gebruik kan word. Ons hanteer nou ook die nuwe boeke nadat dit ontvang is, en nie net die bestelkaarte nie! Voorheen moes ons met opsigboeke tevrede wees.

Daar is weer fondse toegeken om boeke te bestel en die bestellings stroom in. Minda Meyer en Louise Mayer van Boekontvangste sal ons met die bestellings behulpsaam wees.

Die voorontsluiters en makro-ontsluiters gaan Donderdag gedurende etenstyd ŉ piekniek op die kampus hou. Ons is bly vir die geleentheid wat ons kry om gesellig saam te verkeer. Ons sê baie dankie aan die makro-ontsluiters wat ons gaan oplei. Baie dankie ook aan Minda en Louise vir hulle hulp met die bestellings. ŉ Groot dankie aan my span voorontsluiters vir hulle positiewe ingesteldheid, gemotiveerdheid en samewerking. Ons sal beslis bo uitkom!

RITA BOTES

### MAKRO-ONTSLUITING

Die oorplasing van Africana-boeke na die ooprak, was ŉ projek wat my aanvanklik na my tasse wou laat gryp het. Ou, stowwerige boeke wat uitmekaar val en kaartjies wat in die houtkatalogus onttrek moet word, is nou nie juis ŉ ontsluiter se idee van Utopie nie. Ek moes toe my kop in skaamte laat sak ... want wat ŉ rykdom van Suid-Afrikaanse geskiedenis is nie in hierdie bronne vervat nie! My oë het oopgegaan vir die werklike betekenis van Africana. Saam met Gideon Scheepers en Jopie Fourie het ek die onreg van hulle teregstellings beleef, en die opwinding van die ontdekking van goud en diamante het saam met Barnato en Rhodes ŉ werklikheid geword.

Dit was ook ŉ belewenis om die Vryheidsoorlog uit die oogpunt van beide Boer en Brit te beskou. So het die vertellinge van ŉ "tommie" my laat besef dat hulle ook maar net pionne was, en bevele moes gehoorsaam. En dan was daar die boeke oor "hênsoppers" en "hanskakies", maar ook dié van helde soos oom Paul en De Wet wie se glorie vandag nog voortbestaan.

Vir diegene met ŉ liefde vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis is hierdie boeke nou klaar ontsluit en op die oop rakke beskikbaar. Lekker lees!

Huiskoors in Makro-Ontsluiting

Huiskoors het Makro-Ontsluiting beet! Dit kyk en koop en bou met ŉ baldadigheid wat jou net jou hande kan laat saamslaan. Amelia se huis trek nou dakhoogte en ŉ vorderingsverslag moet daagliks gegee word. Susan wag in spanning dat haar lening goedgekeur moet word. Met kenmerkende determinasie maak sy al klaar planne om die onbekende buurman se ewe onbekende hond van haar grasperk en haar katte weg te hou. Sterkte Susan! Ek wil nie soos ŉ doemprofeet klink nie, maar na ŉ deeglike studie as buitestaander, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat jy maar so pas die eerste wankelrige treë gegee het op die traumatiese pad van ... HUISBOU.

Slim Elza lag heerlik in haar mou want sy en manlief het al die slaggate netjies vrygespring deur huis te koop. (Ek wonder



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

wat hiër die vangplek is?) Magda se skilderye is nog nie eers teen die mure nie en die ongeduriqheid het haar al klaar weer beet ... net 'n nuwe motorhuis kon dit stil.

Aan al julle huiseienaars - ons is saam met julle bly oor hierdie groot bonus in julle lewe. Sterkte met die grasplant, water aandra, bossies uittrek, skoffel, hark en ... die lys is te lank om te noem!

Laaste maar nie die minste nie, welkom terug aan almal na 'n welverdiende blaaskansie - veral aan Sjeuwke wat Suidwes-Afrika gaan verken het.

ESTELLE ELS

## AFRICANA

Africana se personeel is ná die Julie-vakansie weer almal terug op hul poste. Daléne het gelukkig herstel van haar operasie in Junie, en moes Juliemaand weer kwaai bontstaan om al die gebruikers te help.

Een van die snaaksste opdragte wat ek nog gekry het, was om 'n inventaris op te stel van alle museumstukke in die biblioteek. As gevolg van hierdie rare opdrag moes daar met die verskillende vlakke in die biblioteek geskakel word. Elke keer was daar dieselfde reaksie, "Hier is niks by ons nie ... tensy jy mý naam op die lys wil skryf".

Daar was wél interessante items wat opgespoor is, onder andere drukkers-werktuie van vervloë dae, byvoorbeeld handperse, 'n blokpers, 'n versierstel waarmee die ou boeke versier is; 'n 'His Masters voice' grammofoon, en verskillende soorte papier van lande soos Sjina en Japan. Daar was papirus uit Sicilië, palmblare met skrif op; 'n spoor en leersak gebruik deur dr Juriaanse in die Anglo-Boereoorlog; 'n koperbriefoopmaker wat dateer uit die vroeë dae van TUK; 'n gedenkbord van die 25-jarige fees van Afrikaanswording, 'n Voortrekker-eeufees-gedenkmunt 1838-1938, 'n Engelse bajonet wat uit die Anglo-Boereoorlog dateer en talle ander besonderse voorwerpe.

Ek wil laastens vir die Ontsluitingsafdeling van harte bedank vir hul wonderlike samewerking om Tukkiana-voorraad so vinning te ontsluit. Dit gebeur soms dat die skrywers my besoek en dan wil sien of die boeke deur hulle geskenk reeds op die TUK-rak is, of nie. Dit is dan moontlik om vir hulle te wys dat hul publikasies reeds beskikbaar is.

OLIVIA WEBB


## VEEARTSENYKUNDE

### KROKODILLE EN HUL GRILLE

Wie sou kon glo dat Veeartsenykunde-biblioteek vir Sun City 'n rekenaarsoektog sou moes doen! Die bestuurder van die Reptielpark daar het ons onlangs genader om inligting oor siektes en reproduksie van krokodille.

Oor reptiele spesialiseer min veeartse. Lt Verseput wat verlede jaar by ons afgestudeer het en nou as dienspligtige by Onderstepoort werk, het reeds as student groot belangstelling in die koudbloedige wesens getoon. Hy word dikwels deur krokodilboere geraadpleeg en dit is deur sy toedoen dat ons by Sun City betrokke geraak het. ('n Rekening is aan hulle gestuur - die versoeking was groot om die bedrag te verdubbel!)

Een van ons dosente, dr Nesbit van die dept Patologie, is ook besig om 'n "krok"-spesialis te word. Hy is deur die 'Lebowa Crocodile Rearing Unit' by Chuniespoort genader om navorsing oor die uitbreek van siektes te doen.



WEET U:

Die krokodil kan meer as 100 jaar oud word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

In SA kan hy ongeveer 5,5 meter lank word met 'n massa van sowat 1000 kilogram.

Hy het tussen 70 en 75 tande, maar kan nie kou nie. Kos word heel ingesluk.

Die meeste krokodille kom in die Olifantsrivier voor.

Feite bekom uit CUSTOS Augustus 1986.


Erica van der Westhuizen

## LANDBOU

Hier by ons kan dit nie anders as baie goed gaan nie. Ons is nou drie in die kraal en een ...

Silvia de Beer is 'n baie welkome toevoeging hier en is reeds goed ingeburger. En kan sy lekker tee maak! Met die studente gaan dit ook baie beter. Hulle kry mos nou byvoeding twee maal 'n week vandat Johan Avenant Donderdae en Saterdae na-uurse diens doen.

Met die Toonbank onder Silvia se sorg en die "ekstras" onder Johan, lyk ons ander twee se tafels al baie beter en begin lang-agterweë take nou aandag kry.



Met ons eie gras so welig, lyk die gras anderkant die draad vir ons beslis nie meer groener nie!

Anne van Zijl

## FIKSHEID

Drie keer 'n week verlaat sommige van die Merenskypersoneel die gebou met 'n ligte tred. Hulle is op pad na die Sportsentrum en niks moet in hulle pad kom nie. Aanvanklik was daar net een of twee mense by die aërobiese oefening, maar die getal





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

groei steeds. Twee van die gereelde "span" het in ŉ "winterslaap" gegaan, maar hulle is nou weer terug. Hulle het beslis die lente in die lug gevoel.

Die graad van soepelheid wissel van "super" tot "stokstyf". Die dames probeer egter baie hard. By die klasse hoor ŉ mens ŉ sug of ŉ giggel as jou bene so knoop dat jy nie kan onderskei tussen links en regs nie. Ek praat nie eers van koördinasie nie! Ons is almal dit eens, ons kan net baat by die oefening al gaan dit hoe moeilik!

By ŉ seminaar oor die totale vrou het mnr Gert Potgieter beklemtoon hoe belangrik dit is om gereeld te oefen. Hy het gewaarsku teen ongereelde oefening en ŉ baie belangrike feit beklemtoon naamlik "train don't strain".

Hy het die volgende aangehaal, "beauty is a lifetime contract", en gesê dat skoonheid op gereelde oefening en goeie eetgewoontes berus.

Hier volg sy uiteensetting van die positiewe benadering tot fiksheid:

1. Oefening moet genotvol wees.
2. Moenie jouself forseer nie - begin stadig, bou progressief.
3. Hou drie fiksheidkomponente in gedagte:
   - uithouvermoë
   - krag
   - vaardigheid
4. Aanvaar die beginsel:
   - loop is beter as staan
   - staan is beter as sit
   - sit is beter as lê

A. DIE HART

- Uithouvermoë - oefening veral - versterk die hart, terwyl geen oefening die hartspiere verswak.
- Die sterker hartspier word beter met bloed voorsien terwyl die geoefende hart meer bloed per slag as die ongeoefende hart kan pomp.

B. SIGARETTE

- Die rook van veral sigarette benadeel onder andere die volgende organe: maag, derms, hart en bloedsomloop.
- Nikotien kom in aanraking met feitlik elke liggaamsdeel, ook die sensitiewe senuselle.


C. ENERGIEVERBRUIK IN 30 MINUTE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sit | 47 kcal | = | 197 kj |
| Stap (4km/h) | 150 kcal | = | 628 kj |
| Ver draf | 375 kcal | = | 1570 kj |
| Dans | 250 kcal | = | 1047 kj |
| Tennis | 200 kcal | = | 837 kj |
| Gholf | 150 kcal | = | 628 kj |
| Swem | 200 kcal | = | 837 kj |

Fiksheid is ŉ persoonlike saak: oefen gereeld twee of meermale ŉ week. Jy sal nie alleen fikser, fermer en slanker word nie, maar ook spanning en krisisse beter kan hanteer en jou selfbeeld sodoende verhoog.

Bronne:
Potgieter, G. Seminaar: Die Totale Vrou. Pretoria, Instituut vir Sportnavorsing.
Roy, S en Irvin, R. Sport Medicine. New Yersey: Prentice-Hall, 1983

Hannie Bezuidenhout




**O N T H O U !**

Die week van **1 tot 5 September** is amptelik tot **Nasionale Produktiwiteitsweek** verklaar.


Die UP-Personeelvereniging se stokperdjie-uitstalling duur vanaf **22 tot 26 September** in die Rautenbachsaal.

**LENTEDAG, Woensdag 17 September 1986.**




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## GROOT-EET-KOMPETISIE



Die studente wat werksaam is by Merensky, sorg vir menige interessante dinge. Die kompetisie tussen **Thys van der Berg** en **Louis Botha** was straf ... ek meen om te kyk wie die dikste, lekkerste, grootste toebroodjie werk toe kan bring, vra baie van 'n man.




## IN DIE KOL ...




Voorontsluiting se mense

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# A A N S T E L L I N G S



Japie Jordaan
Ongetroud
Aangestel by: Toonbank
5nm - 11nm
Vorige ondervinding: Student UP, Weermag
Poskantoor
Belangstellings: Annamarie, musiek (maak en luister), swot en slaap



Louw Groenewald
Ongetroud
Aangestel by: Reprografiese Dienste
4nm - 10nm
Vorige ondervinding: Student UP
Belangstellings: Meisies, musiek, lees swot en "sports"

Mnr Carel de Bruyn is aangestel by Veeartsenykunde biblioteek. Hy werk Dinsdae en Donderdae vanaf 5nm - 8 nm

Mev C N Swift los by Klinikala biblioteek af tot 31 Oktober 1986

Louis Botha verskuif vanaf Reprografiese Dienste na Toonbank waar hy 'n voldagpos sal beklee

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BEDANKINGS




Nelene Kotze vertrek saam met haar man oorsee


Sylvia de Beer gaan weer huisvrou wees



## OPLOSSING VAN VERLEDE MAAND SE RAAISEL !



Annie Pienaar het haar sleutels verlê - en Gideon moes inbreek.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# MEJ ANNIE PIENAAR - EEN EN TWINTIG JAAR IN DIE BIBLIOTEEKDIENS

**Mej Annie Pienaar** het die afgelope een en twintig jaar gevorder tot **Assistent-direkteur van Inligtingsdiens**





**Mej Annie Pienaar** ontvang haar geskenk van **prof E D Gerryts** tydens die funksie wat vir die geleentheid gereël is.



## BESOEKERS VAN DIE BIBLIOTEEKDIENS VAN DIE UOVS

Bogenoemde persone het besoek kom aflê by Merensky-biblioteek met die oog op samesprekings met sommige van die personeellede
**Voor van links na regs:**
Mev Zouna Fonternel, dr Molly Hills, Mev Maryna Spies, mnr Herman van Dyk.
**Agter van links na regs:**
Mev Bella Odendaal, mev Monica Hammes, mev Norrie Nel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

SEPTEMBER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## I N H O U D S O P G A W E


DIE EERSTE Sê .................................................... 1

REDAKSIONEEL .................................................... 2

SOCIUS-STATUS AAN MEV BETTIE LANGKILDE .......... 2

POSTEBESKRYWING, PRESTASIE-EVALUERING EN
STATISTIEKHOUDING ............................................... 3

MENINGSOPNAME VAN 'N PAAR PERSONEELLEDE .... 4

ONDERHOUD GEVOER MET PROF C D POTTAS ......... 7

"PERFORMANCE MEASUREMENT" ........................... 10

TERLOOPS ... .................................................... 10

STYGINGS IN BOEKPRYSE ........................................ 11

IN EN OM MERENSKY ............................................. 12

KENNETH BIRCH .................................................... 13

HELP TOG! GEE RAAD, ASSEBLIEF! ......................... 13

ONS GESELS MET ... OOM WILLIE PORTER .............. 15

BINDERY ................................................................ 15

VERJAARSDAE EN GELUKWENSE ............................ 16

EN SO VERTEL ...

DIE REëNVOëL KOM IN SEPTEMMERMAAND ... ..... 16

BROKKIES OOR ANTIEKIES ................................ 17

VOORKLINIES ......................................................... 19

TREFFERS : FILMS .................................................. 19

SANIBONA! DUMELANG! ......................................... 19

AANSTELLINGS

BEDANKINGS


oooo0oooo

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE Sê

## STRATEGIESE BEPLANNING, VOORTREFLIKHEID EN PERSONEELBETROKKENHEID

Teen hierdie tyd het elke personeellid by monde van die Direkteur en deur middel van korrespondensie uit sy kantoor, kennis geneem van die strategiese beplanningsoefening waarmee die Biblioteekdiens besig is.

As agtergrond kan ek noem dat die missiestelling en kernvraagstukke wat vandeesmaand aan elke personeellid gesirkuleer is, die resultaat is van vyf beplanningsessies waar besin is oor die langtermyn strewe van die Biblioteekdiens. Die omgewing en interne aspekte is ook ontleed om geleenthede, bedreiginge, sterk en swak punte te identifiseer. Hierdie sessies word teen die einde September hervat. Oplossinge vir die kernvraagstukke moet gevind en verwerk word tot ŉ pakket van kort-, medium- en langtermyn optredes wat die missie van die Biblioteekdiens moet laat realiseer.

Dit alles mag baie vaag en onwerklik klink vir ons as gewone personeellede. Tog raak dit ons direk. Hierdie strategiese beplanning sal ŉ totaal nuttelose oefening wees indien dit nie tot aktiewe optrede lei nie. By hierdie aktiewe optredes sal ons as personeellede betrokke moet wees. Indien ons ook betrokke was by die identifisering van daardie optredes wat ons gaan raak, sal dit vir ons soveel meer betekenis hê om dit self in die praktyk ten uitvoer te bring. Dit maak dit nodig dat elkeen van ons die voorlopige missiestelling en kernvraagstukke sal deurgaan en ons gedagtes daaroor teenoor ons kollegas en hoofde sal toets. Ek benut graag hierdie geleentheid om in my persoonlike hoedanigheid enkele kantaantekeninge te maak by die voorlopige missiestelling en lys van kernvraagstukke en daarmee hopelik gedagtes te stimuleer.

In die missiestelling word onder andere verwys na ons strewe na voortreflikheid. In die populêre bestuursliteratuur het hierdie term onlangs ŉ modewoord geword, waarskynlik as gevolg van die werk van Peters en Waterman (*In search of excellence: lessons from America's best-run companies*). ŉ Paar aantekeninge hieroor mag dus van pas wees.

Hierdie skrywers het in 1979-80 ŉ totaal van 75 groot ondernemings geïdentifiseer wat volgens hulle definisie van voortreflikheid, voortdurend vernuwend optree. Hulle het tot die slotsom gekom dat hierdie ondernemings naastenby deur agt eienskappe gekenmerk word, naamlik:

- ŉ geneigdheid tot aktiewe optrede, eksperimentering en probleemoplossing eerder as om vas te draai in onnodige ontledinge.
- om na aan hul klante te leef, van hulle te leer en ongeëwenaarde kwaliteit, diens en betroubaarheid die reël eerder as die uitsondering te maak.
- om outonomie, ondernemerskap, innovasie, eksperimentering en selfs risiko-optredes by personeellede aan te wakker en nie beheer ten koste van kreatiwiteit in te voer nie.
- om produktiwiteit deur die gewone personeellid, erkenning van die individu self en as bron van idees na te streef. (*Productivity through people*).
- om eerstehands kennis te neem van daaglikse werkverrigting en belangrike waardes in die organisasie deurlopend voor oë te hou en daarvolgens die werkverrigting te evalueer (*Hands-on, value driven*).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- om by bedrywe te bly wat goed verstaan word en as basis vir die onderneming beskou kan word.

- om by elegant-eenvoudige organisasiestrukture en 'n skraal topstruktuur te hou, eerder as ingewikkelde matriksstrukture. (Simple form, lean staff).

- om 'n goeie balans te vind tussen sentralisasie van sleutelaspekte en waardes en desentralisasie en toekenning van outonomie oor sake van elke dag. (Simultaneous loose-tight properties).

Dit sou nie korrek wees om aan te neem dat wat goed is vir groot Amerikaanse ondernemings ook outomaties goed is vir die Biblioteekdiens van UP nie. Tog bied die voorafgaande heelwat stof tot nadenke. Die navorsers kom tot die slotsom dat hierdie maatskappye hul menslike hulpbron as hul belangrikste bate beskou en dit ook uitleef, saam met hul voorkeur vir aksie, hul toewyding aan kwaliteit en diensstandaarde en hul beklemtoning van innovasie en die betrokkenheid van elke personeellid. Moontlik kan ons nou met hierdie agtergrond, weer die missiestelling en lys van kernvraagstukke deurwerk en met ons kollegas en hoofde daaroor in gesprek kom? Sodoende help skep ons aan ons eie toekoms in die Biblioteekdiens en verwerf ons 'n aandeel aan die werkomgewing waar die meeste van ons die beste deel van elke dag, vyf dae van die week, deurbring. Is dit nie 'n goeie belegging in ons eie toekoms nie?

HENK DE BRUIN

## REDAKSIONEEL

Die Redaksie het dit goed gedink om hierdie maand ondersoek in te stel na die nuwe personeelontwikkelingsbenadering van UP. Dit sluit die moeilike aspek van personeelevaluering in. Soos in die artikel "Postebeskrywing, prestasie-evaluering en statistiekhouding" genoem word, is die personeel van Inligtingsdiens reeds besig met besprekingsessies waarin riglyne gesoek word vir prestasie-evaluering.

Saam met dr de Bruin se artikel "Strategiese beplanning, voortreflikheid en personeelbetrokkenheid" kom die besef van die belangrikheid van elkeen van hierdie aspekte vir elke personeellid van die Biblioteekdiens.

Hoe sien jy jouself binne jou werksituasie? Wat is jou toekomsverwagtinge en wat is die toekomsvisie van die Biblioteekdiens? Daar word nou vir die eerste keer druk op jou as personeellid geplaas om werklik te gaan sit en besin oor jou eie persoonlike doelwitte asook die doelwitte van die Biblioteekdiens. Kan die twee vereenselwig word?

Die Rektoraat se besluit is reeds geneem en ons sal moet aanvaar dat personeelevaluering gaan plaasvind. Ons vertrou dat hierdie artikel slegs die beginpunt is vir verdere kommunikasie. Elke personeellid moet die vrymoedigheid hê om sonder voorbehoud aan hierdie besprekingsessies deel te neem. Slegs daardeur kan beide sieninge, joune en dié van die Universiteit, omskep word in dit wat albei sal pas.

## SOCIUS-STATUS AAN MEV BETTIE LANGKILDE

Op die onlangse konferensie van SAIBI is aan mev Bettie Langkilde die status van socius toegeken. Ons sê baie geluk aan haar.

Om ons te vergewis wat dit behels plaas ons die volgende uittreksel uit die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese, 1982:

"Die Instituut het die volgende kategorieë lede, en die Raad ken lidmaatskap in die toepaslike kategorie toe:

erelede
socii
professionele lede
associati
geaffilieerde lede
inrigtingslede.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die Raad kan op aanbeveling van minstens vyf professionele lede van die Instituut 'n persoon wat hom verdienstelik gemaak het in belang van die biblioteek- en inligtingwese of verwante aangeleenthede tot lewenslange erelidmaatskap van die Instituut verkies.

Die Raad kan 'n professionele lid van die Instituut as 'n socius kies op aanbeveling van 'n spesiale keurkomitee saamgestel volgens die toepaslike regulasies, mits sodanige lid voldoen aan een of meer van die volgende vereistes, naamlik dat hy

hoë kwalifikasies in die biblioteek- en inligtingkunde besit;

deur sy kollegas in die biblioteek- en inligtingwese as 'n leier aanvaar is;

belangrike biblioteek- en inligtingkundige navorsing verrig het of waardevolle bydraes tot die vakliteratuur gelewer het;

die biblioteek- en inligtingwese op 'n voortreflike wyse bevorder het."



Van links na regs: Mnr D van der Walt, mev Bettie Langkilde, prof H Viljoen, prof P Lor.

## POSTEBESKRYWING, PRESTASIE-EVALUERING EN STATISTIEKHOUDING

Die personeel van Inligtingsdiens is reeds sedert 1985 besig met statistiekhouding van hul daaglikse dagtake. Hierdie gegewens word benodig vir die bepaling van die volumes van werk en om 'n aanduiding te kry van die tyd benodig om bepaalde take uit te voer. In Augustus hierdie jaar is daar in samewerking met prof C D Pottas van die Departement Personeel en sy span, begin met besprekingsessies. Tydens hierdie eerste sessies is die personeel versoek om in groepsverband, take soos verrig deur die Biblioteek-assistente, te beskrywe. Die doel hiervan is om 'n stelsel te ontwikkel wat gebruik kan word om werksprestasie te evalueer. So 'n evaluering is nodig ten einde personeel te keur, opleidingsbehoeftes te kan bepaal en ook om meer objektief besluite oor bevorderings te kan neem. Die stelsel wat ontwerp word, is gebaseer op BARS wat daarop neerkom dat goeie en swak prestasie deur middel van ankerpunte gedefinieer word. Die bepaling van ankerpunte behels die toekenning van punte vir die uitvoering van 'n spesifieke taak op 'n glyskaal van 1 tot 6. 'n Ankerpunt van 6 beteken dat 'n taak baie goed gedoen word, terwyl 1 baie swak impliseer.

Bogenoemde proses het by sommige personeellede 'n gevoel van onsekerheid gewek. Nie alleen voel hulle dat hulle "gemeet" word en nie vertrou word nie, maar die vraag word ook gevra: Wat is die doel hiervan? Gaan dit nie op die ou end op niks uitloop nie? As 'n mens besef dat aan die uitvoering van hierdie opdragte baie tyd afgestaan word en dat jy tyd van jou normale dagure moet inboet, asook die wete dat die res van die personeel van die Biblioteekdiens (soos ook die res van UP se personeel) mettertyd dieselfde proses sal moet deurloop, dan is dit nodig dat die redes vir die onsekerheid ondersoek word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Biblikasie het nadat daar 'n meningsopname gemaak is van die algemene gevoel wat heers oor die projek van postebeskrywing en prestasie-evaluering 'n onderhoud met prof Pottas gevoer, in die hoop dat enige misverstande uit die weg geruim sal word. Prof Pottas het dan ook aan die begin van die onderhoud gesê dat kommunikasie kan en moet verbeter. Daarom moet daar meer gesels word, na weerskante toe. Die werknemer moet begrip kry van wat aangaan en die werkgewer moet weet watter faktore produktiwiteit bevorder of belemmer. Dit is 'n gelyke vennootskap, 'n 50/50 kontrak. Nie alleen beteken dit die bereiking van die organisasie se doelwitte nie, maar terselfdertyd sluit dit ook die doelwitte van die indiwidu in. In wese is die projek op uitnodiging van die Biblioteekdiens aangepak en moet dit dus geskied in samewerking met die personeel van die Biblioteekdiens.

Ons plaas vervolgens sommige van die punte wat deur personeel ter sprake gebring is, gevolg deur prof Pottas se antwoorde op ons vrae.

## MENINGSOPNAME VAN 'N PAAR PERSONEELLEDE

****************

Ek sien die veranderinge positief.

Ek voel egter hulle moes ons beter ingelig het. Hulle moes die agtergrond van die Universiteit se opset verduidelik het asook die Biblioteekdiens s'n. Die begrippe wat gebruik word is verwarrend. Almal koppel die begrip prestasie-evaluering (ankerpunte) aan hoe goed of sleg jy jou taak verrig. Dit is nie korrek nie. Om te kan evalueer het jy sekere riglyne nodig omtrent wat presies in jou pos van jou verwag word. 'n Soort werkstaat moet opgestel word. Evaluering kan eers effektief wees indien riglyne neergelê is.

Die voordele wat uit hierdie veranderinge na vore kan kom, is:

1) leemtes kan geïdentifiseer word en daar kan daarop verbeter word;

2) die organisasiestruktuur soos dit tans in die Biblioteekdiens funksioneer, is beperkend. Daar is byvoorbeeld slegs 'n sekere aantal senior vakbibliotekarisposte wat beteken jou bevorderingsmoontlikhede is beperk, maar met die nuwe opset kan 'n mens vergoed word vir die werk wat jy verrig al kan jy nie bevorder word nie;

3) 'n mens is meer gemotiveer omdat daar spesifieke riglyne neergelê is waarbinne jy jou eie doelwitte kan bepaal;

4) daar sal ook geleentheid wees om in jou beroep in 'n wyer spektrum te beweeg en te werk. As jy byvoorbeeld belangstel in 'n ander rigting soos bestuur, kan sekere take aan jou opgedra word. Dit wil sê, daar is dan ook persoonlike motivering betrokke;

5) indien poste vakant raak, kan eers probeer word om persone uit eie geledere te identifiseer om die pos te vul. Daarna, indien nodig, kan iemand van buite aangestel word.

* * * *

Ek voel dat persone in 'n bestuurshoedanigheid hul professionele kennis op ons wil toepas sonder om die nodige agtergrond van 'n inligtingsdiens te hê. Jy wil die versekering hê dat hulle nie net hulle kennis bring nie, maar ook weet wat in jou beroep aangaan. 'n Vooraf-uitgewerkte stelsel van produk-evaluering is nie van toepassing op 'n diensfasiliteit nie. Mnr Malan se aanmerking, "Dis is beter om onbeskof te wees en die inligting te verskaf as om vriendelik te wees en geen inligting te kan gee nie", hou nie tred met die werklikheid nie. 'n Diens hang nou eenmaal saam met die wyse waarop dit aangebied word, met ander woorde 50% persoonlike kontak en 50% inligtingverskaffing, in plaas van 100% inligtingverskaffing met geen aangename assosiasie met die persoon en instansie wat diens lewer nie.

**************



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

As 'n mens die sekerheid het dat hierdie proses 'n verbetering gaan wees op die huidige strukture, dan sal 'n mens meer positief ingestel wees. Sal daar deur poste-beskrywing duidelikheid verkry word wat jou en ander se take is, veral ten opsigte van wat die vakbibliotekaris doen, en wat die biblioteek-assistent doen? In watter mate gaan hulle in die poste-beskrywing voorsiening maak vir die verskille in die verskeie vakgroeperings? Prestasie-evaluering is goed indien 'n objektiewe beoordeling verkry kan word. Hoe gaan jy die kwaliteit van inligting-verskaffing meet in 'n normale situasie? Gaan die toesighouer by jou lessenaar kom sit en toekyk hoe jy inligting verskaf? Sal 'n persoon in so 'n kunsmatige situasie nie anders optree as normaalweg nie? Die lui werker kan hom byvoorbeeld as 'n "shiner" voordoen en andersyds kan 'n konsensieuse werker gespanne raak. Kan persoonlike vooroordeel uitgeskakel word by die toesighouer?

* * * *

Ons weet ons het poste ge-evalueer en ankerpunte aan sekere take toegeken, maar ons weet nog glad nie waarheen ons mik nie. Wat gaan die praktiese uitvloeisel van hierdie besprekings wees?

Ek voel baie positief oor die moontlike veranderinge, as dit is wat ek dink dit is.

1) Ek dink dit is wel moontlik om mense objektief te evalueer. Daar is egter 'n ontsettende leemte in middelvlak-bestuur as dit kom by riglyne waar-volgens jy mense moet evalueer. Dit sal uitstekend wees as jy hierdie riglyne het.

2) Die tekort aan geskikte persone op middelvlakbestuur kan verlig word as sulke persone vroegtydig geïdentifi-seer en opgelei kan word.

3) Hierdie riglyne kan ook help met die aanstelling van persone in nuwe poste - veral as jy weet hierdie pos stel hierdie eise aan 'n persoon.

* * * *

Ek het nie baie vertroue in dit wat beoog word nie, want:

1) Hoe gaan daar onderskei word tussen die posbeskrywings van senior biblio-tekaris, bibliotekaris, junior bib-liotekaris en biblioteek-assistent? Daar moet dus vier poste gekonstrueer word wat huidiglik oorvleuel. Een daarvan gaan benadeel word. Gaan die werksinhoud van die biblioteek-assis-tent so verminder of verander dat sy meer sleurwerk moet doen? Is dit nodig dat daar 'n minderwaardigheids-status gekoppel word aan die pos van die biblioteek-assistent, ten spyte daarvan dat sy gegradueerd is? Indien dit so is, hoekom stel hulle nie eerder matrikulante aan wat hul in die beroep wil vestig nie? So 'n persoon kan op 'n laer salarisskaal aangestel word.

2) Wat is die bevorderingsmoontlikhede vir die gegradueerde biblioteek-assistent? Sommige biblioteek-assistente het reeds hul topskaal bereik. Watter motivering bly daar vir so 'n persoon oor? In die huidige stelsel word geen voorsiening gemaak vir meriete-bevordering op grond van kwaliteit werk gelewer nie. Dit bevorder nie produktiwiteit nie. Daar is geen uitdagings nie - jy kry geen verantwoordelikhede by nie. 'n Gegradueerde biblioteek-assistent is in staat om meer verantwoordelikhede te dra as huidiglik. Tog word daar by tye wel van haar verwag om die vakbibliotekaris se plek vol te staan, soms vir etlike maande in die geval van 'n vakante pos of studiever-lof. Sy kry geen erkenning daarvoor nie.

3) Hoe kan 'n persoon van buite wat geen kennis dra van wat in 'n inligtinstel-sel aangaan, prestasie-evaluering met ons bespreek? Die leemte kom veral voor by goeie of swak inligtingver-skaffing. Daar moet gekyk word na die kwaliteit van inligtingverskaf-fing, eerder as kwantiteit. Hoe meet jy 'n persoon wat inligting verskaf? Jy help 'n persoon na die beste van jou vermoëns, so nie sal jy terug-voering kry deur die rapportering van klagtes. Dit is 'n beter maatstaf as evaluering volgens ankerpunte deur 'n toesighouer.

4) Die takbiblioteke funksioneer totaal verskillend as Merensky-biblioteek en behoort nie saam gegroepeer te word nie.

* * * *



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ek is bereid om dit 'n kans te gee. Ek weet nie wanneer ek 'n taak goed of sleg doen nie. As daar riglyne opgestel word waarvolgens jy gemeet word, kan dit help om hierdie probleem op te los. Maar ek is nog nie oortuig nie. Gaan dit werk? Ons is op hierdie stadium gelos op 'n punt waar ons nie weet wat verder gaan gebeur nie. Ons wil ingelig wees oor wat die volgende stap is.

Die takbiblioteke se opset is totaal anders as Merensky-biblioteek en in die vergaderings kon ons nie veel van 'n bydrae lewer nie. Die Inligtingsdiens het die afgelope twee jaar kwaai deurgeloop met die hou en verwerking van statistieke. In die geskiedenis van die Biblioteekdiens is dit ook so dat daar nog altyd kwantitatief gemeet was. Enige meting veroorsaak klaar 'n gevoel van negatiwiteit. Hoe verander jy die personeel se ingesteldheid vanaf kwantitatief na kwalitatiewe werksgerigtheid?

Daar moet goed gedink word oor die formulering van die posbeskrywings en ankerpunte omdat ons werk so uiteenlopend is en terselfdertyd oorvleuel. Waar trek jy die lyn tussen byvoorbeeld junior bibliotekaris en senior bibliotekaris behalwe salarisgewys? Daar is geen definitiewe afbakening nie.

Dit is moeilik om 'n persoon objektief te beoordeel. Hoe gaan jy bepaal of hulle hul werk goed of sleg gedoen het? Al voel jy in jou hart 'n persoon se werk is swak, hoe gaan jy dit aan hom sê? Hoe gaan dit jou werksverhoudinge beïnvloed? Daar is net twee norme waarvolgens inligtingverskaffing kwalitatief gemeet kan word, naamlik die gebruiker én jou gewete. Dit is wel so dat 'n tevrede gebruiker nie altyd 'n weerspieëling is van goeie inligtingsdiens nie - dit sny baie breër as dit - maar 'n ontevrede gebruiker kan wel 'n aanduiding van 'n swak diens wees.

* * * *

Soos ek dit verstaan is die redes vir prestasie-evaluering onder andere die volgende:

1) indien iemand nie weet waarom hy nooit bevorder word nie of nie permanent aangestel word nie of selfs afgedank word, sou hy volgens hierdie metode wel deeglik bewus wees van die redes;

2) volgens hierdie metode kan ook vasgestel word wat die redes is vir 'n persoon se swak prestasie, byvoorbeeld swak opleiding;

3) dit sal ook makliker wees om die uitblinkers raak te sien sodat as daar bevorderingsmoontlikhede is, die regte persoon gekies kan word.

Eerstens is daar die probleem dat alle mense subjektief beoordeel en dat almal verskillende standaarde nastreef. Waar een persoon vir iemand 20% sou gee vir 'n sekere taak, sal 'n ander persoon vir dieselfde werker en dieselfde taak 70% of selfs meer kan gee. Daarom kan so 'n stelsel van evaluering nooit regverdig wees nie, behalwe miskien as dieselfde persoon ('n buitestaander) alle werkers sou beoordeel/meet/anker. As hierdie evaluering subjektief en nie 100% akkuraat is nie, gaan persone buitendien op "valse" gronde bevorder word. As almal in so 'n mate deur hierdie metode van evaluering gehelp sou word, (wat tog die doel van hierdie metode is) sal daar mettertyd 'n dosyn kandidate wees wat almal nege uit tien of tien uit tien het. Hoe word daar dán besluit watter een bevorder moet word?

Tweedens, indien iemand nie onmiddellik kan agterkom dat hy 'n taak swak verrig omdat hy nie behoorlik opgelei is nie, is dit alreeds 'n verlore saak as dit eers deur middel van prestasie-evaluering uitgelig moet word! Daar moet mos in elk geval 'n gees van vrymoedigheid en kommunikasie heers tussen opleier en opgeleides waar hierdie saak vinnig uitgesorteer kan word.

Derdens het ek ernstige bedenkinge oor hierdie stelsel, omdat ek meen dat dit onberekenbare en onherstelbare sake aan verhoudings tussen kollegas kan berokken. Toesighouers kan die steun en samewerking van onderhoriges verloor en dit is onmoontlik om van hierdie onderhoriges te verwag dat hulle die toesighouer op hulle beurt objektief sal beoordeel. Die voordele van die BARS -metode kan nie opweeg teen die onaangenaamheid en spanning wat dit mag meebring tussen persone wat heeldag moet saamwerk nie. As hierdie teorie oor 'n paar jaar uit die mode is, kan versteurde werksverhoudinge nie weer herstel word nie.

***************



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONDERHOUD GEVOER MET PROF C D POTTAS

WAT IS DIE AGTERGROND WAARTEEN DIE UNIVERSITEIT DIE BESLUIT GENEEM HET OM DIE TOTALE PERSONEELSTRUKTUUR IN HEROORWEGING TE NEEM, MET ANDER WOORDE, WAT IS DIE BEHOEFTE VAN DIE UNIVERSITEIT?

Enige organisasie of instansie, dit wil sê ook ŉ universiteit, moet op ŉ voortdurende basis kyk na eie funksionering vanweë die volgende faktore:

1) Eksterne faktore, dit wil sê omstandighede van buite wat op die organisasie inwerk. Dit sluit in die ekonómiese klimaat, tegnologiese veranderinge en veranderinge in die mark en behoeftes van die gebruiker van sy dienste of produkte.

2) Interne faktore soos tegnologiese, administratiewe en organisatoriese veranderinge wat beteken dat daar op ŉ voortdurende basis na eie funksionering gekyk moet word ten einde meer doeltreffend en effektief te funksioneer.

Die Universiteit word genoodsaak om die vraag te vra of belangrike doelwitte bereik word en in hoe ŉ mate? Indien dit op enige wyse kan verander, ontwikkel of verbeter word, dan moet dit gedoen word.

HOE RAAK DIT DIE PERSONEEL VAN DIE BIBLIOTEEKDIENS EN DAN MEER SPESIFIEK DIE INDIWIDU?

Die Biblioteekdiens is nie uitgesonder van voorafgenoemde faktore nie. Op ŉ voortdurende grondslag moet daar ook, wat die Biblioteekdiens betref, gekyk word na effektiewe en doeltreffende funksionering.

**Verhoging van produktiwiteit beteken nie noodwendig dat die individu nou baie harder sal moet werk nie.**

Wat die indiwidu of werknemer betref, sluit die proses van effektiewe en doeltreffende funksionering nie slegs die bereiking van die Biblioteekdiens se doelwitte in nie, maar ook die bereiking van die indiwidu se doelwitte. Dit gaan nie net om die gehalte van dienste nie, maar ook om die mens as werker en sy/haar gehalte van werklewe. Verhoging van produktiwiteit beteken nie noodwendig dat die indiwidu nou baie harder sal moet werk nie. Dikwels is daar geleentheid vir slimmer werk tot voordeel van die indiwidu en die organisasie. Die Universiteit baat daardeur in die vorm van groter doeltreffendheid en effektiwiteit en die indiwidu deur hoër gehalte van werklewe. Dit sluit in: hoe voel jy oor jou werk, die pos wat jy beklee, jou medewerkers, jou toesighouer, jou beloning en so meer. Die onderstaande uiteensetting (Fig 1) stel die vennootskap tussen werkgewer en werknemer voor. Soos reeds genoem is dit ŉ 50/50 kontrak, ŉ sielkundige kontrak waarin ooreengekom word dat die Universiteit se doelwitte bereik word, asook die indiwidu se eie persoonlike doelwitte. Wanneer hierdie kontrak op ŉ 50/50 basis bedryf word, sal sowel produktiwiteit as gehalte van werklewe bevorder word.

**... ŉ 50/50 kontrak, ŉ sielkundige kontrak waarin ooreengekom word dat die Universiteit se doelwitte bereik word, asook die individu se eie persoonlike doelwitte ...**





Fig 1



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WAARHEEN IS ONS OP PAD? OP DIE OOMBLIK VOEL DIE PERSONEEL VAN INLIGTINGSDIENS HULLE IS IN 'N LUKRAAK SITUASIE. ONS HET BEGIN MET BESPREKINGSESSIES WAARIN EVALUERING TER SPRAKE KOM, MAAR DIT IS VIR EERS GESTAAK. WAT IS DIE VOLGENDE STAP EN DIE DAAROPVOLGENDE STAPPE? WAT BEHELS DIE TOTALE BEPLANNING?

In enige moderne organisasie is daar 'n aantal personeelstelsels wat standaard is. So byvoorbeeld geskied die evaluering van poste, van prestasie, en die opleiding van personeel, op 'n deurlopende grondslag. By die Universiteit van Pretoria was hierdie stelsels tot dusver relatief onbekend en afwesig. Gevolglik is dit ietwat vreemd en kan mense bedreig voel. Ons is nou by 'n beginpunt waar ons hierdie stelsels gaan invoer. Dit stel hoë eise aan kommunikasie en gesindhede. 'n Mens moet besef dat sonder evaluasie die Universiteit nie doeltreffend bestuur kan word nie. Evaluering is noodsaaklik en dit sluit almal in.

**'n Mens moet besef dat sonder evaluasie die Universiteit nie doeltreffend bestuur kan word nie ...**

Daarom is ek baie bly dat u kom gesels het. Uit hierdie gesprek en meningsopname is dit duidelik dat meer inligtingsessies met die personeel van die Biblioteekdiens nodig is ten einde uit te vind hoe hulle oor hierdie projek dink en hoe hulle dit sien. Daar word beoog om eventueel vir die hele Universiteit 'n stelsel te ontwerp waarvolgens prestasie beoordeel kan word. In die Biblioteek is die afdeling Inligtingsdiens eerste in die ry van ontledingsprosesse wat plaasvind. Ons sal terugvoering gee van die uitkoms van die ontledings sodra al die afdelings in die Biblioteekdiens hierdie eerste fase deurloop het. Ek wil beklemtoon dat in hierdie ontledingsprosesse daar gekyk sal word na die belange van die werknemer en dat gespreksvoering sal aanhou plaasvind totdat almal tevrede is. Die personeel moet vertroue in die stelsel hê en enige voorstelle van hulle kant sal natuurlik oorweeg word.

DIT BLYK DAT ONS DIE BEGRIPPE PRESTASIE-EVALUERING EN POSTEBESKRYWING OF DIE DOEL AGTER HIERDIE BEGRIPPE, NIE KORREK VERSTAAN NIE. KAN U DIT VERDUIDELIK?

Werkbeskrywing of postebeskrywing se doel is om die werk te beskryf wat die persoon in 'n spesifieke pos doen en waaruit 'n pligtestaat voortspruit. Werksbeskrywing dui die sleutel tot prestasie aan sodat evaluering van personeel kan geskied volgens die taak wat hy/sy verrig en nie op grond van ander faktore nie.

Prestasie-evaluering het betrekking op die individu wat die pos beklee se prestasies in daardie pos.

DAAR IS MENINGSVERSKILLE OF 'N PERSOON OBJEKTIEF GEËVALUEER KAN WORD OF NIE. HOE BEOOG U OM DIE SUBJEKTIEWE, MENSLIKE ASPEK UIT TE SKAKEL? INDIEN DIT MISKIEN TOG MOONTLIK IS OM GEDEELTELIK OBJEKTIEWE EVALUERING TE DOEN, HOE KRY 'N MENS DIT REG OM DIE SUBJEKTIEWE ELEMENT SO VER AS MOONTLIK OP DIE AGTERGROND TE SKUIF?

Daar is tot dusver geen stelsel wat kan aanspraak maak op volkome objektiwiteit nie. Dit is egter wel moontlik om deur middel van 'n wetenskaplike stelsel van prestasie-evaluering, die objektiwiteit aansienlik te verhoog en daardeur die subjektiewe elemente te verminder. Ons gaan poog om objektiewe evaluering te verhoog deur:

> 'n wetenskaplike stelsel te ontwikkel; die beoordelaars op te lei; en die gebruik van meer as een persoon, soos byvoorbeeld die hoof, medewerkers en so meer, in die proses van evaluering.

**Dit is egter wel moontlik om deur middel van 'n wetenskaplike stelsel van prestasie-evaluering, die objektiwiteit aansienlik te verhoog en daardeur die subjektiewe elemente te verminder.**

As voorbeeld kan 'n mens dink aan 'n situasie binne 'n afdeling waar 'n senior pos vakant word. As jy hierdie pos uit eie geledere wil vul, is die vraag wie jy gaan bevorder, maar meer belangrik, hoekom dan spesifiek hierdie persoon. Jy benodig tog sekere definitiewe riglyne. Evaluering kan dus nie uitgeskakel word nie, al besef 'n mens dat die subjektiewe elemente by die evaluering van een persoon deur 'n ander persoon nooit heeltemal uitgeskakel kan word nie. Deur 'n wetenskaplik ontwikkelde stelsel val die klem egter op werksrelevante aspekte en speel persoonlike voorkeure en vooroordele 'n minder prominente rol.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE ALGEMENE GEVOEL, SOOS BLYK UIT DIE OPNAME, IS DAT SO 'N PROJEK DIE GROOTSTE KANS OP SUKSES SAL Hê, INDIEN DIT AANGEPAK WORD, NIE ALLEEN MET DIE KUNDIGHEID OP DIE GEBIED VAN BESTUUR NIE, MAAR OOK KUNDIGHEID OP DIE GEBIED VAN BIBLIOTEEKFUNKSIONERING. WAT IS U MENING HIEROOR?

My mening is dat dit die absolute ideaal sou gewees het om tegelykertyd albei soorte kundigheid te hê, maar dit is selde moontlik. Derhalwe word 'n spesifieke benadering gevolg. Die personeel moet self besluit wat die metingskriteria en prestasiemaatstawwe is. Ons stel slegs die metode van meting voor. Ons het met hulle gaan gesels en dit met hulle bespreek. Ons is bloot die instrument - die stelsel moet deur hulle self ontwikkel word. Ons sal met groot erns en belangstelling na enige voorstelle van hulle kant kyk. Hierdie voorstelle moet egter objektief en aanvaarbaar wees, asook toegepas kan word.

VOORTSPRUITEND UIT VRAAG VYF EN SES EN IN AANSLUITING MET VRAAG TWEE, WIL EK WEER-EENS DIE VOLGENDE ASPEK AANROER: AS JY AS PERSONEELLID, DIE BEHOEFTE VAN DIE UNIVERSITEIT INSIEN EN AANVAAR, SAL DIE UNIVERSITEIT DIE BEHOEFTE VAN DIE PERSONEELLID OOK IN AG NEEM?

Hoe kan die Universiteit verwag om die personeel se samewerking en diens te kry as hy nie hulle behoeftes in ag neem nie? In die beantwoording van vraag twee is daar reeds verwys na die kontrak wat tussen die Universiteit en die personeellid aangegaan word. Die Universiteit stel belang in die loopbaan, in die finansiële vergoeding en so meer, van al sy personeellede, maar gesien vanaf die anderkant wil die Universiteit ook weet, wat is die dienste wat jy as personeellid lewer? Deur die personeel se werksmetodes te verbeter (byvoorbeeld deur die gebruik van die rekenaar vir spesifieke take) kan produktiwiteit verhoog word. Dit geskied nie net ter wille van die Universiteit nie, maar òòk ter wille van sy mense. Soos reeds te kenne gegee is, is daar 'n noue interaksie tussen effektiwiteit en doeltreffendheid en die gehalte van werklewe van die indiwiduele werker.

**Die Universiteit stel belang in die loopbaan, in die finansiële vergoeding en so meer, van al sy personeellede, maar gesien vanaf die anderkant wil die Universiteit ook weet, wat is die dienste wat jy as personeellid lewer?**

LAASTENS: GAAN DIT WERK? GLO U DIT KAN WERK IN 'N SITUASIE SOOS DIE UNIVERSITEIT OF MEER SPESIFIEK IN 'N BIBLIOTEEK WAT IN DIE BESONDER 'N DIENSLEWERENDE INSTELLING IS?

Van alle personeel wat geëvalueer word, is die meeste se werk dienslewerend van aard. Slegs op baie lae vlakke in 'n organisasie waar daar spesifiek konkrete tegniese take verrig word, is dienslewering as sodanig minder prominent. Ek het goeie begrip vir die Bilioteekdiens wat 'n dienslewerende instansie is, maar daar is soortgelyke personeel aan die Universiteit van Pretoria wat wel geëvalueer word. In alle gevalle is dit egter nodig dat die personeel self deelneem aan die proses en omskryf wat met goeie en swak prestasie bedoel word. Niemand het nog ooit weggekom met 'n situasie waarin daar gesê word dat sy werk nie evalueerbaar is nie. Kan die taak wat jy verrig dan nooit beter of slegter gedoen word nie?

**Niemand het nog ooit weggekom met 'n situasie waarin daar gesê word dat sy werk nie evalueerbaar is nie ...**

Gaan dit werk? Dit werk orals, in baie organisasies en by universiteite. Dus sal dit hier ook werk. Die samewerking van die personeel van die Biblioteekdiens en hulle instelling ten opsigte van so 'n projek is die wesentlike voorwaarde om dit te laat werk.

TEN SLOTTE: Vir die personeel om te aanvaar dat evaluering tot jou voordeel sal strek, is op hierdie stadium nog moeilik. Tereg het prof Pottas opgemerk dat dit hoë eise aan kommunikasie en gesindhede stel. Die versekering wat ons van hom kry dat daar nog baie met ons gesels sal word, kan gesien word as 'n uitnodiging om met openlikheid en vrymoedigheid in gespreksvoering te tree. Slegs daardeur kan ons die projek tot ons voordeel benut.

ELSABé VAN DER MERWE




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## PERFORMANCE MEASUREMENT

We live in the age of performance expectations and therefore performance measurement. In business organisations profit performance in the long term is of cardinal importance. In the case of organisations without profit motive the minimising of costs is equally important.

It is very unlikely that any productivity improvement plan can be undertaken without comprehensive and reliable productivity measurement. This is borne out by the following statement made by Peter Drucker: "Without productivity objectives business does not have direction. Without productivity measurement it does not have control".

Bron: The Magazine for Organization and Methods / Die tydskrif vir Organisasie en Metode. Augustus 1986, Vol 24, No 3.



Hy sê hy gaan glad nie weer glimlag voordat hy ten minste nog twee ankerpunte bykry nie!

## TERLOOPS...



## ERRATUM : SAIBI

In die vorige uitgawe het daar ŉ fout deurgeglip wat ons wil regstel. Die afkorting SAIBI staan vir Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligting-WESE en nie InligtingKUNDE soos wat berig is nie.

## VERKIESING VAN DIE RAAD VAN DIE INTERNASIONA DOBIS/LIBIS GEBRUIKERSGROEP (1987 - 1989)

Na die tussenverkiesing in Rome verlede jaar waar die Raadslede vir een jaar verkies is, het die eerste verkiesing nou volgens die nuwe konstitusie per pos plaasgevind. Prof Gerryts en die Suid-Afrikaanse vriende was maar skepties of ŉ Suid-Afrikaner onder daardie omstandighede verkies sou word. Prof Gerryts is egter herkies as Raadslid, verantwoordelik vir die Afdeling Biblioteektoepassinge. Die nuwe Raad is as volg:

President: F Schulthess, PTT, Switserland
Vise-president A: E Tiefenthaler, Vorarlberger Landesbibliothek, Oostenryk
Vise-president B: M Cambuzat, Openbare Biblioteek, Nice, Frankryk
Voorsitter, Afdeling Biblioteektoepassinge: E Gerryts, Universiteit van Pretoria
Voorsitter, Afdeling Rekenaartoepassinge: J Vanautgaerden, Katolieke Universiteit van Leuven, België
Die Sekretariaat bly by die Universiteit van Leuven gesetel met mev Rasschaert as sekretaresse

(Ons wil vir prof Gerryts baie geluk sê met sy herkiesing tot die Raad. In hierdie tye is dit des te meer waardevol dat bande op internasionale vlak behoue bly en ons is met reg trots op ons Direkteur. Red )



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## OORSESE REIS

Mnr W W Duminy vertrek 1 Oktober oorsee om by sy dogter te gaan kuier wat in Holland woonagtig is. Haar man is nou permanent in die Gemeente van Dronrijp bevestig. Ons wens mnr Duminy en sy vrou 'n baie aangename vakansie toe.

## DANKIE MARIE!

Die Redaksie wil vir Marie de Wet baie dankie sê vir die hulp en bystand wat sy aan ons die afgelope jaar verleen het. Ons sal jou mis as ons in die toekoms met Biblikasie bedrywig is.

## VERSKUIWINGS

Christa Kruger los tydelik af in Marie de Wet se plek.
Annatjie Myburgh sal vanaf 1 Oktober 'n halfdagpos beklee in Reprografiese Dienste terwyl Thys van den Bergh voldag sal werk in haar plek.

## SEKSIE INTERBIBLIOTEEKLENINGS

Op 'n onlangse vergadering van IBL is daar besluit om 'n nuwe Bd/67 (Merensky- en takbiblioteekaanvraag) en Bd/45 (IBL-aanvraagvorm) te ontwerp met die oog daarop om verwarring en tyd uit te skakel. Die nuwe Bd/45 sal op die agterkant van die vorm die redes verskaf hoekom 'n item nie gelewer kan word nie.

## LENTEDAGWERKERS

'n Baie groot dankie aan ALMAL wat so fluks gehelp het met LENTEDAG.

Selfs persone wat nie genader was om te help nie, het op eie inisiatief en met 'n glimlag meer as hulle deel gedoen. Aan almal van u 'n baie groot dankie.

Met sulke kollegas is dit 'n vreugde om sulke funksies aan te pak!

BOKKIE MALAN

## STYGINGS IN BOEKPRYSE

Stygende boekpryse dreig vanjaar om katastrofiese afmetings aan te neem. Volgens 'n berekening van die Biblioteek van Unisa toon die gemiddelde boekprys 'n styging van 145%. Waar die gemiddelde boekprys twee jaar gelede slegs R29,00 was, was dit aan die einde van 1985 R71,00.

Hierdie ongehoorde styging gaan beslis op die lange duur navorsing ernstig skaad. Dit het reeds tot gevolg gehad dat bykans alle universiteitsbiblioteke se aankope drasties afgeneem het, nieteenstaande steeds stygende studentegetalle.

Die redes vir die afname in boekaankope word aan verskeie faktore toegeskryf, onder meer die volgende:

- Internasionale prysstygings op boeke en tydskrifte van 10% tot 15%. Universiteitsbiblioteke kry gemiddeld 90% tot 95% van hulle boeke- en tydskrifvoorraad van oorsee.

- Die wisselkoersveranderings het tot gevolg dat biblioteke teen 'n laer wisselkoers op tydskrifte en staande bestellings moet vooruitbetaal.

- Die belasting op boeke het ernstige afmetings aangeneem, en het 'n kommerwekkende situasie geskep.

Op alle boeke- en tydskrifaankope word 12% verkoopbelasting gehef. Die 10% bo-belasting op boeke wat ingevoer word, is afgeskaf, maar nie die 10% bo-belasting op ingevoerde tydskrifte nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Deur verskeie kanale is al vertoë tot die Staat gerig om alle belasting op boeke en tydskrifte af te skaf. Onder meer het die Interuniversitêre Biblioteekkomitee (IBK) (van die Komitee van Universiteitshoofde), sowel as die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI) vertoë gerig.

Die geweldige hoë belastings wat op kennis gehef word, veroorsaak dat universiteitsbiblioteke se boekaankope in ŉ groot mate verder daal, en skep ŉ ongesonde toestand wat navorsing ernstig skaad en dus tot die ontwrigting van vooruitgang lei.

Volgens prof J Willemse, Direkteur van Biblioteekdienste van UNISA, is dit die verantwoordelikheid van dosente om die gebruik van voorgeskrewe boeke tot die minimum te beperk, aangesien studente eweneens met prysstygings gekonfronteer word. Volgens boekhandelaars kos ŉ aansienlike persentasie van Unisa se voorgeskrewe boeke vanjaar meer as R100,00 elk. Daar behoort ook meer van plaaslike publikasies gebruik gemaak te word. Die moontlikheid om voorgeskrewe boeke plaaslik uit te gee, behoort ook ernstig oorweeg te word.

Prof Willemse voel voorts dat samewerking van verskillende biblioteke om die aanskaffing van mingebruikte publikasies te koördineer, dringend is. ŉ Werkgroep van die Nasionale Adviesraad vir Biblioteek en Inligtingwese (NABI) gee tans ernstig aandag aan hierdie saak.

Die finansiële probleme wat biblioteke huidiglik landswyd weens boekprysstygings ondervind, skaad nie slegs hulle diensleweringsvermoë aan hulle gebruikers nie, maar hou ook ŉ ernstige bedreiging vir die nasionale boekevoorraad in, terwyl navorsing en ontwikkeling ŉ geweldige toegedien word.


Bronne:

SAIBI-nuusbrief (Nuusblad van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese) Volume 6, nommer 3. Maart 1986.

Unisa Bulletin. Volume 11, nommer 3. Maart 1986.


JEANETTE MARAIS

## IN EN OM MERENSKY

Dagboek:

24 Oktober

Akademiese Wydingsdiens, Aula

Musiek

2 Oktober

Gratis etensuurkonsert 13h10, Musaion
Belowende musiekstudente van die Departement
Willemien Kurpershoek (Franse horing)
Spencer Pitfield (klarinet)
Michael Snyman (violis)

3, 17 Oktober

17h00 tot 18h00
Gratis voordragklasse deur musiekstudente
Musaion

Kuns

2 - 9 Oktober

Tentoonstelling van waterverfskilderye deur Kenneth S Birch
Intersaal, Ou Letteregebou




Drama

29 September - 4 Oktober

Antigone
Die Masker

20h00
Met onder andere Brumilda van Rensburg en Karel Trichardt




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KENNETH BIRCH

ŉ Eeu het verloop sedert George Harrison se ontdekking van die Witwatersrandse goudrif. Kenneth Birch het ŉ deel van die aktiwiteite en ontwikkeling wat gevolg het op hierdie belangrike ontdekking wat die begin was van Suid-Afrika se wetenskaplike vooruitgang en eie industriële omwenteling, gedokumenteer. Hy het die groei van industrieë en die Witwatersrand se opkoms tot ŉ sterk basis van mynwese, vasgelê.

Kenneth Birch het tonele uitgebeeld soos die nommer 2 skag van die Consolidated Main Reef Mines wat een van die oorspronklike skuins skagte was wat gesink is om die goudrif te volg, en die nommer 5 skag van Crown Mines wat die grootste rotshysingskag was in die Suid-Afrikaanse myngeskiedenis. In 1908 het Crown Mines die voorste goudprodusent aan die Witwatersrand geword en het tot 1975 geproduseer. Dit is gepas dat die Goudmynmuseum (waarby Kenneth Birch ook betrokke was) en Gold Reef City by die nommer 14 skag van Crown Mines geleë is.

Kenneth Birch se Witwatersrand-reeks sluit ook die Durban-Roodepoort-goudmyn in wat behoort het aan ŉ groep vroeë mynmaatskappye soos die Robinson, die Ferreira, die Wemmer, die City and Suburb, die Crown Reef, die Meyer en Charlton en die Van Rhyn Estate. Hierdie maatskappye was die ryk ondernemers en die elite van die Witwatersrand tot die Boere-oorlog.



**Beyers, hierdie verslag wat jy oor menslike flaters geskryf het, is ŉ uitstekende voorbeeld daarvan!**

## HELP TOG! GEE RAAD, ASSEBLIEF!

**BRON: HUISGENOOT, 1919 EN 1920**

## HOE SKEER JY JOU BAARD?

"Charon," Houtbaai, skrywe:-

As ŉ mens vandag die volwasse opgevoede Afrikaners beskou - ek praat van mans - dan vind ŉ mens dat ongeveer 15% ŉ kenbaard dra, 35% net ŉ snor, en die orige 50% is so kaal soos ŉ jong duifie. Waarom sou hulle dit doen?

Ons wil graag so min na-aap as moontlik, en liewers selfstandig wees in ons gewoontes.

Ek was nog nie in Europa nie. Maar in ons land is van elke honderd kaal-geskeerde uitlanders seker 90 Engelse. As ŉ Afrikaner hom dus kaal skeer, loop hy die gevaar - of moet ek sê het hy die kans van die eer - om vir ŉ Engelsman aangesien te word.

Maar as ons die karakter van die Engelsman en sy handelwys teenoor die Afrikaner beskou, soos ons dit in ons land leer ken het, is dit vir ons dan wel ŉ eer om soos ŉ Engelsman te lyk? Ek vra maar!

## TOILETWENKE

Gooi ŉ paar maal in die week ŉ dessertlepel Engelse sout in die waswater, dit helder die vel gou en mooi.

ŉ Heerlik tuisgemaakte gesigspoeier: 2 Lepels beste gesigspoeier, 1 groot lepel Engelse sout. Maak aan na gewenste dikte met eau-de-cologne. Skud goed en smeer aan die gesig, wat vooraf gesmeer is met ŉ bietjie "will"-water of rooswater, 2 dele teen 1 deel glycerien gemeng. Aptekers vra hier baie voor, onder alle mooie franse en engelse name, en dit is skadeloos vir die fynste velle.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ŉ Bietjie peroksied aan die gesig gesmeer en na 3 of 4 minute weer afgewas help vir ŉ verbrande gesig. Pas net op, oksied blyk hare spierwit.

ŉ Paar druppels bensien in die waswater maak die vel glad en strem. Dis baie goed vir ouerige vrouens of vernielde gesigte. Moenie aanhou nie. Net nou en dan.

Moenie parafien en kersvet aan die gesig en hande smeer nie. Dit maak baie glad maar baie rooi. Ook dieselfde met die soort wat in blikkies verkoop word.

Gebruik nooit seep onder die arms. Die volgende stop die sweet ruik: Gebruik ŉ borsel, growwe lap of puimsteen, tot jy gewoond is sonder seep, was gereeld en die vreeslike onaangenaamheid is op ŉ end. Mielieblaar.

## MY HARE

Beste Mielieblaar, (1) My hare is baie vetterig van aard. Is dit te veel om dit alle 8 dae te was?

(2) My hare was afgesny en hang nou in my nek. Dit kan nog nie vas kom nie, wat is die beste manier om hulle vas te kry en nie te laat hang nie?

## GESONDHEIDSWENKE

Die beste tyd om Chamberlain se Hoesmiddel te koop is juis nou. Moet nie uitstel nie. Verkoudheid word baie makliker genees solang dit nog in die begin-stadium is dan as dit eers pos in die sisteem gevat het.

Miljoene gelukkige manne en vroue weet dat dit onnodig is om aan verstopping of slegte spysvertering te ly. Chamberlain se Tablette gee spoedige en sekere verligting.

Waarom laat u die liggame van u kinderkies op so ŉ meedoënlose wyse gepynig word, as die verkoudheid maklik kan genees word deur ŉ bottel Chamberlain se Hoesmiddel.

Daar is, en was nooit, geen greintjie opium of ander verdowende bestanddele in Chamberlain se Hoesmiddel nie.

## TANDE LAAT UITVAL

Waarde Marta, wat is goed om tande te laat uitval? Ek sien in een van die Landbouweekblaaie soiets wat mens aan jou tande smeer om die tande los te maak en te laat uitval. Ek het ag ou botande wat ek wil laat uitval en ek is te kleinserig om te laat trek.-Mej L T, Biesiespoort.

Antw.- Die verstandigste is om dit te laat trek. Goed wat die tande laat uitval is nadelig vir die tandvleis. Moenie dit gebruik nie.-S.

## HARE UITVAL

Waarde Heer, sal u so goed wees om vir my ŉ raad te gee wat my te doen staan om hare te laat uitval?-H C E.

Antw.- Sover ons bekend is daar geen bevredigende middel. Soms word dit elektries behandel; in die geval moet u ŉ dokter raadpleeg.-M.

## NIES

My pa hou partykeer so aan met nies, dit is ook nie verkoue nie. Die medisyne wil nie help nie. Gee a u b ŉ raat.-Lettie Jacobs, Paardeberg, 19 Feb 1923.

Antw.- Laat jou pa ŉ bietjie (halwe teelepeltjie) sout neem en dit in een koppie water gooi, en dit twee keer per dag louwarm in die neus opsnuif.-S.

## DIE TIJDPERKE VIR ROUW

Ouers, één jaar; grootouers, ses maande; broers en susters, ses maande swaar rouw, ses maande ligte rouw. Maar in die tijd waarin ons nou lewe, kan ŉ mens gerus maar vir algaar één jaar swaar rouw. H B, Ficksburg.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONS GESELS MET...

### OOM WILLIE PORTER

Oom Willie is een van daardie mense in die Biblioteekdiens wat vir jou die gevoel gee van standvastigheid en sekuriteit. Te alle tye het jy die vrymoedigheid om na hom te stap in die Bindery en te gaan raad of hulp vra. Of dit nou iets is wat hy vir jou meganies moet oplos of net ŉ groot-asseblief-guns, die bereidwilligheid is altyd daar.

Hierdie heerlike gevoel van, ek wil amper sê, geborgenheid, sal ons baie mis as hy die einde van September 1986 aftree. As ŉ mens na sy lewensverhaal luister, kom jy agter dat dit juis die moeilike tye van vroeër jare was, wat hierdie standvastigheid versterk het. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hy in 1943 begin werk. Keuses soos vandag se studente het, en geld om verder te leer was daar nie. Al ander opsie was om aan te sluit by die Weermag. Daarvoor het oom Willie nie kans gesien nie. Die gevolg was dat hy op sestienjarige ouderdom begin werk het by die Tesourier in die Uniegeboue teen ŉ vergoeding van £6-13-4 per maand.

Terwyl hy klas geloop het by die Tegniese Kollege, het die Universiteit van Pretoria mense gesoek wat graag meganies en met hulle hande wou werk. So beland hy op 1 Junie 1943 by die Universiteit en word aangestel as bindersassistent. Mnr C Verschoor, destydse hoof van die Bindery, keer in 1947 na Holland terug. Prof Coetzee en mnr Van der Berg besluit om oom Willie vir ŉ proeftydperk van twee jaar in hierdie pos aan te stel. So gebeur dit dan dat oom Willie op die ouderdom van drie en twintig jaar as hoofbinder van die Biblioteekdiens aangestel word en sedert 1949 tot 1986 hierdie pos beklee. In 1951 is hy getroud met Maria van Rooyen. Hulle het vyf kinders, drie dogters en twee seuns.

In antwoord op die vraag: wat hy sou doen as hy weer oor kon kies, het hy geantwoord dat hy heelwaarskynlik dieselfde keuse sal maak omdat hy nie ander paaie ken nie. Hy het goeie tye beleef en daar was niks wat onoorkomelik was nie. Die probleem vir hom vandag is dat mense alles van die lewe verwag in plaas daarvan om te gee aan die lewe. Wat hom in die laaste tyd opgeval het, is dat veral die studente se klere-drag en betrokkenheid verander het. "Vroeër jare is die amptelike drag van die Universiteit op Vrydae gedra. ŉ Mens kan nie help om te wonder hoeveel studente vandag nog ŉ kleurbaadjie besit nie. Miskien het ons internasionale gebruike aangeleer wat deel van die tydsgees is." Of dit goed of sleg is, kan hy net bevraagteken. Vir hom is dit jammer dat sekere dinge verdwyn het soos respek vir jou meerderes en so meer.

Vir oom Willie hang die lewe van jouself af en hy is ŉ sprekende bewys van ŉ persoon wat hom nie laat onderkry het deur moeilike tye en swaarkry nie. Vir ons, wat aan ŉ jonger geslag behoort en gerig is op nuwere dinge, bring ŉ mens soos oom Willie tot die besef dat die waarde van dinge wat verby is, nooit vergeet moet word nie.

Dankie oom Willie.

ELSABé VAN DER MERWE

---

### BINDERY


Na 43 jaar en 3 maande se diens tree Willie, of, soos die meeste mense van Merensky hom noem, oom Willie, af. Dit was vir my ŉ voorreg om soveel jare saam met hom te werk. Hy was ŉ persoon wat altyd bereid was om na ons probleme te luister en raad te gee. Na sy operasie verlede jaar het daar komplikasies ingetree en ons weet dat hy baie dae in moeilike omstandighede kom werk het. Namens ons almal hier in die Bindery wil ons hom en sy gesin sterkte toewens vir die toekoms en ons hoop dat hy heeltemal sal herstel.

DAWIE HUGHES

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




OKTOBER

2 Mev Hetta Malan (Tydskrifte)
6 Mev Annette Booysen (Voorklinies)
15 Mnr Piet Smit (Bindery)
22 Mev Elrien van der Bank (Voorontsluiting)
23 Mev Lourette Oosthuizen (Voorontsluiting)
24 Mev Christa Strydom (Voorontsluiting)
25 Mej Erna Klopper (Skenkings)
26 Mev Susan Marsh (Makro-ontsluiting), Mev Elma Kock (Toonbank)

GELUKWENSE

Aan Mariana Nieuwoudt (Voorontsluiting) en haar man sê ons baie geluk met die geboorte van hul seuntjie op 8 September.

Baie geluk aan Piet Smit (Bindery) wat op 6 September getroud is met Margaret.

---

Anne van Zijl moet 'n operasie ondergaan in hierdie dae wat kom. Ons wens haar sterkte en 'n spoedige herstel toe.

---

## EN SO VERTEL...

## DIE REëNVOëL KOM IN SEPTEMMERMAAND...

Die jaar het al hier na die middel van Augustus se kant begin staan - 'n stofverwaaide Augustus na 'n droë somer en koue winter. Die Wes-Transvaalse vlaktes was nog kaler as gewoonlik, en die rooi stofgordyne het byna daagliks in jou klere, hare en soms ook in jou siel ingewaai.

Cobie, ons Kaapse vriendin, kon na drie jaar in Potchefstroom nog steeds nie die Augustuswinde leer verstaan nie. "Ek haat hierdie wind!" het sy meer as een keer uitgeroep, en vir die ses Transvalers in die groep wat Augustus se winde lankal leer verdra het, was dit 'n baie rare reaksie. "Wat dan van die Suidoos?", wou ons weet. "Hy waai jou skóón, nie vuil nie" was haar kortaf antwoord.

Sy is met 'n donderwolkgesig die middag na ete klas toe. Ek het my boeke op my lessenaar uitgepak, en begin wonder oor die weer se invloed op die mens. 'n Mens kan nie in Potchefstroom student wees sonder dat die weer 'n invloed op jou gemoed en fisiese omstandighede het nie. As jy uit 'n omgewing kom waar wintersklere beteken het dat jy 'n skooltrui, 'n wit trui vir kerk en 'n ander een vir alledaags het, leer jy baie vinnig dat winter iets veel meer én baie kouer, beteken.

As die herfsdae lank en vol goud van die populiere en die akkerbome is, word die winter se doodsheid soveel meer sigbaar. En as daardie selfde akkers en die wilgers in September weer een oggend vol liggroen lewe is, is daar 'n nuwe opwinding in jou en weet jy dat die winter nodig was - met sy koue en wind en al.

My kamerdeur het oopgegaan en Cobie het ingekom, haar tas neergesit en 'n boek uitgehaal. Maar iets was anders as toe sy skaars 'n halfuur tevore daar uit is. "Die klas het my verveel, toe lees ek in my digbundel rond en toe kry ek die" sê sy, en oorhandig die boek aan my. Dit was 'n gedig van George Weideman.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Doepa vir die droefte"

Langs die rooirugpad na Karasburg
staan ŉ kokerboom, ŉ enkelboom,
plooigevreet van oudag se moegte
maar die Reënvoël kom Septemmermaand
en bring sy doepa vir die droefte.

"Dit sal mos September word en die wind sal mos weer ophou, en miskien sal dit weer die jaar reën soos in ons eerste jaar", het sy stadig gesê. Ek het daardie jaar se reën onthou - toe ons twee-driekeer ŉ week papnat van ŉ laatmiddagklas by die koshuis aangekom het.

Die Reënvoël het in die jare daarna vir ons groep maats byna ŉ simbool geword. Ons het soms, as sake skeef loop, amper bygelowig aan die Reënvoël se doepa vir die droefte bly klou.

Na tien jaar se eie paaie loop, en dikwels verroeste vriendskappe, weet ons nog van die Reënvoël. Ek wonder dikwels of die ander ook hier in laat Augustus nog ŉ doepa vir die droefte soek.

As jou woonplek êrens op die roete tussen die Hartebeespoortdam en die Austin Robertsvoëlpark is, kry selfs ŉ stadsbewoner soms ŉ onverwagte bonus as die voëls saans in formasie park toe vlieg. In die meeste gevalle ken ek hulle nie, behalwe as die hadida's met hulle hees skel hulleself bekend stel.

Na vier jaar se hitte, benoudheid oor droogte, waterbeperkings en verootmoedigingsdae is dit vir my al asof Dolf van Niekerk se gedig ŉ aantyging word:

my oog is ŉ spieël
tussen diere wat vrek
en ek flits
vir die Heer
oor die reën
maar ek hoor in die lug
met die kraanvoël se roep
en die hees geskree
van die hadida:
jy ken my net
as jy gunste vra.

"My kind, as dit net reën, kan die boikotte en sanksies maar kom" het die oom met die gekreukelde gesig en die helder oë gesê, en skuins op na die wolke gekyk, of die eerste beloftes van ŉ nat somer nie dalk begin wys nie.

Kom ons hoop op ŉ jubeljaar waarin die reënvoël sy doepa sal bring en die hadida se roep ŉ vreugderoep sal wees; en as ons dalk die jaar die nat lug teen die gesig kan voel na ŉ laatmiddag-donderstorm, of op ŉ Saterdagoggend van pure baldadigheid oor die poele spring wat bly staan het na ŉ nag se sagte reën, kan ons saam met Marlene van Niekerk sê:

oor vlaktes gras en gannabos
stap die grys pantoffels van die reën
ŉ ou man in ŉ swart karos
wat op ŉ soetgrasssprietjie dreun

MAGRIET LEE




**Luister! Hoor jy dit? Dit is wat besig is om my gek te maak – die geritsel van nimmereindigende papierwerk ...**

## BROKKIES OOR ANTIEKIES


Die woord antiekies het by ons ŉ familie-erfstuk geword. My een tannie het altyd van haar antiekies gepraat en dit het ons as kinders hoog geamuseer. Die antiekies waarvan ek praat, is drie van my baie ou boeke. Ek plaas die titelblaaie, omdat dit my aan my ontsluitersdae laat terugdink het en my met dankbaarheid gestem het dat ek hierdie boeke nie hoef te ontsluit nie! Waar op aarde klassifiseer ŉ mens ŉ



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

boek oor jaloesie wat 'de veel treurige gevallen, wonderlijke geschiedenissen, en wreede uitwerkselen der jaloersheid' bespreek? Dit is genoeg om enige ontsluiter tot raserny te dryf! Dan is die inhoud ook nog nie bekyk nie. Daar is 'n hoofstuk oor 'Geil en onbeschaamt gezicht'; een oor 'Van een ongeschikten mond en onschamel oor'; 'Van dertel handgespel en geile kussen', en vele andere aspekte.

Die ander boek oor die eet- en drinkgewoontes is eens so erg. Kyk net na die volgende voorbeelde: 'Van het verscheide gebruik van tafelzout; Doodsmaalen en wetten en keuring aangaande dezelfde; Inwydingmaalen van Hoogepriesteren bij de Joden, Heidenen en Kristenen'. Daar was letterlik 'maalen' vir alles - 'kraammaalen, kerkgang-maalen, gastmaalen op de geboortedag' en noem maar op. Elkeen van hierdie maaltye het nog elkeen sy spesifieke voorskrifte gehad.


*Pans Fluytje*

OFTE

Heydens Banket,

Blaazende

Loopjes met Hoopjes,

E N

Stukjes op Krukjes:

Voor

AAPJES en KNAAPJES.

NILUS

t'AMSTERDAM,
By SIWERD VROEGTHUS, naast het Melk Meysje. 1706.

Soos julle sal sien, het die derde boek nie so 'n ellelange titel nie, maar wat op dees aarde is 'Pans fluitje of Heydens Banket en sovoort?' Boonop is dit nog vir 'aapjes en knaapjes'. Hierdie boek bevat rympies, kort en lank oor enige denkbare onderwerp onder die son. Hier is twee daarvan:

Op een weg-loopende Bruydegom

Heel Nederland schrickt en beeft, wanneer de bruyd staat kijken
De Bruydegom bruyt sijn Bruyd en laat zijn hielen kijken
Hij rent en loop ter Kerken uyt en hij bemint de Vrÿheÿd
En laat de Bruyd in droefheÿd, en hij is in blijheyd.

Glas stukje

Mijn wijf is jong, en ek ben oud
Mijn wijf is warm, en ik ben koud
Mijn wijf eyst vaak een frisse zoen
Regt op gebiegt, ik kan't niet doen.


Glas stukje

'n Geruste houwelijk dat men ter weereld vind
Is, daar de man is doof en daar de vrouw is blind.

Daar is gediggies met opskrifte soos'De krijtende Sot en lacchende Poët; Op een diefe ving; De Eend met een Woord; Den Edelman in de warme Ketel ...'

Kom kyk gerus na my antiekies - daar is nog 'n paar ander wat groot vermaak kan verskaf!

Groete vanuit die Instituut
JO BREED



**Hierdie brief waarin ons kla oor oormatige en onnodige papierwerk - wil u dit in duplikaat of triplikaat hê?**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VOORKLINIES

Julle het seker gewonder wat van die Very Klevver Ladies geword het (of het niemand ons gemis nie, hê??). Ons was baie besig, maar sal nou nie ou koeie uit die sloot grawe nie (as VET ons die uitdrukking sal vergun).

Ons kan met dankbaarheid rapporteer dat ons terminale nou baie goed werk, danksy Magda Coetzee se onvermoeide ywer om hulle vir ons reg te kry. Op die oomblik is dit ons verklikkerstelsel wat aandag kry en daar het nog nooit soveel manne vir soveel ure aaneen op hul knieë voor ons rondgekruip nie! Te lekker - al is dit net omdat Gideon vir hulle gesê het die fout móét reggemaak word, al soek hulle dit ook onder die grond!


Dan is daar ons teekamer wat pragtig uitgeverf is en daar is selfs sprake van ŉ tapyt (dalk nog ŉ Persiese een!) en moontlik ŉ paar prente. Hiervoor ŉ baie spesiale dankie aan Magriet wat dié vertrek so heerlik vir ons laat inrig het. (Nou weet julle ook sommer wie om te blameer as ons van nou af ons teetye re-e-e-e-k!)

Verder is ons slagoffers van die gevreesde siekte "Oorvol-Bibliothetitis" (dis aansteeklik ook - wees gewaarsku) en ons is (alweer!) aan 't meet en pas en skuif. En weë jou gebeente (soos my ma sal sê) as jy so ŉ projek aanpak onder aanvoering van ŉ garnisoen Doppers en Filistyne vanaf ons buurplaas, Mooimediesfontein. Sjoe! Dit voel asof net Soofie alleen Hoofman oor 200 is al verseker sy ons dat sy hoogstens Hoofman oor 2 is. Elke opdrag van dié kant af begin met: "Maak ŉ lys ..." G'n wonder dat toe Olivia eendag bel en sê: "Maak ŉ lys..." (van museumstukke, nogal!) ons regtig gedink het genoemde Slawedrywers sit agter die ding! Ons wou ons kollega, Annette, se naam laat opskryf, maar die lys was blykbaar nie bedoel vir lewendige dinge nie. Annette kwalifiseer nou darem nog nie hééltemal as ŉ fossiel nie, al is sy selfs ouer as "Kolletjies-boeke" (dis nou nie boeke met masels of oor masels nie, hoor, maar is ŉ sekere kategorie boeke hier by ons wat beskryf kan word as "nie meer vandag se kinders nie").

Dan het ons bure by Medies ook nog ŉ verskriklike troeteldier aangeskaf - te verskriklik om by die naam genoem te word. Ek het summier geweier om verder rekenaar-soektogte te doen tensy die ERID-terminaal plus my "Mother Confessor" onmiddellik oorgeplaas word VKL toe. Ma Griet het probeer paai: "Toemaar, hy is in ŉ kas, hy byt nie, hy hou van jou" ens. Maar ek en Liesbet beraam planne om van hom ontslae te raak deur middel van ŉ "ongelukkie". Ons is egter albei te bang om naby genoeg aan hom te kom om hom byvoorbeeld van ŉ trap af te stamp! Een ding is seker, die dag as Troeteldier loskom terwyl ek in die nabyheid is, spring ek tot teen die plafon en bly daar hang soos net ŉ Dobis kan hang!

MARTIE VAN DER WALT

## TREFFERS




## FILMS

### JUST BETWEEN FRIENDS

Moet ŉ vriendskap alles kan verduur, verdra én vergewe? In "Just between friends" word die hegte vriendskap tussen Holly Davis (Mary Tyler Moore) en Sandy Dunlop (Christine Lahti) tot die uiterste beproef deur hulle liefde vir dieselfde man.

Holly Davis is die volmaakte huisvrou en moeder, wat ŉ belowende loopbaan as danseres verruil het vir ŉ 'perfekte' huwelik met die regte man. In skrille kontras met haar vind ons die enkellopende beroepsvrou Sandy, wat as ambisieuse en suksesvolle verslaggewer van ŉ televisie-nuusprogram tog eensaam en ongelukkig is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Beide glo dat hulle die regte keuses in verband met hulle lewens gemaak het. Wanneer hulle bevriend raak, besef elkeen egter dat daar steeds ander keuses en lewenswyses moontlik is. Elkeen het waardering, bewondering en 'n tikkie afguns vir wat die ander bereik het.

Die skokkende besef dat die getroude vrou se man die beroepsvrou se minnaar is, bring elkeen voor ingrypende keuses te staan. In "Just between friends" word die intriges en wendinge wat hierdie komplekse situasie meebring, op 'n deernisvolle en humoristiese wyse uitgebeeld. Dit is 'n film wat ek sonder enige voorbehoud kan aanbeveel vir elkeen om beslis te gaan sien!


JEANETTE MARAIS

## SANIBONA! DUMELANG!

January Mokhonoane

January is gebore in Renosterkop naby Groblersdal. In 1979 kom hy na Pretoria en was eers werksaam by mnr du Plessis in Villeria. Voor hy by die Universiteit aangesluit het, was hy werksaam by Hatfield Galleries.

Hy is van Ndebele-afkoms en sy vrou, Dora, met wie hy in 1979 getroud is, is 'n Pedi. Hulle bly tans in Pieterskraal naby Groblersdal. Hy het een dogter wat reeds skoolgaan en 'n seuntjie van een jaar.



January is al ongeveer tien jaar werksaam in Merensky-biblioteek en steeds geniet hy sy werk as wegpakker op vlak 6 - voorwaar 'n voorbeeld vir die res van die personeel.

## 7 WENKE VIR SAKE ETES

Sakevroue en sake-etes gaan hand in hand... en as jy nie lig loop nie, sit jy sommer gou met ekstra kilojoules om die heupe. 'n Sake-ete is 'n kilojoulelokval: jy voel gewoonlik verplig om nie af te steek by die ander persoon nie en omdat jy nie self vir die ete betaal nie, is jy waarskynlik in die versoeking om geregte te eet wat jy nie normaalweg sou bestel het nie. Hier is goeie raad wat om te bestel tydens 'n sake-ete sonder dat jy die volgende week of twee moet verslank om van die ekstra kilojoules ontslae te raak:

* Bestel dun sop of tamatiesap as voorgereg.
* Eet by 'n Chinese of seekosrestaurant, eerder as by 'n Italiaanse of Franse.
* Eet 'n broodrolletjie of 'n aartappel - nie albei nie.
* Moenie gebraaide kos, roomsouse of -sop bestel nie.
* Onthou dat jy nie alles op jou bord hoef te eet nie.
* Drink slegs een glas wyn (of liewer 'n glas Perrier-water met 'n suurlemoenskyfie).
* Bestel espresso-koffie eerder as om nagereg te eet.

Bron: Rooi Rose, 30 Oktober 1985

En slegs een ding staan vas: die dood maak deel uit van die bestaan, soos die stilte deel uitmaak van die woord en die woord van die stilte, soos die tyd deel uitmaak van die ewigheid en die ewigheid ondenkbaar is sonder die tyd. Tyd en ewigheid is twee begrippe wat mekaar teenspreek, maar hulle bestaan elkeen slegs as hulle saam bestaan. Ek het nie geleef as ek nie sterf nie ... **Pierre Dubois**

**Opgedra aan dr T Trichardt**

**Bron:** Blignault, Audrey. 1985. Die goue vreugde
Human & Rosseau
Kaapstad



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# A A N S T E L L I N G S



SUSAN OLIVIER

Weduwee met twee getroude dogters, een getroude seun, 'n dogter in st. 9 en ses kleinkinders. Een dogter is ook werksaam by Departement Opvoedkunde, alhier. Susan kom oorspronklik van Barberton en het verhuis na Pretoria gedurende 1980.

AANGESTEL BY TIKSTERS

Vorige ondervinding: Werksaam vir 35 jaar onderskeidelik by Prokureursfirmas as tikster en as sekretaresse by verskeie skole, onder andere Laerskool Lynnwood.

Belangstellings: Tennis, tuinmaak, blommerangskikking en naaldwerk.


TINKIE MULDER

Verloof - troudatum 6 Desember 1986.

AANGESTEL BY TIKSTERS.

Vorige ondervinding: Doen 'n Sekretariële Diploma by Technikon Durban. Sekretaresse en data-woordverwerkeroperatrise by Sanlam en Volkskas-Rekenaarsentrum.

Belangstellings: Naaldwerk en Kookkuns.





ROUXNA ROHDE

Getroud, vier kinders

AANGESTEL BY LANDBOU (07h45-12h45)

Vorige ondervinding: Werksaam by RGN

Belangstellings: Naaldwerk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VOOR ...

IS DIT WAT TIEN JAAR DIENS IN MERENSKY AAN JOU DOEN? ONS SAL ALMAL BESLIS NIE VOOR DIE TIEN JAAR OM IS KAN OPHOU WERK NIE - NIE AS JY MOOIER WORD MET DIE TYD NIE.

EN NA





Marie de Wet bedank na tien jaar se diens in Merensky-biblioteek. Gelukkig beweeg sy nie heeltemal uit ons geledere nie. Sy het 'n half-dagpos aanvaar by SAIBI en sal vir eers werksaam wees op Vlak 5 in kamer 5-12 tot die einde van die jaar. Daarna verskuif sy na SAIBI se kantore in die ou Merensky. Haar nuwe telefoonnommer is: 2940.



BEDANKINGS

Dirk Faveere (GSV-aanddiens) aanvaar werk by 'n Elektriese Ingenieursfirma.


SAIBI KONFERENSIE



Van links na regs: Mnr W W Duminy, Alida Dippenaar, Getrude Meyer, Piet de Kock

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONS GROET OOM WILLIE PORTER



Drie en veertig jaar en drie maande se diens



Die personeel van die Biblioteekdiens sê baie dankie aan oom Willie Porter



Die Porter-gesin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# LENTEDAG




... en ons kuier

en gesels lekker





Mooie dames



Party ontspan net

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Stompe saag is vir die jong sterk manne



Ondersteuningsdienste




Moeë manne na die comrades


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



**Ons is reg vir die tweede uitdun**



**Ons kyk ... en kyk ...**



**van lente gepraat ...**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

OKTOBER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# INHOUDSOPGAWE

DIE EERSTE Sê .................................................................. 1

REDAKSIONEEL .................................................................. 2

DIE BIBLIOTEEKBEROEP AS PROFESSIE:
IN GESPREK MET PROF ANNA LOUW ............................ 3

TERLOOPS ... .................................................................. 7

EN SO VERTEL ... ........................................................

PORTUGAL .............................................................. 8

DIE SEE EN DIE MENS ........................................ 10

GELUKWENSE .................................................................. 12

IS "GELEERDHEID" AGTERUITGANG? ............................ 12

UIT MY LEUNSTOEL .................................................. 13

BIBFLITSE .................................................................. 14

TREFFERS : FILMS ................................................ 20

SANIBONA! DUMELANG! ........................................ 21

'N HULDEBLYK AAN DR H J ASCHENBORN ................ 22

KLEINBOET KRY 'N GROTER BAADJIE! ...................... 23

DIE "NUWE" KLINIKALA: TAKBIBLIOTEEK GELEë
BY KALAFONG HOSPITAAL

AANSTELLINGS

oooooOooooo

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE Sê

## SOMER, SON EN SAFFIER

Die optrede van lande wat tradisioneel vriende van Suid-Afrika was en die verbreking van bande wat oor jare nie net tussen land en land nie, maar ook tussen instansie en instansie en individu en individu gesmee is, het C Louis Leipoldt se gediggie DIE BESTE opnuut by my laat lewe:

"Het jy 'n vriend wat jou hand kan vashou?
Vrinde vergaan en faal in nood!
Het jy 'n vyand, jou grootste las nou?
Vyande, vrinde gaan algar dood!
Wat's dit vir my as die gras vergrys word?
Somer sal kom met sy groen daarby;
Wat as in winter die water ys word?
Somer en son en saffier sal bly."

Wat reeds om ons gebeur het en nog steeds gebeur, het weliswaar die gras laat vergrys en die water laat verys; tog sal die somer, son en saffier altyd daar wees om ons as 'n simbool van die positiewe, die onaantasbare en die kosbare te inspireer om ten spyte van ongunstige omstandighede steeds na die beste te strewe. My onlangse oorsese besoek het die meriete van so 'n lewens- en werksbenadering opnuut by my bevestig.

Ek het die sonne-weelde van vriendelikheid en hulpvaardigheid daadwerklik beleef. 'n Senior amptenaar wat ten spyte van sy land se amptelike beleid van geen hulp aan Suid-Afrika bereid is om alle moontlike hulp op die gebied van biblioteek-rekenarisering aan ons te verleen, bring inderdaad 'n tikkie somergroen tussen gras wat in baie opsigte vir ons grys geword het. Daarbenewens was ek gelukkig om ook met 'n saffierwaarde aan nuwe inligting, idees en motivering huis toe te kon kom.

Die winter van sanksies en propaganda teen Suid-Afrika mag wel die gras grys maak, maar in die moontlikhede wat die inligtings- en kommunikasietegnologie vir ons bied, wink daar tog die groen van somer. Die Adonis-projek waardeur uitgewers opnuut die rekenaarmatige beskikbaarstelling van tydskrifte oorweeg, is weer aan die gang en mag nuwe moontlikhede skep. Projek Quartet, gefinansier deur die British Library, stel vier instansies in staat om doelgerig ondersoek in te stel na die benutting van optiese skywe vir die berging van inligting; die lewering van dokumente via kommunikasienetwerke en die meriete van die elektroniese tydskrif. Daarbenewens word 'n projek (die Apollo-projek) reeds geloods om die satelliet versending van dokumente te probeer bewerkstellig. In alle gevalle is kontakte gemaak wat sal verseker dat die resultate van hierdie navorsing vir ons beskikbaar is!

Nuwe moontlikhede vir die internasionale kommunikasie van wetenskaplike inligting kan ons dus help om die isolasie wat ons universiteit bedreig beter die hoof te bied. Trouens, ek meen ons kan die probleme wat ons geografiese ligging vir die vinnige beskikbaarstelling van navorsingsinligting skep, nou beter as ooit in die verlede oorkom. Ons sal hopelik binnekort in staat wees om 'n artikel wat van kritiese belang mag wees binne een dag vanuit Brittanje vir die gebruiker beskikbaar te hê.

Daarbenewens mag ons die meriete van interpersoonlike inligtingsvloei nooit onderskat nie. Die feit dat 90 instansies in 25 lande nou dieselfde rekenarisering-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

stelsel as UP gebruik, skep unieke geleenthede vir ons betrokkenheid by die internasionale inligtingsgemeenskap. Dit is bevestig deur die toetrede van instansies soos die Ministerie van Opvoeding en Kultuur in Ysland, die American University in Kairo, die Tamkang University, Republiek van Sjina, die Instituut van Wetenskap en Tegnologie in Japan en andere sedert ons vorige byeenkoms. In die lig daarvan is my verkiesing tot die Raad van die Internasionale DOBIS/LIBIS-gebruikersgroep en die wyse waarop my referaat ontvang is, tog van besondere betekenis. Suid-Afrika is in staat om op internasionale terrein self 'n betekenisvolle bydrae te lewer.

Ek is oortuig dat die son en saffier wat daar in die gehalte van ons mense verskuil lê, 'n bate is wat onder die huidige omstandighede ten volle ontwikkel en aangewend moet word. Enersyds, geld dit vir elkeen wat in UP se Biblioteekdiens werksaam is en ons sal graag die nodige geleenthede en ruimte vir elkeen skep wat hierdie uitdaging aanvaar. Andersyds, gee dit aan die doeltreffendheid van ons dienslewering 'n roepingskarakter.

Sodoende word die beste waartoe ek en u in staat is ons plig; en vir elkeen wat die volgende kan bely, word plig 'n paspoort na weelde van somer en son en saffier:

"Ek het geslaap en gedroom dat die lewe
vreugde is.
Ek het ontwaak en ervaar dat die lewe
plig is
Ek het gewerk en gevind dat plig vreugde
is."

E D GERRYTS

## REDAKSIONEEL

ŉ Mens kan reeds die afname in die tempo van die kampuslewe voel. Studente vra minder vrae en sit eerder vasgenael by ŉ studietafel. Aan die eenkant is jy bly dit word stiller (al is dit net om jou agterstallige werk in te haal), maar aan die anderkant is ŉ kampus sonder studente soos ŉ eiland sonder water.

Diegene wat in die regte vakansiestemming wil kom kan gerus lees van Céu Agostinho se wedervaringe in Portugal en as die verlange na die see jou hierdie tyd van die jaar oorval, kan Jeanette Marais se gedagtes oor die see ŉ mens help om uit te hou tot Desember.

In "Somer, Son en Saffier" herinner prof Gerryts ons weereens daaraan dat jy as personeellid bewus moet raak van jou eie potensiaal. Hy gee ons ook die versekering dat die Topbestuur graag die geleenthede wil skep waarin jou potensiaal ten volle kan ontwikkel. In my gesprek met prof Anna Louw, word hierdie uitdaging ten opsigte van die toekoms van die biblioteekberoep bevestig. Die professionele bibliotekaris en inligtingkundige se taak is nie slegs dienslewerend van aard nie, maar sluit die onderrig van die gebruiker in, nie alleen ten opsigte van sy uitbreiding van kennis nie, maar ook ten opsigte van die bibliotekaris en inligtingkundige se professionele take.



"As jy in ag neem dat die Rand deesdae net 42 sent werd is, kos dit maar R48 ..."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE BIBLIOTEEKBEROEP AS PROFESSIE: IN GESPREK MET PROF ANNA LOUW

"As 'n mens nou 'n deurmekaarspul wil sien, moet jy die filosofieë oor die professionalisering van die biblioteekberoep nagaan. Die gedonder van botsende menings, die bliksemskigte van vlymskerpe woorde en die dwarrelende rookwolke van persoonlike opvattings, kan jou laat dink dat jy in die slag van Magersfontein beland het." Hierdie beskrywende opmerking van R B Zaaiman het in die Suid-Afrikaanse Biblioteke in 1976 verskyn. Tien jaar het sederdien verloop. Wat het intussen met die biblioteekberoep se strewe na professionaliteit gebeur?

Die kenmerke van 'n professionele beroep behels die volgende:

- dit moet berus op 'n georganiseerde sisteem van praktiese en teoretiese kennis;
- dit moet diensgeoriënteerd wees;
- klem moet gelê word op voortgesette navorsing;
- lede moet saamgesnoer wees in 'n professionele vereniging; en
- daar moet 'n professionele gedragskode bestaan.

Die biblioteekberoep het gedurende die afgelope tien jaar met voortgesette ywer hierdie kenmerke hul oogmerk gemaak. Met uitsondering van die professionele gedragskode wat gedurende hierdie jaar veel aandag geniet het, kan 'n mens met sekerheid sê dat die beroep wel aan hierdie vereistes voldoen. Behalwe bogenoemde kenmerke is daar egter nog sekondêre kenmerke wat as die ideale voorgehou word. Dit sluit in: outonomie binne en buite werkskring, monopolie oor die aktiwiteit wat beoefen word, erkenning deur die gemeenskap en so meer. 'n Mens moet in gedagte hou dat professionalisering 'n dinamiese aspek is waaraan voortdurend aandag geskenk moet word.

Die siening van die lede van die publiek ten opsigte van die bibliotekaris het nog min verander vanaf die ontstaan van hierdie beroep en word nog steeds gekoppel aan 'n ouerige dame met 'n bril wat boeke stempel. Daarbenewens bevraagteken sommige lede van die beroep self hul professionaliteit. Hierdie redes het ons laat besluit om die probleme en oplossings rondom die biblioteekberoep as professie van nader te bekyk.

Ek was bevoorreg om met prof Anna Louw te gesels oor hierdie aspek. Prof Louw is vanaf hierdie jaar verkies as President van SAIBI. Sy is dosent by UNISA en is 'n aktiewe lid van verskeie vroue-organisasies, insluitende die Vroueburo en die SA Federasie van Sake- en Beroepsvroue.

### GESPREK MET PROF ANNA LOUW

AS BEROEPE OP 'N KONTINUUM GERANGSKIK KAN WORD WAT WISSEL VAN HOOGS PROFESSIONELE BEROEPE AAN DIE EEN UITERSTE NA MINDER PROFESSIONELE BEROEPE AAN DIE ANDER UITERSTE, WAAR PLAAS U DIE BIBLIOTEEKBEROEP TANS OF IN WELKE MATE IS DIE BEROEP GEPROFESSIONALISEERD?

Wel, ek dink ... 'n mens sou op die oomblik die beroep miskien by die middel, miskien onder die gemiddelde plaas. Die beroep is steeds in 'n proses om geprofessionaliseerd te word.

AS ONS NA DIE KENMERKE VAN 'N PROFESSIONELE BEROEP KYK, WAT ONDER ANDERE INSLUIT, 'N ONDERLEGDHEID IN TEORETIESE EN PRAKTIESE KENNIS, VOORTGESETTE NAVORSING, DIENSGEORIëNTEERDHEID, 'N PROFESSIONELE KODE EN LIDMAATSKAP TOT 'N PROFESSIONELE VERENIGING, SOU U Sê DAT DIE HOEVEELHEID EN MOEILIKHEIDSWAARDE VAN DIE KENNIS WAT BENODIG WORD IN DIE BIBLIOTEEKBEROEP SO IS DAT DIE GEWONE LEDE VAN DIE PUBLIEK, "DIT SIEN AS SOU DIT DEUR 'N MATE VAN MISTIEK OMGEWE WEES, EN DAT DIE VERWERWING DAARVAN NIE VIR DIE GEWONE MAN BESKORE IS NIE, SYNDE DIT DEUR SY EIE POGINGS OF DEUR HULP VAN BUITE" (STEYN, p 113, 1976)

Ek dink dat enige lid van die algemene publiek wat bewus is van wat in biblioteke gedoen word, sal so daaromtrent voel, maar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ek dink eintlik dat die huidige situasie van so 'n aard is dat die groot meerderheid nie bewus is van wat in biblioteke gedoen word nie. Met ander woorde, hulle dink nie daar is 'n mistiek nie, omdat hulle nie weet wat in biblioteke gedoen word nie. Hulle sien slegs die oppervlakkige dinge soos byvoorbeeld die uitleen van boeke oor die toonbank.

WAT BEHELS DIE TAKE VAN DIE BIBLIOTEKARIS VANDAG EN IN WATTER MATE IS DIT PROFESSIONEEL?

Basies gesproke behels dit:

- die versameling van inligting-houdende materiaal;
- die voorbereiding daarvan sodat die inligting wat daarin voorkom, teruggevind kan word;
- die berging van daardie materiaal;
- die herwinning van inligting uit sulke materiaal; en
- in 'n mindere mate die verwerking van daardie inligting sodat die gebruiker dit kan hanteer.

Die versameling van materiaal het 'n professionele komponent daarin dat daar krities beoordeel moet word wat jy by die versameling moet en kan voeg. Met ander woorde, jy moet seleksie-hulpmiddele en so meer ken. Jy moet weet hoe om hulle te hanteer, watter goeie seleksie-hulpmiddele is en watter jy krities moet benader. Daarbenewens is seleksie wat jy self toepas, gebaseer op wat jy weet van die gebruikersbevolking, wat hulle behoeftes is en so meer. Professionele kennis en vaardigheid is hier ook 'n vereiste.

Die ontsluiting van inligting wat in hierdie materiaal vervat is, is in 'n groot mate professionele werk. Dit is van die meer esoteriese werk waarvan die publiek in die algemeen nie bewus is nie. Dit is moeiliker werk om presies vas te stel wat die inhoud van die materiaal is en hoe om dit te klassifiseer, indekseer en so meer, sodat jy dit weer kan terugvind. Wanneer die ontsluiting gedoen is, is die aanbring van die rugbeskrywings op boeke en die berging van die boeke klerklike take.

TOG BLY DIE BERGING VAN BOEKE EEN VAN DIE BELANGRIKSTE TAKE IN DIE BIBLIOTEEK. INTEENDEEL, DIT IS ESSENSIEEL VIR DIE FUNKSIONERING VAN 'N BIBLIOTEEK. IN SOMMIGE VAN DIE OPENBARE BIBLIOTEKE EN IN KLEINER TAKKE VAN DIE UNIVERSITêRE BIBLIOTEKE WORD HIERDIE TAKE NOG STEEDS DEUR DIE PROFESSIONELE BIBLIOTEKARIS VERRIG. IN 'N SEKERE SIN IS DIT VIR DIE BIBLIOTEKARIS VAN GROOT WAARDE AANGESIEN DIT HOM OF HAAR HELP OM IN GEDURIGE KONTAK TE BLY MET DIE INHOUD VAN SY OF HAAR VERSAMELING. KAN DIE PROFESSIONELE BIBLIOTEKARIS OOIT LOSGEMAAK WORD VAN HIERDIE TIPE ROETINETAKE SONDER DAT HY OF SY IETS INBOET?

Ek sou reken dat dit nie 'n roetine-taak behoort te wees nie. Dit is miskien die moeite werd dat professioneel gekwalifiseerde persone wat die versameling moet voorstel aan die gebruiker wel die nuwe materiaal hanteer en wegpak, maar eintlik behoort hulle net van tyd tot tyd kontrole van die rakke uit te oefen. Die werklike gereelde wegpak van materiaal wat uitgeleen word dag vir dag, is uiteraard 'n klerklike taak.

DIE KOMITEE VIR OPLEIDING EN NAVORSING HET DIT NODIG GEAG OM RIGLYNE OP TE STEL VIR DIE ONDERSKEIDING TUSSEN PROFESSIONELE EN NIE-PROFESSIONELE WERK EN PERSONEEL IN DIE BIBLIOTEEK. DIT IS IN 1985 DEUR SAIBI UITGEGEE. SPRUIT DIE NODIGHEID VAN SO 'N PUBLIKASIE UIT 'N GEVOEL VAN BEDREIGING VAN DIE KANT VAN DIE PROFESSIONELE BIBLIOTEKARIS OF IS DIT TER BESKERMING VAN DIE BEROEP?

Dit het eintlik daaruit gespruit dat van ons lede die indruk gekry het dat professionele personeel dikwels gebruik word om nie-professionele take te verrig en dus gefrustreerd raak in hulle werk. Dit is riglyne, dit is nie absoluut nie, wat daarop gerig is om 'n aanduiding te gee van wat as professionele en nie-professionele take beskou word. Die gedagte is eintlik om te help in situasies waar dit wel anders kan, waar dit nie nodig is vir professionele persone om hul tyd te spandeer aan nie-professionele take nie. Deur hierdie riglyne kan dit duidelik word watter take liewer vir die nie-professionele werker gegee moet word as daardie werkkragte beskikbaar is.

EEN VAN DIE KENMERKE VAN 'N PROFESSIONELE BEROEP IS DAT DIE GEMEENSKAP DIE BELANGRIKHEID VAN DIE PROFESSIE SE DIENS ERKEN. DAARDEUR VERKRY DIE PROFESSIE STATUS EN MAG. WAARIN Lê DIE BELANGRIKHEID VAN DIE BIBLIOTEKARIS EN INLIGTINGKUNDIGE SE WERKSAAMHEID TEN OPSIGTE VAN DIE GEMEENSKAP? WAT IS SY ROL EN BETEKENIS IN DIE GEMEENSKAP?

Wat die gemeenskap as geheel betref, lê die belangrikheid van die bibliotekaris se rol, hoofsaaklik wat die openbare biblioteke aan betref, in die sfeer van nieformele opleiding. Met ander woorde, dit is die verskaffing van literatuur, nie noodwendig net nie-fiksie nie, maar fiksie self ook, aan mense sodat hul lewens verryk word deur dit wat hulle lees. Dit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

is 'n kwessie van inligting verskaf ten opsigte van verdere opvoeding sonder dat lede van die publiek noodwendig kursusse bywoon. Deur toepaslike literatuur te lees, kan dit hulle help om sielkundige en sosiale stremmende situasies te hanteer en te verwerk. Van die gevalle waaraan ek byvoorbeeld kan dink, is literatuurverwysings na stokperdjies, literatuur vir tieners wat hulle help om te besef dat ander mense dieselfde probleme het as hulle en so meer.

HOEKOM BESEF DIE GEMEENSKAP NIE DIE WAARDE VAN DIE BIBLIOTEKARIS EN INLIGTINGKUNDIGE NIE?

Ek dink 'n gedeelte daarvan is te wyte aan die feit dat die gemeenskap nie die biblioteek ken en gebruik nie. Daar is baie mense wat nie die instelling teenoor literatuur het soos die gereelde biblioteekgebruiker nie. En dan het ons natuurlik in Suid-Afrika die geval dat 'n baie groot deel van die bevolking nie lees nie, hulle kan amper nie lees nie. Hulle is gewoond aan mondelinge oordra van inligting en verkry inligting van die mense rondom hulle, of dit korrek is of nie.

WAT DINK U IS DIE ROL VAN TELEVISIE IN HIERDIE PROSES?

Dit kan veroorsaak dat mense minder lees of dat hulle meer lees. In sekere areas is dit wel gevind dat gereelde biblioteekgebruikers kom soek na verdere inligting van dit wat hulle op televisie sien.

DIE LEWENDIGE BESPIEGELINGE EN BESPREKINGS WAARMEE DIE BEPALING VAN 'N ETIESE KODE VIR DIE PROFESSIONELE GEDRAG VAN SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEKARISSE EN INLIGTINGKUNDIGES GEPAARDGAAN, IS 'N TEKEN DAT HIERDIE 'N BELANGRIKE ASPEK VIR DIE BEROEP IS. WAT IS DIE VOORDEEL VAN SO 'N KODE?

Die voordeel daarvan is dat bibliotekarisse en inligtingkundiges weer eens 'n riglyn kry. Dit is nie absoluut nie en op hierdie stadium is dit nie wetlik afdwingbaar nie. Dit is 'n riglyn waarvolgens hulle hulle professionele gedrag kan instel. Dit gee ook aan mense van buite af 'n idee wat hulle kan verwag van die mense wat die beroep beoefen.

Verder is dit 'n absolute noodsaaklikheid indien ons die biblioteekberoep uiteindelik ten volle wil professionaliseer. Met ander woorde dat ons uiteindelik 'n wet van ons eie kry wat soortgelyk sal wees as dié van die Mediese Raad of Verpleegstersraad. Daardie mense het wetlike erkenning. Dit sal nog lank duur voor ons dit kry want ons is maar 'n klein beroep.

SAL DIE KODE BYDRA OM DIE SIENING VAN DIE GEMEENSKAP TEN OPSIGTE VAN DIE BIBLIOTEKARIS TE VERANDER - IN DIE SIN VAN DAT HOE MEER PROFESSIONEEL HY/SY OPTREE, HOE MEER AGTING DWING HY/SY AF?

Ons hoop so.

TEN SPYTE DAARVAN DAT DIE BIBLIOTEEKBEROEP VOLDOEN AAN DIE KENMERKE VAN 'N PROFESSIE, BLY DIE OU BEELD VAN DIE BIBLIOTEKARIS AS 'N PERSOON WAT BOEKE STEMPEL, NOG STEEDS VOORTBESTAAN BY DIE GEMEENSKAP. HOE KOM DIE BEROEP WEG VAN HIERDIE BEELD?

Ek dink in die eerste plek is dit nodig om 'n bewusmaking-kampanje te voer. Waar die geleentheid hom enigsins voordoen, moet dit gebruik word om mense bewus daarvan te maak dat ons meer doen as net boeke stempel. Hulle moet byvoorbeeld tot die besef gebring word dat ons inligting vir hulle beskikbaar kan stel uit bronne waarvan hulle nooit geweet het nie.

Bewusmaking behoort reeds op skool te geskied en in sommige skole word dit wel gedoen. Ek dink die skole is die belangrike beginpunt waar kinders nie net bewus gemaak moet word van wat in die skoolbiblioteek beskikbaar is nie, maar ook wat ander biblioteke in die gemeenskap kan bied. Dan is daar nog die biblioteke van die universiteite, technikons en ook in organisasies waar biblioteekpersoneel moet sorg dat nuwe lede en personeel bewus gemaak moet word van die verskillende aspekte van 'n biblioteek.

LÊ DIE SKULD NIE BY DIE BIBLIOTEKARIS SELF NIE, IN DIE SIN DAT HY NIE GENOEGSAAM ENTOESIASTIES IS OOR SY BEROEP NIE? SOEK DIE BEROEP NIE MEER DINAMIESE MENSE WIE SE OPTREDES GEKENMERK WORD DEUR BEPLANNING, AKSIE, SAMEWERKING EN PROFESSIONELE TROTS NIE?

Ja, ek moet sê dat die afgelope jare wat ek in die beroep is (ek het in 1950 begin studeer), het ek nog altyd gevind dat sommige mense baie entoesiasties en vooruitstrewend is, persoonlikhede het wat goed kontak maak met mense en wat 'n goeie advertensie is vir die beroep, terwyl ander minder so is. Een van die probleme



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

is dat baie mense - dit is weer 'n beeldprobleem - die biblioteekberoep beskou as 'n hawe vir mense wat persoonlikheidsprobleme het of teruggetrokke is en in 'n hoekie wil gaan sit en werk. Ons het plek vir sulke mense, maar ons het baie plek vir mense met 'n ander soort persoonlikheid.

Een van die dinge wat belangrik behoort te wees wanneer ons studente rekruteer, is dat hulle eintlik aan keuring onderwerp moet word. Ons moet dit baie duidelik by hulle tuisbring dat die biblioteekberoep is nie 'n wegkruipplek vir mense wat nie iets met die gemeenskap te doen wil hê nie. Dit is baie belangriker dat jy met mense oor die weg kan kom, geïnteresseerd is in mense, dat jy met hulle wil saamwerk en kan saamwerk, as wat dit is dat jy boeke moet kan hanteer en ken. Die boeke kan jy leer ken.

HOE SIEN U DIE BEROEP IN DIE TOEKOMS?

Die biblioteekberoep se belangrikheid word steeds meer en meer beklemtoon, veral vanweë die feit dat ons 'n inligtingsera betree. Die vooruitgang in tegnologie en kennis bring 'n bewustheid van 'n steeds groeiende inligtingshoeveelheid. Uit die moontlikhede om hierdie inligting te hanteer en beskikbaar te stel aan die gemeenskap, ontwikkel 'n wye verskeidenheid van werksgeleenthede. Rekenaars, elektroniese netwerke en oudio-visuele media is slegs 'n paar van die na-oorlogse ontwikkelings waarop die hedendaagse bibliotekaris en inligtingkundige kan aanspraak maak en waarvan hulle kennis moet neem.

'n Nuwe uitdagende rigting waarin mense met 'n biblioteek-kwalifikasie, ondervinding in die gebruik van die rekenaar, en 'n dinamiese ingesteldheid kan beweeg, is dié van inligtingbestuur. Dit behels die hantering van inligting soos gegenereer binne 'n organisasie sowel as inligting wat van buite verkry word.

Tans is daar geen tekort aan werksgeleenthede nie. Die ontwikkeling van nuwe gebiede in die land verseker ook die skep van steeds verdere geleenthede.

TEN SLOTTE: Uit hierdie gesprek kan ons aflei dat die biblioteekberoep steeds voor groot uitdagings staan. Die belangrikheid van die bibliotekaris en inligtingkundige as menslike tussenganger tussen die inligtingsbron aan die een kant en die ontvanger of gebruiker aan die anderkant is onmisbaar. Dit is en bly egter die uitdaging en opdrag van die bibliotekaris en inligtingkundige om die belangrikheid van sy taak te besef en met doelbewuste dinamiese optrede en professionele trots die professionaliteit van die biblioteekberoep te verhoog.

ELSABé VAN DER MERWE

Bronne:

Bekker, J 1986. Etiese kode - 'n verantwoording SAIBI-nuusbrief vol 6 no 9.

Erasmus, S 1978. 'n Strategiese beskouing van professies en die bestuur van professionele werknemers. UP.

Louw, A 1986. Background to the Code of Ethics explained. SAIBI-nuusbrief vol 6 no 7.

Le Roux, H S (samest.) 1985. Riglyne vir die onderskeiding tussen professionele en nie-professionele werk en personeel in biblioteke en inligtingsdienste. SAIBI Pretoria.

Perks, A 1986. 'Librarians must fight spinster stereotype' Pretoria News 22 October.

Steyn, A F 1976. Die professionalisering van 'n beroep. Suid-Afrikaanse Biblioteke. Vol 43 nr 4.

Van Zyl, P M E 1976. Presidential Address. Suid-Afrikaanse Biblioteke. Vol 43 nr 4.

Viljoen, A J 1977. Taakdifferensiasie en die professionalisering van die biblioteek- en inligtingsberoep. Suid-Afrikaanse Biblioteke Vol 45 nr 1.

Viljoen, A J 1979. Agenda for Professionalism Suid-Afrikaanse Biblioteke Vol 43 nr 4.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Zaaiman, R B 1976. Die implikasies van professionalisering vir bibliotekarisse in Suid-Afrika en moontlike ontwikkelingstendense. Suid-Afrikaanse Biblioteke Vol 43 nr 4.


1986. Codes of Ethics/ Etiese kode. SAIBI-nuusbrief. Vol 6 nr 5. 1986.

1975. The Professionalisation of Librarianship. Suid-Afrikaanse Biblioteke. Vol 42 nr 5.

1977. Professionalism and Library Power. Suid-Afrikaanse Biblioteke. Vol 45 nr 1.

---

TERLOOPS...



## OORSESE REISE

Twee van ons personeellede het pas van oorsee teruggekom. Welkom terug aan Céu Agostinho en Karin Förstch. Céu het 'n paar weke in Portugal gaan rondkuier. Lees van haar wedervaringe in hierdie uitgawe. Volgende maand vertel Karin ons van die Griekse eilande.

---

## AS DIE JAKARANDAS BLOM, IS DIT TYD VIR ...

Swaarkry-tye lê voor die deur van diegene wat studeer. Ons wens al dié verdruktes voorspoed en sukses toe.

---

Vir Hannie Pretorius (Tydskrifte) wat tuis aansterk, wil ons spoedige beterskap en 'n volkome herstel toewens. Ons dink aan jou!

Sterkte aan Ria Strauss (GSV) wat 'n rugoperasie ondergaan het in September. Sy hoop om in November weer terug by ons te wees.

Anne van Zijl (Landbou) is tuis na haar operasie. Los maar die tuin vir eers uit, Anne - al jeuk 'n mens se vingers na die heerlike reën.

---

## DWALENDE OUDIOVISUELE MATERIAAL

Dit het nou reeds meermale gebeur dat dosente oudiovisuele materiaal uit die biblioteek neem sonder dat dit op die korrekte manier by Africana uitgereik is. Dit verskaf baie probleme as iemand anders daarvoor kom vra en ons dit nie kan opspoor nie.

Ons wil graag 'n dringende beroep doen op al ons kollegas in die Vakbibliotekarisstelsel sowel as Ontsluiting om onder geen omstandighede oudiovisuele materiaal aan 'n gebruiker te gee sonder dat dit by Africana aangeteken is nie.

Baie dankie

JORIET COETZEE




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## EN BYGESÊ ...

"As 'n mens iets meet, verander jy dit dikwels in die proses. Om produktiwiteit te meet, is om dit te beïnvloed. Sodra mense gewaar dat hulle gedrag gemeet word, sal hulle heelwaarskynlik iets daaromtrent doen."

"Ons, die sogenaamde kennisarbeiders, het 'n uitdaging nodig. Dit is nodig vir ons om te weet dat ons ook 'n bydrae lewer. Kennisarbeiders verlang dat die eise wat aan hulle gestel word eerder van kennis afkomstig moet wees as van owerhede, dit wil sê, eerder van doelwitte as van mense. Hulle benodig 'n prestasie-georiënteerde organisasie eerder as 'n owerheid-georiënteerde organisasie."

Bron: Van Zyl, P M E. Presidential Address.
South African Libraries Vol 43, nr 4 1976



"Nee, nee, nee! Net moderne skilderye! Dié ou goed is vandag niks meer werd nie! "

## EN SO VERTEL ...

### PORTUGAL

Ek gordel myself vas, my maag draai en ek voel hoedat opgewondenheid, en ook 'n bang gevoel vir die vreemde en onbekende deel word van my! Binnekort gaan ons in Lissabon, Portugal land. 'n Hele maand van vreemde dinge, vreemde mense en vreemde lewenswyses ...

Dit is ongelooflik om te dink dat ek in Portugal is. Ek word egter duidelik bewus daarvan toe ons midde-in 'n kommunistiese-party samekoms beland. Dit is net mense en weer mense, vlae, toesprake, toejuigings en oorverdowende aankondigings. Net waar jy kyk is papiere, tente, mense en stalletjies. Uit die aard van die saak het ek my eerste skrik weggehad, maar darem ook gedink ên gehoop dat Portugal iets anders inhou.

Soos ek gedink het, hou Portugal veel meer in. Die klein, nou geplaveiselde straatjies waar skaars twee motors bymekaar kan verby ry, is iets om te aanskou. Indien jy wil verby ry, moet jy oppas om nie iemand raak te ry nie, want hul buitedeure maak feitlik in die straat oop.

Soos die meeste Europese lande bly Portugal steeds kleef aan sy tradisie. Die land is baie klein en die geleenthede vir ontwikkeling en vooruitgang is baie skraal. Elke meter grond is bewerk, die huisies is stapel- en skakelhuisies met geen ruimte vir groot tuine nie. Die land is swaar getref deur die Rewolusie van 1975 en die letsels is steeds duidelik merkbaar in die vorm van armoede, eenvoud en 'n eenvoudige lewensstyl met geen luukshede nie. Die huisies kom bouvallig voor, omdat daar reeds vir jare nie huise geverf word nie. Alles is oud en verwaarloos.

Die inwoners is meestal nie bewus van verdere naskoolse opleiding nie en indien dit wel beskikbaar is, is dit ten duurste.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die mense is baie gewoon, eenvoudig, vriendelik en hulpvaardig. Om 'n vrou op straat te sien, is 'n rariteit, omdat hul meestal huisvrouens is of andersins harde fisiese arbeid in die landerye verrig. Die mans, oud sowel as jonk, verwyl hul tyd in restaurante rondom 'n koppie sterk, swart koffie, genaamd "bico" of 'n "geroto" (koffie met melk).

Portugal is dié land in Europa waar jy die goedkoopste, lekkerste en die meeste kan eet. Hulle spesialiseer daarin. Hulle is baie lief vir sop, aartappelskyfies en rys by al hul geregte. Bekende en tradisionele geregte is byvoorbeeld "Frango" (klein hoenders); "Prego nu Pão" (biefstuk op brood); "Shurasco" (piep-klein kuikens en duiwe); "Asorda" (brood in knoffel en olyfolie). Vleis, veral skaapvleis, is 'n skaars produk en varkvleis is die mees algemene. Alle kossoorte word gaargemaak in olyfolie, sout, uie, en knoffel. 'n Ete word nooit sonder 'n glasie wyn geniet nie en word altyd afgesluit met 'n klein koppie sterk, swart koffie.

Die noorde van Portugal is skilderagtig mooi met baie riviere, bewerkte landerye, ou kastele en ou kliphuisies. Porto is 'n hawestad waar die bekende Portugese portwyn sy oorsprong het. Ook is daar die stad Quimbra - die stad met een van die oudste universiteite in Europa. Die noorde is ook bekend vir hul tradisionele feeste soos byvoorbeeld die "fees van goud" en die "fees van die bakkers". Hier word ook die mooiste breekware vervaardig.

Die hoofstad Lissabon is meer suid geleë, aan 'n groot rivier genaamd "Tejo" wat deur die stad vloei. Aan die anderkant is die kuslyn met die mooiste dorpe soos Cascais, Estoril en ook meer na die binneland, die bekende Sintra. Hier is baie ou kastele waar die koninklikes en ministers gewoonlik tuisgaan as hulle Portugal besoek.

Die suide van Portugal het my hart gesteel. Die kuslyn is iets besonders met baie groot bruin en donkerkleurige rotse en die mooiste groen see. Die water is baie skoon en warm en heerlik om in te swem. In die suide word die meeste amandelbome aangetref. In bloeiseltyd is dit 'n gesig om te aanskou, dan word die aarde bedek met 'n wit laken van bloeisels. Hier word gevolglik 'n amandellikeur gemaak van groen amandels wat met suurlemoensap gedrink word. Baie lekker saam met 'n koppie sterk koffie. Al die huisies het hier min of meer dieselfde boustyl en word ook almal wit geverf. Dit skep 'n besonderse, eiesoortige atmosfeer wat Algarve (die naam vir die Suide) 'n baie gewilde toeriste-aantreklikheid maak.

In baie van die klein restaurante word die bekende "fado"-sangers aangetref. Die "fado" is 'n tipiese volkslied met vrolike klanke en word vergesel deur dansers in die tradisionele volksdrag. 'n Aand saam met die fado-sangers en dansers is 'n herinnering vir 'n leeftyd.

Ek het ook Madeira, die Portugese eiland besoek. Dit is 'n móét vir enige toeris wat Portugal besoek. Dit was voorwaar 'n prentjie uit 'n boek. Tydens my besoek het die koningin van Swede ook die eiland besoek. Haar opmerking: "Madeira is 'n blomtuin in die middel van die oseaan" is 'n baie rááк beskrywing.

Madeira is 'n klein eilandjie, maar ongelooflik mooi. Orals waar jy kyk is daar blomme wat wild groei, tesame met ander wat aangeplant word. Die eiland is baie bergagtig. Daar word buiten blomme ook baie piesangs, druiwe en hout aangetref. Vandaar ook die eiland se naam, Madeira, wat 'hout' in Afrikaans beteken. Madeira is bekend vir sy wyn, sowel as die pragtige handewerk en borduurwerk van die vrouens.

Die lewensstyl van dié mense is ook baie eenvoudig. Die meeste van die inwoners het nog nie die eiland verlaat nie. Dié inwoners staan ook bekend vir hulle besondere dialek. Hulle is geneig om "al singende" te praat wat baie keer onverstaanbaar vir die Portugese van die vasteland is.

Verder het ek ook Spanje besoek, sowel as die suidkus van Frankryk en die noorde van Italië. Spanje is ook weer iets anders. Dié land is baie meer ontwikkeld as Portugal en vertoon groter, meer modern en meer leefbaar. Die Spanjaarde is 'n baie luidrugtige nasie en ook geneig om baie en lekker te eet. Hulle eet ook drie groot maaltye per dag, sowel as versnaperinge en soutigheidjies so teen skemeraand. Dié versnaperinge noem hulle "tapas" en "bocadilias" wat letterlik beteken om iets wat leeg is toe te maak of vol te maak. Hulle begin eers 10-uur in die oggend te werk, en kan dus lekker uitrus na die vorige dag se werk en goed eet.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

In Frankryk het ons die Franse Riviera en Monaco besoek. Die suide is blykbaar die mooiste deel van Frankryk, asook die duurste. Die pienk paleis van die prinsesse, die baie seiljagte, die "Hotel de Paris" en die "Casino van Monte Carlo" was iets om te aanskou ... Ek het effens ontuis gevoel tussen al dié weelde, maar het elke oomblik daarvan geniet, veral om die skeppinge van die bekendste en grootste mode-ontwerpers te besigtig. Dit doen 'n vrou se hart baie goed.

Alles is so anders. Ek was geneig om dit met Suid-Afrika te vergelyk. Ek het die volgende gevolgtrekking gemaak. Europa is baie oud, tradisievas en op sy manier baie mooi. Dit is heerlik om daar vakansie te hou, mense se lewenswyses te leer ken, hul besondere kossoorte en smake te leer ken, maar nooit sal ek daar wil bly nie. As Afrikaanssprekende Portugees sal ek nooit Suid-Afrika verruil vir enige ander land in die wêreld nie. Ek het self gesien dat ons in die mooiste, grootste en skoonste land leef. Daarvoor is ek baie dankbaar en baie bly dat my ouers Suid-Afrika as ons tuiste gekies het. Ons het alle geleenthede tot vooruitgang, alle geleenthede om te presteer en alle rede om baie trots op ons land te wees.

Ek wil afsluit met 'n pluimpie aan ons Suid-Afrikaanse mans. Julle is die Europeërs ver voor, en bly die beste!

CéU AGOSTINHO




"Voel jy goed, skat? Jy't vyf minute laas iets gesê."

## DIE SEE EN DIE MENS

"Watter digter het al die see groots besing? Watter skilder het die oermoeder, oseaan, naastenby in kleure geloof? Hoeveel kleure blou die oseaan? Hoeveel simfonieë geluide? ...'n Mens sukkel om met woorde te sê wat in die oseaan ons so lok en boei."

Jan Rabie

Deur die eeue heen het die see duisend digters, skrywers en sangers regstreeks en treffend aan die hart en siel geraak, en in tallose tale laat dig, skryf en sing. Kunstenaars en skilders poog onophoudelik om die see in sy veelvuldige stemminge weer te gee en uit te beeld. As universele voedingsbron is die see weergaloos, as inspirasie 'n skatkis van onuitputlike moontlikhede en betekenisse.

Oor die see kan ons, nederige en stoflike aardse wesens, nooit uitgepraat raak nie. Die see raak tasbaar aan elkeen van ons, en beïnvloed iedereen wat hom in sy majesteit aanskou op 'n besonderse en geheime wyse. Vir sommiges dien die grootsheid en skoonheid van die see as inspirasie, vir andere maak hy neerslagtig of droefgeestig, andere weemoedig of rusteloos, andere gelukkig en vol lewenslus en blydskap, en andere word bewus van eie nietigheid, eensaamheid en weerloosheid.

Die see maak vir die Psalmdigter bewus van die Almag van God as Skepper:

"U het baie dinge geskep, Here
die aarde is vol van wat U gemaak het...
Daar is die see, groot en wyd,
wat wemel van diere, klein en groot"
Psalm 104: 24,25

Intens bewus van sy kwesbaarheid, staan die digter N P van Wyk Louw beskeie voor die omvang van God se grootse skepping, wanneer hy ootmoedig sê:

"Grys en enkeld skoon
kom die wye dagbreek op baie
môres aan oor die see
wat beef in sy waters,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

maar die Skoonheid is sterflik en eensaam,
en jy is die magtigste nië"

"Die stilte is magtig. Die gode is
skitterend maar stil in die lig.
Verwate skuim die grys see in die nag
teen al sy strande, en sy meeue sit
verlaat teen donker klippe stil."

In Koos du Plessis se nostalgiese lirieke sien ons iets van die gekweldheid en onrustigheid van die menslike bestaan:

"Eers was alles, alles donker -
om my was dit nag.
Toe begin ŉ liggie flonker ...
en skielik was dit dag.

En die nag het gekom, maar die son het gebly
en die branders het stom oor die rotse gegly
in die reënboog se glans, want die maan het gedans"

Tog bring die see altyd hoop, sowel as veiligheid en sekuriteit:

"Iewers is daar nog ŉ plek van vrede;
iewers is daar aan ŉ wilde kus
ŉ oord van rus -
Elke dag beloof ŉ nuwe hawe:
telkens is daar vaste grond in sig
in oggendlig"

Die wete dat die see altyddeur daar is, ten spyte van wat mag gebeur, verleen aan hom ŉ gevoel van bestendigheid en geborgenheid:

"Maar hier buite sterf die somer
en ek sien die blare val -
en iewers skyn die somerson ...
en êrens dreun die branders
aan die strande van Natal"

Theo Wassenaar staan met ontsag en bewondering vervul voor die see:

"O magtige oseaan, jy wydgestrekte
omsirkel deur die ongemetenheid ...

O nooitvermoeide see wat immer-woelend,
Getye reël na gange van die maan

O ewige deining van die Grote en Magtige!"

Vir Jan Rabie inspireer die see tot hernieude werkywer: "Tog is dit juis die onvermoede spel van dié watere wat my so dikwels woorde pasella gee. Wanneer ek vasbrand in my skryfwerk, stap ek af see toe, en gaan sit agter seeklippe uit sig van die land, amper in die sproei van golf na golf wat tot branders breek. Die kom en gaan en druis en guds en skuim sluit later die land uit, en jy is moeiteloos by jou gedagtes."

Uit Ingrid Jonker se verse spreek die broosheid van die mens sowel as ŉ diepe ontnugtering met menswees:

"Ek is die seevoël wat verhongerd daal
en dooie nagte opdis as ŉ maal

My lyk lê uitgespoel in wier en gras
op al die plekke waar ons eenmaal was"

"In haar soektog raak haar hande
aan die onkruid op die strande

hurk sy roerloos vasgerank
toegemaak deur wier en sand"

Oplaas bied die see ook vrede, vreugde en genot aan diegene wat saam met Ina Rousseau op sy strande vertoef:

"en in my hart was daar ŉ diep opwelling
van vreugde, asof ek deur branders gly..."

En ons, ons wat die see opreg liefhet, kan saam met C. Louis Leipoldt sê:

"Die see! die see!
Mens is hy nie wat op die strand kan staan,
Met vrede en met vreugde, en nie gee
Eerheid en eer en liefde aan die see
Die magtige, die woeste wilde see,
Die sagte, strelende, spelende moeder-see.

O see! O trotse oseaan wat woel ...
O see, wat lok en trek,
En in jou kinders liefde wek,
Hartstogtelik' liefde, sterker in sy mag
As liefde vir die roem, vir plig, vir eer."

JEANETTE MARAIS

Bronne:


Blignault, Audrey -
Die Goue Vreugde, 1985

Du Plessis, Koos -
Kinders van die Wind, 1982


Jonker, Ingrid -
Versamelde Werke, 1983

Leipoldt, C Louis -
Uitgesoekte gedigte vir Suid-Afrika, 1923

Opperman, D J -
Groot Verseboek, 1980




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




NOVEMBER

7 Mev Dina Terblanch
(Boekontvangste)
8 Mev Doris Botha
(Finansiële Administrasie)
11 Mej Yzelle Nelson
(Makro-ontsluiting)
19 Mej Martie van der Walt
(Voorklinies)
23 Mev H Kriel
(5de Vlak)
24 Mev Mala Mouton
(5de Vlak)
26 Mnr Louis Botha
(Toonbank)
28 Mev Christie de Klerk
(IBL)
Mev Daleen Stephens
(Africana)

ONTHOU!

Afsluitingsfunksie vir Biblioteekpersoneel: 26 NOVEMBER 1986

## IS "GELEERDHEID" AGTERUITGANG?

Geagte Robina,

Ek stem saam met 'n hele paar dingetjies wat in die artikel "Is 'Geleerdheid' Agteruitgang?" gesê word in DIE HUISGENOOT van verlede maand; en ek erken dat daar sommige altans is van ons "geleerde" meisies wat huishouding, of liewer huiswerk, benede hulle beskou, maar hier wil ek graag vra: Hoe kom dit so?

Ek dink op die oomblik aan een B.A.-meisie wat nie tevrede is "om net B.A. te blij nie: sij studeer verder en is van plan om onderwijs te gee; maar al lê sij haar nou hoofsaaklik daarop toe om haarself deeglik voor te berei vir wat waarskijnlik haar lewenswerk sal wees, is sij gedurende vakansietije tog "die dogter van die huis." Brood-bak, koek-maak, kos-op-sit en -opskep (sij kom uit 'n boerwoning waar genoemde dinge nog nie aan die kok oorgelaat word nie), wasgoedsorteer, lap-, stop- en naaldewerk doen, beskou sij as niks meer as haar pligte in huis nie, en om met die botter te werk as 'n groot plesier. En kan haar moeder die môre nie self die slagding bewerk nie, het sij glad nie nodig om die aia slaghuis-toe te stuur nie. Dieselfde dogter vind daar plesier in om moeder ook 'n uitvluggie te laat doen in Junie of Desember, om dan op die manier 'n kans te krij om die hele huishouding op haar te neem.

En hierdie dame is glad nie 'n uitsondering op die reël nie. Ek is geneig om die moeder ook daarvoor te blameer as haar "geleerde" dogter huiswerk benede haar beskouw. Het die moeder die boompie gebuig toe hij nog jonk was? Het sij die dogtertjie van kleins af laat besef dat sij in haar ouderlike huis moet leer hoe om self te kan werk en bestuur, sodat sij eendag as 'n knap huisvrou kan optree? Het die moeder haar dogter laat sien en voel dat dit nie 'n vernederende of ondergeskikte posisie is om te beklee nie, en dat daar praktiese voorbereiding voor nodig is, net soos vir enige ander roeping?




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ek weet van moeders wat liewers self, so moeg as hul is, tafel sal dek, of koffie en tee sal skink in stede van 'n dogter daarvoor verantwoordelik te hou. Maar dis vakansie, en die dogter het haar moeder al so baie hoor sê: "Ag, die arme kind het so hard gewerk; sij moet rus"; daarom lê sij in die tussentijd op haar rug met 'n roman in die hand. Sou verandering van werk in dié geval nie baie heilsamer wees nie, sodat die brein 'n kans kan krij om te rus? Terselfdertijd sou die dogter dan 'n verantwoordelikheidsgevoel kan aankweek.

Die moeder wat 'n slaaf van haarself maak, maak huishouding nie aantreklik vir haar dogter nie; maar as die werk sistematies gedaan word in die huis, sal die dogter al spoedig insien dat daar ook talent voor nodig is.

As ons Afrikaanse moeders hulle deel doen, dan sal ons in die toekoms welopgevoede, ontwikkelde B.A.-meisies hê, en die vrees vir boekgeleerde nooientjies, wat net vir hulle mode-beroep toegerig en geskik is, sal verdwijn. Ek het onlangs geleentheid gehad om 'n hele paar Universiteitsmeisies op dié punt te ondervraag, en ek vind dat, op één of twee na, hulle almal te kenne gee dat hulle nie net belangstel "in abstracto" in huishouding omdat hulle hoop om ook eendag 'n huis van hul eie te hê nie, maar dat hul 'n praktiese aandeel daarin het as hulle tuis is.



Dikwels word 'n mens hartseer, as jij sien hoeveel jij 'n swart bediende wat effens huiswerk verstaan, moet betaal - en nog al die geriewe wat sij geniet, sonder enige uitgaaf. Hoeveel liewer sou ons dit nie, 'n bietjie meer selfs, betaal aan ons armer wit meisies nie?

Ek beskou die beskawing en geleerdheid as iets wat in elke opsig vooruitgang moes bring. Dus moet ook ons meisies van Suid-Afrika nie net streef na boekgeleerdheid en die mode-beroepe nie, maar ook om, as hul later 'n eie huis en kinders mag hê, die huis so te hou en te beheer, en om die kinders so op te voed, dat dit vir iedereen 'n voorbeeld kan wees, en dat hulle self die gevoel kan krij dat die egte huismoeder se rol in die lewe eervoller en belangriker en interessanter is, as die kastige geleerde dogter veragtelik dink.

En dan sal ons kan en moet erken dat die moderne beskawing nie agteruitgang is nie.

Bron: Huisgenoot, 1919

****************

## UIT MY LEUNSTOEL

Net maar om u te bedank vir al die mooi dinge tydens my afskeid.

Baie dankie aan die Rektor en Vise-Rektore, die Direkteur en Topbestuur van Merensky-Biblioteekdiens vir die fantastiese ete-geleentheid en die oorhandiging van 'n ere-penning deur die Rektor.

Baie dankie aan die Sosiale Klub vir die lekker saam eet.

Baie dankie aan my vorige personeel vir al die vriendelikheid en ondersteuning van so baie jare.

Baie dankie <u>Biblikasie</u>, dat ek jou vanaf jou eerste treë, tien jaar gelede, in jou finale vorm kon giet. Jy was oor die jare 'n goeie geselsmaat om sodoende gedagtes te wissel en personeel aan mekaar voor te stel.

En laastens, sommer net baie dankie aan elkeen en almal dat dit alles vir my gegun was.

OOM WILLIE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BIBFLITSE

## AFRICANA

ŉ Gebruiker vra nou die dag ŉ boek oor boererate. Ek het ŉ bietjie rondgekyk en toe op "Ouma en Oupa se Boererate" afgekom. Ek het gedink ek sal so hier en daar ŉ raat uithaal. Wie weet, dalk is dit net die ding vir een van ons se kwinte en kwale ...?

Inflammasie

"Neem ŉ kat, trek die vel haastig af, ja, nadat die kat gou doodgemaak is. ŉ Mens trek die vel af soos dié van ŉ hasie. Sit nou die vel se vleiskant op die plek waar die inflamasie is. Die vel sal baie gou sleg ruik en haaraf gaan - Herhaal ŉ paar keer."

Ek wonder net of die herhaal beteken dat daar elke keer "gou" ŉ kat doodgemaak moet word vir ŉ "nuwe" vel...

Snywonde: Bloeding

"As ŉ aar afgesny is, druk dit toe met die duim, sit ŉ pennie op die plek waar die duim druk. Vat ŉ linne band van 3 vingers breed. Draai dit styf om die plek, steek ŉ stok deur die band, draai die band so styf laat die vleis uitpeil. Hou die arm of been om hoog- Moenie die band mit eens los maak nie, gee altyd ŉ bietjie skiet. As die band af is, druk die plek weer toe mit die duim. Gooi dan gou vyn gemaakte droë gifpol op, die bloed sal gou stop".

Wat sal die noodhulp-deskundiges van hierdie metode sê?

Tandpyn

"As jy jou was, droog eers jou linkerhand af, dan die regter, en laaste jou gesig. Ek het baie seer tandpyn gehad en na ek die raad gekry en geprobeer het, het ek nooit weer tandpyn gekry nie. Die tande het sommer so afgebreek."

* * * *

"Steek malvablaarpluisies in ore."

Knoop in die derm

"Gee die persoon ŉ ½ koppie lemoensap in. Daarna moet hy op sy kop gehou word met voete omhoog."

Ek dink nie ek sou graag ŉ knoop in my derm wou hê nie, veral as ek so kyk na die "op sy kop gehou" gedeelte.

Seerkeel

"Sit ŉ warm geswete kous se sool op die keel, en draai die res van die kous om jou nek."

Klink vir my of ons nie meer in die winter met die seerkele sal hoef kouse te was nie.

Seeroë

"Sit slangvel in brandewyn vir 2 minute. Sit aan binnekant op, met ŉ lappie bo-oor. Sit dan kersieblaarpappe louwarm bo-op."

Ek dink ek het dan maar liewers seer oë, ek weet nie van julle nie.

Hoofpyn

"Hier is nou weer ŉ ouë, ouë raat. As u in die veld stap met ŉ hewige hoofpyn en u daar ŉ wildetwaksboom sien, pluk die blare, pak die hoed se bol vol en sit dit op die kop, nie lank nie, dan sal die hoofpyn verdwyn."

"Neem ŉ katvel wat net geslag is en plaas dit om die kop. Die vel trek glo al die kwaad uit."

Wel, dit lyk vir my of dit nogal voordelig vir ŉ mens se gesondheid kan wees om ŉ kat of twee aan te hou ... Dis al rate vir eers. As julle ander probleme het, kan julle gerus ŉ besoekie aan Africana bring. Ek is seker "Oupa en Ouma se boererate" sal kan help.

DALéNE STEPHENS

Bron: Oupa en Ouma se Boererate, S A U K, 1962



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VOORONTSLUITING

As julle dalk brand ruik in Merensky is dit ons voorontsluiters wat so hard moet dink, voorberei, kontroleer en invoer op Dobis.

Dit gaan baie goed met die nuwe take wat na ons kant toe gekom het, naamlik katalogisering. Met Elrien se hulp en elke ander voorontsluiter se bydrae, behoort ons alles gou onder die knie te kry.

Gelukkig vir ons, en ongelukkig vir die vakbibliotekaresses is fondse maar skraal en kan ons dus meer tyd spandeer aan katalogisering.

Marianne is nog aan die popspeel met haar klein Jacques.

Joy verkeer geheel en al akademies. Baie sterkte, ons dink aan jou.

Vir die drie voorontsluiters wat Oktober verjaar, baie geluk!

Geniet die laaste paar maande van 1986.

CHRISTA STRYDOM

---

## TOONBANK EN ALGEMENE INLIGTINGSDIENS

## THE ULTIMATE DIET

IN THE FIRST WEEK:

MONDAY
BREAKFAST : Half a cup of weak tea
LUNCH : Half a prune pip, sucked for 10 seconds
DINNER : 1 Sparrow thigh grilled - 30 ml Prune Juice, gargle only

TUESDAY
BREAKFAST : Scraped crumbs from a burnt piece of toast
LUNCH : 1 Doughnut hole, without any sugar
DINNER : Read a recipe for Roast Turkey - Thats all! Just read it ...

WEDNESDAY
BREAKFAST : 1 Pigeon egg, boiled
LUNCH : 6 Poppy seeds, de-pipped
DINNER : Bee knees and mosquito knuckles marinated in vinegar

THURSDAY
BREAKFAST : 10 Tomato pips
LUNCH : Belly-button from a navel orange
DINNER : 3 eyes from a potato (diced)

FRIDAY
BREAKFAST : 2 Lobster Antennae (suck them only)
LUNCH : 1 Goldfish fin - lightly grilled
DINNER : Soup from the stock of a Jellyfish bone

SATURDAY
BREAKFAST : 4 Chopped Banana seeds
LUNCH : 1 Boiled Butterfly liver
DINNER : Roast Leg of Gnat (half a portion)

SUNDAY
BREAKFAST : 1 Pickled Hummingbird Tongue
LUNCH : Prime Rib of Tadpole
DINNER : Roast Leg of Grasshopper

THIS DIET IS GUARANTEED TO MELT THOSE UNWANTED KILOS AWAY

REMEMBER THAT ON THIS DIET

N E V E R O V E R E A T !!!

BOKKIE MALAN

---




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VLAK 6

Sielkunde studente het onlangs 'n opdrag ontvang om die bibliotekaris "sielkundig" te ontleed. 'n Vraelys is uitgedeel en onder andere was een van die vrae:

Hoe sien en beleef u die biblioteek? Teken asseblief vir ons 'n prentjie daarvan.


Een van die antwoorde was soos volg:




Voorwaar 'n moeilike geval!

## VOORKLINIES

### REAL JUSTIFICATION FOR TRAFFIC ACCIDENTS



Many people who experienced the misfortune of an automobile accident were asked to summarize exactly what happened to them in a few words on accident or insurance forms. The following quotes were taken from these forms. Published in the Toronto Sun. July 26, 1978.

The other car collided with mine without giving warning of its intentions.

A truck backed through the windshield into my wife's face.

The other guy was all over the road: I had to swerve a number of times before I hit him.

I had been shopping for plants all day, and was on my way home. As I reached the intersection, a hedge suddenly sprung up obscuring my vision. I did not see the other car.

I was sure the old fellow would never make it to the other side of the roadway, so I ran over him.

I saw the slow-moving, sad-faced old gentleman as he bounced of the hood of my automobile.

The cause of this accident was a little guy in a small car with a big mouth.

Thomas E Gill; Davis, C A
JOURNAL OF IRREPRODUCIBLE RESULTS
Vol 31(4), 1986

HELENE FOURIE

## VOORKLINIES (VERVOLG)

Na aanleiding van verlede maand se berig deur Martie van der Walt oor Medies se troeteldier, het ons die volgende inligting ontvang:

'n Brief wat geadresseer was aan,


Ma Griet, Blossy en Filistyne
Mediese Biblioteek,

het die volgende prentjie en byskrifte bevat om Martie se gevoel oor Medies se toeteldier uit te spreek.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**FRED BASSET — by Graham**




"Ek en Fred voel eeeeners!"

---

## TYDSKRIFTE

## VERLORE GELEENTHEDE

Daar is niks so treurig as die treurigheid wanneer ons dink aan verlore kanse:

"die groot geleenthede wat ons ten koste van ons self verwaarloos het ...
Ons kon dit gedoen het en ons kon dât gedoen het. Vergeefse woorde want hulle het nie krag of sin -
om een moment uit die verlede terug te bring
of een verlore uur te herwin.

Dit is vrugteloos om te dink aan die kanse wat ons misgeloop het - daar is net een ding
oor om te doen en te onthou: maak die meeste van elke minuut. Die beste daarvan mag 'n seën vir jou inhou.

Verlore geleenthede kom nooit weer terug nie.
Daarom is dit vergeefs om te wens dat dit kon gebeur. Hou aan en iewers sal jy vind as jy kyk - iets moois, iets goed, iets ryk."

Bron: Die Stalhoekie - Patience Strong. 1968

ZETTA ROUX

---

## TIKSTERS

## ONDER DIE OOG VAN DIE HEER

As jy dink, as jy praat, as jy
skrywe of lees,
As jy wandel of sing, en ver-
kwik soms jou gees;
As jy uit is of tuis, of waar jy
verkeer,
Onthou jy is onder die Oog van
die Heer.

En wat jy ook dink, in blydskap
of ween,
Deel al jou gedagtes aan
Jesus ook mee;
As jy hard praat of fluister in
iemand se oor,
Sê altyd net alles wat Jesus wil
hoor.

As jy iets lees somtyds baie in-
teressant,
Maak seker, jy is aan die vei-
lige kant,
Sodat jy nie nie sal skrik, as Jesus
miskien
Heel onverwags sê: "Gee, laat
Ek jou boek sien!"

As jy iets skrywe in driftige



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

gees,
Kyk goed deur, of Jesus maar
alles mag lees.
En al wat jy sing in jou hoogste
genot:
Sing altyd net alles behaaglik
voor God.

Gaan altyd net daar in jou werk
of plesier,
Waar God maar kan vra: "My
kind, wat maak jy hier?"
En as jy iets teëkom wat twyfel
verwek,
Dink net wat Jesus sou doen in
jou plek.

In jou tydkorting, in jou bedryf,
In jeugdige dae, of ouderdom
styf;
Gee pad vir plesier waar jy jou
sal skaam,
As God jou sou vra: "O, deel jy
ook hier saam?"

SUSAN OLIVIER

Bron: Kaspaas, 1981

Hulda Fritz help steeds fluks uit by geskenke en Minda Meyer en Louise Mayer gee ook van tyd tot tyd hand by Voorontsluiting.

Behalwe die gewoel wat werk betref, is daar ook ander woelinge te bespeur in ons afdeling. Irene Dejonge vertrek eersdaags oorsee en is druk besig met voorbereidings so in die stilligheid. Daar is ook ander gerugte van voorbereidings wat ons daagliks bereik. Magda Cilliers se troudag kruip vinnig nader met nog vele reëlings oor wat nog gefinaliseer moet word.

Ekself besef nou ook, in my eerste jaar wat ek die legendariese prag van die Jakarandas van Pretoria beleef, en wat menige studente al voor my besef het, hoe meer Jakarandablommetjies val, hoe minder dae bly oor voor die eksamen! Hiermee dus my innige medelye met al die susters in verdrukking in die Merensky en alle sterkte met die komende eksamens.

LOUISE MAYER

## SEKSIE BOEKONTVANGSTE

Dit is al weer bykans die einde van die Lente, nog voordat ons klompie hier by Boekontvangste behoorlik tyd kon kry om die mooiste maand van die jaar te geniet.

Alhoewel die stroom van inkomende boeke nou tydelik 'n stroompie geword het, het ons nogtans heeltemal genoeg om ons mee besig te hou. Die reekskardekse is nou almal op datum en vele jare-oue goggas is uit die weg geruim. Reekspublikasies is dus deesdae vir ons 'n plesier en nie meer die verskrikking van vroeër nie.

Vroeër die jaar het ons al die proefskrifte onder in die kelder afgeskryf, en is nou druk besig om hulle SANSO-strokies volgens klasnommers uit te sorteer. Ook moet die berg boeke in die kelder, wat nog deur Buitemuurs afgeskryf is, van SANSO-statistiek voorsien word en dit is die oorsaak van die dose vol boeke wat die weg voor die agterdeur versper. Dit is dus heeltemal genoeg om die Lentegees effens te demp.

## VRAE EN ANTWOORDE BY VET

1) NEE, ons nuwe biblioteek is nog nie klaar gebou nie - dit wil voorkom asof ons eers volgende April se kant sal intrek.

2) JA, ons weet uiteindelik wie die nuwe Dekaan van Veeartsenykunde is - Prof Coubrough. Hy is tans hoof van die Departement Geslagskunde (die veterinêre eweknie van Medies se Obstetrie en Ginekologie). Ons is bly, want as goeie biblioteekgebruiker sal hy nie die biblioteek vergeet vanuit die 'hoge gestoeltes' wat hy vanaf 1 Januarie 1987 sal beklee nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons sal die huidige Dekaan, prof Le Roux met sy droë humorsin mis! Dis hy wat altyd na die biblioteek verwys as die 'hoge gestoeltes'. Ons wonder of hy sy aftrede gaan verrryk met boekskryf. Sy voorganger, prof Hofmeyr het ons al behoorlik laat bontspring die afgelope 5 jare met sy skryfwerk! Dit was darem nie nutteloos nie - politiek en sanksies ten spyt gaan ŉ bekende Amerikaanse uitgewer sy boek nou publiseer.

3) NEE, ons weet nog nie wie die nuwe hoofde van die Departemente Geslagskunde en Parasitologie gaan wees nie. Prof S S van den Berg volg prof Steyn op as hoof van Chirurgie en ons wens hom baie geluk en vertrou dat hy nog steeds gereeld by die biblioteek sal kom inloer.

4) NEE, dit was nie Kersversierings wat so bont en vrolik die kennisgewingsborde in die gang buite die biblioteek versier het nie! Die Departement Soötegnologie kon net nie sy trots verberg nie en het al sy 'trofeë' wat op die onlangse Pretoriase Skou verower is, luisteryk uitgestal. Daar was pryse gewen vir ruiterkuns (ons eie Carel de Bruyn wat die aandskofte in die biblioteek werk en dr Sue Murray van Soötegnologie was die flinke ruiters).



"Onthou om die beoordelaar te salueer"



"Hou jou vertoning eenvoudig. Jy stel jou perd ten toon, nie jouself nie."

Ander pryse is toegeken aan die departement vir die beste gehalte slagbeeste en vir skape. Hier was dit dr Piet Botha wat die leiding gegee het en hy was nie bietjie trots op sy flukse span studente wat die pryse gewen het nie. Om alles te kroon is dr Botha later as Dosent van die Jaar deur die hele studentegemeenskap van Onderstepoort gekies - ŉ groot eer want ons weet almal hoe krities ŉ student is!

ERICA VAN DER WESTHUIZEN
Veeartsenykunde

## KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

Waar die hart van vol is, loop
die mond van oor.

Met hierdie spreekwoord antwoord Dr D F Scheurleer in sy boek: "Een Vrouen-Spiegel - 1001 spreuken en spreukwijzen" die vraag wat hy stel, naamlik: Hoe dit tog gekom het dat daar in alle lande en tale so eindeloos oor vroue gepraat en geskryf is?

Hy sê dat dit waar is dat daar baie kwade dinge oor die vrou gesê is. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die man deur die eeue half bedreig gevoel het deur die vrou. As ŉ mens deur hierdie boekie blaai, staan ŉ mens werklik verstom oor alles wat kwytgeraak is oor die vrou, letterlik in alle tale. Ek wonder soms watter vroue hierdie mans so kwaad kon gemaak het.

In hierdie boek is daar geen aspek van die vrou wat nie beskryf is nie. Hier volg ŉ paar van die beskouings wat oor vrouens neergepen is.

Shakespeare het gesê:
"A woman moved is like a fountain



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

troubled muddy ill-seeming, thick,
bereft of beauty"

'n Anonieme skrywer het die volgende kwytgeraak:

"Never judge a book by its cover or a woman by her hat. Either may contain some common sense"

El Rawendi het oor gehoorsaamheid hom soos volg uitgedruk: "Worden de vrouwen gehoorzaam, dan is het jongste gericht nabij."

Die spreekwoordelike koppigheid van die vrou het nog 'n anonieme skrywer tot die volgende woorde geïnspireer: "Vele vrouwen hebben een zachte hardnekkigheid." Geleerde vroue was beslis 'n doring in die manlike vlees:

"De hemel sta ons bij, daar meisjes kundig zijn. In waarzegkunst en vrouwen in Latijn." (Haygens)

"Wie een geleerde vrou heeft, krijgt letters in plaats van lekkers." (Anoniem)

"Of all the plagues, the greatest is untold, The book-learned wife in Greek and Latin bold." (Shakespeare)

Sommige mans het darem erken dat hulle nie sonder vroue kan klaarkom nie:

"As for women, though we scorn and flout 'em we may live with, but cannot live without 'em." (Dryden)

Die sorgsaamheid van die vrou is ook af en toe raakgesien:

"Een goede huisvrouw zorgt voor vijf B's
Brood, Boter, Bier, Brand en Beurs
Ook vir vij K's
Kinderen, Kamers, Koten, Kelder en Kleren."

Om op 'n positiewe noot af te sluit, die volgende paar aanhalings:

"Een goede vrouw kan men met geen goud betalen." (Anoniem)

"De huiselijkheid komt van de vrouw en niet de man." (Anoniem)

'n Allerlaaste finale trooswoord - sommige mans het begrip vir die probleme waarmee vroue te kampe het:

"Man's work lasts till set of sun, Woman's work is never done." (Anoniem)

"A wife is a woman who is expected to purchase without means, and sew on buttons before they come of." (E Ray)


JO BREED

Bron: Scheurleer, D F (samesteller)
Een Vrouwen-Spiegel - 1001 Spreuken en Spreukwijzen
's Gravenhage, Mouton, 1924




"In u geval is dit waarskynlik die beste om hom met die bottel oor die kop te slaan!"

TREFFERS



FILMS

## A ROOM WITH A VIEW

Die kunsrolprent "A Room with a View" is 'n meesterlike verwerking van die gelyknamige roman van E M Forster.

Die gewildheid van hierdie rolprent het alle verwagtinge oortref. Die vervaardiger, Ismail Merchant, het gehoop dat "A Room with a View" ongeveer 7 miljoen sal verdien. Daar is tans 'n groot moontlikheid dat sy inkomste die 20 miljoen dollar-kerf sal verbysteek.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die verhaal speel in die Victoriaanse era af, en handel kortliks oor Lucy Honeychurch (Helena Bonham Carter) en haar chaperonne Charlotte Bartlett (Maggie Smith) wat in 1907 in Italië gaan vakansie hou. In hulle hotel in Florence ontmoet hulle vir George Emerson (Julian Sands) en sy vrydenkende vader (Denholm Elliott). Lucy en George is saam ooggetuies van 'n moord.

George raak hartstogtelik verlief op Lucy. Wanneer hy haar soen, keer Lucy en Charlotte dadelik na Engeland terug. Lucy volhard in haar pogings om haar ware gevoelens teenoor George te onderdruk, en ontken haar liefde vir hom. Sy raak verloof aan Cecil Vyse, 'n preutse en hovaardige aristokraat. Eers wanneer George se vader vir Lucy konfronteer in sy strewe na waarheid en eerlikheid, ontbloot sy haar emosies en openbaar sy haar liefde vir George.

"A Room with a View" bied 'n insiggewende blik op die puriteinse Victoriaanse waardes wat emosies onderdruk en begeertes onvervuld laat bly het, en is beslis die moeite werd vir die ernstige rolprentliefhebber.

JEANETTE MARAIS

## THE TRIP TO BOUNTIFUL

Vir haar uitmuntende spel in "The Trip to Bountiful" het Geraldine Page die gesogte Oscar as die beste aktrise vir 1986 van die Amerikaanse Akademie ontvang. Sy vertolk die rol van Carrie Watts, 'n ou dame wat daarna hunker om na haar tuisdorp, Bountiful, terug te gaan.

As ongewenste skoonmoeder is sy verplig om by haar seun en sy vrou in te woon, waar sy sielsongelukkig is. Dit maak haar steeds meer vasbeslote om uit die stad weg te kom, en terug te keer na haar vorige gelukkige lewe in die dorp wat vir haar net aangename herinneringe inhou.

Haar Oscar-toekenning span die kroon op 'n suksesvolle loopbaan wat 34 jaar gelede in die teaters van Broadway begin het, en met die New York Drama-toekenning as die beste aktrise vir 1952 beloon is.

Die geesdriftige rolprentganger moet hierdie prent onder geen omstandighede misloop nie.

JEANETTE MARAIS

## SANIBONA! DUMELANG!


### Marcus Mathabe

Marcus Mathabe is gebore in Mathibestad, Hammanskraal. Hy is bevoorreg om nog steeds woonagtig te wees in hierdie tradisionele familiekompleks. In 1966 is hy getroud met Isabella by wie hy ses kinders het, twee seuns en vier dogters. In 1983 trou hy met sy tweede vrou, Siena. By haar het hy twee seuns en een dogter. As 'n man wat nege kinders het, sal die familiekompleks steeds groter word wanneer sy seuns trou en hulle met hulle gesinne daarby aansluit. Die dogters sal weg beweeg na hul skoonfamilies. Hyself en altwee sy vrouens is van Ndebele-afkoms.

Hy begin in 1959 op agttienjarige ouderdom werk by mnr R J van Rooyen in Hercules en verdien 'n skrale R6 per maand. Tussen 1961 en 1975 is hy by verskeie plekke werksaam, onder andere by Lancasta Woonstelle, Union Parkade, Pretoria Tobacco Co., en CNA.

Op 19 Maart 1975 begin hy by die regsvlak in Merensky-biblioteek werk waar hy tot nou toe werksaam is.

Hy is baie gelukkig in sy pos want hy het baie dinge geleer in die tyd wat hy daar werksaam is. In die begin was hy net bewus van die inheemse reg (voorheen bekend as Bantoereg) maar het gou besef dat daar verskillende regstelsels is, onder andere die siviele reg (Westerse privaatreg). As jy trou moet jy die keuse maak of jy volgens die inheemse reg of die siviele reg trou. Die inheemse reg laat jou toe om meer as een vrou te hê. Die





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

siviele reg se wet op huwelike verander vanaf 1 November - dit is alles dinge wat jy in gedagte moet hou as jy besluit om te trou.

Oor die toekoms kan hy nie waag om veel te sê nie. Die enigste ding wat sal help is as mense sal saam werk en saam praat. Soos die ou mense sal sê ('n spreekwoord uit sy taal en kultuur): as jy saam trek het jy nie nog kans om te skop nie, en as jy skop, kan jy nie saam trek nie. Of soos Suid-Afrika se leuse lui:

Eendrag maak mag.

Anders gesê:

Kutlwaano ke Matlo

---

Helen Matila se moeder is oorlede in September. Ons innige simpatie aan haar.

---

Alle grappies in hierdie uitgawe is ontleen uit die Huisgenoot.

---



" ... en onthou asseblief om nie te begin praat oor werk, vakansie, sport, siekte, politiek, tienderjariges, kuns, godsdiens of seks nie! "



## 'N HULDEBLYK AAN DR H J ASCHENBORN

Dit was met skok en leedwese dat die personeel van UP se Biblioteekdiens verneem het van die onlangse afsterwe van dr Hans Jürgen Aschenborn. In die Biblioteekdiens se brief van meegevoel aan mev Aschenborn word daar tereg verwys na die diep spore wat dr Aschenborn op die UP-kampus en in Merensky-biblioteek getrap het. Met die deurlees van sy lewenskets kom 'n mens egter tot die besef dat hierdie spore verder loop as die Universiteit van Pretoria. Sy bydrae tot die biblioteek- en inligtingwese in Suid-Afrika strek oor 'n wye gebied, vanaf die vestiging van die Staatsbiblioteek as nasionale biblioteek tot by die uitbouing van internasionale biblioteekbetrekkinge.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dr Aschenborn is op 19 Augustus 1920 in Windhoek, Suidwes-Afrika, gebore. Sy vader was die beroemde kunstenaar en skrywer, Hans Anton Aschenborn. Sy kunsinnige inslag en liefde vir musiek erf hy van sy vader en dit dra daartoe by om hom deur en deur 'n kultuurmens te maak.

In 1947 aanvaar dr Aschenborn die pos van biblioteekassistent in Merensky-biblioteek. Twee jaar later word hy hoof van die bestellings-, katalogiserings- en klassifikasiedepartement van die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdienste. Gedurende hierdie tyd voltooi hy sy BA-graad en in 1952 studeer hy onder prof P C Coetzee vir die Hoër Diploma in Biblioteekkunde. Hy keer terug na Merensky-biblioteek en word aangestel as hoof van die katalogiseringsdepartement. Sy MA-graad in Biblioteekkunde behaal hy met lof en in 1959 word hy aangestel as onder-direkteur van die Staatsbiblioteek en in 1965 as direkteur, 'n pos wat hy tot sy dood beklee.

Gedurende die periode vanaf 1953 tot 1961 is hy dosent aan UP en verantwoordelik vir die dosering van Ontsluitingsleer en Biblioteekbedryfskunde. Met die proefskrif getitel "De Staatsbibliotheek der Zuid-Afrikaansche Republiek", promoveer hy in 1966 met lof.

As dinamiese persoonlikheid lewer dr Aschenborn deur sy denke en inisiatief 'n belangrike bydrae tot die biblioteek- en inligtingwese. Hy is van die staanspoor af betrokke by die uitbouing van 'n nasionale bibliografie van gepubliseerde bronne in Suid-Afrika (SANB). As mede-outeur van die bekende monografie "Titelbeskrywing" is hy behulpsaam met die opstel van die katalogiseerreëls in Suid-Afrika. Hy woon ongeveer vyf en sestig internasionale konferensies by en sy idees om die nasionale bibliografie te rekenariseer, die gesamentlike katalogus op mikrofiche te plaas, ou koerantmateriaal te verfilm en nog vele ander innovasies, verleen aan hom internasionale bekendheid. Vroeg reeds koester hy die gedagte van koöperatiewe katalogisering in Suid-Afrika wat dan uiteindelik verwesenlik word in 'n netwerk soos SABINET.

Tereg kan daar van hom gesê word:

"Danksy sy deeglike vakkundige agtergrond, insig en bedrewenheid, dinamiese dryfkrag, taai volharding en uithouvermoë sowel as vindingrykheid om met beperkte middele 'n doelwit te bereik, kon hy riglyne uitstippel en die grondslag lê vir die Staatsbiblioteek om behoorlik as 'n nasionale biblioteek te funksioneer. Hy het dit deur die jare onvermoeid met onuitputlike optimisme en idealisme nagestreef, ten spyte van terugslae en probleme ... Sy professionele werksaamhede in die buiteland het internasionale aansien aan hom verleen en Suid-Afrika tot eer gestrek."
(National libraries: some South African and international perspectives ... 1986, p ix)

Bron:

National libraries: some South African and international perspectives on challenges and opportunities, edited by J A Boon, P J Lor and K P Prinsloo. 1986
Pretoria: The State Library

---

## KLEINBOET KRY 'N GROTER BAADJIE!

Die storie se naam kon ook "Klinikala trek in 'n nuwe biblioteek in" gewees het, maar dis nie halfpad so interessant nie, en dit vertel ook nie regtig wat alles gebeur het nie ... Vra enige ma: om vir kleinboet 'n nuwe baadjie te kry kos heelwat tyd, geduld en 'n hele paar stelle nuwe skoensole.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die storie het eintlik byna 'n jaar gelede begin toe planne vir uitbreidings aan die hele Klinikalagebou, en veral dan ook aan die biblioteek, ter sprake gekom het. Dadelik is daar besluit dat kleinboet se lyfie die afgelope tyd darem snaakse bulte ontwikkel het, en is hy summier op 'n dieet gesit. So het eers Magriet Engelbrecht, en later Theresa Taylor die versameling 'n slag onder hande geneem.

Van die eerste paar kilogramme is al ontslae geraak met die boekverkoping in Februarie, en nadat Theresa die tydskrifversameling uitgedun het, en daar nou net sewe jaar se tydskrifte by Klinikala oor was, was kleinboet mooi skraal. Medies se pakkamer het soos 'n papierberg gelyk en Tydskrifadministrasie moes die berge ou tydskrifte weer wegwerk wat vir Medies nie bruikbaar was nie.

"Klinikala trek volgende week - sal jy gaan oog hou?", het Annie Pienaar op 'n dag gevra. Die storie van die planne, die veranderings, probleme en sulke dinge moet Estrellita en mnr Duminy maar later vertel. Op my vraag of ek my sweetpak en tekkies kan aantrek, wou sy baie skepties weet hoekom, ek gaan dan net beduie waar moet wat kom. Beroemde laaste woorde ...

Woensdag so teen 09h00 meld ek aan, gestewel en gespoor, want ek het die middag nog 'n ander afspraak. Die ou biblioteek is deurmekaar, donker, vuil en niemand is in sig nie - en die nuwe een is leeg. Met 'n bietjie soek kry ek eers vir 'n verlore Babs en 'n vuurwarm Gideon wat met die beste wil ter wêreld nie by Merensky kon wegkom op sy bestemde tyd nie.

Diegene wat Klinikala se voorraad ken, sal weet dat die boeke nie volgens klasnommer op die rak geplaas was nie, maar volgens vakgebied, en dan alfabeties. Die tydskrifte was ook volgens vak gerangskik. Met die jare het die voorraad vermeerder en het daar probleme begin ontstaan met die plasing van materiaal. Die laaste nekslag vir hierdie "biblioteekgesproke" ordelike onordelikheid was 'n trek.

Met Gideon en 'n blitsige span aan die oplaaikant, en ek en 'n aflaaispan wat aan harmansdrup gegrens het, het die trollies kort-kort soos treintrokke op De Aar opgehoop, en dan moes daar maar ingespring word, kerkrok of te nie. Meer as een maal het ek gewens dat die dieet waarop die biblioteek geplaas was, nog strenger moes gewees het.

Teen etenstyd was die groot trek verby, en het die chaos in die nuwe biblioteek blou in die blom gestaan. Met 'n paar voorlopige instruksies, en 'n belofte om die volgende dag of wat weer te kom, is ons weg - heelwat warmer en vuiler as vroeg daardie oggend.

Die latere besoek het op die ou end vyf lang besoeke geword, want die boekversamelings moes geskei word; in klasnommervolgorde gepak word; die tydskrifte moes in alfabetiese volgorde gerangskik word; die kaartjies in die katalogus wat die personeel met die jare self opgebou het, moes teen die bestaande voorraad gekontroleer word; en laaste moes die rakke (boeke sowel as tydskrifte) gemerk word, om dit vir die gebruikers makliker te maak om die nuwe stelsel onder die knie te kry. Aan Sannie Hattingh en Babs Swift wat letterlik hande en voete deurgewerk het, en Abel Maboko wat moes kom help toe ons krag te min was, wil ek 'n reuse dankie sê.

En nou - bykans 'n maand later, kan ons terugkyk op baie harde, maar weliswaar 'n lonende werk. Die biblioteek blink, die materiaal is georden en daar is genoeg plek! Daar is nog werk wat gedoen moet word, soos kataloguskontrole van die ou voorraad, die uitstalrakke merk, en nog die een en ander, maar dat ons nou 'n rietskraal kleinboet het met 'n splinternuwe snyerspak aan, is nie te betwyfel nie. Ons is trots op hom en beny hom so 'n bietjie vir al die ruimte wat hy het om in te groei.

Intussen weet ons dat ons troetelhond se nuwe hok byna klaar is en dat die trek vir Veeartsenykunde net om die draai lê. Erica, Lily en Lourina soek solank óú klere en plát skoene. En Voorklinies het sy tydskrifvoorraad ook op dieet gesit en is vinnig besig om 'n splinternuwe figuur vir die somer te verkry.

Sophia, verbeel ek my, of wurg ons hemp hier by die boordjie (Kelder) se kant? Dink jy Ou Merensky sal 'n plan kan maak met hierdie voorspelernek wat aan die ontwikkel is ...?

MAGRIET LEE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# A A N S T E L L I N G S



**Susan Marsh**

Susan is geen onbekende by ons nie. Sy is heraangestel by Makro-ontsluiting. Die rede vir haar afwesigheid is die twee bondeltjies wat sy hier vashou.



**Magda Botha**

Getroud met een dogtertjie
**Aangestel by: Interbiblioteeklenings (oggendpos)**
**Vorige ondervinding:** Voorheen werksaam by Merensky-biblioteek (tydskrifte). Voltooi verlede jaar haar BA(Ed) Kuns en word 'n dogtertjie ryker.
**Belangstellings:** Haar baba, kuns en kunsnaaldwerk.



**Lea le Roux**

Ongetroud
**Aangestel by: GSV (4nm-9nm)**
**Vorige ondervinding:** Student UP
**Belangstellings:** Muurbal, blommerangskikking, naaldwerk en studies.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



**DIE "NUWE" KLINIKALA : TAKBIBLIOTEEK GELEë BY KALAFONG HOSPITAAL**



Die Biblioteekdiens se twee assistent-direkteure, mev Bettie Langkilde en mej Annie Pienaar het besoek gaan aflê by die nuwe takbiblioteek.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

NOVEMBER
DESEMBER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 201




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# INHOUDSOPGAWE


DIE EERSTE Sê ........ 1

REDAKSIONEEL ........ 2

SOSIALE KOMITEE ........ 2

TERLOOPS ... ........ 3

SLOTBESKOUINGE OOR DIE OUTEURSREGWET ...

VOORDEEL UIT PLAGIAAT ........ 3
WAT 'N STRYD! ........ 3

VANDALISME IN DIE BIBLIOTEEK ........ 5

KERSFEES ONDER ONS MENSE ........ 7

KERSTYD - VREUGDETYD ........ 10

WHO IS THE CHRIST OF CHRISTMAS? ........ 10

THE WAY TO CELEBRATE GOD'S COMING
TO EARTH ........ 11

HELLAS ........ 12

VERJAARSDAE ........ 14

BIBFLITSE ........ 15

RESEPTE VIR KERSDAG ........ 23

ENGELBRIEFIES OP DIE KENNISGEWINGBORD ........ 25


oooooooOOoooooo

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# DIE EERSTE Sê

## DIE GELEENTHEID VAN JAARWISSELING

Ek waardeer die geleentheid wat die redaktrise my gee om in die laaste nommer van Biblikasie vir 1986 'n paar gedagtes met u te deel - nie soseer vanweë die eer daaraan verbonde nie; maar eerder omdat dit my dwing om 'n paar minute met myself tot stilstand te kom voordat ek my hand op papier kan sit. Hierdie keer het twee sake sommer gou vlak in my gemoed kom lê : eerstens, die wonderlike geleentheid wat elke jaarwisseling bied; en tweedens, die wonder van "tyd" as deel van die skepping.

Ek het myself afgevra : wat maak ons met die geleentheid wat die jaarwisseling 1986/1987 vir ons gee? Die eerste reaksie is waarskynlik om stil te gaan staan om oor die afgelope jaar terug te kyk. "Haal daaruit wat goed is en bou daarop voort", kom die immergroen gesegde onmiddellik na vore. Tog is daar 'n stemmetjie wat pla. As ek my omdraai om 'n volle uitsig oor 1986 met sy eise, sy sanksies, sy suksesse, sy mislukkings, sy vreugde en sy hartseer te kry, ontstaan die gevaar dat ek myself só daarin mag verloor dat ek vergeet dat ek daardeur met my rug na 'n 1987 vol nuwe geleenthede en uitdagings staan.

Ek het die saak vir myself uitgemaak. Terwyl ons 1987 nader, is dit beter om as't ware net vlugtig so skuins oor die skouer na dit wat verby is te loer; so asof jy seker wil maak dat 'n beeld van die mooie, die positiewe en die duursame ook vorentoe helder sal bly. Hoe meer ons op wat agter lê konsentreer, hoe groter die gevaar dat ons die koers vir die toekoms kan mis!

Ons moet die Biblioteekdiens se beplanningsoefening, wat met die verskyning van hierdie nommer van Biblikasie reeds afgehandel sal wees, in daardie lig beskou. Die suksesse en prestasies van die afgelope 10 jaar is 'n bron van dankbaarheid en trots. Die toets lê egter nie in ons vermoë om dit wat tot stand gebring is voort te sit nie. Die toets is of ons daarin sal kan slaag om 'n wenresep ook vir <u>nuwe</u> uitdagings en probleme te vind. Daarvoor moet ons beplanning vir die volgende vyf jaar 'n stewige fondament lê. Ons vertrou dat die span van ± 30 persone daarin sal slaag om die <u>kern</u>-vraagstukke van ons Biblioteekdiens <u>korrek</u> te diagnoseer en dat hulle die <u>beste</u> oplossings daarvoor sal vind. Die afhandeling daarvan so oor die jaarwisseling sal verseker dat ons 1987 kan begin met 'n gesindheid van "ons strek ons uit na wat voor is en jaag die doel na". Deur die doeltreffendheid van ons Biblioteekdiens te verseker, skep ons inderdaad vir onsself 'n gelukkige werkstuiste.

Maar die jaarwisseling gee ook geleentheid vir 'n kosbare verposing; so asof dit tyd geword het om die lewensmasjien uit sy 1986-rat te haal. Dit is nodig om by die vulstasie langs die lewenspad te stop en om die tenk weer vol te tap. Mag u na Kersfees die lewenspad met nuwe moed hervat.

E D GERRYTS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONS GROET ... PROF H P VAN DER SCHIJFF



Ek het in die eerste paragraaf van "die Eerste sê" gemeld dat die jaarwisseling my opnuut onder die indruk gebring het van tyd as een van die wonders van die skepping.

Tyd is geld, maar dit is gelukkig deur die Hoër Hand teen alle inflasie verskans. Elke dag ontvang elkeen van ons ewe veel uit Sy Hand. Tog is dit verstommend om te sien hoe verskillend mense met hierdie kleinood te werk gaan. Baie vergeet dat die onbenutte tyd van vandag vir altyd verlore is.

Prof H P van der Schijff is iemand wat daarin kon slaag om die volle potensiaal van tyd te ontgin. Daarvan getuig die blywende bakens wat hy langs sy UP-pad geplant het. Dit was verstommend om te sien hoe hy tyd kon vind vir elke element waaruit 'n suksesvolle, diensvaardige en gelukkige lewe bestaan. Om hom te ken as akademikus, navorser, dosent, sportman, gesinsman, kerkman, kultuurmens, natuurmens en boek- en biblioteekmens is 'n verrykende ervaring. Om onder hom te kon werk, was 'n voorreg.

Ons dank u vir die wyse waarop u as vise-rektor ook vir ons biblioteeksaak tyd kon vind - dat ons saam met die wetenskap en natuur deel kon wees van die lewe om u. Ons wens u 'n vreugdevolle en gesonde aftree-tyd toe.

E D GERRYTS
DIREKTEUR (BIBLIOTEEKDIENS)

## REDAKSIONEEL

Oplaas moet 1986 se Redaksie ook groet. Ons aanstelling van 'n jaar is verstreke. Vir ons, Hannie Bezuidenhout, Jeanette Marais en myself, was dit 'n jaar vol paniek en plesier - so 'n gemengde lewensporsie. Maar oor en oor, alles die moeite werd. Ons het die personeel leer ken, talente ontdek en vriende gemaak, binne en buite die Biblioteek.

Vir Hannie en Jeanette sê ek baie dankie vir die heerlike saamwerk. Met sulke ondersteuning het ek kans gesien vir alles en nog baie meer.

Dankie aan al die agter-die-skermwerkers, Susan, Tinkie, Annemarie (Tiksters), Johanna, Alida, Marie, Christa en ook Samuel. Aan ons verteenwoordigers vir wie ons so teen die vyftiende van elke maand lastig geval het, dankie. Ook aan oom Willie Porter en Dawie Hughes - dit was lekker om saam met julle te werk.

Laastens, maar nie die minste nie, ons skrywers. Elke berig wat ons ontvang het (al is daar partykeer daaraan gepeuter!), het ons waardeer. Lekker staatmakers was mense soos Jo en Magriet. En as ek praat van ondersteuning, dan moet ek eintlik insluit al diegene wat òf hier 'n grappie aangedra het òf daar met 'n interessante idee na vore gekom het. Met sulke mense soos die personeel van UP se Biblioteekdiens, kon ons vele dinge vermag.

Baie dankie.

ELSABé VAN DER MERWE

## SOSIALE KOMITEE

Ek wil langs hierdie weg weer baie dankie sê aan al die lede van die Sosiale Klub wat hierdie afgelope jaar so lekker



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

saamgewerk het. Julle was almal so gaaf en behulpsaam, en ek het die vrymoedigheid gehad om tydig en ontydig aan te klop vir hulp.

Baie dankie vir die mooi manier waarop julle elke Woensdag die koekbeurte waargeneem het. Dis nie maklik om al die smake van so 'n groot groep tevrede te stel nie. (Die enkelinge wat kritiseer, doen dit net uit onkunde).


'n Baie groot dankie vir die harde werk met ons afskeidsfunksie op 26 November asook die funksie vir ons swart werkers op 28 November. 'n Groot dankie aan al die ander flukse helpers uit al die verskillende afdelings wat dwarsdeur die jaar gehelp het. Julle mooi gesindheid word opreg waardeer. Dit was 'n lekker jaar saam met julle almal!

Geseënde Kersfees en 'n baie mooi 1987 aan u almal.

BOKKIE MALAN

---

TERLOOPS...



## VERLENGDE BIBLIOTEEKURE - SATERDAE

In 'n skrywe van die Rektor aan prof Gerryts word gemeld dat die Rektoraat met groot belangstelling en waardering kennis geneem het van die sukses wat reeds twee agtereenvolgende naweke behaal is met die oopstel van biblioteekgeriewe op Saterdae.

Die Rektor spreek sy dank uit teenoor almal wat betrokke en behulpsaam was.

---

## SLOTBESKOUINGE OOR DIE OUTEURSREGWET

## VOORDEEL UIT PLAGIAAT

In boek 7 van sy nagelate geskrifte beskryf Vitruvius hoe plagiaat vir een persoon skande en ondergang beteken terwyl dit vir 'n ander voordeel en roem inhou.

Dit was so dat Ptolemeüs die Tweede, beweeg deur 'n oorwoë gevoel om 'n intellektuele klimaat te skep, 'n aanskoulike biblioteek opgerig het in Alexandrië gedurende die derde eeu voor Christus. Om meer luister te verleen aan die ingebruikneming daarvan, het Ptolemeüs pryse en eerbetoon beskikbaar gestel vir die vooraanstaande skrywers van die dag. Groot eer was aan hierdie eerbewyse geheg en die deelname en die uitlowing van pryse het 'n gevierde instelling geword.

Onderlegde beoordelaars van naam was nodig om die skeppinge van die deelnemers te oorweeg. Nadat die koning ses persone vanuit die stad aangewys het en nie dadelik 'n sewende kon kry wat bevoeg was nie, is die welbelese kritikus Aristophanes aanbeveel.

Spesiale sitplekke vir die beoordelaars is by die byeenkoms uitgehou, sowel as vir Aristophanes wat opgeroep was om hom by hulle te voeg. Die kompetisie om die digkuns was die eerste om aangehoor te word. Soos die digters hul gedigte voorgedra het, het die gehoor deur hul toejuiging aan die beoordelaars gewys wie die gunstelinge was.

Dit gebeur toe so dat die beoordelaars die een na die ander gevra was om hul keuse te maak. Ses van hulle het eenparig besluit om die eerste plek toe te ken aan daardie digter wat in die gehoor se guns was. Op dieselfde wyse was die ander toekennings gemaak. Toe daar egter om Aristophanes se opinie navraag gedoen word, het hy die eerste plek toegeken aan die kandidaat wat die minste voorkeur gehad het. Daar was groot konsternasie, maar Aristophanes het toestemming gevra om sy saak te mag stel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Hy het die teenwoordiges meegedeel dat slegs een van die deelnemers as ŉ werklike digter aangewys kon word. Al die ander het geleende gedigte voorgedra, terwyl dit die opdrag aan die beoordelaars was om slegs oorspronklike werke in oorweging te neem en nie voorbeelde van plagiaat nie.

Die skare was verbaas en die koning was met twyfel vervul. Daarop het Aristophanes die gedigte van die kompetisie vergelyk met werke op papirusrolle vanuit die biblioteek en hy het die bepaalde deelnemers gedwing om te erken dat hulle diewe was.

Sonder meer het die koning beveel dat daardie deelnemers tereg moes staan op die aanklag. Hulle was veroordeel en is in skande weggestuur, maar Aristophanes was verhef tot hoë aansien en is aangestel as ... bibliotekaris.

PIET DE KOCK

## WAT 'N STRYD!


Lees toe nou die dag in Howell se boek oor "Copyright Law", daar waar hy die outeursreg bespreek soos dit van toepassing is op staatlose outeurs. Nou moet jy weet, Howell skets die Amerikaanse situasie en vir ŉ Amerikaanse outeur word sy regte deur hul outeursregwet gereël. Vir buitelanders is daar egter geen probleme nie, solank hulle maar burgers van lande is wat op vriendskaplike voet met die Amerikaners verkeer, dan reël die lande oor-en-weer om mekaar se reëlings oor outeurs te respekteer. Nie dat dit al die tyd so was nie, moet jy verstaan. Aan die begin van die vorige eeu het Amerika meer boeke ingevoer van die buiteland as wat plaaslik gepubliseer was. Toe was plagiaat aan die orde van die dag, maar nou is hulle groot uitvoerders van publikasies en pas dit nie hulle - verskoon die woord - boekie nie. Hulle is nou self in die kwesbare posisie.

Maar wat van daardie vreemdeling wat nòg sy domisilie in die VSA het, nòg ŉ burger van enige land is? Kon ŉ staatlose outeur dan nie beskerm word onder die outeursregwet nie? Hierdie kwessie het vir beslegting na vore gekom na aanleiding van die Oostenrykse outeur Schicklgruber. Die eerste volume van sy werk het in 1925 verskyn waarin die outeur as ŉ staatlose Duitser beskryf was.

Die tweede volume het in 1927 verskyn en hierin word Schicklgruber as ŉ Oostenryker aangegee, maar op daardie tydstip het hy reeds afstand gedoen van sy Oostenrykse burgerskap en eers in 1931 ŉ Duitse burger geword. Nou is die probleem, in 1925 het hy nie op sy Oostenrykse burgerskap aanspraak gemaak - toe hy kon-nie en toe hy later wel daarop aanspraak maak, was hy nie meer ŉ Oostenrykse burger nie, sodat die wederkerige reëlings in geen van die twee gevalle op hom van toepassing was nie.

Die uitgewer van die eerste volume van Schicklgruber se werk het ŉ interdik aangevra teen die uitgewer van die tweede volume. Die distrikshof het egter hierdie aansoek geweier op grond van onvoldoende regsgeldigheid. Wat nou gemaak? Dan maar appelleer. Gaan dit help? Moontlik nie, want die wet sit tog die situasie duidelik uiteen en die kanse op sukses lyk skraal, die vorige beslissing dui tog daarop. Nou wat dan, die appèl terugtrek? Nee, laat ons weer ons saak gaan stel, en jou werklik, die Appèlhof beslis dat ŉ staatlose outeur onder die algemene bepalings val en dus wel geregtig op beskerming is. Wat ŉ omslagtigheid, genoeg om ŉ man te laat oorlog maak, of hoe? O ja, Schicklgruber is ook bekend as Hitler.

PIET DE KOCK






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VANDALISME IN DIE BIBLIOTEEK




Op vlak vyf het die personeel 'n uitstalling van beskadigde boeke wat 'n mens met verloop van tyd teëkom, gemaak. Na aanleiding van hierdie uitstalling is die onderstaande brief van 'n gebruiker ontvang.

THE CHIEF LIBRARIAN
MERENSKY LIBRARY
UNIVERSITY OF PRETORIA

SATURDAY, 25th OCTOBER, 1986

Dear Madam/Sir

While in the library on Thursday, I came across a display about vandalism which spurred me to write you a letter which has been long in coming.

When I came to this university as a postgraduate student from the University of Cape Town I was dismayed to find that every book I borrowed from the library, not only Merensky (also Agriculture/Horticulture) had many, many marks in. I have rubbed out hundreds of pages of pencil and crayon marks as I have worked through books. To me it is criminal to mark a book in any way; as a child I was taught that a book was a friend and ought to be respected. And marking in ink, this is beyond me. To irreparably write in a book that is the property of all the students of the university, past, present and future is unforgivable.

I work mainly from Architecture, Landscape Architecture, Town Planning and Sociology books, and I have seen books from other subject areas, all seem similarly vandalised.

The damage done to the books is often incomprehensible. I have seen whole pages with every sentence underlined; where is the sense in that? Often there are translations to Afrikaans from English; this I can understand but I cannot condone it. I find it very distracting having to read through pages so marked, my eyes being continually drawn to certain words and phrases. Rubbing out is not always a good remedy either as some pages' glossy surfaces dull and the print fades.

This sort of widespread vandalism is quite new to me. I have not seen it so general before. I will not draw any conclusions from the situation, but I will ask what you intend to do about it?

I suggest that there be a ruling instituted that makes compulsary that every time a book is loaned from the library, 20 pages must be properly repaired by the borrower rubbing out neatly and without unnecessary damage to the page all pencil and crayon marks. When the book is returned the librarian shall have to check if this has been done. To do this, a note will have to be kept on the back of the date stamp pagelet, or alongside the borrowers' date how far the book has to be repaired. I know that this is a lot of work but I feel that the situation has reached serious proportions and needs a radical solution. Otherwise, how do you intend to prevent and protect new books from further damage? If the pages have not been rubbed clean of marks then the borrower shall forfeit 50 cents, and most importantly, any new marks shall see the perpetrator dealt with most severely. I suggest a substantial fine of at least one third of the value of the book, and possible BANNING from the library for a indefinite period.

I need not remind you that the books of the library represent one of the bigger financial investments of the university. We must always strive to conserve our resources. Books are precious items and no longer as easily available as they used to be. The vandalising of Tukkies' library books is an expression of a society's careless attitude and this perhaps is most disturbing of all.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

I further recommend that notices be sent to all departments to be read to students and staff alike, at least once a semester. This university library has a serious problem on its hands and I expect to see something done about it. If you cannot implement actions along the lines I have laid out, then I would like to hear what you intend to do about remedying the damage already done and educating the library users about RESPECT and CONSERVATION.

Yours sincerly

BRUCE EITZEN

Dit bly die biblioteekdiens se prerogatief om sy dienste en fasiliteite aan so 'n wye spektrum van gebruikers as moontlik beskikbaar te stel. Boeke kan tog nie agter slot en grendel bewaar word nie en nog minder kan gebruikers voortdurend dopgehou word. Dit is ook onmoontlik om elke boek wat terugbesorg word deur te gaan en van die gebruiker skadevergoeding te eis.

Wat laat 'n gebruiker oorgaan tot sulke dade? Moontlike antwoorde is: te min bronne en te veel gebruikers; druk op studente om te presteer en te produseer; nie geld vir fotokopiëring nie; te min fotokopieergeriewe; en so meer. Dalk is dit 'n sosiale probleem - die aanleer van 'n selfsugtige houding waarin geen ander persone in ag geneem word nie.

Die feit bly staan dat daar in die toekoms na hierdie probleem gekyk sal moet word. Deur publisiteit daaraan te verleen kan die personeel en gebruiker meer bewus gemaak word van vandalisme in die biblioteek. Menige studente het al die gevoel van magteloosheid ervaar as die paginas wat hy benodig, bekrap is of summier uit 'n boek geskeur is, en moontlik kan juis hierdie gevoel hom noop om sy mede-studente daarop bedag te maak.

ELSABé VAN DER MERWE

## KENNISGEWING IN GESKENKBOEK

Die vandalisme wat in biblioteke aangetref word, is 'n probleem wat lank reeds bestaan. Die volgende kennisgewing wat in een van die geskenkboeke gevind is, is 'n pleidooi wat aan die lesers gerig word om boeke te bewaar (miskien is die hulp wat aangebied word vir die moderne mens 'n bietjie te veel!).

"De lezers worden uitgenoodigd, naar hyn vermogen mede te werken de boeken te vrijwaren tegen onnoodige slijtage.

Men hale, leze en brenge de boeken beschut in omslagen;

onthoude zich van aanteekeningenmaken en lezen onder de maaltijden;

<u>geve aanstonds kennis van in het boek aangetroffen beschadigingen</u>.

Is een besmettelijke ziekte aan huis uitgebroken, zoo worden geleende boeken kosteloos van huis gehaald en ontsmet."

Dec. '35




Hierdie advertensie van 'n papier wat nie geskeur kan word nie, is in 'n tydskrif gevind - miskien is dít die oplossing van die probleem!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KERSFEES ONDER ONS MENSE

Die Kersseisoen is byna hier, daardie wonderlike tyd van die jaar waarna 'n ieder en 'n elk uitsien, 'n tyd van saamkuier en saamwees, van heerlik vakansie hou en ontspan, en veral 'n tyd van Kersfees vier en Christus se geboorte herdenk.

Vir elkeen van ons is daar 'n Kersfees wat baie spesiaal was, 'n Kersfees waarvan die herinneringe nog warm in die hart getroetel word. 'n Paar van ons kollegas het hulle heerlike Kersfeesherinneringe met ons gedeel, asook hulle gevoelens oor die Kersseisoen, sowel as hulle gedagtes oor die wyse waarop Kersfees gevier behoort te word.



Om met oorgawe en sonder enige bewussyn van eksterne bedreigings 'n Kersfees te beleef, is noodwendig slegs aan kinders beskore. Daarom dan was my heerlikste Kersfees ooit, die van 'n vyfjarige dogtertjie; omring met niggies en nefies, ooms en tantes, maar vanselfsprekend Pappa, Mamma en sussie - en die belangrikste van almal "Vader Kersfees". Ek beleef nou nog die opwinding van afwagting: eers die gewyde atmosfeer as ons die Kersverhaal asof van nuuts af hoor, dan die saamsing van bekende Kersliedere (en wonder hoekom Mamma skielik 'n traan wegpink?). Dan die vrolikheid van die plaasarbeiders as hulle geskenke uitgedeel word - en skielik is ons in net een ding geïnteresseerd! Die vreugde van gee en ontvang ontspring alreeds vroeg en met dankbaarheid sal die Kersdae van my kindwees, altyd by my bly. (Elma Kock)

Iedere tyd het maar sy eie manier, maar 'n kersviering - maak nie saak hoe uitbundig of in watter groepsverband nie - waar dit om die aardse gaan en slegs om 'n materialistiese uitbuiting (menslik, ja, maar nie wenslik) draai, het al ver gegaan om die sentrale idee af te water sodat dit maar net nog 'n wêreldse bymekaarkoms geword het. Kersfees moet in die familiekring gevier word, van grootouers tot by die energieke swetterjoel kleinkinders. Jy weet, dit is daardie saamwees wat 'n hegtheid en, jy's reg, 'n gehegtheid bring. (Piet de Kock)

Christmas has always been a very special time in my life. In my childhood it was celebrated in the traditional English way, with Church at midnight followed, when we were asleep, by a visit from Father Christmas for whom we left at the foot of our bed a large pillow case (for his gifts) and a plate of cakes and a coke. I was ten years old before I discovered that my own father dressed up as Father Christmas! He had a wig of real snowy white hair and beard to match, and with his blue eyes, rosy cheeks and a pillow under his red coat was exactly like all the pictures of this jovial old fellow that ones sees every Christmas. I used to wonder why he had to go to "work" on Christmas Day - only later I found out that he used to visit the children's wards at all the hospitals.

All morning the house would be filled with delicious cooking smells, people coming and going and finally we would sit down, usually twelve or more at the table groaning with the traditional Christmas fare - really not suitable for a hot South African summer's day, but I still do it to this day. As we lived at the sea, we might end the day with a swim to cool off while our parents relaxed after all their efforts on our behalf.

And so I continued in the same way with my own children until we came to Pretoria in 1979. My two eldest children were left in the Cape as also my brothers and sisters - there could be no family gathering as in the past. All those preparations for just the four of us? No! "Where are the lonely, the strangers in our midst? Let us invite them to join us". And thus came about my best Christmas ever ... The table was extended to accommodate twenty-five people which included an American Lady, a Welshman, a recently divorced mother and her daughter, a couple of soldiers far from home, a few elderly pensioners and others. We had all worshipped the New-born Baby together and given thanks for God's goodness in giving us a Saviour, His own Son. I had to come here to realise that Christmas is giving, sharing and opening your home. Those "lonely strangers" of 1979 are amongst our dearest friends and the memory of that first Christmas in Pretoria is still precious. (Ray Smithers)





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

My heerlikste Kersfees ooit is Kersfees soos ek dit as kind in Wes-Transvaal geken het. Ons het reeds dae voor die tyd deur die veld gedwaal om die mooiste doringboompie uit te soek wat op Oukersaand as kersboompie moes dien. Dié boompie is met regte kersies en tuisgemaakte versierings getooi. Die kersgeskenkies self was dikwels tuisgemaak en nooit luuks nie, maar altyd met groot opwinding ontvang.

Die aansteek van die kersies teen skemeraand het met heelwat brandwonde en krapmerke, maar met groot pret gepaard gegaan. Die afwagting moes natuurlik so lank as moontlik uitgerek word, en daarom moes almal eers om die huisorreltjie vergader om kersliedere te sing (met die een oog pal op die pakkies onder boom). Kersdag self is as 'n Sondag gevier - 'n baie spesiale Sondag.

Vir die res van my lewe egter, sal die stilte en die wydsheid van die Wes-Transvaalse veld soos ek dit veral in die Kersnag ervaar het, my bybly. Dis miskien die naaste wat ek as aardse swerweling nog aan die groot vrede van die eerste Kersnag in Bethlehem gekom het. Die gediggie "GEBED" van D W Riekert in sy nuwe bundel "Heuning uit die Swarthaak" het my groot heimwee gegee:

> In die stil donkerte
> van die veld roep
> die kiewietjie beangs, en
> God se volle maan
> gaan oop
> soos baie blomme.

(Joriet Coetzee)

My heerlikste Kersfees ooit vind elke jaar plaas wanneer ons saam met ons familie die feesseisoen kan deel. Nie almal kan altyd daar wees nie want ons is 'n groot gesin, maar dié wat wel kan teenwoordig wees, loop dit nie graag mis nie. En dis nog lekkerder as ons op Oukersaand al almal onder dieselfde dak kan slaap.

Daar is 'n kersboom met al sy blink tooisels en liggies, ons speel die Kersfeesplate oor en oor en maak ook self Kersmusiek met sang en ghitaar of klavier. Die geboorte van ons Skepper lééf uit ons saamwees en ons kersdiens en samesang. Met meer tieners nou in die familie het Kersvader sy roete so effe gewysig hoewel hy tog, as ons so voel en hy self lus is, maar kom gesig wys. Met inflasie en die groter wordende familie raak die geskenkies kleiner, maar die pret en vreugde om te gee is steeds daar.

Wat die etes betref is ons ook mededeelsaam, en vooraf word beplan en georganiseer wie watter gereg bring, sodat die las nie so swaar op die gasvrou van die huis rus nie. So vind daar so terloops dan ook weer 'n uitruilery van resepte plaas. Dié wat van ver kom en nie kookgeriewe het nie, bring die "los" goed soos soutigheidjies, drinkgoed en sjokolade.

Vir my is dit wonderlik om dit elke jaar met dankbaarheid te kan beleef want albei my ouers leef nog, sowel as al my susters en broers en hulle gesinne. En is dit nie genoeg rede vir die heerlikste Kersfees ooit, élke jaar nie? Vir my is dit! (Miemie Vink)

As 'n mens terugkyk is daar altyd iets wat jou aan 'n besondere Kerstyd laat terugdink. So was 'n Kersaand op Ballitoville vir my en my suster iets besonders. Dit was snaaks genoeg, 'n baie stormagtige aand (iets anders as gewoonlik vir daardie tyd van die jaar by die see).

Die K J A - studente wat dienste kom hou het op die strand, het 'n groot kruis van hout gemaak, oorgetrek met sakke en aan die brand gesteek. Ek, my suster en kinders het op hierdie donker aand al langs die see agter die brandende kruis geloop en saam Kersliedere gesing. Dit was asof Christus self daardie aand weergebore was in ons harte en in ons siele - mag dit hierdie jaar weer so vir ons almal wees. (Doris Botha)



Ek wens ek kon vir Kersfees aan elke persoon wat ek ken en sien 'n klein pakkie gee wat boepens staan van baie liefde, gesondheid en geluk. Ek wil van huis tot huis loop en dié klein vet pakkie aan elkeen persoonlik oorhandig en saam met hulle bly wees oor die "groot" geskenk. Al wat ek van Kersvader vra, is vrede, geluk en baie geduld vir mekaar in die mooiste en sonnigste Suid-Afrika. (Céu Agostinho)

'n Kersfees wat seker elkeen aan homself of haarself sou wou gee en ontvang, is die geskenk van opregte vrede. Vrede in jou hart met jou Saligmaker en daaruitvoortspruitend, vrede met almal waarmee jy daagliks kontak maak.
(Elma Kock)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Wat ek vanjaar die graagste vir Kersfees sou wou hê, is 'n klein bietjie rus sodat 'n mens jou voete op die grond kan kry, en sodat jou kop weer ... boontoe wys.
(Piet de Kock)

Wat ek die graagste vir Kersfees sou wou hê en ook aan andere wou gee is "absolute vrede in eie siel". Dan sou geen droefheid of verbittering ooit die oorhand oor enige mens se lewe kon kry nie, en dan sou baie van ons samelewingsprobleme sommer ook uitgestryk kon word.
(Joriet Coetzee)

Kersfees behoort 'n familiefees te wees. Dit is 'n geleentheid waar almal bymekaar kan kuier en die betekenis van Kersfees kan ervaar. Dit moet 'n heuglike gebeurtenis wees wat vir elkeen iets teen die muur van die hart skryf. Iets wat versterk en opnuut aanspoor vir 'n nuwe jaar. Dit kan geniet word met 'n heerlike, groot ete en dalk 'n klein geskenkie aan mekaar, maar nooit mag die dieper betekenis daarvan misgekyk word nie. Geniet dit en wees saam bly, want dié dag is ons Verlosser gebore.
(Céu Agostinho)

Kersfees behoort volgens my as 'n gesin saam gevier te word, en stil en rustig deurgebring te word. Dit is 'n dag waarop ons bly kan voel en vrolik kan wees, want dit is die Koning van alle konings se geboorte wat ons herdenk, dié Een wat ons só lief gehad het dat Hy vir ons sondes aan die kruis gesterf het. En tog, wanneer so baie mense op groot skaal feesvier, gaan dít, waaroor alles werklik gaan, by hulle verby. Daarom voel ek dat die familie rustig saam bly moet wees, en die Christuskind se geboorte met dankbaarheid in hul harte herdenk. Dan sal die feesgety nie maar een of twee dae lank in hul harte weerklank vind nie, maar sommer die hele jaar deur met hulle wees!
(Dalêne Stephens)

Kersfees is 'n tyd van vrede en vreugde. Dit is dan ook wat ek wil hê, en ook wil gee. Ek wil vergeet van al die onaangename wat agter lê en vooruit kyk na die nuwe. As gevolg van al die gejaag, het die betekenis van Kersfees heeltemal by ons verby gegaan. Alles is deesdae so kunsmatig en ons laat die tyd voor Kersfees so vinning verbysnel, dat daar selde gedink kan word oor wat die Kersdag werklik beteken. Kersfees is 'n dag van vrede, rustigheid en blydskap waarop gedink moet word aan die Christuskind wat gebore is en wat ons vrygekoop het met sy bloed. (Elna Stapelberg)

Kersfees is Christusfees, maar ook 'n fees waar die teenwoordigheid van kinders my baie inspireer. Omdat ek so lief is vir kinders, probeer ek Kersdag deurbring waar daar kinders is. Hulle opwinding oor 'n kersboom en vreugde oor geskenke is altyd heerlik om te deel.

Drie jaar gelede was ek Kerstyd by my broer en sy vrou, wat pas hulle vierde kind gehad het. Geld was maar skaars. My skoonsuster kon noodgedwonge vir elke kind net drie baie klein geskenkies koop met 'n totaal van ongeveer R5 per kind. Die twee dogtertjies kry elkeen 'n goedkoop ringetjie, 'n plastiese speelgoed-horlosie en 'n klein poppie. Toe die vyf-jarige Ione die derde pakkie oopmaak, roep sy uit: "Ek kan dit nie glo nie! Ek kan nie glo dat Vader Kersfees so goed vir my is nie!" Met 'n knop in my keel het ek gesê: "Dit is seker omdat julle so baie soet was deur die jaar."

As die klein dogtertjie so verwonderd was oor haar geskenkies van Vader Kersfees, hoeveel te meer kan ons ons nie verwonder oor die groot Geskenk van ons Vader op Kersdag nie ... (Rina de Vos)



Mag hierdie Kersseisoen vir ons almal vreugde en vrede inhou, en die nuwe lewensjaar wat daarna volg, vir elkeen voorspoed en geluk meebring. Geniet die Kerstyd en die verkwikkende ruskans wat daarmee saamgaan, en keer veilig en vol lewenslus volgende jaar weer terug.

JEANETTE MARAIS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KERSTYD - VREUGDETYD

Kerstyd is ŉ tyd van vreugde. Hierdie vreugde lê dieper as die oppervlakkige rumoer waarmee die wêreld om ons Kersfees vier. Die ware vreugde en blydskap van Kersfees kan nie beter beskryf word as wat die profeet Jesaja dit gedoen het nie.

> "Die volk wat in die donkerte geleef het, het ŉ groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het ŉ lig geskyn" (Jesaja 9, vers 1)

Hierdie lig wat deur die duisternis gebreek het, is die Seun van God wat vir ons gebore is.

> "Vir ons is ŉ Seun gebore;
> aan ons is ŉ kind gegee;
> Hy sal heers en Hy sal genoem word:
> Wonderbaar Raadsman,
> Magtige God,
> Ewige Vader,
> Vredevors" (Jesaja 9, vers 5)

In hierdie tye van onrus en woelinge is daar die groot versekering dat daar altyd vir ons gesorg word. Dankbaarheid teenoor God vir al sy weldade moet steeds die kern van ons Kerstyd wees.

Mag hierdie woorde van David u bybly in hierdie feesgety en u op u lewenspad vergesel.

"Here U is my lewe, U sorg vir my,
Wat ek ontvang kom alles van U af.
ŉ Pragtige deel is vir my afgemeet,
ja wat ek ontvang het,
is vir my mooi." (Psalm 16, vers 5)

"Ek het die Here áltyd by my:
omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie" (Psalm 16, vers 8)

"By U is daar oorvloedige blydskap,
Uit u hand kom daar net wat mooi is"
(Psalm 16, vers 11)

Wanneer hierdie feestyd verby is, en ons ŉ nuwe jaar binnegaan, kan ons dit met moed en vertroue doen, want ons het die volgende versekering:

> "Soos die berge Jerusalem
> aan alle kante beskerm,
> so beskerm die Here sy volk,
> nou en vir altyd."
> (Psalm 125, vers 2)

JO BREED
Kultuurhistoriese Instituut.

## WHO IS THE CHRIST OF CHRISTMAS?

Nearly two thousand years ago there was a man born contrary to the laws of human life. This man lived in poverty and was reared in obscurity. He did not travel extensively. Only once did he cross the boundary of the country in which he lived. That was during his exile in childhood. He possessed neither wealth nor influence. His relatives were inconspicuous, uninfluential and had neither training nor education. In infancy he startled a king. In childhood he puzzled the doctors. In manhood he ruled the course of nature, walked upon the billows of the sea as if pavements, and hushed the sea to sleep.

He never wrote a book, yet the libraries of our country could be filled with the books that have been written about him. He never wrote a song, yet has furnished the theme for more songs than have all the song writers combined. He never founded a college, but all the schools put together cannot boast of having as many students as he. He never marshalled any army nor drafted a soldier nor fired a gun, yet no leader ever had more volunteers who, under his orders, have made more rebels stack their guns and surrender without a shot being fired.

The names of the past proud statesmen of Greece and Rome have come and gone. But the name of this man is honoured more and more. Every seventh day the wheels of commerce cease their turning and multitudes wend their way to places of worship to pay homage and to worship him. Though time has spread nearly two thousand years between the people of this generation and the scene of His crucifixion, yet he lives. Herod could not kill him. Satan could not destroy him. And the grave could not hold him. He stands forth upon the highest pinnacle of heavenly glory, proclaimed of God, acknowledged by angels, adored by saints, and feared by devils as the Living Personal Christ, Our Lord and Saviour.

MAGDA CELLIERS

Bron onbekend.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# THE WAY TO CELEBRATE GOD'S COMING TO EARTH

Did you know there are thieves of joy, and that there isn't just one, but a whole tribe of them? I want to tell you about them, and how to keep them from stealing your Christmas.

THE TIME THIEF

He is a bad one. He looks like a sort of innocent calender at first, but if you let him get out of hand, you will have chaos. What can we do to keep the time thief from stealing our Christmas? First we have to deal in reality. We have to stop and ask ourselves just how important all the cards, all the parties, all the decorating, all the buying and making of gifts are, and why we are doing all these things. There are surely other things that we may not take time to do. For instance, families may miss the delights of sharing quiet evenings at Christmas, reading from the Bible or listening to Christmas music.

THE SECULAR THIEF

This one looks exactly like the inflatable Santa Claus of this day. People took Santa Claus out of fairy tales, where he was delightful, and made him an Article of Faith. Parents solemnly vow that he is real. They teach their children to put their faith in him during their most formative years. Santa Claus is touted as the superhuman, Good One who makes all their dreams come true. There are several things which are wrong when Santa is presented to Children as real.

- He is a lie - He is just a fairy tale person. Parents tend to make him more important than Jesus to their children. Santa Claus is not Jesus.
- The whole of Christmas suffers when Santa Claus is intertwined in a child's Christmas thinking and he is then found to be a lie.

An essential piece of truth is denied. The truth is this: We are not accepted by God on basis of our good deeds. What is the way to God's favour then? It is this: Jesus Christ. God in a body came down to earth, lived a perfect life to show us what perfect life would be like. Then for love of us He took our list of bad deeds, nailed it to the cross and said "I'll die for that list". "He who believes in the Son has life",the Bible says, "and he who does not obey the Son, shall not see life, the wrath of God rests on him" (John 3:36). But the Santa Claus myth is that we are accepted on basis of good deeds. This is totally opposed to Christian truth.

THE SPIRITUAL THIEF

If Santa is a no-no, should we just forget Christmas? Or perhaps just have a church service and let it go at that? No, do not lose Christmas to the Spiritual thief. God has glorious news for us in His Word. He invented celebration. Spring and daffodils are God celebrating rebirth of Nature. In the Bible I learned that God has a big party planned when all of his children are finally together with Him in heaven. It is called the wedding feast of the Lamb (Rev 19:7).

God is also marvellously practical, and having made us, He knows that we tend to remember what we learn in celebration, and that we are most likely to stay healthy emotionally if we go through the foothill curves of celebration and anticlimax. He also knows that all work and all weekdays, no play and no holidays do indeed make Jack a dull boy. So instead of getting rid of Christmas in order to be spiritual, one can begin to spend more thought on how Christmas may be a glorious classroom, in which the family can know and appreciate the One whose birthday we are celebrating. One can cut down on baking, card sending and decorating and start having a simple birthday party for Jesus on Christmas.

THE CIRCUMSTANCE THIEF

There is never anything one can do to change circumstances. They just happen to you. To name just a few ... hectic activities, secularism, Santa myths, pseudo-spirituality and selfpity. If they happen to you at Christmas, they can really steal the joy of Christmas away.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

We can see the meaning of Christmas as follows. The very top of a Christmas tree is the best part, the part with the star. If one breaks the top off the tree, and gives it to someone, it can never be put back on again. Our heavenly Father took his dearest treasure, his star, His only begotten and beloved Son and sent Him to earth to die for us. The gift of God's Son is the centre, the star - the whole meaning of Christmas: CHRIST. When we put our lives into His hands we are ready for a most joyous, love-filled, praise-filled Christmas!

CHRISTINE GERICKE

SOURCE: COUCHMAN, WIN

CHRISTMAS CRINCHES: THIEVES OF JOY in CHRISTIANITY TODAY, December 11, 1981



Pietà. Rome, Saint Peters
Bron: De Tolnay, C.
The youth of Michelangelo
Princeton. 1969

# HELLAS

Met die boot van Italië bereik ek Patras, die westelike hawestad van die Griekse vasteland, teen sononder. In 'n stroom van rugsaktoeriste klim ek op 'n klein trein (3 waens), bietjie aan die vuil kant, en al langs die Golf van Korinthië mik ek vir Athene. Orals word ligte aangeskakel, selfs op die see. In die verte vermoed ek lê Piraeus. Die trein hou stil, alle reisigers klim af, ek is in Athene met 'n stasie nie groter as Upington s'n nie. Later word ek vertel dat die spoornetwerk weens die bergagtige landskap van Griekeland nie baie uitgebou is nie, en die hoofverkeer deur 'n goed uitgeboude busdiens versorg word.

'n Lang gekoesterde droom het werklikheid geword toe ek besef dat ek in Griekeland se hoofstad aangekom het - die begin- en eindpunt van my reis. Reeds op my lang rit daarheen het ek in 'n stapel boeke, wat ek van nou af met my sou ronddra, gelees en my geheue oor die Antieke verfris. Vierduisend jaar v C het die geskiedenis van die Westerse beskawing op die eiland Kreta, een van die grootstes van die Griekse eilande, sy begin gehad. Die kultuurskatte van die Minoïese Era bewonder ek later in die groot Nasionale Argeologiese Museum van Athene.

Reeds die volgende oggend verlaat my vriendin en ek die woelige, bedrywige hoofstad en die huurmotor neem ons op ons eerste pelgrimsvaart. Ons bestemming is Delphi. Die nou, landelike teerpad wentel deur berge aan ons regterkant en die blou see links, tot by die beroemde Parnasberg-reeks (2 500 m) wat in die winter met sy sneeubedekte hange 'n skiparadys vir Athene se burgers is. Nou in September is alles nog groen. Orals tussen die olyfplantasies wat in Oktober geoes word, wei skape. Koringlande is reeds leeggeoes.

Teen die suidelike hang van Parnassos lê Delphi, waar uitgrawingswerk in 1892 begin is. Die inwoners van die nog bestaande dorp is verder wes hervestig. Die ruïneveld bo- en onderkant die teerpad vertel die geskiedenis rondom die beroemde orakel, 'n hele dorp op sigself wat in jarelange uitgrawings blootgelê is. By die Tholos, die priestertempel sit ons nog



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

en droom oor die intriges, politieke beslissings en mag wat in die ver verlede hier sy begin geneem het, toe ons deur 'n fluitjie uit ons droom geruk word. Ons moet die terrein verlaat, die hek word gesluit en die ou opsiener klim op sy esel en verdwyn tussen die ou vyebome. Ons besoek die museum en staan vol bewondering voor al die skatte wat in Delphi gevind is. Volgens 'n besluit van die huidige regering bly alle skatte voortaan by hulle vindplekke en word nie meer na die hoofstad vervoer soos in die verlede nie.

Besoeke by ander argeologies interessante plekke soos Olympia, Mistras, Mykenae, Epidauros, Korinthe het die veelsydige, dikwels dramatiese, amper sesduisend jaar-oue geskiedenis van die Griekse volk by ons laat verbytrek. Na die ondergang van die Hellenistiese Ryk het eers die Romeine, later die Franke, die Venesiërs en toe vir vierhonderd jaar die Turke, die land oorheers. Eers in 1832 is die Turkse juk afgeskud en het Griekeland 'n onafhanklike staat geword.

Bisantynse en Turkse invloed is orals nog aanwesig, in die argitektuur van hulle kerke, hulle gewoontes en veral hulle kos. In die tavernes sit jy op straat, drink jy Ouzo of Retsina, eet jy Tsatsiki, Moussaka of Dolmades (vleis in wingerdblare). Jy dring selfs die kombuis binne en kyk eers in elke pot, voor jy besluit, of jy wil aanbly of 'n ander taverne wil besoek.

Wanneer die groot seilbote teen sononder anker gooi, heers 'n kosmopolitiese atmosfeer in al die klein hawetjies langs die kus en op die eilande. Na 'n lang middagrus van 2 tot 5 is winkels tot laat in die nag oop. 'n Bedrywige lewe heers orals. Wanneer 'n vragskip op 'n eiland aankom, staan lang rye esels en wag om met vrag volgepak te word, om dan die steiltes van die dorpie bo die hawe in nou straatjies tussen spierwit geverfde woonhuise aan te durf. Watter moeite dit moes gekos het om byvoorbeeld die kloosters, gewoonlik heel bo-op die berge op te rig, besef jy wanneer jy sien dat elke esel omtrent twintig dakteëls op 'n slag kan dra. En dan lê die kloosters nog 'n uur se stap bo die dorpsgrens.

Vars, soet water is amper orals, behalwe in die noordelike deel van Griekeland en die Sporades (die noordelikste groep eilande) skaars. Gewoonlik moes ons 'n sleutel by die eienaar van ons herberg kry, wanneer ons 'n stortbad wou geniet. Daarvoor moet ekstra betaal word. Verblyfplek is, behalwe vir luukse hotels soos die Xenias wat staatsondersteun is, goedkoop, tussen R15 - R20; die kamers het 'n pragtige groot balkon, waar 'n mens 'n sprokiesagtige uitsig op die see het. Wanneer jy alleen wil ontspan en wegvlug voor die son wat dwarsdeur die somer uit 'n skoon blou hemel skyn, is so 'n balkon 'n ideale toevlugsoord.

Vanaf Griekeland se toetrede tot die Europese Gemeenskap 'n paar jaar gelede het hulle probeer om by die res van Europa ekonomies aan te sluit. Hulle word finansieel ondersteun, want oor die algemeen is hulle 'n brandarm nasie. Die infrastruktuur word uitgebou en paaie is in 'n beter toestand as vroeër, het ons verneem.

Hulle uitvoer van katoen, olywe, sitrusvrugte, groente, pelse en juwele is gewaarborg. Kaal berghange word beplant met nuwe bome, veral Platanas, wat teen wind en koue bestand is. Nuwe huise word op pilare gebou weens die baie aardbewings, waaronder die land in sy lang geskiedenis al dikwels deurgeloop het.

Terug in Athene het dit my opgeval dat die moderne hoofstad geen noemenswaardige argitektuur het om trots op te wees nie. Die middestad met sy groot spogwinkels en besighede lê tussen die Platia Omanias en die Platia Sintaguatos, waar alle verkeer deurloop. Deense en Duitse argitekte het na onafhanklikheid die stad wat toe net vyftienduisend inwoners gehad het, opgebou. Vandag woon een-derde van die totale bevolking, ongeveer drie miljoen mense, in en om Athene. Van die Akropolis wat die stadsbeeld oorheers, kyk 'n mens in die vier windrigtings oor 'n oneindige klipmeer. Hierbo het die goue eeu van Hellenisme sy hoogtepunt bereik onder Perikles en is Athene die wonderwerk van die Antieke genoem na die ondergang van Kreta, Theben en Sparta.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Al my indrukke en ervarings het ek saans in die Plaka aan die voet van die Akropolis tussen mense uit alle dele van die aardbol probeer verwerk in gesprekke en gedagtewisselings. Ons was dit in een opsig almal eens, dat die Grieke 'n uiters vriendelike, en veral eerlike en beskeie volk is met 'n ingebore sin vir kuns en die mooi dinge in die lewe.

Vol trots wys hulle die groot skatte uit hulle verre verlede. Dalk kom daar nog nuwe skatte voor die dag, soos wat die uitgrawings met veral Amerikaanse, Franse, Britse en Duitse fondse voortgesit word. In Griekeland kan jy die hede geniet met die verlede altyd voor oë.

KARIN FÖRTSCH

---




DESEMBER

1 Mev Johanna Perold
(Sekretaresse)
Mej Rina de Vos
(6de Vlak)
Mnr Japie Jordaan
(Toonbank)
2 Mej Hulda Fritz
(Boekontvangs)
Mnr Johan Avenant
(Landbou)
Mev F C L de Beer
(Veeartsenykunde)
5 Mev Louise Mayer
(Boekontvangs)
Mnr Henk Schoombie
(Toonbank)
7 Mej Annie Pienaar
(Assistent-direkteur)
9 Mev Norrie Nel
(Boekontvangs)
22 Mev Miemie Vink
(Makro-ontsluiting)
31 Mej Jo Breed
(KHI)
Mej Julene Vermeulen
(Tydskrifte)

JANUARIE

1 Mnr Piet de Kock
(6de Vlak)
2 Mej Jeanette Marais
(5de Vlak)
Mej H Finger
(6de Vlak)
Mev Rouxna Rohde
(Landbou)
6 Mnr Louw Groenewald
(Reprografie)
7 Mnr Johan (Lappies) Labuschagne
(6de Vlak)
8 Mev Erna Meyer
(5de Vlak)
11 Mev Ina van Vuuren
(Tydskrifte)
12 Mev Christine Gericke
(5de Vlak)
15 Mej Makkie Biggs
(Voor-ontsluiting)
Mev Marie de Wet
(SAIBI)
16 Mev Rita Botes
(Voor-ontsluiting)
19 Mnr Mike Volschenk
(DOBIS/LIBIS Koördinering)
27 Mej Estelle Els
(Makro-ontsluiting)
Mev Nerine Grobler
(6de Vlak)
29 Mej Maureen Brassel
(Medies)
31 Mej Ina Engelbrecht
(Voor-ontsluiting)

Baie geluk aan Mara Grobbelaar (IBL) met die geboorte van haar dogtertjie op 3 November.

Aan Joriet Coetzee (Africana), wie se vader oorlede is op 24 Oktober , ons innige meegevoel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BIBFLITSE

## DIE INVAL VAN DIE MAKRO'S ...

Soos 'n wafferse Romeinse linie het die Makro-ontsluiters die Merensky en sekere takbiblioteke binne geval. Menige vakbibliotekaris en student het die afgelope paar weke seker gewonder of dit 'n "coup d'état" of sabotasie-maneuvers was wat die Makro's tussen die rakke uitgevoer het.

Die betreklike stilte van die biblioteek is deur die "getjee-tjee" van die trollies aan flarde geruk. Kwaai kyke van studente was die gevolg. Die vakbibliotekarisse het wantrouig toegekyk en asem opgehou toe die "heilige der heilige" plekke, naamlik die naslaanrakke, byna kaalgestroop is. Boeke is op die trollies opgestapel en soos egte "grand-prix" jaers is daar hysbakke toe gejaag - sien, "tyd" was 'n belangrike faktor in dié maneuver!

Oponthoude was daar baie - soos dosente en studente wat skielik boeke op die trollies sien wat hulle nooit gedink het in biblioteekbesit was nie. Angstige hande wat gryp na die boeke is ferm, dog vriendelik teruggestoot met die verduideliking dat hierdie "spesifieke" boeke vir 'n PROJEK benodig word. Teleurstelling op hulle gesigte het amper gemaak dat 'n ander boek van die rak onttrek is om hulle dié lewensnoodsaaklike boek te gee, maar 'n steekproef word óf wetenskaplik aangepak óf is van geen waarde vir die navorser nie, dus moes hulle maar sonder die boeke klaarkom.

Een van die wegpakkers by Opvoedkunde wou baie benoud en met groot oë weet of die baie boeke op die trollies se rugkante dan almal onleesbaar, of weg is. Hy moes ook eers gerus gestel word, en het toe weer doodluiters op sy olifantpoot gaan sit en verder boeke weggepak.

Onder op vlak twee by Makro-ontsluiting is die trollies ontlaai - 'n glasie water is vinnig weggesluk, hare is reggedruk, 'n "strydwa" is weer gegryp en die Makro's was weer paraat vir die volgende inval!

Terloops ... hierdie was Fase I van die RGN Subprojek : Gerekenariseerde verbale onderwerpsontsluiting van gepubliseerde inligtinsbronne vir 'n universiteitsbiblioteek, met spesifieke verwysing na die Biblioteekdiens, Universiteit van Pretoria - 'n steekproef bestaande uit 2 300 dokumente wat volgens unieke dokumentnommers onttrek moes word. Sekere gegewens sal hierna op 'n toetsbasis uitgevoer word vir verdere evaluering.

Fase II behels die toekenning van "Library of Congress" (LC) Saakhoofde en die uitwerk van SAP's (staan nie vir Suid-Afrikaanse Polisie nie!).

Maar meer hiervan in die volgende Biblikasie.

ANNATJIE GREYLING
MAKRO-ONTSLUITING

Die personeel van Makro-ontsluiting wens almal 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe. Volgende jaar sal ons met hernude ywer ons "groot taak" aanpak.

---

## ANNATJIE Lê IN DIE HOSPITAAL ...

En toe eindig ek ook mos in die hospitaal.

"Slaap lekker laat en geniet die rustigheid."
"Geniet die lekker kos en geniet dit as hulle jou bietjie oppiep en bedien."
"Vat dit kalm en laat hulle jou nou 'n slag bederf. Lyk jy net mooi en glimlag die hele dag"

Dit was die raad van 'n paar kollegas voor my bewerige vertrek.

Ek land toe daar met 'n tas vol 'fensie' nagklere en 'n kop vol mooie drome. Drome van lekker slaap in die oggend in 'n vakansie-rustigheid ongeëwenaar, en volkome oorgehaal vir hierdie bedien-, oppiep- en bederfsessie wat wag. Ook reg ingestel vir lê en mooi lyk en glimlag vir al wat leef en beef.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


Maar praat van terugkom aarde toe! "Fool's Paradise" stel dit lig. Rustige laatslaap se voet! Ek word nou nog twintig voor vyf soggens wakker en begin dan maar bad en aantrek. Ai, en die hongerpyne om dan te wag tot ongeveer 7h30 vir ontbyt! Enigeen wat sukkel met 'n paar vetrolletjies kan gerus so iets probeer. Jy voel sommer hoe jou liggaam jou ekstra stoorgoedjies op gebruik. Dat suikerlose maizena-pap nou soos sjokoladeroomys kan smaak!

O, en die salige vakansie-rustigheid. Honderde voete in die gang op en af, party op spoed en ander weer kalmer. Jy leer gou watter voetstappe aan wie behoort en onbewustelik gee jy aandag aan elke tree. Is die Prof langsaan weer sieker? Of is dit Mev van Wyk twee kamers verder? Is dit ernstig of net roetine? Is daar 'n dokter by?

Om van die oppiep en bedien nou nie eers te praat nie. Die eerste oggend na jou groot slagting gee jy reeds jou eerste treë. En wat 'n okkasie. Met al die pype en buise nog aan jou gekoppel stap jy gedweë saam met die suster in die kamer op en af. Oppiep? En die bedien! Sommer reg van die begin af sit hulle jou "ete" net daar neer en verdwyn. Siestog, niemand is eers "gebodder" of jy die kos inkry nie - die "lekker kos" waarna jy so uitgesien het. Jou eerste ete bestaan uit een 1 vk dm stywe blokkie jellie, lateraan darem 'n skeppie kapokaartappels met sous by, maar jy moet maar self sien en kom klaar, ou suster.

Wel, die bekoorlike glimlag bêre ek toe vir die pragtige dokter. Maar helaas, ek kom toe gou agter, vir hom is ek ook maar net die naakte waarheid!

ANNE VAN ZIJL



"Hoe lank sal dit duur voordat jy die gat in die dak sal kan regmaak?"

## L A N D B O U

Hier by Landbou gaan dit baie goed. Vader Krismis loop reeds rond en so ongesiens begin hy goed aflewer. Ons oë het omtrent gerek toe ons nou die oggend inkom en hier staan waarlik waar nog 'n fotokopieermasjien. Nou begin ons drie darem regtig tot ons reg kom. Selfstandig en selfvoorsienend. Ons het nou, slegs vir kantoorgebruik, 'n eie eindpunt, 'n eie tikmasjien en 'n eie fotokopieerder. Dit wil gedoen wees! Baie dankie, mnr Duminy. Nou wag ons net vir 'n PC en 'n TV (wonder of die Baas gaan toegee).

Rouxna Rohde is reeds baie beslis deel van ons en is sy nou 'n aanwins! Met kinders wat self studeer, het sy geen probleem om ons studente te hanteer nie (nie dat 'n Landbou-student hom ooit sal laat hanteer nie). Met my gaan dit maar woes. Met twee ma's wat Matriek skryf so weerskante van my in dieselfde kantoor ly ek ook al amper aan slaaploosheid. Ek sorg maar vir genoeg tee om die senuwees te kalmeer. Dis Anneline se eerste Ma-matriek, en sy doen gladnie sleg nie!

Ons studente laat ons omtrent sweet. Ons skryf elke vraestel saam met hulle soos ons voor, en ná die tyd om hulle kloek om te bemoedig of te troos. Natuurlik is ons gedwing tot 'n dubbele rol, simpatie met die kinders en begrip vir die dosente.

Ons stuur graag aan julle die mooiste Kers- en Nuwejaarswense. Baie dankie vir al die hulp, (aflos, luister na klagtes, ensovoorts ensovoorts), vriendelikheid en besoeke. Ons wens julle krag toe vir die nuwe jaar, want so tussen die strategiese beplanning en die beplande strategieë deur klink dit my ons gaan nog bars met BARS ook.

Groete tot volgende jaar.

ANNE VAN ZIJL



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## JOU BESTE VRIEND

In hierdie moeilike tye is dit 'n troos om te lees dat deur die eeue die hond se betroubaarheid nie verander het nie.



The great pleasure of a dog is that you may make a fool of yourself with him and not only will he not scold you, but he will make a fool of himself too.

Samuel Butler

The more I see of men, the better I like my dog.

Frederick the Great

If you pick up a starving dog and make him prosperous, he will not bite you. This is the principal difference between a dog and a man.

Mark Twain

We are alone, absolutely alone on this chance planet, and, amid all the forms of life that surround us, not one, excepting the dog, has made an alliance with us.

Maurice Maeterlinck

No one appreciates the very special genius of your conversation as a dog does.

Christopher Morley

If dogs could talk, perhaps we could find it as hard to get along with them as we do with people.

Karel Capek

They say a reasonable amount o'fleas is good fer a dog - keeps him from broodin' over bein' a dog, mebbe.

Edward N Westcott


There is no doubt that every healthy, normal boy (if there is such a thing in these days of Child Study) should own a dog at some time in his life, preferable between the ages of 45 and 50.

Robert Benchley

The fidelity of a dog is a precious gift demanding no less binding moral responsibilities than the friendship of a human being. The bond with a true dog is as lasting as the ties of this earth can ever be, a fact which should be noted by anyone who decides to acquire a canine friend.

Konrad Lorenz

BRON: Man meets dog



Geseënde Kersfees,

Erica, Lilly en Lourina
VEEARTSENYKUNDE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 'N GEDAGTE VIR ALTYD

Net vir vandag sal ek gelukkig wees. Dit veronderstel dat wat Abraham Lincoln gesê het, waar is: "Die meeste mense is omtrent net so gelukkig as wat hulle hul voorneem om te wees." Geluk kom van binne; dit is nie 'n saak van uiterlike dinge nie.

Net vir vandag sal ek probeer om my aan te pas by wat is, en nie trag om alles by my eie begeertes te laat inpas nie. My familie, my besigheid, en my voor- of teenspoed sal ek aanvaar soos ek hulle vind, en myself by hulle aanpas.

Net vir vandag sal ek my liggaam oppas. Ek sal dit oefen, dit versorg, dit voed en dit nie misbruik of verwaarloos nie, sodat dit 'n volmaakte masjien sal wees om my te dien.

Net vir vandag sal ek probeer om my verstand te versterk. Ek sal iets nuttigs leer. Ek sal nie 'n geestelike luiaard wees nie. Ek sal iets lees wat inspanning, oorweging en konsentrasie vereis.

Net vir vandag sal ek my siel op drieërlei wyse dissiplineer. Ek sal vir iemand 'n guns bewys en nie uitgevind word nie. Ek sal minstens twee dinge doen wat ek nie wil doen nie, soos William James aan die hand gee, net ter wille van die dissipline.

Net vir vandag sal ek innemend wees. Ek sal daar so goed uitsien as wat ek kan, so netjies aantrek as moontlik, op lae toon praat, hoflik handel, mild wees met lof, hoegenaamd nie kritiek uitoefen nie, met niks fout vind nie, en nie probeer om iemand anders te reël of te verbeter nie.

Net vir vandag sal ek probeer om slegs deur hierdie dag te lewe en nie my hele lewensprobleem tegelyk aan te pak nie. Ek kan dinge twaalf uur lank doen, wat my sou verskrik as ek lewenslank daarmee moet volhou.

Net vir vandag sal ek 'n program volg. Ek sal neerskryf wat ek elke uur verwag om te doen. Moontlik sal ek dit nie stiptelik volg nie, maar ek sal dit hê. Dit sal twee peste uitskakel : haas en besluiteloosheid.

Net vir vandag sal ek my 'n stille halfuur alleen afsonder en ontspan. Gedurende hierdie halfuur sal ek soms aan God dink om 'n bietjie perspektief in my lewe te kry.

Net vir vandag sal ek onbevrees wees; veral sal ek nie bang wees om gelukkig te wees nie, om wat mooi is te geniet, om lief te hê, en om te glo dat diegene wat ek liefhet, my ook liefhet.

Baie dankie vir al die vriendelike gesiggies en aangename samewerking die afgelope jaar en langs hierdie weg en met so 'n "gedagte" wens ons elkeen en almal 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar toe.

van

SUSAN, TINKIE EN ANNEMARIE
TIKSTERS

---

## K L I N I K A L A

Die jaar trek al by November, en almal skarrel rond om net gou dìt of dât te doen voor 31 Desember 1986 se laaste oomblikke aanbreek. Na agt maande tuis voel dit snaaks om weer te werk. Gelukkig is almal so vriendelik - ek voel al klaar tuis. Dankie aan almal wat my so gewillig help met lastige vrae.

Weereens, baie dankie dat julle my onthou het met my seun se geboorte. Die blomme en kaartjie was welkom en pragtig.

Aan almal wat gehelp het met die aantrek van Klinikala se nuwe baadjie, Magriet Lee, Sannie Hattingh, tannie Babs, Gideon en sy span: Alles lyk pragtig! Julle harde werk word opreg waardeer. Ons boeke is nou ook numeries en dit het nogal heelwat kommentaar opgelewer. Gelukkig kla die dokters al minder en is almal se glimlagte breër.

Laastens wens ek u almal 'n baie besondere Kersgety en 'n Voorspoedige Nuwejaar toe!

MAGRIET ENGELBRECHT

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DAGSê VANUIT DIE BINDERY

Hoe goed ken ons mekaar? Miskien nie te goed nie!


Ek wil u graag meedeel wat met my in die kelder gebeur het, waar ek 'n afskrif van 'n titel vir die Bindery moes gaan maak het.

Een van die nuut-aangestelde dames was by die fotostaatmasjien doenig. "Wil jy 'n fotostaat maak?" wou sy weet. Nadat ek positief daarop gereageer het, deel sy my mee dat daardie masjien slegs vir die gebruik van biblioteekpersoneel is. "Ja, ek weet" antwoord ek, maar sy herhaal haar vraag weer, so asof ek nie verstaan het nie.

Sy vra my toe of ek nuut hier aangestel is, waarop ek antwoord: "Nee, ek werk al twee en 'n halwe jaar hier!" So, hoe goed ken ons mekaar?

Geseënde Kersfees, en 'n baie voorspoedige 1987.

CORRIE DU PREEZ



"Edna, I've brought the boss round for supper."

## FINANSIëLE ADMINISTRASIE

Hoe mooi was dit nie om vandag in die teekamer te kom en alles so mooi versier te sien nie - dit was asof Kersfees reeds hier is. Wat 'n voorreg om tussen mense te werk wat vir ander die lewe mooi wil maak.

Vanuit Finansiële Administrasie sê ons aan almal dankie vir die lekker saamwerk en samesyn - mag die jaar vir almal mooi eindig en mag 1987 vir almal 'n goeie jaar wees waarin ons Hom meer verheerlik in alles wat ons dink en sê.

Kersgroete van ons almal!

PIETER, FREA, GIDEON & DORIS

## AFRICANA

Vanuit die stowwerige hoekie met die óu boeke stuur ons drie jong dames graag hartlike seënwense aan al ons kollegas. Dit was 'n aangename jaar waarin ons drie heerlik saamgewerk het. Ons vertrou dat ons ander kollegas ook lekker met ons saamwerk - dit maak die lewe sommer die moeite werd!

Die werkery in die Merensky lewer so nou en dan 'n onverwagte bonus op, soos 'n pragtige ruiker of 'n skelm soetigheidjie oor die toonbank. Ander dae gaan dit weer nie so maklik nie, soos wanneer 'n gebruiker weier om te loop voordat jy nie vir hom die regte prentjie gekry het nie. Een van ons sal nog 'n toer deur die land moet onderneem om al die onbekende plekkies wat nie in die geskiedenisboeke genoem word nie, of nooit deur een van ons beroemde fotograwe verewig is nie, te gaan afneem. Miskien kan die mense wat in Desember so lekker gaan "wegvlug" sommer vir ons 'n paar foto's saambring.

Ons wens vir almal wat gaan vakansie hou 'n veilige reis en aangename vakansie toe. Aan almal wat die fort gaan hou, is ons wens, hope krag en baie energie!

Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 1987.

JORIET COETZEE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 'N WOORDJIE OOR MY SLEEP

Aan al die studerendes

Jy is ingewikkeld en vol nonsens. As ek jou nadertrek, hou jy jou so geslote moontlik.
Ek sug as ek aan jou dink.
Jy's my vreugde, maar meer nog - my smart.
Ek droom van jou in donker nagte - 'n nagmerriedroom wat my bewend van angs laat.
Soms is jy vriendelik, maar soms is jy so onmoontlik dat ek niks met jou kan uitrig nie.
Jy lê saam met my onder die koel skaduwees van die wilgerboom - jy klim selfs saam met my in die bed.
Jy troos my nooit as ek oor jou huil nie.
Soms dink ek jy's gevoelloos, maar tog weet ek jy doen al hierdie dinge om my ontwil, want jy is die AKADEMIE!!!

LOURETT OOSTHUIZEN

## VOORONTSLUITING

Ek is gevra om lykskouing oor 1986 te hou - het ek regtig so 'n begrafnisgesig? Tot en met Junie was ek nog nie by Merensky nie. Gedurende Juliemaand is ek aangestel. My eerste tree was baie wankelrig, maar met die volgehoue opleiding en aanmoediging was die ys gou gebreek, en het ek en DOBIS 'n lewenslange vriendskap gesluit.

Van DOBIS gepraat - wat is die masjien tog 'n wonderlike ding! Die een dag, o so ernstig, en net die volgende dag so vol streke en boodskappies dat jy in jou hand wil huil en die dag berou waarop julle paadjies gekruis het. Net 'n vroulike spesie kan so onvoorspelbaar wees, dus moet DOBIS herdoop word! DOBISIENA miskien?


Daar is hierdie jaar:

- geswot: Joy, bravo! Jy verdien jou graad!
- 'geverjaar': die voorvereiste om in Voorontsluiting te werk, is 'n Oktoberverjaardag, volgens prof Gerryts
- 'genoodhulp': Makkie en Christa het verpleeg, verbind, gespalk, weer gebreek, bloed gestop, medisyne ingegee, geamputeer en nie een van ons was 'n ledemaat seker met hulle in die omtrek nie, maar wat wou, hulle diplomas is geraam en die 'Bibliotekers' kan maar seerkry!
- en dan is daar gekatalogiseer: Goeie aarde, as ek Julie geweet het wat ek nou weet, het ek liewer aansoek gedoen om tee te maak! My arme volstruisbreintjie word tot die uiterste beproef. Dis doen, weerdoen, 'herdoen' en oordoen tot jou oë traan en ore hang.

Daar word daagliks handleidings oor een of ander prosedure aan ons gegee en voor jy dit nog kan deurlees, lê daar al weer twee hersiene uitgawes voor jou. Verder beland daar aanhoudend boeke, boodskappe en papiere op jou lessenaar (altyd as jy nie daar is nie) en waarvan geen lewende siel weet nie. Die wat weet, wil nie sê nie. Makkie wil al 'n doringdraad om haar tafel span!

Die jaar is om, baie dinge is gesê, gedoen en nie gedoen nie, dinge waaroor ons miskien nou spyt is. Moenie daaroor treur nie, dis reeds in die verlede. Kyk vorentoe, kry jou prioriteite reg, kry weer 'n stewige houvas op jou lewe en maak gereed vir 'n hééééérlike Kerstyd en 'n pragtige blinknuwe 1987. "Neem uit die lewe wat jy wil, maar wees bereid om die gevolge te dra."

LOURETT OOSTHUIZEN






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 1986 - MEDIES IN 'N NEUTEDOP

In Januarie was die jaar blink,
vol son en vol kleur ...
En nou val die laaste dae soos waterdrup-
pels
tussen ons vingers deur.

In Januarie-Februarie maak
boeke skuif en verkoop, ons en ons dae
klaar
maar Anita kom ook by ons werk,
die beste ding wat gebeur het, die afge-
lope jaar!

Maartmaand kry ons die Giro-Ventbaba by,
en glo my, soms was dit maar ŉ moeilike
tandekry.
Maar as ons nou oor alles terugkyk,
begin die kredietkaartfotostate al hoe
blinker lyk.

Laat in April kom maak die ooievaar ŉ
draai,
Om by die Veldsmans ŉ pienk bondeltjie af
te laai.
En weet julle, was ons hele klomp bly,
Toe ons sommer vroeg-vroeg die dogtertjie
te siene kon kry.

Maureen se dagboek staan in die teken van
kursus en leer.
Dis Phoenix, Dialog en sommer nog 'Asser-
tiveness' ook ŉ keer.
Maar in September het sy als gelos en gaan
kyk,
hoe Namakwaland se lenteblommetjies lyk.

Sien die wêreld in jou eie land,
was Sophia se leuse aan hierdie kant.
Sy het al die Wildtuin en Oos-Kaap se
skoonheid geniet,
en gaan nog kyk wat Suidwes en die Suidkus
mens bied.

Ek weet nou alles van Australië en Ayers
Rock,
dis nou Russies en die Steppe wat my lok,
sê Clarisse, en glo my, voorwaar,
na drie maande weet sy al heelwat meer as
net "Nastarovya!"

Oor een saak is Sannie verlig,
haar laaste matriekskryf is sommer vinnig
in sig.
En na Klinikala se trek wonder ons nie
meer
dat sy chaos flink-flink in orde kan
omkeer.

Aan Ma(e)rtie en al ons bure oorkant die
straat,
Ons het met Vader Krismis oor julle
geskenke gepraat
Oor al julle harde werk was hy so diep
geraak
En het belowe hy sal volgende jaar vir
julle lysies maak!

By Klinikala in sy splinternuwe jas,
en ŉ ou-nuwe Magriet wat perfek daarby
pas,
sê ons welkom terug aan die einde van die
jaar,
hoop jy en jou nuwe bib kom baie goed
klaar!

Ons troetelhond het nou een poot minder
Ons hoop maar dit sal in die werk nie te
veel hinder -
Lily, net alles wat mooi is vir jou is ons
wense,
Jy, Erica en Lourina was voorwaar voor-
slagmense.

En onder in my sakkie het ek nog een wens
te spaar,
na ŉ jaar se uitput en uitdeel, maar ook
ontvang en vergaar,
ŉ Mooi jaar vir almal, en nog spesiaal,
ŉ Geseënde Kersfees en Voorspoedige
Nuwejaar!

MAGRIET LEE

---

## ANDER MOET DAARNA KYK

Onthou dat jou gesig eintlik vir ander
bestem is,
dat ander daarna moet kyk
en dat niks so ellendig en negatief is
as om ure en dae lank
in ŉ onvriendelike gesig vas te kyk nie.
Jou gesig is meer as ŉ mooi masker,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

meer as 'n uithangbord, meer as 'n visitekaartjie.
Versorg jou gesig nie net vir jouself nie, nie om jouself in die spieël aantreklik te vind nie,
maar veral vir ander mense.
Die beste versorging is nie die aansmeer van
allerlei skoonheidsrome aan voorkop, neus en wange
of die pluk van jou wenkbroue
of die aanplak van wimpers
of die aansmeer van oogskadu nie.
Versorg jou gesig veral van binne af.
Sit "lig" en "vrolikheid" in jou oë.
Laat jou mond in 'n glimlag ontspan.
Maak jou gesig vriendelik.
Dit kan jy doen as jy jou hart diep binne-in skoonmaak.
Verwyder al die getob, gepieker en kritiek oor dinge wat met jou geluk niks te maak het nie.
Weg ook met die treurige herkou
van jou daaglikse ergernisse.
Wys jou beste, vriendelikste, jou mooiste gesig
en dit sal nie moeilik wees om van jou te hou nie.

Musikale Kersgroete
WILNA MARAIS

BRON: BOSMANS, P MENSLIEF EK HOU VAN JOU. ROODEPOORT, 1982

---

## TYDSKRIFTE

Hannie is nog siek, maar ons hoop om haar binnekort weer heeltemal gesond by ons terug te hê.

Julene en Katrien se eksamen is verby en ons vertrou dat alles goed gegaan het.

Elisabeth se seun is besig met matriekeksamen en ons weet dat sy saam gesweet het. Sterkte vir die laaste paar dae en voorspoed met die uitslae.

Rynette gaan ons vir 'n paar maande verlaat. Ons hou duim vas vir die groot gebeurtenis en sal baie aan jou dink.

Almal wat met verlof sal wees: 'n aangename en welverdiende rus word julle toegewens nadat ons 'n paar moeilike maande beleef het as gevolg van te min personeel weens siekte en bedankings en eksamens.

'n Baie geseënde Kersfees: "... en groot vrees het hulle oorweldig. En die Engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding ..."
(Luk 2: 9 en 10)

HETTA MALAN
TYDSKRIFTE

<u>A lovely thought provoking message</u>

There was a very wise man who said and wrote many things. He was a homely simple man of great wisdom and was dearly loved by all

He wrote over 100 years ago, this little verse:

<u>FOOD FOR THOUGHT</u>

You cannot strengthen the weak
By weakening the strong.
You cannot help the small men
By tearing down big men.
You cannot help the poor
By destroying the rich.
You cannot help the wage earner
By pulling down the wage payer.
You cannot keep out of trouble
By spending more than your income.
You cannot further the brotherhood of man
By inciting class hatreds.
You cannot establish security on borrowed money.
You cannot build character and courage
By taking away a man's initiative and independence.
You cannot help men permanently
By doing for them what they
could and should do for themselves.

I wonder if you knew who he was? Abraham Lincoln - President of the United States of America.

INA VAN VUUREN
Tydskrifte

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BOEKONTVANGSTE





Laat die gees van Kersfees in jou lewe kom
Dit bring warmte en geluk
Dit bring geloof in harte waar daar twyfel is
Dit bring veiligheid daar waar vrees regeer
Dit bring hoop en liefde - laat dit jou hart verewig lei!

Laat Kersfees in jou lewe kom sodat ons kan verenig in hoop, vryheid, vrede en die Liefde en Genade van God!

Dit is ons boodskap aan julle almal. Mag die Hoop en Vrede van die Seisoen julle almal vul met vreugde. Geseënde Kersfees.

MAGDA CELLIERS

*****************

Vrede op aarde en in God 'n welbehae. Seënwense met Kersfees en Voorspoed vir 1987!

DINA TERBLANCHE

*****************

Geloof, Hoop, Liefde - maar die grootste hiervan is Liefde. My wens is dat elke hart en lewe gevul sal wees met Christus se gesindheid in die Kersfeestyd en die komende Nuwe Jaar.

HULDA FRITZ

*****************

Mag die liefde en vrede van Christus ons lewens vul gedurende die Kerstyd en in die komende jaar.

IRENE DE JONGE

*****************

Laat ons hierdie jaar afsluit in dankbaarheid vir wat mooi was, maar ook met die gebed dat ons nie die foute van die verlede sal herhaal nie.

ELIZE SMIT

*****************

Aan Topbestuur en mede-kollegas:-
Mag u almal 'n baie aangename vakansie deurbring.

Aan al ons "Studente":-
Voorspoed met die eksamens en welslae met die uitslae.

Aan al die kollegas wat in die huwelik tree:-
'n Pragtige dag en baie geluk.

'n Baie geseënde Kersfees en 'n besondere Voorspoedige Nuwe Jaar aan u almal.

MINDA MEYER

---

## RESEPTE VIR KERSDAG

VRUGTEKOEK (Mikrogolfresep)

Meng :
500 g gemengde vrugte (cake mix)
250 ml suiker
125 g margarine
250 ml water
5 ml koeksoda

Kook op Hoog (100% krag) vir 10 min. Laat afkoel

Voeg by:
15 ml brandewyn
10 ml verbruiningsous
3 geklitste eiers

Laat koud word en voeg by

250 g kersies
125 g neute

Sif saam en meng in vrugtemengsel

500 ml meelblom
10 ml bakpoeier
1 ml kaneel
knippie sout of 5 ml gemengde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

speserye
5 ml gemmer
½ ml naeltjies

Gebruik gesmeerde mikrogolf-tuitpan - wat van dik bruin plastiek ontwerp is.

Bak as volg: 35 min Ontdooi (defrost) (30%)
2 min Hoog (100%)

Laat afkoel en sprinkel nog brandewyn oor. Indien dit 'n draaiskyf-mikrogolfoond is, moet dit in die middel van die skyf staan.

SUSAN GERRYTS

## KOPERPENNIE-WORTELSLAAI

Mev Leonie Greeff van Hermanus het die resep by haar skoondogter gekry toe hulle in Houston, Texas, by hulle gekuier het.

1 kg geelwortels, geskil en in skyfies gesny
2 middelslag soetrissies, gehalveer, ontpit en in repe gesny
2 uie, geskil en in ringe gesny
1 pakkie (82 kg) tamatiesop
250 ml water
200 ml wit asyn
125 ml kookolie
200 g (250 ml) suiker
10 ml Worcestersous
7 ml aangemaakte mosterd
sout en peper na smaak

Kook wortels tot halfgaar, gooi in 'n vergiettes, spoel af met koue water en dreineer. Rangskik wortels, soetrissierepe en uieringe in lae in 'n groot bak met 'n deksel en eindig met wortels. Meng res van bestanddele, verhit tot kookpunt, roer aanhoudend en kook 2 minute. Gooi warm oor slaai en laat dit met behulp van 'n mes in die middel en langs die kante van die slaai inloop. Laat afkoel. Sit deksel op en marineer 2 dae in die koelkas voor gebruik. Lewer 8-10 porsies.

Uit: Human, A. Huisgenoot se Wenresepte. Human & Rosseau, Kaapstad, 1981

ANSIE WATKINS

## MURGPAMPOENTJIES EN ASPERSIES MET WITSOUS
(mikrogolfresep)

700 gram murgpampoentjies
1 blik aspersies

Kook murgpampoentjies heel tot gaar (8-9 minute op 100% krag)
Sny in skyfies wanneer afgekoel en meng met aspersies
Maak witsous, (terwyl murgpampoentjies afkoel), gooi bo-oor en rasper kaas oor.
Mikrogolf vir 8 minute op 100% krag.

## WITSOUS MET VARIASIES

Houer : Glasmaatbeker (600 ml)
Mikrogolf-gaarmaaktyd: 5 minute

Lewer : 330 ml

BESTANDDELE

25 g botter (30 ml of 2 eetlepels)
25 g koekmeelblom (50 ml of 4 dessertlepels)
300 ml melk
sout en varsgemaalde swart peper

Gooi die botter in die maatbeker en verhit 1 minuut lank in die mikrogolfoond. Voeg die meelblom by en meng goed. Roer die melk in. Plaas vir 4 minute in die mikrogolfoond en roer ná elke minuut om, om klontvorming te voorkom. Geur na smaak.

VARIASIES

Kaassous : Roer 50 g gerasperde kaas (125 ml of ½ koppie) by die gaar sous in.
Ansjovissous: Voeg 15-30 ml ansjovisgeursel (1-2 eetlepels) by die gaar sous.
Pietersieliesous: Roer 30-40 ml gekapte pietersielie (2-3 eetlepels) by die gaar sous.
Sampioensous : Roer 50 g gekapte gaar sampioene (125 ml of ½ koppie) by die gaar sous in.

(Uit: Spencer, J. Mikrogolf-kookboek. Tafelberg, 1982)

ANSIE WATKINS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## GRIEKSE SKAAPBOUD OOR DIE KOLE GEBRAAI

1 ontbeende skaapboud (As 'n mens eers eenkeer 'n skaapboud ontbeen het, kom jy agter dit is nie so moeilik nie - sorg net vir 'n lekker skerp mes. Nadat die boud ontbeen is, sny 'n paar lang snye in die dikste gedeeltes van die vleis om dit oop te vlek).

Marineer boud vir twaalf ure of langer in die volgende marinade :


Sap van 4 suurlemoene
3 huisies knoffel fyngedruk
1 koppie olie
sout en peper
1 teelepel gemengde kruie

Braai oor lae hitte op kole vir ± 1 uur.

ELSABé VAN DER MERWE




## ENGELBRIEFIES OP DIE KENNISGEWINGBORD




AAN: CHRISTIE SE ENGEL .............

BAIE DANKIE VIR DIE PRAGTIGE ROSE, DIT HET MY DAG, MY WEEK GEMAAK.....
EK DINK JY IS FANTASTIES EN BESIT 'n HART VOL LIEFDE.......
SIEN UIT NA WOENSDAG OM VIR JOU PERSOONLIK DANKIE TE Sê .......
LEKKER NAWEEK ..... AL MY LIEFDE

Christie




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

JEANETTE SÊ :
BAIE DANKIE
AAN MY
"DIENENDE
ENGEL" -jy
kry 10 goue sterre
dit is heerlik om
gedien te word!

BELONING!!

DOOD OF LEWENDIG



ONS SOEK

Elma en ~~Elsa~~ GEKRY!

se

MY ENGELTJIE DANKIE VIR JOU MOEITE!

ENGELTJIES!!

Aan Prof se engel!

Baie dankie!

Jy's 'n doring!

Prof.

N.S. Jy maak my dag.

FDG.

Baie dankie "Engel" vir die pragtige blomme en heerlike sjokolade

Groete

Hennie

Dankie my Engel


You're the fire!

Elsabé



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# DIE ENGELE SPEEL WEER




Die Sosiale Komitee het twee engele gehuur om die res van die personeel aan te wakker om te begin engeltjie-speel.

Niemand kon hulle miskyk nie! Selfs Topbestuur wat met 'n vergadering besig was, was wreed onderbreek deur hierdie engele.


# INBRAAK IN MERENSKY

Op Maandagoggend 27 Oktober is ontdek dat daar gedurende die naweek van 25 en 26 Oktober in die fotostaat-afdeling van die Merensky-Biblioteek ingebreek is. Van die sluitkaste is oopgeforseer. Die kluis se slot is afgebreek, en 'n gat is aan die agterkant van die kluis ingeslaan. Die hulp van die polisie is ingeroep, en die saak word ondersoek.



Die Reprografiese Rebel, op heterdaad betrap! Die ander verdagte, Lang Louis Rekenaarvinger, het weggekom!

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# BEDANKINGS

Die volgende persone het bedank:

Schalk Malan (GSV)

Mev Lilly Hornsveld (VET)

Nerene Grobler (Vlak 6)





## DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE RAAD VAN SAIBI



(vergelyk Biblikasie van Augustus 1986, p 4)

Vlnr: Prof A Louw (president), prof E D Gerryts, mej N M Lodder, mev S S Wallis vise-president), mev M A Malan, prof J Willemse, mnr N M Ferreira (notule-sekretaris) en dr H le Roux. Mnr W Duminy (ere-sekretaris) was oorsee toe die foto geneem is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BUITELANDSE BESOEKER



Dr Helmut C Bansa het onlangs besoek afgelê by die Merensky-biblioteek. Dr Bansa is 'n internasionaal erkende outoriteit op die gebied van papierbewaring en papierrestourasie. Van sy raad word internasionaal gebruik gemaak. Hy is tans Direkteur van die Institut für Buch- und Handschriftenrestaurierung van die Bayerische Staatsbibliothek in München.

Op die foto verskyn dr Bansa, prof E D Gerryts

# SUID-AFRIKAANSE DOBIS/LIBIS GEBRUIKERSGROEP


Die Biblioteekdiens van UP was gasheer vir die Suid-Afrikaanse DOBIS/LIBIS Gebruikersgroep se vierde algemene jaarvergadering. Op die foto verskyn die sprekers van die dag.




Vlnr: Mnr J Fourie, mev E Langkilde, mnr M de Feijter, mnr P Clarke, mej J J Smit, prof E D Gerryts, mnr R E Tönsing


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORSPEL TOT DIE GROOT TREK : 1987



Ou Merensky midde-in sy gedaanteverwisseling.





IN DIE KOL...
VAN IBL SE MENSE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019